UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Faculty of Theology and Religion

# Intergenerasionele geloofsvorming binne ‘n huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde jeugbediening

deur

Johannes Cornelius Avenant

Ter vervulling van die vereiste vir die graad

Philosophiae Doctor
in
Praktiese Teologie

Fakulteit Teologie
Universiteit van Pretoria

Promotor:
Professor Malan Nel

2021

**BEDANKINGS**

- Eerstens my groot dank aan ons Hemelse Vader vir die voorreg om deel te kan neem aan sy bediening in en deur sy kerk. Mag die uitkoms tot sy eer en die uitbreiding van die koninkryk strek. Soli Deo gloria.
- Aan my wonderlike vrou, Harriet vir jou liefde, daarwees, omgee, aanmoediging, ontsettende groot opoffering en beslis ook vir al die koffie wat jy aangedra het en gereelde inloer en ondersteuning. Ek waardeer jou en het jou uit my hart uit lief.
- Vir my studieleier Prof. Malan Nel wil ek uit my hart uit dankie sê vir sy leiding, ondersteuning, raad, geduld en aanmoediging. Oom se passie en vashou aan die koninkryksdroom vir gemeentes en jeugbediening inspireer my. Dankie ook dat oom vir my ’n voorbeeld is van iemand wat wetenskap en geloof op so ’n manier integreer dat dit inspireer tot groter kennis, maar ook tot ’n dieper geloofsverhouding met Jesus Christus, ons Here.
- Aan Joyce Jordaan van die Universiteit van Pretoria se Departement Statistiek vir haar passie en hulp met die opstel, verwerking en interpretasie van die statistieke. Joyce, baie dankie vir jou geduld, leiding, aanbevelings en ure se sorgvuldige werk. Ek waardeer dit opreg.
- Aan Santie Schoeman vir haar ure van toewyding en harde werk met die taalversorging. Jou entoesiasme en deeglikheid was en is steeds vir my ’n bron van inspirasie.
- Baie dankie aan Elize Nagel wat die tegniese versorging gedoen het. Jy laat hierdie dokument net soveel beter lyk.
- Aan die leierskap en lidmate van die Ned. Geref. gemeente The Reeds wat my die ruimte bied om nie net herder te wees nie, maar ook leraar, student en soms net lidmaat - Dankie dat julle my ondersteun het in hierdie studie. Dankie ook aan elke ouer wat deelgeneem het aan hierdie navorsing. Dankie, ook aan die bedieningspan en ouers by ons aanddienste wat saam met my op die reis van intergenerasionele geloofsvorming stap. Julle het my inspireer om vol te hou met hierdie studie en ek sien uit om dit saam met julle nou verder te vat.

**OPSOMMING**

In hierdie studie is ondersoek ingestel na die rol van intergenerasionele geloofsvorming in huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde jeugbediening. Hierdie studie het sy oorsprong in die waarneming dat die meeste jeugbedienings steeds ouers en ander volwassenes uitsluit en afsonderlike ouderdomgerigte jeugbediening steeds die primêre manier is waarop kinders, adolessente en jongvolwassenes binne gemeentes bedien word. Dit gebeur alles ten spyte van oortuigende navorsing wat vir die teendeel vra.

Hierdie navorsing gaan uit van die vermoede dat jeugbediening wat huis-gefokusd, gemeente-ondersteund is en intergenerasioneel inklusief funksioneer, beter bydra tot geloofsvorming van kinders, adolessente en jongvolwassenes as huidige jeugbediening.

In hierdie studie is intergenerasionele geloofsvorming binne ’n teologiese raamwerk van gemeentebou (hoofstuk 2) en jeugbediening (hoofstuk 3) benader. Hiermee word die belang van ekklesiologie in jeugbediening beklemtoon. Daar is duidelik gesien dat die jeug integraal deel van die gemeente is en daarom geld alles wat vir die gemeente geld net so vir jeugbediening ook. ‘n Inklusiewe jeugbediening, wat gesinne insluit, vorm daarom die kern van hierdie studie. Net soos in gemeentebou behoort die doelgerigte begeleiding tot identitetsvinding ook die hart van jeugbediening te vorm. Binne die identiteitsvindingsproses sluit God ouers en ander volwassenes in by sy koms na die jeug en deur die jeug na die wêreld. Dit is in hierdie verband dat gekyk is na die rol van ouers en ander volwassenes binne jeugbediening in ‘n veranderende konteks.

Daar is verder ook dieper na geloofsvorming in jeugbediening gekyk. Geloofsvorming, wat uit die onderrigtaak van die kerk ontwikkel het, sluit al die prosesse in wat betrokke is in die vorming van geloof. Daar is gekyk na wat die proses van geloofsvorming in jeugbediening behels en spesifiek wat die rol van die huis (gesin en familie) en die gemeente is (hoofstuk 4).

Die noodsaaklike belang van intergenerasionele interaksie in geloofsvorming, die oordrag van geloofstradisie, die beoefening van bedieninge en die vorming van ‘n familiekultuur (hoofstuk 5) is ook onder die loep geneem. Dit is binne hierdie konteks dat betoog is dat die jeug nie langer geïsoleer mag word van ander generasies nie. Geloofsvorming vind die heel beste binne ’n intergenerasionele konteks plaas.

Dit het die studie by die empiriese navorsing gebring. Daar is eerstens deur middel van kwantitatiewe navorsing (hoofstuk 6) by ouers, wat baie betrokke is in hulle gemeentes, vasgestel watter rol intergenerasionele geloofsvorming in húlle ouerhuis gespeel het en tans in hulle huis en gemeente speel. Tweedens is daar deur kwalitatiewe navorsing (hoofstuk 7) by leraars vasgestel hoe intergenerasionele geloofsvorming in die gemeentes waar hulle bedien, funksioneer, watter positiewe effek dit op vorming en groei van geloof het en watter uitdagings dit stel. In hoofstuk 8 is die interpretatiewe taak onderneem, waar die empiriese navorsing se uitkomste in kernsake en knelpunte geïdentifiseer en bespreek is in die lig van die literatuurstudie.

In die laaste hoofstuk word ’n moontlike jeugbedieningspad gesuggereer wat intergenerasioneel inklusief is en waar die huis as die primêre plek van geloofsvorming erken en ondersteun word.

## SLEUTELWOORDE

Jeugbediening

Gemeentebou

Geloofsvorming

Huis- gefokusd

Gemeente-ondersteund

Inklusiewe bediening

Intergenerasionele bediening

Identiteitsvinding

Geloofsvormingsproses

Bedieninge

Geloofspraktyke

Geloofsgewoontes

Gesin (familie of huis)

Generasies

## SUMMARY

In this study the role of intergenerational faith formation in home-centered, church-supported youth ministry was investigated. This study has its origins in the observation that most youth ministries still exclude parents and adults and age-oriented youth ministry is still the primary way in which children, adolescents and young adults are served within the church. This is all happening despite convincing research calling for the opposite.

This research is based on the belief that Youth ministry that is home-centered, church supported and intergenerationally inclusive, contributes better to faith formation of children, adolescents and young adults than current youth ministry.

In this study, intergenerational faith formation was approached within a theological framework of congregational development studies (Chapter 2) and youth ministry (chapter 3). This emphasizes the importance of ecclesiology in youth ministry. It was clearly seen that the youth is an integral part of the local church and therefore everything that applies to the local church applies in the same way to youth ministry. An inclusive youth ministry, which includes families, forms the core of this study. Just as in congregational development studies, purposeful guidance for discovering identity should also form the heart of youth ministry. Within the process of finding identity, God includes parents and other adults in his coming to the youth and through the youth to the world. It is in this context that the role of parents and other adults should be looked at within Youth ministry in a changing context.

Furthermore, faith formation in youth ministry was also looked at more deeply. Faith formation, which has developed from the teaching task of the church, includes all the processes involved in the formation of faith. We looked at what the process of faith formation in youth ministry entails and specifically what the role of the home (family or relatives) and of the local church are (chapter 4).

The essential importance of intergenerational interaction in faith formation, the transmission of faith tradition, the practice of ministries and the formation of a family culture (chapter 5) were also examined. It is within this context that it has been argued

that the youth may no longer be isolated from other generations. Faith formation takes place best within an intergenerational context.

This brought the study to the empirical research. Firstly, quantitative research (chapter 6) was undertaken among parents who are involved in their churches. It determined the roles that intergenerational faith formation played in their parents' homes and is currently playing in their own homes and in their local churches. Secondly, through qualitative research (chapter 7) that was undertaken among pastors, it was determined how intergenerational faith formation functions in the local church where they serve, what positive effect it has on the formation and growth of faith and what challenges it poses. In chapter 8, the interpretative task was undertaken. In this task the empirical research's important issues were formulated and discussed in light of the literature study.

In the final chapter a possible youth ministry pathway which is intergenerationally inclusive and where the house is acknowledged and supported as the primary place of faith formation, is suggested.

## KEY WORDS

Youth Ministry

Congregational development studies

Faith formation

Home-centered

Church-supported

Inclusive ministry

Intergenerational ministry

Identity formation

Faith formation process

Ministries

Faith practices

Faith habits

Home (family or relatives)

Generations

**INHOUDSOPGAWE**


**BEDANKINGS** ... **i**

**OPSOMMING** ... **ii**

**SLEUTELWOORDE** ... **iv**

**SUMMARY** ... **v**

**KEY WORDS** ... **vii**

**INHOUDSOPGAWE** ... **viii**

**FIGUUR INDEKS** ... **xxiii**

**1. HOOFSTUK 1:** ... **1**

**VOORBEREIDING, TERREINVERKENNING EN METODOLOGIE** ... **1**

1.1 Voorbereiding ... 1

1.1.1 Motivering vir navorsing oor intergenerasionele geloofsvorming in jeugbediening ... 1

1.1.2 Oorsprong van die tema ... 2

1.1.3 Begrensing van onderwerp ... 3

1.1.4 Uitkomste van die navorsing ... 4

1.1.5 Hoe hierdie studie in die praktiese teologie inpas ... 4

1.1.5.1 Die oorsprong en karakter van Praktiese teologie ... 5

1.1.5.2 Die doel van praktiese teologie ... 9

1.1.6 Tipe navorsing ... 14

1.1.7 Relevansie van hierdie navorsing ... 15

1.2 Die probleem en doel van hierdie navorsing ... 16

1.3 Studie onderwerp en onderliggende hipotese ... 16

1.4 Metodologie in praktiese teologie ... 16

1.4.1 Browning se Fundamentele Praktiese teologie ... 17

1.4.2 Heitink se sirkel van Hermeneutiese, Empiriese en Regulerende teorie van aksie ... 18

1.4.3 Van Huyssteen se Post-fundamentalistiese rasionaliteit-model ... 19

1.4.4 Julian Müller se Postfundamentalistiese benadering tot praktiese teologie ... 20

1.4.5 Root se Christopraxis ... 21

1.4.6 Osmer se “Reflective Equilibrium model” ... 21

1.4.6.1 Deskriptief-empiriese taak (Wat is aan die gebeur?)................................ 23
1.4.6.1.1 Opstel van navorsingsplan.................................................................................. 24
1.4.6.2 Interpretatiewe taak (Hoekom is dit aan die gebeur?).............................. 29
1.4.6.3 Normatiewe taak (Wat behoort te gebeur?) ............................................ 31
1.4.6.4 Pragmatiese taak (Hoe kan hierop gereageer word?).............................. 32
1.5 Vooruitskouing ........................................................................................ 34
**2. HOOFSTUK 2:........................................................................................ 35**
**INTERGENERASIONELE GELOOFSVORMING BINNE DIE RAAMWERK VAN GEMEENTEBOU ............................................................................................ 35**
2.1 Inleiding.................................................................................................... 35
2.2 Gemeentebou ........................................................................................... 35
2.2.1 Historiese ontwikkeling van Gemeentebou .............................................. 36
2.2.1.1 Bybelse wortels van gemeentebou ......................................................... 36
2.2.1.2 Die bou-metafoor in die Ou Testament .................................................... 36
2.2.1.2.1 Die bou-metafoor in die Nuwe Testament.......................................................... 38
2.2.1.2.2 Opsommend oor die bou-metafoor in die Bybel ................................................. 40
2.2.1.3 Gemeentebou - gebore uit die nood van kerke ........................................ 40
2.2.2 Die inhoud en doel van Gemeentebou..................................................... 45
2.2.3 Definisies en ’n werksformule .................................................................. 48
2.2.3.1 Gemeenskaplikheid................................................................................... 51
2.2.3.2 Werksformule vir gemeentebou ............................................................... 51
2.2.4 ’n Vyf-dimensionele verstaan van gemeentebou ...................................... 52
2.2.4.1 ’n Konsep van gemeentelike identiteitsvinding.......................................... 53
2.2.4.1.1 Identiteit as geskenk van God............................................................................. 53
2.2.4.1.2 Gemeentelike identiteit altyd verbind aan God se plan vir sy kerk....................... 53
2.2.4.1.3 Missionale identiteit – gestuur deur die gestuurde ............................................. 54
2.2.4.1.4 Missionale gemeentes moet hul identiteit herontdek.......................................... 57
2.2.4.1.5 Die korporatiewe dimensie van die kerk se identiteit.......................................... 58
2.2.4.2 ’n Konsep van Reformasie ....................................................................... 59
2.2.4.2.1 Noodsaak van reformasie................................................................................... 60
2.2.4.2.2 Reformasie - die lig van die Bybel op die realiteite van die lewe ........................ 61
2.2.4.2.3 Reformasie het altyd ’n doelgerigte en spesifieke fokus..................................... 63
2.2.4.3 ’n Konsep van integrering en koördinering van al die bedieninge ............. 64
2.2.4.3.1 Doel van bedieninge .......................................................................................... 65

2.2.4.3.2 Kerk as nuwe skepping van God ..... 65
2.2.4.3.3 Begeleiding tot gestaltegewing van die koninkryk van God ..... 68
2.2.4.3.4 Pastorale rolvervulling as tussenganger ..... 69
2.2.4.3.5 Bedieninge van die kerk ..... 71
2.2.4.4 ’n Konsep van ’n langtermynbediening ..... 75
2.2.4.4.1 ‘n Langtermynplan beskerm gemeentes ..... 75
2.2.4.4.2 Diep verandering neem tyd ..... 76
2.2.4.4.3 ‘n Langtermynplan maak erns met die teks en die konteks ..... 77
2.2.4.4.4 ‘n Langtermyn plan help om God se handelinge te onderskei ..... 77
2.2.4.5 Langtermyn leierskap is noodsaaklik ..... 78
2.2.4.6 ’n Konsep van afhanklikheid van God ..... 78
2.2.5 Die bediening van leierskap binne die perspektief van diakonia ..... 79
2.2.6 Teologiese konseptualisering van formasie in gemeentebou ..... 81
2.2.7 Gemeentebouproses ..... 82
2.3 Slotopmerkings ..... 82
**3. HOOFSTUK 3: ..... 84**
**INTERGENERASIONELE GELOOFSVORMING BINNE DIE RAAMWERK VAN JEUGBEDIENING ..... 84**
3.1 Inleiding ..... 84
3.2 Afwesigheid van teologiese grondslae vir jeugbediening ..... 84
3.3 Bybelse perspektiewe op Jeugbediening ..... 86
3.3.1 Wat word in die Bybel gehoor oor God se handelinge met die jeug? ..... 87
3.3.1.1 God stap ’n pad met huishoudings ..... 87
3.3.1.2 God het ’n spesiale belangstelling in kinders en hulle onderrig ..... 88
3.3.1.2.1 Kinders neem ’n spesiale plek in God se handelinge in ..... 89
3.3.1.2.2 Jesus en kinders ..... 90
3.3.1.2.3 Kinders in die res van die Nuwe Testament ..... 92
3.3.2 Die belang van die verbond wanneer dit by die jeug kom ..... 93
3.3.3 Ouderdomspesifieke jeugbediening ..... 96
3.3.4 Die belang van die gemeente (*ekklesia*) wanneer dit by die jeug kom ..... 98
3.3.5 Die belang van ouers en die gesin wanneer dit by die jeug kom ..... 103
3.3.5.1 Ouers se mentorsrol ..... 104
3.3.5.2 Ouers se sosialiseringsrol ..... 107
3.3.5.3 Ouers se modelleringsrol ..... 108

3.3.6 Die gemeente as ruimte vir verandering ........ 109

3.4 Historiese oorsig oor jeugbediening ........ 112
3.4.1 Jeugbediening betreklik jonk ........ 112
3.4.2 Jeugbediening gebore uit die besorgdheid vir verwaarloosde kinders .... 113
3.4.3 Sendingontwaking gee stukrag aan jeugverenigings: Invloed uit VSA .... 114
3.4.4 Verhoudingsgerigte en professionele bediening ........ 115
3.4.5 Jeugbediening in Suid-Afrika ........ 117

3.5 Jeugbediening binne ’n veranderende konteks ........ 119
3.5.1 Postmodernisme as ’n kulturele paradigma ........ 123
3.5.2 Jeug as subkultuur ........ 128

3.6 Wat Jeugbediening beoog ........ 131
3.6.1 Geen enkelvoudige doel ........ 131
3.6.2 Verskillende modelle in jeugbediening ........ 133
3.6.2.1 Aktiwiteitsgebaseerd teenoor bedieningsgebaseerd ........ 134
3.6.2.2 Verskillende beklemtonings ........ 136

3.7 Teologiese beginsels vir Jeugbediening ........ 138
3.7.1 God se koms na mense ........ 139
3.7.2 ’n Omvattende bediening ........ 139
3.7.2.1 Inklusief ........ 140
3.7.2.2 Bedieninge in jeugbediening ........ 140
3.7.2.2.1 Prediking (Kerugma) ........ 142
3.7.2.2.2 Erediens (Leiturgia) ........ 143
3.7.2.2.3 Onderrig (Didaché) ........ 143
3.7.2.2.4 Pastorale sorg (Paraklesis) ........ 144
3.7.2.2.5 Geloofsgemeenskap (Koinonia) ........ 144
3.7.2.2.6 Diens (Diakonia) ........ 145
3.7.2.2.7 Getuienis (Marturia) ........ 146
3.7.2.2.8 Administrasie, leierskap en organisasie (Kubernesis) ........ 147
3.7.2.3 Die huis as die plek waar bedieninge aangeleer, geoefen en beoefen word ........ 148
3.7.3 Onderrig as belangrike bousteen in jeugbediening ........ 148
3.7.3.1 Teologiese perspektiewe op onderrig ........ 149
3.7.3.1.1 Onderrig as begeleiding op die weg ........ 150

3.7.3.1.2 Onderrig as onderrig in die weg van wysheid 151
3.7.3.1.3 Onderrig as volgelingskap of dissipelskap 152
3.7.3.2 Onderrig altyd binne verhoudings 154
3.7.3.3 Onderrig as identiteitsvinding of geloofsvorming 155
3.7.3.4 Onderrig vandag 156
3.8 Slotopmerkings 157
**4. HOOFSTUK 4: 158**
**GELOOFSVORMING IN JEUGBEDIENING 158**
4.1 Inleiding 158
4.2 Waar kom die term geloofsvorming vandaan? 158
4.2.1 Ontstaan uit die onderrigtaak van die kerk 158
4.2.1.1 Regstel van vernouing, verkeerde persepsies en beklemtonings in onderrig 158
4.2.1.2 Verdwyning van 'n ekologie van verhoudings wat 'n skoolse model van onderrig in stand gehou het 159
4.2.1.3 Skoolse karakter van onderrig laat teologiese grondslag verkrummel 160
4.2.1.4 Skoolse model van onderrig laat belangrike aspekte van onderrig buite rekening 161
4.2.1.5 Waak teen vernouing van geloofsvorming 163
4.2.1.6 Geloofsvorming in 'n sekulêre era is meer as net om die uitvloei te keer 164
4.3 Geloofsvorming - bousteen van Jeugbediening in gemeentebouproses 166
4.3.1 Definisies van geloofsvorming 167
4.3.2 Die vorming van geloof 170
4.3.3 Groei in die geloof 172
4.3.3.1 Geloofsvorming as lewensvorming of lewensonderrig 173
4.3.3.2 Geloofsvorming in die vroeë-kerk 173
4.3.3.3 Geloofsvorming gedurende die kategumenaat en daarna 176
4.3.3.4 Geloofsvorming en metafore vir groei 177
4.3.3.5 Die gereformeerde tradisie en vorming en groei van geloof 179
4.3.3.6 Geloofsvorming en menslike ontwikkeling 180
4.3.3.6.1 Identiteitsvinding in die konteks van geloofsontwikkeling 180
4.3.3.6.2 Implikasies van identiteitsvorming vir kerklike begeleiding 185
4.3.4 Die gemeente as ruimte vir geloofsvorming 187

4.3.4.1 Die primêre rolspelers in geloofsvorming ..... 191
4.3.4.2 Die belangrike rol van kultuur, klimaat en praktyke in geloofsvorming ..... 192
4.3.4.3 Paradigma-skuiwe in die kerk as dit kom by geloofsvorming ..... 193

4.4 Herstelde visie vir die huis as dit kom by geloofsvorming ..... 199
4.4.1 Ouers se voorbeeld ..... 199
4.4.2 Beoefening van geloofsgewoontes ..... 201
4.4.3 Ouer-kind verhouding ..... 204
4.4.4 Grootouers ..... 206

4.5 Gesinne navigeer in 'n veranderende en uitdagende wêreld ..... 206
4.5.1 Gesinne verander: Met watter narratief word daar gewerk? ..... 207
4.5.2 Die aanpasbaarheid van gesinne in geloofsvorming ..... 209
4.5.3 Noodsaaklike skuiwe in gemeentes se narratiewe oor gesinne en geloofsvorming ..... 210

4.6 Slotopmerkings ..... 210

**5. HOOFSTUK 5 ..... 212**

**INTERGENERASIONELE GELOOFSVORMING ..... 212**

5.1 Inleiding ..... 212
5.2 Teoretiese begronding van intergenerasionele interaksie ..... 212
5.3 Intergenerasioneel en intergenerasionele bediening ..... 215
5.3.1 Die term intergenerasioneel? ..... 215
5.3.2 Intergenerasioneel in gemeentelike konteks ..... 218
5.3.3 Intergenerasionele bediening ..... 220

5.4 Hoe het dit gekom dat generasies in die kerk geskei word? ..... 220
5.5 Fundamentele insigte ..... 223
5.5.1 Intergenerasioneel vanuit 'n teologiese perspektief ..... 223
5.5.1.1 Intergenerasionele mandaat ..... 224
5.5.1.2 Oorlewering van geloof ..... 226
5.5.2 Intergenerasioneel vanuit 'n gemeentelike perspektief ..... 228
5.5.2.1 Gemeentes – draers en oordraers van die Christelike tradisie ..... 228
5.5.2.2 Die belangrike rol van gemeentekultuur in tradisie-oordrag ..... 228
5.5.2.3 Gemeentes - beïnvloeders van die vorm van tradisie ..... 232
5.5.3 Intergenerasioneel vanuit 'n geloofsvormingsperspektief ..... 233

5.5.3.1 Geloofsvorming as 'n keuse en 'n proses ..... 233
5.5.3.2 Geloofsvorming wat deur geloofsosialisering bevorder word ..... 235
5.5.3.3 Geloofsvorming wat deur geloofservarings bevorder word ..... 238
5.5.3.4 Geloofsvorming waar generasies die geloofstradisie vorm ..... 239
5.5.4 Intergenerasioneel vanuit 'n navorsingsperspektief ..... 240
5.5.4.1 Wuthnow 1999 ..... 241
5.5.4.2 Search Institute in 2000 ..... 242
5.5.4.3 Search Institute 2003 ..... 243
5.5.4.4 Powell en kollegas 2011 ..... 244
5.5.4.5 Smith en Snell – 2005 - 2008 ..... 245
5.5.4.6 Bengston en kollegas 1970-2005 ..... 247

5.6 Intergenerasioneel vanuit die perspektief van ander vakgebiede ..... 249
5.6.1 Ontwikkelingsteorieë ..... 250
5.6.1.1 Piaget (1896-1980) ..... 250
5.6.1.2 Ericson (1902-1994) ..... 252
5.6.1.3 Kohlberg (1927-1987) ..... 253
5.6.1.4 Fowler (1940-2015) ..... 254
5.6.2 Generasieteorie - Strauss & Howe (1991) ..... 254
5.6.3 Sosiale leerteorie ..... 259
5.6.3.1 Mead (1901-1978) ..... 259
5.6.3.2 Bandura ..... 261
5.6.4 Ekologiese sisteemteorie ..... 262
5.6.5 Situatiewe sosiokulturele leerteorieë ..... 264
5.6.5.1 Vygotsky (1896-1934) ..... 264
5.6.5.2 Leer binne 'n omgewing van indiensopleiding ..... 266
5.6.6 Godsdiens sosialisering ..... 267
5.6.6.1 Lenski 1961 ..... 267
5.6.6.2 Smith & Snell ..... 270

5.7 Hoekom generasies weer bymekaar gebring behoort te word? ..... 271
5.8 Slotopmerkings ..... 273
**6. HOOFSTUK 6: ..... 274**
**DESKRIPTIEF-EMPIRIESE TAAK - KWANTITATIEWE NAVORSING ..... 274**
6.1 Inleiding ..... 274

6.2 Empiriese navorsing ... 274
6.3 Beskrywing van navorsingsproses ... 275
6.3.1 Die mense, programme of plekke wat ondersoek is ... 275
6.3.2 Die spesifieke metodes wat gebruik is om data te versamel ... 278
6.3.3 Die individue of navorsingspan wat die navorsing onderneem het ... 278
6.3.4 Die stappe wat gevolg is om die projek suksesvol binne 'n spesifieke tydsraamwerk te voltooi. ... 278
6.4 Resultate van kwantitatiewe navorsing ... 278
6.4.1 Biografiese en demografiese inligting ... 279
6.4.2 Ouderdomsverspreiding ... 279
6.4.3 Geslag ... 280
6.4.4 Omgewing van gemeente waarby respondente inskakel ... 280
6.4.5 Gesinsamestelling en wie almal in dieselfde huis saamwoon ... 281
6.4.6 Beste beskrywing van geloofsreis ... 281
6.4.7 Wyse waarop jeug bedien word in gemeente ... 283
6.4.8 Vorm en bywoning van weeklikse eredienste ... 284
6.4.9 Intergenerasionele geleenthede binne gemeentes aangebied ... 285
6.4.10 Faktore met grootste positiewe effek op geloofsvorming in gemeente ... 286
6.4.11 Dit wat intergenerasionele interaksie in gemeente bemoeilik ... 288
6.4.12 Behoeftes van respondente ten opsigte van toerusting ... 289
6.4.13 Gemeentekultuur ... 290
6.4.14 Geloofsgewoontes ... 292
6.4.14.1 Bybellees tans en in gesin van herkoms ... 292
6.4.14.2 Gebed in die gesin saam en in gesin van herkoms ... 293
6.4.14.3 Deling van geloofstories deur respondente binne hul gesin en deur hul ouers in hul gesin van herkoms ... 294
6.4.14.4 Geloofsgesprekke binne die gesin tans en in gesin van herkoms ... 295
6.4.14.5 Dienslewering aan mense buite die gesin tans en in gesin van herkoms 296
6.4.14.6 Erediensbywoning as gesin en in gesin van herkoms ... 297
6.4.14.7 Persoonlike Bybellees tans en pa en ma in huis van herkoms, sien Bybellees ... 298
6.4.14.8 Geloofsperspektief op waardes en norme en rede hoekom reëls geld tans en in gesin van herkoms ... 298

6.4.14.9 Eet saam as gesin tans en in gesin van herkoms ..................................... 299
6.4.15 Motivering hoekom moeite gedoen word met geloofsvorming ................ 300
6.4.16 Betrokkenheid van grootouers, ma's en pa's in geloofsvorming ............. 301
6.4.16.1 Betrokkenheid van grootouers ............................................................. 301
6.4.16.2 Betrokkenheid van pa ........................................................................... 301
6.4.16.3 Betrokkenheid van ma .......................................................................... 301
6.4.17 Uitdagings ten opsigte van geloofsvorming in die huis............................ 302
6.4.18 Beoordeling van waarde wat faktore binne die huis het op geloofsvorming van kind(ers) ............................................................................................ 303
6.4.19 Algemene stellings oor geloof en geloofsvorming .................................. 305
6.4.20 Geloofsgewoontes in gesin van herkoms............................................... 307
6.4.21 Respondente se intergenerasionele kontak met persone uit 'n ander generasie op geloofsvlak ........................................................................ 307
6.4.22 Persone wat tans die grootste invloed by die gemeente op kinders se geloofsvorming het.................................................................................. 308
6.4.23 Eienskappe van persone wat 'n groot invloed op die kinders van die respondente se geloofsvorming het ........................................................ 309
6.5 Verbande tussen die veranderlikes ......................................................... 310
6.5.1 Verbande tussen geslag van respondente en faktore in die gemeente wat die grootste positewe effek op hul familie se geloofsvorming het ........... 311
6.5.1.1 Verbande tussen geslag en effek van toerusting op gesin se geloofsvorming........................................................................................ 311
6.5.1.2 Verbande tussen geslag en die effek van rolmodelle in die gemeente op geloofsvorming........................................................................................ 312
6.5.1.3 Verskille tussen mans en vroue se top vier faktore wat die grootste positiewe effek op respondente se familie se geloofsvorming in die gemeente het .......................................................................................... 313
6.5.2 Verbande tussen moment wanneer respondente op hulle geloofsreis die Here leer liefkry en gegroei het en die waarde van die aanleer van geloofsgewoontes in hulle huis van herkoms.......................................... 313
6.5.3 Verbande tussen styl van bediening van kinders en jongmense en faktore in en saam met die gemeente wat grootste positiewe effek op familie se geloofsvorming tans het. .......................................................................... 315

6.5.3.1 Styl van bediening van kinders en jongmense en die ervaring van behoort/tuiswees in die gemeente .......... 315
6.5.4 Verbande tussen geloofsgewoontes tans en in die huis van herkoms .... 316
6.5.4.1 Bybellees tans in gesin en Bybellees in huis van herkoms .......... 316
6.5.4.2 Gebed as gesins saam tans en in huis van herkoms .......... 317
6.5.4.3 Deel van geloofstorie in gesin tans en deel van geloofstorie in huis van herkoms .......... 318
6.5.4.4 Dienslewering buite huis saam met gesin tans en dienslewering buite huis in huis van herkoms .......... 319
6.5.4.5 Geloofsperspektief op reëls in die huis tans en geloofsperspektief op reëls in huis van herkoms .......... 320
6.5.5 Verbande tussen geloofsgewoontes van gesinne tans en die waarde van spesifieke faktore in die huis ten opsigte van geloofsvorming .......... 321
6.5.5.1 Frekwensie van Bybellees in gesin tans en die waarde van Bybellees ... 322
6.5.5.2 Frekwensie van gebed in gesin tans en die waarde van gebed .......... 323
6.5.5.3 Frekwensie van geloofsgesprekke tans en die waarde van gesprekke oor geloof .......... 324
6.5.5.4 Frekwensie van dienslewering aan mense buite die gesin tans en die waarde van dienslewering .......... 325
6.5.6 Verbande tussen betrokke persone by geloofsvorming en die waarde van spesifieke faktore in die huis ten opsigte van geloofsvorming .......... 326
6.5.6.1 Betrokkenheid van grootouers en die waarde van grootouers in die geloofsvorming van kinders .......... 326
6.5.6.2 Betrokkenheid van pa en die waarde van pa by die geloofsvorming van kinders .......... 327
6.5.7 Verbande tussen motivering in die geloofsvormingstaak en die geloofsgewoonte van respondente se pa’s en ma’s in hul huis van herkoms .......... 329
6.5.7.1 Die voorbeeld van respondente se pa’s wat as motivering dien in hul geloofsvormingstaak en die geloofsgewoonte van respondente se pa’s om gereeld Bybel te lees .......... 329

6.5.7.2 Die voorbeeld van respondente se ma's wat as motivering dien in hul geloofsvormingstaak en die geloofsgewoonte van respondente se ma's om gereeld Bybel te lees ........ 330
6.6 Bevindings van die kwantitatiewe navorsing ........ 332
6.7 Slotopmerking ........ 333
**7. HOOFSTUK 7: ........ 334**
**DESKRIPTIEF-EMPIRIESE TAAK - KWALITATIEWE NAVORSING ........ 334**
7.1 Inleiding ........ 334
7.2 Kwalitatiewe navorsing ........ 334
7.3 Navorsingsplan ........ 336
7.3.1 Die mense, programme of plekke wat ondersoek is ........ 336
7.3.2 Die spesifieke metodes wat gebruik is om data te versamel ........ 337
7.3.3 Die individue of navorsingspan wat die navorsing onderneem het ........ 338
7.3.4 Die stappe wat gevolg is om die projek suksesvol te voltooi ........ 338
7.4 Onderhoudsvrae vir die halfgestruktureede onderhoude ........ 339
7.4.1 Wat gemeentes doen ........ 340
7.4.2 Faktore en praktyke wat 'n positiewe effek op die vorming en groei van geloof in gesinne/families het ........ 340
7.4.3 Uitdagings wat jeugbedienings/gemeentes ervaar ten opsige van intergenerasionele interaksie en –geloofsvorming ........ 341
7.4.4 Sleutel strukturele/organisatoriese komponente wat gemeente se fokus op gesinne/die huis/intergenerasionele geloofsvorming bevorder of benadeel ........ 341
7.4.5 Redes hoekom gemeentes nie ouers sentraal deelmaak van jeugbediening nie ........ 342
7.5 Versameling van data ........ 343
7.6 Aanbieding van data ........ 343
7.6.1 Wat gemeentes doen ........ 344
7.6.1.1 Vraag 1 ........ 344
7.6.1.2 Data rapportering ........ 344
7.6.1.3 Die skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande ........ 352

7.6.1.4 Resultate en bevindings by vraag 1 .......... 354
7.6.2 Faktore en praktyke wat ’n positiewe effek op die vorming en groei van geloof in gesinne/families het .......... 355
7.6.2.1 Vraag 2 .......... 355
7.6.2.2 Data rapportering .......... 355
7.6.2.3 Die skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande .......... 356
7.6.2.4 Resultate en bevindings by vraag 2 .......... 358
7.6.3 Uitdagings wat jeugbedienings/gemeentes ervaar ten opsige van intergenerasionele interaksie en – geloofsvorming .......... 359
7.6.3.1 Vraag 3 .......... 359
7.6.3.2 Data rapportering .......... 359
7.6.3.3 Die skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande .......... 362
7.6.3.4 Resultate en bevindings by vraag 3 .......... 364
7.6.4 Sleutel-strukturele/organisatoriese komponente wat die gemeente se fokus op gesinne/die huis/intergenerasionele geloofsvorming bevorder of benadeel .......... 364
7.6.4.1 Vraag 4 .......... 364
7.6.4.2 Data rapportering .......... 365
7.6.4.3 Die skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande .......... 367
7.6.4.4 Resultate en bevindings by vraag 4 .......... 370
7.6.5 Redes hoekom gemeentes nie ouers sentraal deelmaak van jeugbediening nie .......... 371
7.6.5.1 Vraag 5 .......... 371
7.6.5.2 Data rapportering .......... 371
7.6.5.3 Die skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande .......... 373
7.6.5.4 Resultate en bevindings by vraag 5 .......... 375
7.7 Opsomming van bevindings uit die kwalitatiewe navorsing .......... 376
7.8 Slotopmerkings .......... 377
**8. HOOFSTUK 8: .......... 378**

**INTERPRETATIEWE TAAK ... 378**
8.1 Inleiding ... 378
8.2 Interpretatiewe taak ... 378
8.3 Identifisering van kernsake en knelpunte ... 379
8.3.1 Kernsake ... 379
8.3.1.1 Kernsaak 1 ... 379
8.3.1.2 Kernsaak 2 ... 379
8.3.1.3 Kernsaak 3 ... 379
8.3.1.4 Kernsaak 4 ... 379
8.3.1.5 Kernsaak 5 ... 379
8.3.1.6 Kernsaak 6 ... 380
8.3.2 Knelpunte ... 380
8.3.2.1 Knelpunt 1 ... 380
8.3.2.2 Knelpunt 2 ... 380
8.3.2.3 Knelpunt 3 ... 380
8.3.2.4 Knelpunt 4 ... 380
8.4 Bespreking van kernsake en knelpunte ... 380
8.4.1 Bespreking van kernsake ... 380
8.4.1.1 Kernsaak 1: Paradigmaskuiwe ... 380
8.4.1.1.1 Die primêre rol van ouers ... 381
8.4.1.1.2 Die kerk en huis (gesin of familie) is vennote ... 381
8.4.1.1.3 Die jeug en gesinne behoort inklusief bedien te word ... 382
8.4.1.1.4 Intergenerasionele interaksie krities belangrik ... 383
8.4.1.2 Kernsaak 2: 'n Geïntegreerde bedieningsfilosofie en – plan ... 383
8.4.1.3 Kernsaak 3: Intensionele inklusiewe interaksie en bedieninge ... 384
8.4.1.4 Kernsaak 4: Belangrikste praktyke vir geloofsvorming by die gemeente 385
8.4.1.5 Kernsaak 5: Informele faktore in geloofsvorming by die kerk en huis ... 387
8.4.1.6 Kernsaak 6: Toerusting ten opsigte van geloofsvorming ... 387
8.4.2 Bespreking van knelpunte ... 388
8.4.2.1 Knelpunt 1: Die kapasiteit van ouers ... 388
8.4.2.2 Knelpunt 2: Persepsies ten opsigte van 'n generasiegaping ... 389
8.4.2.3 Knelpunt 3: Leraars se ervarings en persepsies ... 390
8.4.2.4 Knelpunt 4: Tradisie ... 391

8.5 Slotopmerkings ........................................................................ 393
**9. HOOFSTUK 9: ........................................................................ 394**
**DIE PRAGMATIESE TAAK ........................................................................ 394**
9.1 Inleiding ........................................................................ 394
9.2 Pragmatiese taak ........................................................................ 394
9.3 Probleemstelling en hipotese van studie ........................................................................ 395
9.3.1 Probleemstelling en navorsingsvermoede ........................................................................ 395
9.3.2 Hipotese ........................................................................ 396
9.4 Refleksie op die teorie, empiriese studie en probleemstelling ........................................................................ 396
9.4.1 Die sentrale plek van die huis (gesin of familie) in geloofsvorming en die belang daarvan vir die gemeente ........................................................................ 396
9.4.2 Die onontbeerlike belang van inklusiewe intergenerasionele geloofsvorming ........................................................................ 397
9.4.3 Reflektering in die lig van die probleemstelling en hipotese ........................................................................ 399
9.5 Implikasies van hierdie studie ........................................................................ 399
9.6 Strategieë en aksiestappe ........................................................................ 400
9.6.1 Motiveer en begelei ’n paradigmaskuif om eerstens inklusiewe intergenerasionele geloofsvorming deel van jeugbediening te maak en dan huis-gefokusd en gemeente-ondersteunend te funksioneer ........................................................................ 400
9.6.1.1 Moontlike aksiestappe ........................................................................ 401
9.6.2 Stel ’n geïntegreerde bedieningsfilosofie en -plan vir die jeugbediening en/of gemeente op en laat dit die jeugbediening rig ........................................................................ 401
9.6.2.1 Moontlike aksiestappe: ........................................................................ 402
9.6.3 Omvattende en deurlopende toerusting aan ouers, kategete en ander lidmate ........................................................................ 403
9.6.3.1 Moontlike aksiestappe ........................................................................ 404
9.6.4 Jeugbedienings skep intensioneel ruimtes vir intergenerasionele geloofsvorming ........................................................................ 405
9.6.4.1 Moontlike aksiestappe: ........................................................................ 405
9.6.5 Jeugbedienings organiseer bedieninge intergenerasioneel inklusief ........................................................................ 406
9.6.5.1 Moontlike aksiestappe ........................................................................ 406

9.6.6 Jeugbedienings skep intensioneel ’n positiewe klimaat vir intergenerasionele geloofsvorming en werk mee aan die bou van ’n familiekultuur in die gemeente ..... 407
9.6.6.1 Moontlike aksiestappe..... 408
9.6.7 Jeugbedienings help ouers navigeer binne ’n veranderende en veranderde wêreld ..... 408
9.6.7.1 Moontlike aksiestappe:..... 409
9.7 Slotopmerkings ..... 409
**10. VERWYSINGSBRONNE ..... 412**
**11. ADDENDUMS..... 431**
11.1 ADDENDUM A: BRIEF VAN BEKENDSTELLING EN INGELIGTE TOESTEMMING VIR SINODES. ..... 431
11.2 ADDENDUM B: BRIEF AAN RINGSKRIBAS VAN VIER NOORDELIKE SINODES..... 435
11.3 ADDENDUM C: BRIEF VAN BEKENDSTELLING EN INGELIGTE TOESTEMMING AAN KERKRADE VAN GEIDENTIFISEERDE GEMEENTES ..... 439
11.4 ADDENDUM D: KWANTITATIEWE VRAELYS..... 442
11.5 ADDENDUM E: BRIEF VAN BEKENDSTELLING EN INGELIGTE TOESTEMMING VIR DEELNAME IN AKADEMIESE NAVORSING..... 464
11.6 ADDENDUM F: BRIEF VAN BEKENDSTELLING EN INGELIGTE TOESTEMMING AAN RESPONDENTE VAN KWALITATIEWE NAVORSING ..... 467
11.7 ADDENDUM G: VRAELYS VAN KWALITATIEWE NAVORSING ..... 470

## FIGUUR INDEKS


Figuur 1.1: Vier plekke waar praktiese teologie beoefen word ............................ 13
Figuur 1.2: Teologiese beweging in strategies-praktiese teologie ......................... 18
Figuur 1.3: Sirkel van aksie van Heitink ............................................................ 18
Figuur 1.4: Hermeneutiese sirkel van Osmer se "Reflective Equilibrium" model ... 22
Figuur 1.5: Drievoudige metode van navraag .................................................... 24
Figuur 1.6: Drievoudige proses van interpretasie ............................................... 30
Figuur 1.7: Drie fases van Normatiewe interpretasie .......................................... 31
Figuur 1.8: Drie vorms van leierskap ................................................................ 32
Figuur 2.1: Kloofvernouing in identiteitsopleiding ............................................... 62
Figuur 2.2: God se skeppings- en herskeppingsproses ....................................... 66
Figuur 2.3: God se koms na die kerk en deur die kerk na die wêreld .................... 67
Figuur 2.4: Bedieningsmodi .............................................................................. 72
Figuur 2.5: Die kommunikatiewe handelinge van die driedimensionele diens van die bedieningsmodi ............................................................................... 72
Figuur 2.6: God se koms deur bediening op 'n driedimensionele manier na die wêreld ....................................................................................... 74
Figuur 3.1: Die wisselwerking tussen 'n persoon en die kultuur waarin geleef word .......................................................................................... 120
Figuur 3.2: Verskille tussen modernistiese- en postmodernistiese waardes ....... 124
Figuur 3.3: Rabey se opsomming van die oorgang van modernism na post-modernisme .......................................................................... 125
Figuur 3.4: Geloofsgemeenskap- sending-kontinuum ....................................... 137
Figuur 3.5: Ontwikkelingskontinuum ............................................................... 138
Figuur 3.6: Verhouding tussen geloofsgemeenskap/sending en ontwikkeling .... 138
Figuur 4.1: Geloofsvormingsiklus .................................................................... 193
Figuur 4.2 Bedieningsmodel ........................................................................... 195
Figuur 4.3: Gemeente-gesentreerde-huis-ondersteunde en huis-gesentreerde-gemeente-ondersteunde bediening ................................................ 196
Figuur 4.4: Familiebediening as een van baie silo's ......................................... 197
Figuur 4.5: Familiebediening as 'n lens ........................................................... 197
Figuur 5.1: Intergenerasionele geloofsmomentum ............................................ 249

Figuur 5.2: Generasies betrokke by die identiteitsvinding van jeug in ‘n geloofsgemeenskap ..... 257
Figuur 6.1: Potensiële, geïdentifiseerde, gewillige en deelnemende gemeentes 277
Figuur 6.2: Verspreiding van geïdentifiseerde en deelnemende gemeentes uit die vier Noordelike sinodes ..... 277
Figuur 6.3: Ouderdomsverspreiding ..... 280
Figuur 6.4: Geslag ..... 280
Figuur 6.5: Omgewing van die gemeente waarby respondente inskakel ..... 281
Figuur 6.6: Geloofsreis van respondente ..... 283
Figuur 6.7: Wyse waarop jeug bedien word in gemeente ..... 284
Figuur 6.8: Vorm en bywoning van weeklikse eredienste ..... 285
Figuur 6.9: Intergenerasionele geleenthede binne gemeentes aangebied ..... 286
Figuur 6.10: Faktore met grootste positiewe effek op geloofsvorming (GV) in gemeente ..... 287
Figuur 6.11: Wat intergenerasionele interaksie in gemeente bemoeilik ..... 288
Figuur 6.12: Behoeftes van respondente ten opsigte van toerusting ..... 290
Figuur 6.13: Stellings oor ervarings binne gemeente ..... 291
Figuur 6.15: Bybellees in gesin van herkoms ..... 293
Figuur 6.14: Bybellees tans ..... 293
Figuur 6.16: Gebed tans ..... 294
Figuur 6.17: Gebed in gesin van herkoms ..... 294
Figuur 6.18: Deling van geloofstories tans ..... 295
Figuur 6.19: Deling van geloofstories in gesin van herkoms ..... 295
Figuur 6.20: Geloofsgesprekke tans ..... 296
Figuur 6.21: Geloofsgesprekke in gesin van herkoms ..... 296
Figuur 6.22: Dienslewering ..... 297
Figuur 6.23: Dienslewering in gesin van herkoms ..... 297
Figuur 6.24: Erediensbywoning tans ..... 297
Figuur 6.25: Erediensbywoning in gesin van herkoms ..... 297
Figuur 6.26: Bybellees tans ..... 298
Figuur 6.27: Pa sien Bybellees ..... 298
Figuur 6.28: Ma sien Bybellees ..... 298
Figuur 6.29: Geloofsperspektief tans ..... 299

Figuur 6.30: Geloofsperspektief in huis van herkoms ........................................ 299
Figuur 6.31: Eet as gesin saam tans ................................................................ 300
Figuur 6.32: Eet as gesin saam in huis van herkoms ........................................ 300
Figuur 6.33: Motivering vir moeite met geloofsvorming ...................................... 301
Figuur 6.34: Betrokkenheid van grootouers, ma's en pa's by geloofsvorming ...... 302
Figuur 6.35: Uitdagings ten opsigte van geloofsvorming in die huis ..................... 303
Figuur 6.36: Waarde van faktore in huis ten opsigte van geloofsvorming ............. 304
Figuur 6.37: Stellings t.o.v. geloof, geloofsvorming ............................................ 307
Figuur 6.38: Hoeveelheid gereelde kontak met persone uit ander generasie ....... 308
Figuur 6.39: Persone in gemeente met grootste invloed op geloofsvorming ......... 308
Figuur 6.40: Eienskappe van persone by gemeente met groot invloed ................ 310
Figuur 7.1: Kennisoordrag ................................................................................ 345
Figuur 7.2: Lewensvorming ............................................................................. 345
Figuur 7.3: Volhoubare geloofspraktyke ............................................................ 345
Figuur 7.4: Geloofsreis .................................................................................... 347
Figuur 7.5 Skematiese voorstelling van data van vraag 1 ................................. 353
Figuur 7.6: Skematiese voorstelling van data van vraag 2 ................................. 357
Figuur 7.7: Skematiese voorstelling van data van vraag 3 ................................. 362
Figuur 7.8: Skematiese voorstelling van data van vraag 4 ................................. 367
Figuur 7.9: Temas van vraag 4 ......................................................................... 368
Figuur 7.10: Gefokusde bedieningsfilosofie en -plan ........................................... 368
Figuur 7.11: Temas 2-6 en hul vertakkings .......................................................... 370
Figuur 7.12: Skematiese voorstelling van data van vraag 5 ................................. 375
Figuur 9.1: Moontlike voorgestelde skuiwe ........................................................ 409

# HOOFSTUK 1:

# VOORBEREIDING, TERREINVERKENNING EN METODOLOGIE

## 1.1 Voorbereiding

### 1.1.1 Motivering vir navorsing oor intergenerasionele geloofsvorming in jeugbediening

Dit vra nie 'n kenner om te weet dat daar tans 'n krisis in die kerk en veral die gereformeerde kerke se jeugbediening in Suid-Afrika is nie. Baie persone is vinnig om na die positiewe tekens in hulle jeugbedienings en na 'suksesvolle jeugbedienings' te verwys wat groot getalle jongmense aktief in hulle jeugprogramme betrek, wanneer hulle hoor dat daar van 'n krisis gepraat word. Natuurlik kan daar met dankbaarheid erken word dat daar wel 'suksesvolle' jeugbedienings in sekere gemeentes en kerke is en dat daar groot getalle jongmense na sulke gemeentes en kerke stroom. Dit is egter nie meer die reël nie en die vraag is of hierdie bedienings werklik kinders, adolessente en jongvolwassenes begelei tot geloofsvolwassenheid.

Een van die sake wat die afgelope aantal jare sterker op die voorgrond getree het wat as oorsaak vir die krisis in jeugbediening gegee word, is die rol van ouers in die hele proses van geloofsvorming. Die navorser het hierdie saak in 'n vorige studie ondersoek as deel van 'n M-graad in Praktiese teologie, 2011. Hierdie studie is dus 'n direkte uitvloeisel uit die navorser se vorige beperkte navorsing en studie. In daardie navorsing en studie is bevind (Avenant 2011:154-162):

- Daar is 'n besliste verband tussen ouermentoraat en geloofsidentiteit na belydenisaflegging;
- Daar is 'n definitiewe verband tussen ouerbetrokkenheid in die kerk en betrokkenheid van jongmense na belydenisaflegging;
- Die kerk sal ouers weer moet insluit in jeugbediening;
- Die kerk sal haar betrokkenheid by en toerusting t.o.v. ouermentoraat aan ouers die kernbesigheid van jeugbediening moet maak;
- Die kerk sal 'n denkskuif moet maak t.o.v. die huis as ruimte waarbinne kinders, adolessente en jongvolwassenes groot word;

- Die kerk sal ‘n denkskuif moet maak weg van gemeente-gesentreerde- huis-ondersteunende jeugbediening na ’n huis-gesentreerde gemeente-ondersteunende bediening.

Hierdie bevindinge van daardie ondersoek was die hoofmotivering vir hierdie studie.

### 1.1.2 Oorsprong van die tema

Die vraag wat hierdie navorsing direk geïnspireer het, is: Hoekom sluit jeugbedienings en gemeentes steeds nie ouers (en ander volwassenes) by hulle bediening aan kinders, adolessente en jongvolwassenes in nie? Hierdie uitsluiting vind plaas ten spyte van oortuigende navorsingsresultate plaaslik en internasionaal wat aandui dat ouers die grootste invloed op hulle kinders se geloofsvorming het. Hoekom word steeds geglo, ten spyte van alle navorsingsresultate, dat afsonderlike ouderdomgerigte bedienings, ouderdomsgerigte geloofsvorming en ander ouderdomsgerigte programme die primêre maniere is waarop kinders, adolessente en jongvolwassenes binne gemeentes bedien moet word?

Hierdie navorsing is verder gestimuleer deur die diagnose van De Vries (2004b:36) oor die krisis wat die huidige (hy noem dit tradisionele) jeugbediening tans wêreldwyd ervaar. Die navorser sluit aan by De Vries (2004b:21) se definisie van tradisionele jeugbediening:

> ... a clear pattern for youth ministry has emerged that no term describes it quite so well as ‘traditional.’ What I am calling ‘traditional youth ministry’ has little to do with style or programming or personality. It has to do with the place of teens in die community of faith. During the last century, church and parachurch youth ministries alike have increasingly (and often unwittingly) held to a single strategy that has become the defining characteristic of this model: the isolation of teenagers from the adult world and particularly from their own parents.

Die krisis wat tradisionele jeigbediening ervaar, omskryf De Vries as volg: dat jongmense nie begelei word tot volwasse geloof nie. Daarmee het hy nié gesuggereer dat al die tradisionele jeugbedieningsmodelle gefaal het om kinders, jongmense en leiers na byeenkomste toe te trek nie. Hy het eerder verwys na langtermynresultate van jeugbedienings wat dit nie reggekry het om 1. geloof te vertaal vir kinders, adolessente en jongvolwassenes nie en 2. om kinders deel van die kerk te hou wanneer hulle volwassenes word nie. De Vries (2004:25) se diagnose op grond van

Barna, Willimon en Wilson en ander is soos volg: "The crisis in youth ministry is, simply put, that the way we have been doing youth ministry have not been effective in leading our young people to mature Christian adulthood." De Vries (2004:36) neem hierdie diagnose een stappie verder as hy na die oorsaak van die probleem soek: "We can find the primary cause of the current crisis in youth ministry in the ways that our culture and our churches have systematically isolated young people from the very relationships that are most likely to lead them to maturity."

Hierdie studie is verder direk gestimuleer deur die voorstel van ‘n paradigma skuif deur Freudenburg (1998:96-105) in reaksie op die krisis in jeugbediening. Die paradigma skuif behels volgens Freudenburg die wegbeweeg van ‘n gemeente-gefokusde, huis-ondersteunde bediening na ‘n huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde bediening.

Die Suid-Afrikaanse konteks verskil in baie opsigte van die van Amerika in die 1990's. Daar kan sekerlik van De Vries verskil word rondom sy interpretasie van die krisis in jeugbediening en sy lees van die simptome daarvan. Na die oordeel van die navorser het dieselfde tendense die afgelope twee tot drie dekades in Suid-Afrika ook plaasgevind en is dit steeds besig om plaas te vind. Die radikale konstitusionele en politieke veranderinge in Suid-Afrika sedert 1994, die versnelde tegnologiese ontwikkeling en blootstelling daaraan en die veranderende kultuur het beslis ook ‘n verdere invloed op die tendense wat vandag in Suid-Afrika voorkom. Die vraag wat by die navorser ontstaan het, was of en hoe Freudenburg se voorstel enige verskil sal kan maak in gemeentes in Suid-Afrika? Die navorser wil dieper ondersoek instel oor hierdie sake.

Die navorser wil met hierdie studie toets waar, hoe en deur wie die grootste invloed uitgeoefen word in geloofsvorming. Na aanleiding van die uitkomste sal die navorser verder jeugbedienings en gemeentebedienings wil help om die nodige aanpassings te maak ten einde ‘n meer effektiewe rol te vervul in geloofsvorming.

### 1.1.3 Begrensing van onderwerp

In hierdie studie word gekyk na inklusiewe intergenerasionele geloofsvorming in huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde jeugbedienings binne die konteks van die Ned.

Geref. Kerk se vier Noordelike sinodes (Noordelike- Oostelike-, Goudland- en Hoëveld sinodale gebiede).

### 1.1.4 Uitkomste van die navorsing

Die vraag wat gevra kan gevra word: hoe lyk die jeugbediening van 'n gemeente waar daar moeite gedoen word met die huis (gesinne of familie) as sentrum van geloofsvorming en waar gemeentes ondersteunend deelneem aan hierdie geloofsvormingsproses? Hoe lyk intergenerasionele geloofsvorming in die huis en in die gemeente en hoe kan jeugbedienings dit deel maak van hulle normale bedieningsmodel?

Die navorser sal graag die breë kerk wil help om jeugbediening so aan te pas:

- dat die huis (gesin of familie), waar geloofsvorming primêr plaasvind, die fokus van jeugbediening word en jeugbediening die huis so effektief moontlik ondersteun in hierdie taak.
- om meer intergenerasioneel inklusief in geloofsvorming te funksioneer.

### 1.1.5 Hoe hierdie studie in die praktiese teologie inpas

Intergenerasionele geloofsvorming binne 'n huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde jeugbediening, word in hierdie studie vanuit jeugbediening benader. Alhoewel geloofsvorming en spesifiek intergenerasionele geloofsvorming verder strek as net kinders, adolessente en jongvolwassenes, word dit in hierdie studie vanuit jeugbediening benader. Die navorser is van oortuiging dat jeugbediening nie anders kan as om inklusief, soos Nel (2018:228) dit beskryf: "… alles wat geldig is vir volwassenes is net so geldig vir kinders, adolessente en jongvolwassenes," te wees nie. Daarom behoort jeugbediening nie los van 'n gemeente gedoen te word nie en kies die navorser om na jeugbediening in hierdie studie te kyk binne die raamwerk van gemeentebou. Later in hierdie studie sal meer breedvoering na gemeentebou (hoofstuk 2) en jeugbediening (hoofstuk 3) gekyk word. Beide gemeentebou en jeugbediening is volwaardige onderafdelings van praktiese teologie.

Nel (2018:4) toon aan dat jeugbediening in die verlede nie algemeen aanvaar is as onderdeel van praktiese teologie nie. Vervolgens gaan eers stilgestaan word by

Praktiese teologie: wat dit is, waar dit vandaan kom en wat dit beoog? Daar sal ook spesifiek gekyk word na waar hierdie studie daarby inpas.

#### 1.1.5.1 Die oorsprong en karakter van Praktiese teologie

Die term "praktiese teologie' is volgens Cilliers (2009:626), soos ook cf. ook Gerber (2014:39), waarskynlik die eerste keer deur Voetius ('n Duitse teoloog) gebruik om na 'n groep teologiese loci te verwys wat uitdruklik op die werk van predikante in die bediening gerig was. Praktiese teologie is vandag volgens Osmer (2008:231) een van die viervoudige "Theological encyclopedia" wat as spesialiteitsrigtings in die moderne tyd in Protestantse teologiese opleidingskole gevorm is. Die ander drie is: Bybelse studies, Kerkgeskiedenis, Dogmatiek/Etiek. Tog moet daarvan kennis geneem word dat praktiese teologie nie altyd gesien was as 'n volwaardige vak binne die "Theological encyclopedia" nie. Browning (1983:1), soos ook cf. ook Gerber (2014:39), noem dat daar veral vrae gevra is oor die wetenskaplike begronding van 'n vakgebied soos praktiese teologie (sien ook Müller 2005:17 in die verband). Hy wys verder daarop dat praktiese teologie in sommige kringe selfs beskou is as 'n vereenvoudigde vorm van teologie, nie werklik akademies van aard nie en as 'n blote addendum tot diepsinnige teologie. In ander kringe is dit as 'n skisofrene terrein of as teologiese weeskind beskou of aan die blote aanleer van tegniese vaardighede gelykgestel.

Root (2014b:20) wys daarop dat praktiese teologie die stiefkind van teologiese opleiding was en geen plek kon vind in wetenskaplike navorsings-universiteite nie. In sy eie woorde: "... practical theology's bloodlines were too mixed with experience and practice (with the practical as opposed to the theoretical) to claim the right of the throne of sience." Hy gaan voort deur daarop te wys dat praktiese teologie maar tevrede moes wees om maar die brokstukke van die "noble scientific theories of the university's high table" toe te pas by en vir die eenvoudige mense (boere) in die praktiese bediening.

Tog het die winde van verandering in die samelewing volgens Root (2014b:21) meegehelp dat praktiese teologie uit die kelder van die teologiese opleiding gehaal is en geskuif is na 'n meer konstruktiewe en noodsaaklike ruimte binne die geheel. In die 1970's en 1980's, toe die kerk volgens Root (2014b:21-22) sy kulturele relevansie begin verloor het en uitgedaag is met 'n lewe binne 'n konteks van pluralisme en toe

twyfel aan die orde van die dag was, het ‘n klompie geleerdes meegehelp dat die stiefkind verander het in ‘n prins. Hierdie geleerdes het ‘n oortuigende saak daarvoor uitgemaak dat:

> … concrete communities of practice (whether congregations or other social forms of lived practice) are the very text of practical theological reflection because these communities are places of embodied theology, places of practical wisdom.

Die geleerdes vir wie Root (2014b:21) hierdie krediet gee is Don Browning, James Fowler, Edward Farley, Lewis Mudge en Thomas Groome. Waarskynlik sal hierdie lys ook aangevul behoort te word met name uit Europa soos Van der Ven, Heitink en persone uit ander kontinente. Die werk van hierdie geleerdes het nuwe relevansie aan praktiese teologie gegee as ‘n manier om teorie en praktyk, teologiese opleiding en bediening en Christene se optrede binne ‘n geloofsgemeenskap en publieke optrede aan mekaar te verbind.

Volgens Heitink (1999:19) het praktiese teologie sy oorsprong by die groot 19de eeuse teoloog Friedrich Schleiermacher. Root (2014b:54) noem Schleiermacher (1768-1843) die vader van praktiese teologie. Ook Lee (2011:296) beskryf Schleiermacher as die baanbreker van praktiese teologie:

> It was Friedrich Schleiermacher who placed practical theology as an academic discipline among theological studies, by clearly describing its nature, task and procedures and thereby firmly establishing it as a necessary part of the integral theological whole.

Hy het nie net teologie in die moderne wêreld herbedink nie, maar sien praktiese teologie as die doel en kroon van teologie. Hy gebruik die metafoor van ‘n boom in sy 1830 werk: ‘A Brief Outline to the Study of Theology’ om die drie velde van teologie wat toe gegeld het en hulle interafhanklikheid mee te beskryf. Die drie velde was: Filosofiese teologie, wat hy as die wortels beskryf; Historiese Teologie, wat hy as die stam en takke beskryf en Praktiese teologie (wat volgens hom handel oor die praktyk van leierskap van die kerk), wat hy as die kroon of blare van die boom beskryf.

Volgens Heitink (1999:45) het praktiese teologie in Europa ná Schleiermacher ‘n verskuiwing ondergaan na die empiriese, hoofsaaklik as gevolg van die opkoms van die sosiale wetenskappe. Dit het volgens Heitink gehelp om oor die kerk op ‘n nuwe manier te praat: “not in theological images of ideal but in descriptive and explanarory

languages, based on its actual situation." Volgens Heitink was Carl Nitzsch (1787-1868), 'n student van Schleiermacher, die eerste praktiese teoloog wat 'n empiriese benadering in die vakdissipline voorgestel het. Nitzsch het praktiese teologie gedefinieer as: "the theory of the church's practice of Christianity." In die Europese konteks het praktiese teologie volgens Heitink (1999:50) sedert die werk van Nitzsch 'n empiries-geïnspireerde teorie van aksie in die kerk geword nie slegs in funksionele sin nie, maar ook in 'n kritiese sin. Hy (Heitink 1999:45) beskryf die wyse waarop dit gebeur het as volg: "by always viewing the empirical data in the light of a critical, that is, normative, theory about how the church ought to function."

In meer onlangse tyd, meer spesifiek sedert die 1960's, het praktiese teologie volgens Lee (2011:300) navore getree as 'n belangrike akademiese dissipline binne die teologiese vakgebied. Daar het ook belangrike verskuiwings plaasgevind. Die verskuiwings wat plaasgevind het was 'n verskuiwing van die primêre taak, weg van slegs die toepassing van Bybelse inligting en teologiese norme ("applied theology") na die ondersoek van godsdienstige praxis self ("fundemantal practical Theology").

Browning (1934-2010), wat deur Root (2014b:54-56) beskryf word as praktiese teologie se "big brother," het volgens Root, op die voetspoor van Schleiermacher, geargumenteer dat dit tyd geword het dat die hele teologiese vakgebied herbedink moet word op 'n praktiese manier of soos hy dit genoem het: "strategic or fully practical, theology." Browning (1991:43) het egter Sleiermacher se metode gekritiseer en gesê: "for theology to be practical, and for practical theology to be generative, it must escape the trap of theory-to-practice perspective and move into a practice-to-theory-to-practice perspective." Browning (1996:7; ook cf. ook Scholz 2005:70) beskryf dit soos volg:

> The view I propose goes from practice to theory and back to practice. Or more accurately, it goes from present theory-laden practice to a retrieval of normative theory-laden practice to the creation of more critically held theory-laden practices.

Volgens hom kan mens net van die praktyk self beweeg na refleksie en hierdie refleksie kan dan lei tot 'n hergedefinieerde aksie.

Vir hom was beide die teologie en praktiese teologie vasgeval in 'n teorie-na-praktyk perspektief wat sy vertrekpunt neem vanuit die ongeleefde en abstrakte.

Dit is tog belangrik om daarop te wys dat Browning nie hierdie fundamentele praktiese teologiese benadering skielik vanuit die lug gegryp het nie. Hy (Browning1991:37-45) steun sterk op die werk van die hermeneutiese filosoof Hans-Georg Gadamar [Ook cf. ook Scholtz (2005:68-69), Root (2014b:56) en Pieterse (2011:732)]. Browning het gewys dat die hermeneutiese perspektief eie is aan enige vorm van interpretasie. Die praktiese lewe is fundamenteel ‘n proses van interpretasie – dit is hermeneuties (Root 2014:56). Heitink (1993:105-292) en Dingemans (1996:56-57) – ook cf. ook Pieterse (2011:732-733), het vanuit ’n Europese konteks ook nou aangesluit by Gadamar, maar ook veral by Ricoeur se hermeneutiese benadering. Volgens Pieterse (2011:733) is Heitink se aanpak van ’n hermeneutiese benadering in ’n handelswetenskaplike model, met empiriese ondersoek as ’n onderdeel van die navorsingsproses, deur talle praktiese teoloë aanvaar en beoefen. Osmer, wat ook soos Browning, Heitink en Dingemans gebruik gemaak het van Gadamar se hermeneutiese metateorie, het die hermeneutiese benadering in praktiese teologie verfyn en al die voorafgaande bydraes tot die hermeneutiese benadering op ‘n sinvolle wyse geïntegreer. In hierdie studie gaan die navorser baie nou aansluit by die hermeneutiese benadering met spesifieke verwysing na die benadering van Osmer.

Daar was nog verdere ontwikkeling in die praktiese teologiese benadering. Nel (2018:5) verwys na die ontwikkelinge sedert 1998 waarvan sommige benaderings altyd dormant teenwoordig was maar later meer dominant geword het. Hy noem die voorbeeld van die “postfoundational”-benadering wat deur Van Huyssteen bevorder en verduidelik is en in die veld van praktiese teologie deur Müller tot ‘n metodologie uitgewerk is, in sewe bewegings in sy Postfoundational Practical Theology. Nel (2018:5) verwys ook na reeds genoemde persone soos Osmer, Heitink en Browning en na nog ander soos Zerfass, Fowler en Root se belangrike bydraes in die verband. Die navorser volstaan met die opsomming van Pieterse en Lee in dié verband om die vier basiese strome of benaderings in praktiese teologie te beskryf. Volgens Pieterse (2011:720-721) en Lee (2011:300) kan vier verskillende benaderings tot die beoefening van praktiese teologie onderskei word. Alhoewel Pieterse en Lee se beskrywings effens van mekaar verskil, kom die benaderings grootliks ooreen. Die benaderings kan breedweg volgens Pieterse onderskei word as 1. ’n basies empiriese benadering (vgl. Van der Ven 1993); 2. ’n hermeneutiese benadering (vgl. Browning

1991; Dingemans 1996; Heitink 1993; Osmer 2008), 3. ’n bevrydingsteologiese benadering (vgl. Cochrane et al., 1991); Lee noem dit ‘n “Political-Critical Discipline,” en 4. ’n narratiewe benadering (vgl. Müller 2005; Demasure & Müller 2006). Lee noem dít ‘n “Pastoral-Theological Discipline.”

#### 1.1.5.2 Die doel van praktiese teologie

Praktiese teologie het volgens Nel (2018:6) homself in die laaste aantal jare meer en meer verbind met die paradigma van kommunikatiewe handelings- of aksieteorie. Dit kan veral gesien word in die volgende definisies. Browning (1991:36; ook cf. ook Gerber 2014:39-40 en Root 2014b:56-57 en baie ander) definieer praktiese teologie as:

> ... critical reflection on the church’s dialogue with Christian sources and other communities of experience and interpretation with the aim of guiding its action toward social and individual transformation.

Praktiese teologie as teorie van aksie of handelingswetenskap is volgens Heitink (1999:6 – reeds in vroeër publikasie [1993:18] gepubliseer ook cf. ook Avenant 2011:5 en Nel 2018:6): “the empirically oriented theological theory of the mediation of the Christian faith in the praxis of modern society.” Heitink se definisie verwys na twee aksies - praxis 1: die mediasie van die Christelike geloof en praxis 2: dit vind plaas in die praxis van die hedendaagse samelewing. Volgens Nel (2018:6) is die onderskeiding tussen hierdie twee konsepte of maniere van verstaan van praxis baie belangrik. Heitink (1999:8) gee self die rede vir sy onderskeiding:

> Much of the confusion regarding the unique object of practical theology has to do with the failure to make a logical and methodological distinction between the two. Praxis 1 indicates that the unique object of practical theology is related to intentional, more specifically, intermediary or mediative, actions, with a view to changing a given situation through agogics. Praxis 2 emphasizes the context, where these actions take place, as a dynamic context in which men and women in society interact, whether or not their actions are religiously motivated while pursuing various goals.

Müller (1996:16-17; ook cf. ook Gerber 2014:16-17), beskou Heitink se definisie, as die besgeformuleerde definisie wat hy teëgekom het. Sy twee punte van kritiek op Heitink se definisie naamlik die uitsluiting van die konsep van die narratiewe en die kerk of geloofsgemeenskap wat nie pertinent genoem word nie, vorm deel van sy definisie. Hy definieer praktiese teologie as die sistematies-gestruktureerde,

voortgaande hermeneutiese proses, waardeur gepoog word om menslike handelinge, wat verband hou met die verhale van die Christen-geloofsgemeenskap, teologies te verhelder en te vernuwe.

Anderson (2001:26) definieer praktiese teologie met verwysing na Heitink se beskrywing van praxis 1 en praxis 2 soos volg: “At its simplest, practical theology is critical reflection on the actions of the church in the light of the gospel and Christian tradition.” Osmer (2008:8) se gedagte sluit baie nou hierby aan as hy daarop wys dat hierdie sleuteldinamika reeds in die Bybel gevind kan word waar God se mense reflekteer op die aksies en handelinge van God in die verlede, wat hulle dan in staat stel om moontlike maniere te help onderskei oor hoe God in hulle huidige situasie en in die toekoms mag optree.

Dié twee aksies (praxis 1 & 2) is volgens Heitink (1999:8; cf. ook Nel 2018:7), voortdurend onderling verbonde en hierdie onderlinge verbondenheid moet volgens Nel voldoende beklemtoon word. Praktiese teologie is dus gefokus op die mediasie van die Christelike geloof: “This mediation has to do with the core of the Christian conviction.” Hiermee sluit hy volgens Nel (2018:7) nou aan by Firet wat dit soos volg beskryf: “God’s coming to humanity in the world is a constant and ever-recurring event that takes place through the intermediary of human ministry.” Volgens Heitink (1999:8; ook cf. ook Nel 2018:7), is die feit dat God se optrede of aksie bemiddel word deur menslike optrede of aksie die teologiese swaartepunt van praktiese teologie.

Praktiese teologie is daarom volgens Nel (2018:7) vasgevang in die volgende oortuiging en belydenis: God is aan die werk en aktief betrokke by sy wêreld en so ook is ons as geloofsgemeenskap en as mense (selfs buite die geloofsgemeenskap). Root en Bertrand (2011; ook cf. ook Nel, 2018:7), praat oor God se betrokkenheid in jeugbediening en dus ook praktiese teologie en skryf soos volg:

> So while we have sought to articulate theological issues and perspectives in connection to concrete communities and practices, we have not yet sought to articulate how to go about discerning the activity of God from the place of human action or how human action is participation in the action and being of God in the world […] Yet it seems, at least to me, that this association is the heart of ministry itself. Ministry at its core is human action that participates in divine action.

Dit is om hierdie rede dat Root (2014b:xii) argumenteer dat praktiese teologie bediening (ministry) is en dat bediening beide prakties en teologies is. Bediening is niks anders as God se aksie self nie. God is die groot bedienaar. Bediening is vir hom die maniere waarop God aktief betrokke is (goddelike aksie self). Root (2014b:xii) noem die koms van God na mense sy Christopraxis, wat vir hom die voortgaande bedieningsteenwoordigheid van Christus is. Ons as mense beleef hierdie bediening van God of deur die ervaring van God se omgee en heling of deur die bedieningshandeling van mense (wanneer jy self iemand anders bedien) wat God se betrokkenheid bemiddel. Root en Bertrand (2011; cf. ook Nel 2018:7-7), verduidelik verder:

> If practical theology, and Youth Ministry following it, is concerned with the theological activity of local communities of action, then Youth Ministry imbedded within practical theology is fundamentally about the articulation and association of two distinct forms of action (praxis): God's and humanity's. James Loder called this 'the generative problematic of practical theology. It is problematic because divine and human actions are distinct and different […] It's also generative, because although these forms of actions (praxis) are distinct, they nevertheless do relate.

Dean en Root (2011) definieer daarom praktiese teologie soos volg: "… practical teology studies those moments, contexts, situations and practices in which God's action intersects with our actions, and transforms paltry human effort into something whole and life-giving."

Hierdie verhouding tussen Goddelike en menslike aksie is volgens Nel (2018:8) al deur baie teoloë bespreek. Die meeste stem saam dat hierdie twee aksies verwant is, maar die balans en beklemtoning mag verskil. Dit is binne hierdie verband dat Root (2014b:27) praat van praktiese teologie se "slippage." Hier sê hy (Root 2014b:x-xi) dat iets in die ryk diskoerse van praktiese teologie ontbreek:

> Practical Theology has been magnificent at articulating rich approaches to human action but has been deficient … in articulating divine action in the same depth. I believe this inability to discuss divine action has happened because practical theology has erroneously seen divine action as *impractical*. Practical theology's commitment to the lived and embodied realities of concrete persons and communities seems to draw practical theology like a magnet toward conversations with philosophy, the social sciences, and forms of empirical research.

Binne die diskoerse in hierdie velde en dissiplines het praktiese teologie volgens Root (2014b:x) gevind dat die dialoog na ryk benaderings van menslike handelinge geskuif het. Die meeste van hierdie perspektiewe kyk egter nie na of is nie geïnteresseerd in goddelike optrede of handelinge nie. Hieroor skryf hy dan:

> This disinterest in the possibility of a divine or transcendent reality has made it harder for practical theology to attend to the theological. Yet, the idea that divine action or transcendence is impractical seems to me to be a misstep. […] divine action itself is not impractical, but rather is a deeply practical and lived reality, that people do have distinct experiences with God that they believe are concrete, lived and real. These very experiences direct their lives in formative ways, moving them to do one thing or another in their embodied practical life [..] There are many people that assert they have had concrete and lived experiences of divine action.

Root maak op grond hiervan die stelling dat praktiese teologie na sy oordeel die punt mis dat mense konkrete en geleefde ervarings van goddelike optrede en ontmoetings gehad het. Deur dit te doen het praktiese teologie nie net gefaal om waarlik prakties te wees nie (deur nie in diepte aandag te gee aan mense se praktiese ervarings nie), maar dit het gelei tot teologiese tekortkominge binne praktiese teologie self. Hy (Root 2014b:x-xi) vervolg:

> Practical theology has rightly started with people's experiences, but because it has been blind to the possibility that people have real experiences with God, it has neglected to wade deeply into conceptions of divine action that would move practical theology further toward unique theological contributions.

Daar is nou reeds duidelik gesien dat praktiese teologie geloofspraktyke wil beskryf en verstaan, maar dat dit ook, op grond van 'n ontmoeting met God en reflektering, geloofspraktyke wil aanpas. Hierdie aanpassing word in die eerste plek deur God se betrokkenheid (bediening) geïnisieer en mense neem deel aan hierdie goddelike aksie deur hulle betrokkenheid by bediening. Ons het verder gesien dat praktiese teologie altyd ook die spesifieke konteks van geloofspraktyke goed moet verdiskonteer. Om nou te beweeg van praktyk na teorie en terug na praktyk vra 'n stuk beïnvloeding.

Dit is op hierdie punt waar Miller-McLemore (2012:14) in haar definisie van praktiese teologie aansluit. Praktiese teologie mag nie net ingestel wees op verstaan nie, maar ook op beïnvloeding van godsdienstige wysheid of geloof in die praktyk in gemeentes en in die publieke lewe in die algemeen. Dit is juis híérdie ingesteldheid tot beïnvloeding en verandering van die wêreld wat praktiese teologie onderskei van

sosiologie en antropologie. Alhoewel ander velde soos Psigologie, Sosiologie en Antropologie ‘n belangrike deel van praktiese teologiese interpretasie uitmaak, wil praktiese teologie volgens Osmer (2008:8) ook verdere vrae help beantwoord: Wat behoort te gebeur? Wat behoort mense wat ‘n lewe en wêreld deel as lede van die Christelike geloofsgemeenskap, te doen en te wees in reaksie op spesifieke gebeure? Daarom is dit volgens Root (2014b:23) essensieel dat daar in praktiese teologie gefokus word op “the concrete and lived,” maar moet daar veral gevra word *hóé* dit gedoen word, *wáár* dit gedoen word en *deur wié* dit gedoen word (navorser se kursivering).

Opsommend help Miller-McLemore (2012:4; soos cf. ook Root 2014b:27-28) daarmee deur ‘n geheelbeeld van praktiese teologie te vorm. Haar bydrae help veral om te antwoord op die vrae: “wie beoefen praktiese teologie?” en: “waar word dit beoefen?” Praktiese teologie word volgens haar in vier verwante maar onderskeie plekke beoefen wat verskillende gehore en oogmerke verteenwoordig (vergelyk Figuur 1.1 hier onder). Sy verduidelik dat praktiese teologie (i) *‘n dissipline* is wat deur vakkundiges of navorsers gedoen word, maar dit is ook (ii) *‘n aktiwiteit van geloof* wat gedoen word deur gelowiges en gemeentes. Sy gaan verder en sê dat praktiese teologie ook gedefinieer kan word as (iii) *‘n metode* wat gebruik word om die beoefening van teologie in die praktyk te bestudeer. Laastens word dit ook beskryf as (iv) ‘n *oorkoepelende ruimte* vir verskillende sub-dissiplines (bv. pastorale sorg, homilitiek, liturgiek, jeugbediening, gemeentebou ens.) binne teologiese opleidingsinstansies (navorser se kursivering). Wanneer daar dus oor praktiese teologie gepraat word, moet daar dus duidelikheid wees oor watter van die vier genoemde dimensies van praktiese teologie onder bespreking is.

| | |
|---|---|
| • Vakkundige dissipline deur navorsers en vakkundiges | • Aktiwiteit van geloof deur gelowiges en gemeentes |
| • Metode vir beoefening van teologie in praktyk | • Oorkoepelende ruimte vir verskillende vakdissiplines |

**Figuur 1.1: Vier plekke waar praktiese teologie beoefen word**

Wanneer die navorser in hierdie studie verwys na praktiese teologie, word al vier dimensies van Miller-McLemore in gedagte gehou. Dit kan soos volg uiteengesit word:

Die navorser fokus op praktiese teologie (i) as ‘n dissipline wat deur ‘n navorser beoefen word. Hierdie navorsing word spesifiek gedoen oor (ii) ‘n aktiwiteit van geloof (intergenerasionele geloofsvorming) wat deur gelowiges (in die eerste plek ouers en ander volwassenes binne die ruimte van ‘n geloofsgemeenskap of gemeente, maar ook die huis) gedoen word. Hierdie navorsing word gedoen volgens (iii) ‘n spesifieke metode (Osmer se reflektiewe ewewigsmodel) om die beoefening van teologie in die prakyk te bestudeer. In hierdie navorsing word uitgegaan van (iv) twee sub-dissiplines naamlik gemeentebou en jeugbediening.

### 1.1.6 Tipe navorsing

Binne die empiriese of beskrywende benadering kies die navorser ’n kombinasie van eksplorerende en toetsende navorsing. Die eksplorerende navorsing is volgens Heitink (1991:230; cf. ook Avenant 2011:6), ’n mengsel tussen navorsing wat wil beskryf en navorsing wat poog om ’n hipotese te toets. In hierdie navorsingsmetode wil die navorser nie net die breë veld van die studie eksploreer of sekere fenomene registreer nie, maar poog om te verduidelik, met die vooruitsig om sekere hipoteses te ontwikkel op grond van die bevindings.

Eksplorerende navorsing het altyd ten doel om ’n teorie oor sekere vooropingesteldhede te formuleer wat kan ontwikkel in ’n hipotese. Die hoofklem van hierdie benadering is verduideliking en interpretasie.

By toetsende navorsing gaan dit volgens Heitink (1991:230-231; cf. ook Avenant 2011:7), oor die empiriese toetsing van een of ’n aantal interverweefde hipoteses wat gewoonlik van die teorie ontspring het. Hierdie toetsing geskied gewoonlik deur ’n ondersoek by ’n afgebakende verteenwoordigende groep. Hierdie metode (toetsende navorsing) bewys gewoonlik die realiteit (Bv. ‘n gebrek aan ‘n volwasse geloofsidentiteit en betrokkenheid) van ’n sekere effek (afwesigheid van intergenerasionele geloofsvorming of gefragmenteerde geloofsvorming) wat spesifieke aksies (bv. uitsluiting van ouers en/of ander volwassenes en verskillende generasies in jeugbediening; eerder gemeente as huis-gefokusde bediening) op mense het. Dié metode deurloop die hele empiriese siklus van observasie - versameling en kategorisering van empiriese data met die oog op die formulering van ’n hipotese, induksie - die punt van formulering van die hipotese, deduksie - die

gevolgtrekkings waartoe gekom word wat vloei uit die hipotese in die vorm van toetsbare voorspellings, toetsing - toetsing van die resultate van nuwe data wat gebaseer is op die uitkoms van die voorspellings en evaluering - die terugvoer na die teorie. Dit alles lig weer sake vir verdere navorsing uit.

Die metode van navorsing of navraag wat vir hierdie studie gekies is, word volgens Osmer (2008:48-49; cf. ook Avenant 2011:7), onder die opskrif: “Strategies of Inquiry” bespreek. Dit word volledig onder punt 1.4.6 later in hierdie hoofstuk bespreek. Die navorser gaan formele empiriese navorsing in ‘n gekombineerde metode van navorsing op ’n kwantitatiewe en kwalitatiewe manier doen. Daar sal later in hierdie hoofstuk (1.4.6) uitgebrei word wat die kwantitatiewe en kwalitatiewe metodes van navorsing behels.

### 1.1.7 Relevansie van hierdie navorsing

Elke gemeente en kerk is op een of ander manier besig om kinders, adolessente en jongvolwassenes te begelei in hulle geloofsvormingsproses. Tog is dit hartseer dat in hierdie geloofsvorming ouers en ander ouer generasies die meeste van die tyd gedeeltelik of heeltemal uitgesluit word in die geloofsvormingsproses in *jeugbediening soos dit tans beoefen word*.

Dit het tot gevolg dat kinders, adolessente en jongvolwassenes, soos daar reeds gesien is, geïsoleer is van die presiese verhoudings wat waarskynlik die grootste potensiaal het om hulle na geloofsvolwassenheid te begelei (De Vries 2004b:36). Dit het verder tot gevolg dat kinders, adolessente en jongvolwassenes vreemdelinge in hulle eie gemeentes word en nie maklik inpas by die kultuur van die res van die gemeente (daar waar hoofsaaklik volwassenes inskakel) nie. Dit het dan ook tot gevolg dat daar ‘n vreemde soort antagonisme en vooropingesteldheid tussen generasies ontstaan.

Indien gemeentes gehelp kan word om:

- ‘n meer langtermyn fokus te hê op geloofsvorming en geloofsvolwassenheid;
- ‘n skuif te maak om huis-gefokusd en gemeente-ondersteunend te wees;
- kinders, adolessente en jongvolwassenes meer intergenerasioneel inklusief te bedien.

behoort dit 'n enorme deurbraak te wees en kan dit gemeentes en kerke help in die aanpak van hul geloofsvormingstaak.

## 1.2 Die probleem en doel van hierdie navorsing

Alhoewel jeugbedienings tans die belangrike rol van ouers in geloofsvorming erken, word dit nie in hul bediening weerspieël nie en sien hulle hul rol in geloofsvorming dikwels onafhanklik van die ouerhuis. Op hierdie manier word die huis (gesinne en families) in 'n groot mate in jeugbediening geïgnoreer en kinders, adolessente en jongvolwassenes in die jeugbediening grootliks van hul ouers en ander volwassenes in die gemeente geïsoleer.

Dit het die navorser gebring by die navorsing se probleemstellings:

Tot hoe 'n mate word geloofsvorming van kinders, adolessente en jongvolwassenes negatief beïnvloed:

- wanneer die huis (ouers of families) nie integraal deel vorm van jeugbediening se visie oor geloofvsvorming nie?
- wanneer generasies in alle bediening deur die gemeente van mekaar geskei word?

## 1.3 Studie onderwerp en onderliggende hipotese

Die studieonderwerp van hierdie studie is: Intergenerasionele geloofsvorming in 'n huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde jeugbediening.

Die onderliggende hipotese van hierdie studie is:

Jeugbedienings wat:
- huis-gefokusd, gemeente-ondersteund is en
- intergenerasioneel inklusief funksioneer

dra beter by tot geloofsvorming van kinders, adolessente en jongvolwassenes as huidige jeugbediening.

## 1.4 Metodologie in praktiese teologie

In die veld van praktiese teologie het daar oor die jare heelparty metodes ontstaan om die proses van praktyk na teorie en terug na praktyk te fasiliteer. Die navorser gaan in


hierdie navorsing sterk aansluit by Osmer se refleksiewe ewewigsmodel. Osmer (2005:303-317) verwys in sy epiloog van sy 'Teaching Ministry of Congregations', dat die meeste teoloë eenstemmig is met die vier kerntake van praktiese teologie wat hy later (2008) in sy 'Practical Theology: An introduction', volledig uitgewerk het. Hierdie kerntake word egter deur die verskillende teoloë op verskillende maniere aangebied: "depending on an upper lens, which includes things like one's view of praxis, one's theological anthropology, and one's cosmology." Op grond van hierdie eenstemmigheid sluit die navorser by Osmer se model aan.

Die navorser het homself vergewis van die ander metodologieë wat tans gebruik word in prakties-teologiese navorsing. Om hierdie rede gaan eers oorsigtelik by Browning, Heitink, Van Huyssteen, Müller en Root se benaderings stilgestaan word alvorens Osmer se metodologie meer uitvoerig bespreek gaan word.

### 1.4.1 Browning se Fundamentele Praktiese teologie

Vir Browning (1991:36) is Fundamentele Praktiese teologie "a critical reflection on the church's dialogue with Christian sources and other communities of experience and interpretation with the aim of guiding its action toward social and individual transformation." Sy vyf dimensies van praktiese teologie (vergelyk Figuur 1.2 volgende bladsy) help om 'n geheelprentjie van sy metodologie te kry.


Die praktiese lewe is vir Browning fundamenteel 'n proses van interpretasie – dit is hermeneuties. Hierdie hermeneutiese proses is hoe 'n gemeente tot praktiese wysheid kan kom. In hierdie beweging van praktyk tot refleksie en dan weer tot nuwe praktyk sien Browning 'n samesmelting van horisonne wat lei na die skepping en verdieping van praktiese wysheid. Die horisonne wat Browning wil hê moet saamsmelt deur sy korrelasie-model is die van godsdienstradisie en menslike etiese optrede. Die vorming van praktiese wysheid word volgens Browning se benadering dan die fokus van praktiese teologie. Sy (Browning 1996:47) Fundamentele Praktiese teologie bestaan uit vier ondergeskikte bewegings (hy noem dit "sub movements") naamlik deskriptiewe-, historiese-, sistematiese- en strategies-praktiese teologie.




**Figuur 1.2: Teologiese beweging in strategies-praktiese teologie**

### 1.4.2 Heitink se sirkel van Hermeneutiese, Empiriese en Regulerende teorie van aksie

Heitink (1999:165; cf. ook Avenant 2011:10-15) se sirkel van Hermeneutiese (Verstaan), Empiriese (Verklaar), Regulerende (Verander) teorie van aksie (Vergelyk Figuur 1.3 hieronder), wil beweeg van verstaan na verklaring en wil uiteindelik verandering teweeg bring. Hierdie perspektiewe word direk na die illustrasies (Figuur 1.3 hieronder) kortliks bespreek.




**Figuur 1.3: Sirkel van aksie van Heitink**

In ’n poging om dit te verduidelik, verbind die hermeneutiese benadering die ‘wie doen wat?’ in die teks en konteks met die ‘hoekom’ en die ‘waarom’ vraag om so die intensie en die motivering agter die optrede in die teks en konteks te ontdek. Die

hermeneutiese verstaan kyk na die onderwerp wat nagevors gaan word met spesifieke verwysing na hoe dit beïnvloed is en word deur die veranderende sosiale norme en gedrag.

Die empiriese benadering verbind die "wie doen wat" met die "waar en wanneer" van die teks en konteks. Gedrag is altyd situasie-bepaald want dit geskied op 'n spesifieke tyd, op 'n spesifieke plek en het altyd 'n spesifieke konteks, wat weer deur verskillende omstandighede en faktore bepaal word. Empiriese navorsing help om duidelikheid te kry tussen die verskillende veranderlikes.

Die strategiese benadering verbind die "wie doen wat" met die "hoe" en "vir watter rede." Dit gaan dus hier om die nuut verworwe kennis te gebruik om verandering te beplan en deur te voer. Heitink (1991:212) stel voor dat daar beweeg word van die definiëring van die probleem na 'n diagnose; van diagnose na beplanning van aksieplanne, van aksieplanne tot intervensie of begeleiding en dan gereelde evaluering en aanpassing van die aksieplanne.

### 1.4.3 Van Huyssteen se Post-fundamentalistiese rasionaliteit-model

Alhoewel Van Huyssteen nie 'n uitgewerkte prakties-teologiese metodiek aanbied nie, werp sy post-fundamentalistiese rasionaliteit-model baie lig op die hele proses van navorsing.

Volgens Veldsman (2016:20) tipeer Van Huyssteen sy benaderingswyse as post-fundamentalisties, wat vir hom beteken dat vraagstukke (probleme) op 'n verantwoordelike wyse aangedurf word oor die breedste moontlike lewensspektrum en dat daar op die beste geïntegreerde wyse oordele en antwoorde aangebied word op die diepste gedeelde lewensvrae.

Die belangrike punt in sy benaderingswyse is dat die antwoorde op hierdie vrae aan die hand van drie oorwegings voltrek moet word: (i) wat sê die Bybel daaroor; (ii) wat het die geloofstradisie daarvan gemaak, en (iii) hoe kan dit vanuit persoonlike kontemporêre insigte vanuit alle verbandhoudende vakgebiede beantwoord word?

Veral die bykomende laaste kriterium van eietydse denke is van besondere belang aangesien Van Huyssteen aanvoer dat die vraagstukke (probleme) wat deur die

Bybelse getuienis en die lewe opgeroep word, meer en groter is as die bronne van waaruit dit na vore kom en dat die antwoorde hierop terselfdertyd deur kontinuïteit en verandering bepaal word.

### 1.4.4 Julian Müller se Postfundamentalistiese benadering tot praktiese teologie

Müller se postfundamentalistiese benadering en metode van praktiese teologie sluit direk by Van Huyssteen se Post-fundamentalistiese rasionaliteit-model aan.

’n Postfundamentele of transversale perspektief of rasionaliteit is volgens Müller (2001:2-3) skepties oor die fundamentele en non-fundamentele of anti-fundamentele benaderings. Beide benaderings se aansprake om te kom tot ’n veelvuldige of meervoudige rasionaliteit aan die een kant enn tot ’n universele rasionaliteit aan die ander kant, word met suspisie benader. Die Postfundamentele benadering is sensitief vir beide die gevare van relativiteit en subjektiwiteit in die meervuldige rasionaliteit en die rigiditeit en valse aansprake van die universele rasionaliteit. Hierdie benadering verg gedwonge dat daar eers geluister moet word na die stories van mense in werklike lewenssituasies. Alhoewel hierdie benadering hermeneuties is, beweeg dit verby eenvoudige hermeneutiek. Dit is meer refleksief en situasieverankerd in epistemologie en metodologie.

Müller het ‘n baie konkrete metode ontwikkel om by transversale rasionaliteit, as ‘n praktiese manier om interdissiplinêr te werk, uit te kom. Op grond van Van Huyssteen se Postfundamentalistiese benadering het Müller (2004:300-304) sy sewe bewegings ontwikkel om te kom by ‘n postfundamentele verstaan. Müller se sewe bewegings in sy postfundamentalistiese praktiese teologie is die volgende: In beweging een word ‘n spesifieke konteks beskryf. In die tweede word geluister na ‘n ervaring binne ‘n spesifieke konteks en dit word beskryf. In die derde beweging word ‘n interpretasies van ervarings gemaak, beskryf en ontwikkel in samewerking met mede-navorsers. Die vierde beweging is ‘n beskrywing van ervarings soos wat dit voortdurend geinformeer is deur die tradisie van interpretasie. In die sesde beweging word gerefleksie op God se teenwoordigheid soos wat dit verstaan en ervaar word in ‘n spesifieke situasie. In die sesde beweging word die beskrywing van die ervaring verbreed deur ‘n

interdissiplinêre ondersoek. In die laaste beweging word alternatiewe interpretasies ontwikkeling van wat verder as net die plaaslike gemeenskap strek.

### 1.4.5 Root se Christopraxis

Root poog in sy 'Christopraxis: A Practical Theology of the Cross' om meer klem te plaas op die feit dat goddelike aksie diep gewortel is in die praktiese en geleefde realiteit. In Root (2014b:87) se eie woorde: "Christopraxis … providing an approach for practical theology that attends to the concrete and lived experiences of divine action."


Root sluit volledig by Osmer se vier take vir praktiese teologiese interpretasie (deskriptiewe, interpretatiewe, normatiewe en pragmatiese take) aan. In sy metodologie behou hy al vier take net so, maar fokus op die normatiewe taak. Vir hom behoort die normatiewe taak in praktiese teologie, direk verbind te wees aan God se aksie of bediening.

Root wil die normatiewe vraag anders verwoord. Sy voorstel: 'Wat behoort te gebeur? Root plaas die normatiewe vraag nie net in 'n etiese raamwerk nie, maar ook in 'n openbaringsraamwerk. Hy herfraseer die vraag van Osmer soos volg: op watter maniere behoort ons na die werklikheid, onsself, die kerk, ons praktyke en ons voorstellings van God te kyk - noudat ons 'n ontmoeting met God gehad het (deur God bedien is)? Wat behoort te gebeur noudat ons 'n ontmoeting met God gehad het? Root wil die vraag dus verander na 'Wat nou?' - nou dat ons 'n ontmoeting of ervaring beleef het met die lewende Christus; nou dat die Goddelike teenwoordigheid na ons toe gekom het en ons ontmoet en bedien het in ons konkrete gebroke wêreld; nou dat ons hierdie ervaring as 'n aanraking of ontmoeting met God beleef het – wat nou?

### 1.4.6 Osmer se "Reflective Equilibrium model"

Osmer se model vir praktiese teologie noem hy 'n "reflective equilibrium model." Hy poog om met hierdie metode (Osmer, 2008:x; cf. ook Root 2014b:23-27; Nel 2018:12; Avenant, 2011:15-23 en baie ander), die proses van navorsing nie net vir akademiese doeleindes bruikbaar te maak nie, maar om dit toeganklik en prakties te maak vir predikante en gemeenteleiers in hulle daaglikse verantwoordelikhede in gemeentes. Tog is hierdie benadering van interpretasie juis bruikbaar vir enige wetenskaplike

navorsing. Dit is volgens Nel (2018:12) nie moelik om sy verband met Heitink se benadering raak te sien nie. Osmer (2008:4-12) omskryf die proses van Praktiese-Teologiese interpretasie met vier take waarmee die predikant, leiers van die gemeente en navorser besig moet wees ten einde enige proses in die gemeente of navorsingsveld te kan fasiliteer. Hierdie vier take kan ook in die vorm van 'n hermeneutiese sirkel (vergelyk Figuur 1.4 hieronder) gekonseptualiseer word, en staan bekend as ‘n deskriptief-empiriese taak, ‘n interpretatiewe taak, ‘n normatiewe taak en ‘n pragmatiese taak.




**Figuur 1.4: Hermeneutiese sirkel van Osmer se “Reflective Equilibrium” model**

Volgens Osmer (2008:4) kan die kerntaak van Prakties Teologiese interpretasie en optrede opgesom word in vier vrae:

1. Wat is aan die gebeur? Priesterlike luister (Deskriptief-empiriese taak)
2. Hoekom is dit aan die gebeur? Wyse oordeel (Interpretatiewe taak)
3. Wat behoort te gebeur? Profetiese onderskeiding (Normatiewe taak)
4. Hoe kan ons hierop reageer? Diensbare leierskap (Pragmatiese taak)

Elkeen van die antwoorde op die vier vrae is leidend tot die vier kerntake van Prakties-Teologiese interpretasie. In die beskrywing wat volg gaan ruim gebruik gemaak word van die navorser se beskrywing van Osmer se model in sy vorige beperkte navorsing (Avenant 2011:15-23) met enkele uitbreidings.

#### 1.4.6.1 Deskriptief-empiriese taak (Wat is aan die gebeur?)

Gemeenteleiers ervaar dikwels menslike verhale waar mense hulle probleme deel, hulp soek, gehospitaliseer word, mense aan die dood afstaan of dood eenvoudig net deur die normale stadiums van die lewe beweeg. Wanneer predikante en leiers dan te midde van hierdie situasies observasies maak en informasie versamel, dan poog hulle om die vraag te antwoord: Wat is aan die gebeur? Hierdie vraag lê in die hart van deskriptief-empiriese navorsing van Prakties-Teologiese interpretasie. Tog is dit belangrik dat hierdie taak so breed as moontlik gesien moet word en nie net wanneer probleme en krisisse ervaar word nie.

Empiriese navorsing is ’n baie handige gids wat help om die mense te verstaan wat nagevors word. Dit help ook om sosiale tendense te identifiseer wat impakteer op die mense wat nagevors word.

Osmer (2008:37) kies in sy beskrywing van empiriese navorsing om dit meer ’n pastorale aanslag te gee. Die leier of navorser moet ‘n “spirituality of presence” ontwikkel. Hierdie eienskap beskryf hy as “... a spiritual orientation of attending to others in their particularity and otherness within the presence of God.” Hy noem dit ook ’n priesterlike luister. Hy vra dat hierdie “spirituality of presence” in noue verband met die deskriptief-empiriese taak in Prakties-Teologiese navorsing gesien moet word.

Dit is eers teen hierdie agtergrond dat sy drievoudige metode van navraag of navorsing (vergelyk Figuur 5) verstaanbaar sal word. Hy praat van (i) *informele navraag* (dit sluit in om aandagtig te luister in interpersoonlike kommunikasie, ’n openheid om die mooi en hartseer van elke dag te kan opmerk, ens.), (ii) *Semi-formele navraag* (gereelde, spesifieke metodes en aktiwiteite wat groepe of individue op ’n gestruktureerde wyse laat reflekteer) en (iii) *formele navraag* (waar kwalitatief of kwantitatief formeel deur middel van onderhoude of vraelyste empiries navraag of navorsing gedoen word). Die navorser het reeds in hierdie hoofstuk aangedui dat in hierdie navorsing gekies word vir formele navraag op ’n kwantitatiewe en kwalitatiewe manier.

**Informeel teenwoordig ------------------------------------ Formeel teenwoordig**

(aandagtig luister) **Semi-formeel teenwoordig** (kwalitatief & kwantitatief)
(metodes van reflektering)

**Figuur 1.5: Drievoudige metode van navraag**

Osmer gee ook duidelike riglyne oor hoe ’n navorsingsontwerp en navorsingsplan behoort te lyk. Vervolgens gaan die navorser die plan vir die uitvoering van hierdie navorsing beskryf aan die hand van Osmer (2008:53) se riglyne bespreek.

#### 1.4.6.1.1 Opstel van navorsingsplan

**A. Die mense/gemeentes wat ondersoek gaan word/populasie**

In hierdie navorsing kies die navorser om vas te stel watter gemeentes in die Noordelike, Oostelike-, Hoëveld- en Goudveldsinodes ‘n gesins- en/of familie- en/of enige intergenerasionele fokus in hulle bediening het. In hoofstuk 6 beskryf die navorser hierdie proses volledig.

**B. Die metodes wat gebruik is om data te versamel**

Daar is in hierdie navorsing gebruik gemaak van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing. Hierdie metodes van navorsing word nou kortliks bespreek.

**a) Kwantitatiewe navorsing**

Kwantitatiewe navorsing is volgens Osmer die versameling en analisering van numeriese of gekwantifiseerde data om die verbande tussen veranderlikes vas te stel. Dit help om patrone en verhoudings te bepaal wat weer kan help om vas te stel watter sake byvoorbeeld bygedra het om jongmense se lewens op ’n spesifieke wyse te impakteer.

Smith (2005:30; ook cf. ook Avenant 2011:102-103), gebruik na die oordeel van die navorser, ’n baie beskrywende metafoor wanneer hy na sosiologiese empiriese navorsing verwys as “Mapping the Big Picture.” Kaarte is behulpsaam daarmee om ’n geheel prentjie van onderdele en kontoere te vorm en om die geografie te verstaan van die plekke waardeur gereis word, sodat ons kan weet waar ons ons in ons wêreld bevind en hoe dit anderkant ons onmiddellike horisonne lyk. Net so kan sosiologiese navorsing (en enige ander navorsing) die kontoere en onderdele van die sosiale lewe beskryf deur kenmerke of eienskappe van die sosiale wêreld te vereenvoudig (relevant

tot ’n spesifieke saak) met simbole. In plaas van lyne, kleure en stippellyne by kaarte, gebruik sosiologiese navorsing gereeld syfers – soos *frekwensies, persentasies en gemiddelde* – om die sosiale wêreld se dimensies en kwaliteite met gekwantifiseerde waardes voor te stel. Al hierdie beskrywings poog om die kompleksiteit van die sosiale werklikheid waarbinne daar elke dag gelewe word, te vereenvoudig.

Wat in hoofstuk 6 volg kan dan beskryf word as die “mapping of the bigger picture” van hoe geloof gevorm en oorgedra word in en deur ouerhuise. Daar word ook na die groter prentjie gekyk van intergenerasionele geloofsvorming in en deur die gemeente. Hierdie navorsing verteenwoordig die mening van betrokke ouers. Hierdie ouers skakel in by gemeentes, wat ’n gesins-, familie- en/of intergenerasionele fokus in hulle bediening het. Hierdie gemeentes is almal geleë in die vier Noordelike sinodes van die NG Kerk in Suid-Afrika.

In hoofstuk 5 word die proses van data versameling breedvoerig omskryf. Daar word ook volledig oor die data gerapporteer.

**b) Kwalitatiewe navorsing**

Kwalitatiewe navorsing word gebruik om te verstaan hoe mense die wêreld ervaar. Dit probeer volgens Osmer (2008:49-50) om die handelinge en praktyke waaraan individue en groepe elke dag deelneem en die betekenis wat hulle daaraan toeskryf te verstaan. Wat gewoonlik gebeur is dat kwantitatiewe navorsing gedoen word om die respondente se houding oor `n sekere onderwerp te bepaal. Dit word dan gewoonlik opgevolg deur kwalitatiewe navorsing wat in-diepte onderhoude behels om van die individue se perspektiewe op die bepaalde onderwerp te ontgin (Maree 2016:312; vgl. Creswell & Clark 2011:2; Marais 2018:229). Kwalitatiewe navorsing vaar beter daarmee om ’n klein aantal individue, groepe of gemeenskappe in diepte te bestudeer.

Kwantitatiewe navorsing word dikwels volgens Osmer (2008:50) gekritiseer omdat dit faal om redes te gee wat menslike optrede verduidelik én omdat dit nie daarin slaag om die diversiteit van verskillende leefwêrelde in ag te neem nie. Aan die ander kant word kwalitatiewe navorsing gekritiseer omdat dit te sag, onwetenskaplik en subjektief

kan wees. Dit is om die rede dat die navorser beide metodes ingespan het in hierdie navorsing.

### i. Benaderings tot kwalitatiewe navorsing

Kwalitatiewe navorsing kan gestruktureerd of ongestruktureerd plaasvind. In hierdie studie kies die navorser om gestruktureerd te werk te gaan. Creswell (1998:9-11; cf. ook Osmer 2008:50-53) bespreek ses strategieë of benaderings van kwalitatiewe navorsing, wat van groot waarde kan wees vir gemeenteleiers. Hierdie strategieë of benaderings is meer geleë aan die een kant van die navorsingsproses waar meer indiepte navorsing op 'n beperkte aantal respondente gedoen word en dit fokus op detail. Creswell se benaderings sluit die volgende in: 1. Narratiewe navorsing, wat data versamel deur gesprekke waarin mense stories van gebeure in hulle lewens vertel; 2. Gevallestudie navorsing, waar 'n enkele gevallestudie of 'n beperkte getal van gevallestudies in diepte vir 'n spesifieke periode gedoen word; 3. Etnografiese navorsing wat 'n "thick description" ontwikkel van 'n kulturele of sosiale groep. Navorsers ondersoek sigbare patrone van gedrag, gewoontes en maniere van lewe by groepe oor 'n langer tydperk veral deur middel van veldwerk; 4. Begronde teoretiese navorsing, waar navorsers 'n eerste laag van inligting versamel deur onderhoude en observasie van deelnemers. Hierdie inligting word dan gedokumenteer en dan geanaliseer om vas te stel wat ontdek is deur 'n proses wat bekend staan as oop kodering (open coding). Dit is waar data gegroepeer word in inisiële kategorieë. Verdere data word versamel om die kategorieë uit te brei totdat nuwe relevante informasie na vore kom. Navorsers herrangskik hulle kategorieë deur 'n proses wat bekend staan as "axial coding," waarin die fenomeen wat bestudeer word in terme van sentrale kategorieë beskryf word; 5. Fenomeen-logiese navorsing is die strategie wat daarna soek om die essensie van 'n spesifieke tipe gebeurtenis of aktiwiteit vir 'n groep mense te beskryf bv. waar pasiënte gevra word wat hulle as die essensie van verpleging ervaar; 6. "Advocacy research," waar die doel van hierdie navorsing is om 'n aksie-agenda vir verandering daar te stel. Dit fokus dikwels op sosiale kwessies wat op 'n punt en tyd in die publieke domein gedebateer word en wil graag 'n stem gee aan perspektiewe wat misverstaan of misgekyk word in sulke debatte.

Die navorser kies in hierdie navorsing om in die gestruktureerde kwalitatiewe navorsing by Creswell se vierde kategorie naamlik begronde teoretiese navorsing aan te sluit.

**ii. Kwalitatiewe data-analise**

Löfgren (2013) bespreek ses stappe vir kwalitatiewe data-analise van spesifiek onderhoude. Die het direk by hierdie proses aangesluit. Hy beskryf die proses soos volg:

**Stap 1. Lees deur die transkripsies**

- Gaan oorsigtelik deur alle transkripsies;
- Maak notas oor eerste indrukke;
- Lees die transkripsies weer een vir een, lyn vir lyn sorgvuldig deur.

**Stap 2. Benoem relevante onderdele (Kodering)**

- Benoem relevante woorde, frases, sinne of onderafdelings;
- Hierdie benamings kan handel oor aksies, aktiwiteite, konsepte, verskille, menings, prosesse of wat ook al die navorser as relevant ag;
- Die navorser mag besluit dat iets relevant is omdat:
  - dit gereeld herhaal word;
  - dit die navorser verras;
  - die persoon met wie die onderhoud gevoer word dit as belangrik uitlig;
  - die navorser oor die saak gelees het in byvoorbeeld ’n wetenskaplike artikel;
  - dit die navorser aan ’n teorie of konsep herinner;
  - of enige ander relevante rede.

Kodering is volgens Löfgren (2013) die vernaamste skakel tussen data-versameling en die ontwikkeling van `n nuwe teorie om die data te verduidelik. Deur middel van kodering definieer die navorser wat in die data gebeur en worstel met die data om vas te stel wat dit kan beteken. In die woorde van Charmaz (2014:113): “Codes crystallize what we learn while studying our data.”

Kodering gee aan navorsers die gereedskap om data uitmekaar te haal en uit te vind hoe dit aanmekaar gesit is. Met kodering word die data wat uitmekaar gehaal is, met `n samevattende kode benoem en `n analitiese ‘handvatsel’ word voorgestel om

abstrakte idees te ontwikkel wat elke segment van die data kan interpreteer (Charmaz 2014:113; cf. ook Marais 2018:256).

Die navorser het van die Atlas.ti (hierdie programmatuur word later in hierdie hoofstuk beskryf) gebruik gemaak om die kodering van die data te doen. Dit is 'n instrument wat volgens die riglyne van die Illinois Biblioteek (2020) hoofsaaklik gebruik word vir die uitvoer van kwalitatiewe data-analise, waar navorsers kodes toepas op versamelings van ongestruktureerde teks en dit bied funksionaliteit vir die identifisering en visualisering van inhoud wat gebruik kan word vir basiese teksanalise.

**Stap 3. Besluit watter kodes die belangrikste is en skep kategorieë deur kodes te groepeer.**

- Gaan deur al die kodes wat geskep is;
- Voeg kodes wat min of meer oor dieselfde saak gaan bymekaar en gee hulle ’n nuwe naam;
- Dit is nie nodig om alle kodes wat geskep is te gebruik nie, daarom kan ’n klomp wegval;
- Die navorser behou die kodes wat belangrik is vir die navorsingstema en sorteer en groepeer dit onder kategorieë;
- Die verskillende temas of kategorieë hoef nie van dieselfde soort te wees nie. Dit kan bv. handel oor objekte, prosesse, verskille of wat ook al;
- Wees onbevooroordeeld, kreatief en oopkop;
- Hierdie stap is van ’n meer algemene en abstrakte aard, want die data word gekonseptualiseer.

**Stap 4. Benoem die kategorieë onder temas en besluit watter die mees relevante is en hoe dit met mekaar verbind**

- Benoem die katogorieë onder temas;
- Beskryf die konneksies tussen die verskillende temas;
- Die kategorieë of temas en die konneksies is die belangrikste resultaat van hierdie kwalitatiewe studie. Dit sit nuwe kennis op die tafel van die perspektief van die respondente wat aan die studie deelgeneem het.

**Stap 5. ’n Paar opsies**

- Besluit of daar ’n hiërargie is tussen die verskillende opsies;
- Besluit of een kategorie belangriker as die ander is;
- Maak ’n grafiese voorstelling van die resultate.

**Stap 6. Die opteken van die resultate**

- Die resultate word gewoonlik weergegee deur die beskrywing van die verskillende kategorieë en hoe hulle aan mekaar verbind is. Hierdie beskrywing moet so neutraal moontlik gedoen word sonder enige interpretasie.
- Die interpretasie word dan afsonderlik geskryf en bespreek. Die resultate word geïnterpreteer in die lig van:
    - resultate van soortgelyke studies wat in wetenskaplike tydskrifte gepubliseer is;
    - teorieë of konsepte in hierdie en aanverwante navorsingsvelde;
    - ander relevante aspekte.

Die navorser het baie nougeset by hierdie stappe aangesluit in die analise van die data wat verkry is uit die onderhoude wat met die respondente gevoer is.

**iii. Die individue of navorsingspan wat die navorsing onderneem het**

Die individue wat deel van die navorsingsplan uitgemaak het, sluit die navorser se studieleier, ‘n toegewysde persoon van die Departement Statistiek (Universiteit van Pretoria) en die navorser self in.

**iv. Die stappe wat gevolg is om die projek suksesvol binne ’n spesifieke tydsraamwerk te voltooi**

Die stappe wat gevolg is in die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing word onderskeidelik in hoofstuk 6 en 7 volledig omskryf. Hierdie navorsing is van middel 2019 tot Augustus 2019 onderneem.

### 1.4.6.2 Interpretatiewe taak (Hoekom is dit aan die gebeur?)

Die interpretatiewe taak verwys volgens Osmer (2008: 82) na ’n proses wat ’n leier of gids volg om van insig en verstaan te beweeg tot teoretiese interpretasie deur wyse oordeel aan die dag te lê. Dit wil die vraag antwoord: Hoekom is dit aan die gebeur?

Die interpretatiewe taak steun op die teorieë van die kunste en die wetenskap wat beter verduidelik hoekom spesifieke patrone en dinamika voorkom. Die wetenskaplike teorieë kan met kaarte of lense vergelyk word. Interpreterende gidse (leiers/navorsers) bring teoretiese kaarte saam wanneer hulle ander mense moet lei/navorsing doen. Sulke kaarte gee aan hulle prentjies van hoe die landskap waarbinne hulle reis/navorsing doen werklik lyk en van moontlike roetes wat hulle daarbinne kan kies. Tog is daar twee vaardighede wat hulle moet aanleer: om te onderskei dat die kaart nie die landskap is nie en om ’n kaart te kies wat pas by die doel.

Hierdie leiers of gidse moet wyse oordeel aan die dag lê om ’n balans te handhaaf tussen bedagsaamheid (vergelyk Figuur 1.6 hier onder) aan die een kant, waar individue en groepe met groot deernis en vriendelikheid behandel word sonder om na hulle omstandighede te kyk (om te poog om te strewe na insig in spesifieke omstandighede van mense), maar aan die ander kant verwys dit na die vermoë om teoretiese interpretasies of passing te maak (om op die teorieë van die wetenskap en die kuns te steun om sekere omstandighede te verstaan en te reageer op spesifieke gebeure, situasies en kontekste.) Tussen die bedagsame optrede en passing van omstandighede by teoretiese kaarte, lê dan die wyse oordeel. (Dit is die vermoë om gebeure, situasies en kontekste op drie verweefde maniere te interpreteer, naamlik identifisering van die relevante besonderhede, onderskeiding van die morele uitkomste daaragter en die vasstelling van die mees effektiefste metode om hierdie uitkomste te bereik in die lig van die hindernisse en moontlikhede binne die tyd en plek).

**Bedagsaamheid -------------------------------------------Teoretiese interpretasie**

↑ ↑ ↑

(met deernis insig verkry) **Wyse oordeel** (steun op teorieë vir verstaan)

(vermoë om gebeure en kontekste te interpreteer)

**Figuur 1.6: Drievoudige proses van interpretasie**

Hierdie fase is hoofsaaklik daarop afgestem om van die probleem te beweeg na ‘n diagnose.

By hierdie punt sal die navorser toelaat dat die resultate van die empiriese navorsing en die literatuurstudie die hele proses informeer en wyse oordeel sal aan die dag gelê moet word om die navorsing na die volgende stap te kan neem. Hierdie taak word in hierdie studie in hoofstuk 8 gedoen.

#### 1.4.6.3 Normatiewe taak (Wat behoort te gebeur?)

Net soos wat die profete se taak in die Ou Testament was om God se Woord oor te dra aan die verbondsvolk binne 'n spesifieke tyd en plek, net so is die Normatiewe taak volgens Osmer (2008:132-136) 'n profetiese taak wat ons op so 'n manier na God se Woord/die teks wat nagevors word laat luister en dit te interpreteer dat dit spesifieke sosiale omstandighede, gebeure en besluite van die gemeente aanspreek. Die Normatiewe taak gebruik teologiese konsepte om spesifieke episodes, situasies of kontekste te interpreteer en om etiese norme te konstrueer om sodoende mense se optrede te begelei. Hierdie manier van onderskeiding is 'n saak van Goddelike openbaring en teologiese interpretasie te midde van populêre of amptelike teologie wat die wêreld na 'n ramp toe lei. Hierdie taak antwoord die vraag: Wat behoort te gebeur?

Die normatiewe taak beweeg van 'n simpatieke deelname (vergelyk Figuur 1.7) aan God se meelewing en lyding oor die lewens van sy verbondsmense en skepping na die soeke na God se wil en begeleiding binne die omstandighede, gebeure en beslissings van die lewe. Dit vind sy eindpunt wanneer 'n teologiese- (gebruik teologiese konsepte om spesifieke gebeure situasies en kontekste mee te interpreteer in die lig van teorieë van Goddelike en menslike handelinge) en etiese interpretasie (gebruik etiese beginsels, reëls en riglyne om handelinge te begelei tot morele uitkomste) gemaak word, wat as norm dien. Goeie praktyke uit die hede en verlede kan ook dien as normatiewe modelle en koersaanwysers vir vandag se gemeentes.

**Simpatie ------------------------------------------------Teologiese & Etiese**

(medelye van God) (teologiese en etiese norme)

**Interpretasie/Onderskeiding**

(proses om God se wil te bepaal)

**Figuur 1.7: Drie fases van Normatiewe interpretasie**

Normatiewe teologiese perspektiewe verskaf hulp aan interpreteerders om te weet wat hulle moet doen of wat behoort te gebeur. Tog help dit hulle nie om te weet hoe hulle spesifieke gebeure, situasies en kontekste kan beweeg/verander om nader te beweeg aan verlangde uitkomste nie. Dit is die taak van pragmatiese teologiese interpretasie.

Die navorser het veral vanuit die literatuurstudie die normatiewe taak aangepak. Hier help die teologiese en historiese bronne veral baie en speel die ander vakdissiplines se bydrae ook 'n belangrike rol. In hierdie studie is hierdie taak in hoofstuk 2-5 onderneem.

#### 1.4.6.4 Pragmatiese taak (Hoe kan hierop gereageer word?)

Die leiers in hoofstroom-kerke word vandag nie net deur eksterne uitdagings van 'n veranderende sosiale konteks gekonfronteer nie, maar ook deur die interne uitdaging om die gemeente te help om hulle identiteit en roeping opnuut te ontdek anderkant die tyd waar die kerk in die sentrum van kulturele beïnvloeding en mag was. Dit vra natuurlik 'n bewustheid en verandering. Hoe bewerk mens hierdie soort verandering? Die Pragmatiese taak is volgens Osmer (2008:176-178) juis die taak van vorming van strategieë en aksieplanne wat die praktiese situasie op so 'n manier sal beïnvloed dat verlangde resultate verkry kan word, maar sonder mag. Dit gaan in hierdie taak oor hoe om verandering te weeg te bring en te begelei. Die Pragmatiese taak wil die vraag antwoord: Hoe kan hierop gereageer word?

Daar is volgens Osmer (2008:176 ev.) drie vorms van leierskap (vergelyk Figuur 1.8) wat hier van kardinale belang is. Al drie is nodig om organisasies te begelei in verandering. Al drie moet ook geskied binne 'n leierskapstyl van diens.

**Taakbevoegdheid ---------------------------------------- Transformerende leierskap**

(bekwame leiding) **Transaksionele leierskap** (om diep verandering te weeg te bring)

(beïnvloeding deur beloning)

**Figuur 1.8: Drie vorms van leierskap**

Taakbevoegdheid en nederigheid – die vermoë om uit te munt in die uitvoering van ’n leierskapsrol binne ’n organisasie, maar altyd op ’n nederige manier. Dit behels altyd twee goed: eerstens dat leiers sal toelaat dat individue se behoeftes en die gemeenskap as geheel se “well-being” hulle leierskapvermoëns steeds sal uitdaag en rek, sodat dit sal lei tot beter opleiding. Tweedens beteken dit dat leiers hulle beperkinge sal ken.

Transaksionele leierskap – Dit is die vermoë om ander te beïnvloed deur ’n proses van beloning. Daar is twee soorte belonings: Eerstens waar die behoeftes van mense aangespreek word in ruil vir hulle ondersteuning en deelname. Tweedens om heeltyd te onderskei tussen verskillende kompeterende agendas om die gemeente te help om sy missie te bereik. Hierdie kontraktering mag nooit slegs ’n billike ooreenkoms (contract-as-fair-exchange) wees nie, maar moet eerder gesien word as ’n ooreenkoms-as-diens-aan-God (covenant-as-service-of-God). Leiers onderskei ook tussen “felt-needs” en “real or deepest needs.” Om hierin te help, begelei transaksionele leiers mense op twee maniere: eerstens op ’n pad van dissipelskap (op so ’n pad word eie behoeftes aangespreek, maar leer elke individu om ook uit te reik na ander se behoeftes). Tweedens op ’n pad om ander mense, wat anders as hulleself is, se behoeftes ook raak te sien en na hulle toe uit te reik. Dis op hierdie punt dat die kerk anders te werk gaan in transaksionele leierskap as ander organisasies. Die rede is duidelik: anders gaan kerkwees oor behoeftebevrediging en veral persoonlike behoeftes en behoeftes van mense soos ons. Transaksionele leierskap, in ’n styl van diensbaarheid, beteken dat jy die selfopofferende liefde van Christus as geskenk ontvang en deurgee aan ander wat anders as jyself is. Dit beweeg weg van ‘n insluiting-uitsluiting denksisteem na ’n altyd-kies-vir-liefde denksisteem.

Transformerende leierskap behels volgens Osmer (2008:196 – ook cf. ook Nel in Nel en Van der Westhuizen, 2015:85) “deep change,” ‘n frase wat Osmer by Robert Quinn geleen het - Dit is die vermoë om ’n organisasie deur ’n proses te lei waar sy *identiteit*, *kultuur, manier van funksionering* en *missie* (“operating procedures”) fundamenteel verander word. In die kerk sluit dit veral verandering in aanbidding, geloofsgemeenskap, uitreik en openheid of inklusiwiteit teenoor veral nuwe lidmate wat anders is, in. Dit sluit ook in om vooruit te visioneer hoe die gemeente mag verander en om persone te mobiliseer wat toegewyd is aan hierdie nuwe visie.

Hierdie soort leierskap is vandag baie nodig binne hoofstroomkerke. Sulke leierskap is soms baie duur en behels groot risiko's. Dit sal ook weerstand, konflik, mislukking en teleurstelling meebring. Wanneer hierdie leierskap betree word, sal in die lyding van Jesus gedeel word wanneer, soos Jesus, die gemeente begelei word om 'n gemeenskap te word wat God wil hê. Sulke leiers sal ook die gemeenskap van Jesus se lyding betree.

Die pragmatiese taak word in hierdie studie in hoofstuk 9 uitgevoer.

## 1.5 Vooruitskouing

In die volgende hoofstukke word daar gekyk na die groter prentjie waarbinne die navorsing gedoen is. Eerstens word na intergenerasionele geloofsvorming binne 'n teologiese raamwerk van Gemeentebou (hoofstuk 2) en Jeugbediening (hoofstuk 3) gekyk. Daarna word dieper gekyk na geloofsvorming en wat die proses van geloofsvorming in jeugbediening presies behels (hoofstuk 4). In hoofstuk 5 word gefokus op die noodsaaklike belang van intergenerasionele interaksie in die geloofsvormingsproses. Dit bring die studie by die empiriese navorsing waar daar eerstens deur middel van kwantitatiewe navorsing (hoofstuk 6) by ouers vasgestel is watter rol intergenerasionele geloofsvorming in húlle ouerhuis, in hulle huis tans en in hulle gemeente speel. Tweedens is daar deur kwalitatiewe navorsing (hoofstuk 7) by leraars vasgestel hoe intergenerasionele geloofsvorming in die gemeentes waar hulle bedien, funksioneer, watter positiewe effek dit op vorming en groei van geloof het en watter uitdagings dit stel. In hoofstuk 8, word die interpretatiewe taak gedoen, waar die empiriese navorsing se uitkomste in kernsake en knelpunte beskryf word. Die laaste hoofstuk wil 'n jeugbedieningspad suggereer wat intergenerasioneel inklusief is, waar die huis die sentrum of middelpunt van geloofsvorming is en jeugbedienings deur middel van intergenerasionele geloofsvorming ondersteunend kan deelneem aan hierdie geloofsvormingsproses by die huis en waar jeugbedienings intensioneel 'n ruimte kan word en skep vir intergenerasionele geloofsvorming en - bedieninge.

# HOOFSTUK 2:

# INTERGENERASIONELE GELOOFSVORMING BINNE DIE RAAMWERK VAN GEMEENTEBOU

---

## 2.1 Inleiding

Hierdie studie kyk in praktiese teologie vanuit Gemeentebou na Jeugbediening en dan vanuit Jeugbediening na intergenerasionele geloofsvorming in ‘n huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde jeugbediening. Vervolgens gaan daar eers gekyk word na Gemeentebou.

## 2.2 Gemeentebou

Dit is onmoontlik om Gemeentebou in sy volle omvang te beskryf in die bestek van hierdie studie. Tog is dit belangrik om oorsigtelik iets te deel oor die historiese ontwikkeling, inhoud en doel van God se bouwerk, vyf-dimensionele verstaan van gemeentebou, teologiese perspektiewe op gemeentebou en dan te kom by ’n teologiese konseptualisering van formasie in gemeentebou.

Gemeentebou is volgens Nel (1994:11-12) ’n onderdeel van praktiese teologie wat homself telkens aan veral die ekklesiologie oriënteer. Gemeentebou is spesifiek gemoeid met die gemeente as die voertuig vir die koms van God se Koninkryk in hierdie wêreld. Vir Nel (2001b:79-81) is dit belangrik dat enige gemeentelike werksaamheid nie losgemaak mag word van hierdie koms van God nie. God kom op baie maniere na mense. Hy het volgens Osmer (2005:218) die teater van die wêreld betree deur die koms van sy Seun. Osmer (2005:220) haal Moltmann aan wat na Jesus se werk verwys as: “God’s redemption.” Mense wat God se verlossing aanvaar word 'dissipels' of 'kerk' genoem. God kom dan ook op baie maniere deur mense (dissipels of sy kerk) na ander mense en na die skepping. God kom primêr deur sy Gees en Woord na mense. Moltmannn (in Osmer 2005:221) beskryf die gemeente as: “community of disciples engaging in Christopraxis, that is, the praxis of a community that participates in Jesus’ mission of redemption.” Hierdie koms van God na mense en hierdie betrokkenheid van God by mense, het ons reeds in hoofstuk 1 (1.1.5.2) gesien, word deur Root (2014:xii) as bediening (“ministry”) beskyf: “The very shape of

God's coming to people takes the form of ministry; encounters with divine action come as ministry …. Ministry is the shape of divine action itself. God is minister." Al die mense se pogings om 'bediening' te verstaan, is volgens Nel (2001:80) pogings om God se koms deur sy Gees en Woord en deur die diens van mense onder woorde te bring.

Binne die komplekse verskynsel van die koms van God moet praktiese teologie volgens Firet (1982:55), poog om gestalte te gee aan *hoe* hierdie koms plaasgevind het. Gemeentebou is dan die vakgebied wat spesifiek hierna wil kyk binne die konteks van die gemeente.

### 2.2.1 Historiese ontwikkeling van Gemeentebou

#### 2.2.1.1 Bybelse wortels van gemeentebou

Die begrip gemeentebou sluit volgens Nel (2009:3) nou aan en spruit eintlik voort uit die bou-metafore in die Bybel en sluit spesifiek aan by die betekenis wat Jesus en veral Paulus daaraan gegee het (cf. ook Nel 2015:13). Wanneer daar dus oor gemeentes gedink word en aan hoe gemeentebou gemeentes kan help, moet daar dus eers uit die Bybel vasgestel word waarmee God besig is wanneer die Bybelskrywers hierdie metafore gebruik en hoe die bouproses werk. Daar gaan dus pertinent gekyk word na: *wie die bouwerk doen?* (die subjek van die bouwerk); *wat gebou word?* (die objek van die bouwerk) en *waarom God dan engsins bou?*

#### 2.2.1.2 Die bou-metafoor in die Ou Testament

Die stam van die werkwoord 'om te bou' kom volgens Nel (2015:13; cf.ook Nel (1994:2)) omtrent 390 keer in verskeie vorms in die Ou Testament voor. Volgens Nel (2015:13) kom die woord 390 keer in sy verskillende vorme in die Ou Testament voor. Die werkwoord verwys byna atyd in verskillende kontekste na 'n subjek wat bou, maak, oprig, tot stand te bring en regmaak. Dit kan selfs beteken om te skep. Alhoewel die subjek soms na die Here se wysheid en trou verwys, is God eintlik altyd self die Subjek – die een wat bou.

Die aksie van bou en plant in tye van vrede en die vernietiging van daardie geboue en oeste in tye van oorlog het volgens Roberts, soos cf. ook Nel (2015:14), daartoe bygedra dat veral die profete die beeldspraak van bou en plant aan die een kant en

afbreek en uitruk aan die ander kant begin gebruik het, om daarmee God se positiewe en negatiewe handelinge met sy volk te beskryf. Dít sien Nel (2015:14; cf. ook Nel 1994:3) as die oorsprong van die bou-metafoor in die Bybel.

Hendriks (1992:78) is weer van mening dat die hele bou-metafoor in die Ou Testament sy oorsprong gehad het in die omstandighede wat aanleiding gegee het tot ballingskap. Tydens en na ballingskap het die bou-metafoor sterk ontwikkel. Verskillende teologiese temas is dáárby betrek. Weens die verbondsbreuk van die volk Israel het God in sy verbondsgeregtigheid opgetree, wat die ballingskap tot gevolg gehad het. In sy verbondstrou het God egter belowe om hulle weer op te bou. Dit is om hierdie rede ook belangrik om daarop te let hoe dikwels die bou-metafoor saam met ander metafore voorkom wat óf sinoniem (bv. Jer. 24:6 bou en plant) óf presies die teenoorgestelde boodskap (bv. Jer. 24:6 afbreek en uitruk) wil oordra.

Dit lyk volgens die navorser nie of Roberts en Hendriks se verduideliking van die oorsprong van die bou-metafoor teenoor mekaar staan nie. Dit is juis vanuit hierdie ballingskapgebeure, dat die grootste dele van die Ou-Testamentiese verhaal op skrif gestel is en dit is vanuit hierdie perspektief dat die bou-metafoor waarskynlik ontwikkel het.

Die Hebreeuse woord ‘banâ’ word volgens Hendriks (1992:40) konsekwent in die konteks van die verbond gebruik. God bou sy verbondsvolk. God het hierdie volk geroep om sy volk te wees. Hy is hulle God. God het, volgens die Ou Testament, een man geroep om vir Hom ’n volk te begin bou (Genesis 12). Hy bou sy volk op om ’n seën te wees vir die wêreld en leer hulle (bou hulle op) om sy wil te doen soos wat dit in die Torah aan hulle bekendgemaak is. Nel (2015:14; cf. ook Nel 1994:3-4) toon ook aan dat regdeur die Ou Testament en veral by die profete (Jeremia en Sagaria in die besonder) hierdie bou-beeld baie gebruik word om God se betrokkenheid by sy volk deur sy profete aan te dui (Vergelyk in die verband Jer. 1:10; 12: 14-17; 18:7-10; 24:6; 31:4, 28; 33:7; 42:10; 45:4; Sag 6:9-15). Wagner (1982:175), dui aan dat die boubegrip in die Ou Testament verwys na daardie aktiwiteit waardeur die wêreld volgens die wil van God herstel of herskep word.

#### 2.2.1.2.1 Die bou-metafoor in die Nuwe Testament

In die Nuwe Testament word die woord '*banâ'* met '*oikodomeo'* volgens Hendriks (1992:55) vertaal, wat afkomstig is van die selfstandige naamwoord 'oikodomos' wat 'bouer' beteken. Dit is dus duidelik dat daar 'n sterk verband tussen die Ou- en Nuwe Testament is wat die gedagtegang van die bou-metafore betref. Dié woord word deurgaans in die evangelies, binne die konteks van bouwerk aan God se nuwe verbondsgemeenskap, wat rondom Jesus Christus tot stand gekom het, gebruik. Daar is ook sterk verbande, volgens Hendriks (1992:55), met die afbreek-opbou-terminologie van die Ou Testament (Joh.2:19; Matt. 26:61; Mark. 14:58). Wanneer Jesus die bou-metafoor op Homself betrek tydens die reiniging van die tempel (Joh. 2:19), is die implikasie van Jesus se optrede en woorde dat Hy aanspraak maak dat Hy die Messias is (Jes. 66:1-2; Amos 9:11). Die Messias sal die nuwe tempel en die nuwe gemeenskap herbou.

In die Nuwe Testament word Christus se rol in God se bouwerk, volgens Te Velde (1992:13), sterk beklemtoon: "De opbouw is het werk van God. Hij is de opperste Bouwheer (1 Kor. 3:9; Heb. 3:4; 11:10). Nader gezegd, het is het werk van Gods zoon, de Here Christus: Hij bouwt zijn gemeente" (Mat. 16:18; 1 Kor 3:16). Nel (2015:15; cf. ook 1994:4) bevestig hierdie beklemtoning van Jesus se rol in God se bouwerk as hy sê dat God in Christus vir Hom 'n gemeente bou (die 12 dissipels as volgeling-gemeenskap en later die *ekklesia*) – en voeg dan by: "onder wie Hy woon en deur wie Hy werk." Jesus is volgens Nel die Een in Wie en deur Wie die nuwe tempel van God opgebou word. Terselfdertyd is Hy ook die Een wat self sy gemeente bou (Vergelyk in die verband Matt. 16:18). Bisschoff (1991:37-38) benadruk Christus se beslissende rol in die bou van die huis wanneer hy pertinent volgens Matteus 16:18 verwys na Hom as boumeester sowel as hoeksteen en fondament wat die gemeente bou (Marais, 2018:22-23).

Volgens Nel (2015:15-16) verwys Jesus in sy bergpredikasie na God se bouwerk, wat nie soos die wettiese gebou van die fariseërs gebou word op sand en nie teen die storms van die lewe kan standhou nie. Wie op die rots bou (God se bouwerk) se huis sal die storms van die tyd deurstaan (Matt. 7:24-28). Die Hebreërbrief skrywer beskryf

Jesus as die hoëpriester van die nuwe verbond. In alles is dit duidelik dat Jesus die groot agent van God is om sy bouwerk van die Ou Testament voort te sit.

Paulus gebruik die begrip ‘opbou’ die heel meeste en gaan een treetjie verder met die beeld in die meeste van sy briewe en veral Efesiërs 4. Hy praat van die kerk of gemeente (*ekklesia*) wat opgebou word en sê dat die gemeente die liggaam van Christus is en dat elke lidmaat ’n ledemaat van hierdie liggaam is. Met hierdie beeld verduidelik hy dan, in die konteks van die gawes (Ef. 4:11-16; 1Kor. 12-14 ens.), hoe die gemeente funksioneer, maar ook haarself moet opbou (vergelyk ook 1Pet. 2:4). Paulus lê volgens Roberts (1983:124) baie klem op veral diegene wat in ’n besondere diens staan waardeur die gemeente toegerus en opgelei word, maar praat ook duidelik oor diegene wat nie in ’n besondere diens staan nie, maar beslis ook ’n gawe van die Gees ontvang het. Beide Hendriks (1992:67-69) en Moltmann (2010:24) beklemtoon dat die ampte en lidmate ’n sekondêre funksie het by die regeer- en bouhandeling.

Roberts (1983:119) dui vanuit sy navorsing oor die brief aan die Efesiërs aan dat daar ook ’n missionale konnotasie aan die boubeeld gekoppel kan word. Volgens hom hou die opbou van die kerk in dat daar voortgaande sendingwerk gedoen sal word totdat al die lede van die liggaam die boodskap van heil aanvaar het en deel van God se eiendomsvolk geword het. Hy wys ook daarop dat die opbou-taak van die gemeente altyd ’n tweeledige gerigtheid het, naamlik konsoliderend en missionaal (Robertse 1983:72-73). Hierdie gedagte sal weer later opgeneem word. Die opbou bly God se werk. Hy gebruik egter al die lede van die kerk as instrumente in die opbouproses. Gibbs (2013:252) voeg op grond van hierdie gedagte by dat gemeentes alles in hulle vermoë moet doen om alle lidmate by bediening aan mekaar sowel as bediening (“mission”) aan die wêreld te betrek. Dit is juis by hierdie deelname aan bediening waarby die navorser aansluit as vewys word na intergenerasionele geloofsvorming in hierdie studie.

Die boek Petrus is ook belangrik as dit by die bou-beeld kom (1Pet. 2:1-10). Hier word ’n hele klomp terme, wat in die Ou Testament gebruik is en in die Nuwe Testament in Jesus tot vervulling gekom het, direk aan die boubeeld verbind.

#### 2.2.1.2.2 Opsommend oor die bou-metafoor in die Bybel

Opsommend kan daar dus volgens Hendriks (1992:39, 80-83) geantwoord word op die drie vrae wat aanvanklik gevra is:

1. **Wie doen die bouwerk**? In beide die Ou- en Nuwe Testament is God self die Subjek – die een wat bou, maar God maak in sy bouwerk ook van mense gebruik. Hierdie mense is in die eerste plek die ampte en leiers, maar sluit ook alle lede van die liggaam (kerk) in wat meewerk aan die bouproses met hulle gawes.
2. **Wat word gebou**? Die Ou- en Nuwe Testament is duidelik daaroor dat die volk van God (OT) of die gemeente (*ekklesia* in die NT), die objek van die bouwerk is.
3. **Waarom bou God dan enigsins**? Die doel van die bouwerk kan oorsigtelik opgesom word met die woord 'groei'. Die gemeente groei inwendig kwalitatief (geestelike volwassenheid en eenheid) en uitwendig kwantitatief (nuwe mense wat deel word van die geloofsgemeenskap).

Die bedoeling met die bou-begrip in gemeentebou soos dit in die Bybel gebruik is en oor die jare ontwikkel het, is dus beslis nie dat daar niks bestaan en dat van vooraf gebou moet word nie. Volgens Nel (1994:9) is die gedagte in die literatuur dat daar meegebou word aan die bouwerk waarmee God in elk geval reeds besig is. Daar kan ook skeppingsmatig daarna verwys word: God herskep (in Christus) mense wat Hy geskep het. Dit is nie iemand anders se maaksel wat oorgemaak word nie, dit is God se eiendom (dit het by die doop gebeur) wat tot verstaan van hulle eiendomlikheid kom (Nel 2001b:390).

### 2.2.1.3 Gemeentebou - gebore uit die nood van kerke

Alhoewel die idee om die kerk op te bou nog altyd deel gevorm het van die kerk deur die geskiedenis, is die term volgens Nel (2015:23) soos dit tans gebruik word, net bietjie meer as honderd jaar oud. Heitink (2007:340; ook cf. ook Marais 2018:38) wys daarop dat daar reeds omstreeks 1850 in die prakties-teologiese werke van Muurling (1851) `n teorie van kerkontwikkeling voorkom. "De hier ontwikkelde theorie heeft het karakter van een praktisch-theologische ecclesiologie of ecclesiastiek, een naam die het handelingskarakter van het model benadruk." Heitink vervolg deur aan te dui dat daar binne die 'kerk en geloof' talle vakgebiede ontstaan waaronder `n betreklike jong,

maar belangrike vak by name ‘gemeente-opbou’ (oikodomiek). Heitink (1999:285) noem dat die vak oikodomiek in Duitsland as ‘kybernetiek’ bekend staan.

Te Velde (1989:10) se navorsing wys dat die saak van gemeentebou by die apostoliese vaders, in die Didaché, in die Constitutiones Apostolicae, in die oud-Christelike kerk en ook by die hervormers soos Calvyn, Bucer en Luther voorgekom het. Die saak van gemeentebou het ook voorgekom in vele kerkordes uit die 16de eeu, by Spener en by ander persone uit die Piëtistiese tradisie sowel as by die nadere reformasie in Nederland (Marais 1918:38).

Die term ‘gemeentebou’ of ‘gemeente opbou’ het volgens Te Velde (1992:18) uit die nood van die volkskerke in Duitsland ontstaan teen die einde van die negentiende eeu, ongeveer 1890. Predikante het uit besorgdheid oor die klein persentasie lidmate wat by die groot volkskerke in die stede betrokke was, begin om iets aan die situasie te probeer doen. Te Velde (1992:27) praat in hierdie verband tereg van “*gemeente opbouw als remedie tegen de leegloop van de kerken.”* Stadsgemeentes is in wyke verdeel, kontakpersone is aangestel en allerlei pogings is aangewend om nuwe lewe in die volkskerke in te blaas. Aanvanklik het gemeentebou volgens Beukes (1995:809; cf. ook Herbst 1988:71-72 en Marais 2018:38) bekend gestaan as pastorale kybernetiek en oikodomiek, maar met verloop van tyd is dié twee name vervang met gemeenteopbou of gemeentebou.

Volgens Te Velde (1992:48-49; cf. ook Maris 2018:38-39) het Kuyper (1909) aan die begin van die vorige eeu, in sy *Encyclopaedie der heilige godgeleerdheid*, ‘n indeling en beskrywing van die teologiese vakke gegee. Te Velde beskryf dan Kuyper se beskrywing van kybernetiek soos volg:

> Daarby zijn ook de kybernetiek en de laïek, twee vakken die Kuyper tot de ‘diakoniologische’ vakgroep rekent. Kybernetiek betekent ‘stuurmanskunde’. Kuyper verstaat daaronder de theoretische bezinning op de ‘kunst’ van het regeren van de kerk. Wat is de beste manier om het bestaande kerkrecht in praktijk te bregen? Welke praktische factoren en elementen komen daarbij aan de orde? De kybernetiek moet het ‘kerkelijk regeertalent bespieden’ en de bijbelse regels voor de kerkregering concretiseren. Vergaderwerk en tuchtoefening noemt Kuyer daarbij als voorbeelden. Laïek betekent ‘de leer over het werk van de ‘leken’ in de kerk.’ Op welke wijze kunnen zij hun taken het beste vervullen? Hoe activeert men de gemeente? Hoe moeten hulpdiensten als voorlezer, organist, wijkbezoeker en koster functioneren? Kuyper onderscheidde daarbij tussen

> institutaire en organische laïek, de taken van de gelovigen in ambtelijk-kerkelijk verband en krachtens het particulier initiatief.

Alhoewel dit duidelik is dat die inhoud van selfstandige vakgebiede hier beskryf word, was hierdie beskrywing na die oordeel van die navorser waarskynlik van die eerste beskrywings van die inhoud en omvang van die vak gemeentebou of 'kubernetiek' soos wat Kuiper daarna verwys het.

Die term gemeente-opbou is ook toenemend in die dertigerjare van die vorige eeu gebruik om die herstel van gemeentes in Nederland en Duitsland mee aan te dui. 'n Groeiende Missionale gerigtheid op die samelewing het ook uit hierdie beweging begin ontstaan (Te Velde 1992:19). 'n Verdere uitvloeisel was volgens Nel (2015:23) die groeiende bekommernis oor die afname in die betrokkenheid van gewone kerklidmate ("laity" of "non-ordained members"), waaroor Kraemer (1962:43; cf. ook Nel 1982:59) skryf:

> ... wendden zij zich tot het gemeentelid met het argument dat iedere christen eo ipso getuige en zendeling is; daarbij ontdekten zij toen weldra dat een lekendom, dat zo lang verwaarloosd en in onwetenheid was en is gelaten, voor het merendeel niet in staat is aan een dergelijke opdracht te voldoen.

Daar is daarom sterk gefokus op bediening deur en bemagtiging van gewone lidmate en volgens Te Velde (1992:19) het woorde soos Gemeindeaufbau (Duits) en gemeentebouw (Nederlands) met verloop van tyd deel van die woordeskat van die kerk geword.

Te Velde (1992:25) wys daarop dat daar na afloop van die Tweede Wêreldoorlog meer aandag aan die vak gemeentebou in die kerk en teologie gegee is. Wagner het leiding in die VSA in Pasadena by Fuller Theological Seminary geneem, terwyl Dietterich direkteur van die "Center for parish development" in Chicago was. In die 1980's het die vakgebied sterk in Duitsland gegroei waar veral Seitz die voortou geneem het by die Instituut voor Praktiesche Theologie en deur Möller wat in Heidelberg die verantwoordelikheid op hom geneem het. Gemeente-opbou het as aparte vak ontwikkel en is in Nederland sedert 1982 aan die teologiese fakulteit in Groningen gedoseer. Aan die Teologiese Universiteit (Broederweg) in Kampen word dit sedert 1988 aangebied. Dit is dus 'n redelik nuwe verskynsel op die kerklike en teologiese terrein (Te Velde 1992:25-27; cf. ook Marais 2018:39).

In Suid-Afrika het die wetenskaplike besinning oor die opbou van die gemeente volgens Nel (2015:24; cf. ook Nel1994:9) eers in 1986 begin. Sy eie boek, 'Teologiese Perspektiewe', was onder die eerste akademiese pogings om die onderwerp in Suid-Afrika bekend te stel. Daar was ook waardige pogings in die vroeë 1980's. In hierdie tyd het 'n groep besorgde predikante, wat volgens Burger (1991:7) bekend gestaan het as die dinamiese gemeentebou-studiegroep, gemeentes gehelp om uit ou groewe van passiewe lidmaatskap te ontwaak. Hierdie hele beweging het bygedra tot geestelike mondigheid van baie lidmate. Sedert dié pogings is daar volgens Nel (2015:24) baie boeke en artikels oor die onderwerp in Suid-Afrika gepubliseer, wat die volgende skrywers insluit: Louw (1984), Heyns (1986), Janse van Rensburg (1990), Bisschoff (1992), Burger (1991) en Hendriks (1992a & 1992b).

Burger (1991:15) wys daarop dat die gemeentebou-beweging aanvanklik met baie negatiwiteit in Suid-Afrika ontvang is. Tog het 'n hele aantal gemeentes in die tagtigerjare van die vorige eeu met die een of ander variasie van 'n gemeentebouprogram begin. Van die goeie gevolge volgens Burger (1991:16) was dat dit by baie 'n nuwe manier van dink oor die gemeente tot gevolg gehad het. Dit het ook bewuswording gebring oor die feit dat die werklikheid van die Gees se werksaamheid in die kerk nie mense se dink- en verstaanwerk oor die funksionering van die kerk uitskakel nie. Die kerklike teorie agter die klassieke gemeentebouprogram het mense laat begin wonder oor die teorie agter die bestaande kerk- en bedieningspraktyk.

Burger (1991:17) wys ook daarop dat praktiese teoloë tot op daardie stadium (die laat tagtigerjare van die vorige eeu) so besig was met besinning oor die verskillende tradisionele bedienings-aspekte (bv. prediking, kategese, pastoraat) dat die vraag na die totale funksionering van die gemeente as sodanig omtrent nie aandag gekry het nie. Hy verwys na die bevindinge van 'n studie oor 'Die Praktiese teologie in Suid-Afrika' in dié verband: "Daar is bevind dat binne die praktiese teologie daar dikwels baie aandag gegee word aan die subdissiplines maar dat die belangrike en sentrale saak van die onderwerp van prakties-teologiese ekklesiologie (dit is 'n basisteorie oor praktiese kerkwees) nie genoeg aandag kry nie."

Dit is volgens die navorser waarskynlik (a) die wetenskaplike besinning oor Gemeentebou sedert 1986, (b) die bevinding oor 'n gebrek aan 'n plek vir die sentrale saak van ekklesiologie in praktiese teologie in Suid-Afrika en (c) die ontwikkelinge in die sosiale wetenskappe – spesifiek oor die eie lewe en lewensreëls van groepe, organisasies en gemeenskappe, wat direk aanleiding gegee het dat Gemeentebou ontwikkel het tot 'n selfstandige dissipline in praktiese teologie in Suid-Afrika.

Hierdie proses van besinning het sedertdien al baie vêr gevorder. Alhoewel gemeentebou volgens Nel (1984:9-13) aanvanklik ontwikkel het en selfs vandag nog dikwels gebruik word as 'n poging om nuwe lewe in vasgeloopte situasies in te blaas om sodoende die kerk te red, het dit mettertyd ontwikkel tot gemeente-ontwikkeling of -vernuwing wat baie meer omvattend is. Dit sluit vernuwing of voortdurende reformasie, integrering en koördinering van alle bedieninge, langtermynbeplanning, 'n nuwe afhanklikheid van God en identiteitsopleiding in. Die wese, doel en funksionering van die gemeente is dus hier ter sprake. Sedertdien is Gemeentebou volgens Nel (2015:24) ook regoor die hele land ontwikkel en word as onderdeel van praktiese teologie by min of meer al die teologiese fakulteite van universiteite in Suid-Afrika aangebied.

Die inhoud van die term 'gemeentebou' in Europa en Suid-Afrika is baie nou verwant. Toe die gesprekke oor gemeentebou in Suid-Afrika begin het, was die populêre term in die VSA volgens Nel (2015:24) "church growth." Tog voel Nel sterk oor die feit dat "building up the local church" of "congregational development/studies" nooit bedoel was en nooit presies dieselfde beteken het as "church growth" nie. Gemeentebou is eerder 'n omvattende term wat ook die idee van groei insluit. In die huidige gesprekke sluit gemeentebou volgens die navorser baie nou aan by die missionale beweging in die VSA wat volgens Guder (1998:3) ontwikkel het uit die Gospel and Our Culture Network (GOCN).

Nel verkies die term 'gemeentebou' in Afrikaans, om daarmee rekening te hou dat daar saam gebou word aan die bouwerk waarmee God in elk geval reeds besig is. In Nel se hersiene weergawe van sy boek: 'Gemeentebou' (1994), genaamd: 'Identity-Driven Churches – Who are we, and where are we going' verbreed hy sy term na "building up the missional local church" (Nel 2015:25). Hierdie verbreding het na die

navorser se mening nie plaasgevind omdat sy vorige publikasie nie die Missionale dimensie ingesluit het nie, maar om waarskynlik meer klem te lê op die aard van kerk-wees en om die noodwendige missionale karakter te beklemtoon. Wanneer die navorser die term ‘gemeentebou’ gebruik, word die missionale karakter van die kerk beslis veronderstel en daarby ingesluit, omdat die kerk in haar wese missionaal is. Die navorser stem volkome met Nel (2015:12) saam dat daar geen ander kerk of gemeente as ’n missionale gemeente is nie, anders is dit glad nie meer kerk of gemeente nie.

### 2.2.2 Die inhoud en doel van Gemeentebou

Nel (2015:17; cf. ook Nel 1994:5) wys daarop dat wanneer daar 'n behoefte is om die inhoud en rede van die opbou van die gemeente beter wil verstaan, dan moet daar begin word by wat die Bybel oor die gawes sê. Die Bybel dui duidelik aan dat gelowiges gawes het. Die Vader en die Seun gee hierdie gawes deur sy Gees aan elke gelowige. Die God-geskenkte gawes is handig om die gemeente op te bou (1Kor.12:1-11). Volgens Efesiërs 4:12 word die gemeente opgebou wanneer gelowiges toegerus of opgelei word vir hulle dienswerk. Hierdie toerusting of opleiding verduidelik nou wat die inhoud van die opbou behels (Nel 2015:17). Die woord wat in Efesiërs 4:12 gebruik word vir toerus, *‘katartismos’* verwys volgens Roberts (1983:17) na toerusting van gelowiges vir hulle dienswerk. Dit neem die karakter aan van: voorbereiding van iemand om effektief te funksioneer; om iemand af te rond; om iemand by vervulling uit te bring; om iemand te help om hulle roeping te vervul en hulle daarin toe te rus. Die toerusting kan soos volg beskryf word: Dit is die funksie van die spesiale bedieninge van die gemeente om ander gelowiges te help deur opleiding of toerusting om met hulle gawes te doen wat God van hulle verwag naamlik om hulle diens op ’n bekwame wyse te uit te voer. Op sy beurt het die diens van die goed opgeleide lede van die kerk,” volgens Roberts (1983b:118), “nou ook weer ’n eie oogmerk, eie doel waarop dit gemik is. Die diens wat hulle verrig, het die opbou van die liggaam van Christus op die oog.” In hierdie sin beteken dit dat almal nodig het om voorberei te word vir deelname in God se missie of sending (Nel 2015:17). Die navorser sluit direk by hierdie opleiding aan, wanneer daar na intergenerasionele geloofsvorming verwys word.

Om die plaaslike gemeente op te bou, is volgens Nel (2015:18; cf. ook Nel 1994:6) om alles wat die Vader, Seun en Heilige Gees doen te omarm om sodoende die gemeente te help groei en deur die diens van mense effektief te laat funksioneer. Dit alles word gedoen om die doel van God met die spesifieke gemeente te beantwoord. Dit wat die gemeente wesenlik in Christus is, moet in die proses van gemeentebou verwesenlik word. Die gemeente word dus volgens Nel (2015:19; cf. ook 1994:7) opgebou deur alles wat deur die gemeente in belang van sy bestaan en funksionering as kerk van Christus gedoen word.

Inhoudelik gaan dit volgens Nel in gemeentebou om God wat deur die diens van mense herskep, herstel, plant, laat groei en bou. Anders gestel: dit gaan volgens Fenhagen (1977:100) om bekwaammaking - om al die gawes wat God gegee het aan die werk te sit. Dit gaan volgens die titel van Ogden (1990) se boek: '*The New Reformation: Returning the ministry to the people of God'* daaroor dat die bediening teruggegee moet word aan God se mense. Dit gaan ook volgens Schillebeeck (1980:14) om 'n bediening waarin gepoog word om alle ander vorme van bediening in die gemeenskap te koördineer en aan te moedig. Dit gaan uiteindelik in gemeentebou volgens Schippers (1982:126) om die lewensbeweging van die gemeente self. Die gemeente word gebou en bou homself op. Dat God dit deur sy Gees, sy Woord en deur die diens van mense doen, is in gemeentebou van meer as net akademiese belang.

Daar kan nie gepraat word van gemeentebou as daar net enkele veranderings (verstellings) in die gemeente aangebring word deur sekere goed af te breek en enkele nuwighede in die plek daarvan op te rig nie. Gemeentebou is volgens Nel (1994:13) komprehensief-intensioneel (omvattend en met spesifieke bedoeling) gerig op die vernuwing van die gemeente – in wese, bestaan en funksionering.

Die doel van die opbou van die gemeente kan Bybelsgesproke volgens Nel (2015:19-20; cf. ook Nel 1994:7-8) soos volg drieledig opgesom word:

1. God moet bekend gemaak word. Dit is God Drie-enig wat sy kerk bou, soos Schwartz & Schwartz (1984:67) dit beskryf, daarom behoort dit gehandhaaf te word dat die doel van die opbou van die plaaslike gemeente is *om God bekend te*

*maak*. Wanneer dit gebeur word God verheerlik. Dit beteken dus dat iets van die karakter en optrede van God in die gemeente sigbaar behoort te word.

2. Die gemeente behoort opgebou te word tot *'n volwasse organisme*; tot 'n liggaam wat verstaan dat *geestelike volwassenheid* nie 'n toestand is nie, maar *'n lewenslange weg van groei in die geloof, hoop en liefde* – dit is 'n ware verstaan van dissipelskap. Hierdie insig is vir Nel (2015:19) essensieel – dit is 'n gemeente se taak om die wese van die enigste ware God ten toon te stel. Hierop volg noodwendig die leer en lewe van elke gelowige. Opbou en opleiding of toerusting is nodig om elke gelowige te begelei na volwassenheid en 'n selfstandige geestelike funksionering (dissipelskap) om sodoende iets van God ten toon te stel (Ef. 4-6; Firet 1977:235). Om 'n gemeente tot volwassenheid in hierdie sin te lei, met 'n missionale ingesteldheid, moet die onderrig (didaché) tot sy reg kom oor die hele spektrum (oud en jonk) van die gemeente. Hierby sal nog breedvoerig in hoofstuk 3 (7.3) stilgestaan word. Hier is dit net van belang wat die doel van hierdie onderrig moet wees naamlik om die gemeente as dissipel-gemeenskap tot lewenslange getroue dissipelskap van Jesus Christus te begelei. Op hierdie manier toon die gemeente nie net iets van die karakter van die een wat hulle volg nie, maar is die gemeente ook besig om te doen waarmee God besig is.
3. Die gemeente behoort *intensief* en *ekstensief* opgebou te word. Die een is nooit sonder die ander nie. God wil die mense wat nog nie aan Hom behoort nie, bybou deur die getuienis, geloof, liefde en lewe van sy gemeente. Gemeentebou impliseer dus altyd verdere groei – in kwaliteit en in kwantiteit. Tog moet daar onthou word dat die hele bou-metafoor 'n prentjie wil voorhou van 'n muur of huis wat besig is om gebou te word, maar nog nie klaar gebou is nie. Hierdie bou-proses in 'n gemeente behoort volgens Roberts (1983:72-73) altyd konsoliderend en missionaal gelyktydig te wees. Gibbs (2013:252) pleit in dié verband daarvoor dat gemeentes altyd daarna moet strewe om die hele gemeente te betrek in beide die bediening na binne teenoor mekaar en die bediening na buite – 'n Missionale leefwyse in die wêreld. Osmer (2012:49-50) noem die bediening na binne en die bediening na buite twee foci wat nou aan mekaar verbind moet wees: "Neither focus should ever be at the expense of the other; rather, they stand in each other's service. The church's identity sustains its relevance and involvement." Laasgenoemde sin haal hy aan uit Bosch se *Transforming Mission*.

In bogenoemde omskrywing word beide die teologiese en sosiologiese aspek van gemeentebou verdiskonteer. Schippers (1982:113) beskryf dit soos volg: Gemeentebou as bediening vra steeds na deeglike verdiskontering van die teologiese norme of beginsels vir kerkwees. Wat die gemeente reeds in Christus is en wat God wil hê dat dit moet wees, is deurslaggewend. Wanneer dit gesê is, neem dit niks daarvan weg dat die gemeente ook as sosiologiese werklikheid ernstig opgeneem moet word nie. Die eksegese van die Bybel en die eksegese van die gemeente en gemeenskap is immers in gemeentebou ewe belangrik. Dit is vir die gemeente net nie ewe gesaghebbend nie.

Dit is dus belangrik om in gedagte te hou wanneer daar oor jeugbediening gedink word, dat dit nie los van die gemeente en die bouwerk van God bedink kan word nie. Wat geld vir die inhoud en doel van die gemeente geld dus net so vir jeugbediening.

### 2.2.3 Definisies en ’n werksformule

In ’n werksformule is dit volgens Nel (2015:86) nodig om te soek na daardie wetenskaplike kern waaroor praktiese teoloë so wyd moontlik saamstem. Om dit te doen, gaan die navorser enkele definisies van gemeentebou van verskillende navorsers aanhaal en dan poog om juis uit te kom by gemeenskaplikheid.

Te Velde (1989:11-12) se definisie is die volgende:

> In het vak gemeenteopbouw vindt de teologische bezinning plaats op de structuren, werkvormen en processen, waarin de gaven en diensten in de gemeente van Jezus Christus in een optimale samenhang kunne worden dienstbaar gemaakt aan haar intern en extern, horizontaal en verticaal functioneren met het oog op haar volmaking in Christus.

Burger (1991:20-21), wat in die beginjare van gemeentebou in Suid-Afrika ’n waardevolle bydrae gelewer het, wil basies net een bepaalde teorie oor die funksionering van ’n geloofsgemeenskap op die tafel sit. Hy beskryf die basiese teorie oor die dinamika van ’n geloofsgemeenskap soos volg:

> Dit is ’n gevarieerde bediening waarin daar ’n balans en wisselwerking bestaan tussen die vier belangrikste dinamiese beginsels van die Christelike geloofsgemeenskap naamlik visie, verbintenis, gemeenskap en diens. Indien hierdie vier prosesse tegelyk direkte aandag (=be-dien-ing) kry om die kerk in ewewig effektief in beweging te hou, funksioneer ’n gemeente reg en leef soos hy moet.

Hendriks (1992:85-86) gee die volgende definisie van gemeentebou (alle kursifering in definisie deur Hendriks self):

Gemeentebou is die werk van die drie-enige God.

- Dit is gefundeer in die uitverkiesende genade van die Almagtige God wat Hom heilshistories-verbondsmatig aan die mens openbaar;
- Dit is gebaseer op die kruisversoening en opstandingsoorwinning van Jesus Christus wat as Hoof van die kerk sy kerk regeer;
- Dit is handelend aanwesig deur die lewegewende, kragdadige werking van die Heilige Gees;
- Die drie-enige God bou sy gemeente deur die dienswerk van gelowiges wat Hy met gawes vir hierdie werk toerus. Die leidinggewende bedienings speel hierin ’n grondliggende rol;
- Die dienswerk van die gelowiges geskied in die konteks van die liefde, *koinonia*, gehoorsaamheid, kennis, vrede, orde, vreugde, gebed, getuienis, onderrig, die erediens, geregtigheid, dade van barmhartigheid en die voortgaande proses van stryd.

Hy vervolg deur daarop te wys dat gemeentebou ten doel het:

- die kwantitatiewe en kwalitatiewe opbou (dit beteken geestelike groei tot volwassenheid, die voorkoming van dwaalleer en die betrokke raak by die *missio dei*) van die *ekklesia*;
- die realisering van die eenheid van die liggaam van Christus;
- die blywende visie op die eskatologiese hoop van die *ekklesia*;
- die daarstelling van die *ekklesia* as ’n voorlopige gestalte van die koninkryk van God;
- die verheerliking van God;
- die bestudering van die teorie en praktyk van die opbou van die gemeente om die ekklesia as liggaam van Christus in sy geheel en in sy dele te laat funksioneer.

Goedhart (1984:10; ook cf. ook Marais 2018:24) gee nie ’n definisie vir gemeentebou nie, maar in sy boek: ‘Gemeenteopbouw: om dienende, vierende, lerende en delende

gemeente te worden', beskryf hy die proses wat deur gemeentes gevolg behoort te word om werklik gemeente van Jesus Christus te word.

> Het gemeenteopbouwwerk wil de gemeente systematisch helpen om werkelijk gemeente van Jezus Christus te worden in deze tijd. Ik probeerde dat precies weer te geven in de titel: Gemeenteopbouw – om dienende, vierende, lerende en delende gemeente te worden.

Nel (2015:87) beskou Herbst (1987:66-67) en Schwartz & Schwartz (1984:61) se definisies ook as van groot belang:

> As we see it, building up the local church is a planned action – the result of a command by Jesus Christ – which has the purpose of serving the congregation, the shaping, and the 'being sent' of the community of the faithful. Building up the local church takes place within theonome reciprocity: Jesus Christ is the first subject of building up the local church; yet from him there also flows the specific and purposeful cooperation of man (Herbst 1987:66-67).

"Building up the local church consists of all actions that are aimed at the creation and shaping of the *ekklesia* (Schwartz & Schwartz1984:61)." Hier moet pertinent verwys word na die skerp onderskeid wat hulle (Schwartz & Schwartz 1984:27-52) tref tussen die "Kirche (denominationele "volkskirche") en *ekklesia* (die plaaslike gemeente).

Nel (2015:87; cf. ook Nel 1994:14) se eie beskrywing lyk soos volg:

Gemeentebou is die bediening waarbinne die gemeente opgelei en begelei word om te:

- **Verstaan**: haar eie identiteit en bestaansdoel te verstaan (Nel noem dit die hermeneutiese dimensie);
- **Evalueer**: self, as gemotiveerde gemeente, sy eie funksionering te evalueer, te onderskei waar God reeds aan die werk in die gemeenskap is en te onderskei waar en hoe hulle daaraan gaan deelneem, doelwitte vir sy eie funksievervulling te formuleer en op beplande wyse saam te bereik (Nel noem dit die agogiese-teleologiese dimensie);
- **Ontwikkel**: self, soos nodig, op 'n voortgaande en deurlopende basis strukture te ontwikkel, wat die drie-enige God in sy genesende en herstellende handelinge in die kerk en wêreld dien tot die eer van Sy Naam. (morfologiese dimensie).

Bisschoff (1991:44; cf. ook Marais 2018:24) meen dat gemeentebou die toegespitste aktiwiteit naas en saam met ander fasette van die gemeentewerksaamhede is waardeur die gemeente begelei word om eerstens al meer te verstaan wat hy moet wees volgens die Woord, en om tweedens self mee te werk aan die bereiking van die Bybelse ideaal deur doelgerigte en beplande ingryping in die huidige stand van sake.

In die genoemde definisies is dit duidelik dat gemeentebou baie omvattend is en dat dit daarom moeilik is om te definieer in eenvoudige taal. Daar word ook baie agtergrond en konsepte veronderstel (Ungerer 2010:80; cf. ook Marais 2018:42). Die navorser vind egter die volgende raakvlakke:

#### 2.2.3.1 Gemeenskaplikheid

Uit bogenoemde definisies vind die navorser die volgende gemeenskaplikheid: Daar word onderskei tussen gemeentebou op akademiese en gemeentelike vlak; Dit gaan uit van die drie-enige God as subjek en daar word dikwels pertinent verwys na Jesus Christus en die Heilige Gees se rol en taak; die opbou-taak word beskryf as ’n proses van deelname aan dit waarmee God handelend in die wêreld besig is; in hierdie proses speel die wese, identiteit, en bestaansdoel van die gemeente ’n deurslaggewende rol; die taak en rol van gawes, dienste (ampte) en bedieninge in die proses word beklemtoon en beskryf hoe dit bepland en planmatig in ’n voortdurende, vormende proses die gemeente dienend moet begelei en oplei om effektief te funksioneer; effektiewe funksionering het altyd ’n interne (opbou) en eksterne (missionale) en vertikale (groei) en horisontale (omgee en dien) dimensie.

#### 2.2.3.2 Werksformule vir gemeentebou

Die navorser vind in Nel se werksformule ’n baie bruikbare lens om te gebruik wanneer na gemeentebediening en (spesifiek in hierdie studie) jeugbediening gekyk word. Hierdie werksformule omvat ook die meeste van die ooreenstemminge wat die navorser in die vorige paragraaf beskryf het. Nel (2015:85) wys daarop dat sy werksformule vorm gekry het na ’n gesprek met die ontslape Professor K A Schippers van Kampen in Nederland.

Nel (2015:85) stel die volgende werksformule vir gemeentebou voor:

- Die Vader, Seun en Heilige Gees bou die kerk, en doen dit deur mense;

- God bou sy kerk want die koms van sy Koninkryk vind plaas deur die gemeente;
- Die bestaan en doel van die kerk is van kardinale belang;
- Die empiriese kerk moet deur die Gees gelei word om in `n bepaalde tyd en plek te word wat dit reeds in Christus is. Die gaping tussen die empiriese en gedefinieerde kerk moet kleiner word;
- Daar moet op die totale gemeente, met betrekking tot haar wese, funksies en struktuur, gefokus word.

Uit bostaande werksformule is dit duidelik dat Nel (2015:85; cf. ook Marais 2018:43) `n voorstander is van ‘n inklusiewe en omvattende benadering wanneer dit by die opbou en ontwikkeling van ‘n missionale gemeente kom.

Nel (2015:86) beskryf self die waarde wat die vakgebied en bediening toevoeg in die opbou en ontwikkeling van die plaaslike gemeente: *Eerstens* bring gemeentebou ’n intensionele studie van die proses van reformasie en verandering met hom saam. *Tweedens* word dit ’n soort gewete vir die ander vakgebiede om op die missie van God te fokus en die rol van die gemeente binne sy missie. In die *derde plek* sensitiseer dit die ander vakgebiede (nie net die sub-dissiplines in praktiese teologie nie) vir ’n teologiese vertrekpunt dat teologie missionaal moet wees. Indien dit nie is nie, is dit nie meer teologie nie. Hierdie gedagte is net so waar vir die kerk ook. *Laastens* gaan dit oor die integrering en koördinering van die sub-sisteme (insluitend die sub-dissiplines) vir die voordeel van die ontwikkeling van die geheel.

### 2.2.4 ’n Vyf-dimensionele verstaan van gemeentebou

Nel (2015:25–88; cf. ook Marais 2018:43-48) vra vir `n vyf-dimensionele verstaan van gemeentebou, wat uit die volgende bestaan:

1. ‘n konsep van gemeentelike identiteitsvinding;
2. ‘n konsep van reformasie;
3. ‘n konsep van integrering en koördinering van al die bedieninge;
4. ‘n konsep van `n langtermyn bediening;
5. ‘n konsep van afhanklikheid van God.

Hierdie vyf dimensies help om ‘n teologiese raamwerk te vorm waarbinne daar oor die funksionering van ‘n gemeente gedink kan word. Hierdie raamwerk is vir hierdie studie

van uiterste belang, want die navorser oordeel dat jeugbediening dikwels los van hierdie raamwerk beoefen word en dan in vreemde vaarwaters beland. Vervolgens gaan hier net oorsigtelik bespreek word wat Nel onder elk van hierdie dimensies verstaan met enkele aanvullende gedagtes van ander navorsers.

#### 2.2.4.1 ’n Konsep van gemeentelike identiteitsvinding

Wanneer gepraat word van ’n gemeentelike identiteit, dan gaan die gesprek volgens Nel (2015:25) oor ’n gemeente wat opgebou word en terselfdertyd deelneem aan haar opbou proses (Ef. 4:1-16). Dit alles is die werk van God deur sy Gees, sy Woord en die diens van mense.

##### 2.2.4.1.1 Identiteit as geskenk van God

Die kerk se identiteit kom van God af. Moltmann (cf. ook (Nel 2015:2) sê dat die missionale kerk se identiteit iets is wat God aan die kerk gee. Burger (1999:72) redeneer ook in dieselfde lyn dat identiteit iets is wat deur God geskenk is. Volgens Nel (2015:49) behoort die kerk, in verantwoording teenoor God met verantwoordelikheid met die Skrif en die kultuur om te gaan om hierdie geskenkte identiteit te herontdek en te verstaan. In hierdie sin vind mense identiteit wanneer hulle word wat hulle reeds in Christus is. Die kerk is gemaak wie sy in Christus is. Die metafore wat handig is en poog om te probeer help om die identiteit van die kerk te verstaan, is volgens Nel (2015:27) soos kante van ’n geslypte diamant wat die skoonheid van die een diamant, “Christus self,” wil ten toon stel.

##### 2.2.4.1.2 Gemeentelike identiteit altyd verbind aan God se plan vir sy kerk

Identiteit is ook baie nou verbind aan God se plan vir sy kerk op aarde. Dit is daarom volgens Nel (2001b:389) nie moontlik om die identiteit en doel van die kerk in gemeentebou te skei nie. Die doel van die gemeente is met die identiteit en verstaan daarvan in Christus aan die gemeente gegee. Soos identiteit is die doel van die gemeente deel van die indikatief. God skenk die doel waartoe Hy die kerk roep. Anders gestel sou gesê kan word dat die roeping van die kerk (soos wat dit uit sy identiteit voortvloei) ook die doel van die kerk is. Daarom argumenteer Nel (2015:27) dat gemeentebou daaroor gaan om die gemeente te begelei om haar raison d’être (rede vir bestaan) binne ’n spesifieke denominasie en konteks te vind, te verstaan en uit te

leef. Kiefert (2007:22) kom tot die gevolgtrekking dat "... die kerk nie 'n 'missie' gehad het wat los van haar identiteit gestaan het nie, want om kerk te wees was om gestuur te wees; om kerk te wees was om as deel van God se missie in hierdie wêreld geroep, versamel, gefokus en gestuur te wees." Identiteit gaan dus oor die "ons" wat "nou hier" is, na aanleiding van Kiefert se titel van sy genoemde boek.

**2.2.4.1.3 Missionale identiteit – gestuur deur die gestuurde**

In die missionale sin van die woord hang die identiteit van die kerk volgens Nel (2015:44) baie nou saam met haar rol as tussenganger. Gemeente-wees gaan oor God se koms na sy wêreld om geken, liefgehê en gedien te word. Om hom te verteenwoordig het Hy vir Hom 'n tussenganger-pastor geskep wat Hy verskillende benaminge gee: sy mense, priesters, bedienaars ("servants"), medewerkers, bruid, lig, sout, liggaam, kudde ens. Binne elk van hierdie benaminge is iets van die identiteit van die kerk opgesluit.

As die missio Dei God se sendende aard aandui en selfs 'n eienskap van God is en as die kerk of gemeente, nou deel het aan die voortgaande heilshandelinge van God met sy kerk en die wêreld en daarom gestuur word om God se werk te doen, dan beteken dit dat die kerk in sy wese ook missio Dei of missionaal moet wees. Dit word bevestig deur Bosch (1997:245) as hy sê: "Die kerk in die wêreld is kerk slegs in soverre sy 'n missionale dimensie het." Hy haal die Vatikaanse Dekreet Ad Gentes aan wat lui: "The pilgrim church is missionary by her very nature." Hierdie gedagte is ook duidelik uitgewerk in Bosch (1991:390) se Transforming Mission: "Mission is thereby seen as a movement from God to the world: the church is viewed as an instrument for that mission. There is church because there is mission, not vice versa." (Guder 2000: 20). Kallestad (2001:12) sluit hierby aan as hy sê: "God is a missionary God, and the church must be a missionary church. The church exists for no other reason than to participate in God's mission. Without mission there is no church." Callahan (1987:125; cf. ook Nel 2015:77), gaan so vêr om te sê: "Whenever the church is in the world, God is in the church."

Deur die geskiedenis het die verstaan van die kerk as getuie egter verskillende betekenisse gehad. Guder (2001:212) wys daarop dat die kerk sedert sy ontstaan, homself nie as 'n instituut gesien het nie, maar as 'n getuigende gemeenskap. Gibbs

(2000:60) bevestig dit as hy sê: “They were a movement, not an institution. Such must be the mindset of the church today in most of the western world.”

Kreider (2016:9-12) beskryf hoe die vroeë-kerk as ’n getuigende gemeenskap gegroei het in die konteks van ’n vervolgde situasie: “The growth was odd ... the expansion of the church was not organized, the product of a mission program; it simply happened.” Later verwys hy na die “patient ferment” as rede vir die groei te midde van vervolging. Die vroeë kerk het dus gegroei te midde van vervolging as gevolg van die leefstyl van Christene (die kerk) wat gekenmerk is deur “patient ferment.” Miskien kan dit volgens die navorser as ’n missionale leefstyl beskryf word. Die gelowiges het dus ‘n misionale identiteit gehad. Kreider haal Chrysostomus aan uit die laat vierde eeu wat die betekenis van “patience” probeer verduidelik deur te wys op die onderskeid tussen twee Griekse woorde: makrothymia “... the stance of a powerful person who chooses not to use power to avenge himself” en hypomonē “the stance of a powerless person who has no choice but to be nonviolent.” Christene se lewens het iets van beide hierdie woorde vergestalt. Hy (Kreider 2016:13-36) verduidelik dan wat hy onder die “patience” van die vroeë-kerk verstaan: stille vertroue, verdraagsaamheid, uithouvermoë, om sonder woede op te tree, geduld ens. “Ferment” verwys in hierdie verband volges Kreider (2016:12) na: “mysterious, bubbling life forces, micro-organisms at work collaboratively in ways that transcend human understanding.”

Daar kan dus hieruit duidelik aflei dat die vroeë kerk tussen 150 n.C. en ten minste 312 n.C. ’n leefstyl van “patient ferment” geleef het, wat, al was dit nie georganiseerd nie, wel ’n missionale impak gehad het. Hierdie “patient ferment” is volgens Kreider (2012:9-10) nie gevorm deur missionale strategieë nie, maar deur hulle omstandighede en kerkordes. Hy skryf: “Christians wrote ‘church orders, manuals that provided guidance for the life and worship of congregations .... In places where we would expect to find instructions to engage in mission - for example – a growing church’s catechetical materials preparing people for baptism - we look in vain for references to evangelization.” Die geloof van die lidmate van die kerk was aantreklik vir die mense wat ontevrede was met wat hulle kultuur en godsdienste se gebruike en gewoontes (habits) vir hulle gebied het. Kreider (2012:12) haal uit Justin se *Reasoned defense of Christianity – an Apology* na 150nC aan, wat daarop wys dat hierdie teleurgestelde mense gedronge gevoel het om nuwe moontlikhede te ondersoek en

toe in kontak met Christene gekom het: "... who embodied a new manner of life that pulled them toward what the Christians called 'rebirth' into a new life."

Van die derde eeu af het die kerk stelselmatig 'n instituut geword en is die getuienistaak oorgelaat aan priesters en biskoppe. Volgens Guder (2000:9-27) is die getuienistaak rondom die tyd van die reformasie tot vroeg in die vorige eeu hoofsaaklik gedoen deur organisasies buite die kerk of hoogstens 'n groepie entoesiaste binne die gemeente wat in 'n kommissie saamgevoeg is. Tydens hierdie tyd is daar ook 'n onderskeid gemaak tussen sending (mense buite die kerk) en evangelisasie (afgedwaaldes van die kerk). Dit was eers weer in die laaste deel van die vorige eeu waar die missio Dei en daaruitspruitende gestuurde gemeenskap weer gestalte begin kry het. Guder se oorsig oor die geskiedenis help ons om die sirkel in die denke oor ons getuienistaak nou te voltooi. Dit is dus belangrik om te besef dat die kultuur van die kerk gevorm is binne 'n vorige paradigma en dat gemeentebou verstaan moet word as die vorming (of hervorming) van 'n nuwe gemeentekultuur. Osmer (2012:36) waarsku dat die vorming van dissipels binne hierdie paradigma nie sommer vanself sal gebeur nie:

> The formation of disciples will not take place unless the congregation itself is willing to change, breaking with the immediate past and 'recontextualizing the gospel' in relation to the surrounding culture. Formation is not something the congregation does to others, especially new members. It is something that must happen to the congregation itself.

Volgens Armstrong (1993:5) moet die gemeente weer getuigende gemeenskappe word. Dit impliseer dat die hele gemeente die getuie of gestuurde is en nie net enkelinge uit die gemeente nie. Hierdie getuienis handel volgens die navorser nie net oor 'n mondelinge getuienis nie, maar oor 'n leefstyl soos dit in die vroeë kerk gebeur het. Gibbs (2001:60) bevestig dit wanneer hy sê: "The great Commission cannot be reduced to a voluntary activity engaged in by a few enthusiasts" en Armstrong (1979:71) sluit ook nou by hierdie gedagte aan: "We shall never fulfill the Great Commission until we realize that evangelism is everybody's job." Die navorser voeg weereens hier by: elke gemeentelid (oud en jonk) en dit sluit hul totale lewe in.

Stevens en Collins (1993:42) se bydrae is na die oordeel van die navorser 'n baie goeie opsomming van wat 'n missionale kerk behoort te wees:

> I believe that the church did not 'have' a mission as one of many activities in which interested people could engage; I believed the church is mission. The workplaces, homes, neighborhoods in which people lived from Monday to Saturday were the primary location for the church's mission during the week. They did not 'go' to church; they were the church wherever they went.

Gemeentebou begelei dus gemeentes (alle lidmate) om altyd 'n missionale ingesteldheid en gerigtheid te hê waar haar lidmate ook al is. Gemeentebou se begeleiding is ook daarop ingestel om 'n gemeente (elke lidmaat - oud en jonk) te begelei tot die ontdekking van haar identiteit as gestuurde gemeenskap en die vorming van 'n nuwe gemeentekultuur en leefstyl wat daarmee gepaard gaan.

#### 2.2.4.1.4 Missionale gemeentes moet hul identiteit herontdek

Die verstaan van 'n missionale identiteit het volgens Nel (2015:30-31) verander. Hoekendijk (1966:15; cf. ook Nel 2015:30) het al in die 1960's aangedui dat die oproep tot evangelisasie dikwels niks meer is as 'n oproep tot restourasie van die Christendom – die Corpus Christianum. Die Christendom-sisteem is 'n vaste, goedgevestigde kultuursisteem, wat deur die kerk gelei en gedomineer word. Volgens hom gaan die dringendheid van die oproep oor niks anders as 'n gespanne gevoel van onveiligheid as die bestaande orde bedreig word nie. Daarteenoor gaan die oproep om die herontdekking van 'n gemeente se missionale identiteit oor die herontdekking van die Koninkryk van God. Fuchs (2001:46-77; cf. ook Nel 2015:31) gaan so vêr om hierdie identiteit van 'n kerk, wat bereid is om Christus te volg in hulle soeke na die Koninkryk van God, te omlyn in terme van die modi van diakonia, marturia, koinonia, liturgie en pastorale versorging. Die herontdekking van haar missionale identiteit hang dus nou saam met deelname aan dit waarmee God besig is.

Dietterich (in Branson 2004:ix-x) sê een van die grootste uitdagings van die kerk is om haar bestaansrede duidelik te formuleer en een manier om dit te doen is om op `n diepgaande wyse onder die oppervlak te beweeg en te gaan soek na dit wat lewe gee. Aldus Dietterich beteken dit dat 'n geloofsgemeenskap haar Bybelse erfenis deur `n kritiese en kreatiewe proses van herinterpretasie moet terugkry.

Zscheile (2012:26; cf. ook Marais 2018:93-94) plaas baie klem op deelname: God se onderlinge deelname in die Drie-eenheid; Christus se deelname in sy vleeswording aan mense se lewens; gelowiges se deelname deur Christus in die krag van die Gees

in die lewens van hul naaste; en hul beloofde deelname aan Christus se opstanding en ewige gemeenskap met die Drie-eenheid.

> Missional spiritual formation is a multifaceted, participatory endeavor that unfolds within and outside the gathered community in a web of relationships and influences with God and others in the world. Core Christian practices, such as worship, prayer, service, Sabbath, fellowship, and witness all have missional dimensions (Zscheile 2012:27).

Sonder hierdie opnuut-ontwikkelende identiteit as dissipels van Jesus, verloor die kerk haar vermoë om te getuig van Christus en om te dien in God se wêreld. As dissipels van Jesus Christus word die kerk se identiteit deels gevorm wanneer gelowiges as getuies en dienaars deelneem aan dit waarmee die Drie-enige God in die wêreld besig is (Zscheile 2012:28; cf. ook Marais 2018:94) of om Easum (2001:27; cf. ook Nel 2015:34) se woorde te gebruik: Die merk van getrouheid is nie meer hoe goed 'n kerk *"supports the denomination, or how long it can survive, or how many members it receives* [...] *Rather we gauge faithfulness by a congregation's willingness to follow Jesus into the mission field.*"

**2.2.4.1.5 Die korporatiewe dimensie van die kerk se identiteit**

Dit is belangrik dat die kerk in haar herontdekking van haar identiteit ook 'n sterk korporatiewe identiteit sal ontdek. As daar een ding is waaraan daar 'n ontsettende leemte in die kerk bestaan, dan is dit 'n korporatiewe identiteit in 'n individualistiese wêreld. In die verband is die Nuwe Testamentikus Karen Jobes se opmerkings baie belangrik. Sy (Jobes 2011:348-349; cf. ook Marais 2018:92) wys daarop dat daar in die Christelike geloof nie enige rituele is wat 'n individu self in die geloofsgemeenskap inisieer nie.

> A self-identity based on new birth into the people of God also has implications for new relationships with other believers. Peter reminds his readers of their baptism 'that now saves you…by the resurrection of Jesus Christ' (1 Pet 3:21). Believers do not baptize themselves; there is no self-initiation ritual in the Christian faith. (And Holy Communion is also a communal sacrament.) The corporate nature of the Christian identity – that a believer is born again into a people, a nation – may be countercultural in places like modern North America, which prizes individualism in general but especially in religious matters (Jobes 2011:348-349).

Sy vervolg deur te sê dat die korporatiewe identiteit van Christene impliseer dat hulle nie alleen as vreemdelinge of buitestanders gelaat word nie, want hulle word in `n geestelike huis ingebou.

> This beautiful image of Christ as the Living Stone to which believers are joined is suggestive of ideas that help Christians understand their new identity in Christ, a goal that was apparrently important to the apostle as he wrote to believers in need of encouragement to continue on in faith in Christ (Jobes 2011:348-349; cf. ook Marais 2018:92; 1 Pet. 2:4-5).

Wanneer daar in hierdie studie na intergenerasionele geloofsvorming in jeugbediening gekyk word, gaan dit juis oor identiteitsvinding. Kinders, adolessente en jongvolwassenes is in ’n lewensfase waarin hulle besig is om hulle eie identiteit te ontdek. As verbondskinders is eie identiteit en geloofsidentiteit totaal en al geïntegreer. Wanneer ouers en ander volwassenes in die gemeente of geloofsgemeenskap deelneem aan die geloofsvormingsproses van hul eie of ander mense se kinders, adolessente en jongvolwassenes, sal daar deeglik kennis geneem moet word van identiteitsvinding en sal dit verdiskonteer moet word in die res van hierdie studie.

#### 2.2.4.2 ’n Konsep van Reformasie

Alhoewel baie navorsers verskillende terme soos vernuwing, herlewing, hervorming, aanvuring “rekindling” en herstigting “refounding” gebruik, verkies Nel (2015:50) om van reformasie te praat wanneer hy die voortdurende transformasieproses van ’n gemeente - om meer te word wat hulle in Christus Jesus is, beskryf. Hy sluit ook nou aan by Guder se denke wat na hierdie veranderingsproses in die titel van sy boek ‘*The continuing conversion of the Church’* verwys. Hierdie veranderingsproses word deur Gibbs (2009:16; cf. ook Nel 2015:51) beskryf as “morphing.” Hy vervolg deur daarop te wys dat daar ’n groeiende verstaan onder kerkleiers besig is om te ontwikkel. Verder wys hy daarop dat die uitdaging om gemeentes te laat herleef nie voldoende aangespreek kan word deur slegs die toevoeging van nuwe programme nie. Hierdie leiers praat van die noodsaak van ’n onbelemmerde herverbeelde kerk, wat omvattende verandering in haar selfverstaan en samestelling tot gevolg sal hê. Gibbs verwys in ’n latere publikasie na hierdie proses as die “hergeboorte van die kerk.”

Tog verkies Nel steeds die term reformasie. Deel van die rede vir hierdie keuse is ook geleë in sy (Nel 2015:51) sterk oortuiging dat dit moontlik is vir enige gegewe gemeente om te verander. Hy verstaan hierdie verandering in ’n gemeente binne ’n teologiese raamwerk: om deur God verander te word. God het die wêreld so liefgehad

dat Hy nie sal opgee op sy uitverkore mense nie en hulle daarom verander om te wees dit waarvoor Hy hulle geskep het – om die wêreld te dien.

Daar is egter persone wat baie sterk van oortuiging is dat reformasie nie meer moontlik is nie. Malphurs (2011:9) haal Wagner aan wat sê:

> It is the difference between having babies and trying to raise the dead ... Struggling, established churches are steeped in complacency and status quo and thus tend strongly to resist needed change. Hierdie belewenis het tot gevolg dat daar sterk gepleit word vir kerkplanting eerder as reformasie.

Nel (2015:33; cf. ook Nel 2009:2; Nel 1994: 125-147; Nel 2005:150-175) glo dat reformasie wel moontlik is, wat met die herontdekking en verstaan van die kerk se identiteit begin.

Om getransformeer te word, is Christene se roeping. Nel (2015:52) maak 'n sterk argument op grond van 2 Korintiërs 3:18 daarvoor uit dat Christene "are being transformed into the likeness of Christ." Hy wys daarop dat hierdie nie slegs na enkelinge verwys nie, maar na die gemeente as geheel. Wanneer 'n missionale gemeente ontwikkel word, gaan dit daaroor dat 'n gemeente begelei moet word om haar ware wese as gedefinieerde subjek te ontdek volgens die plan van God vir sy kerk. Dit is dus God se wil dat sy kerk konstant sal reformeer om sodoende sy doel vir die kerk te verwesenlik.

#### 2.2.4.2.1 Noodsaak van reformasie

Alhoewel vernuwing altyd noodsaaklik is, word dit volgens Nel (2015:55) krities belangrik wanneer 'n gemeente ophou om by God en sy wêreld betrokke te wees. Die geskiedenis van die reformasie in die sestiende eeu, is volgens Heitink (2012:88) 'n duidelike bewys dat 'n kerk lank in 'n toestand van deformasie kan lewe, sonder om die noodsaaklikheid of behoefte vir reformasie raak te sien. Dit gebeur so gereeld dat gemeentes hulle betrokkenheid by God en waarmee Hy in die wêreld besig is, verloor. Daar is baie redes volgens Schaller (1981:51 ev.; cf. ook Nel 2015:55-557) hoekom gemeentes onwillig is om te reformeer. Dit sluit onder meer die volgende in: (a) Gemeentes besluit bewustelik of onbewustelik vir 'n spesifieke benadering: restourasie, instandhouding ten koste van reformasie en groei; (b). Die goeie ou dae – sindroom; (c). Waar leraargesentreerde programme oor 'n langtermyn aangebied

word, wat soms gekoppel is aan vinnige wisseling van leraars en/of sterk outokratiese leierskap; (d). In gemeenskappe waar lidmate oorlaai en oorbetrokke is by hulle beroepe, kan gemeentes maklik in patrone verval waar een van die persone uit so ‘n professionele beroep namens die hele gemeente dink en werk;(e). Voeg hierby die hele versmelting van kerk en kultuur waar ’n volkskerk ontstaan, dan vorm die kerk ’n kulturele fort waarbinne die kultuur bewaar of beskerm moet word.


Wat ook al die rede vir stagnasie, die geopenbaarde wil van die drie-enige God is volgens Nel (2015:58) duidelik: om ’n missionale gemeente te wees. Hierdie bediening sluit dus reformasie en verandering - om die gemeente in lyn met God se doel vir sy kerk te bring, in. Dit is in hierdie opsig dat die klassieke Bybelse tekste van Jeremia 31 en Efesiërs 4 duidelik na vore tree. Du Toit (1985:3-14) wys op grond van die brief aan die Efesiërs daarop dat die drie-enige God kreatief betrokke is in die opbou, heiliging, herlewing en uitbreiding van sy kerk. Nel voeg by dat die drie passiewe werkwoorde wat in Efesiërs 1:20-22 gebruik word, weereens bewys dat dit God is wat die inisiatief neem. Alles dui dus daarop dat die reformasieproses binne ’n gemeente nie iets is wat van buite gedryf word nie, maar deur God geïnisieer word.

Nel (2015:58) kom daarom tot die gevolgtrekking dat vernuwing van die kerk nie in die eerste plek en in die gewone sin van die woord iets is wat gedoen word deur mense nie. Selfs wanneer die beste wetenskaplike navorsing en tegnieke gebruik word, moet dit onthou word dat die ontwikkeling van ’n missionale kerk en gemeentebou, wat reformasie en groei insluit, primêr God se werk is en dat Hy reeds besig is om dit te doen. Hierdie indikatief (gegewe) maak die ontwikkeling van ’n missionale gemeente en gemeentebou God se imperatief (bevel) betekenisvol. Aan die ander kant voeg Nel by, dat niemand die status quo mag verabsoluteer nie. Presies die feit dat God reeds besig is om sy kerk op te bou, beteken dat enige stagnasie aan die kant van die gemeente ’n sonde is en ’n mislukking. Geen gemeente is reeds volledig wat dit *kan* wees en wat dit reeds in Christus *is* nie. Die geimpliseerde status is daarom ’n oproep tot verantwoordelike reformasie.

#### 2.2.4.2.2 Reformasie - die lig van die Bybel op die realiteite van die lewe

Nel (2015:59) wys daarop dat die wese van alle reformasie in die teologiese sin van die woord is om die lig van die Woord op elke realiteit te laat val. In die saak van die

opbou van ’n missionale kerk en gemeentebou is hierdie realiteit die kerk of gemeente: Wie is die gemeente - hoe word daar gedink en hoe behoort daar gedink te word oor die kerk of gemeente? Volgens Schippers (1982) verskil die gedefinieerde subjek op baie maniere van die empiriese subjek. Gemeentebou wil die gemeente begelei om die spanning te ontdek wat daar bestaan tussen dit wat God bedoel het dat dit moet wees – wat God gemeentelede gemaak het (gedefinieerde subjek) en dit wat huidiglik op die grond aangaan in die gemeente (empiriese subjek). Gemeentebou wil dan volgens Nel (2015:59) meehelp aan die kloofvernouing tussen die twee (vergelyk Figuur 2.1). Die proses daartoe kan as identiteitsopleiding beskryf word. Dit kan grafies as volg voorgestel word:




**Figuur 2.1: Kloofvernouing in identiteitsopleiding**

Hierdie identiteitsopleiding behoort in alle bedieninge plaas te vind, maar is by uitstek die fokus van die modus van onderrig.

Miskien is een van die groot probleme in vandag se post-Christelike era rondom identiteitsopleiding wat Zscheile (2012:2) noem “the kinds of beliefs, practices, and identities that are functioning among those who profess Christian adherence.” Wanneer die gedefinieerde subjek binne die kerk of gemeente, nie meer God en die kerk beskryf soos wat God Homself en die kerk in die Bybel openbaar en beskryf nie, word ’n skewe identiteit gevorm. Smith (2005:56) noem die soort Christenskap wat dan gevestig word ’n “colonized Christianity” na aanleiding van die resultate van die Amerikaanse jeugnavorsingsprojek, waarna reeds verwys is in die eerste hoofstuk. Smith noem die God van die “colonized Christianity” in Amerika ‘n Moralistiese

Terapeutiese Deistiese God. Wie dus besig is met die opbou van ’n missionale gemeente en gemeentebou moet dus erns maak met die gedefinieerde subjek soos die Bybel God openbaar en die kerk beskryf.

#### 2.2.4.2.3 Reformasie het altyd ’n doelgerigte en spesifieke fokus

Dit is een ding volgens Nel (2015:61-62) om te weet wat ’n missionale kerk is, maar dit is iets anders om te kies om die veranderingsproses van ’n bestaande kerk of gemeente te fasiliteer om sodoende ’n missionale kerk of gemeente te word. Vernuwing vra nuwe insig in God en sy werk in en deur die kerk. Hierdie nuwe insigte sal kerke bevry daarvan om vas te klou aan die verlede. Om kerk te wees is om in pas te wees met God wat alle dinge vernuwe (ook deur middel van sy kerk). Om dan hierdie proses van reformasie en spontane en georganiseerde verandering te begelei, te fasiliteer of selfs te bemiddel, is nie bloot net om ’n veranderingsagent te wees nie. Hierdie begeleiding is basies teologiese werk; Dit is bediening.

Van Gelder (2007:54-56; cf. ook Nel 2015:62-63) rond hierdie gedagtes oor reformasie mooi af as hy poog om ’n balans te kry tussen vorming en reformasie:

> The [...] approach being proposed here is that the church is always both *forming* and *transforming*. This reinforces the logic that the church always needs to be both confessional (claiming and reclaiming its identity in relation to the historic Christian faith) and missional (engaging its context and continuously recontextualizing its ministry) ... *ecclesia semper reformanda* and the church is always forming (ecclesia semper formanda) .... The issue is really one of finding the right balance between the two loci of *outside in* and *inside out*. The first one deals with *forming*, while the latter deals with *reforming.*
>
> On the one hand, congregations are always *forming* even as they are seeking to engage in *reforming.* This means that congregations seek to become contextual even while they seek to maintain the historic Christian faith – an outside-in logic. In doing so, they invite change even while they seek to maintain continuity. The ministry of the Spirit helps congregations engage in both processes simultaneously. This is a polarity, with the action of one informing the actions of the other. In fact, a congregation’s ability to effectively reform will usually be in direct relation to its ability to form a renewed identity in relation to a changing context.
>
> On the Other hand, congregations are always *reforming* even as they are continuously *forming ....* By recovering something from its past through reform, it is hoped that the church will become more responsive to its present.”
>
> Nel (2015:63) beskryf hierdie dualistiese spanning tussen die kerk soos gesien van bo: “holy-devine-theological” en soos gesien van onder: “human-historical-

> sociological" in Roberts (1983:72-73) se woorde: "Hierdie dualistiese spanning is die kreatiewe spanning in die konsep van opbou in die brief aan die gemeente in Efese: tegelyk konsoliderend en missionaal.

Daar word in die algemeen geoordeel dat jeugbediening nie hoef te reformeer nie, aangesien jeug juis 'n nuwe generasie verteenwoordig. Hierdie gedagtes help om die noodsaak van reformasie, maar ook die balans in reformasie te verdiskonteer. In hierdie studie word die saak van reformasie baie belangrik wanneer daar later verwys word na jeugbedienings wat begelei behoort te word in paradigmaskuiwe.

#### 2.2.4.3 'n Konsep van integrering en koördinering van al die bedieninge

Om 'n gemeente te help ontwikkel tot 'n missionale gemeente vra volgens Nel (2015:63-64) inderdaad 'n omvattende en inklusiewe benadering. Dit vra totale reformasie tot in die diepste wese van 'n gemeente. Ongelukkig kan dit gebeur dat 'n swakheid in enige bediening in 'n gemeente mag lei tot 'n oorvereenvoudiging van die reformasie wat nodig is binne 'n gegewe gemeente. Soms gebeur dit dat 'n gemeente ontdek dat een of ander vorm van bediening, soos byvoorbeeld intergenerasionele geloofsvorming (voorbeeld is 'n byvoeging van die navorser), geheel en al ontbreek. In so geval is dit dan maklik om te dink dat wanneer daardie bediening bygevoeg word, dit die probleem binne die gemeente gaan oplos of soos Nel dit stel: te dink dat dit as sodanig 'n missionale gemeente gaan ontwikkel of sal bydra tot die gemeentebou proses.

Nel (2015:64) voel egter sterk daaroor dat geen enkele byvoeging die reformasie van 'n gemeente se diepste wese - die identiteit om missionaal te wees, kan vervang in gemeentebou nie. Hierdie saak is vir hierdie studie van kardinale belang na die oordeel van die navorser, aangesien soveel gemeentes besef dat hulle byvoorbeeld nie ouers of enige intergenerasionele geloofsvorming deel maak van hulle jeugbediening nie. Deur een enkele saak by te voeg of te verander binne 'n gemeente, sonder om dit deel te maak van 'n omvattende inklusiewe reformasie, mag lei tot groot terleurstelling. Om te verstaan hoe dit behoort te gebeur is dit dus noodsaaklik om die plek van bedieninge binne gemeentebou te verstaan.

#### 2.2.4.3.1 Doel van bedieninge

Die gemeente sou volgens Nel (1994:25) teologies gesproke nie bestaan het as dit nie was dat God nooit opgehou het om met sy skepsels te kommunikeer nie. Die hoogtepunt van sy spreke kan gesien word in Christus en deur die Heilige Gees. God kom steeds pratend (deur sy Woord) na die gemeente en deur die gemeente na die wêreld. God kom op baie maniere na mense. God kom ook op baie maniere deur mense na ander mense en na sy skepping. Dit is dan presies waaroor dit gaan wanneer daar gepraat word van bedieninge: die deelname van die mens aan God se koms na hierdie wêreld.

Alle menslike pogings om bediening (Firet praat van pastoraal optreden) te verstaan, is volgens Firet (1982:25, ook cf. ook Nel 2015:64-71&78), pogings om God se koms deur sy Gees en Woord en deur die diens van mense onder woorde te bring. Firet (1977:25-68; cf. ook Nel 2015:64; Nel 2001b:44 en Nel 1994:21) het in sy verhandeling al gepoog om vir die mens taal te gee om God se koms na sy kerk en deur sy kerk na die wêreld te beskryf. Bediening is dus God se koms na sy mense en deur sy mense na die wêreld. In ’n latere boek beskryf hy (Firet 1986:43-81) drie van hierdie ‘modi’ (“modes”) van God se koms naamlik prediking, onderrig en pastorale sorg. Hierdie bediening of diens aan mense is volgens Dean en Foster (2003:9) “the greatful response of God’s people, whose activity in the world and with one another suggests a new way of being alive.”


#### 2.2.4.3.2 Kerk as nuwe skepping van God

Om kerk-wees te verstaan, moet daar volgens Nel (2015:64) teruggegaan word na die skepping. Die storie van Genesis 1-3 is nie om ’n saak daarvoor uit te maak dat God geskep het nie, maar is eerder ’n belydenis van geloof deur God se kinders wat in elk geval geglo het dat hulle hulp van die Here wat hemel en aarde geskep het, kom. Die doel van die skeppingsverhaal is in ’n sekere sin om begrip te bring oor hoe God reageer op ’n wêreld en mense wat gode maak na die beeld van die mens. Hy kan nie net laat gaan wat Hy gemaak het nie en sal altyd soek na die verlore mense wat wegkruip soos in Genesis 3:8 uitgebeeld word. Hy wil graag hê dat sy teruggevonde skepsels sal weet dat sy plan en intensie anders was: Hy het hulle gemaak na sy beeld en as sy verteenwoordigers op die aarde. God se verhoudingsgerigte band met sy

skepping en veral die mens, help met die verstaan oor hoekom Hy weer begin en herstel waar mense breek en faal. Wanneer mens deur die Ou Testament lees, dan is dit asof hierdie tema oor en oor herhaal word. Dit kan ook van die Nuwe Testament gesê word. Christus se werk word in sommige tekste soos 2 Korintiërs 5:17 getipeer in skeppingsterme: Iemand wat in Christus is, is ’n nuwe skepping. In Christus is sulke persone nuwe mense wat begin verstaan hoekom hulle hier is en hoekom hulle so belangrik is dat sy Seun sal sterf sodat hulle weer kan lewe. Volgens Nel (2001b:79-80) verplig die mens se geskapenheid en herskapenheid in Christus die mens tot verteenwoordiging van sy Skepper.

Die kerk soos dit vandag bekend is, na die uitstorting van die Heilige Gees, is dan volgens Nel (2015:65) ’n nuwe skepping van God, wat herstel en voortdurend herstel word na sy oorspronklike doel.


Nel (2001b:390) haal Dudley en Hilgert aan as hy sê dat die verstaan van die kerk in die Nuwe Testament (as herskepte mense van God) nie losgemaak mag word van die teologie van die skepping nie. God herskep (in Christus) geskape mense. Die God wat herskep, het geskep. Dit is nie iemand anders se maaksel wat oorgemaak word nie, dit is God se eiendom wat tot verstaan van hulle eiendomlikheid kom (vergelyk Figuur 2.2 hieronder).




**Figuur 2.2: God se skeppings- en herskeppingsproses**

Die kerk as nuwe mensheid is dus slegs te verstane binne die verstaan van God se skeppingshandelinge met sy mense. Mense word in ’n sin nie nuut geskep nie, maar teruggeskep tot hul oorspronklike bedoeling. Die kerk ontdek sy doel in God se

bedoeling met die mens en later spesifiek met sy kerk in die Ou- en Nuwe Testament. In Christus het God die wêreld kom nuut maak. Wie dit glo is deel van God se nuwe skepping – sy kerk ("*Iemand wat aan Christus behoort is 'n nuwe skepping. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met homself versoen ...*" 2 Kor. 5:17-18) en so 'n persoon en gemeenskap kan leef met 'n nuwe identiteit - 'n nuwe mens (kerk) in Christus. Die indikatief (God maak my 'n nuwe mens/die kerk is God se nuwe skepping) en die imperatief (ek en ons moet word wat ek in Christus reeds is) vorm die grond van die motivering waarom ek as individu saam met ander individue die liggaam van Christus (kerk) vorm op hierdie aarde en daarom sy werk hier op aarde voortsit (vergelyk Figuur 2.3). *"Hy (God) het ons (die nuwe mense in Christus) deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van versoening toevertrou*" (2 Kor. 5:18).




**Figuur 2.3: God se koms na die kerk en deur die kerk na die wêreld**

Schippers (1982:96-105; cf. ook Nel 2011:4) het al in aansluiting by Barth geskryf dat Christus die oriënteringspunt van kerkwees is. Die gemeente behoort besig te wees waarmee Hy besig was: die hierwees en deurbreek van die Koninkryk van God. Hy verkondig "die evangelie van die Koninkryk (Luk. 8:1). Wat van Christus gegeld het, geld dus ook van die gemeente. Die gemeente is volgens Nel (1994:30) in Hom opgeneem, het deur die doop deel gekry aan Hom en ook aan sy roeping (opdrag).

Gemeentebou maak dus erns daarmee om lidmate (oud en jonk) te begelei om hulleself as God se nuwe skepping te sien. Gemeentebou help dus die gemeente om

hulle nuwe identiteit in Christus te ontdek. Slegs waar hierdie nuwe identiteit ontdek en uitgeleef word kan die kerk God se bedoeling in hierdie gebroke wêreld uitleef.

**2.2.4.3.3 Begeleiding tot gestaltegewing van die koninkryk van God**

Die kerk of gemeente is volgens Nel (2015:66; cf. ook Nel 1994:11) die plek waar God uitdrukking gee aan sy heerskappy oor en in die lewens van mense. Terwyl die wêreld hierdie heerskappy ontken, verwerp en teenstaan, bely, aanvaar en dien die kerk hierdie Here. Dit is dus God se manier hoe Hy, tot en met die voleinding, in en deur die kerk sy koninkryk ten toon stel en wil wys hoe dit lyk waar Hy regeer en mense sy eiendom is en sy Koningskap bely, geniet, eerbiedig en dien. Luz (2010:406; cf. ook Nel 2015:66) bevestig hierdie gedagte dat God deur die Kerk en elke gemeente sy Koninkryk ten toon stel tot en met die voleinding:

> It is true that the church is 'temporary' and will at the completion of all things stop functioning as such, but it is equally true that in the interim the church, and every local congregation within it, is important because God regards it as important. Until the end comes, it pleases him to display his Kingdom by means of his Church.

Heyns (1978:353) noem die kerk 'n teken van die koninkryk. Die kerk en elke gemeente behoort dus volgens Nel (2015:66; cf. ook Nel 1994:11-12;) 'n vertoonvenster op die koninkryk van God te wees binne 'n God-vervreemde wêreld om te wys: so lyk dit waar God regeer. In hierdie sin is die kerk die voertuig vir die koms van die Koninkryk in hierdie wêreld of soos Gibbs (2000:55) dit stel:

> It (churches in North America, Britain and other parts of the western world) sees the church primarily as the instrument of God's mission.

Die gemeente is God se subjek deur wie Hy na die wêreld toe kom – nie omdat Hy nie op ander wyses ook na die wêreld kan kom nie, maar omdat hierdie manier sy geopenbaarde wil is. Daar moet geen illusies daaroor wees dat hierdie 'n maklike taak is nie, veral in die huidige konteks. Volgens Nel (2015:91) was die Koninkryk van God en die tentoonstelling daarvan in die Christelike era (die sogenaamde Corpus Christianum waarna reeds verwys is), waaruit ons kom - waar almal min of meer dieselfde gedink het, nie so belangrik nie. Zscheile (2012:5) gaan so vêr om van die Christelike era te sê: die omliggende kultuur en families van mense het van mense Christene gemaak en die kerk moes hulle net lidmate maak. Die samelewing het egter drasties verander. Die kerk 'regeer' nie meer die samelewing nie en kan ook

nie langer net God as Here verklaar en verkondig nie. Die wêreld het doof geword vir die manier van kommunikasie en ontken met groterwordende vrymoedigheid en blatantheid die uniekheid en selfs die bestaan van God. God word klein en onbelangrik gemaak. Dit lei tot 'n wêreld wat min van God se koningskap en Koninkryk reflekteer. Daarom het die kerk 'n groter verantwoordelikheid om 'n teken van God se Koninkryk te wees.

God kom vandag nog steeds na sy wêreld en gemeentewees is op sy beste om hierdie koms van God te dien en te bevorder. Wie ook al die gemeente die doel van God se koms na die wêreld wil maak, is nie besig om die gemeente daarmee te bou nie, maar eerder 'n klub van eendersdenkende mense. Wanneer lidmate van 'n kerk of gemeente hulle Trinitariese oorsprong verstaan, hulleself belyn met Christus as hulle Hoof en hulle Geesvervulde manier van lewe ernstig opneem, vind hulle vervulling daarin om God te dien omdat hulle dieselfde dinge oor die Koninkryk van God dink, glo en bely.

Gemeentebou is dan die begeleiding van die gemeente (oud en jonk) tot die gestaltegewing van die koninkryk van God binne 'n post-Christelike konteks.

#### 2.2.4.3.4 Pastorale rolvervulling as tussenganger

Alhoewel Firet (1986:13-15; cf. ook Nel 2015:68) slegs verwys na die rol wat 'n predikant speel in God se koms as hy die term 'pastorale rolvervulling' gebruik, haal hy later vir Kreamer (1958:72) aan wat ook na gewone lidmate verwys as 'subjek' "with a unique calling and responsibility." Om hierdie rede glo Nel (2015:68) dat dit net billik en regverdig is om ook na die pastorale rolvervulling van die gemeente, as subjek in God se koms na mekaar en die wêreld, te verwys. As soewereine God kan Hy kom soos dit Hom behaag. Tog kies Hy om die mens in te skakel in sy koms na mense. Deur die bemiddelende pastorale optrede van mense, mense wat deur die Heilige Gees ingeskakel word by die werk van God, kom God steeds na die gemeente en deur die gemeente na sy wêreld. In die hart van hierdie pastorale rolvervulling is in elkgeval nie die optrede van mense nie, maar God se aksie wat deur die amptelike bediening as tussenganger na sy mense en wêreld kom.

Hobbs (2004:159; cf. ook Nel 2015:69) verwoord dit soos volg:

> [T]he missional church represents God in the encounter between God and human culture .... It is a visible manifestation of how the good news of Jesus Christ is present in human life and transforms human culture to reflect more faithfully God's intention for creation.

Firet (1986:40; cf. ook Nel 2015:69) gee 'n verdere belangrike perspektief op bediening as koms-van-God naamlik dat dit dinamies is. Volgens hom kan dinamiese momente nie op hul eie bestaan nie. Hierdie dinamiese momente is volgens hom die krag van die modi ("modes"), waarsonder die modi nie kan bestaan nie. Later noem hy dit hermeneutiese en agogiese momente. Pastorale rolvervuling is dan volgens Firet (1986:91-134) die veld waar God en mense saamgebring word in 'n verhouding waarin daar 'n spanning opgesluit lê. Hierdie spanning word ontsluit deur God se woord, wat mense tot verstaan en verandering bring.

In hierdie hele proses waar die gemeente as subjek deel vorm van God se koms, mag die mens se aandeel nooit gereduseer word tot slegs instrumente nie. Nel (2015:69) wys daarop dat die uitstorting van die Heilige Gees en die gepaardgaande uitdeel van geestesgawes geensins die mens reduseer tot slegs 'n instrument waardeur God, as die enigste handelende Subjek, kan werk nie. Nel (2015:69) verwys in hierdie verband na Van Ruler wat die frase *theonome reciprocity* geskep het om hierdie dinamika tussen God en die mens se werk in sy herskeppingsplan te probeer uitdruk. Wat in Christologie 'plaasvervanging' genoem word, word in Pneumatologie 'reciprocity' genoem. Die Heilige Gees herstel die verhouding tussen die mens en sy Skepper deur die werk van sy Middelaar Jesus Christus. Dit is op hierdie punt dat mense hul rol as medewerkers van God begin verstaan. In 'n sekere sin is die kerk volgens Nel (2015:25) juis die "vleeswording" van die Heilige Gees. Die kerk is in die Bybel by uitstek die manier waarop Hy na die wêreld toe kom. Deur die gemeente, in wie die Gees woon, kom God steeds na mense en na sy wêreld. Die betekenis van die werk van die Heilige Gees is dat hy mense aktiveer om sy werk te doen. Op hierdie manier word hul hele bestaan gekenmerk deur die werk van die Vader, Seun en Heilige Gees.


Wanneer daar in hierdie studie gekyk word na intergenerasionele geloofsvorming, word daar juis gefokus op die rolvervulling van ouers en ander volwasse gelowiges as tussengangers in die geloofsvormingsproses.

#### 2.2.4.3.5 Bedieninge van die kerk

Die primêre bediening van die kerk is volgens Firet (1982:56-57) die marturia (getuienis) van Jesus Christus. Watter name ook al aan die maniere waarop God na mense toe kom, gegee word, hierdie maniere van kom is deelname aan die marturia van Jesus Christus. Hy (Firet1986:14) erken verder dat daar verskeie onderskeibare vorms van “pastorale rolvervulling” is en erken dat hy in sy studie homself beperk tot prediking, kategese en pastorale sorg.

Tradisioneel word sewe maniere van God se koms deur sy Woord en diens van mense volgens Nel (2015:70; cf. ook Nel 2001b:81) onderskei, naamlik *kerugma, marturia, didaché, leitourgia, koinonia, paraklese en diakonia.* Nel voeg 'n agtste een by naamlik *kubernesis.* Hierdie modi gaan nie hier volledig bespreek word nie, aangesien dit in hoofstuk 3 (3.7.2.2 & 3.7.2.3) bespreek word. In al hierdie verskillende bedieningsmodi gaan dit om ‘n driedimensionele diens, diens aan die drie-enige God, diens aan mekaar as geloofsgemeenskap en diens aan die wêreld. Hierdeur word elke manier waarop God na die mens toe kom begrond in God se kommunikatiewe betrokkenheid by die kerk en die wêreld. Gemeentebou wil die gemeente begelei om hierdie bedieninge of bedieningsmodi te *integreer* en te *koördineer (*vergelyk Figuur 2.4 volgende bladsy).

Die onderskeidende kenmerk en vraag wat elk van die agt modi of bedieninge in ’n missionale kerk moet vra is juis of dit ’n kommunikatiewe handeling is wat hierdie driedimensionele diens aan God, diens aan mekaar as geloofsgemeenskap en diens aan die wêreld is (vergelyk figuur 13 volgende bladsy).




**Figuur 2.4: Bedieningsmodi**

Daar behoort dus nie 'n ander manier van bestaan vir ‘n gemeente te wees as juis om driedimensioneel in al die verskillende modi te wees nie. Dit kan skematies soos volg uitgebeeld word:

Die gemeente en die proses van gemeentebou dien

die verheerliking van die Vader, Seun en Heilige Gees

deur die kommunikasie van die evangelie

deur die kommunikatiewe handelinge wat die evangelie dien

| Prediking | Aanbidding | Omgee | Gemeenskap | Onderrig | Diens | Getuienis | Leierskap |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| *kerugma* | *leitourgia* | *paraklesis* | *koinonia* | *didache* | *diakonia* | *marturia* | *kubernesis* |

Dikwels word hierdie modi in vier ingedeel:

| | | | |
|---|---|---|---|
| *kerugma* | *leitourgia* | *koinonia* | *diakonia* |

**Figuur 2.5: Die kommunikatiewe handelinge van die driedimensionele diens van die bedieningsmodi**

Gemeentebou het dus alles te doen met die integrering en koördinering van al hierdie modusse van bediening. ‘Integrering’ verwys volgens Marais (2018:130) veral na die inter-verweefdheid van die bedieninge soos byvoorbeeld dat daar altyd onderrig (didaché) in die verkondiging (kerugma) is en gemeenteleiers wat dit doelbewus in ag neem. “Koördinering” verwys weer na die gesamentlike funksionering van die

bedieninge soos byvoorbeeld verkondiging (kerugma) en liturgie (leitourgia) en gemeenteleiers wat doelbewus daarmee rekening hou.

Die gebalanseerde dieet van elke gesonde gemeente is dan ’n sintese van al hierdie verskillende bedieninge. Gemeentes wat ongebalanseerd is en slegs sekere voorkeurbedieninge het, is daarom nie besig met gemeentebou nie. ’n Deeglike analise mag ’n spesifieke gemeente op ’n gegewe moment van daardie gemeente se bestaan help met ’n diagnose om te bepaal of een of meer van die modi ontbreek in hulle bediening. Hierdie verskillende modi is egter in mekaar verweef.

Gemeentebou wil gemeentes begelei tot effektiewe funksionering in hierdie drie-dimensionele diens aan God. Die woord ‘effektief’ verwys hier na betekenisvolle deelname aan God se bedoeling in, met en deur die kerk. ‘Effektief’ gaan nie hier oor effektief in ‘n wêreldse sin (voldoen aan wêreldse maatstawwe vir sukses) of in “church growth” terme nie (word gedryf net deur getallegroei).


Nel (2015:76-77) gebruik twee maatstawwe waaraan die kerk se effektiwiteit gemeet kan word:

1. Die eerste gaan oor die verhouding: kerk of gemeente en die wêreld. As teken van die Koninkryk word die kerk gerig op die verandering van die wêreld. Effektiewe funksionering het alles te doen hiermee: “Is this congregation giving expression, in accountability to God, to the will of God for the sake of the salvation and positive change in society? Is this congregation meaningfully involved on God’s behalf in his world?”
2. Tweedens is die vraag na effektiewe (betekenisvolle) betrokkenheid ook ’n empiriese vraag: “Is the congregation making a difference with their presence and ministry in the real needs of the society of which they are part? Effectiveness in developing a missional local church is driven by involvement, with integrity, in the triumph of the rule and presence of God in society. It is driven and filled by a theological understanding of our reason for existence: ‘Whenever the church is in the world, God is in the church’.”

Effektief’ gaan volgens Root (2014:95) oor verteenwoordiging of “Personhood.” In die verband skryf hy:

> ... God gives God's very self in ministry for humanity and gives it to us at the level of our own ontological personhood, becoming the ministering Christ who reveals God (revelation) to humanity (deur die agt modi op 'n driedimensionele manier – die navorser se byvoeging) and bends this humanity back into union with Godself (reconciliation).

God kom na die wêreld deur die kerk aan wie Hy 'n nuwe identiteit gegee het (vergelyk Figuur 2.6 hieronder). Die manier waarop God na die kerk en deur die kerk na die wêreld kom is deur die diens van die agt modi (**M**arturia, **D**iakonia, **L**eitourgia, **K**ubernetika, **P**araklese, **D**idaché, **K**oinonia, **K**erugma) wat altyd drie-dimensioneel gerig is – diens aan God, diens aan mekaar as geloofsgemeenskap en diens aan die wêreld. Grafies kan dit as volg voorgestel word:




**Figuur 2.6: God se koms deur bediening op 'n driedimensionele manier na die wêreld**

Elke gemeente het al die bedieninge nodig. Hierdie is God se manier waarop Hy uitdrukking gee aan elke ding wat Hy vir die gemeente en die wêreld gee en beplan. Alhoewel hierdie koördinering en integrering 'n baie komplekse saak is en moeilik haalbaar, moet dit nie eenkant toe geskuif word nie. Dit is noodsaaklik, omdat dit die manier is waarop God na sy kerk kom en deur sy kerk na die wêreld. Baie leiers volg eerder 'n eenvoudiger benadering, wat dikwels lei tot die verwaarlosing van een of meer van hierdie bedieninge. Die modi is ewe belangrik. Wanneer een modus bo 'n ander gekies word, gee dit diwels eerder uitdrukking van 'n ekklesiologiese en uiteindelik teologiese keuse. Wanneer enige van die modi egter bo enige van die

ander gekies word, is daar volgens Nel (2015:78) konsensus dat dit in die langtermyn nie die welstand van enige gemeente dien nie.
Nel (2015:79; cf. ook Marais 2018:128) gebruik die beeld van die bou van ’n legkaart om die saak van die koördinering en integrering van die bedieninge mee te verduidelik. Indien ‘n mens voor die uitdaging staan om `n legkaart van 8000 stukke te bou, is dit onmoontlik om die taak aan te pak sonder ‘n prentjie van dit wat gebou moet word. Die prent moet daar wees sodat gesien kan word wat gebou moet word. Indien daar nie ‘n prent is nie, is die moontlikheid daar dat gemeenteleiers deur die loop van hul lewens met die ‘bedieningstukkies’ gaan speel sonder om te weet wat gebou moet word. Die prentjie op die boks is die komplekse prentjie van wie mense in Christus is en hulle integreer en koördineer die eksplisiete maniere wat God vir hulle geopenbaar het waarop Hy besig is om dit waar te maak. Hulle doen dit terwyl hulle weet dat al die verskillende stukkies van die legkaart ewe belangrik en noodsaaklik is. Integrering en koördinering is beide ’n kuns, maar vra ook ’n spesifieke vaardigheid.

Hierdie saak van integrering en koördinering is uiters belangrik vir hierdie studie. Dit word opgeneem in die voorstel van die navorser vir ‘n eenvoudige geloofsvormings-proses vir die gemeente en die huis (gesinne of families).

#### 2.2.4.4 ’n Konsep van ’n langtermynbediening

Vandag word daar in 'n wêreld geleef waar alles vinnig verander en daarom moet alles vinnig gebeur. Wanneer daar egter gepraat word van die opbou van ’n missionale gemeente en gemeentebou, praat Nel (2015:79) van ’n langtermyn proses of (Nel 1994:112) prosesmatige gebeure. Dit is ’n bediening wat gerig is op die voortdurende vernuwing van die gemeente. Hoe langer hoe meer moet die gemeente word wat hy reeds in Christus is.

##### 2.2.4.4.1 ‘n Langtermynplan beskerm gemeentes

Dit is juis die gedagte aan ’n proses wat sommige mense skepties maak oor ’n gemeentebouproses, omdat prosesse so maklik gemanipuleer kan word. In sommige gevalle word gemeentes slegs as sosiologiese entiteite gesien en leiers as veranderingsagente binne die sisteem. In sulke gevalle is dit beslis moontlik dat ’n gemeente gemanipuleer kan word deur die gebruik van sekere bestuursprosesse en tegnieke om die nodige veranderinge aan te bring. Nel haal etlike skrywers aan (Van

Gelder 2007:15-16; Clark 2005:64; Niemandt 2013:58, 131, 142 om enkeles te noem) wat hulle negatief uitspreek teenoor sulke benaderings.
Gemeentebou se teologiese vertrekpunte is om gemeentes te begelei en te beskerm teen sulke praktyke. Die gemeente se Godgegewe identiteit, haar uniek-gedefinieerde aard as mense in wie die Heilige Gees woon, verander volgens Nel (2015:79) hierdie hele proses.

Wanneer gemeentes egter nie in die eerste plek op ’n teologiese manier verstaan word nie, gebeur daar gewoonlik twee goed: *Eertens* lei die empiriese situasie van sommige gemeentes tot wanhoop oor die moontlikhede om enigsins te reformeer of te vernuwe. Die empiriese subjek verskil so drasties van die gedefinieerde subjek, dat mense dit nie eers oorweeg dat dit moontlik is om die empiriese subjek te vernuwe nie. Tweedens kan so ’n verkeerde verstaan van die teologiese aard van die gemeente tot ’n situasie lei waar verandering in die gemeente gesien, verstaan en verduidelik word as net nog ’n sosiologiese verandering: as die regte tegnieke, op die regte manier deur die regte leiers op die regte tyd aangewend word, sal dit die nodige verandering teweegbring. Natuurlik is gemeentebou ook aan die algemeen-geldende sosiale prosesmatighede onderworpe, maar die gemeente wat vernuwe moet word, is altyd meer as net ’n sosiologiese werklikheid. Die gemeente is bo alles ’n teologiese werklikheid (Nel 1994:112).

#### 2.2.4.4.2 Diep verandering neem tyd

Wanneer gemeentebou as ’n bediening van reformasie en verandering aangebied word, beteken dit geensins dat daar net gepraat word van ’n korttermyn intervensie nie. Dit beteken ook nie net ’n meer gefokusde bestuursprogram wat slegs daarop gemik is om ’n gemeente te manipuleer tot ’n sogenaamde selfstandige geestelike funksionering, wat eintlik maar net ’n oorgawe is aan die plan van die sogenaamde bestuurder nie (Firet1986:182-192; cf. ook Nel 2015:81). Dit is daarom ook belangrik om te besef dat kloofvernouing in gemeentebou te make het met langtermyn-bediening. Dit is belangrik om te besef dat kloofvernouing juis daarop gerig is om tot insig te kom dat die empiriese subjek vêr verwyder is van die gedefinieerde subjek en dat daar nie in die slaggat getrap moet word om te dink dat hierdie veranderingsproses oornag gaan plaasvind nie.

#### 2.2.4.4.3 'n Langtermynplan maak erns met die teks en die konteks

Nel (2015:81) maak 'n baie belangrike punt as hy daarop wys dat leiers wat die eerste teks van die kerk, naamlik die Bybel, ernstig opneem, sal weet en ontdek dat God reeds besig is om sy mense te vernuwe. Dit is nie die leiers wat Hom aan die werk sit nie, Hy is reeds aan die werk. Op diesefde manier sal leiers wat die tweede teks van die kerk, naamlik die konteks of die gemeente self en die gemeenskap waarbinne dit funksioneer, ernstig opneem, weet en ontdek dat die vernuwing waarmee God besig is, nie oornag gebeur nie. Die rede hiervoor is omdat gemeentebou die vernuwing van mense behels. Wie met mense werk, weet dat verandering by mense jou onomwonde by vaste patrone uitbring wat wetenskaplik voorspelbaar is. Nel haal een so 'n vaste patroon aan as hy verwys na Everett Rogers (Shoemaker & Rogers 1971:182 ev.; cf. ook Nel 2015:82) se alombekende teorie van verandering - dat slegs 'n klein persentasie van enige gegewe groep van mense gemotiveer is om vinnig te verander (sommige praat van 2,5% wat onmiddelik sal deelneem en dat nog 13,5% dit binne die eerste ses maande sal doen). Ten minste die helfte (50%) van enige gegewe groep sal langer neem om gemotiveer te word om deel te neem aan die veranderingsproses, indien enigsins.

Om hierdie rede pleit Nel (2015:81) dat die langtermynproses in gemeentebou ernstig opgeneem moet word. Daar word presies dit benodig wat waar is van die God en Vader van sy kerk: geduld.

#### 2.2.4.4.4 'n Langtermyn plan help om God se handelinge te onderskei

Hy (Nel 2020: 82: cf. ook 1994:112 ev.) wys verder daarop dat dit onthou moet word dat dit nie die fases in die proses is wat herlewing, vernuwing en reformasie teweegbring nie, maar God wat dit deur sy Gees en Woord en deur die diens van sy mense doen. Wanneer fases in 'n langtermyn proses onderskei word, is dit 'n poging om te beskryf wat in 'n proses gebeur waar God die handelende Subjek is. Dit is ook belangrik dat wanneer leiers die fases verstaan, hulle wel voorbereid kan wees om leierskap te bied. Hoe beter leiers die proses verstaan hoe beter is hulle toegerus om te onderskei waar die gemeente in die proses is en hoe beter hulle toegerus is om leierskap te bied in lyn met die wil van God en die identiteit van die kerk.

#### 2.2.4.5 Langtermyn leierskap is noodsaaklik

Langtermynbeplanning vra daarom natuurlik dat leraars en leiers oor langer termyne betrokke sal bly by dieselfde gemeentes, want omvattende verandering ("deep change") neem tyd. Daar word ook hoë vlakke van vertroue tussen lidmate en 'n leraar veronderstel. Leraars verdien hierdie soort vertroue oor tyd heen en dit kan net in langtermynverhoudings gebeur. Niemandt (2013:135) wys daarop dat gemeenteleiers wat lank in `n gemeente dien, waarskynlik baie vertroue onder die lidmate opgebou het en dat hulle makliker 'n kultuur van innovasie en verandering kan skep. Schaller (2003:24) is ook `n voorstander van gemeenteleiers wat oor `n lang termyn in een gemeente bedien (Marais 2018:46).

Wanneer die langtermynkarakter van gemeentebou ignoreer word, word beplan vir teleurstelling en frustrasie. Dit is waarskynlik die grootste rede hoekom die proses misluk omdat leiers, selfs onbewustelik, geduld verloor in en met die proses.

As gemeentebou vra vir 'n langtermynproses, is dit net so waar vir die implementering van enige intergenerasionele geloofsvorming in jeugbediening. Intergenerasionele geloofsvorming staan en val by langtermynverhoudings. Ouers en ander volwassenes kan nie net vir 'n kort tydjie in kinders, adolessente en jongmense se lewens betrokke wees en glo dat hulle enige verskil gaan maak nie. Daarom geld alles wat in hierdie paragraaf gesê is, net so vir intergenerasionele geloofsvorming en sal in die res van hierdie studie deeglik in ag geneem moet word.

#### 2.2.4.6 'n Konsep van afhanklikheid van God

Alhoewel Psalm 127 'n Psalm is wat oor huishoudings handel, help dit volgens Nel (2015:84) om iets van die konsep van afhankikheid van God in die proses van gemeentebou te verstaan. "As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs. Vir dié wat Hy liefhet, gee die Here dit in hulle slaap" (Psalm, 127:1-2). Hierdie houding dra as't'ware die hele gemeentebouproses. Indien die bediening van integrering en koördinering van al die bedieninge enigsins uit die konteks van afhanklikheid van God gehaal word, word dit niks anders as 'n proses van blote tegniek en bestuur van sosiologiese prosesse van verandering nie. Die menslike aandeel in hierdie proses is nie om passief ("in hulle slaap") net toe te kyk wat God doen nie. Die

dieper betekenis van afhanklikheid kom juis in die derde vers na vore waarin daar na kinders as 'gawe van God' verwys word. Is dit nie juis 'n mooi beeld om die menslike aandeel en God se aandeel mee te beskryf nie? Die pa en die ma is baie betrokke in die manier waarop God kinders skenk. Wanneer God gee, sluit Hy byna nooit menslike betrokkenheid daarby uit nie. Die gawe van God sluit die mens byna nooit uit uit die aktiwiteit van die mens nie.

Wanneer Firet (1977:236 ev.; cf. ook Nel 2015:84 en Marais 2018:48) na selfstandige geestelike funksionering binne die gemeentebouproses verwys, bedoel hy ook nie onafhanklikheid nie, maar afhanklikheid. Hierdie afhanklikheid van God speel volgens Nel (2015:84) 'n kritiese rol in die gemeentebouproses. Dit wil daarteen waak dat mens sou dink dat net die begeleiding (fasilitering) van leiers en die proses self by die ontwikkeling van die gemeente betrokke is. Aan die ander kant wil dit beskerming bied teen 'n onbybelse vroomheid dat gemeenteleiers dink dat hulle niks van hul kant moet doen nie en dat die Here alles self sal doen.

### 2.2.5 Die bediening van leierskap binne die perspektief van diakonia

Daar is reeds in hierdie hoofstuk (2.2.4.5 en 2.2.5) na die blangrike rol van leierskap in gemeentebou verwys. Gemeentebou of om 'n missionale gemeente te ontwikkel, vereis leiding en leierskap. God berei sy mense deur leiers voor om hulle identiteit te verstaan, om hul funksie volgens die doel van God vir die gemeente te vervul en om strukture te ontwikkel wat God se verlossingsdade die beste sal dien vir 'n gegewe tyd en konteks.

Volgens Nel (1994:62) word leierskap in die Bybel altyd in terme van diens gedefinieer. Diensleierskap behoort altyd die identiteit van gemeenteleiers te wees. Die ampte of diensleierskap is en behoort geskoei te wees op Christus se regering in en oor sy gemeente. Sy regering geskied deur sy Gees en Woord en dit staan volgens Jonker (1965:7ev.; cf. ook Nel 2015:144) as direkte teendeel van menslike beheer in die kerk. Die feit dat Hy die hoof van die gemeente is, beteken dat die gemeente uit Hom ontstaan het, deur Hom gerig en regeer word (Ef. 1:22-23; Kol. 1:15-20). Die ampte of diensleiers moet dus ruimte skep, kanale skep en kanale wees vir die outoriteit en regering van Christus.

Wanneer gepraat word van die outoriteit van leiers, dan verwys dit nie, na die oordeel van die navorser, na gesag om op aanspraak te maak wat niemand mag betwyfel nie, en wat mense manipuleer om te dink soos die leier dink nie. Gibbs (1981:378) het al teen sulke "ego trips" gewaarsku. Outoriteit is hier gesag op die basis van hulle aanwysing deur Christus, die hoogste outoriteit. Gesag is dus nie geleë in die persoon of status van die leier nie. Nel (2015:146) noem die bediening van leiers 'diens' en hulle gesag is uit die Skrif af te lei. Die vraag in gemeenteleierskap behoort volgens Richards (1970:116) nie te gaan oor of leiers outoriteit het nie, maar hoe hierdie outoriteit verstaan en beoefen word. Dit is die diensbaarheid van leiers wat hulle bevry van enige bekommernis en bohaai oor status, posisie en outoriteit. Daar behoort volgens Richard & Martin (1981:300) 'n groeiende Christus-gelykvormigheid ("maturing Christlikeness") in diensleiers te wees. Wanneer 'n diensleier se outoriteit vloei uit sy of haar identiteit in Christus, bevry dit so 'n leier van enige misbruik (Nel 2015:164).

Alhoewel leierskap 'n belangrike rol in die Bybel gespeel het, wys Nel (2015:146) daarop dat daar tog ook 'n duidelike fokus was op die sogenaamde amp van gelowiges ("general priesthood of all believers"). Dit word soos volg beskryf:

> This perspective on the whole congregation as the ministering people of God, equipped for service by means of gifts, calls for a sometimes radical change for the service leaders to fulfil their biblical purpose.

Om hierdie rede beteken opleiding van die gemeente 'n belegging in mense in elke sin van die woord. Nel (2015:157) beklemtoon die opleiding en toerusting van ouers, wat vir hierdie studie van groot belang is. Ouers en volwassenes is nie net besig om die jeug te vorm vir die toekoms nie, maar word ook geroep om die toekoms vir die jeug te vorm. Diensleiers is werkik besig om grondwerk te doen wanneer hulle ondersteuning, opleiding en familiegerigte ondersteuning en opleiding aan ouers in die gemeente se strategieë en programme inbou. 'n Effektiewe bediening aan ouers en deur ouers aan jongmense is noodsaaklik in gemeentebou en die opbou van 'n missionale gemeente.

Daar is reeds in hoofstuk 1 (1.4.6.4) na Osmer (2008:176 ev.) se drie vorms van leierskap verwys. Sy transformerende leierskap, waarsonder diep verandering' nie

plaasvind nie, is vir hierdie studie van groot belang en word in hoofstuk 9 weer opgeneem.

Opsommend kan gesê word dat gemeentebou, of om 'n missionale gemeente op te bou, gedoen word onder leierskap en opleiding van 'n diensleier. Nel (2015:159) noem hierdie leierskapsbediening op die voetspoor van Roberts (1983:123-127) 'die bediening van die gewrigte ("joints")' na aanleiding van Efesiërs 4:12 en 16. Deur die bediening van die gewrigte bou die liggaam haarself op.

### 2.2.6 Teologiese konseptualisering van formasie in gemeentebou

Die gesprek oor gemeentebou is nog nie afgehandel voordat samevattend gedeel word oor wat die proses van Gemeentebou dan nou presies behels nie.

Met die verstaan hiervan help Osmer (2012:51) baie wanneer hy wat hy noem "missional formation" beskryf. Hy definieer dan Missionale formasie soos volg: "... missional formation is the process of the congregation 'taking form' as it lives into and out of its missional vocation, as it lives in the tension between identity and relevance."

Met hierdie definisie in gedagte, kan die normatiewe teologiese perspektief of rol en taak van gemeentebou in die gemeentebouproses in praktiese riglyne saamgevat word deur gebruik te maak van Osmer (2012:49) se 6 voorstelle wat hy beskryf onder die opskrif: "Toward a Theological Conceptualization of Formation."

1. God se sending – die missio Dei – is universeel in omvang, omvat die hele skepping, verlossing en die einddoel van alles wat geskep is;
2. God kies 'n spesifieke gemeenskap (sy volk en sy kerk) om getuienis te lewer oor sy goddelike, reddened missie vir die hele skepping/ kosmos. Verkiesing in hierdie sin is 'n roeping tot diens en getuienis en nie primêr om spesiale seëninge, voordele en voorregte te ontvang nie;
3. Gemeentes vind hulle spesifieke missie in God se missie. Elke gemeente het die taak om hulle eie missionale roeping, wat toepaslik is vir hul eie tyd, plek, omstandighede, kapasiteit en hulpbronne te onderskei;
4. In die onderskeiding van 'n gemeente se missionale roeping, behoort gemeentes spesifiek aandag te gee aan twee fokusareas: Een fokusarea fokus op die

bymekaarbring en opbou van die gemeente; die ander fokus op die uitstuur en selfprysgawe van die gemeente. Geloofsvorming is die kragtigste wanneer diep verbintenisse tussen hierdie twee fokusse bestaan:

5. Die primêre Subjek of handelende party in geloofsvorming is nie die gemeente nie. Dit is die Heilige Gees wat die gemeente opbou en toerus vir haar missie en ook bemagtig om haar spesifieke roeping uit te leef.
6. Geloofsvorming vind plaas wanneer die gemeente vorm aanneem of gevorm word in die Gees as liggaam van en na die beeld van Jesus Christus. Ons kan dit ook missionale vorming noem. Dit sluit verhoudings, strukture, programme en praktyke in wat ontwikkel wanneer 'n gemeente mettertyd in en uit hulle missionale roeping lewe (lives into and out of).

Hierdie voorstelle vir die inhoud van die formasie van die gemeente sal daarom net so in ag geneem moet word wanneer na intergenerasionele geloofsvorming in jeugbediening gekyk word.

### 2.2.7 Gemeentebouproses

Om al hierdie gedagtes in een plan saam te voeg, stel Nel (2015:222; cf. ook Nel 1994:216 en Nel 2005:147) die volgende gemeentebou-proses voor:

- motivering, ontvriesing en die ontwikkeling van `n missie-stelling;
- analise van die gemeente;
- beplanning van `n strategie;
- implementering van die strategiese plan en bereiking van doelwitte;
- evaluering, stabilisering en herhaling van die proses.

Hierdie gemeentebou-proses gaan nie in hierdie studie bespreek word nie, aangesien gemeentebou nie die fokus van hierdie studie is nie, maar die belangrike nodige raamwerk vorm.

## 2.3 Slotopmerkings

Daar is in hierdie hoofstuk duidelik aangetoon wat die oorsprong, aard en doel van gemeentebou is. Dit wat God se doel met Jesus se sending was, sit God voort deur sy Gees en sy *ekklesia* se sending. In hierdie proses wil gemeentebou die gemeente

begelei. Die feit dat vanuit gemeentebou na jeugbediening gekyk word in hierdie studie, beklemtoon die belang van ekklesiologie in jeugbediening. Wanneer in hierdie studie na intergenerasionele geloofsvorming in huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde jeugbediening gekyk word, is dit van uiterste belang om raak te sien dat geloofsvorming in die sentrum staan van dit waarmee ‘n gemeente besig behoort te wees naamlik begeleiding in identiteitsvinding. Die huis (gesin of familie) is ‘n primêre ruimte vir identiteitsvinding. Om die rede behoort dit as belangrike hermeneutiese ruimte benut te word in enige geloofsvorming. Dit is ook belangrik dat niemand in die gemeente van iemand anders geïsoleer word, want dan word die gemeente van haar hermeneutiese rol en funksie ontneem. Daar gaan in die volgende hoofstuk na jeugbediening gekyk word binne die raamwerk van gemeentebou.

## HOOFSTUK 3:

## INTERGENERASIONELE GELOOFSVORMING BINNE DIE RAAMWERK VAN JEUGBEDIENING

---

### 3.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is gesien wat gemeentebou behels. In hierdie hoofstuk word na jeugbediening gekyk binne die raamwerk van gemeentebou. Wanneer daar in hierdie studie na intergenerasionele geloofsvorming binne ‘n huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde jeugbediening gekyk word, behoort dit nooit los van die gemeente bedink te word nie.

Die realiteit van jeugbediening in gemeentes vandag is egter dat ’n ekklesiologie of bewustheid van die gemeente (kerkbegrip) onbelangrik of ontbrekend is. Nel (2018:80) haal Arzola aan wat verwys na protestantse jeugbediening as hy sê: “It is not so much that ecclesiology has become unimportant; rather, it is non-existent in contemporary Youth Ministry.” Dit is om hierdie rede in hierdie studie baie belangrik dat hierdie band stewig behou word.

### 3.2 Afwesigheid van teologiese grondslae vir jeugbediening

Een van die grootste gebreke in jeugbediening vandag is die afwesigheid van goeie teologiese grondslae. Daar is sedert die tyd van die Nuwe Testament volgens Nel (2001a:3) deeglik oor onderrig (kategese) nagedink en geskryf en dit was waarskynlik die totaal van kerklike betrokkenheid by die jeug vir baie eeue. Dit is egter nie die geval met jeugbediening nie. In hierdie verband skryf Clark (2015:xiii) “Today’s Youth Ministry is in desperate need of a theological, psychosocial, and ecological grounding.” Daar is verskeie redes hoekom jeugbediening nie soos ander bedienings lankal teologies goed begrond is nie. ’n Deel daarvan is opgesluit in die historiese ontwikkeling van jeugbediening.

Een van die redes is waarskynlik juis geleë in die skerp onderskeiding tussen kategese (onderrig) en jeugbediening: Nel (2018:19; cf. ook Nel 2001b:9) haal etlike skrywers aan wat aandui dat jeugbediening skerp van kategese onderskei en geskei is in die

verlede. Kategese is van vroeg af teologies begrond en as direkte gemeente- of kerkwerk beskou, terwyl jeugbediening dikwels aan verenigings buite die kerk oorgelaat is en as nie-amptelik beskryf is (Nel 1982:29). Jeugbediening was ook gevul met wat Senter (2001a:x) "pretheological ecclesiology" noem. Hy beskryf dit soos volg: "From its beginning in the late eighteenth and early nineteenth centuries, youth ministry has had an inside-out and outside-in relationship to the church." Dit het meegebring dat kategese 'n meer na-binne-gerigte en jeugbediening (wat toe byna uitsluitlik deur buitekerklike instansies in Amerika en ander lande bedryf is) 'n meer na-buite-gerigte fokus ontwikkel het. Dit het beteken dat jeugbediening, ten minste in die begin daarvan, hoofsaaklik deur ongeordende lidmate in buite-kerklike organisasies bedryf is en onderrig deur geordende lidmate hoofsaaklik binne die kerk.

Borger gaan volgens Nel (2018:20) so vêr om te sê dat die kerk en georganiseerde jeugwerk beide outonoom was. Dit het verder meegebring dat daar volgens Senter (2001:ix) in die verlede (en op baie plekke vandag nog – invoeging deur navorser) 'n spanning tussen jeugbediening en die kerk ontstaan het.

Nel (1982:108 e.v.) het reeds lankal aangedui dat hierdie valse digotomie nie gehandhaaf mag word nie. Cannister (2001:77) beskryf die onderskeid as 'n stryd tussen "youth ministry as mission" en "youth ministry as education." Hy voer hierdie onderskeid terug na die veel groter gesprek of vraag van die kerk wanneer oor jeug gedink word: "Is the objective of ministry with young people conversion or nurture?" Hy noem hierdie digotomie "a reductionistic paradigm." Hy (Cannister, 2013: 35) gaan nog verder wanneer hy sê: "This dichotomy has plagued ministry to and with adolescents for nearly a century, as the theology of nurture alone has been promoted in Christian Education." In hierdie verband kom Nel (2018:21) tot die gevolgtrekking dat daar vandag meer as genoeg rede is om jeugbediening te sien as 'n omvattende bediening, met kategese (Christelike onderrig van die jeug) as 'n noodsaaklike onderdeel daarvan.

'n Tweede waarskynlike rede vir die aanvankike afwesigheid van goeie teologiese grondslae vir jeugbediening is geleë in die feit dat jeugbediening eintlik betreklik jonk is. Daar sal in 'n latere paragraaf (3.4) gesien word dat jeugbediening as sodanig voor die industriële revolusie eintlik nie bestaan het nie. In die landelike konteks van die

wêreld tot en met die Industriële Rewolusie is kinders en jongmense as deel van die gesin benader en bedien (Nel 2001a:3). In hierdie tyd het daar dus nog nie iets soos jeugbediening, soos dit vandag bekend is, bestaan nie. Jeugbediening het oor ‘n lang tydperk ontstaan as deel van ’n komplekse proses. Hierdie komplekse proses het ook die aandag hoofsaaklik gefokus op adolessente (3.4) en die bediening aan hulle, met die gevolg dat daar aanvankik in jeugbediening min oor veral kinders en ’n holistiese benadering tot jeugbediening gedink en geskryf is.

Sedertdien was daar verskeie pogings om aan jeugbediening teologiese begronding te gee. Daar mag dalk ander voorlopers in dié verband gewees het, maar Bonhoeffer se agt stellings (waarskynlik geskryf tussen 1932-1934) oor jeugarbeid was waarskynlik die pasaangeër in die verband. Root (2014a:119) noem hom om hierdie rede ‘the forefather of the theological turn in youth ministry.” Bonhoeffer het al in sy tweede stelling duidelik gemaak dat die jeug volledig deel van die gemeente behoort te wees: “Our Question is not: What is youth and what rights does it have, but rather: What is the church-community and what is the place of youth within it?” Hiermee het Bonhoeffer twee belangrike sake, wat die kerndeel van die huidige teologiese denke in jeugbediening uitmaak, op die tafel gesit: a) jeug behoort volledig deel van ’n gemeente te wees en b) jeugbediening moet kerndeel van ’n gemeente wees. Hierdie sake sal later in diepte bespreek word.

### 3.3 Bybelse perspektiewe op Jeugbediening

Alhoewel die Bybel nie as ’n handboek vir jeugbediening gebruik mag word nie, is dit tog belangrik om rigting te gee aan jeugbediening. Om dié rede word daar nie in die volgende paragraaf gepoog om aan te dui dat jeugbediening, of ’n intergenerasionele benadering tot jeugbediening, Bybels is nie, maar word eerder daarop gewys dat die Bybel teogiese insigte oor jeug en spesifiek intergenerasionele geloofsvorming bevat en dat dit beslis in ag geneem behoort te word in nadenke oor en beplanning in jeugbediening. Miskien kan dit ook in May *et al.* (2005:45), wat vanuit kinderbediening na die Bybel kyk, se woorde uitgedruk word: “Let us look at our ministries with children through the lense of Scripture.”

### 3.3.1 Wat word in die Bybel gehoor oor God se handelinge met die jeug?

Hier gaan baie sterk aangesluit word by Nel (2018:51-63; 2001a:13-14; 2001b:10-13 en 1982:29-30;) se insigte wat hy in sy publikasies deel, maar dit word ook aangevul uit ander bronne. Dit is merkwaardig na die oordeel van die navorser hoe min in die jeugbedieningsliteratuur breedvoerig oor Bybelse begronding geskryf word.

#### 3.3.1.1 God stap 'n pad met huishoudings

Van vroeg in die Ou Testament al is dit al baie duidelik dat God huishoudings, gesinne en families as die primêre ruimtes kies om sy heilshandelinge bekend te maak en hulle gebruik as die bemiddelaars om die spesiale verhouding (verbond) wat Hy met mense het van geslag tot geslag oor te dra. In meer as een opsig kan daar gesê word dat die mensdom se geloofstorie by Abram begin. Reeds in Genesis 11 en 12 word verwys na hom en sy hele familie. Die storie van God met Abram en sy familie, word in Genesis 17 duidelik voortgesit. Weereens is die klem wat op familie geplaas word, hoorbaar. Wanneer mense begin raaksien dat dit die manier is hoe God met sy skepping omgaan, spring daar regdeur die hele Bybel sulke voorbeelde uit. Daar kan so vêr gegaan word om te sê dat die Bybel in vele opsigte 'n boek is van familiestories: die stories van Abram, Isak, Jakob, Dawid, Samuel, die Konings, Rut, Jesus, Petrus ensovoorts. Dit kan ook raakgesien word wanneer mens kyk hoeveel keer die frase "seun van ..." in die Bybel voorkom.

Daar kan verder gegaan word deur te sê dat God, die God van huishoudings is sonder om 'n huishoudelike- of huis-god te word. 'n Huis-god kan jy wegsteek van 'n soekende pa, soos Ragel gemaak het (Genesis 31:32, 35).

Wat verder opval is dat min van hierdie huishoudings met wie God 'n spesiale pad gestap het 'normaal' was. Hier kan maar net enkele sake opgenoem word: Sara gee haar byvrou vir Abram; Jakob verkul sy pa en broer om die eersgebore reg te ontvang; Dawid pleeg moord en egbreek en so kan daar aangegaan word. Wat opval is dat God, hoe gebroke die situasie ookal mag wees, in en deur huishoudings gewerk het.

Wanneer daar oor huishoudings in die Bybel gelees word, is die verbond en verbondsverhouding tussen God en hierdie huishoudings die goue draad en raamwerk

waarop 'n mense se oog behoort op te val. May *et al.* (2005:30), verwoord dit soos volg: “In the Biblical story we see parents and children together living the covenant.”

#### 3.3.1.2 God het ’n spesiale belangstelling in kinders en hulle onderrig

Daar word ook in die Bybel gehoor dat God op ’n spesiale manier betrokke is by die gee van kinders (Psalm 127:3 en ook Psalm 128). Geen mens of kind is vir God ’n verrassing nie. God weet van hulle bestaan, selfs al sou die moeder uit wie hulle gebore word, nie eens van hulle moment van bevrugting bewus wees nie (Psalm 139:13-16). God is betrokke op ’n spesiale manier by diegene wat gebore word. Hy is die God van hulle ouers en hy wil ook hulle God wees (Genesis 16 en 17). God hoor selfs die geroep van ’n kind wat weggejaag is, selfs kort nadat die belofte-seun van Abram gebore is (Gen. 21:17). Selfs wanneer die digter sing oor die krag van God, vorm dit deel van sy gebed dat seuns soos plante sal wees wat hoog groei in hulle jeug en die dogters soos hoekpilare uitgebeitel soos vir ’n paleis (Ps. 144:12). Hulle deel in God se seëninge wanneer die verbond gesluit word en God se mense begin leef vanuit die volheid van die genade van God (Genesis 17:7-27). Kinders was dus gesien as ’n seën van God. Bybelskrywers bevestig oor en oor volgens May (2005:28) dat moeders, vaders en grootouers vreugde in hulle kinders en kleinkinders vind. God seën mense dus deur hulle kinders.

Daar word spesifiek klem gelê op onderrig en die oordrag van geloofsbeginsels aan kinders. May (2005:32) bevestig dit in die volgende woorde: “The spiritual formation of children was crucial to the covenant people.” Wanneer Deuteronomium op skrif gestel word, heel waarskynlik in die ballingskapstyd, wil die skrywer die volk oproep om, te midde van al die gode van die Babiloniërs, te bely dat daar net een God is en dat hulle Hom liefhet. Dit is juis hierdie woorde wat Jesus aanhaal wanneer hy die skrifgeleerde antwoord op sy vraag: “Wat is die heel grootste gebod?” (Markus 12 vers 29-31). Betekenisvol is dit wat in Deutronomium volg: ’n belangrike opdrag dat hulle (waarskynlik al die ouers) die Tôrah moet inskerp by hulle kinders. “Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. Skryf dit op jou deurkosyne en op jou

stadspoorte." (Deut. 6:6-8 en herhaling in 11:18-20). Hierdie onderrig en oordrag van geloofsbeginsels is waarskynlik ook een van die belangrike tekste vir jeugbediening na die navorser se oordeel. Volgens Nel (2018:58) het presies hierdie gedeelte in Deuteronomium tegnies die vertrekpunt van alle teologiese besinning van jeugbediening geword.

In vers 20 word kinders wéér betrek: "Wanneer jou seun jou in die toekoms vra: Wat beteken die verordeninge en die voorskrifte en die bepalings wat die Here ons God vir u gegee het? moet jy hom antwoord: Ons was in Egipte die farao se slawe, en die Here het ons daar deur sy magtige dade bevry." Indien 'n slim seun aan sy pa sou noem dat al hierdie dinge al 400 jaar gelede gebeur het en hom vra wat hy bedoel as hy sê dat '*ons*' slawe was en dat die Here '*ons*' bevry het, sou die antwoord duidelik wees. Nel (2018:59) verwoord dit soos volg:

> If we cannot tell the 'salvation' story as if we were there, we just cannot tell it. Confession that God is the One and only God has everything to do with children, adolescents and older youth. We almost confess even 'on their behalf': You were made by him, given by him, cared for by him, being nurtured by and for him, et cetera, et cetera. God is involved in the giving of children and their becoming!

Dit is in hierdie konteks dat May *et al.* (2005:35-37), die belang van rituele (die herhalende inskerping deur ouers), ervarings (deelname aan die feeste) en vrae (soos by die Paasmaaltyd) in die geloofsvormingsproses beklemtoon.

#### 3.3.1.2.1 Kinders neem 'n spesiale plek in God se handelinge in

God het kinders en ander jongmense ingesluit in sy koms na sy mense reg deur al die eeue. Dit maak Hom bly om kinders in te sluit wanneer Hy mense nader. Mens kan selfs (na die oordeel van die navorser) so vêr gaan om te sê dat magtelose en weerlose kinders iets van die karakter van God wil kommunikeer. Daar kan dus gesê word dat kinders en jongmense deelneem in dit wat God besig is om te doen in hierdie wêreld.

Hulle het (en dit gebeur steeds in die Joodse kultuur) op 'n spesiale manier deelgeneem aan godsdienstige seremonies. Is dit nie 'n kind wat by die Paasmaaltyd die gesprek begin (Exodus12:26-27 en 13:8-10 en 14-16) deur te vra hoekom hulle hierdie maaltyd op hierdie manier vier nie?

Die instruksies in Deuetronomium 6 is genoegsame bewys van kinders en jongmense se betrokkenheid by hulle vorming. Hulle is dialogies betrokke in hierdie vorming en nie net ontvangers van inligting nie.

Die vreemde maar belangrike storie van Abraham en Isak (Genesis 22), is ’n mooi voorbeeld van God se verhouding met Abraham, waarby Isak betrokke was byna tot by die punt van sy dood. So kan die verhaal van Josef ook hierby gevoeg word (Genesis 41:46).

Die volgende verhale kan ook hierby gevoeg word:

- Die jong Samuel wat deelneem aan God se handelinge met Eli op ’n spesiale manier (1 Samuel 3).
- Seuns en dogters was teenwoordig en het deelgeneem in familie rituele tydens van die offers (1 Samuel 1:4).
- Kinders was ook betrokke by God se handelinge met mense buite sy verbondsvolk wanneer die slawedogtertjie in Naäman se huis die profeet onthou (2 Konings 5:2-3).
- Dawid was moontlik in sy middel tienerjare toe hy in God se handelinge met sy volk betrokke geraak het. Op hierdie ouderdom is hy reeds gesalf om die koning van Israel te word (1 Samuel 16-17).
- Daniël was, volgens sommige navorsers, ’n vroeë adolessent toe hy geweier het om die kos wat vir hom voorgesit is by die tafel van die koning te eet (Daniël 1:8).
- Daar is nog baie ander kere waar kinders en ander jongmense ingesluit was in God se handelinge met mense. Jeremia is nog so ‘n voorbeeld (Jeremia 1).

### 3.3.1.2.2 Jesus en kinders

Dit mag lyk of Jesus ’n nuwe dimensie of ’n nuwe waarheid gebring het, maar dit is nie die geval nie. Sy handelinge met kinders is eintlik maar net ’n voortsetting van die manier waarop God in die Ou Testament met en deur kinders gewerk het. Daar kan daarom gesê word dat God kinders liefhet en dat Jesus dit kom bevestig het in ’n gemeenskap en kultuur wat hierdie insigte verloor het. Op hierdie punt in die geskiedenis is hierdie waarheid herontdek: God weet van kinders. Hy gee hulle vir ouers. Hy gee om vir hulle.

Die volgende vier waarnemings kan gemaak word:

- Jesus het, teen die gebruike van die kultuur van sy tyd, kindertjies in die openbaar nadergeroep, aangeraak en geseën. Hy het selfs volwasse denke uitgedaag om nie die kinders te verhinder om na Hom te kom nie (Matteus 19:14 en parallelle gedeeltes). May (2005:40) voeg hier by dat iets van die radikale nuwe manier van werking en waardes van die koninkryk juis deur ’n kind oorgedra moes word. Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel. “En wie so 'n kindjie in my Naam ontvang, ontvang My.” Daar kan so vêr gegaan word om te sê - as en wanneer kinders nie verwelkom word nie, dan voel Jesus uitgesluit.
- Jesus gebruik hulle as voorbeelde. Jesus herinner mense dat as hulle nie soos kinders word nie, hulle nie die koninkryk sal binnegaan nie (Markus 10:15). May *et al.* (2005:42), voeg hierby dat Jesus juis die groot verskil tussen die koninkryke van die wêreld en sy koninkryk wou uitwys. Kinders is nie maar net onverwerkte materiaal wat gevorm, geleer en gekonformeer moet word nie: “... Jesus holds up children as teachers for adults. Within the kingdom of God, adults are challenged to be open to learn from children and others who are the least.” Hierdie gedagte word dikwels nie in teologiese beredenering beklemtoon nie.
- Jesus seën die kinders wat na Hom toe kom (Markus 10:16). In daardie kultuur het dit min of meer beteken dat Hy vir hulle sê: Mag wat God in sy goedheid vir jou beplan het, waar word. Om so deur Hom geseën te word, is nie ’n geringe saak nie.
- Hy waarsku mense wat kindertjies laat struikel, in baie duidelike taal (Matteus 18:6 ev.). Daar is geen duideliker woorde in die wêreld wat so kant kies vir kinders as hierdie woorde van Jesus nie. In hedendaagse taal kan ons sê dat Jesus opgestaan het vir die regte van kinders.

Jesus help insig bring in hoe die drie-enige God dink en voel oor kinders en jongmense. Hierin word God se liefde vir kinders ten volle erken.

#### 3.3.1.2.3 Kinders in die res van die Nuwe Testament

Die Nuwe Testament beklemtoon die belang van kinders vir God in sy handelinge. In Handelinge word daar veral gereeld melding gemaak van kinders en jongmense wat deel was van die gebeure rondom die gemeente.

- Die uitstorting van die Heilige Gees is die vervulling van ’n profesie in die Ou Testament waarin die vervulling van jongmense in die vooruitsig gestel is (Handelinge 2:17-21; Joël 2:28-32).
- Jong manne is betrokke by die eerste tragiese en dissiplinêre aksies in die vroeë kerk (Handelinge 5).
- Kinders kniel saam met hulle ouers gedurende ’n gebedsbyeenkoms voor die vertrek van die apostel (Handelinge 21:5).
- ‘n Ongetroude dogter het die gawe van profesie (Handelinge 21:9).
- Hulle woon saam eredienste by en word direk aangespreek in die sogenaamde huistafels (Efesiërs 6 en Kolossense 3:18 ev.).

Al hierdie voorbeelde is nie voorskrifte nie, maar gevalle waar God met en deur kinders en jongmense gehandel het. Wat God gedoen het en steeds doen, doen Hy ook vir, met en deur die jeug (as deel van sy mense).

Die teologiese gevolgtrekking wat volgens Nel (2018:65; cf. ook Nel 2001b:13) hieruit gemaak kan word, is dat kinders en jongmense ’n wesenlike en integrale deel van die gemeente is in aanbidding, onderrig en dienslewering. Daar kan hieruit ook afgelei word dat:

- alhoewel die kinders en jongmense uniek is, mag hulle nooit apart van die geheel gesien word nie.
- nooit en nêrens behoort kinders geïgnoreer of geïsoleer (byvoeging deur navorser) te word in ’n gemeente nie en
- dat die plaaslike gemeente dus moet verantwoordelikheid neem vir sy kinders en jongmense.

### 3.3.2 Die belang van die verbond wanneer dit by die jeug kom

Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat die verbond soos ’n goue draad deur God se betrokkenheid by kinders en jongmense loop. May *et al*. (2005:36), beskryf dit as volg: “In the Biblical story we see parents and children together living the covenant.”

Dit is duidelik in die Bybel dat God die mens geskep het en Homself vir ewig aan hierdie mens verbind het. Hierdie gedagte is al lank terug deur Josz (1966:204; ook cf. ook Golding 2004:194 en Nel 2018:65) verwoord: “The covenant stands for the fact that this is God’s world and belongs to him in the double sense: he created it and he redeemed it.” Hoe ook al die mens God se hand deur die eeue spreekwoordelik weggeklap het, God bly getrou aan dit wat Hy geskep het. In König (1991; cf. ook Nel 2018:66 en Nel 2001b,14) se woorde: “God was en is voortdurend reddend, herstellend met diegene wat Hy gemaak het besig. In hierdie verhouding staan God se genade voorop en tree Hy verlossend en helend op.” Volgens Nel (2018:66) is die hart van hierdie verbondsdenke dat dit gaan oor herstelde verhoudings – met God, medemense en met die skepping. Deur die hele Bybel is dit duidelik dat God die inisiatief neem, dit op sy eie doen en selfs in die slaap van mense (Genesis 15:12-20) doen. God begin, onderhou en votooi dus wat Hy begin het. Deurgaans staan kinders sentraal in die verbond. May (2005:32) skryf hieroor soos volg:

> Their birth into a covenant family was important; furthermore, parents were responsible to be sure their children learned and experienced the ancestral traditions. The spiritual formation of children was crucial to the covenant people.

Volgens Nel (2018:66; ook cf. ook Nel 2001a:14 en in Nel 2001b:14) is hierdie verbintenis of verbond onsettend belangrik vir die teologiese begronding van jeugbediening. God wil vir die mens en sy nageslag bekend word. Hy wil ook deur ’n mens en sy nageslag heen bekend word. Nie net vír hulle nie, maar ook deur hulle (Genesis 12, 17, 22:18 en Galasiërs 4). Die nasies, die mense wat Hom (nog) nie ken, liefhet en dien nie, is sy doel. Met die verbond sit God dus sy plan op die tafel om sy skepping tot sy einddoel te voer. Hierdie gedagtes van die verbond plaas jeugbediening volgens Nel (2018:67; ook cf. ook Nel 2001a:14 en in 2001b:14) nie net in relasionele perspektief nie, maar ook in missionêre en ekologiese perspektief. Die kern van die verbond is die kern van die boodskap van die Bybel: God bly getrou aan sy verbintenis met hierdie wêreld.

In Christus se inkarnasie (menswording) is hierdie verhouding volgens Root (2007:102) op ‘n unieke manier voortgesit, bevestig en gedemonstreer in Jesus se lewe en veral in die kruis-, opstandings- en hemelvaartgebeure. Met die uitstorting van die Heilige Gees verkry hierdie verhouding volgens Nel (2018:68; cf. ook Nel 2001b:15) ‘n nuwe dimensie, want sy verbintenis tot hierdie verhouding het op ‘n nuwe manier gestalte gekry. God leef in mense en dit open ‘n nuwe dimensie en realiteit en gee op ‘n nuwe manier gestalte aan die verbond. Wat in Christus begin is, word krities in die werk van die Gees voortgesit. By dit wat Christus kom doen het, was die mens volledig uitgeskakel en dit het buite die mens om en in die plek van die mens gebeur. Mense het niks daartoe bygedra nie. Met die koms van die Gees word dit volledig en vir altyd anders. Nou is dit duideliker as ooit dat God verhoudingsmatig werk. Dingemans (1986:42) verwoord dit soos volg: “Die Gees werk op so manier in mense dat ons verander, bevry en vernuwe word. Deur die inwoning van die Gees word menslike optrede en aktiwiteite gerig en gebruik om so God se invloed op mense te bewerk.” Op hierdie manier word die mens volgens Nel (2018:68,69; cf. ook Nel 2001b:15) ingeskakel in God se voortgaande herstel van verhoudings waarmee Hy heilgewend en heelmakend besig is in hierdie wêreld.

Jeugbediening is geheel en al en diep gewortel in God se verhoudings- of verbondsmatige verbintenis tot mense en die wêreld. God het hierdie verhouding in Christus en deur die Heilige Gees begrond. Dis om hierdie rede dat Nel (2018:72) tot die gevolgtrekking kom dat om besig te wees met jeugbediening “is nothing less than participating with and as youth in what God is busy with and has relationally or covenantally set himself out to do, and we do so in the name of this God.” God het nog nooit die jeug uitgesluit uit hierdie verbondsplan van Hom nie.

Jeugbediening het dus altyd daarmee te make om God by die jonger deel van sy skepping te verteenwoordig. Jeugbediening gaan daarom volgens Nel (2018:72; cf. ook Nel 2001a:15) oor die fasilitering van die volgende verstaan:

> We are all (children and adolescents included) participating in, taken up into, involved in, the covenantal dealings of God with Creation – ‘borne by the certain knowledge that God has covenantally attached [committed] himself to dealings with and through them’.

Die verbond het konsekwensies vir die mense wat deel in hierdie verbond. Hoewel die verbond nie voorwaardelik aangegaan word nie, het dit wel konsekwensies. Daar kan om hierdie rede gepraat word van verbondsverantwoordelikhede.

Ten diepste is die gevolg van hierdie verhouding vir verbondsmense dat hulle nie net heling ervaar nie, maar ook beleef dat hulle deel is van ‘n heelwordende gemeenskap en daarom as God se kinders aan God se volk/kerk behoort. Op grond van die verbond kry verbondsmense dus ‘n nuwe identiteit en deel in God se heil omdat hulle deur Christus ingelyf is in sy volk/sy kerk. Alhoewel hierdie nuwe identiteit ’n geskenk van God is, word dit ontvang, omarm en uitgeleef in geloof. Wanneer dit ontvang, omarm en uitgeleef word, beleef verbondsmense dat hulle tuiskom in God se liefdevolle familie en dat hulle identiteit in ‘n veranderingsproses opgeneem word op pad na ’n lewensvervullende bestemming. Hierdie veranderingsproses word deur onderrig begelei. Geloof binne hierdie verbondsverhouding verwys dus na die ontvangs, omarming, groei en uitleef van die verhouding wat daar ontstaan tussen God en sy mense (Agenda Algemene Sinode 2019: 290-291).

Die verbondslewe van die volk van die Here kan met ‘n reis of pad vergelyk word soos wat die Ou Testament dikwels na die pad van die Here verwys (Spreuke 3:1-6; Spreuke 22:5-6. Vergelyk ook Firet 1982:71ev). Hierdie reis is op pad na ‘n bestemming. Hierdie bestemming is nie die dood nie. Die lewe van die mens het ‘n doel en daarom betekenis. In die Nuwe Testament word hierdie gedagte voortgesit wanneer Jesus volgelinge (dissipels) roep wat Hom letterlik volg op die pad wat Hy loop. Op hierdie pad het Hy hulle nie net geleer hoe sy pad lyk nie, maar ook wie Hy is en wie hulle regtig is en hoe om op sy pad (die weg van die koninkryk) te loop. In die geskrifte na die evangelies staan die volgeling-gemeenskap (gelowiges) as *ekklesia* bekend. Dissipels of lidmate van die *ekklesia* volg Jesus in leer en lewe en neem op dié manier deel aan die koms van God se koninkryk in hierdie wêreld. Om hierdie rede kan daar gesê word: verbondsmense of die kerk is op `n lewenslange geloofsreis as dissipels saam met God op pad. Hier moet pertinent weer daarop gewys word dat hierdie reis nie ‘n reis op pad na God toe is nie, maar saam met Hom (Agenda Algemene Sinode 2019:290-291).

Op hierdie verhoudingspad word hierdie verbond/verhouding met God gereeld gevier. Die besnydenis en die viering van die Paasfees en ander Joodse feeste was in die Ou Testament die gereelde vieringsmomente van die volk se ingelyfdheid, verlossing en verhouding met God. In die Nuwe Testament en vroeë-kerk is hierdie feeste voortgesit, maar mettertyd aangevul en later vervang met die doop en die nagmaal. Tydens hierdie vieringsgeleenthede is gelowiges se ingelyfdheid, verlossing en verhouding met God gesamentlik gevier. Deelname aan hierdie feeste was ‘n vereenselwiging en belydenis van hulle deel-wees van God se geloofsfamilie (Agenda Algemene Sinode 2019:290-291).

### 3.3.3 Ouderdomspesifieke jeugbediening

Volgens Harkness (1998:37-50; cf. ook Allen & Ross 2012:36), vind hy die eerste spore van afname van intergenerasionele Christelike praktyke in gemeentes in die Reformasie en spesifiek die rol wat die ontwikkeling van die publieke skole wat daaruit gevloei het, gespeel het. Ander faktore wat daartoe bygedra het volgens hom was modernistiese- en postmodernistiese tendense ten opsigte van individualisme en ’n groter steun op psigologie en sekulêre onderrigmodelle eerder as teologiese modelle.

Tog lyk dit of die jeugverenigings baie meer direk bygedra het tot ouderdoms-spesifieke jeugbedienings. In die laat 19de eeu het nog ’n jeugvereniging ontstaan wat ’n groot invloed sou uitoefen op die meeste kerke se bediening aan hulle jongmense tot diep in die 20ste eeu. Hierdie vereniging was die Young People’s Society of Christian Endeavour. Volgens Nel (1982:94) was hierdie waarskynlik die eerste kerklike jeugverenging en sou nie net later die bande tussen kerk en verenigings hegter maak nie, maar was volgens Root (2007:38) ook die voorloper van ouderdom-spesifieke jeugbediening.

Teen ongeveer 1860 het dr. Theodore Cuyler in Brooklyn, New York, jongmense binne die gemeente in ’n groep georganiseer. Drie idees het dié groep gerig: (i) Mans en dames kon deel wees van die groep; (ii) die groep het weekliks vergader en (iii) komitees wat uit die jeug bestaan het, het self weeklikse programme voorberei. Dr. Francis Clark van die Williston Congregational Church in Portland, Main, het dr. Cuyler besoek en is so geïnspireer dat hy in 1881 die Young People’s Society of Christian Endeavor gestig het. Volgens Root (2007:38) het dr. Clark frustrasie beleef met

jongmense in sy groeiende kerk: "... young people were not going on to become vital members of the congregational life after initial conversion experiences." Om hierdie rede het hy en sy vrou gesoek na 'n manier om toegewydheid en voortgesette betrokkenheid te bewerk. Clark het gesteun op die YMCA se fokus op sosiale byeenkomste vir jongmense en ook op die voorbeeld van buite-kurrikulêre aktiwiteite, wat gewild geraak het onder middelklas hoërskool kinders, om daarmee 'n ouderdom-spesifieke bediening vir die jongmense in sy gemeente op die been te bring.

Teen die 1920's het die meeste denominasies volgens Root (2007:38) hulle eie jeugverenigings op die been gebring, kompleet met kurrikulum en somerkampe. So het die jeugverenigings in alle kerke 'n realiteit geword waar die verskillende kerke se amptenare self verantwoordelikheid geneem het vir hulle jeugbediening.

Hierdie vereniging was ekumenies en protestants en het die weg gebaan vir baie kerke om te werk te gaan. Nel (2018:182) haal Sholund aan wat die waarde van hierdie beweging soos volg opsom: "Cuyler set a pattern that has been expanded in thousands of churches in America .... The success of the Christian Endeavor societies was unprecedented as a religious movement. The time was ripe for such an effort."

Met alles wat gesê is in gedagte is Powell (2009:43-48; cf. ook Allen & Ross 2012:36-37) van mening dat tendense van segregasie in die 1940's en na die Tweede Wêreld-oorlog begin is toe para-kerklike organisasies soos Young Life, InterVarsity en Youth for Christ baie suksesvol op tieners en jongvolwassenes gefokus het. As gevolg van die suksesse van hierdie spesialis-bedieninge wat op spesifieke ouderdomsgroepe gerig was, het kerkleiers, na hulle oordeel, tot die oortuiging gekom dat die kerke soortgelyke spesialisbedieninge, spesifiek gerig op die jeug, moet begin.

Neufeld (2002:195; cf. ook Kopp 2010:43) is van mening dat kerke kinders afsonderlik begin bedien het spesifiek as resultaat van die postmoderne klem op minderhede en die sogenaamde "Other." Hy is daarom ook van mening dat afsonderlike bediening dus veel later begin het. Hy vervolg: "Through the 1960's virtually the only model of church youth ministry involved parents and adults operating as sponsors and/ or teachers for their youth."

### 3.3.4 Die belang van die gemeente (*ekklesia*) wanneer dit by die jeug kom

In die Bybel is daar duidelik gesien dat kinders nie buite of los van die res van die gemeente gesien is nie en dat kinders volledig deel van die liggaam van Christus was. Daar is ook reeds in die vorige hoofstuk gesien dat die gemeente 'n belangrike rol behoort in te neem as dit kom by jeugbediening en spesifiek geloofsvorming en intergenerasionele geloofsvorming. In hierdie paragraaf word gekyk na die belang van die gemeente as dit kom by jeugbediening.

Daar is in die vorige paragraaf gesien dat God by die verbondsluiting met een persoon begin het, maar sy doel was die baie wat sou volg. Tog kan die enkeling en die groep nie losgemaak word van mekaar nie. Die een kry sy betekenis en vervulling van die geheel. Nel (2018:73; ook cf. ook Nel 2001a:15-16 en Nel 2001b:17) omskryf dit soos volg:

> [From] the inception of the covenant and all that follow in its wake, it is clear that God begins with one person, but his aim is the many. From the 'One' comes the sand of the sea and the stars of heaven. Out of the One the whole is born. When the whole is established [takes shape], the One is part of the whole. The One is not absorbed by the whole but is taken up into it.

Daar kan in verbondstaal gesê word dat die verbond tot verbondenheid lei – met God en met ander verbondsmense.

Dit is in hierdie verband en om hierdie rede dat McKnight (2014:105-112) 'n hele hoofstuk in sy boek afstaan aan wat hy noem "we is bigger than me." Hy reageer teen die neiging waar baie mense dink om Jesus te volg en om deel te wees van 'n kerk kan van mekaar losgemaak kan word. Hy (McKnight 2014:105) sê dan: "I disagree because the New Testament teaches that the Christian life occurs primarily in and through a local church." Hierdie korporatiewe denke van die Bybel is opvallend. Gesinne, families, groepe en die volk as geheel, speel 'n goot rol.

Dit lyk of die korporatiewe saamval met gemeensaamheid of gemeenskap. Sommer by die Skepping (Genesis 1:26) al, volgens May *et al.* (2005:128-131), reageer die drie-enige God vanuit die gemeenskap wat God met God-self het en skep gemeenskap met mense. Vanuit hierdie gemeenskap voorsien God die familie en die volk in die Ou Testament en na die uitstorting van die Heilige Gees die

geloofsgemeenskap in die Nuwe Testament om ’n baie belangrike rol te vervul: In hulle woorde:

> By God’s design we are created for community, to learn and grow together. Nurture begins in the intimate community of the family, yet God does not intend for the family to nurture the faith of parents and children on its own. God draws us into a faith community where parents and children will be nurtured, instructed, and supported, a community that works together in service to God and the world God loves.

Daar kan dus duidelik gesien word dat God bedoel het dat die individu deel sal wees van ’n groter geheel.

Nel (2018:74; ook cf. ook Nel 2001a:15-16 en Nel 2001b:17) gaan so vêr om te sê dat God in terme van die geheel dink:

> One may even say that God thinks ecclesiologically, thinks in terms of his gathered people, his assembly. He makes it clear that the person who belongs to him is part of his people. The *kahal Jahwe of the Old Testament* (the gathering of the Lord) and the *ekklesia tou Theou of the New Testament* (the congregation of God) is central to Scripture.

Hierdie gedagtelyn word op verskillende plekke in die Bybel net so teruggevind en behoort alle mense te lei wanneer hulle aan die plek van jeug en jeugbediening binne die kerk of in ’n gemeente dink. Allan & Ross (2012:114) verwys in hierdie verband na twee beelde wat Paulus gebruik om die kerk mee te beskryf naamlik die kerk as familie en die kerk as liggaam van Christus. In beide hierdie beelde word iets van hierdie onderlinge verbondenheid en interafhanklikheid duidelik raakgesien. Paulus gebruik juis in 1 Korintiërs 12:12-30 die inherente interafhanklikheid van die verskillende liggaamsdele om die verhoudings binne die kerk te beskryf. Hy dring daarop aan om elke lid van die kerk se plek en rol in die gemeente te erken en te waardeer. Hy beskryf die kerk as ’n diverse eenheid deur te sê: “Net soos die liggaam ’n eenheid is en baie lede het en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus.” (1 Korintiërs 12:12). Daar kan dus saam met Nel (2018:74) tot die volgende gevolgtrekking gekom word:

> A member of the body gains its importance from being ‘a member of the body’... [to be] separated from the body (in this case the congregation), and alone, the one loses its importance.

Nel (2018:75) gaan so vêr om te sê dat God somaties en korporatief dink.

Hoe behoort die kerk as familie of as liggaam van Christus te lyk of te funksioneer? Paulus antwoord hierdie vraag volgens Allen & Ross (2012:115) gedeeltelik met sy ‘mekaar’ uitsprake:

> Be kind to one another; honor one another; live in harmony with one another; instruct one another; wait for one another; serve one another; carry each others’s burdens; encourage one another and build each other up; live in peace with each other; bear with one another in love; submit to one another (Romans 12,15; 1 Corinthians 11; Galatians 5,6; Ephesians 4,5 & 1 Thessalonians 5).

Wanneer kinders en nuwe gelowiges, sowel as gelowiges wat al ’n ent op die geloofspad gereis het vriendelik is teenoor mekaar, mekaar liefhet, mekaar se laste dra en mekaar ondersteun en as hulle ook vriendelik en met liefde behandel word en aangemoedig word binne ’n geloofsgemeenskap, leer en ervaar hulle hierdie konsepte en begin hulle die sosiale waarde daarvan beleef. Allen & Ross (2012:115) wys daarop dat dít die manier is waarop gelowiges geestelik gevorm word na die beeld van Christus.

Hierdie korporatiewe beginsel en somatiese funksionering van die kerk is vir jeugbediening ononderhandelbaar. Dit gee volgens Nel (2018:76; ook cf. ook Nel 2001a:15 en Nel 2001b:17) teologiese integriteit aan hierdie bediening. Die rede wat hy aanvoer is dat jeugbediening dikwels soos daar reeds gesien is (2.2.4.1.5) deur individualisme bedreig word – of, anders gestel, deur ’n gebrek aan insig in die korporatiewe bedoelinge en handelinge van God. Dit is juis die agteruitgang van sommige gemeentes tot slegs ’n versameling van individue, wat die korporatiewe beginsel soms bitter moeilik maak om te handhaaf. In ’n kultuurbepaalde volkskerk vervlak die doop as sakrament van inlywing in die liggaam van Christus so dikwels tot slegs ’n soort toediening van ’n kultuursimbool. In so ’n geval kom die korporatiewe as sodanig onder teologiese verdenking. Die vraag is of mens dan nog kan praat van die liggaam van Christus?

Hierdie beginsel is volgens Nel (2015:25-50; ook cf. ook Nel 2018:76) ook baie moeilik toepasbaar in tradisies waar die ‘besluite’ van individue om by ’n gemeente aan te sluit en gedoop te word as ’n Bybelse beginsel aanvaar word. In meer as een opsig word individualisme hierdeur versterk en bevorder. Hy haal Ridderbos in hierdie verband aan wat na aanleiding van 1 Korintiërs 12:12-13 skryf:

> ... and he reminds the church of the moment of their baptism as the incorporation into the body of Christ (‘baptized into one body’) [...] The term employed here – ‘to baptize into’ denotes that the one baptized is brought into relation with an already existing person of unity (cf.1Corinthians 10:2; Galatians 3:27); this means therefore incorporation into an already existing body, namely the communion of those who have been comprehended in and baptized into Christ.

Die werklikhede binne gemeentes mag wel die korporatiewe beginsel moeilik handhaafbaar maak, maar ter wille van die langtermynuitkoms van jeugbediening mag dit nie onderhandelbaar wees nie.

Die basiese uitgangspunt wat dus hier gehandhaaf word en waarna later (3.3) in hierdie studie meer sal volg, is dat kinders van God se verbondsmense, dit wil sê mense wat in ’n verhouding met God en mekaar lewe, ’n integrale deel van die geloofsgemeenskap of van die gemeente in al sy gestaltes (en bedieninge – byvoeging deur navorser) waarin dit mag voorkom, is. Geloof kan volgens Osmer (1992:27-30) basies verstaan word as ’n verhouding wat groei in direkte proporsie tot die mate waarin gelowiges verhoudings met God en mekaar deel. Osmer stel die saak eenvoudig:

> Our relationship with God is supported and nurtured in and through our relationships with other Christians...Throughout scripture, a vital relationship with God goes hand in hand with an active sharing in the lives of other believers.

Gedurende enige mens se kinderjare is verhoudings ontsettend belangrik. Daarom is dit noodsaklik dat jeugbediening ekklesiologies/somaties verantwoord is. Binne verhoudings met ander groei die jeug geestelik en leer hulle dat hulle deel is van ’n dienende gemeenskap van gelowiges. Hierdie gedagte word al meer ondersteun deur navorsing waarna daar nog breedvoerig in hierdie studie verwys sal word.

Op ’n vraag hoekom jeugbediening belangrik is, antwoord Ludwig (1988:18-37) dat die gemeente belangrik is en dat die jeug geïntegreer moet word in die lewe van die kerk. Benson (Roehlkepartain 1998:ix; cf. ook Nel 2018:78), een van die vorige presidente van Search Institute, skryf die volgende oor die belang van die geloofsgemeenskap vir die jeug:

> [A]ffirms the power of all faith communities to nurture centered, focused, and healthy youth by uniting and mobilizing all of their relational and programmatic resources. Indeed, I would argue that after the institution of family, the communities known as temples, synagogues, mosques, parishes, or churches

> have the greatest potential to help youth emerge into adulthood as caring, responsible, and committed citizens.

Smith & Denton (2005:267-271) het verskeie faktore geïdentifiseer wat kan bydra tot hoë vlakke van geloof by opkomende jongvolwassenes. Persoonlike verhoudings met volwassenes (ouers en ander volwassenes wat omgee) wat tieners aan die geloofsgemeenskap verbind tydens hulle hoërskooljare is nodig in omtrent alle gevalle. Verder het Pearce en Denton (2011:70-71) gevind dat tieners wat die meeste toegewyd is in hulle geloof - afgesien van die feit dat hulle ouers en naby vriende gehad het wat hulle geloofsoortuigings deel - aangedui het dat hulle verbind was aan ’n geloofsgemeenskap wat ’n verwelkomende en motiverende atmosfeer gehad het wat die jeug waardeer en integreer.

De Vries (1994:133-134) skryf in ‘n insiggewende paragraaf onder die opskrif: “What do teenagers need?” - dat tieners meer nodig het om in hulle jeugbedienings gekoppel te word aan normale volwasse Christene (tipiese jeugleiers pas nie by sy definisie van normaal nie) wat God met ’n passie volg en dien as om gehelp te word om hulle individualiteit te ontgin. Yaconelli (2006:68) praat van lewende voorbeelde: “What they are seeking is the companionship of adults who embody a different way of being. They are looking for living adults who have room inside of them ….” In ’n ander boek maak hy dit nog duideliker: “We listened as young people told us again and again that adults who embodied a spiritual vitality and passion for life were the most transforming aspect of their youth ministry program” (Yaconelli 2007:26). Waar is ’n beter plek as die gemeente om sulke ruimtes te skep?

Al hierdie aanhalings beklemtoon net weereens dat kinders en jongmense onontbeerlik ’n noodsaaklike deel van die gemeente is. Soos al die ander lidemate, is hulle ’n integrale deel van die gemeente. Hoe dit gekom het dat hulle die afgelope paar dekades toenemend afsonderlik bedien is, sal later in hoofstuk 5 (Punt 4) bespreek word.

Miskien som Meyers (1987:xviii) die taak van jeugbediening as wesenlike deel van gemeentebediening die beste op:

> Key to a church’s faithful Youth Ministry is the presence of faithing adults who incarnate God’s love in genuine, appropriate ways. Faithing describes the

> intentional and appropriate activities of those who embody God's love […]. While the presence of such individuals (the 'faithing' individuals) is critical, no less important is […] Collective Incarnation, i.e. the presence of the gathered body of Christ, the congregation, the community of the faithful.

Plaas 'n mens jeugbediening en die vorming wat die jeug behoort te ervaar binne die konteks van die gemeente, dan help Allen & Ross (2012:102) se beginsel van sosiokulturele leerperspektief in dié verband. Hulle sê:

> ... persons learn to be members of their community of practice as they actively participate in that particular social community, learning alongside those who are farther ahead in the journey.

Gemeentes as intergenerasionele geloofsgemeenskappe is outentieke, komplekse leeromgewings, wat bestaan uit individue in verskillende fases van hulle geloof, wat soms ander leer en soms self leer terwyl hulle saam deelneem aan die bediening van die geloofsgemeenskap. Daar kan volgens die navorser so vêr gegaan word om te sê dat gemeentes as intergenerasionele geloofsgemeenskappe, God-ontwerpte ruimtes vir die vorming van geloof is.

Dit is dus duidelik dat gemeentes uiters belangrik is en dat almal wat ernstig oor die ontwikkeling en vorming van geloof van die jeug is, hierdie feite moet verdiskonteer in hulle denke, beplanning, fasilitering en ondersteuning van geloofsvorming. Bogenoemde gedagtes vra dat die kerk en gemeentes aanpassings sal maak en selfs kopskuiwe sal maak sodat jeugbediening nie los van die gemeente of langs die gemeente funksioneer nie.

### 3.3.5 Die belang van ouers en die gesin wanneer dit by die jeug kom

Daar is duidelik gesien dat die gesin kernbelangrik in die Bybel is in die vorming en oordrag van geloof van een generasie na die volgende. In die vorige paragraaf is duidelik aangetoon dat God mense inskakel in sy *ekklesia* (korporatiewe ruimte). Binne hierdie ekklesiologiese ruimte is daar volgens Nel (2018:86; ook in Nel 2001b:20) 'n kleiner eenheid aan wie God op 'n besondere wyse 'n hermeneutiese funksie gee naamlik die gesin. Hy vervolg deur daarop te wys dat die gesin 'n unieke hermeneutiese funksie in die Bybel vervul. Hy gaan so vêr om te sê dat mens sou kon sê dat kinders ouers het 'om tot verstaan te kom'. Dit kan ook duidelik in die Bybel gesien word in Exodus 12 en Deuteronomium 6, soos daar reeds in hierdie studie na

verwys is. Kinders moes verstaan wie God is en hoe God met mense werk. Kinders het ook gereeld die verhaal van God se redding op die tafel gesit deur veral hulle vrae.

#### 3.3.5.1 Ouers se mentorsrol

In jeugbediening moet daarom spesifiek stilgestaan word by die mentorsrol van die ouer/voog in die geloofsvorming van kinders en jongmense. Mentorskap het volgens Klasen & Clusterbuck (2002:16) ’n lang geskiedenis wat afkomstig is van die Griekse mitologie. Dit verwys na die persoon met die naam Mentor wat Odusseus oor sy seun aangestel het terwyl hy weg sou wees vir onder andere die Trojaanse oorlog. Mentor moes optree as bewaker van sy huishouding sowel as onderwyser, adviseur, vriend, motiveerder, leier, fasiliteerder en surrogaat-pa vir Telemachos. Oor die jare heen het die woord “mentor” gevestig geraak en word dit gebruik om ’n wyse en vertroude adviseur en fasiliteerder mee te beskryf. Mentors is spesiale mense wat tyd en energie investeer in die vaardigheidsontwikkeling en persoonlike groei van ’n ander persoon. Ouers behoort ook in jeugbediening op so ’n manier betrek te word dat hulle as mentors van hul eie en ander ouers se kinders in die geloofsgemeenskap kan optree.

Wanneer na ouers en primêre opvoeders as mentors verwys word, dan is die bedoeling dat hulle in die eerste instansie die bemiddelaars van die geloof is. Freudenburg (1998:21) gebruik hierdie gedagte as sy werksformule in sy boek ‘The Family Friendly Church’ en beskyf dit soos volg:

> Parents are the primary Christian educators in the church, and the family is the God-ordained institution for faith-building in children and youth and for the passing of faith from one generation to the next.

Hiervolgens is ouers dus primêr verantwoordelik vir die begeleiding van hulle kinders tot identiteitsvinding. Toegewyde ouers wat in ’n lewende verhouding met Jesus Christus lewe en passievol is oor die lewe, is baie belangriker in jeugbediening as enige program of antwoord op ’n vraag van ’n kind deur enige dominee of jeugwerker.

Hierdie gedagte word deur verskeie persone in die literatuur (soos wat in die volgende paragraaf beskryf gaan word) beaam: Nel (1982:176-179) het hierdie gedagtes al in die vroeë tagtigerjare besef toe hy beweer het dat daar genoeg bewyse is dat ouers ’n belangrike rol speel in die vervreemdingsproses onder kinders en jongmense. Wanneer die jeug nie tot geloofsidentiteit ontwikkel nie, is daar in die meeste gevalle

bevind dat hul ouers grootliks of totaal van die kerk vervreemd was, maar tog nie as heidene bekend wou wees nie. Ouers speel ’n onsettende groot rol, maar dit kring ook wyer. Hierdie gedagte is in Nel se latere studies bevestig.

’n Kwarteeu gelede volgens Roehlkepartian (2016:12) het Search Institute reeds in 1990 in ’n studie ‘Effective Christian Education’ bevind dat geloofsgesprekke, -rituele en diens in die huis, sterker verbind het met geloofsvolwassenheid by jong-volwassenes as deelname aan effektiewe Christelike onderrigprogramme. Hier is die belangrike rol van die huis alreeds duidelik uitgewys.

Hierdie feit word ook verder bevestig deur navorsing. Dean en Foster (1998:83) haal uit die 1991 Carnegie-raad se verslag oor adolessente ontwikkeling aan:

> [They] found that significant adult-youth relationships forged in religious youth work had more positive impact on youth development than any other youth ministry delivery system. These adults may present themselves in the form of parents, but the presence of an adult guarantor outside the immediate family is especially important for adolescents who take these friendships as signs of society’s acceptance and appreciation of them and of the gifts they have to offer. Several studies have noted the decisive role mentors play in a young person’s future success. The presence of significant adult-youth relationships critically affects faith identity as well.

Robert Wuthnow (1996:79), ‘n sosioloog en direkteur van die Sentrum vir die Studie van Amerikaanse Godsdiens by Princeton Universiteit, sê in sy lesing onder die titel: Religious upbringing: Does it matter and, if so, what matters? tydens ‘n reeks Princeton lesings oor jeug, kerk en kultuur in 1996 - na aanleiding van sy navorsing:

> ... it is religious training in the home that appears to matter most [best predict adult church attendance]: family devotions as a child are the best predictor of adult attendance, followed by seeing one’s parents read the Bible at home, and after that, by parents having read the Bible to the child.

Hy gaan voort deur daarop te wys dat twee uit elke drie erediensgangers uit families kom waarin geloof baie belangrik was. Slegs een gereelde kerkganger uit elke nege kom uit ‘n familie waarin geloof nie baie belangrik was nie.

Ouers is volgens Nel (2001:19-21) primêre verhoudingsbemiddelaars en speel dus ’n bepalende rol in jeugbediening. Dean en Vorster (1998:77) beskryf die familie as “Little

Congregations." Terwyl daar net een Verbondsmiddelaar is, speel ouers 'n sleutelrol in die intermediêre koms van God na kinders (Nel 2001:95).

Dean en Vorster (1998:77) haal navorsingsresultate aan wat ouers identifiseer as dié belangrikste invoed in geloofsake in jongmense se lewens. "We are more likely to attend church as adults if we participated in church and Sunday school as children." Dean (1998:77) gaan verder deur te wys op die belangrikheid daarvan dat jeugbediening erns moet maak met toerusting van gesinne:

> These statistics also suggest that youth ministry must address the religious life of families in order to take soul tending seriously. Wuthnow's findings support the conclusion of Search Institute's 'Effective Christian Education' study (1990), which identified family religiousness as the best predictor of faith maturity in adults as well as adolescents. The frequency with which adolescents talked with their parents about faith, the frequency of family devotions and the frequency with which parents and children worked together to help other people were of particular importance.

Strommen (stigter van die Search Instituut in Amerika) en Hardel (2000:98-99) verwys in hulle boek - Passing on the Faith – a radical new model for youth and family ministry - na die navorsingsresultate van 'n ondersoek wat onder ouers gedoen is. Daar is 'n vergelykende studie gedoen tussen adolessente wie se ouers met hulle oor geloof in die huis gepraat en dit uitgeleef het en ander wie se ouers dit nie gedoen het nie. Die uitslag is van uiterste belang vir gemeentes: "... religious practices in the home virtually double the probability of a congregation's youth entering into the life and mission of Christ's church." Hulle haal die resultate van nog 'n studie (Early Adolescents and their Parents) aan. In hierdie studie dui die meerderheid volwassenes (54%) aan dat hulle ouers nie hulleself oor geloof uitgespreek het in hulle huise nie. Daar is toe 'n vergelyking tussen die twee groepe gemaak gebaseer op die korrelasie met tien karaktereienskappe wat by toegewyde jeug voorkom. Die groep wie se ouers wel met hulle oor geloof gepraat het, toon dubbeld soveel van die 10 karaktereienskappe.

In hierdie verband haal Nel (2018:83) vir Kopp aan wat verwys na 'n studie wat deur Martinson gedoen is (gepubliseer in 2002) wat aandui dat uit die 25% jongvolwassenes wat betrokke gebly het in die kerk, daar by hulle agt eienskappe ontdek is. Die eerste van die agt eienskappe is: "Faith was deep in the identity and practices of their family."

Die nasionale studie van jeug en godsdiens wat in Amerika gedoen is onder adolessente tussen die ouderdom van dertien en sewentien tussen 2002 – 2005 wys volgens Dean (2010:18), in kontras met die populêre siening, dat tieners tot ‘n groot mate konformeer met die geloofsoortuigings en praktyke van hulle ouers. Sy verwys ook na een van die bevindings wat soos ‘n draad deur al die bevindings van die studie loop:

> Parents matter most when it comes to the religious formation of their children. While grandparents, other relatives, mentors, and youth ministers are also influential, parents are by far the most important predictors of teenagers’ religious lives.

Die bewys van die groot invloed van gesinne word net al groter. ’n Sentrale bevinding in die longitudinale studie van jeug en geloof deur Smith en sy kollegas, waarna in die vorige paragraaf verwys is, was dat ouers se geloofsoortuigings en gewoontes die grootste invloed uitoefen op die feit dat tieners hulle geloof gaan handhaaf in hulle volwasse lewe. Smith en Denton (2005:261) kom tot die gevolgtrekking:

> ... contrary to popular misguided cultural stereotypes and frequent parental misperception, we believe that the evidence clearly shows that the single most important social influence on the religious and spiritual lives of adolescents is their parents.

#### 3.3.5.2 Ouers se sosialiseringsrol

Wanneer dit by die voorspelbaarheid van jongmense se geloofsverbintenisse kom, skryf Smith & Snell (2009:285) oor die elementêre sosiologiese beginsel van inlywing:

> New members of any society are always inducted into the group by elder members who form them in different ways to become active participants of various sorts. This is done through role modeling, teaching, taking-things-for granted, sanctioning, training, practicing and other means of inculcating and internalizing basic categories, assumptions, symbols, habits, beliefs, values, desires, norms and practices.

Hy wys ook daarop dat die vraag nie is of ouers of enige ander volwassenes betrokke is in geloof-sosialisering nie, maar hoe en met watter effek. Wanneer ouers dus nie hulle kinders inlyf in die geloof nie, sal ander volwassenes of hulle portuurgroep hulle inlyf in en by ander kulture.

Die navorser (Avenant 2011:155; ook cf. ook Avenant en Hoffman 2015:63-74) se beperkte navorsing het al bogenoemde feite bevestig toe daar in sy navorsing bevind is dat daar beslis 'n direkte verband is tussen wat op geloofsvlak in die ouerhuis gebeur of nie gebeur nie en die verstaan en uitleef van geloofsidentiteit, geloofsgewoontes en spesifiek betrokkenheid in die kerk na Belydenisaflegging.

In die Kerklike Jeug en Geloof in Suid-Afrika multikerklike navorsingsprojek, wat gedurende 2015 in Suid-Afrika onderneem is en waarvan die resultate in Skokkend Positief: Insigte vanuit nuwe navorsing oor aktiewe Afrikaanse kerkjeug gepubliseer is, is al bogenoemde navorsingsresultate bevestig. Wat hiérdie navorsing vir hierdie studie belangrik maak, is dat daar dus nie net meer staatgemaak hoef te word op internasionale navorsingsresultate of beperkte plaaslike navorsing oor die gesin en geloofsvorming binne die gesin nie. Hierdie navorsing het uitgewys (Avenant & Hoffmann 2015:64) dat Ma's (81%) en Pa's (66%) die grootste invloed in hulle kinders se geloofsvorming gehad het tydens hulle grootword jare. Persone wat die naaste daaraan kom tydens dieselfde jare is die predikant (44%), grootouers (30%), vriende (29%) en kategete (20%).

#### 3.3.5.3 Ouers se modelleringsrol

Dit is belangrik om net weer spesifiek te verwys na die modelleringsrol van ouers. In die sosiale leerteorie, wat later in hoofstuk 5 (5.6.3) meer volledig bespreek word, word beklemtoon dat mense spesifiek leer deur middel van waarneming en navolging van die voorbeeld van sosiale rolmodelle. Volgens Nel (2018:258-259), veroorsaak die normale blootstelling van kinders aan hulle ouers, dat hierdie leerproses die meeste binne hierdie primêre verhouding sal plaasvind. Die sosiale leerteorie bevestig volgens hom dat langtermyn verhoudings, waarbinne mense naby mekaar is, die impak van modellering verhoog. Hierdie verhouding behoort gekenmerk te wees met warmte en sensitiwiteit. Die klem op ouers as lewenslange voorbeelde gaan dus oor baie meer as om hulle kinders te leer wat reg en verkeerd is.

Cannister (2013:179) Smith & Denton (2005:57) stel dit duidelik dat niks meer invloedryk is in geloofsvorming van tieners as ouers wat dit vir hulle kinders modelleer nie. Ouers speel dus 'n ongelooflike rol in die geloofsidentiteitsvorming van hulle kinders.

Hoe gebroke die verhoudings in gesinne ookal in vandag se samelewing mag wees - die groot uitdaging en geleentheid in jeugbediening lê juis hier. Nel (2018:261) gaan so vêr om te sê dat enige gemeente met 'n langtermyn-visie begin met die ontwikkeling van voorbeelde en rolmodelle vir kinders en dat ouers, as die primêre keuse vir rolmodelle vir hulle kinders, voor in die ry staan hiervoor.

Dit is dus duidelik dat ouers uiters belangrik is en dat almal wat ernstig oor die ontwikkeling en vorming van geloof van die jeug is, hierdie feite moet verdiskonteer in hulle denke, beplanning, fasilitering en ondersteuning van geloofsvorming in hulle huise (gesin of familie). Gemeentes wat dus 'n rol wil speel in die geloofsvormingstaak van kinders sal dit dus in vennootskap met ouers móét doen. Ouers het ook nie net 'n beduidende invloed op hul kinders se geloofsvorming en geloofsidentiteit nie, maar ook op die jeug se betrokkenheid by en deelname in die gemeente. Bogenoemde gedagtes vra dat die kerk en gemeentes aanpassings en selfs kopskuiwe sal moet maak as dit by jeugbediening kom.

### 3.3.6 Die gemeente as ruimte vir verandering

Miskien is een van die grootste probleme waarmee die kerk vandag te kampe het, dit: transformasie is nie 'n natuurlike en normale proses binne die kerk of 'n gemeente nie, maar slegs die uitsondering. Konstante verandering binne 'n gemeente behoort die normale te wees. Toe God die verbondsgemeenskap in die Ou Testament en die *ekklesia* in die Nuwe Testament tot stand gebring het, het Hy, volgens Nel (2018:91; ook cf. ook Nel 2001b:22) 'n agogiese ruimte of sfeer geskep, waar groei en verandering normaal behoort te wees.

Vanuit die perspektief van dissipelskap is dit duidelik dat geen dissipel op aarde ooit gearriveer het nie. Almal van ons is dissipels in wording. In Nel (2018:89; ook cf. ook Nel 2001:17) se eie woorde:

> Nobody is ever finished in the sense of being changed into perfection [born whole]. Yet every adolescent [child] is a total person [a human being] and must be accepted and respected as such. The development [formation] of a person into someone who can represent God anew, as the Creator originally visualized him, is in continual process [a work in progress]. As people in Christ, we are new creations - an irrefutable fact.

In die teologie kan transformasie, verandering of agogiek volgens Nel (2018:90-91; ook cf. ook Nel 2001b:23) nie anders as pneumatologies verstaan word nie. Allen & Ross (2012:21) bevestig dit wanneer hulle op grond van 2 Korintiërs 3:18 aandui dat: "[It] indicate that the Spirit is the instrument of change." In hierdie verband herinner Guder (2004:57-58) daaraan dat God se Gees, wat mense geroep het en in staat gestel het om in geloof op sy roeping te reageer, die een is wat voortgaan om hulle te bemagtig vir hulle getroue gehoorsaamheid. Hierdie getroue gehoorsaamheid is die produk van gelowiges se "continuing conversion." In Guder (2004:57) se woorde: "Incarnational witness emerges out of our own continuing conversion as the powerful word of God's Spirit in and through us." Hierdie transformasie verander mense, maar neem hulle ook in diens.

Hierdie gedagtelyn is reeds in Root (2014b:104) se gedagtegang gesien. Dit is juis die Gees wat mense in God se aksie intrek en op die manier mense in God se bediening intrek. Die gemeente behoort dus 'n ruimte te wees waar die Gees se werking sigbaar is. Daarom kan gesê word dat die agogiese moment in die pastorale optrede, soos wat Firet (1982:131-176) daarna verwys, teologiese dryfkrag gee aan jeugbediening, maar ook aan alle ander bedieninge.

Binne hierdie vergadering van mense wat deur hulle roeping verander is, is voortdurende verandering volgens Nel (2018:91) die normale. Roeping verander geroepenes tot dissipels in die koninkryk van God. Die vergadering van geroepenes is die mense in transisie. Met die skepping van die gemeente skep God dus 'n agogiese ruimte – 'n ruimte waar verandering onder leiding van die Heilige Gees die normale is. Hier is groei die aanvaarde beginsel. Die mense wat nie groei nie, wat omdraai, sit en dieselfde bly – dis hulle wat hier ontuis behoort te voel. Nêrens behoort mense wat verander so tuis te voel soos in die gemeente nie. Bekering in die kategetiese sin behoort hier die mees normale saak onder die son te wees.

Die gemeente is dus nie net 'n plek waar mense bymekaar kom nie. Die agogiese ruimte gee spesifieke definisie aan wat binne hierdie ruimte gebeur: fasilitering van groei en verandering. Dit is die plek waar mense gevorm word om al meer aan die beeld van Christus gelyk te word (2 Korintiërs 3:16-18), of om Allen & Ross (2012:21)

se woorde te gebruik: "the process of Christians being formed, transformed and conformed to the image of God."

Myers (1987:35) verwys ook na die rol van ouer lidmate as dit kom by hierdie veranderingsproses: "[G]uarantors […] who [are] appropriately anchored in adulthood but who will walk with youth on their journey. Guarantors share the burden of the journey, help read the road maps and offer encouragement." Om te verander het mens ander mense op jou pad nodig. Jy het verseker wat Nel (2018:93) die Gans Andere noem, nodig, maar ook die ander wat deur Hom verander is en steeds besig is om te verander. Hulle is nie noodwendig beter leerders of dissipels nie, maar hulle is langer al leerlinge op die pad waar geleer word hoe om die lewe in oorvloed te leef en hoe om as God se gestuurdes in hierdie wêreld te leef. Cannister (2013:117) beklemtoon die onontbeerlike rol van medegelowiges op die geloofsreis:

> Transformation happens most deeply in the lives of teenagers when they are engaged in the broader life of the church and connected to a network of caring adults. This is not meant to minimize the role of student ministries, which are the launching pads of adolescent faith transformation. Nothing is more reflective of healthy student ministries than students who launch into the full and robust life of the church. In order for this to happen, though, the broader church must be prepared for and committed to receiving teenagers into its midst by valuing them for who they are and allowing them to contribute to the whole life of the church. This is a very countercultural perspective, as few institutions embrace the notion of allowing students to contribute to the adult world.

Hierdie verandering is nie net gerig op mense binne die gemeente nie. God se gerigtheid in, met en deur die gemeente en daarom jeugbediening is altyd ook missionaal gerig op die wêreld. Die gemeente groei sodat ander, ja, die hele Skepping kan word wat God dit bedoel het om te wees. Hierdie verandering mag nooit net 'n vertoning voor die wêreld wees nie, maar wanneer dit verandering is wat deur die Gees bewerk word, het dit impak in die wêreld ook.

Twee werklikhede in 'n gemeente staan altyd volgens Nel (2018:94; cf. ook 2001b:25) in 'n kreatiewe spanning tot mekaar. (i) Die dinamika van die snel veranderende jeug, wat die vraag aan die gemeente vra of hulle nog enigsins 'n agogiese ruimte of model vir hulle is. (ii) Die gemeente aan die ander kant as agogiese ruimte en hopelik goeie voorbeeld, vra ook aan die veranderende en veranderingsoekende jeug: kom verander binne hierdie ruimte van die Gees en saam met ons in wie Hy woon en aan

wie ons al meer gelykvormig word (2 Korintiërs 3:18); kom word saam met ons, hoe langer hoe meer, meer effektiewe verteenwoordigers van God op aarde. Dit bring ons onmiddelik in die speelveld wat bekend staan as gemeentekultuur. Dit op sigself is ’n studieveld op sy eie. ’n Gemeentekultuur is volgens Martinson, Black & Roberto (2010:50) vir die kerk wat die siel vir die menslike liggaam is. Hulle verduidelik hierdie stelling soos volg:

> It is an overall life force that the Holy Spirit uses to give energy, personality, and uniqueness to everything a body of believers says and does. Church culture influences everything you do. It colors the way you choose and introduce programs. It shapes how you select and train leaders. Your culture is the lens through which you view your life. If you change the lens, you change your outlook. Change the culture, and everything else changes, including the future.

Wanneer jeugbediening hierdie basisteoretiese vertrekpunt ernstig opneem, word hierdie bediening (as deel van die totale bediening) verplig om wat Osmer (1992:15) as doel van jeugbediening noem: “to create a context in which faith can be awakened, supported, and challenged.” Op die manier skep die gemeente agogiese momente binne die gemeente as ’n agogiese ruimte waar ’n koninkrykskultuur in aanraking kom met jongmense. Jeugbedienings sal dus moet besef dat hulle nie op hul eie kan funksioneer los van die res van die gemeente nie en dat ’n gemeentekultuur of in samewerking met die hele gemeente geskep behoort te word waar laasgenoemde gedagtes deel uitmaak van die gemeente se kultuur.

Noudat jeugbediening binne ‘n Bybelse raamwerk onder die oog geneem is, kan oorsigtelik gekyk word hoe die huidige praktyk van jeugbediening ontstaan het.

## 3.4 Historiese oorsig oor jeugbediening

### 3.4.1 Jeugbediening betreklik jonk

Mens is soms verras wanneer jy hoor dat sekere gebruike, gewoontes of tradisies wat in ’n kultuur funksioneer nie eintlik so oud is nie. So skryf Root (2007:25), dat hy eers in 2006 vir die eerste keer gehoor het dat Kersvader (soos hy vandag bekend is met sy rooi en wit pakkie en lang wit baard) eintlik ‘n uitvinding van die Coca-Cola maatskappy was in die 1930’s. Mens sou kon dink dat die tradisie al vir eeue bestaan. Net so is jeugbediening, soos dit vandag bekend is volgens Root (2007:25) as ouderdomspesifieke bediening aan die jeug, eintlik maar nog betreklik jonk. Natuurlik

het die jeug altyd 'n betekenisvolle rol in die samelewing gespeel en het die kerk ook nog altyd gepoog om haar geloof oor te dra na die jeug. Jeugbediening is egter niks ouer as die laat negentiende eeu nie.

### 3.4.2 Jeugbediening gebore uit die besorgdheid vir verwaarloosde kinders

Die eerste wortels van jeugbediening kan teruggevind word kort na die Industriële Revolusie. Corbett en Johnson (1972:3) verwoord dit soos volg: "The term 'youth work', or 'youth ministry' came into being after the Industrial Revolution of the nineteenth century. Before this the congregation was a family organization with very few activities for specific age groups."

Na die Industriële Revolusie het kinders en jongmense volgens Nel (2018:178; cf. ook Nel 2001b:51) vir die eerste keer in die geskiedenis in groot getalle na die groot stede gestroom en buite hulle ouerhuise geleef en gewerk. Hierdie omstandighede was nuut en vreemd vir die kerk. Dit was dus nie die kerk wat hierdie verwikkelinge as geleenthede gesien het nie, maar individue wat die inisiatief geneem het. Volgens verskeie navorsers (Senter 1992:56; Cannister 2001:79; Root 2007:30; Nel 2001b:51) word Robert Raikes, wat in 1780 uit sy besorgdheid vir verwaarloosde kinders in die strate van Londen die Sondagskool-beweging gestig het, allerweë beskou as die persoon wat 'n eerste jeugbediening begin het. Sy doel was om hierdie kinders en jongmense in lees- en skryfvaardigheid te onderrig en basiese maniere en morele waardes te leer. Hierdie beweging het 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling van jeugbediening rondom die hele wêreld en ook in Suid-Afrika.

Dit is onmoontik om 'n presiese historiese verloop van die ontwikkeling van jeugbediening saam te stel. Daarvoor is historiese navorsing nodig. Daar is wel verskeie navorsers wat die ontwikkeling van jeugbediening in hulle onderskeie lande in groter detail nagevors het en opgeteken het. Wat hier volg is daarom eerder die aanhaal van hierdie navorsing om sodoende gebeure en werk van organisasies, wat na die oordeel van die navorser kan dien as bakens op die pad van die ontwikkeling van jeugbediening soos dit vandag in Suid-Afrika beoefen word, uit te lig.

### 3.4.3 Sendingontwaking gee stukrag aan jeugverenigings: Invloed uit VSA

Die Amerikaanse kerke het dieselfde probleme van verstedeliking en die koms van moderniteit beleef soos in Europa. Hulle het volgens Root (2007:30) besluit om Raikes se programme uit Engeland te implimenteer. So het die Sondagskool-beweging die eerste duidelik onderskeibare bediening aan die jeug in Amerika geword in die middel van die negentiende eeu. Die inhoud en doel van die Sondagskool sou gou verander. Root (2007:30) veduidelik soos volg:

> The uniquely evangelical flavour of American religious life following the two Great Awakenings eventually modified the Sunday School. Discarding its educational emphasis and replacing it with an objective of converting young people to Christ. The Sunday School became a program for youth evangelism.

Die groot sendingontwaking vanaf 1787-1830 oor die wêreld heen, het volgens Nel (2018:179; cf. ook 2001b:51) ‘n groot rol in die totstandkoming van ook ’n hele reeks ander jeugverenigings gespeel.

Soos wat verstedeliking gegroei het, het dit duidelik geword dat die Sondagskool-beweging nie genoeg was nie. Groot getalle jongmense was nou vêr weg van hulle ouerhuise. Volgens Root (2007:31) is die “Young Men’s Christian Association” en die “Young Women’s Christian Association,” wat volgens Cannister (2001:79) in 1844 in Engeland gestig is en in 1851 aan Amerika bekendgestel is, daargestel om veilige, beskermende ruimtes vir jeugaktiwiteite vir die jongmense te bied. Aan die begin was die bedoeling van hierdie vroeë jeugbedienings tweevoudig: om Christelike toewyding te handhaaf en te versterk en om jongmense te beskerm teen die bedreigings van die onheilspellende stadslewe (Root 2007:31).

Hierdie en ander verenigings en nie die kerk nie, het in die negentiende eeu en vir ’n groot deel van die twintigste eeu jeugwerk onderneem. Dit is ook om hierdie rede dat Neufeld (2002:195: cf. ook Kopp 43-44) aandui dat, buiten in die Katolieke kerk, jeugbediening begin het om in kerke in te kom deur eksterne groepe soos klubs, die sogenamde “summer camps” en sport:

> While parachurch campus ministries such as Youth for Christ (YFC), Young Life (YL), and Fellowship of Christian Athletes (FCA) were founded in the mid-twentieth century, their programs became powerful models for the churches of North America in the 1970s. Many congregations saw the success of these agencies, particularly in the areas of evangelism and fellowship, and began to pattern

> ministries after them. Thus, churches began to hire young charismatic leaders who were gifted in leading adolescents. Many YFC, YL, and FCA workers took full-time positions in churches, and youth ministry became a serious profession.

### 3.4.4 Verhoudingsgerigte en professionele bediening

Die opkoms van die hoërskool, speel ook volgens Root (2007:32) 'n baie groot rol in die ontwikkeling van jeugbediening - spesifiek in die VSA. Kinders bly baie langer in hulle ouerhuis terwyl hulle in die skool is, maar hulle spandeer baie minder betekenisvolle tyd saam met hulle ouers. Root (2007:32) beskryf dit soos volg:

> Whereas in the decades of agrarianism and apprenticeships, young and old worked side by side and skills were passed on through working together, in the high school young people spent most meaningful hours with their peers, away from the work of parents and other adults.

Die gevolge hiervan het volgens Nel (2018:180) 'n baie belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van jeugbediening. Root (2007:32) haal Ueda aan wat die gevolge soos volg omskryf:

> The high school institutionalized the peer society .... The high school also insulated the peer society, thereby strengthening its ability to discipline its members. Away from parents, away from the church, and away from the workplace, high school students felt pressure to conform to the standards of the group.

Dit is hierdie gevolge wat die skool op jongmense het, wat volgens Nel (2018:180) 'n kritiese rol in die ontwikkeling van jeugbediening gehad het. Root (2007:34, note 23; cf. ook Nel 2018:180) gaan so vêr as om te sê: "it must be recognized that without the high school, the concept of adolescence as a distinct stage of life would never have come to be."

Verskeie navorsers (Senter 1992:93; Osmer 1996:7; Neufeld 2002:194-205; Clark 2001:82; Root 2007:33; Kopp 2010:42 en Nel 2018:180) verwys na die sielkundige G. Stanley Hall, wat in 1904 (sommige [Senter, Neufeld en Kopp] dui aan dit was 2005) 'n twee-volume werk oor die ontstaan en eienskappe van adolessensie geskryf het. Dit was Hall se refleksie op sy ervarings wat hom daartoe gelei het om te beweer dat die persone wat in die hoërskool is nie meer kinders is nie en ook nog nie volwassenes nie, maar wel adolessente. Die tydperk van adolessensie, waar jongmense tussen kind-wees en volwassenheid vasgevang is, verduidelik Hall, was biologies bepaal as 'n tydperk van spanning en angstigheid. Om hierdie rede bevestig Hall dat

adolessensie wesenlik onderskeibaar is en hierdie onderskeiding sluit ’n geneigdheid tot angs in wat in jongmense se gedrag voorkom. Hierdie werke van Hall was baie invloedryk. Osmer (1996:6&7) help mense opnuut net weer verstaan dat adolessensie ’n relatief onlangse verskynsel is:

> The emergence of adolescence as a distinct stage in the life cycle is a relatively recent phenomenon. In large measure, it has taken place during the twentieth century and is the by-product of social changes related to advanced industrialization. Two factors in particular can be seen as contributing to its emergence: industrial mechanization and prolonged education .... The former displaced young people from the work force. The latter provided an institutional context in which they were given a new social role and set of psychological tasks.

Adolessensie, wat deur Kotesky (1991:42) as ’n kultuuruitvindsel en deur Root (2007:27) as ’n uitvindsel van moderniteit bestempel word, is volgens Osmer (1996:3-26) nie maar net ’n psigologiese lewensfase nie, maar ook ’n sosiale kategorie in die samelewing. Adolessensie dui volgens Nel (2001b:31-32) die tydperk tussen puberteit en volwassenheid aan, maar het tot en met die agtienhonderds net verwys na ‘die een wat groei’. Daar was dus vir baie lank geglo dat daar nie ’n tyd tussen pubertyd en volwassenheid is nie. Pubertyd was die begin van volwassenheid. Adolessensie is in hierdie verband gesien as die nuwe tyd tussen biologiese volwassenheid en sosiale volwassenheid.

Dit is hier van belang om te verwys na die navorsing van Kirgiss (2015:21), wat bogenoemde stellings, dat adolessensie ‘n betreklik nuwe verskynsel is, uitdaag:

> There is general agreement among sociologists and developmental psychologists that adolescence is new and that before the late nineteenth century there was not a recognized stage of life that came between childhood and adulthood. No in-between. No coming-of-age as a process […] Childhood. Adult roles. Puberty. Adulthood. Declaration of Independence. It’s all so very neat and tidy – but not true.

Kirgiss (2015:48) is van mening dat adolessensie volgens die mediese geskiedenis so vêr teruggevoer kan word as 1250 tot 1500 nC. Dit neem volgens Nel (2018:128) niks weg van dit wat aangaande adolessensie geleer is as ’n sosio-ekonomiese-en-kulturele verskynsel, wat net meer as 100 jaar terug beskryf is nie.

Dit is ook gedurende die einde van die 1800's en begin van die 1900's en veral na die tweede wêreldoorlog wat beide die probleme en moontlikhede van moderniteit vir die eerste keer deur individue op 'n selfbewuste manier ervaar is.

Moderniteit het oor tyd heen die samelewing, die kultuur en die opvoeding heeltemal verander. Die koms van die moderne samelewing het nie net nuwe instellings soos skole daarmee saamgebring nie, maar ook nuwe korporasies en die sogenaamde "nuclear family." Dit het 'n nuwe wêreld binne die ou wêreld laat ontwikkel met goeie en slegte gevolge. Root (2007:30) maak die gevolgtrekking dat jeugbediening in Amerika verstaan kan word as 'n skepping van evangeliese Protestantisme in reaksie op modernisasie: "Fearful that their children would be swept away by the currents of modernization, conservative Protestants gave direct ministerial attention to the emerging cohort called adolescence."

### 3.4.5 Jeugbediening in Suid-Afrika

In Suid-Afrika het jeugbediening min of meer dieselfde lyne gevolg as internasionaal (Nederland, tot 'n groot mate Duitsland en die Verenigde State van Amerika) met enkele uitsonderings. Hieroor merk De Villiers (1957:123) op dat met die volksplanting in Suid-Afrika,die voorvaders, wat hul kerklike voorskrifte van die Klassis van Amterdam ontvang het, die patroon van die Hervormde Kerk van Holland oorgeplant het na die nuwe stigting. Volgens Greyling, soos cf. ook Nel (2018:191; cf. ook Nel 2001b:53 en 1982:85ev.) was daar meer gemeentelike betrokkenheid van die begin af. So is die eerste Sondagskool in Suid-Afrika in Mei 1844 deur 'n predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Kaap, ds. A. Faure, vanuit sy gemeente gestig. Voor die stigting van 'n Sondagskool in Suid-Afrika was daar reeds 'n inheemse stelsel van godsdiensonderwys, waarby die kerk baie nou betrokke was. De Villiers (1957:125) bevestig hierdie gedagte en voeg daaraan toe dat die kerk en die skool baie naby mekaar gestaan het. In die eerste periode van die koloniale era, was die kerkorde van Dordt volgens Vorster soos cf. ook Nel (1982:85) die 'geldige Kerkorde vir die Kaapse Kerk." Op grond hiervan maak Greyling, soos cf. ook Nel (1982:85-86) die gevolgtrekking dat, op voetspoor van Dordtrecht, die kategetiese onderrig van kinders hoofsaaklik verskuif was na die skool en die ouers en dat daar van onderwysers katkiseermeesters gemaak is. Tog moet hier ook opgemerk word dat die

skool op daardie stadium volgens Greyling, net soos in Nederland, byna geheel en al in diens van die kerk gestaan het. Die kerk was dus van vroeg af aan direk betrokke by kategetiese onderrig.

Die feit dat die eerste Sondagskool, los van die skool, in die Nederduitse Gereformeerde Kerk deur ’n kerkraad begin is, was waarskynlik ’n beginpunt van ontwikkeling wat daarvoor gesorg het dat die Sondagskool nie as ’n selfstandige en onafhanklike vereniging langs die Nederduitse Gereformeerde Kerk ontwikkel het nie. Greyling, soos cf. ook Nel (1982:87), stel dit so: “Die vreemde stroom sou nie vir hom ’n eie bedding baan nie, maar gekeer word in die reeds bestaande inheemse bedding van die stelsel van katkisasie.”

Die heel belangrikste van die jeugbewegings wat in Europa en Amerika gefunksioneer het, het volgens Nel (2018:181; cf. ook Nel 1998:52-53 en Nel 1982:93-98) uiteindelik ook hul weg na Suid-Afrika gevind. Die YMCA, wat in 1844 in Londen gestig is en in 1851 in die VSA en Kanada en in 1853 in Nederland begin is, het in 1874 in Suid-Afrika begin. Twee welbekende organisasies, wat ook hulle wortels in die VSA het, is volgens Kemp, soos cf. ook Nel (1982:93) aan die einde van die 19de eeu in die Kaap gestig: Die Christeike Jongeliede Vereniging, met as doel om: “elkanders en anderen geestelijk en zedelijk welzijn te bevorderen”, was in 1874 deur Prof. Hofmeijer gestig (Terblanche soos cf. ook Nel 1982:93). Die Christelike Strewers, met as leuse: “vir Christus en die kerk” en as doel: “om ’n ernstige en praktiese Christelike lewe te bevorder en mekaar onderling daartoe te help,” is in 1887 deur dr. Bliss in Wellington gestig (Terblanche, soos cf. ook Nel 1982:94). In 1894 is ook die Christian Endeavour Union, met dr. Andrew Murray as eerste president, gestig.

Die Kerkjeugvereniging in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, het uit laasgenoemde twee verenigings in 1951 ontstaan. Die Kerkjeugvereniging is deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die lewe geroep as ’n vereninging van en vir die kerk, waarin die jeug hulle inisiatief en selfaktiwiteit vryelik aan die dag kon lê en ontwikkel in ooreenstemming met die bepalings van die grondwet. Dit is ’n verdere beklemtoning van die feit dat die kerk intensioneel hierin betrokke was. In 1974 is ‘n grondbrekende verslag en aanbevelings by die Algemene Sinode van die NG Kerk aanvaar. Hierdie verslag het aanbeveel dat die kerkvereniging sal ophou om ‘n vereniging met sy eie

lidmaatskap te wees en dat die lidmaatskap van die gemeente (wat by die doop verkry word) die enigste vereiste sal wees om aan die vereniging te behoort en betrokke te wees. (Agenda Algemene Sinode, 1974; ook cf. ook Nel 2018:191).

Soos gesien in die vorige paragraaf, was ook die jeugverenigings in Suid-Afrika nooit regtig los van die kerk, soos wat die geval in ander lande was nie. Nel (1982:95) haal Terblanche aan wat sê: "In Suid-Afrika kan nie van jeugbewegings in die ware sin van die woord gepraat word nie. Reeds sedert die begin van die Christelike jeugverenigings in Suid-Afrika was die verenigings meer jeugsorg van die Kerk as bloot jeugvereniginge."

### 3.5 Jeugbediening binne 'n veranderende konteks


In meer as een opsig is ons leefwêreld en die manier hoe mense dink en optree volgens Nel (2018:99) mede-bepalend van wie hulle is. Hy verduidelik hierdie stelling soos volg:

> Each one of us is born into a local context, which is influenced by the culture of our parents and their parents and their parents and no one can escape this, as coming into this world is not decided or determined by oneself. We were 'made' by cultural human beings.

Hierdie realiteit, verduidelik Nel (2018:100) verder, word nog meer kompleks wanneer die menigte invloede op kulture en die baie kulture opsigself ook nog in ag geneem word. Daar is 'n geskiedenis agter elke kultuur en elke kultuur word beïnvloed deur kontekstuele, nasionale en internasionale 'denksisteme' of paradigmas. Niemand kan dit vryspring nie. Daarom konkludeer hy: "So, we are being born 'influenced', people under cultural influence."

Wat is kultuur en hoe werk dit? Root (2007:152) haal Swidler aan wat kultuur soos volg definieer: "the publicly available symbolic forms through which people experience and express meaning." Tog beleef mense nie betekenis en gee ook nie uitdrukking binne kultuur opsigself nie, maar eerder deur verskeie sektore wat, as dit saamgevoeg word, as kultuur beskryf kan word. Betekenis word dus ervaar en uitgedruk wanneer mense leef as gesinslede, deelnemers van die ekonomie, burgers van 'n land en lede van godsdienstige groepe. Kultuur is volgens Antonio Gramsci, soos cf. ook Root (2007:152), nie 'n eenvoudige geheel nie, maar bestaan uit oorvleuelende sisteme wat

mekaar wedersyds binnedring en beïnvloed. Hierdie sisteme en sektore vorm dan volgens Root die struktuur van kultuur. Stackhouse, soos cf. ook Root (2007:152) benoem die vyf sektore wat dan die struktuur van kultuur vorm soos volg: die familie, die ekonomie, die politiek (hy noem dit government), die gemeenskap en godsdiens. Root (2007:153) noem hierdie vyf faktore “the field of cultural totality.” Die persoon in die skets op die volgende bladsy (Figuur 3.1) staan buite die “field of cultural totality.” Dit beteken nie dat individue buite die kulturele invloed staan nie (dit is nie moontlik nie), maar dit wil wys dat elke individu ’n eie subjektiewe ervaring van die ideologieë van bogenoemde vyf sektore het. Alhoewel elke persoon altyd binne hul kutuur opgesluit is, reageer mense op verskillende maniere binne hul kultuur.




**Figuur 3.1: Die wisselwerking tussen ’n persoon en die kultuur waarin geleef word**

Persone word ook nie net deur kultuur beïnvloed nie, maar het ook saam met ander ’n invloed op hul kultuur. Kollektiewe eenhede soos die stam of kulturele groep, buurt, gesin en gemeente (Root verwys hierna as “the person in four dimensions). Die persoon (vergelyk skets in Figuur 3.1) het dus ’n vormende effek op kultuur deur hulle praktyke en aksies. Hierdie aksies en praktyke van kulturele betrokkenheid is strategies en word meestal binne hierdie kollektiewe eenhede aangeleer en geskep. Kultuur word dus nie net opgemaak uit sisteme of strukture nie. Dit bestaan ook uit agente, individue en groepe wat binne die kultuur leef en optree. Hierdie agente (individue en groepe) leef altyd binne kollektiewe eenhede. Hierdie kollektiewe eenhede het hul eie gedeelde gereedskapskis (tool kits) wat hulle gebruik wanneer hulle binne die kultuur leef.

Hierdie gereedskap is en word op sy beurt gevorm deur belangrike gebeure of stories en mites van die kollektiewe groep wat probeer sin maak het uit die kultuur en sy vyf sektore (vergelyk skets in Figuur 3.1 vorige bladsy). Hierdie kollektiewe eenhede verskaf verder inligting aan alle lede oor hul geskiedenis, wat op sy beurt ’n lens bied waardeur na die vyf sektore gekyk word en strategieë bied oor hoe om met die ideologieë van die vyf sektore om te gaan (vergelyk skets in Figuur 2.6).

Verhoudingsgerigte jeugbediening (na die oordeel van die navorser behoort dit alle jeugbediening in te sluit) kan volgens Root (20017:164) net betekenisvol gedoen word wanneer die kompleksiteit van die persone met wie gewerk word (Root se “person in four dimensions”) en hulle kultuur (Root se veelvuldige lae van vyf sektore) verstaan word. Hierdie benadering sal help om nooit uit die oog te verloor dat die jeug meer is as mense met ’n vrye wil wat maar net moet kies of nie wil kies om ’n geloofsverbintenis te maak of gesonde gedrag te beoefen nie. In plaas van laasgenoemde simplistiese beeld leef die adolessent (en alle jeug – invoeging deur die navorser) as ’n ingewikkelde vier-dimensionele persoon binne ’n omgewing van veelvuldige kulturele kragte.

Hierdie kulturele realiteit is veral vir jeugbediening ontsettend belangrik om in ag te neem. Nie net is die bestaan van adolessensie ’n produk van die veranderde sosiokulturele omstandighede aan die einde van die 19de en begin 20ste eeu nie (soos gesien in paragraaf 3.5), maar die jeug se bewustheid van kulturele beïnvloeding en hulle kritiese bewussyn is ook nog nie so goed ontwikkel nie. In die woorde van Dean (2010:27):

> Since young people’s cultural ‘screens’ and psychological defense mechanisms are not yet fully formed, they are remarkably open to context, and are typically the first to feel tremors of cultural shifts.

Dit is daarom noodsaaklik dat jeugbediening daartoe verbind is om wat Mueller (2016:133) noem ‘studente van die kultuur’ te wees.

Dit is verder ook belangrik om daarop te wys dat teologie in sy wese met kultuur te make het. In hierdie verband maak Root (2011) die volgende belangrike opmerking: “In essence, theology is always contextual because it must engage its context’s response to the crisis of reality itself ....” Richter, (2001:64) haal vir Beaudoin aan wat

aandui dat teologie en kultuur altyd direk met mekaar in verband staan: “Theology has to do with culture because theology has to do with living religiously, which always takes place within culture.” Om in verhouding met God te leef het dus altyd ’n kultuur-dimensie – om as gelowige te leef in die tyd en plek waar ’n persoon hom of haar ook mag bevind. Net soos wat hermeneutiek moeite doen met die konteks van die teks, net so doen praktiese teologie moeite met die konteks van die mense met wie God op pad is.

Die inkarnasie van Jesus Christus het hierdie saak volgens Richter (2001:74) kom onderstreep toe Jesus Christus mens geword het en daardeur ’n menslike liggaam aangeneem het in ’n spesifieke tyd en plek. Jesus het sy boodskap kultuurrelevant gebring in en vir die tyd waarin Hy geleef het. Dit wys volgens Richter na ’n tweede funksie van geïnkarneerde Christenskap: die Christelike geloof relativeer in ’n sekere sin elke kultuur waarin dit aangeneem word en beskou geen spesifieke kultuur as meer spesiaal as ’n ander nie. Hier noem hy die voorbeeld dat die Bybel, vir Christene, anders as die Koran vir die Moslems, in enige taal vertaal kan word (God praat in alle tale) en dat enige plek op aarde vir Christene, anders as Mekka vir die Moslems, ’n heilige ontmoetingsplek kan word waar God se teenwoordigheid ervaar kan word (God kan ontmoet word op enige plek binne alle kulture).

Dit kerk is volgens Kopp (2010:xvii) geroep om die evangelie aan te pas by (die navorser wil eerder sê ‘te vertaal vir’) die kultuur. Die kerk moet verder volgens hom ook die jeugkultuur verstaan, daarmee werk en die evangelie daarbý aanpas om die jeug effektief te bedien.

Richter (2001:64) maak die invloed van kultuur duidelik verstaanbaar. Hy gebruik ’n eenvoudige metafoor om hierdie verandering te verduidelik: “We swim in our culture the way fish swim in water – it surrounds us so closely that we barely notice it affecting the ways we move through the world.” Kultuur het dus ’n daadwerklike invloed op elke mens. Dit verander mense oor-tyd-heen.

Wanneer daar na die kulturele neigings (trends) gekyk word, is dit nodig om eers te begin by internasionale en nasionale denkpatrone of paradigma’s. Hierdie

denkpatrone of paradigma's ontstaan hoofsaaklik as gevolg van ontwikkeling in die breedste sin van die woord.

### 3.5.1 Postmodernisme as 'n kulturele paradigma

Die paradigma van postmodernisme is volgens Nel (2018:101) baie kompleks en steeds aan die ontwikkel. Dit is die derde periode oor die bekende geskiedenis waarin onderskeibare denkpatrone ontwikkel het. Mueller (2006:58-62) beskryf hierdie drie onderskeibare periodes as: (i) Die pre-moderne era, wat van die begin van tyd tot rofweg 1700 n.C. geduur het, waarin mense geglo het in 'n bonatuurlike ryk of soos Kopp (2010:1) dit verwoord: "the universe was the playground of the gods or God." (ii) die moderne era, het in aanvang geneem min of meer rondom die 1700's. Kopp (2010:8) praat van rofweg die 1500's tot ongeveer die 1960's. Die bonatuurlike ryk van die vorige era is baie krities bejeën tydens die moderne era en vervang met die menslike rede en logiese ondersoek; Nel (2018:103) beskryf dit soos volg: "modern thinking does not believe or trust anything that cannot be scientifically proven." (iii) die post-moderne era, het as 'n gewilde beweging momentum in die Weste gekry in die 1960's. Dit het volgens Kopp (2010:8) ontstaan as 'n reaksie op die moderne era. Nel (2018:103) beskryf dit soos volg: "postmodern thinking is open to the uncertainty of not knowing."


Dit is belangrik om te onthou dat die presiese oorgang van een denksisteem of paradigma na 'n volgende nie presies in die geskiedenis bepaal kan word nie, want dit geskied geleidelik. Verder is dit ook belangrik om op te merk dat wanneer 'n nuwe denksisteem of paradigma begin, sleutel-eienskappe van die vorige era steeds teenwoordig is in die volgende era (Kopp 2010:1).

Die navorser stem saam met Nel (2018:101; ook cf. ook 2001b:47) dat Suid-Afrika heel waarskynlik tot en met 1994 nie regtig deur die postmoderne denksisteem beïnvoed is nie. Dit mag selfs wees dat 'n groot deel van modernisme eers na 1994 in Suid-Afrika begin wortel skiet het en dat dit dikwels verwar word met postmodernisme. Hiervan moet deeglik kennis geneem word.

In die res van hierdie paragraaf gaan nou meer gefokus word op die postmoderne denksisteem en die invloed wat dit op die mense van hierdie era uitoefen.

Schneiders, soos cf. ook Kopp (2010:11), dui aan dat postmodernisme primêr gekarakteriseer word deur die verlies aan ’n eenheidswêreldbekouing en die gevolglike fragmentasie van die werklikheid op elke vlak. In ’n boek met die titel “Postmodern,” gee Jones en mede-outeurs (2001:26-27; cf. ook Neufeld 2002:194 & Nel 2018:104) ’n lys credo’s waarin hulle die postmoderne denke probeer opsom: (i) “Objectivity is out, subjectivity is in,” (ii) “Question everything,” (iii) “There is no Truth with a capital ’T’,” (iv) “Tell stories,” en (v) “Never make lists!”

Nog ‘n hulpmiddel om iets van die post-moderne denksisteem beter te verstaan, is Jones en mede outeurs (2001:29, 31-37) se voorstelling (Figuur 3.2), waarin hulle die verskille in waardes van modernisme teenoor die van postmodernisme grafies voorstel. Hierin kan ook duidelik gesien word dat postmodernisme eintlik reaksionêr is teenoor modernisme.




*Source:* Jones (2001:29, 31-37).

**Figuur 3.2: Verskille tussen modernistiese- en postmodernistiese waardes**

In een van die publikasies van Mueller (2006:62-77) gee hy elf onderskeidende kenmerke wat verder daarmee help om postmodernisme beter te versaan:

- stories en woorde is ’n magsgreep;
- gebruik gevoelens en nie rede nie;
- omarm morele relativisme;
- vier pluralisme;
- omarm diversiteit en toleransie;
- vervang onsedelikheid met amoraliteit;
- bevorder ’n pynlike pessimisme;


- vervang hoop met wanhoop;
- ontwikkel 'n verlange na verhoudings en permanensie;
- bevorder belangstelling in spiritualiteit;
- laat vaar die Christendom; en
- beskou die Christelike geloof as een van 'n verskeidenheid.

Nel (2018:106) verwys na Peter Drucker wat aandui hoe die samelewing elke paar honderd jaar in die Westerse geskiedenis 'n drastiese transformasie ondergaan. In Drucker se eie woorde:

> Within a few short decades, society rearranges itself – its worldview; its basic values; its social and political structure; its art; its key institutions. Fifty years later, there is a new world. And the people born then cannot imagine the world in which their grandparents lived and into which their own parents were born. We are currently living through just such a transformation.

Volgens die navorser is tegnologiese ontwikkeling op dieselfde wyse besig om tans ook weer 'n soortgelyke verandering teweeg te bring. Wat egter vir hierdie studie belangrik is, is die invloed wat al hierdie verandering op menslike gedrag en spesifiek die jeug se gedrag uitoefen.

In hierdie opsig poog Rabey (2001:39) om die implikasies van postmodernisme te beskryf, en gee 'n opsomming van die verandering wat postmodernisme teweeg gebring het (vergelyk Figuur 3.3).




**Figuur 3.3: Rabey se opsomming van die oorgang van modernism na post-modernisme**

Neufeld (2002:194) gee 'n algemene lys van karaktereienskappe van die kultuur onder die denksisteem van postmodernisme wat in die volgende woorde omskryf word:

sekularisme (Die lewe kan eintlik sonder God geleef word [Nel 2001b:42), pluralisme, relativisme, eksistensialisme, individualisme en materialisme.

Jeugbediening moet hierdie postmodernistiese denksisteem deeglik verstaan om jongmense wat daarin grootword, te begelei. Die navorser stem saam met Kopp (2010:88) dat die effek wat postmodernisme op die jeug het, beide ’n uitdaging en ’n seën is. Die postmoderne jeug is volgens hom baie meer bewus van minderhede en is baie meer tegnologies gevorderd; hulle erken die behoefte vir gemeenskap en sal minder uit eie keuse hulself isoleer; hulle het egter ’n samehangende narratief, wat die misterie van die heelal verklaar, verloor; hulle wil binne hierdie denksisteem graag in aanraking kom met die mistieke, maar sal nie enige persoon (selfs gesagsfigure) glo wat hulle wil wys hoe dit bereik kan word nie; hulle is konstant op soek na die volgende ervaring wat die mistieke aan hulle kan verklaar of meer eg kan maak eerder as om ander se woord vir die waarheid te aanvaar; hulle honger na leierskap, om verstaan te word en na gemeenskap. Hulle familiestrukture is deur egskeiding en besige skedules van hul ouers erg ontwrig.

Die geskiedenis van jeugbediening het volgens Kopp (2010:88) nog altyd gehandel oor die erkenning van die unieke karaktereienskappe en behoeftes wat die adolessente lewensfase bied, spesifiek ten opsigte van geloofsvorming. Om die rede is dit soveel te meer nodig dat die kerk nie haar identiteit en wat as waarheid ontdek is, opgee net om ’n appél te rig op postmodernisme nie. Effektiewe postmoderne jeugbediening pas daarom volgens Kopp (2010:89) die evangelieboodskap by die postmoderne kultuur aan terwyl dit geloofwaardig aan die boodskap van die evangelie bly. Jeugbediening mag daarom nie die evangelieboodskap afwater net om volgelinge te trek nie, maar wys juis hoe die evangelieboodskap resoneer in die diepste ervarings van die postmoderne jeug se harte. Op hierdie manier verskaf dit ervarings van geloof, gebed, aanbidding en diens wat die jeug help om self die waarheid van die die evangelie te ontdek.

Jeugbediening moet daarom volgens Kopp (2010:89-90) die plek wees wat veilige ruimtes skep vir vrae, selfs vir opstand maar ook troos en bemoediging. Die Christelike geloof is mos gebaseer op ervarings met die Verlosser, Jesus Christus. Die kern van hierdie geloof bring 'n mens altyd terug na ’n verhouding met God. Wanneer

jeugbediening dus met die besware van postmodernisme gekonfronteer word oor byvoorbeeld die bestaan van God, die waarheid van sy openbaring in die persoon van Jesus Christus, die feit dat hulle die Bybelstories afmaak as mites en wanneer hulle telkens wys op die korrupte geskiedenis van godsdiens, behoort 'n persoon telkens net weer terug te keer na ’n verhouding met God. Die rede daarvoor: dit is deur genade alleen wat Hy die mens gered het. Dit is deur hierdie genade dat Hy ’n verhouding met mense begin het. Dit is net deur genade dat hulle die misterie van God kan begin verstaan.

Nel (2018:109) gee drie voorbeelde wat jongmense universeel beleef as gevolg van postmodernisme, waarby die kerk se jeugbedienig juis kan aansluit om die evangelie te laat grondvat: (i) Hy verwys na Mueller (2006:93-96) se stelling dat *gebroke verhoudings* deel van die jeug se leefwêreld uitmaak en dat vervreemding moontlik hierdie gevoel van haweloosheid die beste beskryf. (ii) Hy verwys verder na Kelly se stelling dat *vervreemding* die draad is wat reg deur die tapisserie van vandag se jeugkultuur ingeweef is. Die woord wat Kelly gebruik om die universele gevoel onder jongmense te beskryf is 'verlorenheid' (“lostness”). (iii) Hy verwys na Jacober se stelling dat adolessente vandag eerstens *verlore* voel, wat hulle amper die ervaring gee van *verwerping*. Hierdie belewenisse dryf hulle om angstig te gryp na aanvaarding, lojaliteit en egte verhoudings.

Die kerk behoort volgens Armstrong (1987:38) hierdie nuwe realiteit as ’n uitdaging te sien om kreatief betrokke te raak by die huidige kultuur. Hy wys verder op die wonderlike geleenthede wat hierdie kultuur vir die geloofsgemeenskap bied om Christus se teenwoordigheid deur die krag van die Heilige Gees met integriteit uit te leef deur daar te wees vir hulle! Hy vervolg: “Just be there and let them experience that, in our being there with and for them, God is there – with them (through ‘us’), but that God is also existentially there!”

Dit is daarom jeugbediening se uitdaging om die jongmense, wat gevorm is deur modernisme en postmodernisme, binne ’n ‘agogiese ruimte” (3.5) te bring, waar hulle diep aangeraak kan word deur die Gees van God en sodoende ingetrek kan word in sy bediening in en deur sy liggaam (3.3). Dit is jeugbediening se taak om ’n postmoderne kultuur in aanraking te bring met ’n koninkrykskultuur.

Postmodernisme is nie die enigste kulturele invloed waarmee jeugbediening rekening moet hou nie. Daar is ook ’n verskeidenheid ander invloede.

### 3.5.2 Jeug as subkultuur

Die veranderinge in die geskiedenis wat die opkoms van adolesensie (4.4) volgens baie sosioloë en ontwikkelingsielkundiges tot gevolg gehad het en die modernistiese denksisteem (3.5.1) wat tot in die laat 1960’s in die vorige eeu dominant was, het waarskynlik direk daartoe bygedra dat die jeug en spesifiek adolessensie as ’n afsonderlike subkultuur ontwikkel het.

Wat is ’n subkultuur? As kultuur, soos wat Davies (1991:9; cf. ook Nel 2018:122 en Nel 2001b:29) daarna verwys, verwys na die bloudruk van gedrag, norme en waardes in ’n bepaalde samelewing of kultuur, dan verwys subkultuur na onderskeibare maniere van dink en doen, taal en simbole van ’n kleiner groep, byvoorbeeld die jeug, in die samelewing. Daar is dus kragte wat hierdie kleiner groep saambind binne ’n groter geheel wat moontlik dreig om die kleiner groep se identiteit te verswelg.

Alhoewel Smith (1998:118) oor die oorlewingsvermoë van die sogenaamde “Evangelicals” skryf binne die modernistiese tydsgewrig, som hy, na die oordeel van die navorser, die teorie van ’n subkultuur baie goed op: “Religion survives and can thrive in pluralistic, modern society by embedding itself in subcultures that offer satisfying, morally orienting collective identities which provide adherents meaning and belonging.” Die woord ‘Religion’ kan na die oordeel van die navorser vervang word met jeug, adolessente of enige minderheidsgroep.

Adolessensie as sosiale kategorie, het as jeugkultuur oor tyd heen ook die tipiese eienskappe van ’n subkultuur begin aanneem.

Volwassenes, wat veronderstel is om die adolessente te inisieer in die volwasse wêreld in, het volgens Nel (2018:131, 133; ook cf. ook Nel 2001b:33-34) nou ’n teenoorgroep geword. Die adolessente beleef volgens hom meermale die volwasse samelewing as vyandig. Dit is asof die volwasse samelewing vir hulle wil sê: “Bly uit ons ruimte uit solank as moontik.” Dit het in baie samelewings daartoe aanleiding gegee dat hierdie subkultuur van adolessensie meermale ’n antikultuur begin word

het. Adolessente het daarom vir hulle ’n eie kwasi-volwasse kultuur aangeneem. Dit is asof hulle vir die volwassenes wil sê: “By en saam met julle mag dit volgens julle eie reëls nie, of nog nie. Hier by ons en onder ons doen ons dit dan intussen sò: ons taal, ons waardes, ons modes, ons terme, ons godsdiens.”

Dit is onder andere om hierdie rede dat adolessente volgens Senter (2001:X) die kerkkultuur vreemd vind en selfs die kerk as “foreign land” beskryf. Die taal, gebruike, gewoontes, erfenis, musiekstyle en selfs die kontak tussen die verskillende generasies veroorsaak hindernisse wat jongmense ontmoedig en net soms kontak laat maak met die vreemde volwasse kerk. In ’n sekere sin is die grootste gros van jeugbedienings en jeugmodelle, volgens die waarneming van die navorser, slegs pogings om die evangelie relevant te maak vir adolessente en sodoende bogenoemde kritiek te probeer aanspreek. Dit wat adolessente ervaar behoort daarom deeglik aandag te geniet binne enige nadenke oor jeugbediening. Met die antikultuur in gedagte is dit ook verstaanbaar dat adolessente baie skepties staan teenoor ’n volwasse kultuur en as kinders van die modernisme en die postmodernisme ook skepties staan teenoor dit wat volwassenes aan hulle wil oordra. In hierdie opsig glo die navorser dat dit in Suid-Afrika nog meer die geval is, aangesien die ouers en volwassenes uit ’n apartheidsverlede kom, wat deur adolessente en jongvolwassenes gesien word as die oorsaak van die negatiewe omstandighede wat hulle tans ervaar.

Daar sal dus met groot omsigtigheid omgegaan moet word met hierdie skeptisisme en gevoel van vervreemding van adolessente (veral in Suid-Afrika) as daar enigsins beweeg wil word na intergenerasionele geloofsvorming. Dit sal alleen gebeur wanneer jeugbedienings deurgaans ag slaan op wat Root (2007:164) die invoed van kultuur (punt 5 en Figuur 3.3) mee opsom: “... the adolescent exists as a complicated four-dimensional person within a complex of multiple cultural forces.”

Volgens Nel (2001b:49) is dit histories gesproke veilig om te sê dat die jeugkultuur gewoonlik ’n bepaalde reaksie op die kultuur van die volwasse of ouergemeenskap is. Daarom sou mens in ’n mate kon verwag dat die volwassenes van vandag (die jeug van gister) die antikarakter van die jeugkultuur moes uitfaseer. Wanneer die jeug van gister die volwassenes van vandag word, gebeur daar egter ironies genoeg iets vreemds. Die nuwe volwassenes begin ook, miskien wel anders as hulle ouers, om

die simbole van volwassenheid te (her)definieer en te beskerm. Die antikarakter van die jeugkultuur plant homself sodoende voort.

Die jeugkultuur sit baie tendense op die tafel van jeugbediening waarmee beslis rekening gehou moet word, maar wat ook geleenthede skep wat benut kan word. Dean (2010:27-34) bespreek vyf sulke tendense wat sy kulturele uitdagings noem: (i) "A New Sense of place: The Challenge of Getting Grounded; (ii) A New Sense of Time: The Challenge of Changing Tempo; (iii) A New Sense of Stuff: The Challenge of Living Generously; (iv) A New Sense of Self: The Challenge of Branding; and (v) A Sense of Story: The Challenge of Telling the Truth."

Nel (2018:135-151) bespreek op sy beurt vyf sulke tendense wat hy karaktereienskappe van die lewensfase van adolessensie noem: "Emerging individuation; Confusion; The plural self; A sense of homelessness; Narcissism and A creative polar relationship."

Die geskiedenis van gesinne en gemeenskappe vertel volgens Nel (2018:152; cf. ook Nel 2001b:49) verhale waar die volwassekultuur en jeugkultuur vernietigend op mekaar ingewerk het. Vir hierdie studie is dit uiters belangrik dat hierdie twee kulture so begelei moet word, dat dit nie teenoor mekaar staan nie, maar eerder soos Nel daarna verwys, in 'n 'kreatiewe polêre spanning' moet funksioneer. Alhoewel adolessensie in 'n postmoderne era altyd krities en skepties is teenoor die heersende volwassekultuur, behoort hierdie twee kulture in gesprek te tree met mekaar. In gesprek daag die twee kulture, volgens Nel mekaar uit tot evaluering, korreksie en verryking. Elke kultuur het 'n storie en slegs in gesprek met mekaar word die storie gehoor, verstaan en waardeer.

Uit hierdie twee kulture wat in gesprek is met mekaar kom, volgens Nel (2018:152-153; cf. ook Nel 2001b:49), 'n verdere gesprek van die gekome en komende Ryk van God. Sò word die koninkrykskultuur gevorm, 'n kultuur waarby, waarin en waarmee die mens weer as vrymens kan leef en skep. In hierdie gesprek speel ouers (en die geloofsgemeenskap – byvoeging deur die navorser) 'n kritiese rol.

Hoe jeugbediening met hierdie uitdagings omgaan en die jeug begelei tot die vorming van 'n koninkrykskultuur kom nou in die fokus van hierdie studie.

## 3.6 Wat Jeugbediening beoog

In Osmer se “Reflective Equilibrium model” van vier take van Prakties-Teologiese interpretasie, is die derde taak, soos reeds in die eerste hoofstuk gesien, die normatiewe taak. Hier word die vraag gevra: Wat behoort te gebeur? Wanneer daar stilgestaan word by die vraag wat jeugbediening beoog, sal dit help om die normatiewe vraag te beantwoord.

### 3.6.1 Geen enkelvoudige doel

Wanneer mens in die literatuur oor jeugbediening lees, kom mens baie gou agter dat daar nie ’n enkelvoudige of eenduidende doel vir jeugbediening is nie. Daar is ook reeds uit die historiese oorsig gesien dat die aanvanklike doel en dryf agter die jeugorganisasies, waaruit jeugbediening ontstaan het, die handhawing en versterking van Chrisitelike toewyding en die beskerming van die bedreigings van die onheilspellende stadslewe was.

Daar is ook gesien dat jeugbediening en Christelike onderrig aanvanklik byna los van mekaar gestaan het en dat jeugbediening so half in ’n silo langs die kerk ontwikkel het met ’n meer evangeliese fokus en dat jeugwerk binne die kerk of gemeente ’n meer onderrigfokus gehad het. Daar is verder gesien dat jeugbediening later deel van die kerk se bediening geword het, maar dat dit met die oog op groter effektiwiteit meegebring het dat generasies van mekaar geskei is. Jeugbediening, en selfs onderrig, van die jeug is in ’n silo, in isolasie van die volwassenes in die gemeente, begin beoefen. Dit is hoofsaaklik hierdie manier waarop jeugbediening tans (1.2) vandag beoefen word wat in gedagte geroep word wanneer vandag na jeugbediening verwys word.

In hierdie verband merk Clark (2016b:7) op:

> For decades we have basically gone it alone, or felt that way, having been faithful when it seemed as if few others cared. But now we are beginning to discover that, while much good has been done in the name of youth ministry, in our zeal to encourage personal engagement and passionate commitment we may have offered both too little long-term support and meaningful missional empowerment. We have seen that faith is not a one-off commitment but rather a lifelong vocation to be joined along with fellow sojourners of today and yesterday. We have become more pointedly aware that the young need the church, and the church needs the young. We are growing up.

Clark (2016b:7) skryf verder dat persone wat met jeug werk vir etlike dekades al gepoog het om die doel van jeugbediening te omskryf:

> In the early years of para-church ministry's focus on adolescents, the goal was straightforward and the mission was clear: youth ministry is to make disciples of Jesus Christ. Embedded within this, however, is the implicit expectation that personal faith is all that matters. The basic understanding and framework of youth ministry in North America grew out of the tent revival season of the early 20th century,' where the mission was unashamedly focused on the individual, and the "decision" moment. These are the two hallmarks of youth ministry, albeit uniquely shaped by denomination and tradition, since the 1950s. As Mike Yaconelli of Youth Specialties often put it, 'Jesus and kids; that's who we are, that's what we do.'

Dit is spesifiek hierdie geskiedenis wat die grootste vormende effek op die denke en filosofie van jeugbediening en die doel van jeugbediening regoor die wêreld uitgeoefen het en steeds vandag nog doen.

Groei as doel word volgens Nel (2018:199) ook dikwels as motief in jeugliteratuur gevind. Hy verwys na Potts (1977:34-56), Schweitzer ([1987] 2010:252-259) en Cannister (2013:33-71).

Dinge het sedertdien egter radikaal verander. Die konteks in die wêreld, spesifiek ook in Suid-Afrika, het die afgelope drie dekades radikaal verander. Die snelle verandering in die konteks het volgens Root (2007:55) tot gevolg gehad dat daar fragmentasie in die jeugkultuur plaasgevind het. Hierdie fragmentasie het ook fragmentasie in die kerk tot gevolg gehad waarop die jeugbedienings van die kerk verskillend gereageer het. Dit is hierdie fragmentasie en die uitdagings wat 'n postmoderne wêreldbeeld op die kerk het, wat hierdie veranderings tot gevolg gehad het. Daar het ook 'n groeiende bewustheid ontstaan dat jeugbediening in 'n krisis is. Al hierdie redes het veroorsaak dat jeugbedienings vandag so radikaal van mekaar verskil. Neufeld (2002:194-205), merk in die verband op dat in die 1980's relatief min literatuur verskyn het oor jeugbediening en dat dit wat wel verskyn het, oor ontwikkelingsprobleme van die verskillende ouderdomsgroepe gehandel het. In kontras daarmee was daar 'n ontploffing in literatuur oor jeugbediening in die laat 1990's waar almal op een of ander manier iets wou sê oor die nuwe vorm wat jeugbediening moet aanneem om die kontekstuele uitdagings van die tyd aan te spreek. In Naufeld se eie woorde: "One

thing is clear from reading these new texts: youth ministry will never again have a common methodological approach as it did in the previous century."

Tog raak dit al duideliker wanneer mens die literatuur oor jeugbediening bestudeer, dat die rede hoekom jeugbediening in 'n krisis is (Nauhfelt [2002:19] gebruik woorde soos: "tumultuous, chaotic, and confused") en nie meer werk nie en daar gevolglik aanpassing in metodologiese benadering gemaak moet word, van mekaar verskil. Aan die een kant word daar klem gelê op die veranderde en steeds veranderende konteks en die gebrek om effektief na jongmense uit te reik binne die veranderde konteks (Clark 2001:79; Senter 2001:118-119) en aan die ander kant op die feit dat jeugbedienings dit nie regkry om jongmense effektief te begelei tot volwasse geloof nie (De Vries [1994] 2004:26). Daar word ook verwys na die uitvloei van jongmense uit die kerk uit of die onvermoë om jongmense in die kerk te behou, veral na skool of na opleiding (De Vries [1994] 2004:25; Kinnaman 2011; Dean 2010:9). Senter (2001:xiii) beskryf hierdie onderskeid soos volg: "One core issue in the discussion of youth ministry and the church is an examination of the relationship between fellowship and missiology."

### 3.6.2 Verskillende modelle in jeugbediening

Om te weet wat jeugbediening vandag beoog of behoort te beoog, is dit nodig om die verskillende modelle in jeugbediening van nader te bekyk. Hierin sal ook duidelik gesien word hoe daar op bogenoemde uitdagings die afgelope paar dekades gereageer is. Dit is egter onmoontlik om 'n volledige oorsig te gee oor jeugbediening en alle modelle in jeugbediening vandag, aangesien dit in soveel verskillende en diverse kontekste plaasvind (Nel 2018:321).

Senter (1987:239-269; cf. ook Clark 2001:109-124 en Nel 2018:322-328) kies om nie te fokus op die voor- en nadele van die verskillende modelle nie, maar dien as aanmoediging om uit die verskillende modelle te leer en die sterk punte as gereedskap en bronne te benut wanneer mense hulle eie unieke modelle ontwikkel. Senter bespreek nege modelle wat hy in sy navorsing onderskei het: Gemeenskapsmodel; Kompetisiemodel; Dissipelskapsmodel; Fundamentalistiese model; Gawe-ontwikkelingsmodel; Bedieningsmodel; Stedelike model; Jeugkleingroep-model en 'n Groeimodel.

Senter (1987:267) dui aan dat daar na sy oordeel drie redes is hoekom modelle misluk: (i) Die situasie is nie toepaslik nie; (ii) Die vermoëns en gawes van die jeugleiers is nie toepaslik nie; (iii) Die Heilige Gees mag besig wees om iets anders tot stand te bring wat nie deur die jeugwerker of deur die gemeente voorsien is nie.

Nash (2011:xvii) verwys na enkele van die kontekste waar sy self betrokke was: die kerk, die skool, plaaslike projekte, nasionale organisasies en nog ander. Binne elke konteks verskil die fokus en die waarde-basisse. Sy (Nash 2011:xviii) verwys na agt verskillende fokuspunte en koppel ook name en datums aan elk van die fokuspunte. Die fokuspunte wat sy uitlig is die volgende: “Mission-oriented” (Ward 1998) “or community ministry” (Morisy 1997); “Relationally oriented” (Ward 1998 en Root 2008); “Theological-oriented” (Dean 2004); “Church-oriented” (Al vier modelle wat in Senter se boek: ‘Four views of Youth Ministry and the Church’ bespreek word); “Spiritual practice-oriented” (Yaconelli 2006; Family-based De (Vries 2004 en Gardner 2008); “Value-oriented” (Fields 1998); “Cultural informed” (Savage *et al.,* 2006; Pimlott and Pimlott 2008 en Collins-Mayo *et al.,* 2010).

Haar poging is om haar lesers toe te rus om verskillende rolle op te neem in ’n veelsydige jeugbediening waarin die volgende omvattende waardes geld: God-gefokus; inklusief; bevrydend; herstellend; verlossend; bemagtigend en versoenend. Sy erken dat hierdie fokuspunte oorvleuel en nie so duidelik van mekaar geskei kan word nie.

Die navorser stem saam met Nash (2011:xviii) dat ’n veelsydige jeugbediening vandag eerder die antwoord is, maar fokus in hierdie studie op ’n inklusiewe model wat ‘n kombinasie van ’n kerk-georiënteerde en familie-georiënteerde jeugbediening is, wat beslis van die ander fokuspunte behoort te benut.

#### 3.6.2.1 Aktiwiteitsgebaseerd teenoor bedieningsgebaseerd

Die grootste meerderheid van kerke regoor die wêreld wil graag lewendige jeugbedienings hê, maar die grootste meerderheid van hulle wil hierdie gesonde jeugbedienings skep en onderhou vanuit pragmatiese behoeftes eerder as teologiese en eklesiologiese oortuigings (Clark 2001b:81). Alhoewel niemand ooit sal erken dat

hulle jeugbediening slegs daar is om hulle pragmatiese behoeftes te vervul nie, help Black se tweeledige onderskeiding tussen (fellowship and missiology) baie. Hierdie benadering bring 'n mens nader aan ’n meer teologies-verantwoorde en ekklesiologies-begronde jeugbedieningsmodel.

Daar mag dalk baie verskillende modelle van jeugbediening wees, maar hulle volg volgens Black (2001:42) hoofsaaklik een van twee benaderings: ’n *aktiwiteitsgebaseerde* benadering of ’n *bedieningsgebaseerde* benadering.

Die *aktiwiteitsgebasseerde benadering* is gebou op ’n reeks jeugaktiwiteite – ’n programbenadering wat op jeug gefokus is en poog om hulle by ’n kleingroep betrokke te kry, verhoudings te laat bou met ander jongmense en volwasse leiers en wat hulle redelik besig hou om hulle sodoende van sonde weg te hou. Hierdie bediening word normaalweg deur die kalender en die sakrekenaar geëvalueer. Die sleutelvrae is gewoonlik: Hoe baie? Hoe gereeld? Hoe groot? Hoe opwindend? Indien die antwoorde is: ‘meer as die vorige byeenkoms’, dan word gedink dat sukses gewaarborg is. Hierdie benadering het gewoonlik nie ’n duidelike doel of rigting waarop dit afstuur nie. Dikwels is daar wel ’n tema of oorkoepelende slagspreuk, maar die onderliggende doel is bloot net om meer jeug te trek, om meer dinge met meer geld te doen en om meer pret as die vorige keer te beleef. Van ’n oorhoofse doel is daar egter geen sprake nie.

Die *bedieningsgebaseerde benadering* is radikaal anders op sleutelpunte. Terwyl dit op die oppervlak dalk mag lyk of daar geen verskil is van die aktiwiteitsbenadering nie, begin die bedieningsbenadering vanuit ’n totaal ander posisie en het verskillende doelwitte in gedagte. Hierdie benadering groei uit die bediening van die kerk en is deurlopend direk verwant aan die doel van die kerk – van waaruit die jeugbediening se aktiwiteite, strategieë, befondsing en leierskap groei. Terwyl daar van dieselfde aktiwiteite gebruik gemaak word, het ’n bedieningsgebaseerde benadering ’n duidelike doel vir elke aktiwiteit: *die ontwikkeling van volwasse Christene in die kerk, nou en vir die toekoms.* Aktiwiteite wat atyd versigtig gekies word, mag dalk die beginpunt wees, maar dit is nooit die meetinstrumente waardeur jeugbediening beoordeel word nie.

Natuurlik poog ’n bedieningsgebaseerde benadering ook om die getalle te laat groei en jongmense betrokke te kry in die jeugbediening. Ongelukkig sien sommige jeugbedienings slegs daardie aspek raak en glo dat hulle ’n bedienings-gebaseerde benadering volg omdat hulle doel ook is om die getalle van die jeuggroep te laat groei. In werklikheid het hulle eintlik maar net geskik om jeugaktiwiteite te beplan en aan te bied, terwyl hulle hoop dat die jongmense op grond van hierdie aktiwiteite betrokke sal raak in die kerk.

#### 3.6.2.2 Verskillende beklemtonings

Neuveld (2002:194-205) dui aan dat daar te midde van kontemporere jeugkultuur en postmoderne bediening te veel style van bediening is wat ook baie oorvleuel, dat mens nie regtig kan praat van jeugbedieningsmodelle nie. Hy stel eerder voor dat die groot modelle geïdentifiseer en met mekaar gekorreleer moet word. Vir hierdie doel gebruik hy Senter (2001:xii-xviii) se kategorieë, wat hy opgestel het in sy boek: “Four views of Youth Ministry and the Church.” Senter wou hiermee die interne spanning en verskille tussen die verskillende beklemtonings in jeugbediening uitlig en daarmee saam ook seker maak dat die sterkpunte en gevare van elke model duidelik sigbaar word. Voor sy bespreking van die vier benaderings, wat in sy boek uiteengesit is, hou hy twee vrae voor: (i) Wat is die verhouding tussen geloofsgemeenskap en sending? en (ii) Behoort jeugbediening te fokus op die betrekking van adolessente in die huidige bedienings van die kerk of is hul taak eerder om hulle voor te berei om in die toekoms betrokke te wees in die kerk (of nuutgeplante kerk) se bediening (Senter 2001:xiii)? Hierdie twee vrae vorm volgens hom die grondbeginsels vir die vorming van enige jeugbedieningsmodel.

Tradisioneel het kerk-gebaseerde jeugbedienings primêr aandag gegee aan die opbou en toerusting van leiers binne ’n atmosfeer van geloofsgemeenskap (sentripetaal). Die para-kerklike jeugbedienings het weer op evangelisasie (sentrifugaal) gekonsentreer. Hierdie spanning word in die eerste vraag van Senter ondervang. Die terme sentripetaal en sentrifugaal is die eerste keer deur George W Peters (1972:21-22;52) in die konteks van ’n missionale benadering tot kerk-wees gebruik. Sentripetaal verwys na die soort aksies wat momentum na ’n sentrale punt toe trek [met ander woorde na persone binne die kerk]; sentrifugaal verwys na die

soort strategieë wat energie versprei na die periferie [met ander woorde na buite-kerklikes].


Bedieningsmodelle reflekteer volgens Senter (2001:xiv) gewoonlik óf die een 'kom' (sentripetaal) óf die ander 'gaan' (sentrifugaal) benadering (figuur 3.4). Hy stel dit grafies soos volg voor:

| | |
|---|---|
| Geloofsgemeenskap ------------------------------------------------------------ | Sending |
| (kom) | (gaan) |

**Figuur 3.4: Geloofsgemeenskap- sending-kontinuum**

Die tweede kategorie het volgens Senter (2001:xiv) ontwikkel rondom ontwikkelingsprobleme. Op watter stadium van 'n jongmens se lewe is dit moontlik dat getuienis van geestelike volwasenheid sigbaar kan wees, sodat die jongmens 'n volwaardige lidmaat van die gemeente kan wees? Is daar enige teologiese redes wat adolessente verhinder van volledige deelname in die gemeentelike lewe? Eenvoudig gestel kom dit daarop neer of jongmense eers volledig kerk in die toekoms sal wees en of hulle nou reeds volledig kerk is? Hierdie gedagte word in Senter se tweede vraag hierbo ondervang.

Die meeste kerke in die Weste glo dat jongmense nou reeds volledig kerk is. Tog is die feit dat jongmense in hulle eie klaskamers is en byna nooit kontak met volwassenes het nie, genoeg rede om te besef dat hulle behandel word asof hulle eers in die toekoms volledig kerk sal wees. 'n Gemeente kan hulleself plaas op 'n kontinuumlyn deur te vra hoe hulle predikant/senior leier en leierskap oor jongmense dink: is hulle nou reeds of eers later volledig kerk? Senter stel dit grafies op 'n vertikale lyn soos volg voor (vergelyk Figuur 3.5 op volgende bladsy):




**Figuur 3.5: Ontwikkelingskontinuum**

Wanneer daar na die Geloofsgemeenskap-Sending kontinuum saam met die ontwikkelingskontinuum gekyk word, begin 'n patroon volgens Senter ontwikkel. Hy stel die twee sake in verhouding tot mekaar soos volg grafies voor (vergelyk Figuur 3.6):




**Figuur 3.6: Verhouding tussen geloofsgemeenskap/sending en ontwikkeling**

## 3.7 Teologiese beginsels vir Jeugbediening

Wanneer daar na die teologiese beginsels in jeugbediening gekyk word, moet net herhaal word wat in hoofstuk 2 en aan die begin van hierdie hoofstuk gesê is.

Jeugbediening kan nie op ander beginsels as die van die res van die gemeente beoefen word nie. Die teologiese beginsels wat dus in gemeentebou gegeld het, is daarom net so van toepassing is hier. Daarom is die vyfdimensionele verstaan (Hoofstuk 2 punt 2.2.4) van gemeentebou ook net so waar vir jeugbediening ook. Die vyf dimensies gaan nie weer hier herhaal word nie, maar slegs enkele sake en implikasies wat verband hou met intergenerasionele geloofsvorming in jeugbediening.

### 3.7.1 God se koms na mense

’n Fundamentele vraag in teologie is: Hoe benader God mense en in hierdie geval spesifiek die jeug? Die teologiese antwoord op dié vraag volgens Nel (2001a:5) is dat God mense en sy skepping op baie maniere – veral deur sy Gees en Woord, maar ook deur mense benader. In hierdie koms van God na mense, spesifiek die jeug, hoef God geensins van mense gebruik te maak nie, maar Hy kies volgens Firet (1982:55) om mense (ouers, jeug en ander gelowiges) in te sluit om sy gemeente (kerk) op te bou en sy koninkryk uit te bou.

Die Bybel is baie duidelik daaroor dat God mense deur mense benader – wat die essensie van bediening is. Menslike pogings om bediening te verstaan is alles pogings om God se koms te probeer verduidelik. Tog mag daar nooit vergeet word wanneer enigeen met jeugbediening besig is, dat daar deelgeneem word aan God se werk nie, en so 'n persoon dus, soos Root dit beskryf (2014b:153; 2017:145), ingetrek word in God se aksie en daarom altyd onder leiding en begenadiging van die Heilige Gees, wat die persoon in lyn bring met waarmee God self besig is (Root 2014b:104), werk.

Daar kan dus hieruit duidelik gesien word dat jeugbediening se mandaat ingebed is in die mandaat van die kerk om deel te neem aan God se bediening.

### 3.7.2 ’n Omvattende bediening

Jeugbediening, soos reeds in die vorige hoofstuk gesien, is nie ’n ander of bykomende bediening of modus van God se koms na die jeug toe nie (Nel 2015:74 in voetnota; cf. ook Nel 2001b:82-83 en Nel 1994:10). Daar is daarom geen enkele teologiese rede waarom dit wat vir volwassenes geld, nie ook vir kinders en jongmense geld nie (Nel 2001a:83). Wat dus in gemeentebou met die ouers gebeur, moet saam met hul kinders gebeur. Wat met ouer lidmate gebeur behoort saam met die jeug te gebeur en

andersom. Dit gaan in jeugbediening nie om ’n ekstra plek vir nog ’n bediening te vind nie, maar om vir die jeug plek te vind binne die ruimte en tussen die mense op wie die bediening gerig is – die mense na wie God deur die bedieninge kom. Elke bediening het relevansie vir kinders en jongmense en moet dus so ingerig word.

#### 3.7.2.1 Inklusief

Wanneer daar in hierdie studie oor jeugbediening gedink word, word dus inklusief gedink. Elke kerk of gemeente met ’n sterk verbondsbenadering en Bybelse ekklesiologie, kan nie anders as om in hulle jeugbediening te ontwikkel in die rigting van bediening as inklusiewe en omvattende gemeentelike bediening wat kategese en familiebediening insluit nie (Nel 2018:22; ook cf. ook Nel 1982:112; Nel 2001a:6; Nel 2001b:10). Jeugbediening en die jeug self is deel van die gemeentebediening en nie ’n afsonderlike entiteit nie. Die jeug en jeugbediening is ’n integrale deel van die gemeente as geheel. Nel (2001a:4) spel die konsekwensies vir ’n omvattende inklusiewe jeugbediening soos volg uit: (i) Die gemeente sal nooit oor die geloofslewe van die jeug afsonderlik van die geloofslewe van die volwassenes dink nie; (ii) Die jeug sal nooit ’n afsonderlike groep in die gemeente vorm nie; (iii) Die jeug sal nie verwaarloos of geïgnoreer word nie; (iv) Die jeug sal altyd die verantwoordelikheid van die hele gemeente wees en nie net van die jeugwerker of jeugleraar nie.

Wanneer daar na intergenerasionele geloofsvorming in ‘n huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde jeugbediening gekyk word, word daar dus daarna gekyk binne die raamwerk van jeugbediening as inklusiewe en omvattende gemeentebediening.

#### 3.7.2.2 Bedieninge in jeugbediening

Daar is reeds in die vorige hoofstuk verwys na die verskillende bedieningsmodi wat God se koms na en deur die kerk vergestalt. Hierdie bedienings fasiliteer volgens Nel (2015:63-83) nie net God se koms na die wêreld, maar ook identiteitsontdekking en -ontwikkeling. Indien hierdie agt bedieninge die kern bedieninge is waaroor dit in die gemeente behoort te gaan, dan wil inklusiewe jeugbediening seker maak dat dit die kern is waaroor dit in jeugbediening ook gaan. Deelname aan hierdie bedieninge help dus kinders, adolessente en jongmense in hulle identiteitsontdekking en -ontwikkeling. In die lig van wat oor jeugbediening binne die konteks van gemeentebou geskryf is oor jeugbediening en in die lig van die eenheid en verweefdheid van die

bedieningsmodi, word nou samevattend aangedui wat jeugbediening is en hoe jeugbediening dan behoort te werk te gaan binne ’n gemeente. Omdat die navorser in hierde studie nou aansluit by Nel se inklusiewe model, word sy beskrywing hier aangehaal. Jeugbediening is volgens Nel (2001b:88) die bemiddeling van die koms van God deur sy Woord en diens van mense, deur alle bedieningsmodi op ’n gedifferensieerd-toegespitste wyse aan en deur die jeug as wesenike deel van die gemeente. Jeugbediening is dus nie maar net nog ’n bediening naas ander bedieninge nie, maar ’n bediening wat die verskillende bedieninge gediffirensieerd-toegespits vir jeug bemiddel. Tog neem dit die uniekheid van ’n spesifieke bediening en van ’n spesifieke ouderdomsgroep wat bedien word, in ag.

Differensiasie in jeugbediening verwys volgens Nel (2018:231; cf. ook 2001b:9) na ten minste twee vlakke, naamlik die bediening self en die jeug self:

- Bediening - die jeug benodig alles wat volwassenes nodig het, maar daar is ’n verskil hoe ’n kind van tien jaar en ’n volwassene van vyftig jaar se behoeftes aangespreek word. Om die rede moet daar gedifferensieer word binne elke bediening.
- Jeug - karaktereienskappe van die jeug in verskillende ouderdomsgroepe of verskillende ontwikkelingsfases behoort altyd in ag geneem te word.

Root (2007:30) verwys na ouderdomspesifieke jeugbediening soos ook reeds daarna verwys is in (3.4.4):

> Youth Ministry is not a separate or different ministry. It does, however, take into account that which is typical of a specific ministry and what is typical of the specific age group at whom the ministry is directed.

Voordat gekyk word hoe jeugbediening deur die verskillende bedieningsmodi (soos voorgestel deur Firet en Nel) die jeug bedien en hoe die jeug deur die bedieningsmodi ander kan bedien, word kortliks verwys na ander persone se voorstelle en beskrywings van bedieninge:

Martinson (1988:21-27) praat van ‘take van bediening’ wat hy aflei uit Handelinge 2:32, 42, 45-47. Volgens hom beskryf Lukas hiermee die vroeë kerk se bediening as: “Leitourgia or worship, kerugma or witness, didaché or teaching, kiononia or communion and diakonia or serving those in need.”

Fields (1998:43-54) verwys na 'vyf komponente vir omvattende bediening' vanuit die "Purpose driven"-benadering. Die komponente is vir hom: "*worship, discipleship, evangelism, fellowship, and ministry.*"

John Roberto (2014:1) praat van 'elemente vir gemeentelike lewe'. Hierdie elemente sal in hoofstuk 5 meer breedvoerig bespreek word. Volgens hom is dit krities belangrik dat gemeentes hulle gemeentelike lewe, bedieninge en geloofsvormingspraktyke met mekaar moet belyn om sodoende intergenerasionele geloofsoordrag in die gemeente en deur die gesin en uitgebreide familie te bevorder, te versterk en te verbeter. Hy stel 'n geloofsvormingsproses voor waar daar op vyf komponente van gemeentelike lewe gefokus word. Hierdie vyf komponente is volgens hom die bestandele wat alle gelowiges nodig het om volgehoue geloofsvorming te beleef. Hierdie vyf komponente is vir hom: "Caring; Celebrating; Learning; Praying and Serving."

Alhoewel die navorser goeie aanklank vind by al hierdie persone se beskrywings en die manier waarop dit aangewend word om die geloofsvormingsproses te vereenvoudig, oordeel die navorser dat die agt modi soos reeds daarna verwys in die vorige hoofstuk meer teologies verantwoord is en gaan vervolgens daarop gefokus word.

#### 3.7.2.2.1 Prediking (Kerugma)

Deur die kerugma van die prediking kom God na die gemeente en gedifferensieerd-toegespits na die jeug. Die jeug moet nie net in die bediening van die prediking in ag geneem word nie, maar ook op 'n gelyke basis as die volwassenes aangespreek word. Dit beteken dat predikers naby aan die jeug moet lewe wat dan beslis tot gevolg sal hê dat hulle aan die jeug dink wanneer hulle preek.

Daar is na die oordeel van die navorser beslis iets daarvoor uit te maak dat kinders en ouers en kinders en ander volwassenes saam na dieselfde boodskap luister, saam dit bespreek en integreer. Ook die jeug moet deur die kerugma tot 'n nuwe bestaanswyse opgeroep word. Soos Nel (2001a:9) dit stel:

> The kerugma has to enter the here-and-now of the youths and proclaim the new reality that has arrived with Christ's coming. The youths (children and the adolescents) should also be summoned by the kerugma to a new existence.

Nel (2018:233) wys ook daarop dat die moderne insigte van homiletiek, wat die dialogiese karakter van ’n preek beklemtoon, ook op ’n kenmerkende manier die relevansie van die preek vir die jeug beklemtoon. Hierdie dialogiese karakter van die preek open na die oordeel van die navorser beslis nuwe vorms van deelname in gesins- en/of intergenerasionele verband.

#### 3.7.2.2.2 Erediens (Leiturgia)

Die versamelde gemeente is volgens Firet (1986:82) die basiese vorm van die funksionering van die gemeente en sy bedieninge. Waar mense op grond van die leitourgia van Christus toetree tot die teenwoordigheid van God is daar ‘n dinamika wat niemand die jeug mag misgun nie. Indien dit so is dat hierdie dinamika deur vaste agendas gestol het, is die fout nie by die modus nie, maar by die praktyk en dit moet reggestel word. Die korporatiewe ontmoeting tussen God en sy mense sluit volgens Nel (2018:234) die jeug in. Die versamelde gemeente bring volgens Martinson (1988:21) haar veelvuldige ervarings, vrae en behoeftes om uitgelig en aangespreek te word. God se aanbiddende kerk word volgens hom (Martinson, 1988:22) geroep vir inklusiwiteit. Dit mag volgens Nel (2018:234; cf. ook Nel 2001a:90 en Nel 2001b:10) wel waar wees dat wanneer die gemeente ontdek of herontdek dat die erediens vir die jeug meer relevant moet wees en wanneer hulle pogings aanwend om te verander, dit verrykende gevolge mag inhou – meer as enige van die ander bedieningsmodi.

#### 3.7.2.2.3 Onderrig (Didaché)

In jeugbediening gaan dit oor die jeug wat vir ‘n relatief kort tyd op die weg van die Here met sy mense stap wat aansluit by ander (dikwels ouer) persone wat ’n rukkie langer al op hierdie weg wandel. Hierdie hele aansluitingsproses en lewenslange dissipelskap maak alles deel uit van die modus van didaché. Inwyding op die weg, begeleiding op die weg en wyse lewenskeuses op die weg, soos wat Firet (1982:71-76) die kern van onderrig in die OT saamvat, is deel van die gemeentelike bediening aan, met en deur die jeug. Martinson (1988:23-24) brei dit verder uit:

> It is imparting information. It is guiding and reflecting. It is drawing out and exploring. It is testing and reformulating. It is confessing and reconfessing. Hy voeg by: Teaching is bringing the new creation, i.e., the gospel and its life-giving Word, Jesus Christ, into encounter and dialog with God’s life-giving creativity in each new generation.

Volgens Nel (2018:234-235; ook cf. ook Nel 2001a:10 en Nel 2002b:90) is hierdie (inlywing, begeleiding en onderskeiding) 'n kern-aspek [modus] van die didaché:

> It is about a lifelong commitment to be a disciple, or pupil [learning from], of Christ. Like other modes of ministry, didaché seldom if ever occurs in isolation. It emphasises that the congregational didaché become part of the edification (oikodomein) and training (katartizein) of the people of God to ably represent him as his people in this world.

Hierdie inklusiewe gemeentelike benadering gee weereens integriteit aan die gedifferensieerde fokus.

Roberto beskryf hierdie aspek soos volg: "Engaging all ages and generations together in learning experiences that teach scripture and the Christian tradition, informing and forming disciples of all ages in Christian identity."

In die volgende paragraaf (3.7.3) sal meer breedvoerig op die rol van onderrig in jeugbediening ingegaan word.

#### 3.7.2.2.4 Pastorale sorg (Paraklesis)

Hierdie is volgens Raubenheimer (1994:322 e.v.) waarskynlik die mees verwaar-loosde bediening wanneer dit by jeug kom en dit in 'n tyd waar hulle juis alle fasette van pastorale sorg in die gemeente nodig het. Nel verwoord dit soos volg:

> They need to know that this mode says that God is with us in all circumstances and situations - in anxiety, pain, sin, doubt, error, weakness, loneliness, and success. God is with us to free [help] us from the constraints of brokenness that [always and everywhere] threaten us. Paraklesis wants to lead us out of a life of imperfection and into a life of wholeness in spite of and in the midst of all the brokenness within and around us.

Roberto (2014:2) betrek die hele gemeente hierby wanneer hy "caring" as een van sy komponente van gemeentelike lewe beskryf: "Cultivating caring relationships across generations in the congregation and community, becoming a life-giving spiritual community of faith, hope, and love."

#### 3.7.2.2.5 Geloofsgemeenskap (Koinonia)

Hierdie modus sluit baie nou aan by die voorafgaande modus. Dit bou op die waarheid dat God deur mense by ander mense is omdat Hy so uniek deur Jesus na hulle toe

gekom het. Koinonia sluit ook baie nou aan by Root (2014:xiii) se beskrywing van bediening:

> ... a relational, personal, and embodied (even emotive) encounter of love and care, a willingness to share in the other, to join in the concrete experiences of homelessness, imprisonment, and hunger, to enter the experiences of suffering for the sake of participating in the transformation toward new life. In these acts of ministry that join concrete humanity, Jesus is present through the ministerial action of the Spirit.

Juis hierdie onderlingheid moet in die gemeente op jeug toegespits word. Die tyd toe die kerk kon aanvaar dat gesinsverhoudings in hierdie behoefte van kinders en jongmense voorsien, is miskien vir altyd verby. Jong lewens groei optimaal tot volwassenheid binne ’n klimaat van koinonia (Richards 1978:221-266). Wanneer jeug hierdie koinonia ervaar wat vir hulle voorgeleef word, help dit hulle ook om deur die fase van natuurlike selfsug te groei en om vir ander rondom hulle om te gee.

#### 3.7.2.2.6 Diens (Diakonia)

Diakonia was volgens Nel (2018:236-237) die omvattende begrip waarmee alles waarby die mens in die Naam van God betrokke was, aangedui is. Alle bedieninge was dus eintlik in die Bybel onder die oorkoepelende naam ‘diakonia’ beskryf. Collins (1990:11-14) omskryf die woord ‘diakonia’ soos volg:

> The term refers to an activity performed out of love for God for the sake of one’s fellow man – so much so that it is called a service of love. It is easy to understand how the term changed to refer mainly to the ministry of care: in acts of caring and deeds of mercy the diakonia finds special expression.

In hierdie bediening word na diens in sy breër en enger betekenis verwys:

- Breër verband: die diens wat vanuit die ‘altaar’ (erediens) na die mens se alledaagse lewe uitreik;
- Enger verband: die diens van barmhartigheid. Jeug, wat in hulle ontwikkeling deur ’n fase van natuurlike selfsug gaan, moet juis in die kerk en by hulle ouerhuis leer dat geloof en diensbaarheid sinoniem is.

Martinson (1988:25-26) wys juis daarop dat binne 'n narsistiese kultuur, diensbaarheid baie moeilik is en amper teen die grein van menswees ingaan. Daarom is dit nodig om jongmense hierin op te lei, veral as in ag geneem word dat baie jongmense vasgevang is in baie slegte goed en dat volwassenes nie toegang tot daardie jongmense het nie.

Gemeentes (en ouers – byvoeging deur navorser) moet volgens Nel (2018:238; ook cf. ook Nel 2001a:11) hulle identiteit as dienende gemeenskap van God voortdurend ontdek, ontgin en uitleef en tegelyk die kind en jongmens deel maak van diens wat pas by hulle ouderdom.

Martinson (1988:25-26) lê baie klem op Jesus se voorbeeld rondom diens tydens sy bediening op aarde: "He cared. He noticed. He supported. He healed. He protested. He endured." Hy volg dit op deur daarop te wys dat jeugbediening nie primêr 'n vermaaklikheidervaring met verversings is nie. Jesus Christus roep mense op om te kom, hulle kruis op te neem en om Hom te volg.

Roberto (2014:2) betrek weereens die hele gemeente hierby wanneer hy "serving" omskryf: "Involving all ages and generations in service and mission to the world, especially to the poor and vulnerable, and in the works of justice and advocacy."

#### 3.7.2.2.7 Getuienis (Marturia)

Die kerk is missionêr in sy diepste wese soos reeds in hoofstuk 2 bespreek is. Bosch (1991:389 e.v. en 1997:245) het hierdie gedagte opnuut op die kerk se tafel gesit toe hy oor die Missio Dei en die missionêre dimensie geskryf het: "Die gemeente neem deel aan en is ingeskakel by die misssio Dei" en "die kerk in die wêreld is kerk slegs in sovêr sy 'n missionêre dimensie het." Volgens Armstrong (1993:5) moet die kerk weer getuigende gemeenskappe word. Dit impliseer dat die hele gemeente die getuie of gestuurde is en nie net enkelinge uit die gemeente nie. Wat wel ingesien moet word volgens Nel (2018:239) is dat hierdie marturia ook leeftyds-eie dimensies het. Teenoor die 10-jarige word anders getuig en die 10-jarige getuig anders. Ook hierdie modus van God se koms na die gemeente en deur die gemeente na die wêreld omsluit volgens hom die jeug en moet met die oog op onder andere hulle missionêre betrokkenheid gedifferensieer word.

Om die jeug te help om God se getuienis (God se koms na hulle) te hoor en om hulle te help om deel te neem aan sy koms, behoort die jeug, hul ouers en kategete van kleins af al hulle geloofstories met mekaar te deel en geloofsgesprekke met mekaar te voer. Dit sal hulle nie net help om vrymoedigheid te ontwikkel om met ander oor

geloof te praat nie, maar sal hulle help om lewende voorbeelde te sien en te hoor van getuies wat hulle ken. Dit sal hulle ook help om hul eie geloofstorie te verwoord. Alle statistieke waarby die navorser die afgelope aantal jare betrokke was (Avenant 2011:123-124 en Avenant & Hoffman 2015:66) wys daarop dat geloofsgesprekke tussen ouers en kinders drasties laag is: Avenant 2011 – Frekwensie van geloofsgesprekke met ouers: 40% en Avenant & Hoffman: 43%. Frekwensie van die hoor van pa en ma se geloofstories: Avenant 2011 – pa's:32% en ma's:40%; Avenant & Hoffman 2015: pa's: 47% en ma's: 58%.

Dit is ook belangrik om hulle aan te moedig om binne hulle vermoëns as gelowiges teenoor hulle maats te lewe en hulle voor te berei wat om te antwoord wanneer hulle daarna gevra word. In die post-moderne kultuur waarbinne daar vandag gelewe word, is die jongmense se lewens die enigste boodskap wat baie van hulle gesinne, vriende en skole ooit sal hoor. Jeugbedienings behoort jongmense te help om binne hierdie wêreld lewende getuies te wees.

#### 3.7.2.2.8 Administrasie, leierskap en organisasie (Kubernesis)

Nel (2018:239) haal Beyer (1965:1036-1037) en Luecke & Southard (1986:50) aan wat hierdie bediening met die 'stuurmansbegrip' (1 Korintiërs 12:28) verbind en verduidelik. Die vroeë kerk is meermale voorgestel deur 'n skip waarvan Christus self die Stuurman is. Hierdie bediening hou ook verband met die begrip vir leierskap wat in Romeine 12 gebruik word en wat sterk pastoraal van aard is. Dit gaan in hierdie bediening dan oor die sorgsame begeleiding, in die Naam van die Stuurman, na 'n bestemming. Hierdie begeleiding is ordelik en gepas (1 Korintiërs 14). Luecke & Southard (1986:50) dink volgens Nel (2018:240) dat 'n termostaat 'n goeie ekwivalent vir die antieke konsep van die "stuurman' kan wees. Hy verduidelik dit soos volg:

> It is set for a certain temperature as its destination, it can pick up when that destination is not reached (yet), and it can set in motion a process to get back in the direction of the set destination.

Die eenheid en opbou van die gemeente moet deur hierdie bediening gedien word. Die jeug behoort beslis ook deel hiervan te wees. Hulle het hierdie bediening nodig om gesond te groei en te ontwikkel as deel van die geheel. Wanneer administrasie (leierskap en organisasie – byvoeging deur die navorser) sin maak en pastoraal

benader word, verras die jeug dikwels die ouer geslag met hul vaardigheid en insig in hierdie bediening.

Die jeug moet daarom ook betrek word by die leierskap van die gemeente, sodat hulle nie net hulle insette kan lewer nie, maar sodat hulle die volwassenes kan begelei om die uitdagings van die kultuur beter te verstaan en beter daarop te reageer. Dit is ook belangrik dat leiers so vroeg as moontlik in mentorskappe medeverantwoordelikheid moet neem vir die leiding van die gemeente. Dit het ook tot gevolg dat jonger kinders makliker identifiseer met die jonger geslag leiers.

#### 3.7.2.3 Die huis as die plek waar bedieninge aangeleer, geoefen en beoefen word

Wanneer die jeug van jongs af grootword met die gedagte dat hulle nou reeds kerk is en nou reeds deel is van en deelneem aan die bedieninge, sal hulle beslis meer met die gemeente identifiseer. Wanneer daar intergenerasioneel begin dink word oor bedieninge en veral ook om meer huis-gefokusd te wees, sal daar ook begin dink moet word daarvoor dat die huis die plek is waar die verskillende bedieninge aangeleer, geoefen en beoefen word. Bedieninge in gemeentes sal ook meer huisgerig moet begin dink en optree. Hierdie gedagtes sal in die volgende hoofstuk (4.3.4) opgeneem en verder bespreek word. Wanneer hierdie bedieninge op ‘n driedimensionele manier in die gemeente en by die huis beoefen word, word daar, na die oordeel van die navorser, nader beweeg aan ‘n eenvoudige geloofsvormingsproses wat in die gemeente en huis beoefen kan word.

### 3.7.3 Onderrig as belangrike bousteen in jeugbediening

Dit is nodig om meer volledig by die modus van onderrig (Didaché) in jeugbediening stil te staan. Onderrig is nie net ’n belangrike bousteen in jeugbediening nie, maar vorm ook ’n kerndeel van hierdie studie. Onderrig in jeugbediening (en in die gemeente) is gerig op die vorming van geloof. Geloof gaan egter nie net oor iets abstraks wat geleer moet word en dan is dit klaar nie. Geloof gaan oor ’n lewenslange verhouding met God en die leefwyse wat daaruit vloei. Onderrig en geloofsvorming gaan dan oor al die prosesse betrokke by die vorming van geloof.

Wanneer White (1988:25) onderrig probeer definieer, wys hy daarop dat:

> … education (from the Latin educare – ‘to lead out’) ... has to do with learning/growing/living. These near-synonym words are three and together by design. Each word needs the other because ‘learning’ alone too often suggests strictly the cognitive acquisition of information. Such ‘learning’ is involved and important but not that only. ‘Growing’ conveys a fuller development of persons, especially in terms of one’s inner subjective side, having to do with the affections but also to do with the psycho-motor or physical aspect of the self. Together learning and growing have to do with life ‘living’ which in my understanding relates to faith lifestyle development.

Onderrig (didaché), soos reeds gesien (hoofstuk 2 punt 2.2.4.3.5 en hoofstuk 3.7.2.2.3) is een van die modi waardeur God deur sy kerk na die wêreld toe kom. Baie dinge het volgens Nel (2001b:137) daartoe gelei dat onderrig ’n baie formele, en byna geoutomatiseerde oordrag van informasie geword het. Hoe meer dit die geval is, hoe kleiner word die uitset in terme van jeug wat met besieling en oortuiging lidmate van die gemeente word. Ook het ’n baie groot persentasie van die ouergemeenskappe oor die jare heen geleer (en is hulle geleer) dat die kerk onderrig gee. Ouers het onderrig-sku geword en verleer om self die vreugde van geloofskommunikasie te ervaar of daarin te deel. Die gevolg hiervan is volgens Osmer (1990:3-5) ’n kerklike onderrigsisteem wat dringend om reformasie vra.

Die belangrikste beginsel vir jeugbediening is dat die onderrig van en bediening aan, met en deur die jeug dialogies en verhoudingsgerig gedoen behoort te word (Nel 2018:158)

#### 3.7.3.1 Teologiese perspektiewe op onderrig

In die Bybel word die lewe van die mens volgens Nel (2018:159; ook cf. ook Nel 2001b:137) dikwels met ’n ‘weg’ (hoe ’n mens moet lewe) voorgestel (Spreuke 3:1-6 en Spreuke 22:6). Die ‘weg’ (lewe) van die mens word vanuit ’n bepaalde bestemming verstaan. Die weg loop iewers heen. Die lewe het ’n bestemming. Hierdie bestemming is nie maar net die dood nie. Die mens se lewe het ’n doel en daarom ook betekenis. In hierdie studie gaan dit spesifiek oor onderrig as uitnodiging na, inisiasie in en begeleiding op en in hierdie weg en hierdie weg verwys na ’n omvattende lewe van dissipelskap. In hierdie studie val die klem spesifiek op kinders en jongmense, alhoewel daar in gedagte gehou moet word dat onderrig ‘n lewenslange reis of proses is en behoort te wees. Die teologiese perspektiewe op onderrig is in die navorser se vorige studie (Avenant 2011:55-58) presies op dieselfde wyse weergegee.

Die ***eerste deel*** van die onderrig in oud-Israel volgens Firet (1982:71) en Nel (2018:41-42,160; cf. ook Nel 2001:138) was ***die inwyding (inwijding) van die nuwe mens in die weg*** *van die Here* met sy mense. Wanneer Nel (2009:6) vir Firet in 'n artikel: 'Inviting and initiating Youth into a life of Discipleship' aanhaal, dan sê hy dat Firet hom altyd help om 'n greep te kry op wat onderrig behoort te wees en waar die kerk die kuns verloor het om jongmense in te nooi in 'n lewe van dissipelskap. Firet (1982:71-72) begin by die Ou Testamentiese betekenis van onderrig. In ou Joodse kringe was onderrig volgens hom altyd sinoniem met die lewe (in navolging van Deuteronomium 6:4-10). Dit het die lewe ontvou, rigting en betekenis daaraan gegee. 'n Meer moderne vorm vir die Hebreeuse woord vir onderrig *Chinuk*, se wortels word twee keer in die Bybel gevind (Spreuke. 22:6) waar dit beteken om af te rig of om te begelei tot of af te sonder vir 'n spesifieke doel of te inisieer. Die woord is gewoonlik gebruik om te verwys na die begeleiding van 'n huis/familie na en toewyding aan 'n spesifieke doel. Die "weg" in Spreuke verwys na die lewe van 'n persoon vanuit die perspektief van sy bestemming. Om iemand te begelei na (hierdie) spesifieke bestemming is *chanukkâ* nodig – oordrag of begeleiding na hierdie bestemming toe.

Hierdie woord verduidelik volgens Firet (1982:71-72) die atmosfeer van die Joodse opvoeding en didaché die beste.

> This appears most clearly in the family where the upbringing, and hence the didaché, begins and belongs …. The 'transfer of dedication' consists especially in the initiation of the child into the story of Yahweh and his people: it implicates him personally so that it becomes his story. The child is initiated into the story with a view of where he has to go. The 'way' did not begin when he was born: it started with the Exodus. He was there when it happened. The didaché is not primarily an explanation of history, or of the words and works of Yahweh. It is first of all the act of implicating the young Israelite in the story of salvation. He learns to say and to experience we – the we of the covenant" (Nel 2001b:139; Nel 2009:6).

Die belang van die inwyding vir hierdie studie is voor die hand liggend en word in die volgende hoofstuk (4.1) weer opgeneem.

#### 3.7.3.1.1 Onderrig as begeleiding op die weg

'n ***Tweede deel*** van onderrig in die Bybel volgens Firet (1982:72-74; cf. ook Nel 2018:42-43,160; cf. ook Nel 2001b:139 & Nel 2009:7) verwys na ***die begeleiding op die weg [geleide op de weg].*** Deur die hele Ou Testament word daar baie na die pad

of weg (van die Here) verwys. Hierdie pad of weg moet geleer word. Om dit te vind en daarop te bly is Tôrah nodig. Die Tôrah van God was altyd verstaan as God se instruksie in die weg. Tôrah het wet ingesluit, maar was self in essensie nie wet nie. Volgens Firet is dit belangrik om die onderskeid te maak, want hierin is die intrinsieke dinamika van God se rigtinggewende stem wat altyd teenwoordig is, opgesluit. Hy voeg verder by:

> Torah is 'direction, instruction, information'. It points out the way, offers guidance on the road. It is the word of revelation in which God comes to a person …. To direct a person to her destination, to initiate her into the story, to take and lead her on the way – that is the Jewish Didaché … life-shaping pointers for concrete situations …. Torah in their totality, are the means by which God's coming to direct and redirect his people continually takes place.

Die belang van begeleiding op die geloofspad is ook voor die hand liggend vir hierdie studie. Hierdie punt word ook in die volgende hoostuk weer opgeneem (punt 4.3).

#### 3.7.3.1.2 Onderrig as onderrig in die weg van wysheid

'n ***Derde dimensie*** van onderrig wat herontdek moet word volgens Firet (1982:74-76; cf. ook Nel 2018:43-44, 160 & Nel 2001b:139-140), is ***die begeleiding of onderrig in die weg van wysheid*** **[onderricht in de weg der wijsheid]**. "Wysheid is 'n meer pedagogiese uitdrukkingsvorm van die sedelik-religieuse as wat deur wette gegee word. Torah geld prinsipieel as direk van God deur 'n openbaring ontvang. Wysheid is as't ware die menslike refleksie daarop." In hierdie sin is onderrig baie meer as net om sekere dinge te verstaan. Volgens Nel (2009:8) sluit dit nou aan by die chokma (wysheid) begrip van die Bybel en gaan ook oor 'n manier van lewe en besluite wat gemaak moet word binne die alledaagse lewe. Wysheid is dus meer as Tôrah. Dit is die menslike interpretasie en refleksie op die waarhede van die Tôrah. Gelowiges volg die weg soekend en op die weg help baie ander jou tot verstaan kom. Op die weg het elke mens hulp nodig. So groei ervaring en die vermoë om keuses te maak wat rekening hou met die Tôrah en met die werklikheid waarbinne die Tôrah geldig is. Hierdie saak is ook vir hierdie studie baie belangrik. Ook hierdie saak word in die volgende hoofstuk (punt 3) weer opgeneem.

#### 3.7.3.1.3 Onderrig as volgelingskap of dissipelskap

Jesus se onderrig het baie nou aangesluit by die Ou Testamentiese tradisie soos hierbo uiteengesit. Hierby sluit die Nuwe Testamentiese beklemtoning van dissipelskap ook aan. By Jesus gaan sy onderrig nie oor leerstellings nie, maar hoe sy dissipels moet lewe. Mense het ook nie net by Jesus gebly omdat Hy onderrig gee nie, maar omdat Hy hulle geroep het om Hom te volg. Juis hierin lê volgens Nel (2018:161; cf. ook Nel 2001b:140) die uniekheid van Bybelse dissipelskap: mense word daartoe geroep. In die Christendom kies mense nie die Leermeester nie. Die Leermeester roep sy leerlinge in ’n verhouding met Hom.

Nel (2009:2) vra in ’n artikel: “Inviting and initiating youth into a life of discipleship” of die kerk die radikale natuur van ‘n geloofsgemeenskap om dissipels van Jesus en soekers na die koninkryk te wees, verloor het. Hy gaan voort deur te sê dat hy oordeel dat die kuns van dissipelskap moontlik tot so ’n mate verlore gegaan het, dat die radikale wese van die kerk daarmee saam verlore is. In die artikel poog hy dan om aan te dui dat wanneer die kerk weer dissipelskap herontdek en dissipels begin maak, jongmense en hulle mentors weer met passie en verantwoordelikheid die koninkryk sal begin soek en dissipels maak.

Die konsep van dissipelskap kry ’n unieke betekenis in die Nuwe Testament. Rengstorf (1967:417) sê dat die woord ‘manthanein’ in die tyd van die Nuwe Testament verwys het na ’n leerling, entoesiastiese volgeling, ‘n nabootser van ‘n onderwyser. Dit verwys ook na die proses waardeur iemand tot verstaan kom. Dit was ’n algemene begrip en dissipelskole was ’n algemene verskynsel. Die dissipel het self sy leermeester gekies om onderrig in die leermeester se spesialis kennis te kry. Daar was ’n intellektuele band tussen ’n leermeester en ’n leerling. Die leermeester het aan die leerling sekere kennis oorgedra en die eindresultaat vir elke leerling/dissipel of waarna elke dissipel gesmag het, was om self ’n leermeester te word. Ons sien dus dat, soos die tyd verloop het, die onderrig van die Rabbynse Judaïsme ontwikkel het tot ’n intellektuele basis. In die Bybel het die woord ‘dissipel’ ’n nuwe betekenis gekry. Ons kan sê Jesus het dit nuwe betekenis gegee. Miskien kan ons so vêr gaan om te sê dat Jesus die betekenis van onderrig in die Ou Testament kom herbevestig het in sy roeping en begeleiding van sy dissipels op ‘n dissipelskappad.

Aanvaarding van hierdie roeping, maak van jou 'n volgeling van Hom wat jou geroep het. Jy vergesel Hom. Jy gaan van nou af saam met Hom. Die onderrig van die Nuwe Testamentiese het baie verskil van die Rabbynse intellektuele onderrig. Jesus dra nie net informasie oor nie, ook maak Hy nie net van sy dissipels leermeesters nie. Vir Jesus gaan dit oor onvoorwaardelike toewyding en 'n verhouding met Hom (Rengstorf 1967:406).
Dissipelskap begin dus by Jesus se roeping wanneer Hy mense roep "om saam met Hom te wees" (Markus 3:14). Du Toit (1988:22) sê dat daar geen beter definisie van dissipelskap is nie - as daar net onthou word dat dissipelskap om baie meer gaan as die fisiese naby-wees. Nel (1994:88-89) voeg hier by dat hierdie roeping altyd insluit dat jy binne 'n verhouding met Jesus *navolger* en *leerling* is. Hierdie twee momente van dissipelskap is volgens hom van die allergrootste belang in gemeentebou (en jeugbediening volgens die navorser) waar die eerste verwys na die Heerskap van Jesus wat in hierdie verhouding al meer deurslaggewend word en die tweede na die gehoorsaamheidsaspek aan die Woord en wil van die Here.

In dissipelskap gaan dit dus om 'n gemeente wat aanhoudend leer en ontdek wie God is, hoe Hy werk en wat Hy in mense en deur hulle in sy wêreld doen en wil doen. Dunn (1992:51) sluit hierby aan as hy sê dat die roeping tot dissipelskap insluit: "a call to live in the light of the coming Kingdom, just as Jesus himself did." Dules (2002:2006) vat hierdie gedagte mooi saam wanneer hy sê dat dissipelskap altyd begin met: "to be inwardly transformed by the knowledge and love that Christ brings into the world."

Navolging van Jesus bind gelowiges onderling tot 'n hegte gemeenskap van dissipels. Watson (1999:50) beaam hierdie gedagte: "When individuals were added to the Lord, they were added to the church. When they belonged to Christ, they belonged equally to his body, the church." Wanneer die gemeente werklik in navolging van Jesus anders in die wêreld optree, gee dit aan die gemeente 'n kwaliteit wat evangeliese impak het.

In hierdie verband moet weereens na die gesin of familie verwys word as die ruimte waarbinne dissipelskap by uitstek geleer en beoefen behoort te word.

Strommen & Hardel (2000:21) haal in die verband Marjorie Thompson aan as sy die vraag vra:

> What if the family were not merely an object of the church's teaching mission, but one of the most basic units of the church's mission to the world? What I am suggesting is that the communal church and the domestic church need to recapture a vision of the Christian family as a sacred community.

Hierdie gedagte is vir die uitkoms van hierdie studie ontsettend belangrik. Jeugbedienings behoort gesinne (ouers in die besonder) toe te rus om ruimtes te wees waar dissipels gevorm word.

Dissipelskap kan en mag nie net stop by die navolging van Jesus en deel-wees van 'n navolgingsgemeenskap nie. Dissipelskap sluit egter navolging, onderrig en groei in.

Jesus roep sy kerk op (elke individu) nie net om dissipels of volgelinge te wees nie, maar om makers van dissipels te word. Dit is juis by dissipelskap waar Jesus se bediening, veral soos wat dit verwoord is in die Evangelie van Matteus, begin het met die roeping van sy dissipels (Matteus. 4) en afsluit met die opdrag om dissipels te gaan "maak" (Matteus 28). Daarom is dit nodig om stil te staan by dié soort onderrig wat God gebruik het deur die geskiedenis om van mense sy volgelinge te maak.

#### 3.7.3.2 Onderrig altyd binne verhoudings

Kenda Dean (1998:27) help om die rol van verhoudings in jeugbediening te verstaan: "Youth ministry focuses on relationships, not only because of who teenagers are but because of who God is. God is relationship."

Dingemans (1986:118-125) skryf in sy boek 'In het leerskool van het geloof' een hoofstuk oor die 'Dimensies van het leren geloven'. Al die dimensies waarna hy verwys (De geloofsgemeenschap, imitatie en identificatie, vertrouwen, theorie en praktijk van de religie van de opvoeders, geloofsvoorstelling - helpen bij vinden en afbreken van beelden, leren handelen.) het met verhoudings te doen. "Leren geloven vindt altijd plaats binnen een geloofsgemeenschap. Geloof bestaat uit gemeenschappelijke ervaringen, die worden geïnterpreteerd, worden overgeleverd en levend worden gehouden in vieringen, prediking, gebed en allerlei vormen van activiteiten."

Root (2007:166-196) skryf 'n aangrypende hoofstuk met die opskrif: Picturing Relational Transformation. Hierin sluit hy aan by die teologie van Bonhoeffer wanneer hy oor verhoudingsgerigte transformasie dink. Hy pleit dat wegbeweeg word van

beïnvloeding as motivering vir verhoudingsgerigte jeugbediening na ’n verhoudingsgerigte bediening van wat hy noem “place sharing.” Hierdie “place sharing” hou drie groot komponente voor wat altyd ’n rol speel in verhoudingsgerigte bediening: die persoon, die kultuur en wat hy noem “Trancendent Otherness.” Hy (Root 2007:196) vervolg: “... when person meets person in relationship, they encounter one another in the reality of Jesus Christ.” Dit is binne hierdie ontmoeting waarin transformasie plaasvind. Dit is hierdie gedagte wat in alle onderrig sleutelbelangrik behoort te wees.

Nel (2001b:145) verstaan die gemeente as leergemeenskap juis as die ruimte waar gemeentewees as ’n onafgebroke leersituasie en –proses gesien word. Om te leer om te glo vind altyd binne ’n verbondsgemeenskap plaas. Dingemans (1986:119) stel dit nog duideliker: Om te leer om te glo begin altyd met die enkeling wat in aanraking gekom het met die gemeenskaplike geloofservaringe. Binne hierdie proses vind “imitasieleer, model-leer en identifikasieleer” plaas. Dit alles vind weer op ’n vertrouensbasis plaas. Waar hierdie oer-vertroue ontbreek, vind leer of glad nie plaas nie óf dit lei tot neurotiese siektes. In die praktyk vra hierdie wete dus gesonde verhoudings tussen diegene wat in die gemeente onderrig gee (volgens Dingemans veral die ouers en ander opvoeders) en diegene wat dit ontvang. Hierdie verhouding is volgens Nel (2001:147) die primêre fasiliteerder van onderrig.

#### 3.7.3.3 Onderrig as identiteitsvinding of geloofsvorming

Teologies beskou, gryp identiteitsvinding volgens Nel (2018:247; cf. ook Nel 2001b:102) terug op die verhoudingstigtende handelinge van God. God het gehandel en sy handelinge is indikatief van aard. Kinders van gelowiges is dus in Christus. Dit geld vir hulle ongeag of hulle dit (al) volledig verstaan en daaruit lewe. Identiteitsvinding in jeugbediening is om te word wie jy as mens van God reeds deur God gemaak is: mens in Christus. Hierdie doel kan volgens Nel (2018:248; cf. ook Nel 2001b:102) in die totale bediening voor oë gestel word. In die betekenis van die didaché gaan dit om begeleiding tot vinding van die gegewe identiteit. Dit is hier waar die woord geloofsvorming inkom. Geloofsvorming is dan die totale proses (alle prosesse) wat meehelp en bydra dat die Godgeskenkte geloofs-insigte groei in ’n individu se lewe. Hierdie ontwikkeling vind elke dag op elke plek plaas.

Nel (2018:173: cf. ook Nel 2001b:148) pleit, op die spoor van Osmer (1990:219ev.), dat gemeentes stof sal aanbied wat fase-relevant is en wat tegelykertyd ontwikkeling na ’n volgende fase fasiliteer. Geloofsvorming in die verband is die omvattende proses van die ontwikkeling van geloof van die baba-fase tot geloofsvolwassenheid of soos Fowler (1981:119, 199) dit noem van ongedifferensieerde geloof tot universialiserende geloof. Hierdie fases stem nie presies ooreen met die psigologiese ontwikkelingsfases nie, maar daar is baie korrelasie wat help om die geloofsvorming beter te verstaan (Fowler 1981:106-107). Tog gebeur dit dat mense in geloofsvorming nie die regte stimulasie kry nie en dan psigologies na die volgende fase groei, maar wat geloofsvorming betref, iewers in ’n fase vassteek. Hierdie saak sal in die volgende hoofstuk (4.3.3.6.1) meer breedvoerig hanteer word.

Geloofsvorming vind egter nie in isolasie plaas nie. Dit vind plaas binne die konteks van die gesin, die skool, die kerk en ander sosiologiese kontekste of soos Strommen en Hardel (2000:18) dit noem - die familie, die gemeente, die gemeenskap en die kultuur. Al hierdie kontekste het bepaald ‘n invloed op geloofsvorming.

#### 3.7.3.4 Onderrig vandag

Onderrig in die gemeente vandag behoort Jesus en sy onderrig te ontvou. Firet (1982:82) maak ’n belangrike gevolgtrekking in die verband wat vandag nog vir die kerk rigtinggewend behoort te wees:

> The Lord remains the teacher ‘It is clear that the didaché of the church does not replace the didaché of Jesus. Jesus Christ remains the teacher’: the apostles and the church, by their didaché, can only lead people into discipleship of the teacher.

Die onderrig van die kerk vandag in hierdie sin behoort dus die voortsetting van Christus se onderrig te wees. Die kerk se onderrig behoort dus slegs Christus se onderrig te fasiliteer. Kerklike onderrig kan om hierdie rede ook nie anders geskied as deur middel van dissipelskap nie. Indien die kerk se onderrig Christus se onderrig fasiliteer, dan behoort dit volgens Nel (2015:194-195) ook die styl van onderrig te bepaal. Jesus se opleiding was ‘n soort indiensopleiding.

Dissipelskap impliseer dat onderrig nie net eenmalig gebeur nie. Dit mag ook nie net geskied vir ’n sekere tyd van ’n persoon se lewe nie. Abram (1980:151) sê dat leer

binne die Joodse tradisie ’n lewenslange of permanente gebeurtenis was. Hy som die vyf beginsels wat gegeld het vir onderrig in die Joodse tradisie as volg op:

- Dit hou permanent aan;
- Dit geskied deur herhaling;
- Dit behoort individueel en gemeenskaplik te gebeur;
- Dit moet in dade omgesit word;
- Die individu behoort sy onderrig persoonlik te beplan.

Wanneer daar dus aan onderrig binne ‘n gemeente gedink word binne die raamwerk van jeugbediening, dan moet daar terugbeweeg word na hierdie verstaan van onderrig of didaché.

Daar moet ook terugbeweeg word na die gesin of familie as die primêre ruimte waar geloof gevorm word. Die kerk sal ook weer die ruimte van die gesin of ouerhuis moet erken as die primêre ruimte van onderrig. Volgens Nel (2018:255-264; cf. ook Nel 2001:95) vra gesinne intensiewe en toegespitste aandag. In die huidige konteks waar gesinsbande ontbreek, vra jeugbediening om intensiewe aandag vir die vestiging van ander verhoudings naas die huis (gesin of familie) binne die geloofsgemeenskap. Op hierdie manier kan groei en ontwikkeling vir gebroke situasies moontlik gemaak word.

### 3.8 Slotopmerkings

In hierdie hoofstuk en die vorige hoofstuk is intergenerasionele geloofsvorming in ‘n huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde jeugbediening teologies benader vanuit die kerklike konteks. Die invalshoek was gemeentebou en jeugbediening met spesifieke verwysing na onderrig (didaché) in die vorming van die jeug se geloof. In die volgende hoofstuk gaan meer gefokus word op die omvattende taak van geloofsvorming en hoe dit poog om korrektief te wees vir onderrig wat uitsluitlik kognitief plaasvind.

# HOOFSTUK 4:

# GELOOFSVORMING IN JEUGBEDIENING

## 4.1 Inleiding

In hierdie studie word in praktiese teologie vanuit gemeentebou na jeugbediening gekyk en spesifiek na hoe geloof beter gevorm kan word in ’n intergenerasionele omgewing. Daar word vervolgens eers gekyk na geloofsvorming en daarna hoe intergenerasionele geloofsvorming (Hoofstuk 5) beter kan bydra tot die ontwikkeling en vorming van volwasse geloof op ’n lewenslange reis van dissipelskap.

## 4.2 Waar kom die term geloofsvorming vandaan?

### 4.2.1 Ontstaan uit die onderrigtaak van die kerk

Die term ‘geloofsvorming’ word sedert die laaste deel van die 20ste eeu en eerste deel van die 21ste eeu algemeen gebruik [Allan en Ross (2012:69) praat van die laaste drie dekades]. Dit het sy ontstaan uit die onderrigtaak van die kerk. Hierdie onderrigtaak, is reeds gesien (hoofstuk 3 punt 3.7.3), word van die Bybel se tyd tot vandag as een van die wesenlike take van die kerk beskryf. Onderrig is, soos reeds in hierdie studie (2.2.4.3.5), volgens Firet (1982:55) beskryf as een van die bedieningsmodi en dus een van die maniere waarop God na die gemeente toe kom en met en deur die gemeente kommunikeer.

#### 4.2.1.1 Regstel van vernouing, verkeerde persepsies en beklemtonings in onderrig

Hierdie onderrigtaak in die kerk is al deur die geskiedenis met verskeie woorde omskryf naamlik godsdiensonderrig, Christelike onderrig, Sondagskool, kategese en nog baie meer. Die term geloofsvorming het hoofsaaklik ontstaan om die *vernouing* van die begrip, verkeerde persepsies en beklemtoning wat oor die jare heen aan Christelike onderrig verbind is, reg te stel.

Westerhoff (2000:191) voer die wortel van die probleem van vernouing en verkeerde persepsies van Christelike onderrig terug na die draai van die vorige eeu. Hierdie tydperk is gekenmerk deur die opkoms van die nuwe verstaan van kinderontwikkeling

en die opvoedkunde. Gedurende hierdie tyd het die kerklike praktyk van onderrig ook ’n sterk skoolse karakter begin kry. Die Sondagskool van daardie tyd was volgens die kerkleiers uitgedateer en moes vervang word om aan te pas by die nuwe kennis tot almal se beskikking.

#### 4.2.1.2 Verdwyning van ’n ekologie van verhoudings wat ’n skoolse model van onderrig in stand gehou het

Die skoolse-instruksie paradigma is volgens Westhoff (2000:318-350) vir ’n groot deel van die vorige eeu in stand gehou deur ’n ekologie van verhoudings en sisteme, wat in plek was. Dit sluit die volgende in: ’n Christelike etos, stabiele families en uitgebreide families, skole met ’n Christelike etos, kommunale gemeentes waar oud en jonk mekaar geken het en gereeld met mekaar interaksie gehad het, Christelike tydskrifte wat ’n groot bron van vermaak en godsdienstige opvoeding verskaf het en die Sondagskool. Hierdie sisteme het in samehang met die skoolse-instruksie paradigma die ontwikkeling en groei van geloof en die vorming van ’n Christelike lewe bevorder. Hierdie sisteme en verhoudings het egter gedurende die vorige eeu en veral na die tweede wêreldoorlog mettertyd begin erodeer. Oor tyd heen het dit plek gemaak vir ‘n heterogene omgewing, pluralistiese godsdiens en sekulêre oortuigings. In Suid-Afrika is die skoolse model na die navorser se oordeel bietjie langer in stand gehou deur bogenoemde sisteme. Die politieke oorgang en groter globalisering wat na 1994 plaasgevind het, het volgens die navorser se waarneming dieselfde proses van erodering aan die gang gesit of momentum gegee.

Hierdie veranderings het volgens Westhoff ’n reuse effek op die gesin en families gehad. Dit is vandag duidelik sigbaar in die veranderde familie opset. Dit sluit in: die opkoms van die sogenaamde “nuclear family” of kerngesin met die gevolglike afname van interaksie met grootouers en ander familielede; die verhoogde mobiliteit in ’n globale wêreld waar beide ouers buite die huis werk; die realiteit van enkelouer-families wat verhoog; inter-godsdiens-huwelike wat aan die toeneem is en dit is verder sigbaar in publieke skole wat ook wegbeweeg het van ’n Christelik-nasionale na ‘n godsdienstig-neutrale grondslag.

Verder is die kerk weinig nog die sentrum van mense se sosiale- en gemeenskapslewe. Die televisie en sosiale media het ook die plek van die Christelike

tydskrifte ingeneem. Hieruit is dit duidelik dat effektiewe onderrig nie in isolasie (sonder ’n ekologie van verhoudings en sisteme soos hierbo beskryf) effektief kan plaasvind nie, maar afhanklik is van kritiese sosiale en ander sosiologiese faktore.

Hierdie gedagtes sal verder ontwikkel en selfs getoets word in hierdie studie. Die term geloofsvorming wil juis iets van hierdie sosiale en sosiologiese faktore verdiskonteer wanneer dit by die vorming van geloof kom.

Die skoolse-instruksie paradigma van die Christelike onderrig in die kerk het dus geïsoleer geraak na die erodering van verhoudings en sisteme en van die vorming van ’n Christelike lewe was daar later niks meer sprake nie. Westerhoff (2012:238-271) beskryf die probleem wat met Christelike onderrig ontstaan het soos volg:

> The church’s educational problem rests not in its educational program, but in the paradigm or model which undergirds its educational ministry – the agreed-upon frame of reference (schooling-instructional paradigm, where school is the context and some form of instruction the means) which guides its educational efforts.

#### 4.2.1.3 Skoolse karakter van onderrig laat teologiese grondslag verkrummel

Alhoewel die naam van “religious education” na “Christian education” verander is in die hoofstroomkerke van Amerika in die laat 1940’s en 1950’s, het hierdie skoolse karakter van onderrig volgens Westhoff (2000:206) die teologiese grondslag van onderrig laat begin verkrummel. Ten spyte van die oproep van vele persone van daardie tyd (Westhoff 2000:206), dat Christelike onderrig beplan en gedoen moet word met ’n baie wyer perspektief van die totale sending en bediening van die kerk en dat eksplisiete instruksie in die Sondagskole slegs maar ’n onderdeel van Christelike onderrig behoort te wees, is voortgegaan met die skoolse-instruksie paradigma.

In Suid-Afrika en spesifiek in die Ned. Geref. Kerk het die pad ten opsigte van onderrig ook bietjie anders verloop. Volgens Nel (1982:101-102) het die Algemene Sinode in 1970 reeds besluit op ’n wisselterm vir Sondagskool naamlik kategese. In 1978 is besluit dat die naam vir die amptelike onderrig ‘kategese’ sal wees. In kategese was daar gepoog om onderrig en die lewe nader aan mekaar te bring. “Die praktyk van onderrig, voorbereiding en begeleiding maak al meer voorsiening ook vir die eis tot en die toetsing van die inskakeling van die dooplidmaat by die Junior en Senior Kerkjeugaksies as oefenplek vir dit wat in die kategese geleer is. Dit gaan hier

inderdaad om onderrig tot ware kennis, liefde en diens van God.” Alhoewel die bedoeling was dat kategese die plek van onderrig en die Kerkjeug Aksies die plek van oefening sou wees, het juis die tweedeling en die feit dat baie min van die kinders en jongmense wat kategese ontvang het, ingeskakel het by dié aksies, aanleiding gegee daartoe dat kategese ook in Suid-Afrika al meer en meer ’n skoolse karakter gekry het en dat die teologiese grondslag ook mettertyd verkrummel het.

#### 4.2.1.4 Skoolse model van onderrig laat belangrike aspekte van onderrig buite rekening

Volgens Westhoff (2000:170; 479) het hy al in 1976 gepleit dat daar in Christelike onderrig wegbeweeg moet word van ’n skoolse “instructional-training” -paradigma na ’n kategetiese “community of faith-formation/body of Christ enculturation”-paradigma. Westhoff het nie aanvanklik die term geloofsvorming gebruik nie, maar eerder gepraat van enkulturasie. Met hiérdie term wou hy die natuurlike proses waardeur ’n kultuur mense se verstaan en manier van lewe, hul lewensuitkyk (persepsies van realiteit) en hul etos (waardes en manier van lewe) oordra van een generasie na die volgende, omskryf. Tog staan die woord ‘vorming’ in sy verduideliking sentraal. Vir hom is vorming (Westhoff 2012): “an intentional effort to engage in enculturalization” en sluit drie goed in naamlik formasie, onderrig en instruksie/opleiding. Toe Westerhoff later (2012:479) sy boek hersien het, het hy sy nuwe kategetiese paradigma wel die “community of faith formation” genoem.

John Roberto (2005:8) verwoord miskien hierdie skuif van die begrip ‘Christelike onderrig’ na ‘geloofsvorming’ vanuit ’n Katolieke perspektief die heel duidelikste. Hy beskryf dit in ‘Generations of Faith: Resource Manual - Lifelong Faith Formation for the Whole Parish Community’ soos volg: Alhoewel die Katolieke kerk sedert die tweede Vatikaanse Raad in 1965, ’n nuwe visie van geloofsvorming en lewenslange leer vir mense van alle ouderdomme en generasies aangebied het, worstel kategese regoor die hele VSA en Kanada steeds onder die las van ’n uitgedateerde model van geloofsvorming. Om hierdie nuwe visie van geloofsvorming, wat uiteengesit is in die “General Directory for Catechesis”, te omarm, vereis die volgende: “moving beyond a school paradigm to a community of whole church paradigm of faith formation.”

In Roberto (2005:8) se uiteensetting van die implikasie van hierdie nuwe paradigma, word daar duidelik gehoor hoe dit Christelike onderrig op ’n totaal nuwe pad plaas. Hierdie skuif vereis ’n hele reeks beduidende veranderings. Volgens hom vereis dit:

- ‘n Beweging weg van ’n fokus net op onderrig van kinders deur die implementering van ’n lewenslange geloofsvorming vir alle ouderdomsgroepe;
- Beëindig wat hy noem die “start and stop catechesis (think graduation at confirmation, think preparation for sacraments)” deur die implementering van lewenslange en deurlopende geloofsvormende leer deur deelname aan alle gebeure en byeenkomste van die gemeente en by kerkjaar vieringsgeleenthede;
- Beëindig afsonderlike bediening aan verskillende ouderdomsgroepe (“think grade levels, youth groups, etc.”) deur die implementering van intergenerasionele geloofsvorming wat alle generasies in ‘n leeromgewing aan mekaar verbind binne die gemeente;
- Beweeg verby ’n fokus op handboeke as die enigste manier hoe ’n kurrikulum opgestel kan word deur gebruik te maak van gebeure en byeenkomste in die gemeente en kerkjaar vieringe as kurrikulum vir alle ouderdomme;
- Moenie families blameer vir die mislukkings van geloofsvormingspraktyke nie, maar moedig die geloof van die familie aan wat dien as integrale deel van geloofsvorming;
- Implementeer ’n meer samewerkende en geïntegreerde benadering in geloofsvorming wat alle bedieninge binne die gemeente insluit.

Die term vorming (“formation”) word volgens Osmer (2012:33-34 in Zscleile) geredelik gebruik onder leiers van die sogenaamde missionale kerk-beweging (‘missional church’) en die spiritualiteitsvorming-beweging (‘spiritual formation”). Beide hierdie groepe beskryf vorming as die manier hoe ’n gemeente die lewens van sy lidmate vorm en ’n kultuur van ’n spesifieke gemeente opbou. Beide hierdie groepe verwys volgens hom na hierdie vorming as “a process that is broader than Christian education.” Sommige in beide groepe vra dat Christelike onderrig -programme nodig is om: “to become more formational and not merely informational.”

Vandag word die term ‘geloofsvorming’ dus algemeen gebruik om daarmee die onderrigtaak van die kerk mee te beskryf. Die term het egter ’n nodige verruiming gebring van slegs die skoolse model se verstaan van onderrig.

#### 4.2.1.5 Waak teen vernouing van geloofsvorming

Die pendulum ten opsigte van geloofsvorming het ook weer die afgelope tyd geswaai. Die afgelope dekade word daar volgens Root (2017:102) met nuwe belangstelling na geloofsvorming gekyk. Met die uitvloei van jongmense uit die kerk, afname van lidmaatskap en groei in die tendens dat mense hulle al meer losmaak van die kerk, word geloofsvorming dikwels vandag meer as ’n reddingsboei gesien om op pragmatiese maniere hierdie afname en losmaking te stuit. Dit het na die oordeel van die navorser gemaak dat ook geloofsvorming gedurende hierdie tyd ‘n vernouing beleef het. Geloofsvorming word vandag volgens Root (2017:228) byna volledig gekleur in ’n sosiologiese baadjie en ook gestroop van sy teologiese betekenis. Root (2017:102), op die voetspoor van Charles Taylor, pleit daarvoor dat geloofsvorming nie langer net as reddingsboei gebruik sal word nie, maar eerder as meganisme of hulpbron om die veranderinge wat ’n sekulêre wêreld op die tafel gesit het, te hanteer. Daarom Root (2017:102) se dringende oproep: “this focus on loss blinds us from fully seeing both what is at stake in the secular age we now live in and the need for new theological visions.” Daar sal later in hierdie studie breedvoerig teruggekom word na geloofsvorming binne ’n sekulêre wêreld.

Wat hier vir die term van geloofsvorming van belang is, is dat geloofsvorming nie maar net (weer) kan verval in alleen maar sosiologiese prosesse wat mense wil beweeg of beïnvloed na ’n dieper godsdienstige verbintenis aan sekere informasie en aan deelname in die institusionele kerk nie, want dan word geloof volgens Root (2017:111) geheel en al gestroop van wat hy noem: “transcendence and has little to nothing to do with mystery, transformation, and ontological encounter.”

Hierdie beskrywing vorm die agtergrond en konteks waarbinne die term ‘geloofsvorming’ ontstaan het en tans gebruik word. Aanvanklik was die term dus gebruik om net die vormingsaspek van onderrig te beskryf, maar later het dit ’n selfstandige plek begin inneem om die totale proses van onderrig mee te beskryf.

Die term wil dus aan die een kant die verenging van onderrig tot ’n kognitiewe, skoolse model of sosiologiese proses uit die weg ruim en in die plek daarvan ’n meer omvattende betekenis van vorming en ander teologiese en sosiologiese prosesse, waarbinne vorming plaasvind, vir die onderrig-taak van die kerk op die tafel sit. Miskien moet daar eerder gesê word dat dit die oorspronklike verstaan van onderrig in die Bybel (teologie van onderrig) weer wil terugsit op die kerk se tafel. Aan die ander kant wil die term geloofsvorming ook die kerk help om breër te dink as slegs kategese as die enigste ruimte waarbinne geloof onderrig en gevorm word, maar wil juis ’n ekologie van ruimtes en vormende prosesse, binne hierdie ruimtes van die onderrigtaak van die kerk, op die tafel sit. Natuurlik wil die term verder daarmee help om nie net aan kinders en jongmense te dink wanneer daar oor onderrig en geloofsvorming gepraat word nie, maar aan alle lede van die liggaam van Christus – van die wieg tot die graf. Nog ’n baie belangrike saak wat geloofsvorming op die tafel wil sit, is die feit dat deelnemers aan geloofsvorming beide ontvang en gee vir mense van alle ouderdomme. Geloofsvorming is dus nie net, om die woorde van Harkeness (2012:122) te gebruik, bediening aan ander (in hierdie studie die jeug) nie, maar dit verwys na ’n wedersydse proses.

#### 4.2.1.6 Geloofsvorming in ’n sekulêre era is meer as net om die uitvloei te keer

Root (2017:97-116) wys daarop dat die betekenis van geloofsvorming geskuif het die afgelope dekade as gevolg van die konteks van ’n sekulêre era waarin vandag geleef word. Hy probeer nie net om hierdie feit uit te wys nie, maar probeer juis help om geloofsvorming binne hierdie era op ’n gesonde teologiese basis terug te sit.

Die narratief van die kerk in hierdie sekulêre era is volgens Root (2017:98) dat daar in geloofsvorming te make is met ’n epidemie. Voorbeelde wat gewoonlik genoem word, is die morele verval, die feit dat godsdiens (spesifiek gebed) uit skole geneem word, die afname in erediensbywoning of ’n uitvloei van jongmense uit die kerk. Die gevolgtrekking wat dan volgens Root (2017:98) gewoonlik gemaak word oor hierdie toestand is: “... we are where we are because faith has been subtracted from our cultural and societal lives.” Die ingesteldheid van programme met die oog op geloofsvorming binne hierdie narratief is gewoonlik om hierdie toedrag van sake teen te werk, sonder om hierdie narratief enigsins te bevraagteken. Die kerk (lees

jeugbediening of geloofsvorming) se rol in hierdie era is om strategieë te ontwerp en beste praktyke te soek wat 'die prop in die bad kan sit' wat hopelik deur die pragmatiese aksies (soos kleingroep aktiwiteite, uitreike en ander byeenkomste) kan keer dat jongmense hulle kerklike betrokkenheid gaan opskort. Root (2017:98) gaan so vêr om binne hierdie konteks te sê dat die kerk byvoorbeeld die probleem van ouers wat nie hulle geloofstories met hul kinders deel nie, ook te interpreteer as 'n "subtraction" van ouerbetrokkenheid, daarom word daar gesoek na modelle of werksboeke of werkswinkels wat die afname kan stopsit en keer dat geloof op die manier in die drein af verdwyn.

Hierdie benadering lyk baie aantreklik omdat dit oplossings in die vooruitsig stel in 'n tydperk van angs en verlies. Die probleem is egter volgens Root (2017:98) dat hierdie strategieë en beste praktyke nie die nodige resultate oplewer nie, omdat die probleem nie hierdie narratief (dat geloof uit die gemeenskap en kultuur "subtract" [weggeneem] is) is nie. Natuurlik is dit in een opsig waar dat jongmense godsdienstige deelname uit hulle programme uithaal en dat baie ouers ontmagtig voel om hulle geloof met hulle kinders te deel, maar dit beteken nie dat daar net 'n prop ingeprop moet word (net 'n sosiologiese oplossing aangewend moet word) nie. Die probleem met geloofsvormingsprogramme is eerder die oorvereenvoudigde oortuiging dat wanneer die prop ingeprop gaan word, dit gaan help dat jongmense hulle geloof behou. Die probleem is egter baie groter as net dit. Hierdie is nuwe waters. Sterker verbintenis en selfs God is nie eenvoudig uit die gemeenskap en kultuur weggeneem, soos 'n enkele plank uit 'n plankheining ("picket fence") nie; só - met 'n bietjie aanpassing hier en volharding daar kan die plank vervang word en die gat in die heining sal toe wees. Die teendeel is waar – die hele sosiale speelveld het geskuif. Charles Taylor (2010:302; cf. ook Root, 2017:99) verwoord dit soos volg: "Modernity is defined not just by our 'losing' an earlier world, but by the kind of Human culture that we constructed."

Dit is in hierdie konteks dat geloofsvorming gedurende hierdie tyd volgens Root (2017:228) byna volledig geklee is in 'n sosiologiese dop en gestroop van sy teologiese betekenis.

Die kerk het van God bloot 'n konsep gemaak (Root 2017:100). Daarom vra hy dat daar net weer presies seker gemaak word wat bedoel word met die geloof wat gevorm

word in geloofsvorming. Gaan dit slegs oor ’n geloof wat bestaan uit uiterlike vorms van geloofsgewoontes en geloofspraktyke wat nagevolg word of gaan dit in geloof oor ’n verhouding met God wat groei? Gaan dit regtig oor die feit dat deelgeneem word aan die koms van God in die wêreld? Gaan dit regtig oor die feit dat geloof beleef word deur om ingetrek te wees in God se aksie? Gaan dit regtig daaroor dat daar in die kragveld of ruimte van die Gees deelgeneem word aan sy bediening? Wanneer dít die vertrekpunt is, sal geloofsvorming anders daar uitsien en sal transformasie meer en meer deel uitmaak van geloofsvorming.

### 4.3 Geloofsvorming - bousteen van Jeugbediening in gemeentebouproses

Daar is nou pas gesien dat geloofsvorming uit die onderrigtaak van die kerk ontstaan het. Jeugbediening se hooftaak is om die geskenkte geloof deur geloofsvorming te laat groei tot ’n lewe van dissipelskap en so die gemeente te bou om God se werk hier op aarde voort te sit en op die manier deel te neem aan die koms van die koninkryk van God. Daar is ook gesien dat geloofsvorming die vernouing en verkeerde persepsies rondom onderrig wou regstel.

Baie dinge het volgens Nel (2001:137) daartoe gelei dat onderrig ’n baie formele, en byna geoutomatiseerde oordrag van informasie geword het. Hoe meer dit die geval is, hoe kleiner word die uitset in terme van jeug wat met besieling en oortuiging lidmate van die gemeente word. Ook het ’n baie groot persentasie van die ouergemeenskappe oor die jare heen geleer (en is hulle geleer) dat die kerk onderrig gee. Ouers het onderrig-sku geword en verleer om self die vreugde van geloofskommunikasie te ervaar of daarin te deel. Die gevolg hiervan is volgens Osmer (1990:3-5) ’n kerklike onderrigsisteem (hier moet, na die oordeel van die navorser, eerder aan ’n geloofsvorming-sisteem gedink word) wat dringend om reformasie vra. Die kerk het in sy poging om die jeug binne sy eie jeugkultuur te bedien, die jeug daarom toenemend afsonderlik begin bedien, wat tot gevolg gehad het dat die jeug hulle band met die groter geloofsgemeenskap verloor het. Hierdie afsonderlike bediening het beslis voordele ingehou, maar die nadele, spesifiek die gebrek aan volwasse geloof en die losmaking van jongmense van die kerk of geloofsgemeenskap, het die jeugbedienings na die oordeel van die navorser nou finaal ingehaal.

Op enige pad vorentoe behoort geloofsvorming nou twee goed duidelik te balanseer: Eerstens die begeleiding (vorming) van die jeug tot volwasse geloof wat insluit inisiasie, begeleiding op ’n lewenslange reis van dissipelskap of soos Osmer (2012:49) daarna verwys as hy oor missionale roeping skryf: “gathering and upbuilding.” Tweedens gaan dit oor die openheid en vrymoedige deelname aan bedieninge en die missionale roeping in, met en deur die kerk, wat insluit, uitreik na en uitleef van geloof binne ’n (jeug) kultuur met sy uitdagings of soos Osmer daarna verwys: Deelname aan die “sending and self-giving of the congregation.” Osmer beklemtoon verder dat geloofsvorming op sy heel beste plaasvind: “when deep connections are created between these two foci.”

In die volgende paragrawe gaan spesifiek gekyk word hoe hierdie geloof gevorm word, na die verskillende ruimtes waar dit plaasvind, en prosesse wat meehelp tot die vorming van geloof. Daar sal spesifiek gekyk word hoe die gemeente en die ouerhuis nuut moet dink en begelei moet word om hulle kardinale rol wat hulle speel en behoort te speel in geloofsvorming op te neem binne ’n veranderde en veranderende konteks.

### 4.3.1 Definisies van geloofsvorming

Uit bogenoemde bespreking oor die afkoms van die begrip geloofsvorming, is dit dus belangrik om die teologiese, sosiologiese en selfs psigologiese aspekte van geloofsvorming in enige definisie te verdiskonteer. In die literatuur word daar verskillende definisies gebruik vir geloofsvorming. Hier is enkeles:

Bijlsma (1962:7) beklemtoon dat geloofsvorming nie net op kinders en adolessente gemik is nie, maar ‘n proses is wat lewenslank plaasvind, ook in die lewens van volwassenes en bejaardes.

Harris (1989:43-44) stel ook ‘n komprehensiewe benadering tot geloofsvorming voor, wat gewortel is in die totale gemeentelewe. Sy skryf dat die kerk se bediening van geloofsvorming, so ver terug as Handelinge 2:42-4, bestaan het uit vyf vorme, naamlik didaché, koinonia, kerugma, diakonia, asook leitourgia. Slegs wanneer geloofsvorming op al hierdie bedienings gerig is en deur elkeen van hulle plaasvind, kom die bediening van geloofsvorming tot sy reg.

Volgens Prins (1995:24) is geloofsvorming die totale proses waardeur iemand leer om God Drie-enig te ken, lief te hê en te dien. Dit sluit alle persone, invloede en prosesse in wat bewustelik of onbewustelik daarby betrokke is en betrek word. Geloofsvorming is dus nie gelyk aan kategese, soos dit tans binne die Ned.Geref. Kerk bestaan nie en is ook nie beperk tot kinders en adolessente nie. Kategese vorm binne hierdie geheel net ’n bepaalde deel van die totale raamwerk waarbinne geloofsvorming plaasvind.

Simpson (1999:23) definieër geloofsvorming as die proses en wyse waarop Christene (nie slegs kinders nie) oor die bestek van ‘n leeftyd mekaar vorm ten opsigte van die vorming en groei van ‘n Christelike wêreldbeskouing, karakter en identiteit – hy noem hierdie proses “traditioning”- en die ontwikkeling van kritiese, evaluerende en analitiese vaardighede om die Christelike kultuur en self-verstaan waarin hulle gevorm is, te “herinterpreteer.” Geloofsvorming het, volgens hom, te doen met vorming, sowel as transformasie. Sonder vorming, het geloofsvorming geen konfessionele basis nie. Sonder transformasie het geloofsvorming nie die krag om aan te pas en te getuig binne ‘n nuwe konteks nie. Geloofsvorming is dus die oordra en her-interpretasie van geloof vir die vorming en transformasie van die geloofsgemeenskap.

Hoffman (2015:63; in Nel en Van der Westhuizen) kombineer die definisies van Dettoni (1994) Matthaei (2000) en Prins (1995) soos volg: Geloofsvorming is ’n doelbewuste proses waardeur die gelowige begelei word om te groei in haar verhouding met God en meegaande verandering in lewenstyl. Dit behels die ontwikkeling van die gelowige se identiteit en roeping in Christus. Geloofsvorming is eintlik deelname aan God se genadewerk in die gelowige se lewe.

Geloofsvorming word, in aansluiting by die reismetafoor, deur sommige (Hoffman, 2015:63) omskryf as reisigers se deelname aan God se werk van genade in medereisigers se lewe. Geloofsvorming het dus opsommend twee fokuspunte: die individu se geskenkte geloof wat gevorm word en die persone en die geloofsgemeenskap wat deelneem aan hierdie geloofsvormingsproses. Hierdie pad, is daar reeds gehoor, begin by geboorte en hou aan tot en met die dood.

Die navorser wil al die gedagtes van bogenoemde definisies probeer vasvang in ’n eie poging: geloofsvorming verwys dus na die totale proses van inlywing, begeleiding en

onderskeiding van verbondsmense op die geloofspad saam met God, wat meehelp en bydra daartoe dat `n omvattende verbondsverhouding ontwikkel en dat die Godgeskenkte geloofsinsigte groei en ontwikkel op so ‘n manier dat hulle individue word (waartoe God hulle geroep het) wat hulle in Christus Jesus reeds is (nuwe Godgegewe identiteit – om aan sy beeld gelyk te word).

In hierdie studie word geloofsvorming dus baie breed verstaan: Geloofsvorming verwys in laasgenoemde definisie na alle prosesse wat meehelp en bydra dat die Christelike geloof ontwikkel en gevorm word in gelowiges se lewens en dat hulle toegerus word om as dissipels van Jesus Christus in hierdie wêreld te lewe. Hierdie definisie wil dus daarmee help om weer terug te keer na die oorspronklike bedoeling van onderrig, wat baie wyer gestrek het as net skoolse, kognitiewe vorming.

Hierdie definisie verwys dus *eerstens* na geloofsvorming as deelname aan God se genadewerk in die gelowige se lewe. Hierdie genadewerk word geïnisieer deur alle Goddelike prosesse waar geloof geskenk en gevorm word en sluit ook die ontwikkeling van ’n nuwe identiteit in Christus en meegaande verandering (transformasie) in lewenstyl in. God sluit ook *tweedens* mense in hierdie proses in. Hierdie mense is betrokke by alle prosesse van inwyding, begeleiding, onderrig en toerusting deur die gemeente. Ouers, grootouers, predikante, jeugwerkers, kategete, ander volwasse gelowiges, vriende en nog vele meer word by hierdie mense ingesluit. Almal is skakels om hierdie nuwe identiteit in Christus te help ontwikkel en te vorm en dit alles maak deel uit van geloofsvorming. Geloofsvorming vind ook plaas wanneer ’n persoon deelneem aan die bediening en dus self betrokke is by die geloofsvorming van ander. Dit word onder die eerste punt veronderstel. In hierdie studie gaan dit dus oor geloofsvorming in, met en deur kinders en jongmense.

Allan en Ross (2012:21) lê klem op die vorming van die beeld van Jesus Christus in iemand se lewe. Hierdie gedagte sluit nou aan by die verwysing in die vorige paragrawe na die ontwikkeling van ’n nuwe identiteit in Christus of identiteitsvinding soos Nel (2018:247; cf. ook Nel 2001b:102) daarna verwys. Allen en Ross gebruik in hierdie verband die term ‘Christian Formation” en beskryf dit as: “the process of Christians being formed, transformed and conformed to the image of Christ.” Hiermee sluit hulle dan ook nou aan by Bybelse gedeeltes wat hierdie gedagtes omskryf.

Gedeeltes soos 2 Korintiërs 3:18 toon duidelik dat die Heilige Gees die subjek of instrument van hierdie verandering is. Miskien moet daar vir ‘n oomblik net stilgestaan word by hierdie kommuniale aspek van geloofsvorming. Nel (2015:52) beklemtoon dat woorde soos dié in 2 Korintiërs 3 nie eensydig toegepas moet word net op individue nie. Hierdie woorde is woorde aan ’n gemeente as geheel. In die Bybel funksioneer die individuele gelowige meestal in terme van die hele liggaam (Vergelyk ook Efesiërs 4:17ev.; Kolossense 1-3; 1Petrus 2:1 ev. en Galasiërs 5:6). Geen enkele gelowige wys die volle liggaam van Christus op sy of haar eie nie. Tog het die individu ’n belangrike rol in hierdie veranderingsproses te speel volgens Romeine 12:2 deur hul denke te vernuwe. Paulus wys ook duidelik daarop dat ander gelowiges in hierdie veranderingsproses ingesluit is in gedeeltes soos Galasiërs 4:19 waar hy na homself verwys as iemand ‘wat van vooraf in geboortepyne verkeer totdat Christus in hulle gevorm is’. Vanuit ’n gedeelte soos Efesiërs 4:11-16, word nie net afgelei dat die Heilige Gees die primêre krag agter gelowiges se groeiproses na geloofsvolwassenheid is nie, maar dat die geloofsgemeenskap die sleutel-ruimte is waarbinne die Gees sy veranderingswerk doen. Allan en Ross (2012:21) gaan so vêr om te sê dat die geloofsgemeenskap die kanaal is waardeur die Heilige Gees sy veranderingswerk doen. Hiermee is dit dus belangrik om raak te sien hoe bogenoemde definisies, saam met baie ander, die belang van die gemeente of geloofsgemeenskap omarm as dit kom by die proses van geloofsvorming. Hierdie gedagte sal verder gevoer word wanneer spesifiek na die belang van intergenerasionele verhoudings gewys word in geloofsvorming.

### 4.3.2 Die vorming van geloof

Daar is reeds in hierdie studie aangedui dat die vorming van geloof ’n misterie is. Daar is verder ook aangedui dat God geloof skenk en alleen die Heilige Gees kan hierdie geskenkte geloof laat vorm en groei. Daar is verder ook duidelik aangetoon dat die Bybel dit makliker maak om raak te sien dat God telkens mense insluit om hierdie geskenkte geloof te laat ontwikkel en groei. Daar gaan vervolgens eers dieper gekyk word na die teologiese en dan na die sosiologiese en ander aspekte van geloofsvorming. Alles wat in die vorige hoofstuk oor onderrig gesê is, is gesien dat dit natuurlik net so vir geloofsvorming ook waar is. Daarom is dít ons vertrekpunt.

Binne ’n verbondsgemeenskap is die natuurlike pad van groei die vorming van geloof deur inlywing, begeleiding en onderskeiding op ’n pad van geloof. Op hierdie pad groei geloof. Sommige mense word dus binne die verbondsgemeenskap gebore en op die manier ingelyf in en begelei op die geloofspad. Sommige mense word eers later deel van die verbondsgemeenskap. Van daardie oomblik af vind die inlywing en begeleiding op die geloofspad plaas. In beide gevalle neem God die inisiatief en is dit sy Gees wat geloof skenk of inisieer. In beide gevalle volg daar dan ’n proses van geloofsvorming. In die proses van geloofsvorming is dit belangrik dat enige persoon op die pad van geloof net kan reageer op die manier wat vir die persoon ontwikkelingsmatig moontlik is en binne die kennis wat so ’n persoon op daardie gegewe tyd het. Dikwels gebeur die inisiële geloofsproses sonder dat die persoon presies verstaan of kan verwoord wat gebeur, maar later kry so ’n persoon taal om dit te beskryf. Daar kan dus gepraat word van ’n groeiende bewustheid en bewuswording op die pad van geloof.

Die geloof wat gevorm word deur geloofsvorming is volgens Root (2017:119-120) vir die mens ’n komplekse menslike ervaring wat begin by ‘n ontmoeting met Jesus Christus, wat hy, na aanleiding van Paulus se briewe, beskryf as “to enter into Christ.” Hierdie ontmoeting by kinders en jongmense is ’n proses wat gewoonlik ouers en ander persone wat God teenwoordig maak insluit (soos ’n Timoteus in die Bybel). In hierdie verband haal Dykstra (2005:39) Loder aan wat skryf:

> ... at the age of three months, a child ‘seeks and learns to respond to the presence of a Human face ... and give a smile, ‘what is established ‘is the child’s sense of personhood and a universal prototype of the Divine Presence.’ In other words, there is a sense in which infants may recognize the presence of God, though of course they cannot yet name it.

Wat van belang is, is dat sulke ervarings later geïnterpreteer word en saamgevoeg word met ’n konstante bewustheid en bewuswording van God. Dit gaan dus nie slegs oor ’n enkele ontmoeting nie, maar ’n reeks ontmoetings en ’n verhouding wat daaruit voortvloei. Op hierdie verhoudingspad vind ontmoetings meer geredelik plaas. Wanneer ’n persoon buite ’n verbondsgemeenskap grootgeword het, neem hierdie ontmoeting ander vorms aan wat wissel van ’n belewenis van Goddelike kontak tot ’n belewenis waar ander mense wat God verteenwoordig ’n groot rol speel (soos ’n Paulus in die Bybel). Weereens is die ontmoeting op sigself nie die eindpunt nie, maar

die beginpunt van 'n verhoudingspad saam met God. 'n Eerste ontmoeting word opgevolg deur nog ander ontmoetings wat saam bydra tot die groei wat plaasvind.

Hierdie ontmoeting(s) beskryf Root (2017:119) soos volg:

> Faith is to experience the encounter of Christ through the negation of the cross. Hy vervolg deur daarop te wys dat mense se ervaring van hul eie "negation" ("death experiences, brokenness, and longing") hulle as t' ware in Jesus se "negation" intrek. It is to have our own being taking into the being of Jesus. Faith is to find ourselves bound to the faithfulness of Christ, who goes to the cross out of obedience to the Father. Jesus is obedient because God's being is found in God's act. And this God of Israel is 'n minister - one who reaches out to embrace and be with humanity.

Hiérdie geloof en nie die "commitment"-geloof (waar ek maar net op 'n dag my lewe aan die Here verbind), is die gawe wat God vir elke mens wil gee. Dit gebeur wanneer die mens God toelaat om hom/haar te bedien. Binne die mens se ervaring van "negation" (doodservaring, gebrokenheid en smagting) maak die Heilige Gees 'n persoon se oog dus oop om die betekenis van Jesus se kruis te verstaan. Dit is in hierdie oomblik (wanneer hierdie insigte groei – dit wat tussen hakkies staan is bygevoeg deur die navorser) dat 'n persoon beleef hoe hierdie Jesus na my toe uitreik en my omarm met sy liefde. Root (2017:119) noem hierdie bediening 'n 'act of sharing in the life of another for the sake of love and communion'. Dit is die belewenis van hierdie bediening van Jesus wat Root dan beskryf as "om ingetrek te word in Jesus in". Dit is hierdie eenheid wat die Heilige Gees gebruik om die mens se doodservaring om te draai in nuwe lewe of opstanding. Root (2016:130) omskryf dan die gevolg van hierdie ontmoeting pragtig: "This faith calls us to participate in the life and saving activity of God by becoming ministers." Dit is binne hierdie deelname dat die transformasieproses of groei binne gelowiges plaasvind volgens die oordeel van die navorser.

### 4.3.3 Groei in die geloof

Geloof, is gesien, word nie ontwikkel in 'n enkele oomblik nie. Groei en transformasie in geloof en in die lewe van geloof kom volgens Dykstra (2005:34) oor tyd heen voor. Alhoewel sekere dimensies van geloof en die lewe van geloof in die kleinste kindjie voorkom, veronderstel ander dimensies ander ervarings in die lewe en kontak met die evangelieboodskap. Die Bybel is ook duidelik oor 'n groeidimensie in geloof: daar word

gereeld verwys na onvolwassenheid en volwassenheid in die geloof en gelowiges word opgeroep tot volwasse geloof en groei daarnatoe (Efesiërs 4:13-16, 1 Petrus 2:2, Hebreërs 5:12-14).

Daar is reeds aangedui dat geloofsvorming gegroei het uit die onderrigtaak van die kerk. Wanneer na die wortels van geloofsvorming gekyk word, stem dit dus ooreen met die manier waarop mense in die Bybelse tyd onderrig (op sy breedste verstaan) is. Dit is ook belangrik om van die staanspoor af duidelik te maak dat daar nie net ’n eenduidige manier bestaan waarop geloof gevorm is oor die tydperk waarin die Bybel ontstaan het nie. Hierdie studie probeer ook nie om ’n volledige verstaan van hoe geloof in die Bybel se tyd gevorm is, weer te gee nie. Daar sal hoogstens lyne getrek word uit die Ou en Nuwe Testament wat vir hierdie studie oor intergenerasionele geloofsvorming van belang is. Wat egter tog van die begin af belangrik is, is die feit dat die Bybel veronderstel dat geloofsvorming altyd voorkom binne ’n familiale en/of gemeenskaps-opset.

#### 4.3.3.1 Geloofsvorming as lewensvorming of lewensonderrig

Daar is in die vorige hoofstuk reeds gesien dat die lewe in die Bybel volgens Nel (2001:137) op die voetspoor van Firet (1982:71) dikwels met ’n ‘weg’ (hoe ’n mens moet lewe) voorgestel word. Die ‘weg’ (lewe) van die mens word vanuit ’n bepaalde bestemming verstaan. Die weg loop iewers heen. Die lewe het ’n bestemming. Hierdie bestemming is nie maar net die dood nie. Die mens se lewe het ’n doel en daarom ook betekenis. Kinders moet geleer word om te lewe. Geloof is ’n integrale deel van die lewe en die lewe ’n integrale deel van geloof. In hierdie studie gaan dit spesifiek oor intergenerasionele geloofsvorming wat omvattend na onderrig as uitnodiging na, inisiasie in en begeleiding op en in hierdie weg - die weg na ’n omvattende lewe van dissipelskap verwys. In hierdie studie val die klem spesifiek op kinders en jongmense wat intergenerasioneel geïnisieer en gelei word in en op hierdie weg.

#### 4.3.3.2 Geloofsvorming in die vroeë-kerk

Daar kan ook nie ’n eenduidige patroon of strategie afgelei word oor hoe geloofsvorming in die vroeë-kerk plaasgevind het nie. Volgens Allen en Ross (2012:83-84) is dit tog van groot belang dat die vroeë-kerk as ’n geheel - alle generasies ingesluit - saam vergader het. Handelinge beskryf dikwels hoe hele

families, insluitende die uitgebreide familie en slawe saam aanbid het as kerk. So het almal saam brood gebreek, gebid en mekaar bedien in die konteks van hulle huise (Vergelyk Handelinge 2:46-47; 4:32-35; 16:31-34). Miles (1990:12) lig hierdie vormingsaspek baie mooi uit: “Children observed the faith commitments of their parents [and other known adults] in real, concrete ways.”

Paulus se briewe gee ook ’n goeie prentjie van geloofsvorming in die vroeë kerk. Sy briewe is ook gewoonlik volgens Osmer (2005:7) hardop aan die hele gemeente voorgelees. Hierdie ‘saam luister’ het ‘n groot geloofsvormende effek op die hele gemeente gehad. Selfs Paulus se retoriese styl word volgens Osmer as ‘n meesterlike onderrigstyl aangewend in die meeste van sy briewe. Die meerderheid van sy briewe bevat ook groot dele paranetiese stof waar Paulus omgaan met morele sake wat Osmer (2005:8) morele-formasie en onderrig noem. In ten minste twee van hierdie gemeentes word ouers en kinders se wedersydse optrede pertinent uitgelig in die sogenaamde huistafels (Efesiers 6:1-4 en Kolossense 3:20-21). Vir Paulus was sy briewe meer as net vriendskaplike mededelings.

Osmer (2005:26-56) onderskei drie basiese take van Paulus se bediening van onderrig naamlik ‘n kategetiese-, vermanende- en onderskeidingstaak.

In die kategetiese taak gaan dit volgens Osmer vir Paulus oor die onderrig in en deurgee van beide Israel se godsdiens soos dit in hulle geskrifte ontvang is en van die vroeë Christen-tradisie. Osmer (2005:237) beskryf dit soos volg:

> Catechesis is an interpretive activity undertaken by congregations and their individual members who see themselves as participants in the Theo-drama of this triune God and are seeking to better understand their roles in this drama by deepening their understanding of Scripture and Christian tradition.

Met hierdie verstaan in gedagte is die doel van kategetiese onderrig dan (en dus ook van geloofsvorming) om gemeentes en hulle lidmate te help om hulle identiteit, roeping en gestuurdheid beter te verstaan binne die ontvouing van die Teo-drama. Die kategetiese taak fokus dan sterk op die teks van die geskrifte en tradisie terwyl die Teo-drama wat hierdie bronne ontvou, verby die wêreld van die teks beweeg. Dit bring dus die leser midde God se betrokkenheid deur sy voortgaande skeppingsaksie, werking van die Heilige Gees en die gemeente se uitleef van hulle Christopraxis (nuwe

identiteit in Christus) in vandag se wêreld. Wanneer dít gebeur, bring dit die leser by ’n beter verstaan van sy/haar rol in die drama.

In die vermanende taak hanteer Paulus die gemeentes as gemeenskappe waar morele vorming en onderrig plaasvind. Paulus sien gemeentes as vasgevang in ’n apokaliptiese drama waarin Christus die middelpunt en draaipunt is en die Heilige Gees uitgestort is op Jode en heidene, wat hulle as gemeente aan mekaar verbind het binne die gemeenskap van die nuwe verbond. Paulus herinner alle lede van hierdie gemeentes wie hulle is as God se mense en vermaan hulle om hierdie nuwe identiteit uit te leef en te vergestalt. Daar is dus ’n noue verband tussen hulle nuwe identiteit en hulle morele lewens. Die taak van morele vorming en onderrig is dus volgens Osmer (2005:259) vir Paulus om lidmate van die gemeentes te help om hulle eie identiteit te vind binne die Teo-drama van God se skeppende, verlossende en verheerlikende liefde en om hulle morele lewens te sien in die lig van dit waartoe God hulle roep om te doen binne die ontvouende drama. Osmer (2005:259) pas Paul Ricoeur se drieledige proses van morele vorming by gemeenskappe op die kerk toe en sien dit as baie bruikbaar in die vestiging van hierdie taak. Ricoeur se proses kan soos volg opgesom word: (i) Die identiteit-vormende etos van ’n morele gemeenskap wat in die optrede, stories, verhoudings en modelle sigbaar is en voortgeleef word; (ii) Die universele etiese beginsels wat ’n morele gemeenskap gebruik om hulle morele optrede en visie te toets en om rekening te hou met die morele eise wat mense buite die gemeenskap stel; (iii) Die praktiese riglyn wat nodig is om morele oortuigings toe te pas binne spesifieke situasies.

In die onderskeidingstaak leer Paulus volgens Osmer (2005:43) die gemeentes om hul daaglikse lewens eskatologies (om jou elke dag se omstandighede in die lig van God se beloofde toekoms vir sy skepping) te interpreteer. Etomologies lê die wortels van die woord ‘onderskeiding’ in woorde soos ‘om te beoordeel’, ‘te sif’ of ‘om ’n besluit te neem’. Paulus gebruik hierdie term om te verwys na die uitdagings wat sy gemeentes in die gesig staar om God se wil vir hulle daaglikse lewe te bepaal.

Osmer (2005:55) gebruik twee raamwerke in sy verstaan van onderskeiding: Die eerste is ’n metafoor van ’n bifokale lens en die tweede is ‘n metafoor van verweefde storielyne. Osmer (2005:44, 284), gebruik die metafoor van ’n bifokale lens op die

voetspoor van J. Louis Martyn, om eskatologiese onderskeiding mee te verduidelik. Aan die een kant help die lens 'n mens om naby te kyk. Dit behels om te leer om na jou daaglikse omstandighede te kyk as ’n oorlogsveld waar daar ’n konflik tussen twee strydende magte is naamlik die Heilige Gees en sonde en dood. Aan die ander kant help die bifokale lens 'n mens ook om vêr of vooruit te sien. Dit behels om te leer om na hulle huidige uitdagings te kyk in die hoop op/lig van die nuwe lewe wat moontlik gemaak is deur die kruis en opstanding en beloofde terugkoms van Jesus Christus. Die tweede raamwerk is die van verweefde storielyne. Die verweefde storielyne is waar Paulus sy gemeentes uitnooi om hulle eie storielyne in die storielyn van Israel en meer belangrik, die storielyn van Jesus Christus in te weef. Onderskeiding is dan die saamweef van stories om dan die ontvouing van die drama van mense se lewens te sien binne die Teo-drama van God se handelinge met die wêreld.

#### 4.3.3.3 Geloofsvorming gedurende die kategumenaat en daarna

Dit blyk verder, soos reeds gesien is, volgens Wepener (2014:157) uit die prosesstruktuur van die kategumenaat (die kategeseproses van die vroeë-kerk) asof geloofsvorming in die vroeë periode van die kerk ook nie beskou is as ‘n eenmalige gebeurtenis wat gekoppel was aan ‘n spesifieke formule of formules wat die geloof van die kandidaat bevestig en sodoende ook sy of haar paspoort na die hemel gewaarborg het nie. Daar word eerder gepraat van ‘n lang pad wat gelowiges hulle hele lewe lank stap. Hierdie proses van die kategumenaat het in die woorde van Alan Kreider (1999:xv, 21-22) “belief, behaviour” en “belonging” gestimuleer. Alhoewel sommige mense ’n vaste volgorde waarin geloof gevorm word wou aflei, wys Kreider daarop dat dit oor tyd heen gewissel het. Wat wel bekend is, is dat hierdie drie woorde die omvang van die veranderingsproses of bekering beskryf en dat dit gegroei het. ‘Sponsors’ het wel vir ’n sekere tyd in die kategumenaat-proses persone wat deel van die kerk wou word begelei as mentors wat spesifiek gerig was op die gedrag (behavior) van die kandidate. Die biskoppe het vir ’n tyd die formele onderrig behartig wat gerig was op die verstaan en verwoording van die inhoud van die Bybel en geloof (belief). Na die doop van die kandidate het die gemeente ook ’n belangrike rol gespeel van daardie dag af vorentoe, wat spesifiek gerig was op die deel-maak, deel-wees, deelneem en onderlinge sorg (belong).

Geloof is daarom dinamies, ’n lewenskragtige proses en nooit ’n statiese toestand nie. Wanneer daar aan geloofsvorming gedink word, word juis hierdie prosesmatigheid van geloofsvorming en groei opgeneem, maar ook die ander dimensies en ervarings en prosesse wat bydra dat geloof oor tyd heen gevorm word. Dit is om hierdie rede tog belangrik om te verstaan wat dit beteken om in die geloof en die lewe van geloof te groei en te vra hoe dit gebeur.

Calvyn het hierdie proses volgens Dysktra (2005:34) “regeneration” genoem en daaronder ’n langtermyn, dinamiese proses verstaan:

> This restoration does not take place in one moment or one day or one year; but through continual and sometimes even slow advances God wipes out in his elect the corruptions of the flesh, cleanses them of guilt, consecrates them to himself as temples renewing all their minds to true purity that they may practice repentance throughout their lives and know that this warfare will end only in death.

#### 4.3.3.4 Geloofsvorming en metafore vir groei

Dit is volgens Dykstra (2005:35) algemeen bekend in menslike groei en ontwikkeling - en navorsing in ontwikkelingsielkunde bevestig dit - dat nie net die mens se liggaam voordurende verandering ondergaan nie, maar ook die mens se vermoë om te redeneer, taal te gebruik, om emosies te verstaan, te beheer en uit te druk, die mens se houdings of ingesteldheid teenoor ander en die lewe, mense se bewussyn van hulself en baie ander aspekte van hul lewens. Die menslike lewe sluit voortdurende transformasie en ontwikkeling in en baie hiervan gebeur volgens sekere patrone en op ‘n geordende en soms selfs in ’n spesifieke volgorde. Dit is daarom redelik om te wonder of dieselfde nie ook waar is vir geloof en die lewe van geloof nie. Soos hierbo gesien is, sluit die lewe van geloof verandering, transformasie, groei en volwassewording in. Daarom vra Dysktra of dit nie moontlik sal wees om ‘n konsekwente, algemene patroon vas te stel waarop hierdie verandering plaasvind nie.

Baie uiteenlopende pogings is al deur die eeue heen aangewend om hierdie verandering te probeer verstaan. Somtyds is ’n patroon gevind waarin die Heilige Gees op ’n geordende manier in ’n mens werk (roeping, wedergeboorte, geloof, regverdiging, bekering, heiliging, volharding, ens). Aanvanklik was hierdie sogenaamde heilsorde of heilsweg, soos Heyns (1981:303) daarna verwys, gesien as

trappe of stappe, maar later was die konsensus dat die heilsorde eerder groei en transformasie op ’n reis voorstel waarop belangrike gebeurtenisse plaasvind.

In die meer onlangse tye word geloof eerder gesien as iets wat deur fases beweeg gedurende die menslike ontwikkelingsfases of oor die normale menslike lewensiklus heen. Laasgenoemde ontwikkeling word volgens Dykstra (2005:46 – voetnoot 3) by Karl Barth in sy Church Dogmatics, vol 4, deel 3; Fowler se ‘Stages of Faith’, 1981 en Capps se ‘Life-Cycle Theory Pastoral Care’, 1983 en sy ‘Deadly Sins and Saving Virtues’, 1983 gevind.

Volgens Dykstra (2005:35-36) is een van twee stelle metafore gewoonlik implisiet teenwoordig in die onderskeie opvattings oor groei in die geloof. Miskien is die eerste stel metafore tans die mees algemene en daar word daarna verwys as organiese metafore. Binne hierdie manier van dink, is groei die voortdurende uitbreiding van ’n organiese struktuur in grootte en kompleksiteit binne die transformasieproses. Op hierdie manier ontwikkel byvoorbeeld bome van ’n saad tot volwassenheid deur ’n konstante patroon van groei, waarvan die fases geantisipeer en sistematies beskryf kan word. Op dieselfde manier gaan die menslike liggaam deur gereelde verandering vanaf die baba-fase deur die kinderjare, adollessensie, volwassenheid en tot en met bejaardheid. Hierdie veranderinge en die volgorde waarin dit gebeur is min of meer van die begin af in die organisme ingeprogrammeer. ’n Deel van geloofsvorming kan dus so organies verstaan word.

Die tweede stel metafore maak gebruik van die beeldspraak van ’n reis. Hierdie reismetafoor, is reeds gesien, word dikwels as metafoor vir die lewe in die Ou Testament gebruik (Spreuke 3:1-6; Spreuke 22:5-6. Vergelyk ook Firet (1982:71ev) maar is ook handig om dissipelskap van die Nuwe Testament beter te verstaan. Groei word in hierdie metafoor gesien as ’n beweging vanaf ’n vertrekpunt na ’n bestemming. Hier is groei en transformasie nie soseer die ontwikkeling wat voortvloei vanuit ’n interne struktuur wat ingeprogrammeer is om op grond van sekere gebeure en interaksies wat plaasvind tussen persone en hulle omgewings sekere voorspelbare resultate te lewer nie. Dit wat transformasie aktiveer is hier *intern* en *ekstern* (kursivering deur navorser) en groei impliseer by hierdie stel metafore ’n sekere doel by die persoon wat die reis onderneem. ’n Deel van geloofsvorming kan volgens

hierdie metafore eers plaasvind wanneer persone (jeug in hierdie studie) op pad na hulle bestemming formeel of informeel begelei word, hulle formeel en informeel blootgestel word aan ‘n omgewing (huis, geloofsgemeenskap, kultuur en sekere ervarings) waar hulle geloof in aksie sien en beleef. Jesus se begeleiding van sy dissipels en die dissipels se reis saam met Jesus illustreer hierdie metafore uitstekend.

#### 4.3.3.5 Die gereformeerde tradisie en vorming en groei van geloof

Beide hierdie stelle metafore is volgens Dykstra (2005:36) deur die Christelike tradisie deur die geskiedenis heen gebruik en word steeds deur kontemporêre denkers gebruik wanneer op die groei en transformasie van geloof gefokus word. Beide is bruikbaar as dit kom by die dinamiek en historiese karakter van die vorming van geloof en die lewe van geloof. Tog bevat die tradisie (die navorser glo dat hier eerder pertinent na die gereformeerde tradisie verwys moet word) ook waarskuwings oor té groot steun op hierdie metafore. So het sekere fundamentele temas in die tradisie se verstaan van geloof en die lewe van geloof ontstaan wat gekeer het dat hierdie metafore sonder kwalifikasie aanvaar kan word en dat daar sonder voorbehoud oor groei en ontwikkeling van geloof gepraat kan word:

- Die tradisie lê klem op die prioriteit van die aktiwiteit van God as die bron en skenker van geloof en op die aard van geloof wat slegs ’n reaksie op God is. Hierdie klem hou mense versigtig vir die organiese metafore wat suggereer dat geloof iets is wat natuurlik ingebou of ingeprogrameer is in elke mens en wat slegs evolusionêre of ontwikkelingsmatige transformasie moet ondergaan soos wat mens ouer word.
- Die tradisie was gewoonlik huiwerig om te veel klem op die vordering op die geloofspad of enige stappe of fases waarin vordering gemerk word, te beklemtoon.
- Die tradisie se klem op die vryheid en die besondere karakter van die nuwe lewe in Christus het selfs veroorsaak dat volwasse geloof en die geloofspad huiwerig definieer of beskryf is.

Dit is in hierdie verband dat Nel (2018:172-173; ook cf. ook Nel 2001:147-148) met sy term ‘geloofsontwikkeling’ verhelderend aansluit. Nel wys daarom dat binne die gereformeerde tradisie daar soms twyfel oor die geldigheid van die begrip ‘geloofsontwikkeling’ is (Nel gebruik die begrip ‘geloofsontwikkeling’, wat as

wisselvorm vir ‘geloofsvorming’ verstaan kan word). Hy voer aan dat die beswaar gewoonlik is dat geloof ’n gawe van God is en nie ‘ontwikkel’ of ‘gevorm’ kan word nie. Geen mens kan eintlik ’n ander mens se geloof vorm nie. Dit is ook nie die bedoeling wanneer hierdie term gebruik word nie. Geloof word deur God aan mense geskenk en die Heilige Gees gebruik dit om hulle lewens daarmee te vorm en te transformeer. Hierdie vormende en transformerende aspek van geloof is en bly ’n misterie. Die feit dat God geloof skenk en dat die mens homself nie tot geloof kan bring nie, is en bly die uitgangspunt ook van hierdie studie.

Die voorbehoude rondom die gereformeerde tradisie het Dykstra (2005:36) by die vraag gebring of dit steeds toepaslik is om te praat van groei en transformasie van geloof sonder om hierdie geloof en die lewe van geloof te verswak, te verdraai en oor te vereenvoudig.

#### 4.3.3.6 Geloofsvorming en menslike ontwikkeling

Geloof en die lewe op die geloofspad verander volgens Dykstra (2005:37) die aard en kwaliteit van ’n mens se lewe. Hierdie verandering word volgens hom sterk beïnvloed deur gebeure en interaksie waarmee ’n mens in verskeie fisiese- en kulturele omgewings te doen kry. Die metafoor van die lewe as ’n reis – selfs ’n geloofsreis – is handig om die karaktereienskappe van die menslike bestaan oor tyd heen ten volle vas te vang. Dit is verseker so dat sekere aspekte van ’n mens se lewe (biologies, psigologies en sosiaal) ’n voorspelbare ontwikkelingsproses van groei en transformasie ondergaan. Ten spyte daarvan behoort geloof en die lewe van geloof nie gelykgestel te word met die ontwikkeling en patroon van menslike ontwikkeling binne die onderskeie ontwikkelingsfases nie.

##### 4.3.3.6.1 Identiteitsvinding in die konteks van geloofsontwikkeling

Fowler (1981:106-114) sluit baie nou by Erikson, Piaget en Kohlberg aan en gebruik hulle resultate om ses stadiums van geloofsontwikkeling te identifiseer. Hierdie stadiums verskaf volgens Osmer (1990:213) goeie insig in persone se vermoëns om prakties-teologiese refleksie op kwalitatief-verskillende maniere oor die verloop van hulle lewe te kan onderneem. Hierdie fases stem nie presies ooreen met die psigologiese ontwikkelingsfases nie, maar daar is baie korrelasie wat handig is om die geloofsontwikkeling beter te verstaan (Fowler 1981:106-107). Tog gebeur dit dat

mense wat in geloofsontwikkeling nie die regte stimulasie kry nie tog psigologies na die volgende fase groei, maar wat geloofsontwikkeling betref, vassteek iewers in ’n fase.

Fowler se fases help dus daarmee om kinders, adolessente en selfs volwassenes te begelei van een fase van geloofsontwikkeling na die volgende. Dit sluit baie nou aan by hulle psigologiese vermoëns op hulle spesifieke ouderdom, maar is altyd ingestel om hulle op geloofsontwikkelingsvlak te begelei na die volgende fase. In die volgende paragrawe word die fases wat Fowler geïdentifiseer het oorsigtelik bespreek.

**Voorbereidende fase: Baba (0-2 jaar) en ongedifferensieerde geloof (Fowler 1981:119-121)**

Hierdie fase val min of meer saam met die babafase 0 – 2 jaar oud. Daar is nog geen selfstandige geloof van enige aard nie. In hierdie voorstadium van ongedifferensieerde geloof word die saadjies van vertroue, moed, hoop en liefde vasgelê op ’n ongedifferensieerde manier en wedywer dit met ervarings van verwerping, onstabiliteit en verwaarlosing binne die baba se leefwêreld. Die kwaliteit van die verhoudinge en die sterkte van vertroue, hoop en moed (of die gebrek daaraan) wat in hierdie fase ontwikkel word, vorm die basis van alles (of bedreig en ondermyn dit) wat later in geloofsontwikkeling plaasvind.

Die ontluikende kwaliteit van die geloof in hierdie fase is die produk van basiese vertroue en dit wat ervaar word in die wedersydse verhouding met die persoon/e wat primêr verantwoordelik is vir liefde en versorging. Ouers of primêre versorgers se rol is om as tussenganger tussen God en die kind op te tree en so God se liefde teenoor die kind te demonstreer.

**Fase 1: Intuïtiewe-Projekterende geloof (Fowler 1981:122-134)**

Hierdie fase val min of meer saam met die kleuterfase 3-7 jaar. Daar is ook nog geen selfstandige geloof in hierdie fase nie, maar tydens hierdie fase begin die inisiasie proses in die geloof. Hierdie fase is die fantasie gevulde-, na-aap fase waarin die kind kragtig en permanent beïnvloed kan word deur die voorbeeld, gemoedstoestande, dade en stories van sigbare geloof van die ouers en/of primêre volwassenes in die kind se lewe. Kinders begin in hierdie fase metafories te leer.

Uit die kinders se konkrete ervarings, verhoudings en gebeure, konstrueer hulle betekenis wat gebruik word om God mee te beskryf. Hulle beweeg dus van onmiddellike ervaring en betekenis na verbeeldingryke ervaring en betekenis (Osmer 1990: 226-227).

Die ouers en familie gaan steeds voort in hierdie fase om die mees betekenisvolle bydrae te lewer op die beelde van God en die geloofswaardes wat die kind konstrueer in hierdie fase. Kinders sal identifiseer met die waardes en geloof wat uitgeleef word binne die betekenisvolle verhoudings waarbinne hulle staan. Hulle sal op ’n diep onbewustelike vlak weet of hulle betekenisvol deel is van die familie van God. Hierdie gedagte is volgens die navorser van onskatbare belang vir hierdie studie.

**<u>Fase 2</u>: Misties-Letterlike geloof (Fowler 1981:135 – 150)**

Hierdie geloofsfase begin om sigbaar te word tussen 5- en 7-jarige ouderdom en duur gewoonlik tot die vroeë adolessensie (11 tot 13 jaar). Sommige volwassenes word die beste deur hierdie geloofsfase beskryf. Een van die belangrikste eienskappe tydens hierdie fase van geloof is wat Piaget konkrete optrede noem: die gebruik van voorlopige en eenvoudige vorms van redenering op ’n konkrete vlak. Kinders en mense op hierdie vlak van geloof hou van stories maar verstaan dit letterlik. Hulle het ook ’n ingeboude sin vir regverdigheid.

In die hart van elke gemeente se kultuur is ’n “frame of mind” (Myth) - ’n gemeenskaplike storie wat die identiteite van die lede vorm en hulle leer om die wêreld in verhouding met God te sien. Sonder enige twyfel is een van die grootste take van gemeentes in hierdie fase om geleenthede te skep waar kinders hierdie storie van die gemeente kragtig as ’n soort voorskou kan hoor, sien en beleef en dat hulle daarmee en met die geloofsgemeenskap kan en wil identifiseer. Hierdie gedagte moet volgens die navorser met groter erns in gemeentes gepromoveer word en bring intergenerasionele geloofsvorming op die voorgrond.

**<u>Fase 3</u>: Sinteties-Konvensionele geloof (Fowler 1981:151 – 173 & Osmer 1990:236 – 242)**

Hierdie geloofsfase val min of meer saam met die adolessent tussen die ouderdom van 13-17, waar die meeste volwassenes bly vassteek in hulle geloof. Tydens hierdie

fase stem persone op ’n bepaalde wyse kognitief toe tot wat hulle van geloof weet. Alhoewel hulle dus die vermoë het om deel te neem in die Christelike tradisie, doen hulle dit nie. Hulle ken selfs die gebruike van die kerk, neem op bepaalde maniere daaraan deel, maar leef nog nie noodwendig daaruit nie. Dit bepaal nie eens die basiese waardesisteem van hul lewens nie. Tydens hierdie fase is die groepsnorm ontsettend belangrik en konformeer hulle maklik daarmee.

Tydens hierdie fase ontwikkel die persone die vermoë om ’n eie stel oortuigings en waardes te vorm waarvolgens kwessies in hulle leefwêreld beoordeel kan word en bepaal kan word wat hulle te doen staan. Hierdie vermoë sluit nou aan by die psigologiese vermoë tot identiteitsvorming en die teologiese proses van die ontdekking van hulle nuwe identiteit in Christus. Dit is op grond van hierdie gedagte dat Nel (2018:247; cf. ook Nel 2001b:101-102) praat van indentiteitsvinding. Eers in die volgende fase word hierdie vermoë afgerond. Dit is volgens die navorser krities belangrik dat adolessente omring sal wees met vriende en volwassenes, wat in die vorige fases reeds in diep verhoudings by hulle betrokke geraak het, om hulle enigsins te begelei in hierdie fase.

**<u>Fase 4</u>: Individueel-Refleksiewe geloof (Fowler 1981:174 – 183 & Osmer 1990:242-247)**

Hierdie geloofsfase val min of meer saam met die ontwikkelingsfase van 18-25 jaar. Daar is ook volwassenes wat hier vassteek in hulle geloofsontwikkeling. Die sentrale uitkoms van Individueel-Refleksiewe geloof is die vermoë om buite daardie oortuigings en waardes wat onuitgesproke gehuldig was tydens die vorige fase te staan, dit te plaas binne algemene teologiese en ideologiese sisteme, dit te vergelyk en te kontrasteer met ander sisteme en om dan bewustelik ’n eie teologiese perspektief te konstrueer wat as waar beskou word.

In kort, ’n volskaalse proses van individualisering/onderskeiding vind plaas. Persone individualiseer hulle oortuigings en waardes op maniere wat in vorige fases net nie moontlik was nie. Hulle word deelnemers in die Christelike tradisie op ’n kwalitatiewe nuwe manier deur gebruik te maak van hulle versamelde teologiese en etiese oortuigings om sodoende te kom by ’n eksplisiete en selfgekose stel idees waarmee hulle die verskillende situasies waarmee hulle in die lewe gekonfronteer word, kan

interpreteer. Dit dien dan as ’n soort normatiewe teologiese en morele maatstaf waaraan alles gemeet word.

Daar is twee baie nou-verwante maar tog onderskeibare aspekte wat die proses van individualisering/selfstandigmaking kenmerk tydens hierdie fase: Die sigbaarwording van wat Fowler ’n “executive ego” noem (uitvoerende ego) en die ontwikkeling van ’n duidelike ideologie. Hierdie twee take vind nie noodwendig gelyktydig plaas nie.

a) Executive ego: Die persoon het nou ’n sélf verstaan wat onafhanklik is en kan vertolk word deur die verskillende rolle en verhoudings waaraan hy/sy deelneem. Soos wat die term “executive” wil impliseer, het die persoon nou geïnternaliseerde uitvoerende gesag wat vroeër toegeken was aan ander. Daar is ‘n “ek” wat beheer neem van en onderhandel tussen die verskillende keuses en verbintenisse wat die persoon maak. In hierdie fase ontwikkel elke individu dus ’n ideaalbeeld van waartoe hulle geskep is en van wie hulle in Christus gemaak is.
b) Formasie van ’n duidelike ideologie – met ideologie word bedoel ’n sisteem van idees waardeur persone hulle “centers of value and meaning onder woorde bring in verhouding met “the nature of the world.” Persone is nie maar net meer tevrede met oortuigings en waardes wat hulle oorgeneem het van ander nie, maar streef daarna om ’n omvattende konseptuele raamwerk te vorm waarbinne hierdie oortuigings gedefinieer en ontwikkel kan word op ’n sistematiese manier. ’n Belangrike deel van die vorming van ’n selfstandige-self sluit die vermoë om ’n eksplisiete selfgekose stel idees te artikuleer om die waarheid mee te beskryf, in. In hierdie fase ontwikkel elke individu dus ’n stel normatiewe teologiese en etiese oortuigings wat dien as maatstaf vir die beoordeling van alle sake. Dit is volgens die navorser van kritiese belang dat jeugbedienings ekstra moeite sal doen om juis in hierdie lewensfase ruimtes beskikbaar te hê waar hierdie afronding van ’n uitvoerende ego en ideologievorming ’n veilige klankbord kan wees. Dit sal juis verantwoordelik wees dat hierdie ruimtes ook gevul sal wees met volwassenes, wat reeds in die vorige fases al in diep verhoudings met kinders en adolessente getree het.

**<u>Fase 5</u>: Konjunktiewe geloof (Fowler 1981:184 – 198 & Osmer 1990:247-251)**

Konjunktiewe geloof word gekenmerk deur die gewilligheid om betrokke te raak in elke dag se paradoksale en meervlakkige werklikhede. Een van die kenmerke van hierdie fase van geloofsontwikkeling is die erkenning van die beperkings van jou eie ideologiese perspektiewe en die noodsaaklikheid om ander perspektiewe te ondersoek ten einde die waarheid te onderskei.

In hierdie fase bring jongmense hulle gevormde teologiese en etiese perspektiewe in gesprek met die Bybel. Dit is hier waar gemeentes die verantwoordelikheid het om hulle lidmate en veral hulle jong lidmate te onderrig in die basiese teologiese en morele konsepte waardeur elkeen instaatgestel word om teologiese refleksie te kan toepas. Hierdie teologiese refleksie stel jongmense dan in staat om elke situasie waarmee hulle daagliks gekonfronteer word, te kan evalueer en help hulle om hulle roeping binne die betrokke situasie te kan uitlewe. Die vraag wat jongmense hulleself telkens kan afvra in praktiese lewensituasies is: Wat verwag God van my om in hierdie situasie te doen en te wees? En: Waartoe het God my in staat gestel om te doen en te wees?

**<u>Fase 6</u>: Universele geloof (Fowler 1981:199 – 211)**

Onder hierdie fase word min of meer verstaan dit wat in die Christendom as Koninkryks-insigte sou deurgaan. Die wêreld behoort aan die Here en die mens is deel daarvan en neem ook heelmakend aan hierdie werklikheid deel.

#### 4.3.3.6.2 Implikasies van identiteitsvorming vir kerklike begeleiding

In die kerklike praktyk van die Ned. Geref. Kerk se jeugbediening is kinders en jongmense in hulle adolessensie in die senior kategese, belydenisklas en jong volwassene fase. Hulle beweeg dus tussen die Misties-Letterlike fase na die Sinteties-Konvensionele fase en moet verder begelei word na die Individueel-Refleksiewe fase van hulle geloof. Dit is in die Sinteties-Konvensionele fase waarin hulle indentiteitsvorming plaasvind en dit is ook in hierdie tyd waarin hulle begelei moet word tot identiteitsvinding. Volgens die navorser is dit van kritiese belang dat kinders van jongs af in diep verhoudings met hul ouers en ander volwassenes in gemeentes gelei word, om in die kritiese jare van adolessensie en jongvolwassenheid 'n positiewe rol te speel in die geloofsvorming van die jeug. Die meeste gemeentes in die Ned. Geref. Kerk het tot en met belydenisaflegging georganiseerde begeleiding wat op die hele

groep gerig is. Jong volwassenes skakel egter vrywillig by groepe en bedieninge in. Vir hierdie lewensfase sal beslis meer ruimtes geskep moet word, sodat geloofsvorming van die kerk of geloofsgemeenskap se kant nie ophou by belydenisaflegging of begeleiding by die roetemerker van jongvolwassenheid nie.

Fowler se studie het groot implikasies vir die kerklike begeleiding binne hierdie spesifieke ontwikkelings- en geloofsontwikkelingsfase. Die grootste implikasie volgens die navorser is dat die kerk meer moeite sal moet doen om ouers en kategete te ondersteun en toe te rus in hulle begeleidingstaak. Hierdie ondersteuning en toerusting van ouers moet deurlopend plaasvind van voor ‘n kind se geboorte tot en met die kind die huis verlaat. Osmer (1990:119 – 242) gee uitvoerig aandag aan die implikasies wat geloofsvorming, spesifiek vir ouers en die kerk, in hulle begeleidingstaak in al die verskillende geloofsontwikkelingsfases van geloof inhou.

Fowler se fases help dus daarmee om kinders, jongmense en selfs volwassenes te begelei van een fase van geloofsontwikkeling na die volgende. Dit sluit baie nou aan by hulle psigologiese vermoëns op hulle spesifieke ouderdom, maar is altyd ingestel om hulle op geloofsontwikkelingsvlak te begelei na die volgende fase. Hierdie stadiums verskaf volgens Osmer (1990:213) goeie insig in persone se vermoëns om prakties-teologiese refleksie op kwalitatief-verskillende maniere oor die verloop van hulle lewe te kan onderneem. Daar kan dus hieruit saamgevat word dat ’n persoon glo en hul geloof bely op die vlak waar en soos dit vir die persoon binne hul lewensfase moontlik is.

Dit bring Dykstra (2005:37) by die gevolgtrekking dat menslike ontwikkeling en gebeure op ’n persoon se lewenspad wel ’n indirekte invloed op die ontwikkeling van geloof het, maar dat geloof ’n groter uitwerking op menslike ontwikkeling en die lewe het.

Indien menslike ontwikkeling dan nie direk bydra tot geloofsontwikkeling nie, maar slegs indirek, wat dra dan meer direk tot hierdie ontwikkeling by? Volgens Dykstra (2005:37) gaan dit oor die konteks waarbinne jy ontwikkel. Hy haal Dwayne Heubner aan wat sê dat, vir hom, die ‘ultimate’ konteks vir geloofsvorming die konteks is van gemeenskap met die Heilige Gees, wat die kreatiewe en verlossende Gees van God

is wat alle lewegewende en lewensonderhoudende groei moontlik maak. Die twee ruimtes wat volgens die navorser naas die gemeenskap met die Heilige Gees die belangrikste invloed op geloofsvorming het, is die ouerhuis en die geloofsgemeenskap of gemeente.

#### 4.3.4 Die gemeente as ruimte vir geloofsvorming

Daar is reeds in die vorige hoofstuk (3.7.2.2.5) gesien dat God die individu insluit in die groter familie of geloofsgemeenskap om tot verstaan te kom. Daar is ook gesien dat die proses waarin tot geloof gekom word en die groei in geloof op die geloofspad, mense en ’n hele geloofsgemeenskap insluit. Verder is gesien dat geloof gemeenskaplik is voordat dit iets individueel is. Ons het ook gesien dat alles wat vir volwassenes geld, net so vir die jeug ook geld en belangrik is.

Die gedagtes van geestelike groei binne die geloofsgemeenskap, is reeds waargeneem, kan die duidelikste gesien word wanneer Paulus in Efesiërs 4:1-16 van Christelike groei en geloofsvolwassenheid sê: “... en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof ....” Die groei wat Paulus volgens Dykstra (2005:39) hier in die oog het, is oorheersend die groei en volwassewording van die hele liggaam van Christus (12). Natuurlik word die individu nie uitgesluit nie. Inteendeel, die feit dat geloof gemeenskaplik is, maak dit moontlik vir elke individu. Die punt is dat geloof en die lewe op die geloofspad kom vir elkeen individueel as liggaamsdeel van die liggaam.

Die proses van geloofsvorming en groei op die geloofspad is volgens Dykstra (2005:40) fundamenteel ’n proses van *deelname aan die werk van God (kursifering deur navorser).* Dit kan dit ook omskryf word in Moltmann (1977:64-65) se woorde: “the participation of the church in the history of God” en die gemeente se lewe wat daarom gekenmerk word deur: “participation in the history of God’s dealings with the world.” Dit vorm volgens Moltmann die ruimte waarbinne geloof en die groei van geloof kan plaasvind.

Daar is reeds in die eerste hoofstuk gesien dat die handelinge van God in Root se woorde as sy bediening aan mense bekend staan. Daar is ook reeds in vorige hoofstukke gesien dat ’n gemeente en so ook jeugbediening eintlik met niks anders

besig is en behoort te wees as om deel te neem aan God se koms (bediening) na die wêreld toe nie. Daar is ook gesien dat God se koms die beste beskryf kan word deur die bedieningsmodi en dat dit altyd op ’n driedimensionele wyse plaasvind. Daar is verder ook gesien dat die mens se deelname aan God se koms of werk, ook as bediening bekend staan. Geloofsvorming en -groei op die geloofspad binne die ruimte van ’n gemeente gebeur dus wanneer ’n lidmaat binne die ruimte van die Heilige Gees deelneem aan die bediening of bedieninge van God deur die gemeente. Die navorser oordeel dat hierdie driedimensionele deelname aan die bedieninge, omskryf behoort te word in ‘n eenvoudige geloofsvormingsproses by die huis en by die kerk.

Wanneer daar dus oor geloofsvorming binne die raamwerk van jeugbediening gepraat word, dan beteken dit dat geloofsvorming by die jeug plaasvind wanneer die jeug deelneem aan die bediening en bedieninge van die gemeente. Jeugbediening kan dus volgens die navorser nie ’n bediening naas ander bedieninge wees nie en ook nie langs ander bedieninge nie, maar behoort heetemal geïntegreerd met ander bedieninge plaas te vind. Bediening in en deur die kerk het deur die geskiedenis heen gestalte gekry in spesifieke praktyke wat in en deur die bedieninge beoefen is en word.

Volgens Dykstra (2005:41) het die kerk oor die loop van die geskiedenis geleer om te steun op sekere sentrale praktyke en dissiplines vir effektiewe geloofsvorming en groei. Hy definieer ’n praktyk en dissiplines soos volg:

> A practice is an ongoing, shared activity of a community of people that partly defines and partly makes them who they are. The term discipline is virtually synonymous with practice, but we use both terms because several connotations of discipline are helpful in our context, particularly as we think of ‘spiritual disciplines’ and ‘church discipline’. Disciplines are practices and all practices are of necessity disciplined.

Die tradisie self getuig volgens Dykstra (2005:41) daarvan dat deelname aan sekere gesamentlike praktyke binne ’n geloofsgemeenskap, ’n omgewing skep waarbinne mense tot geloof kom en groei in hul geloof. Dieselfde tradisie waarsku ook dat net bloot die beoefening of deelname aan die praktyke of dissiplines van die kerk nie vanself geloof of groei op die geloofspad bewerk nie. Daar moet eerder gesê word dat deelname aan die praktyke of dissiplines van die kerk mense op ’n plek bring en hulle in ’n posisie plaas waar hulle die genadewerk van God in die wêreld kan herken en

deelneem daaraan. Dit is hierdie deelname wat vormend in die lewe van gelowiges is en begelei tot die groei op die geloofspad.

Wat is dan die praktyke en dissiplines wat Christene gevind het wat geloof kweek en groei op die geloofspad bevorder? Die volgende praktyke kom volgens Dykstra (2005:42-43) konstant regdeur die tradisie voor en is volgens hom veral vir Christene vandag belangrik:

1. Om God saam te aanbid;
2. Om die Christelike storie vir mekaar te vertel;
3. Om die Bybel en die ervarings van die kerk reg deur die geskiedenis saam te interpreteer en te herinterpreteer vir die dag;
4. Om saam te bid in formele eredienste, maar ook ander tye en op ander plekke;
5. Om ons sonde teenoor mekaar te bely en om te vergewe en met mekaar te versoen;
6. Om mekaar se mislukkings te tolereer en om mekaar aan te moedig in die roeping en werk wat elkeen moet verrig;
7. Om getrou dade van dienslewering en getuienis saam te doen;
8. Om vrygewig van ’n mens se middele te gee en dankbaar geskenke van ander te ontvang;
9. Om swaar te kry met en vir mekaar en almal wat ons naaste is;
10. Om gasvryheid en sorg uit te leef nie net teenoor mekaar nie, maar ook teenoor vreemdelinge en selfs vyande;
11. Om aandagtig na mekaar te luister en in alle nederigheid met mekaar te praat oor spesifieke ervarings in die lewe;
12. Om saam te ly of op te offer, om op dié manier bewus te raak van die aard en konteks waarbinne mense lewe;
13. Om op te staan teen alle owerhede en sisteme (in die kerk en in die wêreld), wat mense onderdruk en kwesbaar maak en wat gemeenskappe uitbuit en korrupteer en God se skepping vernietig;
14. Om saam te werk om sosiale strukture en instansies te skep en in stand te hou wat kan bydra daartoe dat ’n lewe volgens God se wil gehandhaaf kan word.

Hierdie is die praktyke waaraan die kerk se mense volgens Dykstra (2005:43) oor en oor kan deelneem, omdat dit kerk-wees in sy diepste wese is. Hierdie is praktyke waarnatoe God gelowiges roep en wat mense in kontak bring met God se verlossing (om in Christus se aksie ingetrek te word, soos Root daarna verwys). Hierdie aktiwiteite wys hoe 'n lewe in Christus lyk, maak 'n lewe in Christus erkenbaar en ervaarbaar en wys hoe (lei op of rus toe – woorde tussen hakkies bygevoeg deur navorser) om daaraan deel te neem. Die praktyke waaraan die kerk deelneem, is dus middele van God se genade en menslike ruimtes waarin en waardeur God se mense tot geloof kom en groei tot volwassenheid op die pad van geloof. Uit die geskiedenis en uit ervaring weet die kerk dat sulke praktyke 'n geloofsgemeenskap en individue wat daaraan deelneem in staat stel om aan te hou om God lewend en teenwoordig te ervaar in die Bybel, in die sakramente, in gebede en in die geloofsgemeenskap se gehoorsaamheid aan haar roeping in hierdie wêreld. Wie op hierdie manier na praktyke kyk en dit nie net as sosiologiese meganismes gebruik om "subtraction," soos reeds in hierdie hoofstuk bespreek (4.2.1.6) te keer nie, help volgens die navorser om by praktiese maniere te kom wat geloofsvorming werklik kan begelei. Dit moet verder opgemerk word dat sulke praktyke ook net waarde het wanneer dit as uitvloeisel van, en binne 'n egte verhouding met Jesus Christus plaasvind.

Daar kan nou gesien word dat mense begin glo en groei in die geloof deur deel te neem aan die geloofspraktyke van die geloofsgemeenkskap. Daar kan dus gesê word dat geloof groei en gevorm word binne die konteks van geloofspraktyke wanneer mense aktief daaraan deelneem en regtig doen wat die geloofspraktyke van hulle verlang. Dit is nie genoeg om maar net te weet wat die praktyke behels, of net daaroor te dink of net toe te kyk wanneer ander dit beoefen nie. Elke deelnemer moet byvoorbeeld self bid, bybellees en interpreteer en gasvry optree teenoor vreemdelinge. Hierdie praktyke behels verskeie vlakke van kompleksiteit en vra breë deelname. Volgens Dykstra (2005:44) groei volwassenheid in geloof oor tyd heen:

> We mature in faith and in the life of faith as our participation in these practices involves increasingly broad, varied, and complex dimensions, and when the activities we engage in become increasingly wide-ranging in their context and impact ... we are also enabled to take increasing initiative in beginning and carrying them through.

Niemand word dus gebore met die vermoëns om hierdie praktyke te beoefen nie en dit ontwikkel ook nie vanself met die ouderdom nie. Hierdie geloofspraktyke moet aangeleer word. Daarvoor is daar nie slegs ondervinding nodig nie, maar ook begeleiding. Hiervoor is daar volgens Dykstra gereeld onderrig nodig. Mense groei dus die beste in geloofspraktyke wanneer hulle saam met ander, spesifiek persone wat vaardig en in staat is om dit vir hulle aan te leer, deelneem aan die aktiwiteite wat met daardie spesifieke geloofspraktyk gepaard gaan. Dykstra (2005:45) som hierdie gedagte van groei deur deelname aan geloofspraktyke mooi op: "Increasingly, we come to live into them until they live in us."

Daar is ook baie voordele om van kleins af geloofspraktyke en geloofsgewoontes aan te leer en daarin deel te neem. Dit het nie eers waarde wanneer persone volwasse is nie. Die geloof van kinders is ook essensieel in die geloof van die hele gemeente. Volwassenes groei saam met (hulle) kinders op die geloofspad as geloofspraktyke fundamentele gewoontes in die lewe word waar rondom hulle identiteit en karakter gebou word. Dit is volgens Dykstra (2005:45) ook belangrik om te weet dat hulle in staat gestel word om optimaal te groei wanneer die mense wat saam met hulle deelneem aan geloofspraktyke, reeds of toenemend in betekenisvolle verhoudings met mekaar leef. Bande van liefde en wedersydse ondersteuning dra volgens Dykstra baie by tot die uitbreiding en deelname aan elkeen van die geloofspraktyke binne 'n geloofsgemeenskap.

Geloofspraktyke en dissiplines is middele van genade en nie slegs take om af te handel, of instruksies om te volg net om by groei uit te kom nie. Wanneer geloofspraktyke in mense se lewens geïntegreer is, word dit deel van hulle identiteit (wie hulle is).

#### 4.3.4.1 Die primêre rolspelers in geloofsvorming

In hulle uitgebreide longitudinale studie het Bengston en sy medenavorsers die invloede wat bydra tot die jeug se geloofsidentiteit, geloofsgewoontes en -oortuigings soos volg beskyf: (i) **Kontekstuele faktore**, wat invloede van die kontemporêre kultuur, historiese gebeure, generasionele geloofsverskille en groepsdruk insluit; (ii) **Geloofsorganisasies**, wat insluit programme, eredienste, ander aktiwiteite van kerke, insette van predikante en ander leiers, geloofsinvloede by die skool en

opleidingsplekke, invloede wat vanuit die inhoud van opleiding kom en laastens vriende se invloede wat geloof óf kan versterk óf kan benadeel; (iii) **Gesinsinvloede,** wat insluit die geloofserfenis, ouers se rolmodellering van geloof en veral geloofsgewoontes, grootouers en die kwaliteit van die ouer-kind verhouding. Hierdie navorsing word later in hoofstuk 5 (5.5.4.6) uitvoerig bespreek.

Uit al bogenoemde invloede staan twee rolspelers in die vorming van geloof bo die ander uit: die kerk en die ouerhuis.

#### 4.3.4.2 Die belangrike rol van kultuur, klimaat en praktyke in geloofsvorming

Daar is reeds in die vorige paragraaf verwys na praktyke binne ‘n gemeente. In hierdie paragraaf word nou gewys op die belangrike rol wat kultuur en klimaat in kombinasie met praktyke in geloofsvorming speel binne ‘n gemeente.

Amidei (2014:50) haal Deal en Peterson aan wat die betekenis van kultuur, soos wat dit gebruik word in opvoedkundige of organisatoriese dissiplines. Kultuur verwys volgens hulle na die onsigbare, dit wat as van selfsprekend as geldende oortuigings en aannames aanvaar word en betekenis gee aan wat mense doen of sê. Kultuur verwys dan na die stabiele onderliggende sosiale betekenis wat oortuigings en gedrag oor tyd heen vorm. In ‘n gemeentelike konteks verwys dit na die konstante gedeelde waardes en oortuigings wat deur die leiers en lidmate gehou en uitgeleef word.


Klimaat verwys volgens Amidei (2014:50) na die atmosfeer, houdings en gevoelens wat die konteks van ‘n groep of byeenkoms kenmerk. Die term verwys in die algemeen na die belewenisse van verhoudings, die gevoel van veiligheid en die eksterne omgewing.

Amidei (2014:51) het ‘n breër verstaan van praktyke as waarna in die vorige paragraaf verwys is. Sy beskryf dit as aksies, patrone van gedrag en ritueel in die Christelike geloof. In hierdie verband haal sy Tilley aan wat sê: Geloof is nie iets wat eers geglo en dan gepraktiseer word nie. Die geloof word eerder beoefen en dan word daar op die manier tot die verstaan gekom oor wat geloof is en behels.

Geloofsidenteit en kultuur, klimaat en praktyke word later in hoofstuk 6 (4.10, 4.18 en 4.23) as instrumente gebruik om die faktore wat uitgewys is wat die grootste invloed

op geloofsvorming het, te kategoriseer. Op hierdie wyse kan uiteindelik gesien word waar en hoe jeugbedienings en huise (gesinne of families) te werk kan gaan om verandering teweeg te bring binne ‘n bepaalde gemeente.

Die geloofsvormingsiklus, (Figuur 4.1 hier onder) is ‘n baie handige instrument wat jeugbedienings en huise kan gebruik om verandering ten opsigte van geloofsvorming teweeg te bring (Amidei 2014:53-55). Dit gebruik die beginsel dat geloof oor tyd heen ontwikkel en multidimensioneel is in die sin dat mense tot geloof kom as sosiale, emosionele, intellektuele en fisiese wesens. Om die multidimensionele dimensie van geloofsvorming in ag te neem, behoort gemeentes op ‘n multidimensionele maniere hierdie saak te benader. Hierdie siklus wys hoe persone dieper in hulle eie geloofsreis ingetrek word deur ‘n warm, uitnodigende klimaat wat lei tot die moontlikheid om ingetrek te word in praktyke van geloof en geloofsvorming. Indien genoeg hiervan gebeur oor tyd heen, word ‘n diep kultuur van geloof ontwikkel wat lei tot veerkragtige harte soos wat geloof ontwikkel en groei.




**Figuur 4.1: Geloofsvormingsiklus**

### 4.3.4.3 Paradigma-skuiwe in die kerk as dit kom by geloofsvorming

Hierdie gedagtes het 'n mens dus onomwonde gebring by twee groot denkskuiwe wat deur die kerk en spesifiek binne elke gemeente gemaak sal moet word om al bogenoemde navorsingsresultate te verdiskonteer. Die *eerste is* dat die kerk, op grond van die oorweldigende navorsingsresultate dat ouers en die huis die grootste invloed op hulle kinders se geloofsvorming het, sal wegbeweeg van ’n gemeente-gefokusde, huis-ondersteunde bediening, na ’n huis-gefokusde, kerk- ondersteunde bediening. Die *tweede* is dat die kerk ook op grond van die oorweldigende navorsing sal

wegbeweeg van ’n geïsoleerde/afsonderlike jeugbediening na ’n geïntegreerde intergenerasionele jeugbediening waar geloofsvorming plaasvind in en deur alle bedieninge.

Strommen & Hardel (2000:16) maak in hierdie verband ’n betekenisvolle bydrae. Hulle praat van ’n nuwe paradigma wat nodig is vir geloofsoordrag:

> Church leaders increasingly realize that what is happening or not happening in the life of a child is directly related to what is happening or not happening in the home. Leaders recognize that in order to pass on the faith from generation to generation, a new paradigm of ministry is needed – one that is holistic and connects children, youth, family, congregation, community, and culture.

Die hartseer van die bedieningspraktyk vandag is nie net dat gemeentes nie meer ruimte maak vir kinders binne die gemeentebediening nie, maar dat hulle vasgevang is binne ’n vorige paradigma waar geloof as’t ware geïnstitusionaliseerd is. Strommen & Hardel (2000:16) stel dit duidelik:

> The current paradigm has subtly conveyed the impression that faith is nurtured only in the church building (or the God box). This has ultimately institutionalized the faith, a phenomenon found in both the Roman Catholic and Protestant churches.

Die oorblyfsels van hierdie paradigma is dat daar vandag baie ouers is wat glo dat hulle hulle verantwoordelikheid nagekom het wanneer hulle hulle kinders by die sogenaamde “Sondagskool” afgelaai het. “They simply do not know how to nurture the faith because it probably was not modeled in their own homes when they were growing up” (Strommen & Hardel 2000:17). Hierdie gedagte vind sterk ondersteuning in die navorsingsresultate wat later weergegee gaan word.

Modellering en die waarneming van rolmodelle word volgens Nel (2001:110) in die sosiale leerteorie beklemtoon as die manier waarop mens veral leer. Omdat kinders binne die primêre verhouding baie blootgestel word aan hulle ouers, is dit volgens die navorser die belangrikste plek vir bewusmaking en begeleiding vir die kerk.

Ironies genoeg het ons kerklike voorvaders die familie as die primêre gemeente in die lewe van jongmense gesien. “Calvin believed families made monasteries unnecessary, since in his view Christian formation properly took place in the ‘religious community’ of the home” (Dean & Vorster 1998:77).

Die kerk het, na die navorser se mening, binne hierdie paradigma gepoog (en doen dit vandag nog) om ‘n gedifferensieerd-toegespitste bediening daar te stel, maar het ongelukkig generasies van mekaar begin losmaak en kinders en jongmense los of apart van die “volwasse gemeente” begin bedien, sonder om ander bedieninge te integreer.

Dean (1998:3) praat van sulke bedienings as Mickey Mouse bedienings wat sy beskryf as “a model of ministry – created an environment in which youth, isolated in an ear on top of Mickey’s head, had only marginal contact with the rest of the body of Christ.”

| **The congregation** | **Youth** |
|---|---|
| 1. Worshiped in the sanctuary | 1. Met in the basement |
| 2. Gathered on Sunday mornings | 2. Gathered on Sunday nights |
| 3. Listened to sermons | 3. Heard youth talks |
| 4. Had Bible study | 4. Had devotions |
| 5. Had a budget | 5. Had a bake sale |

**Figuur 4.2 Bedieningsmodel**

Geen wonder dat as kinders klaar belydenis afgelê het, hulle sommer ook die kerk verlaat nie, want waaraan hulle gewoond is, is heeltemal anders as wat hulle ervaar saam met die volwassenes. Indien hulle terugkom as volwassenes, beleef hulle die dienste dus baie vreemd.

Gemeentes kry dit dus nie heeltemal reg om die jeug te integreer in al die bedieninge nie. Daar sal dus in die toekoms baie gedoen moet word om die nagevolge van institusionalisme af te skud en die navorser is van oordeel dat die enigste manier waarop dit gedoen sal kan word, deur ’n intensionele intergenerasionele bediening is. Dit behels ’n omvattende bediening waarin die ouers/voogde en ander volwassenes in die gemeente as vennote in elke faset van die jeugbediening ’n primêre rol begin speel en waar differensiasie, soos Nel daarna verwys (2001:113), ook toegepas word.

Baie gemeentes vandag besef dat families beslis betrek moet word en begin dan ‘n familiebediening. Sommige gemeentes gaan selfs so vêr om van hulleself te begin praat as ’n Familiekerk. ‘n Nuwe bediening of ‘n nuwe naam gaan egter nie enige


verskil maak aan die jeugbediening nie. Hier het Ben Fraudenburg (1998:98-101) en Strommen en Hardel (2000:23) die navorser baie gehelp om helderheid te verkry. Hulle moedig gemeentes aan om in hulle jeugbedienings ‘n paradigmaskuif te maak van “church-centered” (totale bediening sentreer by die kerk) en “home-supported” (die gesinne is net daar om die kerk te ondersteun in die bediening aan die jeug) na “home-centered” (die gesin is die belangrikste ruimte waar geloof gevorm word en die bediening sentreer dus om die huis) en “church-supported” (die kerk is daar om gesinne te ondersteun in alles wat nodig is (Vergelyk Figuur 4.1), sodat geloofsvorming en bediening daar en saam met gesinne en ouers kan plaasvind). Grafies kan dit as volg voorgestel word:



**Figuur 4.3: Gemeente-gesentreerde-huis-ondersteunde en huis-gesentreerde-gemeente-ondersteunde bediening**


Die kerk sal dus sy totale jeugbediening moet herbedink om hierdie skuif te kan maak.

Mark Holmen (2007:77-78 & 2010:78-80) het die navorser verder gehelp oor hoe hierdie skuif moontlik prakties kan lyk. Hy wys daarop dat soveel gemeentes beslis besef dat die gesin belangrik is, maar omdat gemeentes *en spesifiek jeugbedienings* (kursivering deur die navorser) in wese program-gedrewe is en ook daar rondom gestruktureer is, word familiebediening as nog ‘n program of bediening (silo) binne die gemeente geïmplementeer (Vergelyk Figuur 4.4). Dit kan dan grafies as volg voorgestel word:




**Figuur 4.4: Familiebediening as een van baie silo’s**

Hy pleit dan daarvoor dat familiebediening nie nog ’n bediening (silo) op sy eie moet vorm nie, maar eerder ’n lens moet wees waardeur elk van die ander bedienings na hulle bediening moet kyk (Vergelyk Figuur 4.5). Die doel van elke bediening van die kerk is mos om die huise toe te rus om die primêre plek te wees waar geloof gevorm kan word.




**Figuur 4.5: Familiebediening as ‘n lens**

Holmen kies om die term “Faith@home” te gebruik om die hele fokus van die gemeente mee te beskryf. Wanneer hierdie manier van kerkwees gevolg word, behoort dit die gemeente se bedieninge radikaal te beïnvloed. Vir hom behoort alle bedieninge te fokus op wat by die huis aangaan en nie op wat by die kerk gebeur nie. Hier is enkele moontlikhede:

- Die manne- en vroue bediening rus mans en vroue toe om hulle geloof by hulle huise uit te leef en te vorm;

- Die kleingroepbediening fokus daarom om gesinne toe te rus en hulle verantwoordbaar te hou om hulle geloof in hulle huise te vorm en uit te leef;
- Die gebedsbediening rus families toe om daagliks in hulle huise te bid (die geloofsgewoonte van gebed te beoefen) in plaas daarvan om een of twee groot gebedsbyeenkomste vir die gemeente per jaar te reël;
- Elke erediens en elke preek behoort dan klem te lê op hoe die boodskap in en deur die huis/familie daagliks uitgeleef kan word;
- Elke Bybelstudie is dan die geleentheid wat die kerk gebruik om mense te leer hoe om die Bybel in hulle huise te lees (om die geloofsgewoonte van bybellees gereeld te beoefen) en te gebruik en dit rus ook mense toe om meer en meer soos Jesus te lewe in hulle huise, gemeenskappe en in die wêreld;
- Die kinderbediening help ouers toerus hoe om by hulle huise met hulle kinders geloofsgesprekke te kan aanknoop (die geloofsgewoonte van geloofsgesprekke te beoefen) en hoe om hulle daaruit toe te rus vir die lewe;
- Die jeugbediening help ouers hoe om by die huis betrokke te raak of te bly op hulle tieners se geloofsreis.

Holmen pleit dus nie vir ‘n hele nuwe visie vir die kerk nie, maar vir ‘n nuwe lens wanneer 'n mens besig is met kerkwees. Dit mag nie net nog ‘n program wees wat die gemeente gebruik om die probleme van die verlede mee te probeer oplos nie. Oor tyd heen het dit wel ’n groot verandering tot gevolg gehad.

Dis eers wanneer gemeentes hierdie paradigma-skuif gemaak het, dat Dean en Vorster (1998:80) se woorde vir die navorser betekenis begin kry:

> Families are religious communities whether we recognize the family religion taught there or not … we must remind spiritually impoverished families that every household of believers is a witnessing, worshipping, teaching, serving, praying and playing community of faith. And we must support the practice of these holy disciplines in our families as well as in our congregations.

Die navorser is van mening dat hierdie herinnering nie net vir sekere gesinne (“impoverished families”) behoort te geld nie, maar vir elke gesin binne die gemeente.

## 4.4 Herstelde visie vir die huis as dit kom by geloofsvorming

Daar is in die vorige hoofstuk gesien hoe veral die Ou Testament 'n belangrike rol aan die huis toeken ten opsigte van onderrig. Die huis het dus nie nou eers belangrik geword in geloofsvorming nie, maar dit was nog altyd. Die huise het net verander oor die eeue heen en binne 'n veranderde en veranderende konteks. Navorsing wat opnuut die belang van die huis uitwys, bevestig eintlik maar net dit wat die Bybel aan die gesin toegeken het as 'n belangrike funksie. Daar kan dus eintlik net gepraat word van 'n herstelde visie vir die huis as dit kom by geloofsvorming.

As dit waar is dat alles wat vir volwassenes in 'n gemeente geld, ook vir die jeug geld, en as dit waar is dat ouers die grootste invloed op geloofsvorming het, dan help dit om nuwe definisie te gee aan geloofsvorming in ouerhuise. Nou kan 'n mens die huis nie langer ignoreer as dit by geloofsvorming kom nie. Wanneer die term 'huis' gebruik word, is dit 'n doelbewuste poging om so inklusief as moontlik met die term om te gaan om alle vorme van gesinne in te sluit. Soos in die vorige paragraaf (3.4.3) gesien is, skuif die kerk se rol in geloofsvorming. Wat dus in die huis gebeur of nie gebeur nie, het dus 'n baie belangrike effek op die geloofsvorming van die jeug en uiteindelik op die kerk.

In hierdie paragraaf val die fokus hoegenaamd nie op die invloed van ouers nie, want dit is reeds beredeneer in die vorige hoofstuk. Hier gaan dit ook nie oor die rol van die gemeente in die ouerhuis nie, want dit is ook reeds in die vorige paragrawe beredeneer. Hier gaan dit nou oor wat ouers en families kan en behoort te doen ten opsigte van geloofsvorming. Hier is dit ook belangrik om Root (2014b:x-xi, 27) en Nel (2015:205-213) se gedagtes te ondervang dat daar nie maar net sosiologies aan die saak aandag gegee mag word nie, maar ook teologies.

### 4.4.1 Ouers se voorbeeld

Miskien is die heel belangrikste rol van ouers in geloofsvorming nie wat hulle sê of vir hulle kinders leer nie, maar hulle voorbeeld van hoe hulle lewe. Hierdie gedagte word deur soveel literatuur en navorsing ondersteun. Wuthnow (1999:11-12) verwys hieroor na 'n studie, Economic Values Survey wat in 1992 onderneem is, wat wys dat die beste voorspeller dat kinders hulle huis waarin hulle grootgeword het klasifiseer as 'n huis waarin geloof belangrik is, is wanneer hulle hul ouers sien bybellees het. Die

tweede beste voorspeller is wanneer hulle saam Bybel gelees het in die huis waarin hulle grootgeword het. Die studie wys ook die belang daarvan uit dat kinders moet sien dat hulle ouers self deelneem aan geloofsgewoontes en dit nie net doen ‘ter wille van die kinders’ nie. Kahrwald (2016:85) maak ’n soortgelyke opmerking in die verband, maar voer dit nog verder: “Teen die tyd dat kinders agt, nege of tien jaar oud is, weet hulle of geloof en geloofsgewoontes in die familie vir hulle ouers en/of grootouers regtig betekenisvol is en of dit maar net gedoen word ‘vir die kinders se onthalwe.” As kinders beleef dat geloof en geloofsgewoontes net om húlle onthalwe gedoen word, begin hulle om nie net belangstelling te verloor nie, maar kom in opstand daarteen en maak hulle los daarvan. Op grond van die navorsing wat hierdie gedagtes uitgewys het, merk Kahrwald op dat hy afgesien het van sy aanvanklike simplistiese, formalistiese benadering van:

> If you do these things, your child will launch into young adulthood with faith and religious practice in tow. Of course it’s not that simple or that easy. What I missed, or glossed over, are two essential factors that must accompany the practices: 1. The authentic, genuine nature of faith expression on the part of parents and grandparents, and 2. The quality of the overall relationship between parents (or grandparents) and child. These factors make all the difference.

Hierdie gedagtes wys na die oordeel van die navorser duidelik dat geleefde geloof by ouers, geleefde geloof by hulle kinders wek en ook dat verhoudings die atmosfeer en ruimte bied waarbinne geloof kan ontwikkel en groei.

Hierdie gedagte sluit ook nou aan by Root (2017:100) se gedagte dat ouers wat nie in ’n verhouding met God leef nie en wie se geloof dus nie vir hulle belangrik is nie en dat hulle gevolglik geen geloofsidentiteit het nie, met baie hoë uitsondering egte geloof sal kan oordra na die volgende generasie. Hoogstens sal enkele geloofsgewoontes, tradisies en gebruike onsamehangend in die lewens van hul kinders oorgedra word, tensy hierdie kinders, buite die huis om, te doen het met egte geloof en ’n ontmoeting met God beleef. Dat daar sulke huise is, is verseker en daarom is dit belangrik dat gemeentes die saak ook moet aanspreek.

Miskien is die grootste probleem vandag dat die kerk deesdae sit met wat De Vries (2004:73) ‘Immature Christian Parents’ noem: “Mature Christian parents, for the most part, no longer undergird our youth ministries.” Miskien is dit juis die plek waar jeugbedienings kan begin as daar enigsins erns gemaak wil word met geloofsvorming.

Ouers behoort beslis, wanneer hulle in ’n verhouding met God deur Jesus Christus leef, op grond van die sosiale leer, juis ’n positiewe voorbeeld te stel, wat dan positief deur kinders gevolg sal word. Daarom behoort gemeentes soveel te meer hieraan aandag te gee. Vern Bengston en sy kollegas (2013:193-195) wat navorsing gedoen het oor hoe geloof van een generasie na die volgende oorgedra word, het onder die familie ’n spesiale kategorie oor rolmodelering. Hier skryf hy soos volg:

> ... what parents do in setting examples for religious practice and belief, such as attending church regularly, participating in church activities, and encouraging faith development at home through prayers, scripture reading, and religious stories. Moreover, as seen from our interviews, it is important that parents show consistency between belief and practice: walking the walk and not just talking the talk.

In die navorser se beperkte navorsing (Avenant 2011:153-154) is bogenoemde gedagtes oor bybellees van Wuthnow bevestig. 76% van die respondente wie se ouers die grootste invloed in hulle lewe gehad het, het aangedui dat hulle hul pa gereeld sien bybellees het en 70% dat hulle hul ma gereeld sien bybellees het. Nog ’n beduidende aanduider in diesefde studie was dat 80% van die respondente wie se ouers die grootste invloed in hulle lewe gehad het, aangedui het dat hulle ma gereeld haar geloofstorie met hulle gedeel het en 78% dat hulle pa gereeld sy geloofstorie met hulle gedeel het. Hierdie statistieke dui daarop dat ’n deurleefde geloof van ouers die belangrikste geloofsvormende eienskappe is. Wanneer ouers nie maar net hulle plig nakom om kinders sogenaamd Christelik groot te maak nie, maar self in ’n verhouding met Jesus Christus lewe (waarvan self bybellees ’n groot aanduider is) en daaroor met hulle kinders praat (hulle geloofstories deel), dan kry die ander geloofsvormende eienskappe dieper betekenis. Wanneer woorde en opvoeding dus met voorbeelde ondersteun word, dan kommunikeer dit egtheid en opregtheid. Daar kan dus tereg hieruit afgelei word dat ouers se voorbeeld baie belangrik is in geloofsvorming.

### 4.4.2 Beoefening van geloofsgewoontes

Baie nou aansluitend by ouers se voorbeeld is die beoefening van geloofsgewoontes in die huis. Hierin behoort ouers die leiding te neem. Daar is volgens Kehrwald (2016:83) geen defnitiewe lys van familie- of geloofsgewoontes wat geloofsgroei, geloofsoordrag na die volgende generasie of die uitleef van geloof in ’n familie enigsins kan waarborg nie. Tog is daar in die literatuur en uit die navorsing heelwat

ooreenstemming wat geloofsgewoontes betref wat voorkom in families wat dit reggekry het om geloof oor te dra na die volgende generasie en wat jongmense begelei tot volwasse geloof. In Growing Up Religious, het die Sosioloog, Robert Wuthnow (1999:xxxi-xxxii), wat navorsing onder Christen- en Joodse families gedoen het die volgende geskryf:

> Effective religious socialization comes about through embedded practices; that is, through specific, deliberate religious activities that are firmly intertwined with the daily habits of family routines, of eating and sleeping, of having conversations, of adorning spaces in which people live, of celebrating holidays, and of being part of a community.

Daar is verskeie geloofsgewoontes wat ooreenstem tussen die talle navorsingstudies. Search intitute het in hulle Effective Christian Education: A National Study of Protestant Congregations, wat in 1993 gedoen is, die volgende geloofsgewoontes uitgelig (Roehlkepartain 1993:168-170):

- Geloofsgesprekke met pa of ma;
- Bybelllees en bid saam met die gesin;
- Gesinsdiensprojekte.

Wuthnow gee die volgende stel geloofsgewoontes wat in sy navorsing as belangrik uitgewys is deur (Wuthnow 1999:xxxi-xxxii):

- Om saam te eet – spesifiek Sondae en vakansiedae;
- Gebed: slaaptydrituele en gebed, gebed voor ete;
- Familiekuiers of -gesprekke;
- Uitstalling van heilige voorwerpe en godsdienstige beelde, spesifiek die Bybel;
- Om vakansie saam te vier;
- Om morele onderrig te gee;
- Deelname aan gesinsgodsdiens en bybellees.

Kehrwald (2016:86) gee ’n opsomming van drie ander navorsers naamlik Bengston, Martinson en Smith - dit behels ses sleutel-kategorieë van wat families behoort te doen om geloof te laat groei ter aanvulling van Roehlkepartain hierbo:

- Geloofsgesprekke oor geloof – deel insigte, twyfel, vrae ens.;

- Bid saam op maniere wat gemaklik vir almal is;
- Uitreik na ander met diensprojekte;
- Om belangrike gesinsmomente te vier;
- Deel Bybelstories op maniere wat met die gesinstorie verbind;
- Leer meer oor geloof op interessante en relevante maniere.

Die navorser (Avenant 2011:155) het in sy beperkte studie die volgende twee bevindings gemaak: Die ***eerste*** - meer as twee uit elke drie jongmense wat uit huise kom waar hulle as gesin gereeld Bybel gelees het, waar hulle pa en ma sien bybellees het, waar hulle as gesin gereeld gebid het, waar hulle as gesin gereeld eredienste bygewoon het, waar hulle as gesin gereeld oor geloofsake gepraat het en waar kinders gereeld beide ouers se geloofstories gehoor het, het 'n goeie verstaan van hulle geloofsidentiteit na belydenisaflegging gehad en dit uitgeleef. *Die* ***tweede*** – meer as sewe uit elke tien jongmense wat uit huise kom waar hulle as gesin gereeld 'n erediens bygewoon het, wie se ouers baie betrokke was in die kerk en in wie se gesin die kerk 'n baie belangrike rol gespeel het, was steeds betrokke in die kerk na belydenisaflegging. Dit is volgens hierdie studie ook opmerklik hoeveel ander geloofsgewoontes van jongmense na belydenisaflegging, direk verband hou met die voorkoms of afwesigheid van geloofsvormende eienskappe in die ouerhuis.

Kehrwald (2016:92) dui aan dat hulle 'Family Practice'-navorsing wat in 2015 onder 926 ouers en grootouers gedoen is, hulle gelei het om ses kategorieë van geloofsgewoontes te identifiseer wat hulle glo positief sal bydra tot geloofsoordrag by die huis en in die gesin. Dit is: omgee- gesprekke (saam eet, familiegesprekke), gebed (om saam te bid as familie), om ander te dien (om mense in nood as familie te gaan dien), viering wat gepaard gaan met rituele (om lewensdeurgange saam te vier), om Bybel te lees en Bybelstories te deel (Bybellees en bywoning van eredienste) en leer oor geloof (om te groei in geloof as gesin). Hierdie kategorieë kan en word tans handig gebruik om huise te ondersteun in die beoefening van geloofsgewoontes.

Miskien is dit tog belangrik om daarop te wys dat geen enkele geloofsgewoonte opsigself geloof kan vorm nie, daarvoor is geloofsvorming 'n te komplekse saak. Daar kan eerder gesê word dat wanneer geloofsgewoontes in kombinasie met ander oor 'n

tydperk saam beoefen word, dit 'n groter vormende effek het en dat die kans dat geloof van een generasie na die volgende oorgedra sal word, dan groter sal wees.

### 4.4.3 Ouer-kind verhouding

Vir baie lank is daar soveel klem gelê op bogenoemde twee belangrike take van ouers in geloofsvorming, dat die basiese ouer-kind verhouding heeltemal geïgnoreer of onderspeel is. Roehlkeparrtain (2016:13-14) bevestig die gedagtes as hy sê dat die meeste studies oor geloofsvorming spesifiek op geloofsgewoontes in die gesin fokus. Dit gaan gewoonlik oor geloofsgesprekke, Bybellees, gebed en stiltetyd-momente, meelewing en diensaksies. Tog is dit volgens hom so maklik om die oënskynlik gewone alledaagse dinamika van die gesinslewe, wat eintlik die grootste katalisator vir geloofsvorming oor generasies heen is, te kan miskyk. Bengston (2013:193-195) het in hierdie verband baanbrekerswerk gedoen. Hy het emosionele nabyheid en onderlinge ondersteuning oor generasies heen geïdentifiseer as van die belangrikste invloede op geloofsvorming. Hy dui aan dat die data van hulle longitudinale navorsing duidelik aangetoon het dat die liefde (of emosionele) dimensie van ouers se optrede, 'n baie belangrike invloed uitoefen op geloofsoordrag:

> Parents who are warm and affirming are more likely to have children who follow them; parents who are cold or authoritarian, ambivalent or distracted, are less likely to have children follow them. Also affecting transmission is the level of conflict between parents and children. Moreover, we have seen that parents who are perceiving as open and accepting of their child's religious choices are more likely to achieve transmission. Particularly important, according to our data, is the role of father's presence. Parental piety – religious role modeling, setting a good example – will not compensate for a distant dad.

Bengston som hierdie bevindinge dan soos volg op: "In other words, parents who interact with their children during formative years in a warm, affirming, and respectful manner are more likely to pass on their religious tradition, beliefs, and practices." Roehlkepartain (2016:14) voeg hierby dat die kwaliteit van ouer-kind verhoudings gedurende die vormingsjare dalk een van die beste voorspellers mag wees daarvan of geloof, oortuigings en die waardes van ouers deur hulle kinders omarm gaan word. Hierdie en nog ander navorsing het Search Institute by die punt gebring waar hulle 'n raamwerk vir vormende verhoudings (Developmental Relations) of verhoudings wat rigtinggewend is daargestel het om jongmense op alle lewensterreine te begelei om te kan floreer. In hulle verdere navorsing het hulle volgens Roehlkepartain (2016:14)

ontdek dat verhoudings wat gekenmerk word deur 'n uitdrukking van sorg (Expressions of care - Show me that I matter to you); uitdaging tot groei (Challenge Growth - Push me to keep getting better); wat ondersteuning bied (Provide support - Help me complete tasks and achieve goals); wat ook gepaard gaan met die deel van mag (Share Power - Treat me with respect and give me a say); uitbreiding van moontlikhede (Expand Possibilities - Connect me with people and places that broaden my world); sterk verbind word met die gesonde welstand van die jeug.

In hierdie verband merk die teoloog Bonnie J Miller-McLemore (2007:6-7), wat die geskiedenis van die kerk se houding ten opsigte van die familielewe nagevors het, dat Christene in vandag se tipiese Westerse samelewing dikwels die persepsie oor geloof het dat dit iets is wat buite die gewone dag-tot-dag tyd en slegs net in die formele ruimte van die institusionele kerk plaasvind of in die diepste binnekant van 'n persoon se siel. Hierteenoor argumenteer sy dat gesinne wat mekaar op die geloofspad in die geloof begelei, mense net so naby aan God kan bring as opbouende kontemplasie. God het mense lief en transformeer hulle te midde van die uitsorteer van (messy details and troubles) probleme in die gang van die lewe. Die familie kan funksioneer as 'n werkswinkel of laboratorium vir die beoefening van geloof deur byvoorbeeld dinge soos vergifnis, vrygewigheid, gasvryheid en geregtigheid te help ontwikkel.

Hierdie bevindige is van ongelooflike waarde vir enige persone wat met gedragsvorming van kinders en adolessente en toerusting van ouers werk en in die besonder vir hierdie studie rondom geloofsvorming.

Die ouer-kind verhouding is dus ontsettend belangrik vir enige geloofsvorming in die huis en waarskynlik, volgens die oordeel van die navorser, vir alle verhoudings op die pad van geloofsvorming. Wanneer jeugbedienings dus ernstig is oor geloofsvorming behoort hulle ernstig te wees oor toerusting aan ouerhuise ten opsigte van al bogenoemde inligting. Search Institute se raamwerk vir ontwikkelende verhoudings kan, na die oordeel van die navorser, 'n baie belangrike rol speel in die toerusting van ouers in hierdie verband.

### 4.4.4 Grootouers

Die rol van grootouers. In hierdie samelewing vervul grootouers ’n toenemend belangrike rol in die geloofsvorming van hulle kleinkinders. Hierdie gedagte word ook deur Bengston (2013:193-195) beaam:

> Grandparents and great-grandparents are having an increasing influence on religious transmission, support, and socialization. One way they do this is by reinforcing or accentuating parents’ religious socialization. A second way is by providing, replacing, or substituting for parents’ religious socialization by becoming the moral and religious models and teachers for their grandchildren.

Wanneer jeugbedienings ernstig is oor geloofsvorming, sal ook hierdie feite verdiskonteer word in hul begeleidings- en toerustingstaak van huise.

## 4.5 Gesinne navigeer in ’n veranderende en uitdagende wêreld

Die ouers en gesin se rol in die geloofsvorming van hulle kinders is in die vorige hoofstuk (3.3.4) uitgewys en beklemtoon. Dit is egter belangrik om daarop volgens Roberto (2016:14-15), daarop te let dat alhoewel ouers die grootste invloed op hulle kinders se geloofsvorming het, hulle nie die enigste invloed is nie. Baie ander faktore kom in spel, wat jongmense se eie gevoel van bekwaamheid, groepsinvloede, die media en ander kulturele invloede en verskeie dimensies van gemeentelike deelname insluit. Elkeen van hierdie faktore kan die invloed van ouers en die gesin volgens hom óf versterk óf ondermyn, insluitend faktore wat ouers of ouerskap kan beïnvloed. Die versoeking moet egter weerstaan word om te aanvaar dat ouers gefaal het om hulle werk te doen wanneer hulle kinders nie hulle voetspore volg nie. Ouers se invloed kompeteer met verskeie ander invloede wat ook ’n invloed uitoefen op hoe families lewe en geloof ontwikkel. Hierdie invloede het ook ’n beslissende impak op hoe gemeentes met kinders, jongmense en gesinne omgaan en hulle begelei.

Hier is volgens Roehlkepartain (2016:15-16) enkele van baie sosiale veranderinge wat ’n groot impak het op die konteks van geloofsvorming:

- ’n Verhoogde bewustheid van ’n multikulturele en globale samelewing wat beide nuwe geleenthede vir groei en leer kan bewerk, of ’n reaksie van vrees en wantroue teenoor mense wat anders as ons is, kan teweeg bring;

- Groeiende godsdienstige pluralisme in skole, gemeenskappe en selfs in gesinne wat ook as ’n bedreiging of ’n geleentheid vir deelname en leer gesien kan word;
- ’n Digitale wêreld met voortdurende veranderende tegnologie wat alle aspekte van gesins- en gemeenskapslewe indring. Gesprekke met ouers wat nie handel oor sosiale media, selfone, videospeletjies of ander tegnologie nie, is bitter skaars;
- ’n Afname van deelname, affiliasie en vertroue in enige organisasie die afgelope vyftig jaar;
- ’n Groeiende gaping het ontstaan tussen ryk en arm wat geleenthede en inkomste betref. Dit het ’n enorme effek op kinders, jongmense en gesinne. Meer as enige ander demografiese faktor ondermyn ekonomiese druk gesinsfunksionering, verhoudings en die ontwikkeling van jongmense;
- Te veel gesinne word toenemend geïsoleer en van hulle word verwag om op hulle eie reg te kom binne toenemend komplekse sisteme. Hulp het ’n komoditeit geword wat mense moet koop in plaas van wat mense vir mekaar doen.

Alhoewel gesinne deur die geskiedenis nog altyd uitdagings beleef het, kon hulle sterk staan en was hulle aanpasbaar te midde van groot veranderinge. Soos wat die konteks verander en nuwe uitdagings en geleenthede in die samelewing en rondom gesinne ontstaan het, het dit ’n onafwendbare impak op hoe gesinne geloof in hierdie jongste generasie moet help ontwikkel en begelei. Verder daag hierdie groot skuiwe geloofsgemeenskappe uit om te vra of die narratiewe wat hulle geskep het om as vennote van gesinne in geloofsvorming op te tree, steeds toepaslik is.

### 4.5.1 Gesinne verander: Met watter narratief word daar gewerk?

Tye het en is besig om radikaal te verander. Die snelveranderende kontekste in die wêreld en in Suid-Afrika het ‘n onomkeerbare uitwerking op gesinne. Roehlkepartain (2016:8) haal Bianchi aan wat daarop wys dat daar in die laaste 50 jaar in die VSA etlike tendense ontstaan het: uitgestelde huwelike en swangerskappe, ’n toename in saamwoonverhoudings en egskeiding, kinders wat buite die huwelik gebore word en vroue wat nou volledig hul plek in die werksplek inneem. Voeg hierby die selfdegeslag-verbintenisse en aanneming van kinders binne laasgenoemde verbintenisse. Hierdie tendense het die afgelope aantal dekades ook toenemend in Suid-Afrika plaasgevind volgens die waarneming van die navorser.

Onderliggend aan al die veranderinge was en is volgens Thornton en Young-DeMarco, soos cf. ook Roehlkepartain (2016:9), die verswakking van sosiale persepsies oor die noodsaaklikheid van ’n huwelik en om getroud te bly, om kinders te kry en die beperking op seksuele uitdrukking en die hoeveelheid kinders wat paartjies kry. Voeg hierby ook nog die klem op gelykheid by die werksplek en die huis.

Verder is daar ook onderliggend aan al hierdie veranderinge volgens hulle ’n verhoogde individualisering, vryheid en tolleransie van diverse idees en gedrag, wat op sy beurt weer verbind is aan ’n verswakte verbintenis aan die kollektiewe. Voeg hierby ook nog die feit dat ordes en konvensies dikwels oorboord gegooi word as dit by swangerskappe kom, waar swangerskap dikwels voor ’n huwelik kom, ás daar ooit getrou word, of heelwat later in die lewe ná die piek van vrugbaarheid. Dan is daar ook ander onrusbarende realiteite waarop Roehlkepartain wys. Hy haal Bogenschneider en Corbett aan wat statitiek van die VSA gee wat afkomstig is van federale navorsing: twee-derdes van ongetroude moeders het by hulle kind se derde verjaarsdag meer as een verhoudingsmaat gehad. Hierdie tendens is na die oordeel van die navorser besig om vinnig ook in Suid-Afrika waar te word.

Elke mens reageer verskillend op bogenoemde veranderinge. Die narratiewe wat ’n persoon internaliseer om bogenoemde patrone te probeer verstaan, het diepgaande implikasies vir die manier hoe daardie persoon gaan optree. As die kerk enigsins in die toekoms vennote wil wees van families in hulle geloofsvormingstaak, sal die kerk hulle narratiewe, wat hul hele benadering tot gesinne bepaal, moet herbesoek en selfs rekonstrueer.

Roehlkepartain (2016:8-11) praat van drie narratiewe wat na sy oordeel tans ’n rol speel in die kerk en samelewing: (i) “*reclaiming ‘The Family’*” – Hierdie narratief staan ‘n normatiewe struktuur voor wat geglo word die beste is om kinders in groot te maak en vir die samelewing. Dit is daarom dat die sosiale agenda van hierdie narratief is om daardie normatiewe gesin te herwin; (ii) “*embracing diverse families*” – hierdie narratief sien diversiteit in die samestelling van gesinne nie as ‘n probleem om op te los nie, maar as iets wat die samelewing versterk en plaas daarom druk op alle huishoudings om te konformeer en aan te pas by die nuwe normaal. (iii) “*strengthening all families*”

– Hierdie narratief omarm diversiteit in die samestelling van gesinne, maar erken ook die belang van stabiele, ondersteunende gesinne vir kinders en die samelewing. Daar word meer op die funksie van die familie gefokus as op die vorm. Dit erken die sosiale kragte wat gesinne affekteer. Dit fokus daarop om geleenthede te skep, te ondersteun en ander faktore wat hulle sal help om te blom. Dit fokus ook op gesinne se verantwoordelikhede en potensiaal om mekaar te ondersteun nie net vir hul eie voordeel nie, maar ter wille van die welsyn van die gemeenskap en samelewing.

Die vraag wat vandag toenemend gevra word na aanleiding van bogenoemde veranderinge in gesinne en families is of die veranderinge wat die afgelope aantal dekades in gesinne en die samestelling van gesinne plaasgevind het, hierdie invloed van ouers enigsins verswak het. Hierdie vraag lei onomwonde na die volgende sleutelbelangrike navorsingsinligting.

### 4.5.2 Die aanpasbaarheid van gesinne in geloofsvorming

Daar kan wel verwag word dat die gesin steeds belangrik is vir geloofsvorming in die konteks van radikale sosiale veranderinge en in 'n omgewing waar die samestelling van gesinne ook verander het en steeds besig is om te verander. Tog word algemeen aangeneem dat met die afname van die voorkoms van tradisionele gesinne, vandag se diverse gesinne minder effektief is in die vorming van geloof as tydens die vorige dekades. Die Universiteit van Suid-Kalifornië se navorser Vern Bengston en sy kollegas (2013:185) het egter hierdie hipotese verkeerd bewys:

> In the eyes of many, families have lost a disturbing amount of their moral and religious influence, seemingly a consequence of parental divorce, excessive individualism, and a breakdown in traditional social structures. From this perspective, if parents are passing religion on to their children, they are not doing it very often or very well.

In die navorsing wat hulle onderneem het, wat vier generasies van dieselfde gesinne ingesluit het, het hulle bevind dat families net so effektief as vyf en dertig jaar gelede geloofsoortuigings en -geloofswaardes oordra. In 2005 het 40% van ouers en hul jongvolwasse kinders vrae op dieselfde manier beantwoord. In 1970 het 41% van ouers en hul jongvolwasse kinders vrae op dieselfde manier beantwoord. Dit beteken dat te midde van radikale verandering in gesinstrukture en prosesse, dit wil voorkom of families steeds so goed soos 35 jaar gelede geloofsoortuigings en -waardes oordra.

Met ander woorde, families vind maniere om die take wat vir hulle belangrik is te verrig, selfs al verander hulle en die wêreld waarin hulle leef radikaal.

### 4.5.3 Noodsaaklike skuiwe in gemeentes se narratiewe oor gesinne en geloofsvorming

Ouers word dikwels gekritiseer vir die dinge wat skeefloop in jeugbediening. In hierdie opsig wys Roehlkepartain (2016:16) daarop dat dit juis die narratief is waarbinne geloofsgemeenskappe funksioneer wat bydra tot so ‘n negatiewe houding. Dit lei dan tot die inhibering van gesinne se kapasiteit ten opsigte van geloofsvorming. Die vraag is nou hoe geloofsgemeenskappe en spesifiek jeugbedienings hierop verbeter? Hoe kan jeugbedienings en gemeentes ‘n integrale deel vorm en vennote wees van gesinne in die vorming van geloof binne ‘n komplekse en veranderende wêreld? Roehlkepartain (2016:17-24) wys daarop dat die implisiete narratief, wat die benadering en betrokkenheid met gesinne bepaal, gerekonstrueer moet word. In hierdie paragraaf gaan die ses skuiwe in die benadering tot gesinne, wat hy oordeel nodig is om gemerk te word binne die leidende narratiewe, genoem word. Hierdie skuiwe het na sy oordeel die potensiaal om die narratiewe waarmee daar gewerk word ten opsigte van geloofsvorming, radikaal te verander. Die ses skuiwe is:

- van ‘n klem op programme, na ‘n klem op verhoudings;
- van ‘n klem op ouerskap as ‘n strategie, na ‘n klem op ouerskap as verhouding;
- van ‘n klem op ettikettering (patologisering) of idealisering, na ‘n klem op die benutting van gesinne se sterkpunte en veerkragtigheid;
- Van ‘n klem op geloofsoordrag, na ‘n klem op geloofsvoorbeeld;
- Van ‘n klem op “*passing on,*” na ‘n klem op “*living into*”;
- Van ‘n klem daarop om gesinne te dien (doen iets vir hulle), na ‘n klem op bemagtiging;
- Van ‘n klem op uitsluitlike gemeentelike fokus, na ‘n klem op die huis en gemeenskap.

## 4.6 Slotopmerkings

In hierdie hoofstuk is daar ‘n goeie oorsig gekry oor waar die term geloofsvorming vandaan kom, wat dit behels, die plek daarvan in jeugbediening, hoe geloof gevorm word, hoe dit groei, hoe dit aansluit by menslike ontwikkeling, die rol van die gemeente

en gesin in geloofsvorming en hoe gesinne navigeer in ’n veranderende en uitdagende wêreld.

In die volgende hoofstuk gaan spesifiek gekyk word na die rol wat verskillende generasies in geloofsvorming speel en spesifiek die noodsaak en rol van ouer generasies in die oordrag van geloof.

# HOOFSTUK 5

# INTERGENERASIONELE GELOOFSVORMING

## 5.1 Inleiding

In hierdie studie is die fokus op die bydrae wat intergenerasionele geloofsvorming kan bied tot geloofsvorming en die ontwikkeling van ‘n volwasse geloof in jeugbediening.

Die beste manier om in Christus gevorm te word, is om tussen die oudstes te sit, om te luister na hulle stories, om saam met hulle brood te breek en uit dieselfde beker te drink terwyl jy heeltyd waarneem hoe hierdie ouer generasie gelowiges die wedloop hardloop en gehardloop het, die geveg veg en geveg het en deur die genade oorleef het. Met hierdie woorde van Frazier begin Allen en Ross (2012:17) hulle boek: *Intergenerational Christian Formation: Bringing the whole Church Together in Ministry, Community and Worship.* Hulle is deel van ’n al groterwordende koor van navorsers wat intergenerasionele geloofsvorming, of ‘Christelike formasie’ soos hulle dit noem, propageer.

In hierdie studie word na intergenerasionaliteit in die konteks van geloofsvorming gekyk. In hierdie studie word hoofsaaklik op twee kontekste gefokus waar intergenerasionele geloofsvorming primêr plaasvind, naamlik die huis (gesin en familie) en die gemeente. Daar is verseker ander kontekste ook waarbinne geloofsvorming intergenerasioneel plaasvind of wat ’n invloed op geloofsvorming het, maar in hierdie studie word slegs na die ander ruimtes verwys, en dit word nie in diepte bespreek nie. Dit mag moontlik in die toekoms nodig wees om die invloed van hierdie ander aspekte in diepte te ondersoek.

## 5.2 Teoretiese begronding van intergenerasionele interaksie

In hoofstuk 1 (1.1.5. & 1.4.2.) is praktiese teologie in Heitink (1999:6) se woorde omskryf as “die mediasie van Christelike geloof in die praxis van die moderne samelewing.” Hierdie studie het eers na hierdie mediasie vanuit die perspektief van gemeentebou gekyk (hoofstuk 2), daarna is vanuit die perspektief van jeugbediening gekyk (hoofstuk 3) en in die vorige hoofstuk (hoofstuk 4) is gekyk vanuit die perspektief

van geloofsvorming. In hierdie hoofstuk word spesifiek gekyk na die rol wat intergenerasionele interaksie in geloofsvorming speel. In hierdie hoofstuk gaan verdere teoretiese begronding gegee word deur na die intergenerasionele praktyke in die kerk binne die raamwerk van die intergenerasionele praktyke van die samelewing te kyk. Seibel (2009:32) verwys in hierdie verband na die interafhanklikheid van die kerk en die samelewing waarbinne die kerk funksioneer:

> ... the story of how societies and individual congregations located within them sustain their existence through time is inextricably linked to the intergenerational dynamics that emerge among the generations of which they are composed.

Om die waarde van intergenerasionaliteit te verstaan, gaan daar daarom eers na die *intergenerasionele dinamika* wat geld in kultuuroordrag binne ’n samelewing gekyk word. Die bewaring en voortsetting van enige kulturele tradisie, of dit nou die samelewing in die breë of enige groep binne die samelewing is, vereis volgens Seibel (2009:32) die deelname van opeenvolgende generasies. Daar kan daarom met reg beweer word volgens Neville (1974:54-55; cf. ook Seibel, 2009:33), dat indien ’n groep sy identiteit oor tyd heen wil behou, dit geld vir die samelewing in die breë, die kerk of enige ander groep binne die samelewing, die lede van daardie groep hulleself met die groep moet kan identifiseer. In wese noodsaak dit dat die lede van enige gegewe groep dan sal strewe om die kulturele tradisie wat uitdrukking vind in simbole, praktyke en instellings te bewaar en voort te sit.

Om hierdie intergenerasionele dinamika beter te verstaan, is dit noodsaaklik dat daar eers duidelikheid gekry word oor wat onder kultuur en tradisie verstaan word. Seibel (2009:34) haal vir Hiebert (1985:31) in die verband aan wat sê dat kultuur, wanneer dit ontleed word, gedissekteer kan word tot drie lae wat volgens hom handel oor idees, gevoelens en waardes respektiewelik. Die boonste laag, wat die maklikste waarneembaar en geredelik beskikbaar is vir bewustelike kritiese refleksie bestaan uit die *kognitiewe dimensie* (kennis, logika en wysheid) van ’n kulturele raamwerk. Die middelste laag behels die *affektiewe dimensie* (gevoelens en estetika) wat eie aan ’n kultuur is. Die diepste laag, wat dikwels die minste aandag van die samelewing kry, is saamgestel uit die *evaluerende dimensie* (waardes en assosiasie). Op die oppervlak kan ’n spesifieke kultuur van ander kulture onderskei word deur die gedrag (denke en optrede) en produkte (kuns, wette, gebruike, rolle, ens.) wat dit voortbring. Dit is dus

duidelik dat daar baie meer aan die werk is binne enige kulturele konteks as dit wat sigbaar is vir die oog. Die dieper lae van kultuur vorm volgens Bosch (1995:49; ook cf. ook Seibel 2009:34) die wêreldbeskouing wat die betrokke groep in die samelewing skep en deel en waardeur lede van die groep na die wêreld kyk, hoe hulle die wêreld verstaan en daarin oorleef. Hierdie wêreldbeskouing is volgens Kraft (2005:44-46; cf. ook Seibel 2009:34) die sentrale beheersentrum van ’n kultuur. Dit rig die organisasie en gedrag van ’n kultuur, selfs al is die lede van die groep nie eers bewus van die impak daarvan nie.

Tradisie verskaf volgens Kraft (2005:38; cf. ook Seibel 2009:35) ’n integrale deel van kultuur. Caroll (2000:10; cf. ook Seibel 2009:35) gee die volgende verduideliking: “... die term 'tradisie' het ’n Latynse oorsprong naamlik *trader* (om iets oor te gee of toe te vertrou). Dit verwys in die algemeen na die kollektiewe geheue van ’n spesifieke groep waardeur die verwerfde wysheid deurgegee word van een generasie na die volgende.” Die tradisie vorm volgens Pelikan (1984:6, 20) die sosiale gom binne ’n gegewe groep en oor tyd heen verskaf dit die kontinuïteit wat nodig is vir verlede, hede en toekomstige generasies. Daar is konsensus dat die langtermynkapasiteit van ’n gemeenskap of groep om voort te bestaan, akkumulerende kulturele tradisie wat inherent intergenerasionele implikasies het, benodig. Seibel (2009:35) haal Mannheim (1972:107) aan wat verduidelik hoe hierdie oordrag werk: (i) Deur geboorte word nuwe deelnemers in die kulturele proses ingeneem. (ii) Dit is nodig om die geakkumuleerde kulturele erfenis aanhoudend oor te dra; (iii). Die oordrag van een generasie na die volgende is dus ’n bewustelike proses. Om hierdie rede behoort die ouer persone binne enige generasie volgens Westerhoff (1974:37-39) “formele en informele, bewustelike en onbewustelike” prosesse van “sosialisering” of “enkulturasie” as hulpbronne te gebruik om sosiale houdings, norme en verwagtings oor te dra van een generasie na die volgende.

Westerhoff (1974:45) dring daarop aan dat die familie as die eerste en belangrikste sosialiseringsagent, ’n krities belangrike rol in die hele proses van kultuuroordrag speel. Soos ons later in hierdie hoofstuk sal sien (6.3.1), wys Mead (1970:2) se navorsing daarop dat die saambestaan van drie generasies (grootouers, ouers en kinders) nodig is om die oordrag van kultuur te laat plaasvind. Daarnaas moet die bydrae volgens Neville (1974:54-55; cf. ook Seibel 2009:35) van die gemeenskap as

geheel nie gering geskat word in die vormingsproses nie. Dit sluit gedeelde instellings, sosiale netwerke, seremonies en rituele in. Die voorgenome uitkoms van enige kultuur- of tradisie oordrag, is dat lede van die opkomende geslag hulself moet kan identifiseer met en optree as deelnemers van die kultuur en tradisie wat vir hulle voorgehou is.

## 5.3 Intergenerasioneel en intergenerasionele bediening

### 5.3.1 Die term intergenerasioneel?

Die woord intergenerasioneel verwys na die interaksie tussen verskillende generasies. Harkness (2012:122) verwys na intergenerasionele aktiwiteite as aktiwiteite wat verwys na interaksie oor ouderdomsgroepe heen waarbinne daar ’n sin van gemeenskaplikheid bestaan – waar deelnemers beide gee en ontvang van persone uit ander ouderdomme.

Die langtermyn voortbestaan van beide die kerk en die gemeenskap is afhanklik van die intergenerasionele dinamika wat in die vorige paragraaf beskryf is. Dit is daarom belangrik om die belangrikheid van die term “intergenerasioneel” te verduidelik. Newman en Smith (1997:4; cf. ook Seibel 2009:35) gee die volgende verduideliking: “At the foundation of the intergenerational concept is a relationship that is as old as the institutions of family and community. Its roots can be seen in the connections that link specific generations within families – the elder and younger members.”

Persone wat verhoudings tussen die verskillende generasies bestudeer, sal onmiddelik veranderende patrone in verhoudings tussen ouer en jonger generasies identifiseer. Volgens sosioloë (Pillemer, Keeton & Suiter 2000:1388; cf. ook Seibel 2009:36), kan hierdie intergenerasionele patrone op twee vlakke bestudeer word: Eerstens, die makro-sosologiese benadering wat werk met algemene analises van verhoudings tussen verskillende generasies op ’n breë vlak van die samelewing; Tweedens: die mikro-sosiologiese benadering wat intergenerasionele verhoudings ondersoek in families of in spesifieke sosiale groeperings binne die breër gemeenskap. Seibel (2009:36) wys daarop dat laasgenoemde groepe deur Gubrium en Rittman beskryf word as “small worlds.” Hulle beskryf so ’n “small world” soos volg: “It is ‘an interpersonal domain of understanding’ a particular setting with ‘experiential boundaries.’” Daar is volgens Seibel (2009:36) nogal ’n belangrike wisselwerking

tussen die makro- en mikro fasette van die term 'intergenerasioneel'. Patrone wat in die makro- sosiologiese vlakke voorkom, het beslis 'n impak op die mikro-sosiologiese vlakke en dit is baie belangrik om in ag geneem te word in hierdie studie, want die praxis van die kerk (mikro-sosiologiese vlak of "Small world") vind plaas binne en word beïnvloed deur die praxis van die breër gemeenskap (makro-sosiologiese vlak). Seibel (2009:37) beskryf dit mooi:

> In appropriating this macrosociological perspective, we are able to explore matters such as how the relational structure, modes of interaction, and attitudes that exist between the members of two or more generations within a society develop across time. In turn, this enables us to consider the praxis of the church, the household of faith, as a microsociological "small world" entity, with a view to understanding the way in which its intergenerational objectives come to be impacted by broader social trends.

Seibel (2009:66) noem dit die sosiale verskynsel van die ontwikkeling van generasies oor tyd heen. Binne hierdie hierdie ontwikkeling van generasies vind daar volgens hom ook 'n intergeneratiewe diskontinuïteit plaas, veral gedurende periodes van radikale sosiale veranderings.

Dit is nogal belangrik om in die kerk kennis te neem van sommige patrone wat voorkom in die "small world settings" binne 'n veranderende kultuur. Die dinamika waardeur hierdie intergenerasionele diskontinuïteit plaasvind, word dikwels duidelik binne die "small world settings" gesien. Hierdie dinamika gaan dikwels gepaard met 'n afname in interaksie, en in gedeelde sentiment en -waardes van die verskillende generasies.

Williams & Nussbaum (2001:7-8) dui aan dat elke mens 'n inherente neiging het om jou sosiale wêreld in groepe en kategorië in te deel en dat mense duidelik bewus is van hul eie en ander se deelname aan en lidmaatskap van spesifieke sosiale groepe. Hulle vervolg:

> ... as soon as we recognize ourselves and others as belonging to distinct groups, we tend to favor those that we see as being part of our own group, regardless of how trivial the perceived distinctions between groups happen to be. At times, this causes individuals to behave as stereo typical "ingroup" members, emphasizing the attributes that we believe portray who we are and where we belong.

Die tendens om "ons" en "hulle" met mekaar te vergelyk lei volgens Williams & Nussbaum (2001:10; cf. ook Seibel 2009:62) gewoonlik daartoe dat gevolgtrekkings

gemaak word en dat ’n gevoel van onderskeid ervaar word wat altyd gunstig is ten opsigte van die eie groep. Dit lei gewoonlik daartoe om ander in die lig van ’n stereotipe en met vooroordeel te behandel wat direk geassosieer word met die groep waaraan die persoon behoort. Dit lei dikwels tot negatiewe evaluering, misverstand en konflik.

Hierdie tendens om beïnvloed te word deur ’n stereotipering, is veral sterk wanneer die persone betrokke beperkte persoonlike informasie van die ander groep het. De Young (1997:8; cf. ook Seibel 2009:62) som hierdie gedagtes mooi op en wys op die implikasies daarvan:

> When our perceptions do not intersect with those of others through dialogue and shared experiences, we are isolated. When we experience life from an isolated perspective, we have no real knowledge of others. A lack of dialogue and honest sharing with others can result in a de facto segregation. Often isolation is based on simple lack of information about the lives of others, and this ignorance, if left unaddressed, can reinforce stereotypes and insensitivity.

Die waarde wat hierdie inligting bied vir enige nadenke oor intergenerasionele interaksie is voor die hand liggend. Hierdie stereotipering is een van die groot gevolge wat generasies tans in die kerk uitmekaar hou.

Wanneer die impak van intergenerasionele verhoudings op die suksesvolle oordrag van kulturele tradisies binne die kerk en gemeenskap bestudeer word, dan is die saak van *intergenerasionele solidariteit* van sentrale belang (kursifering deur die navorser). Sosioloë het hierdie konsep van “solidariteit” uitgelig en beskryf as die gom waarmee groepskohesie aan mekaar gehou word binne ’n gegewe gemeenskap (Roberts, Richards & Begston 1991:12). Bengston (1991:15) haal ’n studie aan wat vier sleutel-elemente (dinamics) van interaksie uitlig wat bydra tot die vlak van solidariteit binne ’n groep:

1. Interaksie: die graad van kontak en onderlinge verbondenheid tussen die aksies van lede van die een groep met die ander;
2. Aktiwiteite: die omvang van aktiwiteite waarin groepslede saam deelneem;
3. Sentiment: die mate van wedersydse geneentheid tussen groepslede;
4. Norme: gedeelde standaarde aangaande lidmaatskap en interaksie.

Hierdie studie waarna Bengston verwys het, het bevind dat groepe met hegte bande die groepe is wat gereelde interaksie het, vriendelikheid in gemeen het en ook gemeenskaplike normatiewe verbintenisse het. Nog ’n studie waarna hierdie skrywers verwys, het ook gevind dat wanneer daar hoë vlakke van kontak en gemene belange binne ’n groep teenwoordig is, daar ’n sterker sentiment van solidariteit is as in daardie groepe wat wel gereeld interaksie het, maar met min gemene belange (Roberts, Richards & Bengston 1991:16). Later in hierdie hoofstuk (5.5.4.6) word Bengston en sy span navorsers se jongste navorsingsresultate bespreek waarin hy hierdie *intergenerasionele solidariteit* nog duideliker omlyn na sy longtudinale navorsing oor 30 jaar. Die mate van solidariteit tussen generasies sal in hierdie studie uitgewys word as ’n primêre faktor wat ’n direkte impak het op die mate van suksesvolle oordrag van kulturele tradisie (geloofstradisie in hierdie studie) van een generasie na die volgende.

### 5.3.2 Intergenerasioneel in gemeentelike konteks

Die term ‘intergenerasioneel’ is die afgelope paar dekades verskillend in gemeentelike bediening gedefinieer en toegepas. Die term 'intergenerasionele bediening' is volgens Allen en Ross (2012:18) aanvanklik slegs maar gebruik om te erken dat die kerk een van min instansies is waar mense van alle generasies bymekaar kom. Volgens hulle (2012:18-19) het persone soos Gambone gekies om eerder te praat van *intensionele* intergenerasionaliteit om húlle verstaan van die woord te onderskei van die meer algemene gebruik. Gambone verstaan 'intensioneel' as ’n verbintenis aan ’n filosofie van bediening wat verskillende generasies doelgerig en bepland saambring in betekenisvolle dialoog. Wanneer hierdie term vandag in die kerklike konteks gebruik word, beskryf dit meestal kerke wat doelbewus en bepland betekenisvolle interaksie tussen generasies organiseer.

Die term 'intergenerasioneel' moet egter onderskei word van die term 'multi-generasioneel'. Multi-generasioneel verwys nie noodwendig na beplande interaksie tussen verskillende generasies nie. Dit mag eenvoudig net beteken dat die kerk die bestaan van verskillende generasies erken en programme daarstel vir almal. Peter Menconi (2010:13) gee in sy boek: *The Intergenerational Church: Understanding Congregations from WWII to <u>www.com</u>* – volgens die navorser ’n uitstekende beskrywing van hoe hiérdie term kerke kan mislei:

> While many churches are multigenerational and seemingly healthy on the surface, in reality, the generations act like ships in the night that pass by one another but rarely have meaningful contact and interaction. This lack of significant communication and relations between generations must be addressed if churches are to thrive – not merely survive – now and in the future.

Nog 'n term, volgens Allen en Ross, wat die afgelope tyd deur sommige geloofsgemeenskappe gebruik word om hulle bewustheid van verskillende generasies in die liggaam van Christus te erken, is die term ‘transgenerasioneel’*.* Alhoewel die term iets wil weergee van die oordrag van informasie van een generasie na die volgende, word die term in die praktyk verskillend geïnterpreteer. Wanneer gemeentes hulleself met hierdie term beskryf, sien mens met ’n eenvoudige internetsoektog dat sommige sulke gemeentes duidelik moeite doen om generasies by mekaar uit te bring, maar ander gee detail inligting oor hoe generasies afsonderlik bedien word met min werklike inligting oor hoe generasies by mekaar uitgebring word.

Wanneer die navorser in hierdie studie na intergenerasionele bediening verwys, gaan baie sterk aangesluit word by James White en Allan Harkness se definisies. White (1988:18) definieer intergenerasionele godsdienstige onderrig as: “When two or more different age groups of people in a religious community together learning/ growing/living in faith through in-common experiences, parallel learning, contributive-occasions, and interactive sharing.” Harkness (2012:122), verwys na intergenerasionele aktiwiteite as aktiwiteite wat verwys na interaksie oor ouderdomsgroepe heen waarbinne daar ’n sin van gemeenskaplikheid bestaan – waar deelnemers beide gee aan en ontvang van persone uit ander ouderdomme. Dit is vir hom meer ’n deelnemende betrokkenheid saam met ander eerder as slegs ’n ‘bediening van’ of ‘gerig op ander’. Hy beskryf verder intensionele intergenerasionele strategieë soos volg:

> Intentional intergenerational straties are those in which an integral part of the process of communities encourages interpersonal interactions across generational boundaries, and in which a sense of mutuality and equality is encouraged between participants.

Wanneer in hierdie studie gedink word oor intergenerasionele geloofsvorming, word aangesluit by wat gesê is oor geloofsvorming en word spesifiek verwys na alle intergenerasionele interaksie by die kerk en by die huis tussen die verskillende

generasies wat bydra tot geloofsvorming. Hierdie vorming vind natuurlik nie net in een rigting (van die ouer generasie na die jonger generasie) plaas nie, maar is wederkerig.

### 5.3.3 Intergenerasionele bediening

Intergenerasionele bediening vind volgens Allen en Ross (2012:17) plaas wanneer 'n gemeente generasies bymekaar bring waar almal deelneem aan gemeenskaplike dienslewering, geloofsgemeenskap en leerprosesse in die kern-aktiwiteite van die kerk met die doel om liggaam van Christus vir mekaar en vir die groter gemeenskap te wees. Vir 'n groot deel van die Christelike geskiedenis was die hele liggaam van Christus – dit sluit alle generasies in - teenwoordig wanneer daar eredienste gehou is en wanneer daar deelgeneem is aan die bediening. In die meeste byeenkomste van die kerk was intergenerasionaliteit die norm. In die laaste paar dekades het omtrent almal, met miskien die uitsondering van kleiner gemeentes, generasies gereeld van mekaar begin skei vir onderrig, geloofsgemeenskap, dienslewering en soms of altyd vir eredienste.

Wat veroorsaak dat dit nodig is om oor intergenerasionele bediening te praat? Dit is belangrik om daarop te wys dat daar oor die afgelope paar dekades 'n stelselmatige proses plaasgevind het waar generasies in die kerk van mekaar losgemaak is en waar bediening aan veral die jeug vandag uitsluitlik afsonderlik plaasvind. Hierdie studie wil dan juis hierdie toedrag van sake aanspreek.

## 5.4 Hoe het dit gekom dat generasies in die kerk geskei word?

Deur die hele Christelike geskiedenis heen, het die hele gemeente saam ontmoet vir bediening, eredienste sowel as die meeste ander byeenkomste. Allen en Ross (2012:17) verwys na "the whole body of Christ" - dit sluit in alle generasies as hulle na die vroeë-kerk verwys. Intergenerasionaliteit was dus die norm. Dinge het egter in die laaste paar dekades heeltemal verander. Selfs die kleinste gemeente het die geneigdheid om generasies van mekaar te skei vir onderrig, omgeegroepe, diens en soms (of altyd) eredienste. Die vraag is - hoe het die kerk hier gekom? James White (1988:1) help daarmee wanneer hy sê: "The life of any given congregation needs to be placed in the context of its wider social/cultural matrix. Understanding this matrix may help religious leaders in developing creative and helpful responses to meet the faith development needs of people."

Gedurende die laaste honderd jaar, het stelselmatige veranderinge in die samelewing plaasgevind wat families en verskillende ouderdomsgroepe op ’n wye front van mekaar begin skei het. Hierdie skeiding het nie net by opvoedkundige instellings plaasgevind nie, maar ook in die lewe in die algemeen. Hierdie veranderinge sluit volgens White (1988:11) se eerste sosiale analise die volgende in: ouderdom-spesifieke publieke onderrig, die geografiese mobiliteit van families, die beweging weg van die uitgebreide familie na die sogenaamde “nuclear-” of kernfamilie wat saamleef en grootword, die toename van egskeiding en gevolglike enkel-ouer families en die opkoms van aftree-oorde en ouetehuise vir ouer persone en kleuterskole vir voorskoolse kinders. Alhoewel bogenoemde veranderinge in die samelewing nie veralgemeen kan word nie, speel hierdie faktore ’n ontsettend belangrike rol in die verstaan van watter kragte in die samelewing aan die werk was en steeds is wat skeiding van generasies meegebring het en steeds doen.

Alhoewel daar ander ruimtes soos sport, ontspanning en enkele ander plekke is waar generasies nog saam deelneem of saamkom, is geloofsgemeenskappe volgens White (1988:13) die mees geskikte instelling om mense oor generasies heen bymekaar te bring en betekenisvolle saamwees en saamleer te fasiliteer. White (1988:13) haal vir Lidums aan wat aandui dat, na hulle oordeel, die kerk die enigste organisasie in die Westerse samelewing is waar families, enkellopendes, pare, kinders, tieners, grootouers – alle generasies - op ’n gereelde basis kan saamkom en interaksie met mekaar kan hê. Alhoewel die kerk hierdie unieke ruimte is met groot potensiaal waar alle generasies kan saamkom, het die kerk ongelukkig nie meer ’n goeie “track record” wat dit betref nie. Die skuiwe in die samelewing - om ouderdomsgroepe van mekaar te skei – het oor tyd heen ook deel van die kerklike praktyk geword. Alhoewel kerkleiers die intergenerasionele benadering in teorie onderskryf, wys die praktyk dat die meeste hoofstroomkerke en evangeliese kerke in Amerika volgens Allen (2005:319-333) tydens die meerderheid van hulle aktiwiteite (eredienste, sondagskool, omgeegroepe, uitreike ens.) die ouderdomsgroepe van mekaar skei. Hierdie tendens is volgens die navorser ook duidelik in Suid-Afrika sigbaar in hoofstroomkerke, Charismatiese kerke en nog duideliker in die onafhanklike Afrika-kerke. Die gevolg hiervan is dat kinders selde saam met tieners of volwassenes in

enige kerklike omgewing bedien word en indien dit wel gebeur, is dit nie op ’n gereelde basis nie.

Die pendulum het die afgelope aantal dekades so ver geswaai dat jeugbediening in die kerk vandag byna uitsluitlik afsonderlik in ouderdomsgroepe plaasvind. Na ‘n aantal dekades as jeugpredikant het Mark de Vries (2004:36) agtergekom dat jeugbediening misluk in sy doel om geestelike groei te bewerk en om volwasse geloof in tieners te ontwikkel. Sy diagnose van die probleem, soos reeds cf. ook hierdie studie, is: “… in typical youth ministries, teens had been systematically separated from adults, isolating them ‘from the very relationships that are most likely to lead them to maturity.” Ook Ben Freudenburg (1998:17) het ontdek dat al sy werk en energie in die kerk na etlike jare nie die geloofsvolwassenheid by kinders en tieners bewerk het wat hy verwag het nie. Hy skryf (1998:27):

> And the church is stuck in an old pattern of teaching the faith to families – its programming and structure is focused to meet the needs of families in a culture that does not exist anymore. For example: Sunday schools that pattern themselves after 1950s-era educational models; youth ministries that still follow a stand-alone ‘mini-church’ model that discourages church-wide involvement; church programs that segregate age levels almost exclusively and require families to separate to participate in church activities; and faith-development strategies that assume, wrongly, that homes are partnering with the church to teach kids about Jesus.

Sy diagnose het sterk rondom die ouers gedraai wat nie by die geloofsvorming van hulle kinders geïntegreer is en word nie. Sy boek, *Family Friendly Church*, is geskryf om die kerk te help om ’n paradigma-skuif (soos beskryf in Hoofstuk 3 punt 6.1) te maak waar die huis die fokus van die gemeente se bediening is en die kerk die huis ondersteun in hul onvervangbare rol in geloofsvorming van hulle kinders. Allen en Ross (2012:32) haal ook vir Ivy Beckwith, skrywer van *Postmodern Children’s Ministry* aan wat sê dat kinderbediening gebroke is. Vir haar is die rede die sistematiese skeiding van kinders van alle ander lidmate van hul gemeentes wat tot hulle nadeel strek. “Beckwith advocates regular opportunities for children to worship with the full body of Christ, to be received and welcomed fully as contributing participants in faith community.” Sy sê verder: “A church program can’t spiritually form a child, but a family living in an intergenerational community of faith can.” As ’n gemeente 'n geloofsfamilie

is, hoekom doen die geloofsfamilie nie meer dinge saam nie? Hierdie is maar enkele stemme wat in die laaste dekade in ’n groot koor begin opgaan het.

Holly Catterton Allen (2012:271), het in haar intergenerasionele navorsing die volgende waargeneem: “It seems that learning how to be God’s people has become less ‘a joining in with community’, and more ‘a gathering of age-segregated groups’ to study about being God’s people.” Hierdie toedrag van sake het meegebring dat hierdie styl van jeugbediening tans getipeer kan word met die term ‘tradisionele’ jeugbediening. De Vries (2004b:21) omskryf tradisionele jeugbediening soos volg:

> ... a clear pattern for youth ministry has emerged that no term describes it quite so well as ‘traditional.’ What I am calling ‘traditional youth ministry’ has little to do with style or programming or personality. It has to do with the place of teens in the community of faith. During the last century, church and parachurch youth ministries alike have increasingly (and often unwittingly) held to a single strategy that has become the defining characteristic of this model: the isolation of teenagers from the adult world and particularly from their own parents.

Soos wat hierdie tendens van skeiding oor die laaste paar dekades ontwikkel het, het godsdienstige opvoedkundiges soos Nelson - met sy sterk klem op die rol van die hele gemeente as leergemeenskap, waar rolle geleer en geleef word as dit by godsdienstige onderrig kom; Westerhoff - wat die rol van die kerk in onderrig beskryf met enkulturasie; Morgan - wat praat van die “interplay across generations” en Fowler - wat praat van die gemeente as ’n ekologie van geloofsontwikkeling, begin om hierdie praktyk se geldigheid te bevraagteken (Allen 2009:1).

Die navorser poog nie met hierdie navorsing om alle generasionele bediening af te maak nie. In hierdie studie is die fokus eerder op watter bydrae intergenerasionele geloofsvorming kan bied tot geestelike groei en die ontwikkeling van ‘n volwasse geloof in jeugbediening.

## 5.5 Fundamentele insigte

### 5.5.1 Intergenerasioneel vanuit ’n teologiese perspektief

Allan Harkness (1998:127-132) gee drie teologiese perspektiewe op ’n intergenerasionele visie en praktyk vir geloofsgemeenskappe:

1. Intergenerasionaliteit is ’n uitdrukking van wie God is. God se karakter is trinitaries – ’n heilige gemeenskap van liefde.

2. Intergenerasionaliteit is die wese waaroor dit in kerk-wees gaan. Intergenerasionaliteit was 'n uitkenbare eienskap van die geloofsgemeenskappe van beide die Ou- en Nuwe Testament. Harkness (1998:127) verwoord dit soos volg: "The church of the New Testament maintained the intergenerational model drawn from their Old Testament roots, with persons of all ages considered to be integral .... An integral component of Christian ecclesiology continues to be that communities of the Christian faith – churches – should normatively comprise persons of all ages."
3. Intergenerasionele prosesse is integraal deel van geloofsvorming. Kinders en jongmense groei in die geloof deur saam met volwassenes op die geloofspad te loop en dit te vier en volwassenes groei in die geloof deur die hele proses (gemeenskaplikheid). Daar is ses areas volgens Harkness waarin teologiese perspektiewe die nodigheid vir intergenerasionele interaksie vir geloofsvorming ondersteun: (i) Algemene geloofsvorming het verskillende generasies nodig; (ii) Aanvaarding en bevestiging word versterk deur intergenerasionele kontak; (iii) Geestelike kwaliteite wat in die kern van geloof lê, benodig intergenerasionele uitdrukking; (iv) Intergenerasionele interaksie versterk dissipelskap op 'n ouderdomsverwante reis; (v) 'n Holistiese benadering tot geloofsvorming vereis intergenerasionele interaksie; en (vi) Intergenerasionele interaksie verbeter Christelike integriteit.

Harkness (1998:132) konkludeer soos volg:

> Die algehele prentjie vanuit 'n Bybelse en teologiese perspektief is dat intergenerasionele interaksie noodsaaklik is om Christene in staat te stel om te groei tot volwassenheid in geloof. Daardeur word ons eenheid van woord, gedrag en houding sigbaar. Dit is hierdie eenheid wat Jesus self gemodelleer en bepleit het en wat integraal deel van die kerkbegrip van die vroeë kerk was.

#### 5.5.1.1 Intergenerasionele mandaat

Wanneer daar teruggekyk word op die kerk se erfenis, dan het verskeie outeurs (White 1988:70-71; Harkness 1998:431) daarop gewys dat sedert die Bybelse era, die mense van God hulleself in wese as intergenerasioneel beskou het. In hierdie opsig verduidelik Harkness (1998:433; cf. ook Seibel 2009:67) dat intergenerasionalisme:

> ... was a feature of the faith communities in both Old Testament and New Testament era [...] From its Old Testament Jewish roots, the early Christian church maintained its intergenerational entity with persons of all ages considered to be integral parts of it [...] Given this context, the range of metaphors used by the New Testament writers to stress the corporate nature of the church [...] arguably have an inherent sense of intergenerationalism about them.

Allen (2005:322) het ook waargeneem dat die vroeë-kerk ’n multigenerasionele entiteit was wat uit Joodse agtergrond ontstaan het. Alle generasies het gesamentlik vergader, aanbid, brood gebreek, gebid en mekaar bedien, maar dit het volgens Seibel (2009:68) nie net by die eerste generasies van die vroeë-kerk gebly nie. Harkness (1998:431) stel dit duidelik dat sedert die ontwikkeling van die Christelike geloofsgemeenskappe in die na-Pinkstertyd van die Christelike geloof, daar ’n bewustheid was dat sulke gemeenskappe intergenerasionalisme moet aanmoedig en vergestalt.

Die kerk se intergenerasionele verantwoordelikheid is nie net duidelik as daar teruggekyk word in die geskiedenis nie, maar ook en veral as daar met verwagting vorentoe gekyk word. Die kerk is daarom volgens Seibel (2009:68) ’n eskatologiese gemeenskap, wat geroep is om getuienis af te lê oor God se heerskappy wat reeds gerealiseer en nog nie gerealiseer het nie. Daarom moet daar erkenning gegee word, dat, indien hierdie getuienis ernstig opgeneem word, die intergenerasionele implikasies van die kerk se eskatologiese identiteit oorweeg moet word. Hier help die woord ‘volhoubaarheid’ ons om die gedagte beter te verstaan. Dit is volgens Frost & Hirsch (2003:216) die sleutel-karaktereienskap van enige kerk wat haar identiteit as getuie van die heerskappy van God omarm om te verseker dat die kerk oor tyd en generasies heen daarmee volhou. Hierdie doelwit van volhoubaarheid spruit voort uit die begeerte van die kerk om tasbaar uitdrukking te gee aan die koninkryk van God en God se heerskappy in ’n spesifieke konteks. In hierdie opsig is Peterson (1989:47) se opmerking baie belangrik: “If we are going to learn a life of holiness in the mess of history, we are going to have to prepare for something intergenerational and think in centuries.”

Hierdie gedagtes oor eskatologie kan soos volg opgesom word: elke gemeente wat ernstig is oor haar eskatologiese volhoubaarheid sal nie anders kan as om haar getuienis op ’n intergenerasionele manier voort te sit nie. Met ander woorde,

intergenerasionele implikasies moet ernstig opgeneem word wanneer die kerk besig is op pad na God se toekoms.

#### 5.5.1.2 Oorlewering van geloof

As die visie van geloofsoordrag op 'n intergenerasionele manier gerealiseer moet word binne die konkrete bestaan van 'n gemeente en buite die vlak van blote abstraksie, wat sal dit alles vereis? Watter prioriteite en praktyke sal hiervoor nodig wees? In punt 2 van hierdie hoofstuk is die proses hoe enige groep hulle kulturele tradisie intergenerasioneel oordra baie oorsigtelik bespreek. Binne die kerk hou hierdie taak 'n paar unieke oorwegings in.

Die tradisie waarmee die kerk toevertrou is om oor te dra, is daar reeds in hoofstuk 2 gesien, is om die koms van God na die wêreld te bemiddel. Hierdie bemiddeling moet op 'n Bybelsgetroue en kultuurrelevante manier die boodskap van die evangelie oordra. In wese gaan hierdie oordrag oor geloof wat aan die kerk geskenk is en waarin elke lidmaat begelei moet word. Griffin & Walker (2004:70-71; cf. ook Seibel 2009:69) noem dit "the deposit of the faith." Volgens hulle is die konsep van tradisie-oordrag van uiterste belang vir die Christen-beweging selfs voordat die Nuwe Testament op skrif gestel is:

> In 1 Corinthians, St. Paul writes about "right belief and practice around the Lord's Supper: For I receive from the Lord what I also delivered to you ...." (11:23). At the very center of the church's worship is something handed over, or "traditioned" [...] Tradition in the New Testament, then, is much more than Human invention. The sure word, is handed over, or "traditioned."

Van die vroegste tye van die Christelike beweging af, het die Christen-tradisie voortgegaan om gelowiges se lewens te vorm. Die basiese belydenis wat van baie vroeg af die basis van die Christelike geloof gevorm het, naamlik dat Jesus Christus Here en Verlosser is, was die kern van die Christelike tradisie.

Een van die grootste bydraers oor hoe die Christelike tradisie oorgedra behoort te word, is Leith. In sy nadenke oor die plek van tradisie binne die Christelike geloof, stel hy voor dat elke generasie herinner moet word aan die onveranderlike kern van kennis, wat sy gesag van die oorspronklike boodskap van God as bron verkry. Seibel (2009:69) vra op grond hiervan die vraag:

> ... in the face of a changing culture, how does the church promote the enculturation or socialization of new generations not only into established forms, but into a living faith and a life rooted in the reign of God?

Leith (1990:34, 36; cf. ook Seibel 2009:70) beskryf die plaaslike gemeente as die groep wat betrokke is by die proses van tradisie-oordrag wat hy beskou as inlywing van elke nuwe persoon en generasie in die gemeenskap van gelowiges. Fundamenteel beskou hy hierdie proses as die werk van die Heilige Gees.

> The church lives, not by organization and techniques, but by the passionate conviction that Jesus Christ is the Word made flesh, full of grace and truth, that in his death on the cross our sins are forgiven, that God raised him from the dead for our salvation. No technique, skill, or wisdom can substitute for this passionate conviction. Furthermore, the Holy Spirit, who cannot be programmed by any technique or ritual, confirms faith in the heart. The faith is therefore traditioned on a level beyond observation and beyond the power of techniques.

Die navorser het reeds in hoofstuk 3 (3.7.3.1) daarop gewys dat inlywing deel van die proses is wat gegeld het vir onderrig in die Ou Testament. Daar is ook deur die hele studie, maar spesifiek in hoofstuk 4 (4.3.2) verwys na God en spesifiek die Heilige Gees as die inisieerder en skenker van geloof. Om die rede stem die navorser saam met Leith se proses van hoe nuwe deelnemers deel gemaak word van die geloofsreis en die geloofsgemeenskap en dat die hele proses van tradisie-oordrag nie gedoen kan word los van die soewereine werk van God nie, omdat geloof ’n gawe van God is.

Tog is dit, volgens Leigh (1990:34, 35) ook belangrik om daarop te wys dat die kerk beide ’n *spirituele* en *sosiologiese* entiteit is en om die rede word die kerk nie van haar verantwoordelikheid van tradisie-oordrag onthef nie (kursifering deur navorser). Leith noem hierdie verantwoordelikheid op ’n menslike vlak ’n ontsagwekkende verantwoordelikheid. Hy wys daarop dat hierdie verantwoordelikheid drie sleuteldimensies insluit: die geloofsgemeenskap (gemeente), die individu en die opvolgende generasies. In die volgende paragrawe gaan die rol van elk van hierdie drie bespreek word.

### 5.5.2 Intergenerasioneel vanuit 'n gemeentelike perspektief

#### 5.5.2.1 Gemeentes – draers en oordraers van die Christelike tradisie

Geloofstradisie word in die eerste plek, volgens Leith (1990:34, 36; cf. ook Seibel 2009:70) altyd oorgedra in verhoudings binne die onderlinge gemeenskap van aanbiddende gelowiges. Gemeentes poog om 'n ruimte te wees waar families kan ontwikkel, individue 'n noodsaaklike belewenis van geloof en 'n outentieke belewenis van identiteit kan kry en waar opvolgende generasies in die Christelike geloof opgeneem kan word. Gemeentes funksioneer volgens Bass (1994:173) as draers van hierdie geloofstradisie. Hierdie verbintenis aan die Christelike tradisie word volgens haar in die Bybel as gesagsbron voorgehou. Verder poog gemeentes deur rituele, eredienste en hulle gedeelde manier van lewe om 'n getroue, lewende verpersoonliking van die Christelike tradisie te wees.

Intergenerasionele bediening binne 'n gemeente, is daar reeds gesien, vind vandag volgens Ross (2007:27) plaas wanneer 'n gemeente die verskillende generasies saambring in die kern-aktiwiteite van die gemeente in gesamentlike byeenkomste waar dienslewering, geloofsgemeenskap en onderrig die kern daarvan uitmaak om op dié manier te leef as die liggaam van Christus teenoor mekaar en die breër gemeenskap. Intergenerasionaliteit behoort te gebeur in en deur al die bedieninge van 'n gemeente.

Daar kan verskeie pogings aangewend word om intergenerasionele interaksie te ontwikkel. White (1988:18) se vier "patterns of relationships" is 'n baie handige hulpmiddel wat min of meer 'n samevatting is van hoe gemeentes intergenerasionele interaksie binne gemeentes aanbied. Dit bestaan uit die volgende patroon waar (i) twee of meer generasies op 'n gereelde basis saam leer, groei en leef in die geloof, (ii) deur gemeenskaplike ervarings te deel, (iii) deur parallelle leer en (iv) deur deelnemende reflektering en interaktiewe terugvoering vanaf die parallelle sessies.

#### 5.5.2.2 Die belangrike rol van gemeentekultuur in tradisie-oordrag

Tradisie-oordrag hang na die oordeel van die navorser baie nou saam met 'n gemeentekultuur. Die gemeentekultuur vorm die vrugbare ruimte waarbinne die geloofstradisie natuurlik oorgedra kan word. Dit is die rede hoekom Roberto (2014:20)

skryf dat gemeentes wat ‘n intergenerasionele kultuur het, beleef dat al hulle bedieninge besig is om meer en meer te transformeer wat beide intergenerasionele ervarings en perspektief betref.

Wat noodsaaklik is vir ’n gemeentekultuur om intergenerasioneel te wees, is gemeenskaplikheid en interpersoonlike interaksie oor generasiegrense heen. Hierdie interaksie moet dan ook ruimte bied vir verhoudingsbou, om lewens- en geloofstories te deel en om saam deel te neem aan geloofspraktyke. Vir Harkness (2012:122) is intergenerasionele aktiwiteite enige interaksie oor ouderdomsgroepe (generasies) heen, waarin daar ’n sin vir gemeenskaplikheid voorkom. Gemeenskaplikheid is vir hom wanneer deelnemers beide gee en ontvang van die lede van ’n ander ouderdomsgroep of generasie. Dit gaan alles dus oor samewerkende betrokkenheid met ander eerder as net bediening aan of van ander.

Hierdie gemeenskaplikheid skep nie vanself, volgens die mening van die navorser, die vrugbare grond vir geloofsvorming nie. Daar moet ‘n bepaalde kwaliteit aan hierdie gemeenskaplikheid wees. Dit is volgens Roehlkepartain (2016:105) eers wanneer die gemeenskaplikheid binne ‘n atmosfeer of klimaat van omgeeverhoudings plaasvind en waar persone beleef dat hulle aanvaar word en waarde het, dat ‘n stuk emosionele gemak binne ‘n gegewe ruimte beleef word. Dit is hierdie gemak wat die vrugbare grond vorm om Christelike liefde te kan opvang wat die hart in beweging bring vir geloofsvorming. Dit gaan in intergenerasionele geloofsvorming dus nie net oor die samevoeging van generasies nie, maar oor die intensionele skepping van ‘n atmosfeer of klimaat wanneer die generasies saam is. In hierdie verband skryf Amidei (2014:50):

> Climate signifies formal and informal feelings of leaders and members of a church community. Climate refers to the attitudes and feelings that characterize the environment or context of a group. It may denote a positive environment that is friendly, inviting, and supportive or it may denote a negative environment that is unwelcoming, exclusive or unsafe. [...] The term generally refers to the tenor of relationships, the feeling of safety, and the external environment. Climate is a more general term referring to the feel, tone or milieu of a community. It characterizes the collective personality and perceptions or overall atmosphere.

Wanneer daar intensioneel oor tyd heen so ‘n klimaat gevestig word, kan daar gepraat word van ‘n familiekarakter of familiekultuur.

Paul Ricoeur (Osmer 2005:259) verwys na hierdie kwaliteit wat oor tyd heen die klimaat of atmosfeer van ‘n groep (gemeente) vorm as ‘n identiteitsvormende etos wat gestalte gee en kry in die praktyke, narratiewe, verhoudings en voorbeelde van daardie groep. Die rol van hierdie klimaat binne ‘n gemeente (en in hierdie studie kan bygevoeg word 'huis') word dikwels, na die oordeel van die navorser, onderskat.

Die meeste gemeentes is multigenerasioneel (hulle bestaan uit verskillende generasies) in hulle samestelling, maar nie almal funksioneer bepland intergenerasioneel nie. Die gemeentes wat bepland intergenerasioneel funksioneer en saam werk aan die kwaliteit van hulle gemeenskaplikheid, behoort te beleef dat hulle intergenerasionele familiekarakter die atmosfeer en hulle onderlinge interaksie by alle byeenkomste definieer. Hulle sal ook beleef dat hul bedieninge en alle geloofsvorming of onderrig-geleenthede hierdie familiekarakter begin inneem. So ’n gemeente maak volgens Roberto (2014:20) dit prioriteit om intergenerasionele verhoudings te bevorder, om ruimtes en geleenthede te skep waar lewens- en geloofstories gedeel kan word. Hulle skep veral geleentheid waar alle generasies in die erediens saam aanbid; hulle ontwikkel diensprojekte wat alle generasies insluit; hulle betrek ook alle generasies by gesamentlike leergeleenthede. Vir so ’n gemeente is intergenerasionaliteit ’n manier van lewe. Dit vorm ’n integrale deel van hulle kultuur. Dit definieer wie hulle is.

Natuurlik kan elke gemeente bepland intergenerasioneel word. Seibel (2018:87-95) stel voor dat hierdie proses van verandering van ’n multigenerasionele gemeente na intergenerasionele gemeente nie benader moet word soos ’n Moses wat op pad is na die beloofde land Kanaän (bekende eindpunt) nie, maar eerder soos ’n Abraham wat geroep is na ’n onbekende bestemming. Sy rede is doodeenvoudig dat daar nie ’n spesifieke eindpunt is waarheen alle gemeentes op pad is nie en veral ook omdat enige gemeente wat hierdie pad aanpak voor twee groot uitdagings te staan kom, naamlik (i) om die strukture van die gemeente te beweeg vanaf ’n ouderdomsgerigte bediening, wat tans die dominante struktuur is, na ’n intensionele intergenerasionele struktuur; (ii) verandering bring 'n mens voor die vraag te staan hoe die gemeente deur die proses van verandering begelei (“shepherd”) moet word. Om dié rede stel hy ’n proses van “adaptive change” voor.

Wanneer ’n gemeente verbind is om ’n intergenerasionele kultuur op te bou, deur te fokus op noodsaaklike komponente wat die hart van die gemeentelike lewe vorm, help dit lidmate om stelselmatig die waarde van intergenerasionele bediening in te sien en ook in te sien waar en watter soort aanpassings noodsaaklik is. Roberto (2014:8) gebruik in die boeke van Lifelong Faith Associates, waarin hy mede outeur was sedert 2014, wat hy noem “Five essential components of congregational life,” om gemeentes te begelei om meer bepland intergenerasioneel te wees. Die vyf komponente is die volgende: “Caring, Celebrating, Learning, Praying, Serving.” Gemeentes mag dalk ander komponente kies as noodsaaklike komponente. Wat egter baie bruikbaar is, is die manier waarop Roberto sy vyf komponente as deel van ’n proses gebruik. Hierdie komponente is en word die hooffokus van alles in die gemeente. Elke bediening maak dus seker dat hierdie vyf fokusse aandag geniet op ’n intergenerasionele manier binne die spesifieke bediening.

Hier wil die navorser net weer na die tweede en derde hoofstukke van hierdie studie verwys (Hoofstuk 2 punt 2.2.4.3.5 & hoofstuk 3 punt 3.7.2.2) waar verwys is na die agt verskillende bedieningsmodi en die driedimensionele manier waarop in die bedieningsmodi opgetree behoort te word. Dit is na die oordeel van die navorser ’n meer teologies-verantwoorde manier om gemeentes te begelei tot groter intergenerasionaliteit. Die navorser sal dus die bedieningsmodi as ’n lens wil gebruik vir bediening in die gemeente en spesifiek vir jeugbediening, om daarmee te verseker dat almal blootgestel word aan die volle omvang van bedieninge. Die bedieningsmodi kan in die drie kategorieë van die driedimensionele diens ingedeel word om ‘n eenvoudige geloofsvormingsproses te beskryf wat uiteindelik nie net in die gemeente nie, maar ook in die huis gebruik kan word.

Uit bogenoemde kan dus duidelik gesien word dat alle aspekte van die gemeentelike lewe gebruik kan word om mense in die gemeente se Christelike- of geloofsidentiteit te koester, te onderhou en te laat groei. ’n Gemeentekultuur is egter volgens Martinson, Black en Roberto (2010:58-59) noodsaaklik vir die vestiging van volwasse geloof by die jeug en volwassenes. ’n Gemeentekultuur wat werk met die konstante bewustheid van die aktiewe teenwoordigheid van God wat in, met en deur almal in die gemeente werk, word sigbaar in die waardes, verhoudings en aktiwiteite van die hele gemeente. Dít maak gewoonlik ’n betekenisvolle verskil wanneer geloofsgroei en -

praktyke in die lewens van mense aangemoedig word. ’n Gemeente wie se basiese bedieninge volledig intergenerasioneel funksioneer, maak gewoonlik ook ’n beduidende verskil in die kweking van lewenslange geloof in mense se lewens.

Bogenoemde skrywers kom in hulle boek: ‘*The Spirit and Culture of Youth Ministry*’ tot die gevolgtrekking dat, aanvullend tot goeie onderrig oor God en ander jeugbedieningsaktiwiteite en verhoudings in die kerk, jongmense ’n lewende en aktiewe God binne verhoudings in hulle kerk leer ken het. Dit het bogenoemde skrywers by die gevolgtrekking gebring dat die krag van geloofwaardige, multigenerasionele verhoudings in die hart van effektiewe jeugbediening lê.

Elke gemeente kan dus bepland intergenerasioneel word deur ’n gemeentekultuur te skep deur die belangrike komponente vir gemeentelike lewe, wat op hulle beurt dissipelskap, geloofsgroei en geloofspraktyke vir alle ouderdomme en generasies lewenslank bevorder.

#### 5.5.2.3 Gemeentes - beïnvloeders van die vorm van tradisie

Alhoewel dit waar is dat ’n gemeente die draer en oordraer van hulle geloofstradisie is en hierdie geloofstradisie deur ’n gemeentekultuur bevorder word, mag die gemeente volgens Bass (1994:185) en Fowler (1995:9) nie net optree as bewaarder van en deelnemer aan die geloofstradisies nie, maar behoort die gemeente ook op te tree as beïnvloeder van die vorm van die tradisie soos dit uitdrukking vind binne ’n bepaalde tyd en plek. Om hierdie rede moet die proses van die oordrag van ’n geloofstradisie volgens Bass (2004:40-41, 47, 50) as ’n dinamiese proses verstaan word met verandering as inherente karaktereienskap en ten bate vir die hele proses. Sy vervolg: “The congregation belongs in the centre of a reflexive cultural task of ‘fluid traditioning’, which necessitates that its members see themselves not only as ‘receivers’ of tradition, but as makers of future tradition.” Seibel (2009:71) haal Rendle (2008:60) aan wat voorstel dat hierdie proses waar nuwe vorme en praktyke volledig ingebed word in die ou tradisies om die gemeentelike lewe nuut te vorm op so ‘n manier dat dit sensitief vir die oog, oor en harte van die nuwe generasie is aan wie toe die geloofstradisie oorgedra word. Hy noem dít ’n missionale taak, wat aan die een kant die onveranderde waarheid van die tradisie vashou, maar dit aan die ander kant dit vorm dat dit verstaan kan word in die huidige veranderende kultuur.

### 5.5.3 Intergenerasioneel vanuit 'n geloofsvormingsperspektief

In die vorige hoofstuk is geloofsvorming meer breedvoerig bespreek. Hier handel dit oor hoe intergenerasionele betrokkenheid binne 'n gemeente meewerk binne die raamwerk van 'n geloofsvormingsproses.

#### 5.5.3.1 Geloofsvorming as 'n keuse en 'n proses

Die oordrag van geloofstradisie handel volgens Leith (1990:36) oor individue. As draers van die geloofstradisie poog gemeentes om ruimtes te skep waarbinne individue se lewens getransformeer kan word deur hulle geloof in Christus. Hierdie geloof kan nie geërf word soos grond of huise nie. Ook kan biologiese prosesse nie geloof oordra nie. Kulture mag moontlik mense se lewens vorm en die taal en praktyke van hulle geloof beïnvloed. Geloof vra egter 'n besluit en die Christelike geloof word geaktiveer deur die Woord van God te hoor.

Fowler (1995:9) maak 'n baie betekenisvolle opmerking wanneer hy sê dat waar geloofstradisies uitgeleef word, dit 'n kragtige manier is waarop individue en groepe opgeroep word om in geloof te reageer:

> Like a dynamic gallery of art, a living cumulative tradition in its many forms addresses contemporary people and becomes what Smith calls 'the mundane cause' that awakens present faith. Faith, at once deeper and more personal than religion, is the person's or group's way of responding to transcendent value and power as perceived and grasped through the forms of the cumulative tradition.

Wie erken dat hierdie potensiaal kragtig werk binne 'n tradisie, sal erken dat Leith se basiese punt belangrik is: "the transmission of a living Christian tradition cannot occur apart from the necessity of individuals embracing, rather than rejecting, the expression of the Christian faith that it seeks to mediate." Die oordrag van die geloofstradisie vra daarom 'n aktiewe deelname aan die bewaringsproses en nie maar net 'n sinlose herhaling daarvan nie. Seibel (2009:73) haal Beaudoin in die verband aan wat sê dat tradisie ons intiem en persoonlik behoort te betrek. Die implikasie hiervan is dat gemeentes besig moet wees met die daarstel van effektiewe strukture en prosesse waardeur geloofsvorming van individue bevorder kan word op so 'n wyse dat individue intiem en persoonlik betrek kan word by aktiewe deelname en omarming van die geloofstradisie.

In hierdie verband is daar reeds gesien (hoofstuk 4 punt 4.3.3.4 & 4.3.3.6), en sal daar weer gesien word (hoofstuk 5 punt 5.6.1.4), dat Fowler (1995:122-211) ’n baie belangrike verwysingspunt verskaf om daarmee te help om die kerk se rol om geloofsvorming van elke individu te bevorder, skerper te omlyn. Fowler het aangedui dat geloofsvorming van individue voorkom op ’n reis wat bestaan uit ses verskillende fases wat progressiewe eienaarskap en integrasie van ’n person se geloofstradisie behels. Alhoewel Fowler se teorie hom baie kritiek op die hals gehaal het, het dit volgens Seibel (2009:73) die aandag gevestig op die prosesmatige manier waarop geloof ontwikkel word. Binne hierdie prosesmatigheid word persoonlike eienaarskap beklemtoon, geloofsvolwassenheid nie as ’n noodwendigheid - wat met ouderdom gepaard gaan - geag nie en word die vormingsjare baie belangrik geag. Om hierdie rede moet gemeentes intensioneel aandag gee aan geloofsvorming en die gemeente se rol daarin.

Volgens Lytch (2004:10-11; cf. ook Seibel 2009:73) neem individue, ondanks die beste pogings deur gemeentes in hulle geloofsvormingstaak, een van drie posisies in ten opsigte van hulle geloofstradisies:

1. Die wat hulle geloofstradisie volledig aanneem, waarvan sommige dit eers gedoen het nadat hulle diep geworstel het daarmee en dit selfs vir ’n tyd lank verwerp het;
2. Die wat hulle geloofstradisie verwerp het of wie nie goed genoeg in die geloofstradisie in gesosialiseer is om ’n basis te kon hê wat hulle kon aanvaar of verwerp nie;
3. Die wat deelneem aan hulle geloofstradisie, maar vir wie dit geensins ’n belangrike deel van hulle lewens verteenwoordig nie.

Lytch vra die vraag wat dit alles van ‘n gemeente sal vra indien ’n gemeente ’n doelwit aanvaar dat die individue van elke generasie bemagtig en toegerus sal word om te groei na volwassenheid in die geloof as navolgers van Christus eerder as om in nominalisme te verval. Nadat sy (Lytch 2004:58-59, 211) verskeie teoretiese modelle van geloofsoordrag ondersoek het, kom sy tot die gevolgtrekking dat ten minste twee faktore konstant prominent was om die lojaliteit van jongmense tot ’n bepaalde tradisie te verstewig: konstante godsdienstige sosialisering en betekenisvolle godsdienstige ervarings.

#### 5.5.3.2 Geloofsvorming wat deur geloofsosialisering bevorder word

Geloofsosialisering beskryf Westerhoff (1974:41) as ’n proses wat bestaan uit lewenslange formele en informele meganismes, waardeur persone hul geloof (wêreldbeeld, waardes) en lewenstyl onderhou en oordra. Lytch (2004:58) het waargeneem dat een van die kritiese fasette van geloofsosialisering in die lewe van jongmense die konstante geloofsosialisering in die kerk en by die huis is.

Wanneer ouers hulle kinders volgens Lytch (2004:200) aan die kerk verbind van ’n vroeë ouderdom af en hulle die stories, simbole en praktyke van hulle geloof aanleer, vorm dit die grondslag vir blywende eienskappe, geloofservarings, gedagte- en gedragspatrone.

In vennootskap met die familie funksioneer die gemeente volgens Nel (2001b:21) as die uitgebreide familie wat ’n ondersteuningsisteem voorsien in die proses van geloofsvorming. In haar poging om geloofsverbintenisse te bevorder, handhaaf die gemeente wat tradisie wil oordra volgens Westerhoff (1974:41) hierdie oeroue gewoonte van geloofsosialisering. Lytch beskryf dit in die kontemporêre konteks soos volg:

> The larger process that builds knowledge of the symbols, rituals, narratives, and texts, and it includes the habits – such as church attendance, praying, and Bible reading – that comprise the Christian life. Socialization occurs through the example and mentoring of others, instruction in the sacred texts, and in worship using the music, art, and drama of the Christian tradition. Socialization is social – it happens as a person lives in the religious community ... [and] occurs in the regular, ongoing life of the church .... It provides the context for interpreting and acting on their own religious experience, as well as for conducting and participating in religious ritual.

Volgens Lytch (2004:59) sal jongmense wat die meeste konstante blootstelling gehad het aan die omgewing van die kerk heel waarskynlik in daardie spesifieke tradisie bly voortleef. Dit is verder ook waar dat lae vlakke van deelname aan geloofsaktiwiteite wat gepaard gegaan het met anti-godsdienstige invloede, lae deelname wanneer so ’n persoon ’n volwassene is, voorspel.

Kontemporere denke oor geloofsvorming fokus volgens Roberto (2014:22-23) konsekwent, op grond van navorsing en vanuit die perspektief van ’n gemeentekultuur daarop om ’n breër paradigma vir gemeentelike lewe en geloofsvorming in die

vooruitsig te stel. In hierdie verband haal hy Joyce Mercer aan uit ’n artikel in Patheos.com onder die titel: *Cultivating a Community Practice,* wat bevraagteken wat die beste kurrikulum is om kinders en jongmense in die Christelike geloof te vorm. In haar antwoord fokus sy op die *formatiewe krag van die huis en die hele gemeente (kursifering deur navorser)*:

> We invite people into the way of life that embodies God’s love, justice, compassion, and reconciliation, by being, doing, and thinking about it together. The best curriculum for forming children, youth, and anyone else in Christian faith **is *guided participation*** in a community of practice where people are vibrantly, passionately risking themselves together in lives of faith in a world crying out for the love of Christ.

Sy vervolg deur daarop te wys dat begeleide deelname in ’n aktiewe geloofsgemeenskap die klem plaas op beide ‘deelname’ en ‘geloofspraktyke’. Wanneer kinders wat speel dopgehou word, word daar gesien dat hulle volwassenes wat rondom hulle lewe, naboots. Daarin sien 'n mens hoe selfs die jongstes onder ons honger is vir deelname aan die lewe wat hulle voor hulle sien afspeel. Dit is volgens haar ’n goeie instink om te volg, omdat mense – kinders of ander – nie Christene word deur te leer oor wat Christene doen, sê of dink nie (alhoewel daar ’n punt en tyd mag kom, spesifiek tydens adolessensie en daarna, waar dít ’n belangrike deel van die dieper ontwikkeling van geloofsidentiteit uitmaak). Mense word Christene deur die identiteit aan te neem van iemand wat reeds ’n dissipel van Jesus is, deur op te tree op die manier waarop Christene optree en deur te praat op die manier hoe Christene praat. Deelname aan geloofspraktyke en -gewoontes oor tyd heen, vorm selfs ons harte en gedagtes om op hierdie manier te lewe.

In hierdie verband skryf Smith (2016:17-19) baie insiggewend oor hoe waardes gevorm word in ’n mens se lewe:

> I can’t just think my way into virtue. This is another difference between laws or rules, on the one hand, and virtues, on the other. Laws, rules, and commands specify and articulate the good; they inform me about what I ought to do. But virtue is different: virtue isn’t acquired intellectually but affectively. Education in virtue is not like learning the Ten Commandments or memorizing Colossians 3:12-14. Education in virtue is a kind of formation, a retraining of our dispositions. [...] Learning here isn’t just information acquisition; it’s more like inscribing something into the very fiber of your being.
>
> Thus, philosophers and theologians from Aristotle to Aquinas have emphasized two

> aspects of virtue acquisition. First, we learn the virtues through imitation. [...] Like a young boy who learns to shave by mimicking what he sees his father doing, so we learn to “put on” the virtues by imitating those who model the Christlike life. [...] Second, acquiring virtue takes practice. Such moral, kingdom reflecting dispositions are inscribed into your character through rhythms and routines and rituals, enacted over and over again, that implant in you a disposition to an end (telos) that becomes a character trait - a sort of learned, second-nature default orientation that you tend toward “without thinking about it.”

In Smith se denke oor die vorming van waardes word intergenerasionele verhoudings veronderstel en is dit juis die ruimte waarbinne gewoontes gevorm word. Dit is om hierdie rede dat hy (Smith 2016:19) in soveel woorde sê dat gewoontes gevorm en gekonfigureer word deur nabootsing en inoefening. Dit het dan volgens hom belangrike implikasies vir hoe Christelike vorming en dissipelskap benader word.

Charles Forster skryf in 2012 in sy boek: ‘From Generation to Generation,” hoe die onderrig van ’n gemeente mag lyk wanneer dit die jeug se geloof wil vorm en transformeer. Hy gee sewe riglyne wat sterk resoneer met ’n intergenerasionele kultuur van geloofsvorming:

1. Dit sal onderrig wees wat die geloof van kinders en jongmense vorm, gemeentes oplei en toerus om die liggaam van Christus te wees in die wêreld;
2. Om die jeug in te sluit in die opleiding en toerusting van die kerk as liggaam van Christus vir bediening in die wêreld. So ’n insluiting dompel die kerk totaal en al in ’n goedgefundeerde kerklike onderrigpraktyk waar geloof gevorm en getransformeer word;
3. ’n Geloofsvormings-onderrigsisteem vereis die interafhanklikheid van alle generasies;
4. Die verantwoordelikheid om die jeug te mentor in die volle omvang van alle bedieninge hoort by die hele gemeente;
5. Soos wat gemeentes deelneem in die praktyke van mentorskap om die gemeente op te lei en toe te rus om as liggaam van Christus deel te neem in God se bediening in hierdie wêreld, word die gawes en talente van die jeug (en die hele gemeente) verder ontwikkel;
6. ’n Geloofsvormende onderrigsisteem moet kontekstueel relevant wees vir alle mense vandag;

7. ’n Geloofsvormende onderrigsisteem wat relevant wil wees ten opsigte van die uitdagings van die daaglikse lewe, betrek die hele gemeente in die voorbereiding van hulle kinders, jongmense en volwassenes om deel te neem aan al die gebeure wat sentraal staan in die gemeente se Christelike identiteit.

Uit Forster se gedagtes is dit duidelik dat geloofsvorming hoegenaamd nie meer uitsluitlik ’n skoolse karakter mag aanneem nie en dat deelname saam met die hele gemeente en volwasse gelowiges ’n baie belangrike komponent van geloofsvorming by die kerk behoort te speel.

#### 5.5.3.3 Geloofsvorming wat deur geloofservarings bevorder word

In aanvulling tot sosialisering is geloofservarings volgens Lytch (2004:59) ’n kritiese faktor as dit kom by die vestiging van geloofsverbondenheid en volwasse geloof. Root (2014b:87) verwys na hierdie geloofservarings wanneer hy in sy Christopraxis (Hoofstuk 1 punt 1.4.5) verwys na die “concrete and lived experiences of divine action.” Wright & Dean (2004:157; cf. ook Seibel 2009:75) wys daarop dat so ’n ervaring ’n verbinding met die transendente realiteit bewerk. Seibel (2009:75) haal James (2009:153-154) in die verband aan as hy ’n onderskeid tref tussen eerstehandse (first-hand) en tweedehandse (second-hand) geloof. Die tweedehandse geloof is daardie geloof wat oorgedra is deur jou voorouers of deur enige vorm van institusionele oordrag. Eerstehandse geloof daarteenoor is direk, onmiddellik en is deel van die persoon se persoonlike eerstehandse ervaring. Die adolessente jare is volgens Elkind (1984:42-43; cf. ook Seibel 2009:75) spesifiek ’n belangrike periode vir individue om te onderskei tussen aan die een kant institusionele of tweedehandse geloof, wat gedurende die kinderjare gewoonlik sonder bevraagtekening aanvaar word en aan die ander kant persoonlike of eerstehandse geloof.

Volgens Lytch (2004:62) is dit ’n normatiewe verwagting van die Christelike tradisie om ’n persoonlike ontmoeting met God te hê. Dit transformeer die *verworwe geloof* waarin ’n persoon gesosialiseer is na ’n *ervaarde geloof* wat persoonlik deur die individu beleef is.

Volgens Wright & Dean (2004:178) is die doel van die vormingsproses dat die persoon iets sal ervaar daarvan om in die kragveld van die Heilige Gees te wees. Dit gaan hier

nie in die eerste plek oor ’n eksklusiewe persoonlike ervaring nie. Tog is geloofsgemeenskappe bedoel om ruimtes te wees waar sulke geestelike ervarings gereeld plaasvind.

Lytch (2004:62) maak nog ’n belangrike opmerking oor die wisselwerking tussen sosialisering binne ’n geloofsgemeenskap en geloofservarings: “Socialization in the religious tradition conditions persons to have religious experiences because they have readily available the symbols and models to use for interpreting experiences as religious.” Sy voeg by dat persone wat geloofservarings beleef het, sal soek na geleenthede om meer betrokke te wees in hulle geloofsgemeenskap.

Hierdie verband tussen betrokkenheid, die ervaring van behoort en geloofservarings beklemtoon die noodsaaklikheid dat die gemeente intergenerasioneel ingestel behoort te wees. Allen (2005:320-321, 328) benadruk die belang dat kinders, tieners en volwassenes van alle ouderdomsgroepe saam deelneem aan intergenerasionele ervarings. Hierdie soort interaksie is veral belangrik vir die nuutste lede (kinders en nuwe persone) van enige geloofsgemeenskap. In die verband skryf Allen:

> ... in an intergenerational setting, children and new believers participate with and learn from ‘more experienced members of the culture’ and, as a result of ‘doing Christian things’ with those of more advanced maturity, come to identify more fully with the Christian community. Thus, intergenerational experience promotes optimal spiritual growth and development.

Dit is daarom volgens die navorser noodsaaklik dat gemeentes ook hulle bedieninge op so ’n manier sal begelei dat hulle gesamentlike geleenthede skep waar alle generasies en gesinne kan deelneem aan intergenerasionele bedieningsgeleenthede en waar gesinne aangemoedig word om tuis hierdie bediening bepland voort te sit as deel van hulle daaglikse lewe. Verder sal ouers en bedieninge begelei moet word om gereeld te reflekteer oor wat in die bediening gebeur het en ervaar is, aangesien dit nie net persone sal help om God se betrokkenheid raak te sien nie, maar ook almal se vorming sal bevorder en taal sal gee vir die ervaring wat beleef is.

#### 5.5.3.4 Geloofsvorming waar generasies die geloofstradisie vorm

Leith (1994:35; cf. ook Seibel 2009:77) wys daarop dat die proses van tradisie-oordrag in wese generasioneel van aard is. Hy verduidelik sy stelling soos volg:

> In the decision of faith, we decide for a generational history, a faith community with a common ethos, a history that continues to enrich our faith and the community of faith. The generations of faith play a significant role in biblical history and they, as well as succeeding generations, shape our lives today.

Met hierdie opmerkings wil hy mense herinner dat die geloofstradisie niks anders is as die getoetsde wysheid van generasies voor hulle is nie. Tog wys hy ook op die realiteit dat die geloofstradisie nie oorgedra kan word na die volgende generasie as hulle nie gereed is om dit verder vorentoe te dra nie. Daarom moet die geloofsgemeenskap gereeld herinner word aan hulle voortgesette verantwoordelikheid om die tradisie oor te dra aan elke volgende generasie.

In hierdie verband haal Nel (2002b:55) vir Dijk aan waar hy daarop wys dat die kerk ’n direkte taak het ten opsigte van die jeug, sodat die jongmense nie uit die lyn van generasies uitval nie, maar die evangelie uitleef. Dit vra ten minste twee goed van die gemeente: (i) dat die gemeente die uitdaging sal aanvaar om haar getuienis op so manier te doen dat dit effektief met die individue binne die opkomende generasies, met hulle spesifieke kulturele besonderhede sal kommunikeer en met hulle verhoudings sal bou; (ii) dat die opkomende generasies die geleentheid gegun sal word om hulle eie merk te maak ten opsigte van die vorm van die geloofstradisie wat hulle moet vorentoe vat.

Die implikasie hiervan is enorm. Dit beteken dat indien die tradisie volhoubaar kragtig oor tyd heen oorgedra moet word, die relevantheid van die kerk se missie en boodskap volgens Kraft (2005:224; cf. ook Seibel 2009:78) herontdek en toepaslik gemaak moet word in ’n kulturele formaat wat die lede van elke nuwe generasie sal aanspreek. Dit beteken dat die wisselwerking tussen sosialisering en ervaring wat in die vorige paragrawe beskryf is, moet verbind met die kulturele realiteite van die opkomende generasies. Seibel (2009:78) haal Merrit in die verband aan wat hierdie saak mooi opsom: “As new generations gather in a church, vital congregations learn to adapt their customs while keeping their traditions.”

### 5.5.4 Intergenerasioneel vanuit ’n navorsingsperspektief

Empiriese navorsing oor hierdie onderwerp in Suid-Afrika is baie skaars en die bewustheid en beskikbaarheid daarvan is beperk, veral as dit kom by

intergenerasionele geloofsvorming. Die navorser glo dat hierdie studie ander persone sal inspireer om nog baie navorsing oor hierdie onderwerp in Suid-Afrika te doen, aangesien die hele ‘Ubuntu’-begrip (Ngu”i [Zulu] term meaning "humanity.” It is often translated as “I am because we are,” or “humanity towards others,” but is often used in a more philosophical sense to mean “the belief in a universal bond of sharing that connects all humanity” [Eze, 2010:190-191; cf. in Wikipedia]) en die spreuk “It takes a village to raise a child” (It takes a village to raise a child is an African proverb that means that an entire community of people must interact with children for those children to experience and grow in a safe and healthy environment [Clinton, 1996:3: cf. in Wikipedia]) uit die bodem van Afrika kom en juis hierdie beginsels vinnig besig is om deur die nuwe generasies vergeet te word. Om hierdie rede word hoofsaaklik gebruik gemaak van internasionale navorsingsresultate in hierdie studie. Die navorser vertrou dat hierdie navorsing die begin sal wees van nog vele navorsing in hierdie verband in Suid-Afrika.

’n Verskeidenheid van navorsing oor die afgelope dekade bevestig volgens Roberto (2014:8) die belangrikheid van intergenerasionele verhoudings en ervarings vir die gesonde ontwikkeling van kinders en jongmense en spesifiek vir geloofsvorming en geloofsoordrag oor generasies heen.

#### 5.5.4.1 Wuthnow 1999

Daar is reeds in hierdie studie in hoofstuk 4 (4.4.1 & 4.4.2) verwys na Wuthnow se navorsing: ‘Growing Up Religious’ waarin hy die geloofsreise van mense wat godsdienstig grootgeword het ondersoek het. Hy het spesifiek die rol wat die gesin waarin iemand grootgeword het, bestudeer en die feit bevestig dat geloof-sosialisering deur middel van die gereelde beoefening van geloofsgewoontes geskied. Sy navorsing lê baie klem op die voorbeeldkarakter van ouers en die gesamentlike beoefening van geloofsgewoontes.

Wuthnow (1999:8) het bevind dat die geloofsgewoontes in die diepste wese van mense ingeweef was. Vir die meeste mense was gelowig-wees ’n manier van lewe:

> The daily round of family activities must somehow be brought into the presence of God. Parents praying, families eating together, conversations focusing on what is proper and improper, and sacred artifacts are all important ways in which family

> space is sacralized. They come together, forming an almost imperceptible mirage of experience.

Ouers en kinders kom uit verskillende generasies en daarom kan hierdie korrelasie tussen ouers en kinders se gedrag baie beslis verbind word aan alles wat gesê word oor die invloed van die verskillende generasies ten opsigte van geloofsvorming in hierdie studie.

#### 5.5.4.2 Search Institute in 2000

Search instituut het in hul 2000 studie: 'Grading Grown-Ups: American Adults Report on Their real Relationships with kids' bevind dat daar duidelike bewyse gevind is dat jongmense bevoordeel word deur veelvuldige, volgehoue verhoudings buite hulle onmiddelike familie. Die navorsing het byvoorbeeld gevind (Sales, Benson & Roehlkepartain 2001:5) dat hoe meer volwassenes jongmense het op wie hulle kan steun, hoe beter plaas dit suke jongmense in die lewe. Slegs 22% van jongmense wat deelgeneem het aan hierdie studie het aangedui dat hulle sterk verhoudings het met vyf of meer volwassenes, wat nie hulle ouers is nie. Hulle het verder bevind dat om gesond groot te word, jongmense nodig het om omring en begelei te word in konstante netwerke van verhoudings met volwassenes wat nie hulle ouers is nie. Hierdie volwassenes het die volgende eienskappe: hulle kies om die jongmense se name te ken; hulle doen moeite om hulle beter te leer ken; hulle ondersteun hulle; hulle gee aan hulle erkenning; hulle begelei hulle en sluit hulle in hulle lewens in. Dié studie het verder uitgewys dat jongmense en volwassenes gedeelde prioriteite vir inter-generasionele verhoudings het, maar daar is ook uitgewys dat hierdie soort verhoudingsbou-aksies nie genoeg gebeur het nie. Dit lyk volgens hierdie navorsing of daar 'n verskil is in wat volwassenes glo en wat hulle doen wat betref verhoudingsbou met jongmense. Slegs drie van agtien aksies wat getoets is, kom gereeld voor: om skoolsukses aan te moedig; om respek vir kultuurverskille vir jongmense te leer en om hulle oor gedeelde waardes te leer. 'n Paar baie belangrike aksies wat volwassenes kan doen in hulle verhoudings met jongmense word eenvoudig nie gedoen nie, soos die volgende: om jongmense tradisies te leer; om betekenisvolle gesprekke te voer; om saam betrokke te wees by uitreik en uitdeling van middele om behoeftiges te help; om 'n oop en diensbare hart te modelleer; om die lewe 'n meer billike en gelyke plek te maak; deur geloofsoortuigings te deel en deur

persoonlike waardes met mekaar te bespreek. Wat duidelik uit hierdie studie blyk, is dat dit daagliks van mense verwag behoort te word om betekenisvolle verhoudings oor generasiegrense heen te bou. Alle volwassenes moet sien dat dit deel van hulle verantwoordelikheid is om betrokke te wees by kinders in hulle omgewing (gemeente) en gemeenskap. Kinders en jongmense behoort te steun op volwassenes se ondersteuning, begeleiding en modellering (Sales, Benson & Roehlkepartain 2001:xi).

Die navorser is van oordeel dat hierdie tendens ook sterk in Suid-Afrika voorkom en dat generasies tans verder van mekaar af wegbeweeg. Die waarde van hierdie navorsing vir hierdie studie is dus baie duidelik sigbaar.

#### 5.5.4.3 Search Institute 2003

Hierdie beperkte studie (wat 15 gemeentes insluit), genaamd: ‘Building Assets, Strengthening Faith: An Intergenerational Survey for Congregations’, gee ’n kykie in die stand van Intergenerasionele programme in gemeentes in die VSA. Die volwasse- en jeugrespondente het hulle gemeentes se intergenerasionele betrokkenheid beoordeel en ses areas uitgewys waarin hulle gemeentes baie goed of uitsonderlik goed vaar. Hieronder word die persentasies gegee van die areas wat gehandel het oor intergenerasionele verhoudingsbou en - leergeleenthede:

- 52% het aanbiddings of gebeds-eredienste wat geestelik opbouend is vir mense van alle generasies;
- 42% verskaf diensgeleenthede waaraan kinders, jongmense en volwassenes saam kan deelneem;
- 40% help mense van alle ouderdomme om te beleef dat hulle gawes en talente waardeer en gebruik word;
- 29% het kinders en jongmense in leierskapsposisies vir die hele gemeente;
- 29% verskaf geleenthede vir kinders, jongmense en volwassenes om mekaar beter te leer ken;
- 29% verskaf geleenthede vir kinders, jongmense en volwassenes om saam te leer en studie te doen.

Roehlkepartain (2003:11) rapporteer in sy verslag oor hierdie studie dat dit die behoefte aan intergenerasionele verhoudings en leergeleenthede beklemtoon:

> Nurturing faith and building assets involves more than what the congregation does specifically for children, youth, and families. Faith and Assets are strengthened through intergenerational relationships, programs, and activities, including the ones examined in this section of the survey. Together, these items help congregations understand the ways they are, truly, an intergenerational community. The invitation for congregations is to discover a balance between age-specific opportunities and intergenerational opportunities in a time when generations are, too often, isolated from each other.

Die navorsing wat in hierdie studie gedoen is, sluit baie nou aan by hierdie navorsing. Dit kan daarom met mekaar vergelyk word.

#### 5.5.4.4 Powell en kollegas 2011

In Powel, Griffin & Crawford (2011:75-100) se studie onder studente, wat gepubliseer is in die boek 'Sticky Faith', was een kritiese faktor wat beoordeel is die belang van gemeentes wat intergenerasionele verhoudings geoptimaliseer het. Hulle het die volgende insiggewende bevindings gemaak:

- Hulle eerste ontdekking was dat deelname aan eredienste waar alle generasies teenwoordig is (intergenerasionele eredienste) gedurende die hoërskooljare, meer deurlopend verbind word aan volwasse geloof in beide hoërskool- en kollege jare as enige ander vorm van kerklike betrokkenheid. Hulle sogenaamde 'sticky' bevinding: "high school and college students who experience more inter-generational worship tend to have higher faith maturity."
- Die tweede bevinding was dat hoe meer tieners saam met jonger tieners of kinders diens lewer en verhoudings bou, hoe groter is die kans dat hulle geloof sal "stick." "The students we surveyed who had served in middle school of children's ministry while they were in high school seemed to have stickier faith in college."
- In hul derde bevinding is ontdek dat wanneer volwassenes in die gemeente belangstelling toon in jongmense en verhoudings met hulle bou, voel jongmense welkom en gewaardeerd. "By far the number one way churches made teens in our survey felt welcome and valued was when adults in the congregation showed an interest in them. And the influence of adult-youth relationships continues into the college years." Nog 'n interessante feit van hierdie bevinding is dat kontak van ten minste een volwassene uit die gemeente waarin 'n jongmens grootgeword het tydens hulle eerte kollege jaar, of dit nou d.m.v. 'n e-pos, telefoonoproep, of enige

ander manier is, help studente om iets daarvan te ervaar dat hulle hul geloof saam met hulle na die kollege toe gevat het. Hierdie volgehoue kontak maak steeds 'n verskil drie jaar later;

- Die vierde bevinding is dat gemeentes wat die ratio van volwassenes wat met kinders in verhoudings staan verhoog, verhoog daarmee saam die moontlikheid dat jongmense, wanneer hulle na enige naskoolse opleidingsplek toe gaan, steeds betrokke sal wees by die kerk. Chap Clark van Fuller Seminarium stel in die verband 'n ratio van 5:1 voor. Searh Institute ondersteun hierdie voorstel in hulle Grading Grown-Ups – American Adults Report on Their real relationships with kids, waarna in vorige paragraaf verwys is. In 2007 het die LifeWay Research (internetbron: https://lifewayresearch.com/2007/08/07/reasons-18-to-22-year-olds -drop -out-of-church/), wat gesoek het na die rede hoekom 18 – 22 jariges die kerk verlaat, die volgende bevind: "The study found that a church in which teenagers had at least one adult from church make a significant time investment in their lives were more likely to keep attending church. More of those who stayed in church – by a margin of 46 – 28 percent – said five or more adults at church had invested time with them personally and spiritually."

### 5.5.4.5 Smith en Snell – 2005 - 2008

Daar is ook reeds verwys na die 'National Study on Youth and Religion'-navorsing wat deur Smith en Patricia Snell onderneem is van 2005 tot 2008 en waarvan die resultate gepubliseer is in 'Souls in Transition: Religious & Spiritual Lives of Emerging Adults' in 2009. Hierdie studie het hulle in staat gestel om sewe faktore te identifiseer wat help bepaal watter gewoontes en praktyke godsdienstige toewyding kweek by jong-volwassenes. Smith en Snell (2009:220-221) verwoord dit soos volg:

> A teenager who among his or her peers scored in the top one-quarter of a scale measuring these four factors – (i) Parental religion, (ii) prayer, (iii) importance of faith, and iv) scripture reading - stands an 85% chance of landing in the highest category of religion as an emerging adult; but one who scores in the lowest one-quarter on that scale stands only a miniscule chance (0.4%) of landing at the high end of religion when he or she is eighteen to twenty-three years old. In short, the combination of a teenager's parent religion, importance of faith, prayer, and scripture reading make an enormous substantive difference in religious outcomes during emerging adulthood.

Alhoewel hierdie inligting baie tegnies van aard is, bevestig dit weereens wat in baie studies uitgewys en in hierdie studie na verwys is in hoofstuk 3 en hoofstuk 4. Wat in die huis gebeur ten opsigte van geloofsvorming is uiters belangrik, maar hierdie studie het nog ’n komponent van intergenerasionaliteit uitgewys. Hierdie inligting bevestig ook dat ander volwasse gelowiges in ’n gemeente net so 'n belangrike rol in die jeug se lewe kan speel.

> A teenager who scores in the top quarter of a scale measuring three more factors – (v) having supportive nonparent adults in one’s religious congregation, vi) having religious experiences, and (vii) not doubting religious faith – stands 75 times the chance of landing in the highest category of religion compared to one who scores in the bottom quarter. These three variables taken alone thus also make a big difference in the probability that a teenager end up being highly religious as he or she grows into emerging adulthood. In brief, with these seven factors alone, we have identified some powerful teenage factors associated with and, we think, causing differences in emerging adult religious commitment and practice.

Hulle het verder ontdek dat meer as 70% van die jeug voor hulle hoërskooljare ’n spesiale toewydingsmoment beleef het waarin hulle hul lewe aan God verbind het. Baie rigtinggewende goed ten opsigte van die geloofsreis geskied dus in die vroeë ontwikkelingsjare van ’n kind, wat die essensiële rol van ouers en ander gelowiges verder beklemtoon.

Smith en Snell (2009:232) se bydrae van hulle navorsing tot hierdie denke oor intergenerasionaliteit kan afgesluit word met die volgende aanhaling:

> Emerging adults who grew up with seriously religious parents are through socialization more likely (i) to have internalized their parents’ religious world view, (ii) to possess the practical religious know-how needed to live more highly religious lives, and (iii) to embody the identity orientation and behavioral tendencies toward continuing to practice what they have been taught religiously. At the heart of this social causal mechanism stands the elementary process of teaching – both formal and informal, verbal and nonverbal, oral and behavioral, intentional and unconscious, through both instruction and role modeling. We believe that one of the main ways by which empirically observed strong parental religion produced strong emerging adult religion in offspring is through the teaching involved in socialization.

Hierdie statistiek help jeugbedienings in hulle beplanning om nie net die belang van intergenerasionaliteit in beide die huis en die kerk te besef nie, maar ook hoe bediening aan die jeug hierdie inligting behoort te verdiskonteer en integreer en verder wat die inhoud behoort te wees van toerusting aan leiers in die jeugbediening en die

huis. Hierdie inligting dra verder daartoe by dat jeugbedienings aktief beplan om ruimtes te skep waar kinders, jongmense en volwassenes hierdie sosialisering op ’n natuurlike manier kan ervaar.

#### 5.5.4.6 Bengston en kollegas 1970-2005

In hierdie studie in hoofstuk 4 (3.4.1 & 4) is verskeie kere na Bengston en sy kollegas van Los Angeles se longitudinale navorsing tussen 1970 en 2005 verwys, waar 350 families wat meer as 3 500 individue insluit en wie se ouderdomme meer as ’n 100 jaar oorspan, as navorsingsgroep gebruik is. Hy (Bengston 2013:138) som die belang van sy studie soos volg op:

> In reviewing the thirty-five years of data we had collected from over 3 500 family members we were struck how often we saw persistent patterns of religion (and sometimes non-religion) across generations. Something about religion seems to ‘stick around’ families over generations, more so than other characteristics such as political and social attitudes, values reflecting humanism and materialism, and psychological attributes such as self-esteem and depression.

Hulle het hulle bevindings gepubliseer in hulle boek: Families and Faith: How Religion Is Passed Down across Generations in 2013. Hierdie bevindings komplementeer, brei uit en verdiep bestaande navorsingresultate oor die belang van intergenerasionaliteit in geloofsoordrag. Bengston en sy kollegas stel ‘n teorie of model voor wat hulle “Intergenerational religious momentum” noem. In hierdie model integreer hulle hul navorsingsbevindings deur die faktore te identifiseer wat intergenerasionele geloofsmomentum aanmoedig of belemmer. Figuur 5.1, op ‘n volgende bladsy, poog om Bengston en sy kollegas se bevindings uit te beeld, maar ook hoe die verskillende geloofsinvloede wat die jeug ervaar bydra tot hulle geloofsidentiteit, geloofsgewoontes en -oortuigings. Daar is reeds na die meeste van hierdie bevindings verwys, maar dit word hier genoem en skematies voorgestel om ’n geheelprentjie te kry van hierdie navorsing.

Bengston (2013:193-195) beskryf dit self op die volgende manier. Die uitkoms van die bevindings is die jongvolwassenes se geloofsgewoontes en -oortuigings.

1. Die kontekstuele faktore omsluit die hele proses en sluit die jongvolwassenes en hul families in. Dit sluit die volgende in: invloede van die kontemporêre kultuur, historiese gebeure, geloofsverskille van die verskillende generasies en die

geloofsinvloed van die postuurgroep. Hierdie kontekstuele faktore is deel van die intergenerasionele geloofsmomentum, wat die moontlikheid beïnvloed of kinders in hul ouers se voetspore gaan volg of nie.


2. Die volgende faktor wys die invloede van godsdienstige instellings soos die plaaslike gemeente uit. Dit sluit in: programme en aanbiddings-aktiwiteite (eredienste) van kerke, sinagoges en tempels en insette van die geestelike leiers soos die predikant, priester, rabbi, jeugpredikant en kategeet. Godsdienstige invloede by skole en die invloede van vriende kan ook versterkend of verswakkend op intergenerasionele geloofsmomentum inwerk.
3. In die middel van hierdie teorie is die gesin of familie invloede, wat begin met die geloofstradisies van kinders waarin hulle gebore is – die geloofstradisie van hulle ouers, die ouers se kerklike betrokkenheid en of die ouers uit dieselfde geloofstradisie kom voor hulle huwelik. Om gebore te word binne ’n huis waar geloof belangrik is, word baie relevant wanneer die kind geloofskeuses moet maak as jongvolwassene asook hoe die ouers betrokke sal raak by hierdie keuses. In sommige families is dit die grootouers wat intergenerasionele momentum handhaaf en onderhou.

Ouers se gedrag is in hierdie teorie die heel belangrikste invloed op geloofsvorming. (i) Die eerste kategorie in hierdie verband is hulle voorbeeld of modelering. Dit gaan hier oor wat ouers doen om ’n voorbeeld te stel vir geloofsgewoontes en oortuigings soos byvoorbeeld gereelde erediensbywoning, deelname aan kerklike aktiwiteite en aanmoediging van geloofsvorming by die huis deur gebed, Bybellees en om Bybelstories te vertel. Die belangrikste in hierdie verband is die konstantheid tussen wat hulle sê en doen: “walking the walk and not just talking the talk.” (ii) Die tweede kategorie handel oor die kwaliteit van die ouer-kind verhouding wat hulle intergenerasionele solidariteit noem. Die data wys daarop dat die affektiewe of emosionele dimensie van die ouers se gedrag baie belangrik is in geloofsoordrag.

Bengston vervolg:

> Parents who are warm and affirming are more likely to have children who follow them; parents who are cold or authoritarian, ambivalent or distracted, are less likely to have children follow them. Also affecting transmission is the level of conflict between parents and children. Moreover, we have seen that parents who are perceiving as open and accepting of their child’s religious choices are more

likely to achieve transmission. Particularly important, according to our data, is the role of father's presence. Parental piety – religious role modeling, setting a good example – will not compensate for a distant dad.




**Figuur 5.1:** **Intergenerasionele geloofsmomentum**

## 5.6 Intergenerasioneel vanuit die perspektief van ander vakgebiede

Daar is in hierdie studie reeds deeglik gesien dat intergenerasionaliteit nie net alleen 'n algemene en aanvaarde praktyk van God se mense deur die Bybel was nie, maar ook dat God deur Moses en Paulus opdragte gegee het wat aandui dat generasies bedoel was om mekaar te beïnvloed. Daar is ook gesien hoe verskeie sosioloë die aspek van sosialisering in geloofsvorming uitgelig het en ook die gevare om eensydig

op hierdie aspek van geloofsvorming klem te lê en die teologiese aspek te ignoreer of te onderspeel.

In die volgende paragrawe word na intergenerasionaliteit gekyk vanuit perspektiewe van ontwikkelingsteorieë, sosiale leer-teorie en die ekologiese sisteem-teorie. In hierdie perspektiewe word geensins ’n volledige uiteensetting van die verskillende teorieë gegee nie. Die navorser steun ook sterk op Osmer (1990:226-247 en Allen & Ross (2012:86-97) se insigte en interpretasie van die verskillende teorieë in hierdie verband.

Hierdie perspektiewe word bespreek na aanleiding van Van Huyssteen en Müller (Hoofstuk 1 punt 1.4.3 & 1.4.4) se Postfundamentele of Transversale perspektief, wat in die eerste hoofstuk bespreek is. Volgens hierdie perspektief word insigte uit verskillende vakgebiede saam deur die interpreteerder ‘oor mekaar gelê’ om tot die beste moontlike oplossing van ’n vraagstuk te kom. Dit sluit direk aan by Van Huysteen se derde vraag: hoe kan die vraagstuk vanuit eie kontemporêre insigte vanuit verbandhoudende vakgebiede beantwoord word?

### 5.6.1 Ontwikkelingsteorieë

Erik Erikson se psigologiese ontwikkelingsteorie en Jean Piaget se kognitiewe ontwikkelingsteorie word meestal gebruik om prosesse van individue se ontwikkelingsmatige groei te verstaan. Tog bied hierdie teorieë belangrike insigte omtrent die invloed en belang van sosiale interaksie. Hierdie deel van die teorieë is egter erg verwaarloos.

Erikson se werk gaan ook oor die interaksie van generasies wat hy gemeenskaplikheid (mutuality) noem. Hy sou, volgens Allen en Ross (2012:87), sê dat generasies mekaar bevoordeel, dit wil sê hulle maak mekaar groot (“they grow each other up”). Lawrence Kohlberg se insigte oor morele ontwikkeling verbind weer die morele en geloofsfere sterk met sosiale interaksie.

#### 5.6.1.1 Piaget (1896-1980)

**Piaget** is wyd bekend as ’n kognitiewe psigoloog. Sy poging om normale en gesonde kognitiewe groei te beskryf was nie primêr gerig op die sosiale aspek van ontwikkeling

nie - hy was meer gefokus op die intellek. Tog lewer hy ’n baie insiggewende bydrae oor onderlinge verhoudings en die effek wat dit op kognitiewe ontwikkeling van mense het.

Piaget onderskei vier verskillende stadia in die kognitiewe ontwikkeling van die mens:

1. Die senso-motoriese of non-kognitiewe stadium (0-18 maande), wat gekenmerk word deur motoriese response deur die baba;
2. Die pre-operasionele stadium (18 maande – 7 jaar), wat gekenmerk word deur intuïtiewe denke eerder as logika;
3. Die konkrete-operasionele stadium (7-11 jaar), wat gekenmerk word deur die konkrete verstaan van die realiteit;
4. Die formeel-operasionele stadium (vanaf 11 jaar, maar dikwels later), wat gekenmerk word deur die vermoë om abstrak te dink.

Wanneer Piaget hierdie stadia beskryf en veral die beweging van een stadium na die volgende, is dit duidelik dat verskeie faktore ’n invloed op ontwikkeling het - nie net ouderdom en genetika nie. Allen en Ross (2012:88) haal Ginsburg en Opper aan, wat dekades Piaget se teorie bestudeer het. Hulle som Piaget se bydrae oor die faktore wat bydra tot kognitiewe ontwikkeling soos volg op: They discribe five factors: “maturation, experience, social transmission, equilibrium and contradictions.” Dit is opvallend dat behalwe vir “social transmission,” drie ander faktore – ervaring, ewewig en teendeel – algemeen voorkom in ’n sosiale konteks. Die prosesse wat met hierdie faktore gepaard gaan, gebeur gewoonlik in sosiale kontekste deur onderlinge verhoudings of sosiale ervarings. Mense beweeg nie noodwendig deur die stadium net omdat hulle ouer word nie, maar die proses vereis sosiale interaksie. Piaget se vroeëre ondersoek na kinders se morele ontwikkeling het ook spesifiek samewerking gedurende interaksie as ’n noodsaaklike voorwaarde vir kognitiewe verandering beskryf. Uit bogenoemde is dit duidelik dat, alhoewel mense dikwels die sosiale aspek van Piaget se werk oor die hoof sien, hy die belangrike rol wat sosiale interaksie speel in kognitiewe ontwikkeling, erken.

#### 5.6.1.2 Ericson (1902-1994)

**Ericson** was bekend as ’n ego sielkundige wie se werk ’n sterk sosiale en kulturele oriëntasie weerspieël. Volgens Dingemans (1986:98-100) staan die sosiale invloede en die uitwerking wat dit op die mens het op die voorgrond. Die mens ontwikkel nie net alleen volgens ’n eie dinamika nie, maar ook deur ’n voorafbepaalde ontvouing van hulle persoonlikhede in agt stadiums. Elke stadium behels sekere ontwikkelingstake wat psigo-sosiaal van aard is en hierdie take word aangeleer deur komplekse sosiale interaksie met die ouers, die gesin, die gemeenskap, die skool, die portuurgroep, die huweliksmaat, die maatskappy en die mensdom. Volgens Erikson oriënteer kinders hulself in elke lewensfase in bogenoemde verhoudings. Die kern van die saak is dat die mens op soek is na ’n eie identiteit. Elke stadium het volgens hom ’n kernverhouding en ’n kernkonflik.

Ericson (soos aangehaal in Avenent, 2011:74) beskryf sy agt stadiums as psigo-sosiale konflikte. Hierdie krisisse word soos volg beskryf:

1. Baba-fase (0-2 jaar) – kernverhouding met moeder - vertroue teenoor wantroue;
2. Kleuter-fase (2-4 jaar) – kernverhouding met beide ouers - onafhanklikheid en skaamte of twyfel;
3. Speel-fase (4-6 jaar) – kernverhouding met hele gesin - inisiatief neem teenoor skuldgevoelens;
4. Skool leeftyd-fase (6-12 jaar) – kernverhouding met skool en gemeenskap - aktiewe deelname teenoor minderwaardigheid;
5. Adolessente-fase (13-19 jaar) – kernverhouding met die portuurgroep - Identiteit teenoor rolverwarring;
6. Jongvolwasse – fase (20-30 jaar) – kernverhouding met lewensmaat - intimiteit teenoor isolasie;
7. Volwasse – fase (30 - 65 jaar) – kernverhouding met maatskappy - gewaardeerd teenoor stagnasie en
8. Fase van ouderdom (65 en ouer) – kernverhouding met die mensheid - ego-integriteit teenoor wanhoop.

Ericson noem hierdie psigo-sosiale konflikte omdat hy glo dat hulle nie kognitief en psigologies onderhandel word nie, maar sosiaal. Bevredigende hantering van enige van hierdie ontwikkelingstake is baie afhanklik van sosiale interaksie.

Volgens Allen & Ross (2012:89) adresseer veral Ericson se werk die interaksie van generasies, wat hy wederkerigheid noem. Hiervolgens is dit duidelik dat kinders deur hul ouers beïnvloed word, maar Ericson maak dit ook duidelik dat kinders ook hulle ouers beïnvloed. Nog ’n punt wat Ericson beklemtoon is dat enige taak (byvoorbeeld die ontwikkeling van vertroue, onafhanlikheid of intimiteit) nooit volledig afgehandel is wanneer dit verwerf is nie. Die sin van basiese vertroue moet byvoorbeeld onderhou word deur die baba sowel as die sewentigjarige. Met ander woorde, elkeen van die take moet reg deur die lewe ontwikkel word. Ericson se werk beklemtoon dus die sosialiseringsrol in die groei en ontwikkeling van mense, spesifiek sosialisering oor generasies heen.

#### 5.6.1.3 Kohlberg (1927-1987)

Kohlberg se werk oor morele oordeel is toepaslik in die sin dat Kohlberg die belangrike rol wat sosialisering speel in morele ontwikkeling, beklemtoon. In dié verband sê Kohlberg (soos aangehaal in Avenant, 2011:78) dat vir diegene met ’n *pre-konvensionele moraliteit* (tipies kinders tussen 4-10), word morele gedrag georiënteer en hang dit saam met beloning of straf (gehoorsaam die reël om straf te vermy). Iets is goed omdat ouers dit beloon (gehoorsaam die reël om beloning te ontvang). *Konvensionele moraliteit* (sommige adolessente en die meeste volwassenes), - hierdie persone heg groot waarde aan konformering met die samelewing se standaarde deur ‘reg’ op te tree veral teenoor “significant others,” om óf teleurstelling te vermy óf skuldgevoelens te vermy. Kohlberg beskryf die hoogste moraliteit as *post-konvensionele moraliteit* (sommige volwassenes). Mense wat hierdie vlak van moraliteit bereik sal of konformeer tot die ooreengekome standaarde van ’n hele samelewing (uit besorgdheid oor die goeie van almal in die samelewing) of hulle voldoen aan selfgekose etiese beginsels wat deur hulle eie gewete bepaal word.

Kohlberg beskryf morele groei as ’n ontwikkelingsproses wat interaksie vereis. Hy verduidelik die proses verder deur te sê dat die veranderinge en prosesse wat *binne* ’n persoon plaasvind, in aanraking kom met objekte, uitdagings en mense *buite* die

persoon. In hierdie ontmoeting, skuif die persoon na ’n meer gevorderde fase van morele oordeel soos wat die persoon interaksie beleef met ander, spesifiek diegene wat die huidige fase uitdaag. Allen & Ross (2012:90) haal Carol Gilligan aan wat in hierdie verband sê dat interpersoonlike verhoudings die sleutel is tot die ontwikkeling van ’n morele raamwerk.

#### 5.6.1.4 Fowler (1940-2015)

Fowler (1981:106-114) se werk lewer ’n groot bydrae volgens Osmer (1990:213) tot die geloofsvormingsteorie. Hy sluit baie nou by Erikson, Piaget en Kohlberg aan en gebruik hulle resultate om ses stadiums van geloofsontwikkeling te identifiseer. Hy weef sy geloofsfases in die ontwikkelingsfase-teorieë van Ericson, Piaget en Kohlberg in. Hierdie fases, is reeds in hierdie studie (Hoofstuk 4 punt 4.3.3.6) gesien, stem nie presies ooreen met die psigologiese ontwikkelingsfases nie, maar daar is baie korrelasie wat daarmee help om die geloofsontwikkeling beter te verstaan (Fowler 1981:106-107). Tog gebeur dit dat mense wat in geloofsontwikkeling nie die regte stimulasie kry nie tog psigologies na die volgende fase groei, maar wat geloofsontwikkeling betref, vassteek iewers in ’n fase. In die beskrywing van sy fases van geloof, beklemtoon hy die kritiese rol wat geloofsgemeenskap (community) speel in geloofsvorming. Fowler (1991:189-195) beskryf dit verder: “Community facilitates this growth by offering intellectual stimulation, affection, advanced stage modeling, challenge and interaction.”

Om die dinamika te verstaan van geloofsgroei of geloofsontwikkeling, gebruik hy ’n driehoek-figuur om dit mee te beskryf. Fowler (1981:7, 92) noem dit sy “dynamic triad of faith.” Die drie hoeke stel die self, ander en ’n sentrum van waardes en krag voor. Hy vervolg deur te verduidelik dat elke mens (die self) altyd in verhouding is met ander mense (ander) en met een of ander sentrum van waardes en krag, wat gedeel word met hierdie ander mense. In hierdie verband sê Fowler dan dat geloof ontwikkel en gevorm word as resultaat van die interaksie tussen die drie verhoudings. Weereens word die belang van sosiale interaksie vir groei of geloofsvorming beklemtoon.

### 5.6.2 Generasieteorie - Strauss & Howe (1991)

Strauss & Howe het met hulle boek: “Generations, the history of America’s Future, 1584 to 2069” die generasieteorie vir die eerste keer populêr begin maak.

Mead was waarskynlik volgens Codrington & Grant-Marshall (2004:15; cf. ook Wagner-Ferreira, 2008:43-44) die eerste persoon wat met die generasieteorie en generasiegaping vorendag gekom het, maar dit was Massey wat dit populêr gemaak het in die sewentigerjare met ‘n reeks lesings wat hy aangebied het met die titel: “Who you are is what you were when ....” Hy het probeer om die Amerikaanse professore te help om wat vandag as die “Baby Boom” generasie beskryf word, te verstaan. Dit is in skole, universiteite, kerke, weermagte en werksplekke waar die meeste gesukkel word wanneer mense van verskillende ouderdomme en houdings mekaar moet leer of opdragte van mekaar moet uitvoer, aangebied. Hoewel Massey groot werk gedoen het, was dit eers nadat twee Amerikaners, William Strauss en Neil Howe in 1991 hulle boek gepubliseer het met die titel: “Generations, the history of America’s Future, 1584 to 2069,” dat daar eintlik aandag geskenk is aan die hele teorie rondom die generasies.

Die generaseteorie verskil van die ontwikkelingsteorieë in die opsig dat dit nie verwys na die ontwikkeling wat plaasvind binne verskillende ouderdomme nie, maar eerder samehangende waardes en houdings van persone binne dieselfde generasie beskryf. Strauss & Howe (1991:48 & 60) definieer ’n generasie soos volg: “Simply stated, a generation is composed of wide variety of persons who, by virtue of having been born at approximately the same point in history, are involuntarily and permanently bound together by a common age location in history” it is “[a] cohort-group whose length approximates the span of a phase of life [roughly 22 years] and whose boundaries are fixed by peer personality.” So gesien beteken dit dat die lede van ’n generasie van geboorte tot by hul dood saam met mekaar deur tyd beweeg terwyl hulle ouer word. Tog voeg Mannheim (1972:106, 113) by dat dit meer behels, naamlik dat lede van ’n generasionele groep tog ook ’n gesamentlike sosiologiese omgewing moet deel. Volgens Manheim beteken dit:

> … shared social location entails participation as an integrated group in common experiences that engender a collective predisposition to certain characteristics, modes of thought, and historically relevant action.

Seibel (2009:41) haal Esler aan wat dit soos volg opsom:

“In essence, shared experience of social institutions and social circumstances provides a generational cohort with common ‘sosiological conditioning’”. Strauss &

Howe (1992:48; cf. ook Seibel 2009:41) maak dan die volgende belangrike gevolgtrekking: “As cohort moves through time together, such experiences cause each generation to develop a distinct biography and a distinct lifecycle.”

Allen & Ross (2012:144) beskryf die teorie bietjie meer breedvoerig: “Die generasieteorie strek oor alle ouderdomme en stel voor dat die verskille wat tussen die verskillende generasies bestaan die gevolg is van ’n sikliese patroon wat deur veranderende waardes en houdings van elke nuwe generasie aangedryf word.”

Baie studies word deesdae oor die verskillende generasies gedoen. Mense word volgens verskeie navorsers (Van Wyk 2002:168, Codrington & Grant-Marshall 2004:10 en Wagner-Ferreira, 2008:44) rofweg in generasies deur middel van karaktertrekke en kwaliteite, gedefinieer. Die verskillende generasies word op grond van historiese gebeurtenisse geklassifiseer. Die klassifikasie kan nie in kanne en kruike gegiet word nie, want dit is maar ‘n veralgemening en sosiale omgewings en omstandighede verskil. Tog is dit sinvol om te veralgemeen, omdat daar eienskappe is wat ooreenkom by spesifieke generasies.

Dit is verder na die oordeel van die navorser belangrik om daarop te let dat in verskillende wêrelddele die groepe in verskillende tydsgleuwe ingedeel word, waarskynlik as gevolg van die feit dat die geskiedenis van die verskillende lande verskillend verloop het en historiese gebeurtenisse ’n groot rol speel by die indeling van die generasies.

Die navorser kies om by die indeling van Zickuhr (Figuur 5.2 volgende bladsy) aan te sluit (Nel 2018:154). Volgens hierdie indeling strek die laaste generasie, wat volgens hierdie indeling beskryf is, naamlik die Mellenial generasie, tot by persone wat gebore is in 1992 (Sommige [George Barna in Allen & Ross 2012:148] beskryf hierdie groep as Generation Y). Allen & Ross (2012:148) identifiseer hierdie generasie as persone gebore tot en met 2003. Persone wat na 2004 gebore is, is nog nie amptelik beskryf nie. Sommige (White 2017:35) verwys na hierdie groep as Generation Z. Die navorser oordeel dat die hele Covid-19 pandemie wat in 2019 in China uitgebreek het en in 2020 regoor die wêreld versprei het, alle potensiaal het om ’n merker te wees vir die ontwikkeling van ’n nuwe generasie.

Wat hierdie teorie belangrik maak vir hierdie studie, is dat daar volgens Allen & Ross (2012:145) op enige gegewe tyd ses generasies gelyktydig saamleef binne 'n gemeente. Die oudste lidmate in 'n gemeente is 85 jaar en ouer. Hulle is moontlik nie meer so aktief in die gemeente nie, maar hulle nalatenskap het steeds 'n effek op die opvolgende generasies. Aan die ander kant van die spektrum is daar die jongste generasie wat pas gebore is of wat nog in die geboorteproses is. 'n Paar kenmerke van hierdie generasie is ook reeds deeglik vasgelê.

| Generation name | Birth years, Ages in 2010 | % of total adult population* | % of internet-using population* |
|---|---|---|---|
| Millennials | Born 1977-1992, Ages 18-33 | 30 | 35 |
| Gen X | Born 1965-1976, Ages 34-45 | 19 | 21 |
| Younger Boomers | Born 1955-1964, Ages 46-55 | 20 | 20 |
| Older Boomers | Born 1946-1954, Ages 56-64 | 14 | 13 |
| Silent Generation | Born 1937-1945, Ages 65-73 | 7 | 5 |
| G.I. Generation | Born -1936, Age 74+ | 9 | 3 |

* Source: Pew Research Center's Internet & American Life Project, April 29-May 30, 2010 Tracking Survey. N=2,252 adults 18 and older.

**Figuur 5.2: Generasies betrokke by die identiteitsvinding van jeug in 'n geloofsgemeenskap**

Miskien is die heel belangrikste beginsel wat uit hierdie teorie gehaal kan word die feit dat daar altyd binne 'n gesin ten minste twee generasies teenwoordig is. Kontak met die uitgebreide familie maak die aantal generasies wat saamkom nog meer. 'n Mens sou kon vra: Wat maak dat gesinne en families gemaklik met mekaar oor die weg kom? Die navorser is van mening dat die rede gevind kan word in die feit dat almal wel deeglik bewus is daarvan dat hulle uit verskillende generasies kom, maar hulle vind 'n manier om ten spyte daarvan nie net met mekaar oor die weg te kom nie, maar vormend en vervullend op mekaar in te werk, waarskynlik as gevolg van die verhouding wat oor tyd heen ontwikkel het. Dit kan ook anders gestel word. Hulle is wel deeglik bewus van hulle verskille, maar hulle kies om te fokus op waardes en op wat hulle in gemeen het en om by en van mekaar te leer. Dit is hierdie beginsel wat

vir intergenerasionele geloofsvorming van uiterste belang is. Die oomblik wanneer gefokus word op die verskille, ontwikkel daar ’n kloof tussen generasies en skop stereotipering, wat in paragraaf 5.3.1 van hierdie hoofstuk beskryf is, aan die een kant en reduksionisme aan die ander kant in en word die kloof net nog groter. Reduksionisme gebeur gewoonlik volgens Kraft (2005:224) wanneer die vorme en tradisie van die groep in beheer (gewoonlik ouer generasie) afgedwing word op enige nuwe groep na wie toe die vorm of tradisie oorgedra moet word.

Die navorser oordeel dat die gebruikswaarde van hierdie teorie nie oorspeel moet word nie. Die teorie bring wel beter begrip vir die behoeftes van die onderskeie generasies en dat elke generasie nuut dink en reageer op die uitdagings van hulle sosiale konteks. Wanneer die verskillende generasies se karaktereienskappe vergelyk word, dui dit ook die plekke van potensiële konneksie tussen die verskillende generasies duidelik aan. Fasilitering hiervan sal egter onontbeerlik wees. Enige intergenerasionele vorming vra dus ’n openheid van generasies wat interaksie het vir die waardes en norme van die oudste generasie en ’n openheid dat die jonger generasie die kultuur-erfenis en tradisie sal aanpas by die sosiale omstandighede van die nuwe konteks waarbinne hulle lewe.

Die navorser herhaal wat in ‘n vorige paragraaf (Hoofstuk 3 punt 3.5.2) oor subkulture gesê is naamlik dat dit uiters belangrik is om die verskillende generasies so te begelei dat daar wedersydse begrip ontwikkel en die verskillende generasies nie teenoor mekaar posisie inneem nie. Allen & Ross (2012:155) bevestig hierdie gedagte: “The church is the place where generational differences are to be transcended rather than reinforced.” Om dit reg te kry sal daar volgens McIntosh (2002:210-213) beweeg moet word na ’n sogenaamde “blended” kerk. Dit is ’n kerk of gemeente wat volgens hom twee of meer filosofieë van bediening kombineer wat tipies tot gevolg het dat: (i) daar van meer as een styl van musiek in die eredienste gebruik gemaak word; (ii) tradisionele en nuwe bedieninge gelyktydig funksioneer en (iii) ’n oorgangsatmosfeer heers.

Voorstanders wat hierdie teorie in ’n kerklike opset gebruik, moedig volgens Allen & Ross (2012:155) bedieningsleiers aan om die uitdagings wat samewerking tussen die verskillende generasies bied direk aan te spreek en daaraan te werk om begrip en

positiewe verhoudings tussen generasies te bevorder. Deur dit te doen, sal die gemeente die Bybelse visie van die kerk as liggaam van Christus bevorder en daarmee saam gesinsverhoudings. Dit sal ook alle generasies bevoordeel en volwasse geloof in die proses bevorder.

### 5.6.3 Sosiale leerteorie

Daar is in hierdie studie reeds verskeie kere na die sosiale leerteorie verwys. Die sosiale leerteorie bied ook baie belangrike insigte om in ag te neem wanneer na intergenerasionaliteit gekyk word. In die sosiale leerteorie, is daar reeds in hoofstuk 3 (3.4.3) en in hoofstuk 4 (4.3.4.3) gesien dat daar beklemtoon word dat mense spesifiek leer deur middel van waarneming en navolging van die voorbeeld van sosiale rolmodelle. Die sosiale leerteorie, het ons ook reeds gesien, bevestig volgens Nel (2018:258-259) dat langtermyn verhoudings, waarbinne mense naby mekaar is, die impak van modellering verhoog. Hierdie verhoudings behoort gekenmerk te wees met warmte en sensitiwiteit. Richards (1983:96-97) voeg by dat leerlinge die geleentheid moet hê om die modellering in ‘n verskeidenheid van situasies te sien en dat die persoon wat die modellering doen ook die geleentheid behoort te hê om sy of haar gedrag, sowel as die waardes, geloof en gevoelens wat hulle gedrag gemotiveer het, te verduidelik.

Volgens Allen & Ross (2012:91) is dit veral die werk van Margeret Mead en Albert Bandura wat ’n groot bydrae lewer in dié verband. In die afgelope drie dekades het die teorie van sosiale leer ontstaan. Hieruit het later nog ’n verdere teorie, afsonderlik maar tog verwant, naamlik die sosiokulturele teorie, ontwikkel. Dié ontwikkelingsteorie, wat in die vorige paragrawe bespreek is, oorvleuel plek-plek met die teorie van sosiale leer.

#### 5.6.3.1 Mead (1901-1978)

Mead was ’n sosiale wetenskaplike wat wyd bekend was vir haar kulturele antropologiese werk oor eilandkulture van die Suide van die Stille Oseaan in die 1920’s en 1930’s. Sy het spesifiek navorsing gedoen oor hoe kultuur oorgedra word van een generasie na die volgende.

Mead het volgens Allen & Ross (2012:91), haar lewenslange diskoers oor hoe kultuur oorgedra word in haar laaste boek gepubliseer. Sy onderskei drie maniere waarop kultuur oorgedra word naamlik “postfigurative,” “configurative,” en “prefigurative” kulture, soos sy dit noem. Sy verwoord dit soos volg:

> Cultural transmission in post figurative cultures is predominantly from the elder to the younger members of a society. Post figurative cultures are strongly past-oriented, and family honoraria and ancestor veneration ("ancestor worship”) often figure prominently. Configurative cultures, on the other hand, are present-oriented, and cultural transmission is between contemporaries (Mead 1970 32). Configurative cultures such as the youth culture of the 1960s and '70s, according to Mead, arise when a post figurative culture breaks down; they are, to Mead, transitional and short-lived. Mead predicted the evolution of a new kind of culture that she called prefigurative. Prefigurative culture is future-oriented, and cultural transmission is predominantly from the youth to their elders. As Mead predicted, "I believe we are on the verge of developing a new kind of culture, one that is as much a departure in style from configurative cultures, as the institutionalization of configuration in orderly—and disorderly—change was a departure from the post figurative style. I call this new style prefigurative because in this new culture it will be the child—and not the parent and grandparent—that represents what is to come (Mead 1973 204).

Mead sê verder dat generasies wat ná die tweede wêreldoorlog gebore is, na haar mening “prefigurative” is. Na die oordeel van die navorser is dit waar van die generasie na 1994 in Suid-Afrika, toe Suid-Afrika ’n nuwe demokratiese bestel betree het. Mead gee toe dat die kontinuïteit en volhoubaarheid van alle kulture afhanklik is van die teenwoordigheid van ten minste drie generasies. Die sleutel tot harmonie, groei en die toekoms binne hierdie “prefigurative”-gemeenskap is kommunikasie, gesprek tussen die generasies en ’n gewilligheid om van mekaar te leer. Hierdie gedagtes van Mead is beslis belangrik en moet verdiskonteer word wanneer daar oor geloofsvorming en die ontwikkeling van geloof of die oordrag van geloof van een generasie na die volgende gedink word.

In ’n sekere sin het daar ook, na die oordeel van die navorser, ’n “postfigurative culture break down” in Suid-Afrika plaasgevind na 1994. Hierdie breuk het in die sogenaamde wit kulture onmiddelik plaasgevind toe die jeug hulle vertroue in die volwassenes verloor het, soos wat die verhale van die apartheids-era en in die besonder die kerk se rol hierin bekend geword het. Die breuk is op die oomblik besig om in die swart gemeenskappe plaas te vind, soos wat die jeug beleef dat die volwassenes nie na hulle belange omsien nie, soos wat die waarheid oor korrupsie oor die afgelope 26

jaar na vore kom. Met hierdie toedrag van sake sal deeglik rekening gehou moet word, wanneer oor intergenerasionele geloofsvorming gedink word in Suid-Afrika, anders sal alle intergenerasionele geloofsvorming altyd met suspisie benader en ervaar word.

#### 5.6.3.2 Bandura

Bandura (2003:171; cf. in Allen & Ross, 2012:92-94) se voortgaande werk in sosiale leer-teorie het die belangrike rol wat waarneming en modelering in die verkryging van die basiese protokolle en gebruike van ’n kultuur, asook die verkryging van ’n persoonlike lewenstyl en waardes, beklemtoon. Die basiese aanname in Bandura se werk oor die dekades heen is volgens Allen & Ross (2012:92) dat mense nie nodig het om alles wat hulle leer direk persoonlik te ervaar nie. Hulle vervolg: “in other words, acquiring new ways of being, new knowledge and new values only by trial and error would be tedious and problematic. Fortunately, Bandura says, human beings can learn many things through observation and modeling.” In sy onlangse werk het Bandura sy sosiale-leerteorie uitgebrei na die geestelike wêreld, waar hy fokus op die invloedryke rol wat modelering in die oordrag van waardes, geestelike oortuigings en ’n geestelike leefstyl en -gewoontes het. Hy verbind verskeie sosiale modeleringskonsepte met geestelike modelering. Hier merk hy byvoorbeeld op dat wanneer slegs maar die oordrag van abstrakte sosiale beginsels plaasvind dit bitter min in gedrag neerslag vind. Hiermee bedoel hy dat mense konkrete voorbeelde van hierdie beginsels nodig het om dit te verstaan en dit om te sit in gedrag. Bandura verbind hierdie gedagte aan geloof deur op te merk dat abstrakte dogma of geloofsbeginsels net so moeilik is om konkreet te verstaan, maar dat gemeentes en geloofsgemeenskappe verskeie modelle en voorbeelde van mense bied wat op so ‘n manier leef dat hul geloofsbeginsels duidelik sigbaar is (hulle leef dus hulle geloofsbeginsels uit). As hierdie beginsels ‘vertaal’ word en van toepassing gemaak word op die basiese uitgangspunte van hierdie studie, verskaf intergenerasionele gemeentes of geloofsgemeenskappe (verstaan hieronder ook die gesin), ruimtes wat geestelike voorbeelde vir jong gelowiges voorsien uit alle ouderdomsgroepe wat hulle kan waarneem en navolg op hul geloofsreis.

Hierdie beginsel help, na die oordeel van die navorser, om die kernwaarde van hierdie studie uit te lig. In ’n sekere sin is dit in die teologie niks nuuts nie, omdat dit presies

die beginsel van dissipelskap is. Wat wel verander het, is die konteks en die invloede wat die konteks teweeg gebring het in die kerk en geloofsgemeenskappe.

### 5.6.4 Ekologiese sisteemteorie

Die ekologiese sisteemteorie en spesifiek die onderlinge verbintenisse tussen die verskillende sisteme, werp volgens Allen & Ross (2012:94-96) belangrike lig op die beginsels rondom intergenerasionalieit. Urie Bronfenbrennen, die Russies-gebore Amerikaanse Psigoloog, het 'n holistiese model vir menslike ontwikkeling ontwerp waarin hy beweer dat menslike ontwikkeling deur verskeie omgewingsisteme beïnvloed word. Hy identifiseer vier sisteme wat menslike ontwikkeling beïnvloed:

1. Die **Mikrosisteem** is die sosiale omgewings waarbinne individue die mees direkte interaksie het byvoorbeeld as gesin, skool, buurt, kerk en die portuurgroep.
2. Die **Messosisteem** verwys na die interaksie wat voorkom tussen persone se verskillende mikro-sisteme wanneer ouers byvoorbeeld 'n skoolfunksie bywoon of wanneer 'n familie na die kerk toe gaan. Die gesondste omgewing vir kinderontwikkeling is een waar baie interaksie tussen die kind se mikrosisteme plaasvind.
3. Die **Exosisteem** is waar eksterne omgewings 'n indirekte effek op ontwikkeling het. Hier gaan dit byvoorbeeld oor hoe die man of kind se ervaring by die huis beïnvloed word deur die vrou of moeder se ervaring by haar werk. Allen & Ross (2012:94-95) haal Bronfenbrenner aan in die verband:

   > One of the most significant effects of age segregation in our society has been the isolation of children from the world of work. Whereas in the past children not only saw wat their parents did for a living but even shared substantially in the task, many children nowadays have only a vague notion of the nature of the parent's job, and have had little or no opportunity to observe the parent or for that matter any other adult, when he is fully engaged in his work.

4. Die **Makrosisteem** is die oorkoepelende kultuurkonteks waarbinne 'n individu leef. 'n Voorbeeld hiervan is die Westerse kultuur van individualisme, selfgenoegsaamheid en onafhanklikheid. Dit sluit ook die nasionale ekonomie, 'n persoon se ekonomiese status, die politieke kultuur, etnisiteit en verskeie sub-kulture in. Allen & Ross (2012:95) haal weereens vir Bronfenbrenner aan met verwysing na die makrosisteem as hy opmerk dat dit vandag moontlik is dat 'n

manlike of vroulike agtienjarige in sekere dele van Amerika hul skool-, kollege- of universiteitsloopbaan kan afhandel sonder om ooit ’n baba te versorg of vas te hou en sonder om ’n kwesbare mens by te staan of te versorg. Hy vervolg dat geen gemeenskap op die langtermyn homself in stand kan hou as sy lede nie geleer het om sensitief en motiverend op te tree en die nodige vaardighede te ontwikkel om vir ander om te gee of ander mense by te staan nie.

Volgens Bronfenbrenner bevorder interaksie tussen die verskillende sisteme ontwikkeling. Dit is ook vir hierdie studie ’n sleutel-insig. Dit beteken dus dat ’n kind wat sy ouers se kollegas ken en met hulle interaksie beleef, of ’n kind wat met haar onderwyseres assosieer by die skool en by die kerk, meer waarskynlik hul volle potensiaal sal ontwikkel as kinders wie se sisteme geïsoleer is van mekaar.

Die onderlinge verbindings tussen die onderskeie sisteme bevorder inter-generasionele verhoudings. Sonder hierdie verbindings sal dit net lei na onenigheid en uiteindelik vernietiging van die samelewing. Die instellings van ’n samelewing het volgens Bronfenbrenner in alle fasette mense uit verskillende ouderdomme van mekaar geskei en daardeur ’n a-morele of antisosiale wêreld geskep waarin kinders moet grootword en lewe. Die skeiding van verskillende ouderdomme het opsig self ’n makrosisteem geword en as sodanig maak dit dit onmoontlik vir ouers om so ’n kultuur alleen te beveg. Ouers moet hulleself posisioneer om op ’n vroeë ouderdom hulle kinders aan ander volwassenes buite die gesin voor te stel wat op ’n later stadium van hulle lewens as hul mentors kan optree.

Bronfenbrenner bekla die verswakte rol van kerke in die sosiale ontwikkeling van kinders, omdat kerke as natuurlike ruimtes vir kontak tussen die verskillende sisteme dien, waarbinne die kinders, jongmense en volwassenes funksioneer. Hy beskou kerke en gemeenskapsbetrokkenheid as ’n manier vir die jeug om beide saam te werk met mense van verskillende generasies en as ruimte om terug te gee vir die gemeenskap. Deur hierdie geleenthede vir samewerking en omgee oor generasiegrense heen, word die hele gemeenskap bevorder en maak vyandigheid tussen generasies plek vir samewerking wanneer groepe saamstaan om gesamentlike doelwitte na te streef.

Om op te som: Bronfenbrenner se teorie wys daarop dat aktiwiteite, rolle en interpersoonlike verhoudings in een sisteem die ander sisteme positief of negatief kan affekteer. Die goeie nuus is dat intergenerasionele interaksie in gemeentes en geloofsgemeenskappe die belangrike stap kan wees om die ideologie om generasies vir alle bediening van mekaar te skei en die gevolglike negatiewe stereotipering van mense van ander generasies, te verander.

### 5.6.5 Situatiewe sosiokulturele leerteorieë

Alhoewel die belangrikheid van intergenerasionaliteit baie duidelik deur bogenoemde teorieë beklemtoon word, kan geen een van hulle verduidelik hoekom intergenerasionaliteit so kragtig is nie. Volgens Allen & Ross (2012:97) wil die situatiewe sosiokulturele teorie se perspektief op leer, as ’n samehangende ondersteunende makroteorie, juis die kolletjies verbind. Die situatiewe sosiokulturele perspektief oor kennis en leer plaas volgens Allen & Ross (2012:99-104) ’n groter klem op die sosiale interaksie van die leeromgewing as die kognitivistiese en behavioristiese teorieë en bevorder die idee dat die sosiale omgewing self krities belangrik is vir die leerproses.

#### 5.6.5.1 Vygotsky (1896-1934)

Vygotsky (aangehaal in Rieber & Carton, 1987:19: cf. in Allen & Ross, 2012:101) is die bekendste teoretikus in hierdie verband. Alhoewel hy lank reeds dood is, is sy navorsing, wat in die Stalin era in Rusland gedoen is, eers in 1978 in die Westerse wêreld ontdek en het dit op die voorgrond getree. Hy voel dat beide die kognitivistiese en behavioristiese teorieë menslike ontwikkeling verkeerdelik gekonseptualiseer het en dat ’n nuwe teorie nodig is. Vygorsky (aangehaal in Rieber & Carton, 1987:19) het geglo dat, indien mense konsepte moet leer, hulle dit self eers moet ervaar en die betekenis sosiaal moet aflei in outentieke, komplekse leeromgewings. Hy beskryf drie sones van ontwikkelingsaktiwiteite:

- Die sone van werklike ontwikkeling - waar die leerder werklik ontwikkelingsmatig is;
- Die sone van potensiële ontwikkeling – waar die leerder potensieel ontwikkelingsmatig kan of behoort te wees;

- Die sone van proksimale ontwikkeling – die hoeveelheid bystand wat vir ’n leerder nodig is om te beweeg van die persoon se sone van werklike ontwikkeling tot by die sone van potensiële ontwikkeling.

Die sone van proksimale ontwikkeling (ZPD – Zone of Proksimale Development) is volgens Allen & Ross (2012:102) ’n onderafdeling van Vygotsky se sosiokulturele teorie wat oorvleuel met die intergenerasionele teorie. Die konsep van hierdie proksimale ontwikkeling is dat wanneer ’n persoon gereed is om die volgende ding te leer, die beste manier waarop so ’n persoon dit kan leer is om saam met die persone te wees wat net voor hulle op die leerreis is. Hierdie gedagte sluit ook baie nou aan by Fowler se gedagte dat persone begelei moet word van een fase van geloofsontwikkeling na die volgende fase. Allen & Ross (2012:102) haal Wertsch en Rogoff aan wat ZPD soos volg gekonseptualiseer het:

> … that phase in development in which the [person] has only partially mastered a task but can participate in its execution with the assistance and supervision of an adult or more capable peer. Thus, the zone of proximal development is a dynamic region of sensitivity in learning the skills of culture, in which [person] develop *through participation ... with more experienced members of the culture*.”

Hierdie gedagte resoneer volledig met wat reeds in hierdie studie gesê is oor deelname aan God se werk en sluit aan by ’n belangrike lyn wat reg deur hierdie studie gevolg is naamlik dat gemeentebou, jeugbediening en geloofsvorming niks anders is as deelname aan God se koms na hierdie wêreld toe nie. Hierdie is weereens ’n bevestiging dat intergenerasionele geloofsvorming eintlik niks anders is as dissipelskap nie.

Allen en Ross (2012:102) som die waarde wat hierdie teorie toevoeg tot ons intergenerasionele denke soos volg op: “Volgens die sosio-kulturele perspektief leer persone om lidmate van hul gemeenskap te wees soos wat hulle aktief deelneem in daardie spesifieke sosiale gemeenskap, terwyl hulle saam met persone leer wat net bietjie langer as hulle op die pad is.” Hulle vervolg: “Intergenerational Christian settings are authentic, complex, formative environments, made up of individuals at various stages in their faith journeys, teaching some and learning from others as they participate in their community of believers.”

### 5.6.5.2 Leer binne ’n omgewing van indiensopleiding

’n Ander aspek van die situatiewe sosio-kulturele teorie, is die konsep van “situated learning,” die soort leerproses wat werk soos ’n vakleerlingskap.

Lave, ’n sosiale antropoloog en Wenger, ’n sosiale leer teoretikus, het die frases “situative learning” en “communities of practice” geskep toe hulle verskeie navorsing oor instellings vir vakleerlingskappe bestudeer het. In enige vakleerlingskap moet leerders toegang kry tot die praktyke wat van hulle verwag word om te leer om sodoende deelname aan die aktiwiteite en bekommernisse van die werksgemeenskap te bewerkstellig.

Allen & Ross (2012:103) haal Lave en Wenger aan in die verband:

> As apprentices participate actively and relationally in communities of practice alongside more experienced members, the apprentices gain the knowledge, practice the skill and absorb the ethos of this particular community of practice. Ultimately, they come to *identify* with the community of practice – that is, they become midwives, tailors or butchers.

Uit hierdie inligting is dit baie duidelik sigbaar dat gemeentes, as intergenerasionele geloofsgemeenskappe, as ideale leeromgewings behoort te dien, omdat dit soveel geleenthede bied waar lidmate “in diens,” of terwyl hulle besig is of deelneem in ’n bediening, opgelei en gevorm kan word. Dit bied dan juis die geleentheid dat lidmate (spesifiek jeug in hierdie studie) met so ’n gemeente kan en wil identifiseer. So kan gelowiges, soos vakleerlinge by hulle werksgemeenskap, geestelik gevorm word terwyl hulle outentiek en verhoudingsmatig deelneem saam met medegelowiges wat net verder as hulle op die reis is. Intergenerasionele byeenkomste, aktiwiteite en ervarings verskaf voortgesette geleenthede vir alle ouderdomme om te leer by die wat net voor hulle op die geloofsreis is.

Hierdie gedagtes resoneer met die praktyke wat tydens die kategumenaat plaasgevind het, soos reeds in hoofstuk 4 (4.3.3.3) aangehaal en beskyf deur Kreider (2016:133-152) onder leiding van die sogenaamde “sponsors,” saam met wie kandidate wat wou deel word van die kerk, vir ’n geruime tyd moes deurbring voordat hulle formeel by die onderrig van die kerk kon betrokke raak.

### 5.6.6 Godsdiens sosialisering

In hierdie studie is uitvoerig gebruik gemaak van gedragsosialisering en spesifiek geloofsosialisering met spesifieke verwysing na twee godsdienssosioloë Robert Wurthnow en Smith. Godsdiens- of geloofsosialisering is volgens (Allen & Ross 2012:121) die proses waardeur mense houdings, waardes en gedrag aanleer en internaliseer binne die raamwerk van 'n godsdienstige sisteem van geloofsoortuigings en -praktyke. Die groot vraag waarmee godsdiens-sosioloë werk is volgens Allen & Ross (2012:123): "Hoekom is sommige mense meer geestelik gemotiveerd as ander?" Op hierdie vraag het godsdiens-sosioloë herhaaldelik en konstant gevind dat die gemeente of geloofsgemeenskap (hoor hierin ook die huis – invoeging deur navorser) hierin 'n baie belangrike rol speel. 'n Intergenerasionele perspektief op hierdie komplekse vraag, wil spesifiek fokus op die rol van gemeentes (geloofs-gemeenskappe) en huise in die geloofsvormingsproses. Sosiologiese navorsing oor geloof verbind dus baie sterk met intergenerasionaliteit wanneer dit geloofsosialisering as 'n faktor in godsdienstige en geloofshoudings, -verstaan en -gedrag ondersoek.

#### 5.6.6.1 Lenski 1961

Lenski (1961:301) was die eerste persoon wat hierdie saak met erns begin ondersoek het (aangehaal in Allan & Ross 2012:123-123). Sy navorsing is deur ander persone, onder andere Gaede, Welch en Cornwall opgevolg en verder gevoer. Hier is enkele van die sosiologiese bevindings wat moontlik verder kan help in ons denke oor intergenerasionaliteit:

- "Subcommunity" – 'n Netwerk van informele primêre verhoudings word gewoonlik gevestig onder lede van elke godsdienstige organisasie, wat Lenski "religious subcommunities" noem. Dit is gewoonlik binne hierdie sub-gemeenskappe – gewoonlik is dit primêre verhoudings oor generasiegrense heen – waar deelnemers die sleutel-oortuigings en betekenis van die groep aanleer. Hy wys dus uit dat hierdie sub-gemeenskappe 'n baie belangrike instrument vir uitgebreide beïnvloeding binne enige groep binne 'n gemeente is. Intergenerasionaliteit wil hierdie groepe – gesinne, bedieninge, eredienste ens. - in 'n gemeente versterk. Hierdie gedagtes stem ook ooreen met wat in 'n vorige hoofstuk oor sub-kulture gesê is (Hoofstuk 3 punt 3.5.2).

- “Communal relationships” – Gaede het gevind dat kommunale betrokkenheid ’n baie belangrike indikator is van wat hy noem “belief-orthodoxy.” Sy studie bevestig spesifiek ook die belang van kommunale verhoudings in die ontwikkeling en instandhouding van godsdienstige oortuigings en praktyke (Allan & Ross 2012:124-125). Hierdie gedagte sluit baie sterk aan by die belang van verhoudings in onderrig en sal beslis belangrik wees in alle intergenerasionele kontak binne ’n gemeente.
- “Association with other believers” – Welch se studie bevestig die sogenaamde “interactionist perspective”: dat godsdienstige commitment deur die oordrag van godsdienstige norme in ’n groepskonteks ontwikkel word en dit vind spesifiek plaas deur assosiasie met ander gelowiges (Alan & Ross 2012:125). Hierdie gedagte sluit ook baie nou aan by wat reeds hierbo (5.6.5.2) deur Lave en Wenger gesê is oor die deelnemende leerproses wat identifikasie verhoog. Hierdie behoort ’n belangrike punt te wees binne elke gemeente.
- “Integration into a religious community”- Cornwall het bevind dat godsdienstige oortuiging en verbintenis baie afhanklik is van die mate waarin ’n individu in ’n godsdienstige of geloofsgemeenskap ingeskakel is (Alan & Ross 2012:125-126). Weereens gaan dit hier oor gesamentlike deelname wat beslis beklemtoon sal moet word in enige aanbevelings oor intergenerasionaliteit.
- “Sacred umbrellas and subcultural identity”- Smith (soos cf. ook Osmer (2012:41-45) het ’n nuwe term “sacred umbrella” geskep na aanleiding van Peter Berger se “sacred canopy.” Hiermee verwys hy na sommige godsdienstige groepe in Amerika wat dit beter reggekry het om in ’n sekulêre of onverskillige omgewing geloofsidentiteit te behou. In sy woorde: “... they have built strong and vibrant faith communities through erecting ‘sacred umbrellas’ under which their members gather and define themselves as they dwell in an indifferent culture.” Hy noem sy verduideliking die “subcultural identity theory.” Hy som die teorie soos volg op: “Religion survives and can thrive in pluralistic, modern society by embedding itself in subcultures that offer satisfying, morally orienting collective identities which provide adherents meaning and belonging.” Hierdie teorie sluit nou aan by Lenski se sub-gemeenskappe. Dit kan ’n belangrike bron word - veral as aan die gesin en gemeente as ’n sub-gemeenskap gedink word - wanneer na die praktyk van intergenerasionele geloofsvorming gekyk gaan word.

- “Authoritative communities” – Alhoewel die term nie maklik op die oor val in ’n postmoderne era nie, help hierdie navorsing daarmee om iets te verstaan van ’n gesonde omgewing waarin kinders en jongmense kan opgroei. Allen & Ross (2012:127-128) haal uit die verslag van die ‘Commission for Children at Risk’, wat in 2003 gpubliseer is, aan wat genoem word: ‘Hardwired to Connect’. Die verslag bied inligting wat ontsettend belangrik is vir intergenerasionaliteit en implikasies wat dit het op die rol wat *gemeentes* en *gesinne* behoort te speel in die jeug se lewens.

Hierdie verslag is saamgestel deur ‘n navorsingsgroep wat bestaan het uit pediaters, neuroloë, sosioloë en sielkundiges. Hulle verslag poog om die krisis wat hulle noem “the crisis in the ecology of childhood” aan te spreek. Hierdie verslag verbind die biologiese, brein-navorsing, ontwikkelingsbeginsels, die sogenaamde “attachment theory,” genetiese navorsing, die moraliseringsproses en spiritualiteit met die welstand van kinders. Die verslag het ’n tweevoudige konklusie: 1. “That Human beings are hard-wired to connect,” en 2. “That the crisis of American childhood is due in large part to a lack of connectedness.” Hierdie konklusies het die kommissie gelei tot die volgende aanbevelings: “We believe that building and strengthening authoritative communities is likely to be our society’s best strategy for ameliorating the current crisis of childhood and improving the lives of U.S. children and adolescents.”

> “Authoritative communities” word beskryf as: “groups that foster the types of connectedness that children (and others) need for healthy emotional, psychological and spiritual well-being.”

Die verslag baken 10 basiese eienskappe af van so ’n “authoritative community”:

> 1. “It is a social institution that includes children and youth;”
> 2. “It treats children as ends in themselves;”
> 3. “It is warm and nurturing;”
> 4. “It establishes clear limits and expectations;”
> 5. “The core of its work is performed largely by non-specialists;”
> 6. “It is multigenerational;”
> 7. “It has a long-term focus;”
> 8. “It reflects and transmit a shared understanding of what it means to be a good person;”
> 9. “It encourages spiritual and religious development;”
> 10. “It is philosophically oriented to the equal dignity of all persons and to the principle of love of neighbor.”

Alhoewel hierdie navorsing betrekking het op die VSA en alhoewel die verslag poog om 'n antwoord te gee op die probleem rondom die krisis in die ekologie van die grootword-jare van kinders in die VSA, glo die navorser dat die inhoud van die verslag nie net waar is van die Amerikaanse situasie nie, maar waarskynlik van die hele Westerse wêreld en dat bogenoemde tien eienskappe van die "authoritative communities" presies na die oordeel van die navorser beskryf hoe 'n gemeente en 'n gesin behoort te funksioneer. Kerke, meer as enige ander sosiale instelling, dra in hul DNA hierdie tien eienskappe soos hierbo beskryf: intergenerasionele geloofsgemeenskappe is warm, versorgende multigenerasionele sosiale instellings wat kinders en jongmense onderrig en wat godsdienstige en geestelike ontwikkeling en groei bevorder vir alle generasies.

#### 5.6.6.2 Smith & Snell

Smith staan in 'n lang ry van sosiologiese navorsing wat hierdie saak in 'n studie genaamd 'Christian formation and religious socialization' ondersoek het. Hier gaan nie weer breedvoering oor die navorsing gerapporteer word nie, aangesien dit reeds in hierdie studie gedoen is. Smith & Snell (2009:285) skryf later oor die elementêre sosiologiese beginsel van inlywing wanneer dit by die voorspelbaarheid van jongmense se geloofsverbintenisse kom:

> New members of any society are always inducted into the group by elder members who form them in different ways to become active participants of various sorts. This is done through role modeling, teaching, taking-things-for granted, sanctioning, training, practicing and other means of inculcating and internalizing basic categories, assumptions, symbols, habits, beliefs, values, desires, norms and practices.

Dit is volgens hom die normale manier hoe die meeste mense geloof en enige ander ding leer.

Die saak wat weereens hier herhaal moet word (Smith & Snell 2009:286) is die volgende:

> ... religious socialization in America [ook in Suid-Afrika volgens die navorser] takes place in two spheres: *individual family households* and *multigenerational religious congregations*. If nothing else, what the findings of this book [Souls in Transition: The religious & Spiritual Lives of Emerging Adults] clearly show is that for better or worse, these are the two crucial contexts of ... religious formation ....

David Kinneman (2011:203-205) sluit sy boek: *'You Lost Me.: Why Young Christians Are Leaving the Church ... and Rethinking Faith*', af met drie dinge wat hy geleer het in sy vyf jaar van navorsing oor hierdie onderwerp. Die eerste van die drie beskryf hy soos volg: "The first thing is *that intergenerational relationships in faith communities* are crucial."

Die basiese punt van al bogenoemde sosiologiese studies is dat Christelike verbintenisse gevorm en versterk word wanneer persone verhoudings ontwikkel en aktief deelneem in 'n gemeente of geloofsgemeenskap wat hul oortuigings uitleef, onderrig daarin gee en dit modelleer. Smith & Snell (2009:285-286) neem hierdie punt 'n bietjie verder wanneer hy sê dat hierdie gemeenskappe dit oor generasiegrense heen moet doen. Geloofsvorming gebeur dus nooit alleen nie. Dit gebeur – as dit enigsins gebeur – in outentieke, komplekse intergenerasionele gemeenskappe.

## 5.7 Hoekom generasies weer bymekaar gebring behoort te word?

Uit al die bogenoemde inligting en die talle redes hoekom intergenerasionele geloofsvorming noodsaaklik is om die jeug te begelei tot volwasse geloof, wil die navorser opsommend op die vraag oor hoekom generasies weer bymekaargebring behoort te word, antwoord.

In hierdie studie word uitgegaan van die standpunt dat intergenerasionele geloofsosialisering en geloofservarings op 'n unieke manier geestelike groei en geloofsvorming by beide volwassenes en kinders bevorder. Die navorser wil dit ook duidelik maak dat hierdie studie nie aanbeveel dat alle aktiwiteite van 'n gemeente altyd alle generasies moet insluit nie. Daar is verseker kragtige, geldige en belangrike redes hoekom verskillende ouderdomsgroepe of lewensfases of belangegroepe ook afsonderlik of gedifferensieerd bymekaar behoort te kom. Natuurlik vind geestelike groei en geloofsvorming ook plaas wanneer ouderdomsgroepe afsonderlik vergader. Hierdie studie moet eerder gesien word as 'n oproep tot gemeentes om verskillende generasies gereeld in eredienste, onderrig-, uitreik-, diens- en ander geleenthede waar geloofsgemeenskap beleef kan word, saam te bring, omdat dit uitstaande geestelike voordele en seën inhou vir gemeentes en persone uit alle generasies.

Gemeentes wat verskillende generasies bymekaarbring in hulle bediening is volgens Roberto (2014:32) besig om te ontdek dat dit voordele en seën op ’n wye gebied en op verskeie vlakke teweeg bring – vir die gemeente as ’n geheel, vir families, vir individue van alle ouderdomsgroepe en vir die breë gemeenskap. Hy gee ’n lys van die voordele wat dit inhou om meer bepland intergenerasioneel te funksioneer, wat deur die navorsing en ervaring van gemeentes uitgewys is:

1. Intergenerasionele gemeentes herwin God se bedoeling dat geloof binne ’n atmosfeer van geloofsgemeenskap gedeel moet word oor alle generasies heen om sodoende onderlinge verstaan en groter eenheid in ’n gemeente te bewerk;
2. Intergenerasionele ervarings skep en versterk verhoudings tussen mense van alle ouderdomme en verbeter hulle sin van deel-wees en behoort binne die geloofsgemeenskap;
3. Intergenerasionele ervarings skep ’n verwelkomende omgewing, gasvryheid, vertroue, aanvaarding, emosionele veiligheid en omgee – wat weer groter vrymoedigheid skep om geloofsdeling te bevorder, vir groepsdeelname en wedersydse ondersteuning. Intergenerasionele ervarings leer mense om in die gemeente en gemeenskap vir mekaar om te gee;
4. Intergenerasionele ervarings verhoog mense se identifikasie met en inskakeling by hul gemeente en verlaag die gevoel van isolasie wat so baie mense – oud en jonk – vandag ervaar;
5. Intergenerasionele ervarings lei tot groter betrokkenheid in die gemeente en sluit erediensbywoning, deelname aan bedienings en ander kerklike funksies in;
6. Intergenerasionele ervarings bevestig elke persoon se waarde in die gemeente (ongeag ouderdom), leer jonger generasies om ouer generasies te waardeer en ouer generasies om jonger generasies te waardeer;
7. Intergenerasionele ervarings benut die wysheid, ervarings en kennis van een generasie om in die behoeftes van ander generasies te voorsien;
8. Intergenerasionele ervarings bevorder begrip vir gedeelde waardes en respek vir individue in alle lewensfases;
9. Intergenerasionele ervarings bied geleenthede aan persone uit alle ouderdomme wat verskillende spiritualiteite het en ’n verskeidenheid geestelike ervarings beleef

het, om betrokke te raak by ’n verskeidenheid aktiwiteite wat ontwikkelings-, ervarings-, multisensoriese-, interaktiewe- en deelnemende aktiwiteite insluit;

10. Intergenerasionele ervarings moedig geloofsgroei en die uitleef van geloof in alle generasies aan en voorsien geleenthede en ruimtes vir naby en persoonlike geloofsvorming vir alle generasies (kinders, tieners, jong volwassenes, middeljarige vowassenes en bejaardes) wat deelneem aan die geloofsgesprekke (geloofsdeling), onderrig, leer, dienslewering, viering en gebede vir mekaar;
11. Intergenerasionele ervarings ondersteun families deur hulle te omring met geloofsfamilie. Hierdie geloofsfamilie bied aan ouers die geleenthede om by ander Christen-ouers, wat reeds kinders gelowig grootgemaak het, te leer;
12. Intergenerasionele ervarings skep meer geleenthede dat kinders en tieners Christen-rolmodelle buite hulle families sal ontmoet;
13. Intergenerasionele ervarings bevorder die kreatiewe gawes en talente van alle generasies (jonger en ouer geslagte) om diens aan die kerk en wêreld te lewer;
14. Intergenerasionele gemeentes het sleutel-leiers wat gewoonlik ’n samewerkende en bemagtigende styl van leierskap beoefen wat ’n spanbenadering tot die bediening waardeer. Sulke leiers en hulle medewerkers het gewoonlik ’n gedeelde visie vir ’n intergenerasionele kerk.

Soos gesien kan word, bring ’n beplande intergenerasionele bediening groot seën en voordele vir almal binne so ’n gemeente. Om ’n intergenerasionele gemeente te wees, maak ’n groot verskil. Mens kan amper vra: Kan enige gemeente dit bekostig om nie intergenerasioneel te wees nie?

## 5.8 Slotopmerkings

In hierdie hoofstuk is deur ‘n intergenerasionele bril na geloofsvorming gekyk. Daar is duidelik gesien dat intergenerasionele interaksie ‘n sleutelbelangrike rol speel in die oordrag van geloofstradisie.

In die literatuurstudie is gekyk na intergenerasionele geloofsvorming binne die raamwerk van gemeentebou en jeugbediening. Dit het ‘n ryk bron van inligting oor geloofsvorming in die huis (gesin of familie) en inklusiewe intergenerasionele geloofsvorming in die gemeente opgelewer. Dit bring die studie nou by die empiriese fase.

# HOOFSTUK 6:

# DESKRIPTIEF-EMPIRIESE TAAK - KWANTITATIEWE NAVORSING

## 6.1 Inleiding

Nadat daar in die voorafgaande vier hoofstukke aandag aan die normatiewe taak van prakties-teologiese interpretasie geskenk is, word daar in hierdie hoofstuk oorbeweeg na die deskriptief-empiriese taak. Osmer se deskriptief-empiriese taak word vervolgens ingespan om deur kwantitatiewe navorsing inligting te bekom. In hierdie kwantitatiewe navorsing word gepoog om vas te stel in hoe ‘n mate die betrokke respondente saamstem of verskil met die inligting uit die literatuurnavorsing wat voortgespruit het uit die normatiewe taak. Daar is ook gepoog om nuwe inligting te ontgin.

In hierdie studie is die studieonderwerp: Intergenerasionele geloofsvorming in ‘n huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde jeugbediening. Die probleemstelling is soos volg geformuleer:

Tot hoe ‘n mate word geloofsvorming van kinders, adolessente en jongvolwassenes negatief beïnvloed:

- wanneer die huis (ouers of families) nie integraal deel vorm van jeugbediening se visie oor geloofsvorming nie?
- wanneer generasies in alle bedieninge deur die gemeente van mekaar geskei word?

## 6.2 Empiriese navorsing

In hoofstuk 1 (1.4.6.1.1) is volledig beskryf wat kwantitiewe navorsing is. Hier word baie oorsigtelik daarna verwys deur net dit wat relevant tot hierdie navorsing is, uit te lig.

Kwantitatiewe navorsing is volgens Osmer (2008:49) die versameling en analisering van numeriese of gekwantifiseerde data om die verbande tussen veranderlikes vas te stel. Dit help om patrone en verhoudings te bepaal wat weer kan help om vas te stel

watter sake byvoorbeeld bygedra het om jongmense se lewens op ’n spesifieke wyse te impakteer.

Maree (2016:162) definieer kwantitatiewe navorsing as ‘n sistematiese en objektiewe proses wat numeriese data van ‘n geselekteerde subgroep van `n populasie gebruik om veralgemenings met betrekking tot die hele populasie te kan maak.

In hoofstuk 1 (1.4.6.1.1) is verwys na Smith (2005:30), se beskrywende metafoor wanneer hy na sosiologiese empiriese navorsing verwys as “Mapping the Big Picture.” Wat nou volg, kan dan beskryf word as die “mapping of the bigger picture” van hoe geloof intergenerasioneel gevorm en oorgedra word in en deur ouerhuise en gemeentes.

## 6.3 Beskrywing van navorsingsproses

In hierdie paragraaf word Osmer (2008:53) se benadering van ’n navorsingsplan gevolg om die navorsingsproses te beskryf, soos dit reeds in hoofstuk 1 (1.4.6.1) uiteengesit is.

### 6.3.1 Die mense, programme of plekke wat ondersoek is

Die eerste stap om te kon uitkom by die navorsingsgroep, was om geografies vas te stel waar presies hierdie navorsing gedoen gaan word, aangesien ’n nasionale studie nie bekostigbaar en ook nie logisties haalbaar sou kon wees nie. Die navorser het daarom gekies om die vier Noordelike provinsies van Suid-Afrika as geografiese gebied te kies, omdat daar vier afgebakende sinodale gebiede binne hierdie provinsies geleë is wat elk goed georganiseerd funksioneer.


Die volgende stap was om vas te stel watter gemeentes in die Noordelike, Oostelike, Hoëveld- en Goudlandsinodes ‘n gesins- en/of familie- en/of enige intergenerasionele fokus in hulle bediening het. Daar is ’n brief van bekendstelling en ingeligte toestemming aan elk van bogenoemde vier sinodes gestuur (April 2018 – ADDENDUM A), waarin toestemming gevra is om met die gemeentes, wat geïdentifiseer gaan word, kontak te maak en by hulle kerkrade toestemming te verkry vir die beoogde navorsing.

Vir die identifisering van gemeentes is gebruik gemaak van ’n doelgerigte steekproef (purposive sample) metode as deel van ’n nie-waarskynlikheids steekproef-metode (non-probability sample technique). Volgens Etikan & Bala (2017:149-151) se artikel: ‘Sampling and Sampling Methods’, kan “purposive sampling” soos volg beskryf word: “The sampling design is based on the judgement of the researcher as to who will provide the best information to succeed for the objectives study. The person conducting the research need to focus on those people with the same opinion to have the required information and be willing of sharing it.”

‘n Skrywe (Oktober tot November 2018 – ADDENDUM B) is aan al die verskillende ringskribas van al die ringe in die onderskeie sinodale streke gestuur. Daar is altesaam 58 ringe, wat 436 gemeentes verteenwoordig. Die verdeling van ringe in die onderskeie sinodes lyk soos volg: Goudland sinode: 16 ringe wat 127 gemeentes verteenwoordig; Noordelike sinode: 17 ringe wat 115 gemeentes verteenwoordig; Hoëveld sinode: 14 ringe wat 114 gemeentes verteenwoordig en Oostelike sinode: 11 ringe wat 80 gemeentes verteenwoordig. Hierdie ringskribas is gevra om gemeentes te identifiseer in hulle onderskeie ringe wat ‘n gesins- en/of familie- en/of enige intergenerasionele fokus of bediening het. 83 gemeentes (19% van die gemeentes) is op hierdie manier geïdentifiseer as gemeentes met ‘n gesins- en/of familie- en/of enige intergenerasionele fokus in hulle bediening (Goudland sinode: 14 gemeentes; Noordelike sinode: 20 gemeentes; Hoëveld sinode: 33 gemeentes en Oostelike sinode: 17 gemeentes). Hierdie geïdentifiseerde gemeentes word in Figuur 6.1 volgende bladsy grafies voorgestel.


Daar is ’n brief van bekendstelling en ingeligte toestemming (ADDENDUM C) gestuur aan al die geïdentifiseerde gemeentes om by hulle kerkrade toestemming te verkry vir die beoogde navorsing. Hierdie gemeentes is ook gevra om, wanneer die kerkraad toestemming verleen het, tien (10) ouers (manlik en vroulik, so ver moontlik nie uit dieselfde gesin of familie nie), wat direk betrokke is by hulle gesin- en/of familie- en/of intergenerasionele fokus, te identifiseer en hulle kontakbesonderhede vir die navorser aan te stuur. 32 gemeentes (38,5% van die geïdentifiseerde gemeentes) se kerkrade het toestemmingsbriewe geteken en teruggestuur. 29 gemeentes (35% van die geïdentifiseerde gemeentes) het uiteindelik 271 name van ouers deurgestuur om deel

te neem aan die kwantitatiewe navorsing (vergelyk Figuur 6.1 op volgende bladsy om grafies die vergelyking tussen geïdentifiseerde, gewillige en deelnemende gemeentes te sien).




**Figuur 6.1: Potensiële, geïdentifiseerde, gewillige en deelnemende gemeentes**

Die getal gemeentes wat deelgeneem het uit die verskillende sinodes word in Figuur 6.2 grafies voorgestel.




**Figuur 6.2: Verspreiding van geïdentifiseerde en deelnemende gemeentes uit die vier Noordelike sinodes**

Die kwantitatiewe vraelys (ADDENDUM D) is opgestel deur die navorser in samewerking met die studieleier, Prof. Malan Nel, en die toegewysde persoon van die Department van Statistiek, Universiteit van Pretoria, Me. Joyce Jordaan, as navorsingskonsultant. Hierdie vraelys is aan die etiese komitee voorgelê en toestemming is op 17 November 2019 verleen om voort te gaan met die kwantitatiewe navorsing. Die vraelys (deur middel van Google Forms) en brief van bekendstelling en ingeligde toestemming is op 18 November 2019 aan 267 persone per e-pos uitgestuur (Vier adresse van potensiële deelnemers was foutief of nie aangeheg nie). Die

respondente het twee weke (18 November – 2 Desember 2019) tyd ontvang om aan die kwantitatiewe navorsing deel te neem. Die eerste vraag van die vraelys was ook die respondente se toestemming tot deelname en ingeligtheid oor die aard van die studie, vertroulikheid en regte. 176 (66%) van die groep vir wie vraelyste gestuur is, het die vraelys voltooi. Slegs een persoon het negatief geantwoord op die toestemming tot deelname.

Na afloop van die kwantitatiewe navorsing is die proses van die kwalitatiewe navorsing begin. Die hele proses daarvan word in hoofstuk 7 beskryf.

### 6.3.2 Die spesifieke metodes wat gebruik is om data te versamel

Die navorser het die kwantitatiewe vraelys d.m.v. Google forms per e-pos aan die respondente gestuur en almal per Whats App of SMS ingelig dat so ’n e-pos gestuur is. Respondente is ook ’n week voor die finale sluitingsdatum per WhatsApp/SMS herinner om die vraelys te voltooi en te versend. 176 van die 267 vraelyste wat uitgestuur is, is terug ontvang.

### 6.3.3 Die individue of navorsingspan wat die navorsing onderneem het

Die navorsingspan wat behulpsaam was, was die navorser, Prof. Malan Nel, die navorser se studieleier, en Me. Joyce Jordaan - die toegewysde persoon van die Department van Statistiek, UP, as navorsingskonsultant.

### 6.3.4 Die stappe wat gevolg is om die projek suksesvol binne ’n spesifieke tydsraamwerk te voltooi.

Daar is reeds by punt 6.3.1 van hierdie hoofstuk stapsgewys presies uiteengesit watter stappe gevolg is. Hier volg net ’n oorsig oor die tydsraamwerk. Die navorser het die kwantitatiewe navorsing in 2019 en die kwalitatiewe navorsing vroeg in 2020 gedoen. Die samestelling van die populasie is in die tweede kwartaal van 2019 gedoen. Die vraelys is in die laaste deel van 2019 uitgestuur en terug ontvang. Die opteken en ontleding van die navorsing het in Februarie 2020 plaasgevind.

## 6.4 Resultate van kwantitatiewe navorsing

Voordat die resultate van die kwantitatiewe navorsing weergegee word, gaan eers ’n uiteensetting van die struktuur van die vraelys gegee word. Die vrae is in ses afdelings

gestruktureer. Die ***eerste*** afdeling (Vraag 2-5) bevat *biografiese en demografiese inligting*; die ***tweede*** (Vraag 6) handel oor *respondente se persoonlike geloofsvorming;* die ***derde*** (Vraag 7-12 handel oor *geloofsvorming in en deur die gemeente*; die ***vierde*** (Vraag 13) oor *gemeentekultuur*; die ***vyfde*** (Vraag 14-18) oor *geloofsvorming tuis* en die ***sesde*** afdeling (Vraag 19-23) oor *algemene vrae.*


In die rapportering van die data sal die vrae so ver moontlik aan die bokant van of voor elke grafiese voorstelling weergegee word. Wanneer die grafiese voorstelling selfverklarend is, word die beskrywing van die data nie herhaal nie, maar slegs sake uitgelig wat vir die uitkoms van hierdie studie belangrik is. Vrae wat nie relevante inligting bevat vir die uitkoms van hierdie studie nie, is uitgelaat uit die rapportering. Die resultate van die navorsing word vervolgens gerapporteer.

### 6.4.1 Biografiese en demografiese inligting

Met die beperkings van hierdie navorsing in ag geneem, moet die verduideliking van die demografiese gegewens van die respondente volgens Greef, Smit & Van der Linde (2015:22) amper dien as die perke waarin die prent van die navorsingsdeelnemers geskets kan word. Met inherente vooringenome idees (soos die ouderdom van respondente) opsy geskuif, bied die demografiese of biografiese afdeling volgens bogenoemde skrywers 'n oorsig oor wie die respondente is. Die demografiese en biografiese gegewens kan saam as profiel-aspekte gelees word by elk van die verskillende afdelings. Biografiese inligting is in hierdie studie by vraag 2-5 ingesamel.

### 6.4.2 Ouderdomsverspreiding


Die ouderdomsgroepe van die respondente is baie wyd versprei soos gesien kan word in Figuur 6.3 op die volgende bladsy. Die wye verspreiding van ouderdomme van die respondente is waarskynlik direk eweredig aan die ouderdomme van hulle kind(ers). Hierdie aspek sal beslis deurgaans in ag geneem moet word en kan belangrike data verskaf, veral wanneer in ag geneem word dat hierdie groeperinge van die verskillende ouderdomme verskillende generasies verteenwoordig. Vir die doeleindes van kruisvergelykings is die ouderdomme van ouers 20-29 en 30-39 en ook die ouderdomme 50-59 en 60 jaar en ouer bymekaargevoeg.




**Figuur 6.3: Ouderdomsverspreiding**

### 6.4.3 Geslag

Die uiteindelike verdeling tussen mans en vroue respondente (byna 2/3 vroue [65.7%] en 1/3 mans 34,3%]) is duidelik sigbaar in die grafiese voorstelling in Figuur 6.4 hier onder. Hierdie verdeling is baie oneweredig. Dit is belangrik om hierdie tipe interpretasie in gedagte te hou by die bestudering van blote persentasies soos in die volgende hoofstukke weergegee.




**Figuur 6.4: Geslag**

### 6.4.4 Omgewing van gemeente waarby respondente inskakel

Die omgewing van die gemeentes waarby respondente inskakel word baie duidelik in Figuur 6.5 op die volgende bladsy, grafies voorgestel. Die getal respondente wat nie

in voorstedelike gemeentes woon nie is egter baie klein en daar sal versigtig te werk gegaan moet word om enige afleidings uit hierdie inligting te maak.




**Figuur 6.5: Omgewing van die gemeente waarby respondente inskakel**

### 6.4.5 Gesinsamestelling en wie almal in dieselfde huis saamwoon

By vraag 5 is daar geen grafiese voorstelling van die inligting nie. Vraag 5 lui soos volg: Dui aan hoe lyk jou gesinsamestelling en wie almal saam met jou in jou huis woon. Die meerderheid van die respondente 89,14% (156) is getroud; 7,4% (13) is enkellopend; 84% (147) se kind(ers) bly nog by hulle in die huis; 15,4% (27) se ouers bly by hulle aan huis. Ander persone wat ook deel uitmaak van die respondente se gesinne is die volgende: 1,1% (2) se suster bly by hulle aan huis; 1,1% (2) se kleinkind(ers) bly by hulle aan huis; Terwyl 0,6% (1) elk van die volgende persone ook saam met van die respondente in hulle huise woon: skoonseun, aangenome kind, geskeide seun en ongetroude dogter met kind(ers).

### 6.4.6 Beste beskrywing van geloofsreis

In Figuur 6.6 op ‘n volgende bladsy, kan duidelik gesien word dat die meeste (meer as twee-derdes) respondente grootgeword het in Christelike ouerhuise en het die Here op hul lewenspad liefgekry en gegroei in hul verhouding met Hom. Daar kan ook duidelik gesien word dat net meer as ‘n kwart respondente grootgeword het in 'n Christelike ouerhuis, maar hulle het eers later in hul lewe in 'n persoonlike verhouding met die Here begin leef en gegroei in hul verhouding met Hom. Daar is dus 93,7%


(164) van die respondente wat grootgeword het in ’n Christelike ouerhuis. Hierdie syfers is baie belangrik vir hierdie studie, aangesien dit daarmee gaan help om te sien wat presies in hulle ouerhuise gebeur het wat geloofsvorming aanbetref en wat hierdie persone doen in hulle eie huise ten opsigte van geloofsvorming. Dit is tog ook belangrik om te let op die verskille tussen hierdie twee groepe. Dit sal belangrik wees om te sien hoe hierdie respondente se reaksie op spesifieke vrae verskil van die eerste groep.

Die ander persentasies is baie laag en word nie op die grafiese voorstelling weergegee nie. Dit sluit die volgende in:

Dit is *eerstens* 1,7% (3) respondente wat aangedui het dat hulle wel grootgeword het in ‘n Christelike ouerhuis maar nooit die Here persoonlik leer ken of gegroei het in 'n verhouding met Hom nie. Die getalle is egter te min om afleidings hieroor te maak, maar dit mag dalk in verdere navorsing belangrik wees om vas te stel of daar ooreenstemmende faktore is wat hiertoe bydra.

Dit is *tweedens* 1,7% (3) respondente wat aangedui het dat hulle nie grootgeword het in 'n Christelike ouerhuis nie, maar wel van jongs af iemand anders as hulle ouers gehad het wat hulle van die Here geleer het en so gegroei het in hul verhouding met Hom. Die getalle is egter weereens te min om afleidings hieroor te maak, maar dit mag dalk in verdere navorsing belangrik wees om slegs te fokus op persone wat nie in Christelike ouerhuise grootgeword het nie, maar deur die betrokkenheid van ander persone in ’n verhouding met die Here begin lewe het.

Dit sluit *derdens* 2,9% (5) van die respondente in wat nie grootgeword het in 'n Christelike ouerhuis nie, maar later in hul lewe in ‘n persoonlike verhouding met die Here begin leef en gegroei het (danksy 'n spesiale ontmoeting, gebeurtenis, ander persone se invloed) in hulle verhouding met Hom. Weereens is die getalle te klein om afleidings hieruit te maak. Dit beteken net dat jeugbedienings paraat moet wees in hulle begeleidingsrol om nie net te aanvaar dat alle ouers geloofsvoorbeelde gehad het nie.




**Figuur 6.6: Geloofsreis van respondente**

### 6.4.7 Wyse waarop jeug bedien word in gemeente

In Figuur 6.7 op die volgende bladsy, kan by verre gesien word dat die meerderheid respondente aandui dat die jeug hoofsaaklik afsonderlik, maar soms saam met volwassenes bedien word in hulle gemeente. Dit is dus belangrik om daarop te let dat, indien ’n gemeente ’n gesin- en/of familie- en/of intergenerssionele fokus het, dit nie noodwendig daarop dui dat volwassenes en kinders hoofsaaklik of uitsluitlik saam bedien word nie. Dit is ook duidelik dat net onder ‘n kwart van die respondente aandui dat die jeug hoofsaaklik saam met volwassenes bedien word, maar soms afsonderlik.


Die persentasies wat nie duidelik gesien kan word nie is eerstens die 1,7% (3) respondente wat aangedui het dat hulle kind(ers) uitsluitlik saam met volwassenes bedien word. Tweedens is dit die een respondent 0,6% (1) wat aangedui het dat sy/haar kind(ers) uitsluitlik afsonderlik bedien word. Die twee laaste groepe is so min dat daar nie regtig betekenisvolle afleidings hieruit gemaak kan word nie.




**Figuur 6.7: Wyse waarop jeug bedien word in gemeente**

### 6.4.8 Vorm en bywoning van weeklikse eredienste

In Figuur 6.8 op die volgende bladsy, is daar drie grafieke. In die ***eerste*** grafiek word na tradisionele eredienste verwys, met of sonder aanpassings. In die ***tweede*** grafiek is gevra oor gesinsdienste en dit is verder beskryf met 'elke Sondag gedurende skoolkwartale'. Meer as die helfte van die respondente het aangedui dat hulle wel 'n gesinsdiens elke Sondag gedurende skoolkwartale het. Wat egter verwarrend is, is die feit dat byna twee derdes van die respondente ook aandui dat hulle 'n tradisionele erediens het en dat die gesin dáárby inskakel. Dit wil voorkom of die repondente óf die vraag verkeerd verstaan het of dat die meerderheid van die respondente hulle tradisionele eredienste ook as gesinsdienste beleef. In die ***derde*** grafiek word verwys na jeug- en/of kinderdienste. Meer as twee-derdes van die respondente dui aan dat hulle wel jeug- en/of kinderdienste het en dat hulle saam as gesin dáárby inskakel. Dit is 'n beduidende groep.




**Figuur 6.8: Vorm en bywoning van weeklikse eredienste**

### 6.4.9 Intergenerasionele geleenthede binne gemeentes aangebied

Respondente kon soveel geleenthede as wat van toepassing is, merk wat intergenerasioneel in hulle gemeente aangebied word. Die doel van hierdie vraag was om vas te stel wat die mees algemene geleenthede is wat gemeentes intergenerasioneel aanbied. Hierdie vraag het nie intergenerasionele intensionaliteit getoets nie, maar slegs waar generasies (twee of meer generasies) tans saam teenwoordig is.

Die geleenthede wat aangebied word in respondente se gemeentes is in Figuur 6.9 in prioriteitsvolgorde geplaas soos wat die respondente daarop gereageer het. Vraag 9 is soos volg geformuleer: Watter geleenthede in julle gemeente word intergenerasioneel aangebied?

| Prioriteits-volgorde | Intergenerasionele geleenthede | Respondente |
|---|---|---|
| 1 | Eredienste | 89,7% (157) |
| 2 | Nagmaal | 88,6% (155) |
| 3 | Doop & Doopviering | 82,3% (144) |
| 4 | Sanggeleenthede (bv. lof & aanbidding) | 76,3% (134) |
| 5 | Informele kuiergeleenthede | 75,4% (132) |

| Prioriteits-volgorde | Intergenerasionele geleenthede | Respondente |
|---|---|---|
| 6 | Uitreik na die gemeenskap en persone buite die gemeente | 70,3% (123) |
| 7 | Kategese/ Sondagskool | 66,3% (116) |
| 8 | Kampe & Retreats | 65,7 (115) |
| 9 | Omgeegroepe | 54,9% (96) |
| 10 | Omgee-geleenthede – binne gemeente | 45,7% (80) |
| 11 | Bybelstudie en ander geestelike toerusting | 42,3% (74) |
| 12 | Mentorskappe | 27,4% (48) |
| 13 | Doop & doopviering | 6,9% (12) |
| 14 | Sanggeleenthede | 5,7% (10) |
| 15 | Ons het geen sulke geleenthede nie | 1,7% (3) |

**Figuur 6.9: Intergenerasionele geleenthede binne gemeentes aangebied**

### 6.4.10 Faktore met grootste positiewe effek op geloofsvorming in gemeente

Respondente kon by vraag 10 ook soveel faktore as wat van toepassing is merk. Hier is weereens nie intensie getoets nie, maar faktore in en saam met die gemeente wat die grootste positiewe effek op geloofsvorming het.

Die faktore is in Figuur 6.10 op die volgende bladsy, in prioriteitsvolgorde geplaas soos wat die respondente daarop gereageer het. Dit wys dus die faktore wat die grootste positiewe effek op respondente en hul gesinne se geloofsvorming het of gehad het toe die kind(ers) in die huis was. Die tweede kolom wys hoe elke faktor verbind met geloofsvorming. Die faktore wat die grootste invloed op geloofsvorming het, word in hierdie kolom gekategoriseer in terme van identiteit & kultuur, klimaat en praktyke, wat as instrumente gebruik word soos beskryf in hoofstuk 4 (4.3.4.2).

Vraag 10 is soos volg geformuleer: Watter faktore in of saam met die gemeente het die grootste positiewe effek op julle familie se geloofsvorming tans (of in die verlede gehad indien kinders reeds die huis verlaat het)?

| Prioriteits-volgorde | Geloofsvorming | Faktore met grootste positiewe effek op geloofsvorming | Respondente |
|---|---|---|---|
| 1 | Klimaat | Die warm en liefdevolle en verwelkomende gesindheid in hul gemeente | 76,6% (134) |
| 2 | ID & Kultuur | Kategese/ Sondagskool/ Belydenisklas | 73,1% (128) |
| 3 | Geloofspraktyk | Deelname aan die erediens op gereelde basis | 71,4% (125) |
| 4 | Klimaat | Ervaring van behoort/ tuiswees in die gemeente | 70,9% (124) |
| 5 | Klimaat | Sosiale geleenthede by die kerk soos feeste, fondsinsame-lingsgeleenthede | 65,7% (115) |
| 6 | Klimaat / ID & kultuur | Die geestelike leiers (leraar(s), kategeet(e)/ kleingroepleier(s) | 63,4% (111) |
| 7 | Klimaat | Sosiale verhoudings en vriendskappe in die gemeente | 57,1% (100) |
| 8 | Klimaat | Musiek en enige kuns of drama | 40,6% (71) |
| 9 | ID & Kultuur | Goeie rolmodelle in gemeente | 40% (70) |
| 10 | Geloofspraktyk | Deelname aan diensgeleenthede | 36% (63) |
| 11 | Geloofspraktyk | Kindermoment in erediens | 35,4% (62) |
| 12 | Geloofspraktyk | Deelname aan omgee & deel-name aan uitreikgeleenthede | 30,9% (54) |
| 13 | Geloofspraktyk | Kampe en Retreats | 29,7% (52) |
| 14 | Geloofs-praktyk | Deelname aan 'n spesifieke bediening | 29,1 (51) |
| 15 | Geloofspraktyk | Toerustingsgeleenthede vir ouers | 22,3% (39) |
| 16 | Klimaat | Die fisiese gebou waarbinne ons aanbid | 20% (35) |
| 17 | Geloofspraktyk | Deelname aan 'n koor/ sanggroep of begeleidingsgroep | 11,4% (20) |

**Figuur 6.10: Faktore met grootste positiewe effek op geloofsvorming (GV) in gemeente**

Dit is belangrik om hier op te merk dat die eerste, vierde en vyfde (dus drie van die top-vier) belangrikste faktore nie 'n byeenkoms of formele aksie is nie, maar informele aksies wat met die atmosfeer of klimaat te doen het (vergelyk hoofstuk 4 [4.3.4.2]). Dit is verder ook belangrik om uit te wys dat die tweede en derde belangrikste faktore wat

uitgewys is, meer die beplande en gestruktureerde byeenkomste is. Wat verder opval is hoe min respondente bedieninge en toerusting gemerk het. Dit sal later weer opgeneem word.

### 6.4.11 Dit wat intergenerasionele interaksie in gemeente bemoeilik

Respondente kon weereens by hierdie vraag soveel hindernisse vir interaksie merk as wat van toepassing is. Die sake wat intergenerasionele interaksie in die gemeente bemoeilik is in Figuur 6.11 in prioriteitsvolgorde geplaas soos wat die respondente daarop gereageer het. Vraag 11 is soos volg geformuleer: Wat bemoeilik intergenerasionele interaksie in jou/julle gemeente?

| Prioriteits volgorde | Sake wat intergenerasionele interaksie bemoeilik | Respondente |
|---|---|---|
| 1 | Daar is niks in die gemeente wat intergenerasionele interaksie bemoeilik nie | 37,1% (65) |
| 2 | ’n Gebrek aan belangstelling van kind(ers) om deel te neem aan interaksie met iemand uit 'n ander generasie | 31,4% (55) |
| 3 | ’n gebrek aan belangstelling van die volwassenes in die gemeente om deel te neem aan interaksie met iemand uit 'n ander generasie | 30,9% (54) |
| 4 | ’n Gebrek aan vaardighede om generasies saam te bedien | 13,1% (23) |
| 5 | Ons kind(ers) en jongmense word uitsluitlik afsonderlik van volwassenes (en ouers) bedien | 8,6% (15) |
| 6 | ‘n Gebrek aan warmte en openheid tussen die verskillende generasies | 7,4% (13) |
| 7 | Gemeente maak nie ruimte daarvoor om kinders en jongmense te betrek by die gemeente se bedieninge nie<br>&<br>’n Gebrek aan goeie verhoudings tussen kind(ers) en kategete of Sondagskool-onderwysers | 5,1% (9) |
| 8 | Eredienste is geensins op kinders gefokus nie | 3,4% (6) |
| 9 | Eredienste is geensins op gesinne of die huis gefokus nie<br>&<br>Gemeente doen geensins moeite om verskillende generasies op beplande wyse saam te bring nie | 1,7% (3) |

**Figuur 6.11: Wat intergenerasionele interaksie in gemeente bemoeilik**

Alhoewel die eerste drie sake die belangrikste sake is wat volgens respondente in hulle gemeentes intergenerasionele interaksie bemoeilik, is hierdie persentasies baie laag en nie beduidend nie. Die reaksie is verder uiteenlopend. Alhoewel die respondente sake rondom 'n generasiegaping tweede en derde hoogste gemerk het, is dit opvallend dat dit nie 'n beduidende saak is nie. Dit lyk tog of die respondente (ouers) oop is vir intergenerasionele bediening maar dat jeugbedienings (gemeentes) verkies om kinders, adolessente en jongvolwassenes afsonderlik te bedien.

### 6.4.12 Behoeftes van respondente ten opsigte van toerusting

Respondente kon by hierdie vraag weereens soveel behoeftes merk as wat vir hulle van toepassing is. Respondente het aangedui wat hulle en hul gesinne se behoefte aan toerusting is ten opsigte van 'n verskeidenheid van sake. Hierdie sake hou nie almal direk verband met geloofsvorming nie. Die meeste van die onderwerpe is egter in die literatuur uitgewys as sake waarin die kerk gesinne en huise behoort te ondersteun in hul geloofsvormingstaak.

Die top agt behoeftes van respondente ten opsigte van toerusting is in Figuur 6.12 in prioriteitsvolgorde geplaas soos wat die respondente daarop gereageer het. Vraag 12 is soos volg geformuleer: Beoordeel jou en jou gesin se behoefte aan toerusting ten opsigte van die volgende. By elk van die 16 onderwerpe kon respondente een van vier moontlikhede kies naamik '*Geen behoefte'*; '*Ek voel tans gemaklik op hierdie gebied'*; '*Ons kry iets hiervan reg, maar wil nog groei hierin'* en '*Groot behoefte om hieroor te leer'*. Om die behoefte aan toerusting te bepaal, het die navorser die derde opsie (Ons kry iets hiervan reg, maar wil nog groei hierin) en vierde opsie (Groot behoefte om hieroor te leer) gekombineer.

| Prioriteits volgorde | Behoeftes t.o.v. toerusting | Respondente |
|---|---|---|
| 1 | Hoe om hul kind(ers) te help om 'n sterk karakter te bou? | 74,3% (130) |
| 2 | Hoe om konflik konstruktief te hanteer? | 73,1% (128) |
| 3 | Om praktiese vaardighede aan te leer oor hoe om geloof in die praktyk uit te leef. | 68,6% (120) |
| 4 | Hoe om kinders te begelei om in verhouding met God te lewe? & | 67,4% (118) |


| Prioriteits volgorde | Behoeftes t.o.v. toerusting | Respondente |
|---|---|---|
| | Hoe om jou kinders te begelei tydens hul lewensdeurgange? | |
| 5 | Hoe om gesonde romantiese verhoudings te bou? | 66,3% (116) |
| 6 | Hoe geloofsgewoontes gevestig kan word? | 65,1% (114) |
| 7 | Hoe om geestelike leiding te neem? & Oor die gebruik van sosiale media | 64,6% (113) |
| 8 | Uitreik as gesin na persone wat behoeftig is & Saam as gesin barmhartigheidswerk te doen | 61,7 (108) |

**Figuur 6.12: Behoeftes van respondente ten opsigte van toerusting**

### 6.4.13 Gemeentekultuur

Die rol wat gemeentekultuur in intergenerasionele geloofsvorming speel is ook duidelik uitgewys in die literatuur. In hierdie afdeling is ses stellings gemaak wat handel oor 'n gemeentekultuur wat respondente moet beoordeel. Die eerste drie vrae hou direk verband met 'n intergenerasionele gemeentekultuur. Die vierde en vyfde vraag handel indirek oor 'n intergenerasionele gemeentekultuur. Die laaste vraag handel wel meer oor kommunikasie en logistieke benutting, maar hou, saam met vraag vier, direk verband met die ondersteuning van gesinne binne 'n gemeente.

Die respondente se reaksie op die vrae oor gemeentekultuur is in
Figuur 6.13 op die volgende bladsy, duidelik uiteengesit. Respondente kon telkens aandui hoe hulle die genoemde stellings beoordeel. Vier moontlikhede is by elke vraag gegee: *Verskil beslis*; *Stem nie saam nie*; *Stem saam* en *stem beslis saam*. Die derde en vierde moontlikheid (Stem saam en stem beslis saam) kan vir die doel van hierdie studie bymekaargetel word. Die ses stellings wat die respondente moes beoordeel word in
Figuur 6.13 weergegee met enkele opmerkings.




**Figuur 6.13: Stellings oor ervarings binne gemeente**

## Enkele opmerkings oor respondente se beoordeling:

**Stelling 1: Ons gemeente het 'n familie atmosfeer waarbinne my gesin tuis voel.** Ons kan uit die beoordeling duidelik sien dat 96% (168) respondente aandui dat hulle gemeente 'n familiekultuur het. Dit is beduidend hoog.

**Stelling 2: Ons gemeente se eredienste is uitnodigend vir alle generasies**. Ons kan uit die beoordeling duidelik sien dat 84,6% (148) respondente aandui dat hulle gemeente se eredienste uitnodigend vir alle generasies is. Dit is ook beduidend hoog.

**Stelling 3: Kind(ers) in ons gemeente voel dat ouer lidmate vir hulle omgee**. Ons kan uit die beoordeling duidelik sien dat 85,1% (149) respondente aandui dat kind(ers) in hul gemeentes voel dat ouer lidmate vir hulle omgee. Dit is ook beduidend hoog.

**Stelling 4: Ons gemeente is 'n plek waar seerkry gesinne ondersteun word**. Ons kan uit die beoordeling duidelik sien dat 89,7% (157) respondente hulle gemeentes ervaar as 'n plek waar seerkry gesinne ondersteun word. Weereens is dit beduidend. Hierdie hoë persentasie is wel 'n aanduideling dat die gemeentes van die respondente tog spesiale moeite doen met gesinne wat seerkry ervaar het.

**Stelling 5: Ons gemeente is 'n ruimte waar uitdagings van gesinne in ag geneem word (Gebrek aan tyd, vol programme, ens.)**. Ons kan uit die beoordeling duidelik sien dat 89,1% (156) respondente hul gemeentes ervaar as ruimtes waar uitdagings van gesinne in ag geneem word. Dit is weereens 'n beduidende hoë getal.

**Stelling 6: Ons gemeente maak gebruik van tegnologie om ons as ouers te ondersteun in my geloofsvormingstaak (deel artikels, stuur skakels na video's en ander hulpbronne, ens.)** Hieruit kan dus duidelik gesien word dat 65,1% (114) van die respondente se gemeentes wel gebruik maak van tegnologie om hulle as ouers te ondersteun in hulle geloofsvormingstaak.

Alhoewel die gemeentes van die respondente nie volledig intergenerasioneel inklusief funksioneer nie, kan tog gesê word dat gemeentes met ‘n gesins- en/of familie- en/of intergenerasionele fokus moeite doen om ‘n familiekultuur te ontwikkel.

### 6.4.14 Geloofsgewoontes

Onder hierdie punt word daar oor vraag 14 en 20 gerapporteer aangesien hierdie twee stelle vrae direk met mekaar verband hou. By beide vrae is nege geloofsgewoontes gekies wat in die literatuur uitgewys is as geloofsgewoontes in die ouerhuis wat die grootste effek op die geloofsvorming van kinders het.


Respondente is in vraag 14 gevra om te reflekteer hoe hierdie geloofsgewoonte tans in hulle huis beoefen word of toe die kind(ers) nog in die huis was hoe dit beoefen was. By vraag 20 is respondente gevra om te reflekteer oor hoe hierdie geloofsgewoontes in hulle gesinne van herkoms beoefen is. Respondente kon by beide vrae kies tussen die volgende opsies: *Nooit*; *Baie ongereeld* (een keer per week en minder); *Gereeld* (twee keer per week en meer); *Elke dag/Sondag*.

In onderstaande uiteensetting word vraag 14 telkens in die linkerkantste grafiek gerefekteer en vraag 20 in die regterkantste grafiek. In die uiteensetting wat na die grafieke volg, word telkens eers die eerste grafiek (Vraag 14) en dan die tweede grafiek (Vraag 20) bespreek. Elke geloofsgewoonte word nou afsonderlik bespreek.

#### 6.4.14.1 Bybellees tans en in gesin van herkoms

**Bybellees tans (vergelyk Figuur 6.15 volgende bladsy)**: In 42,8% (75) respondente se huise word die Bybel glad nie of nie gereeld saam gelees nie. In 57,2% (100) respondente se huise word die Bybel wel gereeld en daagliks saam gelees. Wanneer hierdie syfers vergelyk word met Bybellees in die gesin van herkoms soos hieronder gereflekteer, is daar ’n geringe toename in die lees van die Bybel in gesinne tans.

**Bybellees in gesin van herkoms (vergelyk Figuur 6.14)**: In 53,7% (94) respondente se gesin van herkoms is die Bybel glad nie of nie gereeld saam gelees nie. In 46,3% (81) respondente se gesinne van herkoms is die Bybel wel gereeld en daagliks saam gelees. Hierdie syfers stem merkwaardig ooreen met die syfers van die nasionale studie (Avenant & Hoffman 2015:66) waar 41% respondente aangedui het dat hulle gereeld huisgodsdiens in hulle gesin gehou het en 59% ongereeld en glad nie.





**Figuur 6.15: Bybellees tans**

**Figuur 6.14: Bybellees in gesin van herkoms**

### 6.4.14.2 Gebed in die gesin saam en in gesin van herkoms

**Gebed tans (vergelyk Figuur 6.16 volgende bladsy)**: In hierdie vraag is gebed voor ete ook pertinent uitgesluit. In 29,7% (52) respondente se huise word daar glad nie of nie gereeld saam gebid nie en in 70,20% (123) respondente se huise word daar wel gereeld of elke dag saam gebid. Dit is merkwaardig om te sien dat daar ’n verhoogde voorkoms van gebed in die huise tans voorkom wanneer dit vergelyk word met die voorkoms van gebed in die gesin van herkoms.

**Gebed in gesin van herkoms (vergelyk Figuur 6.17 volgende bladsy)**: In hierdie vraag is gebed voor ete ook pertinent uitgesluit. In 52,6% (92) respondente se huise is daar in hulle gesin van herkoms glad nie of nie gereeld saam gebid nie en in 47,4% (83) respondente sê in hulle gesin van herkoms is daar wel gereeld of elke dag saam gebid.





| Figuur 6.16: Gebed tans | Figuur 6.17: Gebed in gesin van herkoms |
|---|---|

### 6.4.14.3 Deling van geloofstories deur respondente binne hul gesin en deur hul ouers in hul gesin van herkoms


**Deling van geloofstories binne gesin tans (vergelyk Figuur 6.18 volgende bladsy)**: In hierdie vraag is 'geloofstorie' soos volg omskryf: om 'n besluit te neem om Christus te aanvaar en/of om my oortuiginge en Christelike ervarings te deel. In 56,5% (99) respondente se huise deel hulle hul geloofstories tans glad nie of nie gereeld nie en in 43,4% (76) respondente se huise word hulle geloofstories tans wel gereeld of elke dag gedeel.

**Deling van geloofstories binne gesin en in gesin van herkoms (vergelyk Figuur 6.19 volgende bladsy)**: In hierdie vraag is geloofstorie soos volg omskryf: om 'n besluit te neem om Christus te aanvaar en/of om my oortuiginge en Christelike ervarings te deel. In 73,7% (129) respondente se huise is geloofstories glad nie of nie gereeld gedeel nie en in 26,3% (46) respondente se huise is geloofstories wel gereeld of elke dag gedeel.

Wanneer deling van ouers se geloofstorie tans vergelyk word met deling in die gesin van herkoms, dan is dit tans hoër (26,3%) as wat in die gesin van herkoms gebeur het. Alhoewel die navraag in die nasionale studie (Avenant & Hoffman 2015:66) pa's (47%) en ma's (58%) se deling van hul geloofstories afsonderlik reflekteer, is híérdie syfers 43,4% effens laer as in die nasionale studie. In die nasionale studie het dieselfde definisie vir deling van hul geloofstorie gegeld.




**Figuur 6.18: Deling van geloofstories tans**





**Figuur 6.19: Deling van geloofstories in gesin van herkoms**

### 6.4.14.4 Geloofsgesprekke binne die gesin tans en in gesin van herkoms

**Geloofsgesprekke binne die gesin tans (vergelyk Figuur 6.20 volgende bladsy)**: In hierdie vraag is geloofsgesprekke soos volg omskryf: om te deel hoe God teenwoordig en aktief werksaam in ons en ander se lewens is en ander geloofsake met ’n geestelike strekking. In 36% (63) respondente se huise word daar glad nie of nie gereeld geloofsgesprekke gevoer nie en in 64% (112) respondente se huise word daar wel gereeld of elke dag geloofsgesprekke gevoer. Daar is beslis ’n verhoging van die voorkoms van geloofsgesprekke tans as dit vergelyk word met die voorkoms van geloofsgesprekke in die respondente se huise van herkoms soos hieronder gereflekteer.

**Geloofsgesprekke binne die gesin van herkoms (vergelyk Figuur 6.21 volgende bladsy)**: In hierdie vraag is geloofsgesprekke ook soos volg omskryf: om te deel hoe God teenwoordig en aktief werksaam in ons en ander se lewens is en ander geloofsake met ’n geestelike strekking. In 58,9% (103) respondente se gesinne van herkoms is daar glad nie of nie gereeld geloofsgesprekke gevoer nie en in 41,2% (72) respondente se gesinne van herkoms is daar wel gereeld of elke dag geloofsgesprekke gevoer.





| | |
|---|---|
| **Figuur 6.20: Geloofsgesprekke tans** | **Figuur 6.21: Geloofsgesprekke in gesin van herkoms** |


### 6.4.14.5 Dienslewering aan mense buite die gesin tans en in gesin van herkoms

**Dienslewering aan mense buite die gesin tans (vergelyk Figuur 6.22 volgende bladsy)**: In hierdie vraag is dienslewering soos volg omskryf: enige vorm van hulpverlening of ondersteuning]. In 52% (90) respondente se huise word daar glad nie of nie gereeld diens gelewer nie en in 48,5% (85) respondente se huise word daar wel dienslewering gedoen aan persone buite die gesin. Daar is ’n geringe verbetering wat dienslewering betref as dienslewering tans en dienslewering in die huis van herkoms met mekaar vergelyk word. Dit is verder weereens merkwaardig dat hierdie syfer so goed ooreenstem met die navorser se beperkte studie (Avenant, 2011:126) waar 50% van die respondente se gesinne gereeld en baie gereeld by dienslewering buite hulle huise betrokke was en 50% ongereeld of nooit. Dienslewering van gesinne is nie in die nasionale navorsing getoets nie.

**Dienslewering aan mense buite die gesin en in gesin van herkoms (vergelyk Figuur 6.23 volgende bladsy)**: In hierdie vraag is dienslewering ook soos volg omskryf: enige vorm van hulpverlening of ondersteuning. In 59,4% (104) respondente se gesin van herkoms is daar glad nie of nie gereeld diens gelewer nie en in 40,6% (71) respondente se gesin van herkoms is daar wel dienslewering gedoen aan persone buite die gesin.




**Figuur 6.22: Dienslewering**





**Figuur 6.23: Dienslewering in gesin van herkoms**


### 6.4.14.6 Erediensbywoning as gesin en in gesin van herkoms

**Erediensbywoning as gesin tans (vergelyk Figuur 6.24)**: 6,8% (12) respondente dui aan dat hulle glad nie of nie gereeld as gesin eredienste bywoon nie. 93,14% (163) respondente dui wel aan dat hulle gereeld en elke Sondag as gesin eredienste bywoon. Uit hierdie syfers is dit duidelik dat daar sterk ooreenkomste en selfs 'n geringe verbetering is in erediensbywoning as ons erediensbywoning tans en erediensbywoning in die huise van herkoms vergelyk.

**Erediensbywoning in gesin van herkoms (vergelyk Figuur 6.25)**: 15,4% (27) respondente dui aan dat hulle glad nie of nie gereeld in hulle gesin van herkoms eredienste bygewoon het nie. 84,6% (148) respondente dui aan dat hulle gereeld in hulle gesin van herkoms eredienste bygewoon het.




**Figuur 6.24: Erediensbywoning tans**





**Figuur 6.25: Erediensbywoning in gesin van herkoms**

### 6.4.14.7 Persoonlike Bybellees tans en pa en ma in huis van herkoms, sien Bybellees

**Persoonlike Bybellees tans (vergelyk Figuur 6.26)**: In hierdie vraag is daar pertinent gevra of respondente op hul eie Bybel lees, wanneer hulle nie vir hulle kind(ers) Bybel lees nie. 28% (49) respondente lees glad nie of nie gereeld op hul eie Bybel nie en 72% (126) respondente lees wel gereeld of elke dag op hul eie Bybel.

**Pa sien Bybellees in gesin van herkoms (vergelyk Figuur 6.27)**: In hierdie vraag is daar pertinent gevra of respondente hulle pa's sien Bybellees het wanneer hulle nie vir hulle as kind(ers) gelees het nie. 48% (84) respondente het of glad nie of baie ongereeld hulle pa's op hul eie sien Bybellees en 52% (91) respondente het wel gereeld of elke dag hul pa's op hul eie sien Bybellees.

**Ma sien Bybellees in gesin van herkoms: Bybellees (vergelyk Figuur 6.28)**: In hierdie vraag is daar pertinent gevra of respondente hulle ma's sien Bybellees het wanneer hulle nie vir hulle as kind(ers) gelees het nie. 33,7% (59) respondente het of glad nie of baie ongereeld hulle ma's op hul eie sien Bybellees en 66,3% (116) respondente het wel gereeld of elke dag hul ma's op hul eie sien Bybellees.





| Figuur 6.26: Bybellees tans | Figuur 6.27: Pa sien Bybellees | Figuur 6.28: Ma sien Bybellees |
|---|---|---|

### 6.4.14.8 Geloofsperspektief op waardes en norme en rede hoekom reëls geld tans en in gesin van herkoms


**Geloofsperspektief op waardes en norme en rede hoekom reëls geld tans (vergelyk Figuur 6.29 volgende bladsy)**: 22,8% (40) respondente dui aan dat hulle nooit of baie ongereeld 'n geloofsperspektief gee op waardes en norme en ook nie die redes hoekom reëls geld nie. 77,1% (135) respondente dui aan dat hulle baie gereeld

en elke dag ’n geloofsperspektief gee op waardes en norme en redes gee hoekom reëls geld.

**Geloofsperspektief op waardes en norme en rede hoekom reëls geld in gesin van herkoms (vergelyk Figuur 6.30)**: 37,1% (65) respondente dui aan dat hulle nooit of baie ongereeld ’n geloofsperspektief gegee is op waardes en norme en ook nie redes gegee is hoekom reëls geld nie. 62,9% (110) respondente dui aan dat hulle baie gereeld en elke dag ’n geloofsperspektief gegee is op waardes en norme en redes gegee is hoekom reëls geld.




**Figuur 6.29: Geloofsperspektief tans**




**Figuur 6.30: Geloofsperspektief in huis van herkoms**


### 6.4.14.9 Eet saam as gesin tans en in gesin van herkoms

**Eet saam as gesin tans (vergelyk Figuur 6.31 volgende bladsy)**: 36% (63) respondente eet glad nie of nie gereeld as gesin saam nie en 64% (112) respondente eet gereeld of elke dag as gesin saam.


**Eet saam as gesin in gesin van herkoms (vergelyk Figuur 6.32 volgende bladsy)**: 10,3% (18) respondente het of glad nie of nie gereeld as gesin saam geëet nie en 89,7% (157) respondente het gereeld of elke dag as gesin saam geëet in hulle gesin van herkoms.

Dit is belangrik om daarop te let dat daar ’n afname is van gesinne wat saam eet. Waar 10,3% van die respondente aandui dat hulle gesinne nooit of baie ongereeld saam as gesin geëet het in hulle gesinne van herkoms, eet 36% van die respondente tans ongereeld of nooit saam as gesin nie. Dit is ’n afname van 25,7%. Waar 89,9% respondente gereeld of elke dag as gesin saam geëet het in hulle huise van herkoms,

dui 64% aan dat hulle tans gereeld of elke dag as gesin saam eet. Dit is ’n afname van 25,9%. Daar is ook sekerlik verskeie faktore wat hiertoe bydra. Ongeag die faktore, is dit ’n belangrike aanduiding van veranderde gedragspatrone in gesinne.





**Figuur 6.31: Eet as gesin saam tans**




**Figuur 6.32: Eet as gesin saam in huis van herkoms**

### 6.4.15 Motivering hoekom moeite gedoen word met geloofsvorming

In vraag 15 is spesifiek na die motivering van ouers rondom geloofsvorming ingevra. Respondente kon by hierdie vraag soveel motiverende faktore as wat van toepassing is, merk. Soos in onderstaande grafiek (**vergelyk Figuur 6.33**) gesien kan word, staan drie sake uit: Respondente wil graag sien dat hul kind(ers) ook in 'n verhouding met Jesus Christus leef, gehoor gee aan hul doopbelofte en vir hul kinders gee wat hulle ervaar het.




**Figuur 6.33: Motivering vir moeite met geloofsvorming**

### 6.4.16 Betrokkenheid van grootouers, ma's en pa's in geloofsvorming

#### 6.4.16.1 Betrokkenheid van grootouers

In Figuur 6.34 op die volgende bladsy kan duidelik gesien word hoe die grootouers by hul kleinkinders se geloofsvorming betrokke is. Die grafiek dui telkens die aantal respondente aan wat vir 'n spesifieke opsie gekies het. Meer as twee derdes van die respondente se ouer(s) speel 'n beduidende rol by die geloofsvorming van hulle kleinkind(ers). Hierdie feit mag nie geïgnoreer word nie. 68,6% (120) respondente het aangedui dat hul ouer(s) gereeld en baie betrokke is by hul kleinkind(ers) se geloofsvorming. Dit beteken dat grootouers beslis betrek behoort te word by enige toerusting en programme wat intergenerasioneel aangebied word.


#### 6.4.16.2 Betrokkenheid van pa

In Figuur 6.34 kan duidelik gesien word hoe betrokke pa's by hul kinders se geloofsvorming is. Dit is verblydend om duidelik te sien dat 'n beduidende groep pa's 89,1% (156) gereeld en baie betrokke is by die geloofsvorming van hulle kind(ers).

#### 6.4.16.3 Betrokkenheid van ma

In Figuur 6.34 kan duidelik gesien word hoe betrokke ma's by hul kinders se geloofsvorming is. Dit is ook verblydend om te sien dat verreweg die meerderheid

ma's 95,4% (167) gereeld en baie betrokke is by die geloofsvorming van hulle kind(ers).




**Figuur 6.34: Betrokkenheid van grootouers, ma's en pa's by geloofsvorming**

### 6.4.17 Uitdagings ten opsigte van geloofsvorming in die huis

Respondente kon by hierdie vraag soveel uitdagings as wat van toepassing is, merk. Die top tien uitdagings wat respondente ervaar ten opsigte van geloofsvorming in die huis (gesin of familie) word in Figuur 6.35 in prioriteitsvolgorde geplaas soos wat die respondente daarop gereageer het. Vraag 17 is soos volg geformuleer: Wat is die uitdagings wat jy tans beleef ten opsigte van geloofsvorming in jou huis?

Die uitdagings wat respondente beleef ten opsigte van geloofsvorming in die huis is uiteenlopend. Daar is egter een uitdaging wat uitstaan by meer as twee derdes van die respondente naamlik om tyd te vind as familie saam. Die persentasies van die ander uitdagings is aansienlik laer. Die uitwysing van 'n gebrek aan tyd is vir hierdie studie van baie groot belang. Daar sal in alles wat beplan word, deeglik kennis geneem moet word van hierdie uitdaging.

| Prioriteits volgorde | Uitdagings ten opsigte van geloofsvorming in die huis | Respondente |
|---|---|---|
| 1 | Om tyd te vind as familie saam | 69,1% (121) |
| 2 | 'n Gebrek aan kundigheid om deurgange om te skakel in geloofsvormingsgeleenthede | 21,1% (37) |

| Prioriteits volgorde | Uitdagings ten opsigte van geloofsvorming in die huis | Respondente |
|---|---|---|
| 3 | Ander.<br>‘n Verskeidenheid sake is by ‘Ander’ bygevoeg, waarvan net een uitstaan. 10 respondente het aangedui dat hulle geen uitdaging beleef nie. | 16% (28) |
| 4 | ’n Gebrek aan belangstelling van hul kind(ers) | 12,6% (22) |
| 5 | ’n Gebrek aan ondersteuning (lewensmaat, grootouers, ander persone in huis) | 12% (21) |
| 6 | Weet nie wat om te doen ten opsigte van geloofsvorming nie; | 10.9% (19) |
| 7 | ’n Gebrek aan selfvertroue om leiding te neem in geloofsvorming; | 10,9% (19) |
| 8 | Geen voorbeeld as kind gehad wat om te doen ten opsigte van geloofsvorming nie; | 8% (14) |
| 9 | ’n Gebrek aan ’n kultuur waar hulle oor geloofsake in hul huis kan praat; | 7,4% (13) |
| 10 | Hoë vlakke van konflik in hul huis; | 6,9% (12) |

**Figuur 6.35: Uitdagings ten opsigte van geloofsvorming in die huis**

### 6.4.18 Beoordeling van waarde wat faktore binne die huis het op geloofsvorming van kind(ers)

By vraag 18 is respondente gevra om veertien faktore binne die huis te evalueer. Telkens moes aangedui word wat die waarde van elke faktor tans is, of wat die waarde in die verlede, toe die kind(ers) in die huis was, gehad het op die geloofsvorming van hul kind(ers). Respondente moes die waarde van elke faktor beoordeel deur een van die volgende vier opsies te kies: Ons het of doen dit nie; Geringe waarde; Baie waardevol en Uiters waardevol. Vir hierdie studie se doeleindes is die twee laaste keusemoontlikhede (baie waardevol en uiters waardevol) bymekaar getel.

Die faktore wat in die huis die grootste waarde het ten opsigte van geloofsvorming is in Figuur 6.36 in prioriteitsvolgorde gelys soos deur die respondente bepaal. Die tweede kolom wys weereens hoe elke faktor verbind met geloofsvorming (Vergelyk hoofstuk 4 [4.3.4.2]). Die faktore wat die grootste invloed op geloofsvorming het, word in hierdie kolom weereens gekategoriseer in terme van identiteit & kultuur, klimaat en

praktyke, wat as instrumente gebruik word vir latere verwysing: Vraag 18 is soos volg geformuleer: Beoordeel die waarde van die volgende faktore in jou/julle huis op julle kinders se geloofsvorming tans (of in die verlede indien jou kinders die huis reeds verlaat het)?

| **Prioriteits-volgorde** | **Geloofs-vorming** | **Waarde van faktore in die huis t.o.v. geloofsvorming** | **Respondente** |
|---|---|---|---|
| 1 | ID & kultuur | Die geloof van die ma in die gesin | 97,7% (171) |
| 2 | ID & kultuur | Die steun op geloof in krisistye & Vastigheid van morele oortuigings | 97,1% (170) |
| 3 | Klimaat | Warm liefdevolle verhoudings in huis | 96% (168) |
| 4 | Geloofs-praktyk | Die gereelde bywoning van eredienste in ons gemeente | 93,1% (163) |
| 5 | ID & kultuur | Die geloof van die pa in die gesin | 90,3% (158) |
| 6 | ID & kultuur | Familiegesprekke oor geloof | 88,6% (155) |
| 7 | Geloofs-praktyk | Om saam as gesin te bid | 88% (154) |
| 8 | ID & kultuur | Die geloof van die ouma's en oupa's | 85,7% (150) |
| 9 | Geloofs-praktyk | Bybellees as gesin saam | 80,6% (141) |
| 10 | Geloofs-praktyk | Begeleiding en voorbereiding van lewensdeurgange | 78,3% (137) |
| 11 | Geloofs-praktyk | Dienslewering as gesin (saam met gemeente of net as gesin) | 76% (133) |
| 12 | Geloofs-praktyk | Lees van geestelike boeke | 57,1% (100) |
| 13 | Klimaat | Spesifieke geloofsimbole in die huis | 52% (91) |

**Figuur 6.36: Waarde van faktore in huis ten opsigte van geloofsvorming**

Dit is belangrik om hier op te merk dat die eerste, tweede en vyfde (dus drie van die top-vyf) belangrikste faktore in die huis ten opsigte van geloofsvorming met identiteit & kultuur te doen het. Die derde faktor het met klimaat te doen en die vierde met 'n geloofspraktyk (Vergelyk hoofstuk 4 [4.3.4.2]). Dit is verder ook belangrik om uit te wys dat die vierde belangrikste faktor wat uitgewys is 'n geloofspraktyk is. Dit verteenwoordig die eerste formele aksie wat geneem word in 'n huis.

### 6.4.19 Algemene stellings oor geloof en geloofsvorming

By vraag 19 is respondente gevra hoe hulle oordeel oor die volgende stellings. Die 8 stellings is numeries hieronder bespreek **(vergelyk Figuur 6.37 op ‘n volgende bladsy**) en stem ooreen met die alfabetiese simbole in figuur 63 drie bladsye verder.

**1. Die huis is die primêre plek waar kinders se geloof gevorm word**

Alhoewel 78,3% (137) respondente met beslistheid aandui dat die huis die primêre plek is waar kinders se geloof gevorm word, is daar ’n baie groot bewustheid en instemming onder die respondente [98,9% (173)] dat die huis die primêre plek is waar geloof gevorm word (stem saam en stem beslis saam).

**2. Ek beskou myself as dissipel van Jesus Christus waar ek is elke dag**

Alhoewel 60% (105) respondente met beslistheid aandui dat hulle saamstem met die stelling en elke dag waar hulle is as dissipels van Jesus Christus leef, is dit merkwaardig dat 96,6% (169) respondente dus aandui dat hulle hulself as dissipels van Jesus Christus beskou waar hulle elke dag is (stem saam en stem beslis saam).

**3. Ons gemeente ondersteun ons genoegsaam in ons geloofsvormingstaak**

Alhoewel slegs 27,4% (48) respondente met beslistheid aandui dat hulle gemeente hulle genoegsaam ondersteun in hulle geloofsvormingstaak, beleef 88,6% (155) respondente tog dat die gemeente hulle genoegsaam ondersteun in hulle geloofsvormingstaak (stem saam en stem beslis saam).

**4. Ouers wil graag betrokke wees by hul kinders se geloofsvorming, maar weet net nie hoe nie**

Alhoewel slegs 12,6% (22) respondente met beslistheid saamstem dat die stelling waar is dat ouers graag betrokke wil wees by hul kinders se geloofsvorming, maar nie weet hoe nie, glo 74,3% (130) respondente tog dat die stelling waar is (stem saam en stem beslis saam). Wanneer hierdie stelling saam met die stelling by 1 gelees word, is dit duideik dat die kerk nie nodig het om ouers te oortuig van die belangrikheid van hulle rol nie, maar eerder oor wat dit behels en hoe dit gedoen kan word.

**5. Ek word sterk gemotiveer in my geloofsvormingstaak deur die geloofsvoorbeeld van my pa**

Alhoewel slegs 28,6% (50) respondente met beslistheid aandui dat hul sterk gemotiveer word deur die geloofsvoorbeeld van hulle pa, dui steeds meer as twee-derdes van die respondente [68,6% (120)] tog aan dat die stelling waar is vir hulle

(stem saam en stem beslis saam). Dit is merkwaardig hoe naby hierdie syfer kom aan die nasionale navorsing se syfer (Avenant & Hoffman 2015:64) waar 66% van die respondente (betrokke ouers) aangedui het dat hulle pa's die tweede grootste invoed op hulle geloofsvorming gehad het. Die negatiewe reaksie van respondente op hierdie stelling mag ook nie net geignoreer word nie. Byna 'n derde [31,4% (55)] dui aan dat hulle nie deur die voorbeeld van hulle pa gemotiveer word in hulle geloofsvormingstaak van hul kinders nie. Hierdie syfers dui waarskynlik op verskeie faktore.

6. **Ek word sterk gemotiveer in my geloofsvormingstaak deur die geloofsvoorbeeld van my ma**

Alhoewel slegs 37,7% (66) respondente met beslistheid aandui dat hul sterk gemotiveer word deur die geloofsvoorbeeld van hulle ma, dui meer as twee-derdes van die respondente 77,1% (135) tog aan dat die stelling waar is vir hulle (stem saam en stem beslis saam). Dit is hier ook merkwaardig hoe naby hierdie syfer kom aan die nasionale navorsing se syfer (Avenant & Hoffman 2015:64) waar 82% van die respondente (betrokke ouers) aangedui het dat hulle ma's die grootste invoed op hulle geloofsvorming gehad het. Alhoewel die negatiewe syfers by hierdie steling nie so hoog is soos by die pa's nie, dui 22,9% (40) aan dat hulle nie deur die voorbeeld van hulle ma gemotiveer word in hulle geloofsvormingstaak van hul kinders nie. Hierdie syfers dui ook waarskynlik op verskeie faktore, maar mag nie geïgnoreer word nie.

7. **Ek het geloofsgewoontes (Bybellees, bid, erediensbywoning, ens.) in my eie ouerhuis aangeleer.**

Alhoewel slegs 45,7% (80) respondente met beslistheid aandui dat hulle glo die stelling waar is dat hulle geloofsgewoontes in hul eie ouerhuis aangeleer het, is daar 84% (147) respondente wat aandui dat hulle saamstem en beslis saamstem dat hierdie stelling waar is van hulle.

8. **Ek sien dit as deel van my roeping as ouer om my kind op 'n pad van dissipelskap te begelei.**

Die grootste meerderheid van die respondente 98,9% (173) stem saam of stem beslis saam en sien dit as hulle roeping as ouer om hul kind(ers) op 'n pad van dissipelskap te begelei. Hierdie inligting is belangrik en gee gemeentes die geleentheid om ouers te begelei oor wat dissipelskap regtig behels en om die huis te benut as die primêre ruimte om dissipels te vorm.




**Figuur 6.37: Stellings t.o.v. geloof, geloofsvorming**

### 6.4.20 Geloofsgewoontes in gesin van herkoms

By vraag 20 is respondente gevra om te reflekteer hoe die gekose nege geloofsgewoontes in hulle gesinne van herkoms beoefen is. Daar is reeds by 6.4.14 volledig gereflekteer oor hoe respondente op hierdie vraag gereageer het.

### 6.4.21 Respondente se intergenerasionele kontak met persone uit ’n ander generasie op geloofsvlak

In die literatuur is uitgewys dat wanneer volwassenes van ’n gemeente in ’n verhouding staan met kinders en jongmense en tyd op ’n persoonlike en geestelike vlak in jongmense se lewens investeer, verhoog dit die kanse dat jongmense na skool steeds betrokke sal wees by die kerk. Dienslewering en verhoudingsbou van jongmense met kinders wat jonger as hulle is, dra ook by tot verhoogde betrokkenheid. Vraag 21 is as volg geformuleer: Met hoeveel persone van julle gemeente, uit 'n ander generasie (uitgesluit jou ouers), het jy op 'n gereelde basis interaksie op 'n geloofsvlak gehad toe jyself in die hoërskool was? Die respondente kon een van vier moontlikhede kies: Geen; Net een; Twee tot vyf en Meer as vyf. Die respondente se reaksie kan duidelik gesien word in Figuur 6.38.

Hierdie inigting bring nie op sigself nuwe kennis na die tafel toe nie, maar kan wel, wanneer verbande met ander navorsing getrek word, waardevolle inligting ontsluit.




**Figuur 6.38:** **Hoeveelheid gereelde kontak met persone uit ander generasie**

### 6.4.22 Persone wat tans die grootste invloed by die gemeente op kinders se geloofsvorming het

In vraag 22 is gepoog om vas te stel watter persone by die gemeente tans die grooste invloed op kinders en jongmense se geloofsvorming het. Respondente kon by hierdie vraag soveel persone as wat van toepassing is, merk. Die top agt persone in die gemeente wat die grootste invloed op respondente se kinders se geloofsvorming het of gehad het, is in Figuur 6.39 in prioriteitsvolgorde geplaas. Vraag 22 is soos volg geformuleer: Watter persoon/persone by die kerk/gemeente het tans die grootste invloed op jou kind(ers) se geloofsvorming?

Die persone wat volgens die respondente die grootste invloed op die geloofsvorming van hulle kind (ers) by die gemeente het, is soos volg:

| Prioriteitsvolgorde | Persone met grootste invloed op geloofsvorming in gemeente | Respondente |
|---|---|---|
| 1 | Kategete/sondagskool-onderwyser | 63,4% (111) |
| 2 | Die predikant (e) | 53,7% (94) |
| 3 | Die jeugpredikant | 42,9% (75) |
| 4 | Vriende/maats | 38.9% (68) |
| 5 | Jeugwerker/ volwassebegeleier | 34,3% (60) |
| 6 | Ander volwassenes by die kerk | 17,7% (31) |
| 7 | Bedieningsleiers | 12,6% (22) |
| 8 | Omgee- of kleingroepleier | 10,9% (19) |

**Figuur 6.39:** **Persone in gemeente met grootste invloed op geloofsvorming**

Dit is opmerklik dat binne die gemeente, ***hoofsaaklik amptelike leiers*** deur respondente uitgewys is as persone wat ’n beduidende invloed in geloofsvorming het. Dit beteken dat intergenerasionele geloofsvorming tans hoofsaaklik deur amptelike leiers plaasvind. Dit is op sigself nie sleg nie, maar wys ’n tendens uit dat daar betreklik min ander diep verhoudings binne gemeentes plaasvind.

### 6.4.23 Eienskappe van persone wat ’n groot invloed op die kinders van die respondente se geloofsvorming het

In hierdie vraag is gepoog om vas te stel watter eienskappe volgens die respondente die grootste invloed op hulle kinders se geloofsvorming het. Nege eienskappe, wat deur die literatuur uitgewys is, is gelys. Respondente kon soveel eienskappe as wat van toepassing is, merk. Die eienskappe wat as die belangrikstes uitgewys is, word hieronder in figuur 66 in prioriteitsvolgorde op die volgende bladsy gelys. Die tweede kolom gee weereens ’n aanduiding van hoe die eienskap verbind met geloofsvorming (Hoofstuk 4 punt 4.3.4.2). Die faktore wat die grootste invloed op geloofsvorming het, word in hierdie kolom gekategoriseer in terme van identiteit & kultuur, klimaat en praktyke, wat as instrumente gebruik word vir latere verwysing: Vraag 23 is soos volg geformuleer: Oor watter eienskappe beskik daardie persoon/persone by die kerk/gemeente wat so 'n groot invloed op jou kind(ers) se geloofsvorming het?

| Prioriteits-volgorde | Geloofs-vorming | Eienskappe van persone by kerk wat grootste invloed op geloofsvorming het | Respondente |
|---|---|---|---|
| 1 | Klimaat, ID & kultuur | die manier waarop die persoon/ persone oor geloof en die boodskap kommunikeer | 72% (126) |
| 2 | ID & kultuur | die konstante toegewyde verhouding met die Here oor jare heen | 65,1% (114) |
| 3 | Klimaat | hulle verwelkomende geaardheid | 64% (112) |
| 4 | ID & kultuur | die korrelasie tussen wat hulle doen en sê | 48,6% (85) |
| 5 | Klimaat, ID & kultuur | die feit dat die persoon/persone na jou/jul familie/jou kind(ers) uitgereik en kontak behou het | 42,3% (72) |

| Prioriteits-volgorde | Geloofs-vorming | Eienskappe van persone by kerk wat grootste invloed op geloofsvorming het | Respondente |
|---|---|---|---|
| 6 | ID & kultuur | die feit dat die persoon saam met jou/ julle deelneem/deelgeneem het aan enige vorm van bediening | 39,4% (64) |

**Figuur 6.40: Eienskappe van persone by gemeente met groot invloed**

Dit is opmerklik dat die eerste ses eienskappe, maar veral die eerste drie (uitgewys deur 50% en meer) wat deur respondente uitgewys is, te doen het met 'n deurleefde geloof. Dit is ook merkwaardig om te sien dat die eerste aantal eienskappe met kultuur,identiteit en klimaat te doen het. Hieruit kan dus afgelei word dat geleefde geloof by persone wat by die kerk 'n groot invloed op respondente se kinders uitoefen beter bydra (groter invloed het) tot geloofsvorming.

## 6.5 Verbande tussen die veranderlikes

Kwantitatiewe navorsing is volgens Osmer (2008:49) by uitstek daarop gerig om die verbande tussen veranderlikes vas te stel. Dit help om patrone en verhoudings te bepaal wat weer kan help om vas te stel watter sake bygedra het om byvoorbeeld geloofsvorming op 'n spesifieke wyse te impakteer. Wanneer dit vasgestel is, kan daar moontlike aanbevelings gemaak word oor die wyse waarop die bedieningspraktyk aangepas kan word om die nodige impak in jongmense se lewens teweeg te bring.

In 'n tweede fase van die kwantitatiewe navorsing is 'n Chi-kwadraat toets (of $\chi 2$-toets) op elke vergelyking gedoen. Dit is 'n onafhanklikheidstoets wat werk met 'n nulhipotese waar twee veranderlikes met mekaar vergelyk word met die veronderstelling dat daar geen verband of assosiasie tussen die twee is nie. Hierdie toets is gedoen om te bepaal of daar verbande of assosiasies tussen die veranderlikes in die vraelys bestaan (Field 2005:682-686). Binne hierdie toets is daar wel 'n verband tussen twee veranderlikes indien die P-waarde minder as 0,05 is. Indien die toets se P-waarde dan kleiner as 0,05 is, word die nulhipotese ten gunste van die alternatiewe hipotese verwerp. Dit beteken dan dat daar wel 'n verband of assosiasie is.

Die navorsing het uitgewys dat daar beslis sterk verbande bestaan tussen ’n hele klomp veranderlikes in hierdie navorsing. Slegs die wat relevant vir hierdie studie is, word verder uitgelig. Die relevansie daarvan word ook bespreek en moontlike afleidings word daaruit gemaak.

Die navorser het die Pearson chi-kwadraattoets (of $\chi 2$-toets) op elkeen van die kruistabelle gedoen om die nulhipotese van geen assosiasie of geen verskil tussen hoe die betrokke vrae beantwoord is, te toets. Daar is wel betekenisvolle assosiasies (verskille) gevind by die volgende vrae:

### 6.5.1 Verbande tussen geslag van respondente en faktore in die gemeente wat die grootste positewe effek op hul familie se geloofsvorming het

#### 6.5.1.1 Verbande tussen geslag en effek van toerusting op gesin se geloofsvorming

Daar bestaan wel ‘n betekenisvolle assosiasie (of verskil) tussen respondente se geslag en die effek wat toerusting op hul familie se geloofsvorming het. Vir hierdie kruistabel dui die $\chi 2$-waarde=5.20, met 1 vryheidsgraad, ’n p-waarde van 0.0225 aan. Daar is geen waarskuwing dat daar selle in die kruistabel is met verwagte waardes minder as 5 nie.

Daar is geen selle in die kruistabelle wat “*anders*” as die ander is nie, omdat geen “Cell chi-square”-waarde die kritieke waarde groter as 3.841 is nie. Daar is dus geen sel anders nie (daar is dus nie ’n betekenisvolle verskil nie). Ons kan dus hieruit aflei dat die betekenisvolle assosiasie die hoë persentasie is wat beide geslagte (88,14% [52/59] manlike en 73,04% [84/115] vroulike respondente) nie gemerk het dat toerustingsgeleenthede ’n positiewe effek op hul familie se geloofsvorming het nie. Andersom is dit ook waar: slegs ’n klein persentasie respondente [11,86% (7/59) manlike - en 26,96% (31/115) vroulike respondente] het aangedui dat toerustingsgeleenthede wel ’n positiewe effek op die geloofsvorming van hul gesinne het. Hierdie stukkie inligting is van groot waarde, aangesien toerusting ‘n sleutelrol speel in jeug- en ander bedieninge.

**Moontlike interpretasie**: Hierdie inligting kan verskillend geïnterpreteer word:

- Of respondente se gemeente het geen sulke toerusting nie;

- Of die gemeente het sulke toerustingsgeleenthede, maar respondente woon dit om watter rede ook al nie by nie;
- Of die gemeentes het suke toerustingsgeleenthede, maar dit het nie enige effek op die gesinne se geloofsvorming nie.

#### 6.5.1.2 Verbande tussen geslag en die effek van rolmodelle in die gemeente op geloofsvorming

Daar bestaan wel ‘n betekenisvolle assosiasie (of verskil) tussen respondente se geslag en die effek wat goeie rolmodelle in die gemeente op hul familie se geloofsvorming het. Vir hierdie kruistabel dui die $\chi 2$-waarde= 4.38 met 1 vryheidsgraad, ’n p-waarde van 0.0363 aan. Daar is geen waarskuwing dat daar selle in die kruistabel is met verwagte waardes van minder as 5 nie.

Daar is geen selle in die kruistabelle wat “*anders*” as die ander is nie, omdat geen “Cell chi-square”-waarde groter as die kritieke waarde van 3.841 is nie. Daar is dus geen sel anders nie (daar is dus nie ’n betekenisvolle verskil nie). Hieruit kan dus afgelei word dat die betekenisvolle assosiasie die hoë persentasie is wat beide geslagte [71,19% [42/59] manlike en 54,78% [63/115] vroulike respondente] aangedui het deur nie te gemerk het dat goeie positiewe rolmodelle in die gemeente ‘n effek op hul familie se geloofsvorming het nie. Manlike respondente voel beslis sterker hieroor. Andersom is dit ook waar: ’n klein persentasie respondente het aangedui dat goeie positiewe rolmodelle in die gemeente wel ’n positiewe effek op die geloofsvorming van hul familie het. 28,81% (17/59) manlike respondente en 45,22% (52/115) vroulike respondente het aangedui dat goeie positiewe rolmodelle in die gemeente wel ’n positiewe effek op hul familie se geloofsvorming het. Vroulike respondente is wel minder negatief hieroor, maar die meerderheid het tog nie hierdie saak gemerk nie.

**Moontlike interpretasie**: Hierdie inligting kan verskillend geïnterpreteer word:

- Of daar is geen of slegs beperkte kontak tussen die verskillende generasies by die gemeente;
- Of daar is wel kontak, maar na die oordeel van die respondente is die invloed op geloofsvorming nie groot nie;
- Lees mens hierdie inligting saam met die resultate van vraag 22 en 23, dan wil respondente hiermee aandui dat buiten die amptelike persone wat met hulle

kinders werk (soos die predikant en die kategeet) daar nie baie sulke rolmodelle is nie.

Lees mens egter hierdie vergelykende inligting saam met 4.7 (vraag 7) en 4.22 & 4.23, dan blyk dit of die eerste en laaste stellings saam waar is.

#### 6.5.1.3 Verskille tussen mans en vroue se top vier faktore wat die grootste positiewe effek op respondente se familie se geloofsvorming in die gemeente het

Dit is baie interessant dat die top vier faktore in die gemeente wat volgens die manlike respondente die grootste positiewe effek op hulle families se geloofsvorming het, grootliks ooreenstem met die vroue s'n. Dit is net die volgorde wat verskil:

**Die manlike respondente se top vier**: 1. Die warm, liefdevolle en verwelkomende gesindheid in die gemeente (79,66%); 2. Deelname aan die erediens op gereelde basis (69,49%) en 3. Ervaring van behoort/tuiswees in die gemeente (67,80%); 4. Kategese/Sondagskool/Belydenisklas (66,10%).
**Die vroulike respondente se top drie**: 1. Kategese/Sondagskool/Belydenisklas (76,52%); 2. Die warm, liefdevolle en verwelkomende gesindheid in die gemeente (74,78%) en 3. Deelname aan die erediens op gereelde basis (72,17%) en Ervaring van behoort/ tuiswees in die gemeente (72,17%).

Dit is weereens interessant dat mans en vroue dieselfde dink oor die top-vier faktore alhoewel hulle volgorde verskil. Weereens word daar gevind dat die georganiseerde formele sake van erediens en kategese en informele sake van warm/liefdevolle en verwelkomende gesindheid en die ervaring van behoort/tuiswees die botoon voer.

### 6.5.2 Verbande tussen moment wanneer respondente op hulle geloofsreis die Here leer liefkry en gegroei het en die waarde van die aanleer van geloofsgewoontes in hulle huis van herkoms

Daar bestaan 'n betekenisvolle assosiasie (of verskil) tussen die moment wanneer respondente op hulle geloofsreis die Here leer liefkry en gegroei het (v6) en die waarde van die aanleer van geloofsgewoontes in hulle huis van herkoms (v19g). Vir hierdie kruistabel dui die $\chi 2$-waarde= 21.58, met 4 vryheidsgrade, 'n p-waarde van 0.0002 aan. Daar is wel 'n waarskuwing dat 60% selle in die kruistabelle waardes van minder as 5 het, maar vir hierdie kruistabelle is hierdie selle nie gebruik nie.

Daar is twee selle in die kruistabelle wat “anders” is, omdat “Cell chi-square”-se waarde groter as die kritieke waarde van 3.841 is. Hier kan die verwagte en waargenome frekwensies dus geïnterpreteer word.

Minder as die verwagte 15,38% (18/117) respondente wat grootgeword het in ’n Christelike ouerhuis en op hulle lewenspad die Here leer liefkry en gegroei het in hulle verhouding met die Here, het aangedui dat geloofsgewoontes in hulle huis van herkoms geringe waarde gehad het of dat hulle geensins geloofsgewoontes in hulle huise van herkoms aangeleer het nie. (Sel Chi-Square = 5,1298). Dit verteenwoordig 32,14% (9/28) van die respondente wat aangedui het dat geloofsgewoontes ’n geringe waarde in hulle lewens gehad het of dat hulle nie geloofsgewoontes in hulle huis van herkoms aangeleer het nie. Dit moet saamgelees word met die 92,31% (108/117) respondente wat grootgeword het in ’n Christelike ouerhuis en op hulle lewenspad die Here leer liefkry en gegroei het in hulle verhouding met die Here, wat ook aangedui het dat geloofsgewoontes wat hulle in hulle huis van herkoms aangeleer het, baie en uiters waardevol was.

Hieruit kan dus duidelik afgelei word dat daar ’n direkte korrelasie is tussen persone wat in ’n Christelike ouerhuis grootword het en op hulle lewenspad die Here leer liefkry het en gegroei het in hulle verhouding met die Here, en die waarde wat so ’n persoon beleef wat die geloofsgewoontes wat hulle in hul huis van herkoms aangeleer het, toevoeg in hulle lewens.

Die tweede sel in die kruistabel wat anders is: Meer as die verwagte 16,08% (7,40/46) respondente wat grootgeword het in ’n Christelike ouerhuis, maar eers later in hulle lewe in ’n persoonlike verhouding met die Here begin lewe en gegroei het in hul verhouding met die Here, het aangedui dat geloofsgewoontes in hulle huis van herkoms geringe waarde gehad het of dat hulle geensins geloofsgewoontes in hulle huise van herkoms aangeleer het nie. (Sel Chi-Square = 5,8806). Dit verteenwoordig 50% (14/28) van die respondente wat aangedui het dat geloofsgewoontes ’n geringe waarde in hulle lewens gehad het of dat hulle nie geloofsgewoontes in hulle huis van herkoms aangeleer het nie. Dit moet weer saamgelees word met die 69,57% (32/46) respondente wat grootgeword het in ’n Christelike ouerhuis, maar eers later in hulle lewe in ’n persoonlike verhouding met die Here begin lewe het en gegroei het in hul

verhouding met die Here, wat ook aangedui het dat geloofsgewoontes wat hulle in hulle huis van herkoms aangeleer het baie en uiters waardevol was. Daar is meer respondente as verwag wat grootgeword het in ’n Christelike ouerhuis, maar eers later in hulle lewe in ’n persoonlike verhouding met die Here begin lewe het en gegroei het in hul verhouding met die Here. Hierdie respondente het ook aangedui dat geloofsgewoontes in hulle huis van herkoms geringe waarde gehad het of dat hulle geensins geloofsgewoontes in hulle huise van herkoms aangeleer het nie. Tog dui meer as twee-derdes van hulle aan dat geloofsgewoontes wat hulle in hulle huis van herkoms aangeleer het baie en uiters waardevol was. Die verduideliking van die een-derde wat nie glo dat geloofsgewoontes groot waarde het nie, se bedoeling is waarskynlik dat geloofsgewoontes alleen hulle nie in ‘n persoonlike verhouding met Jesus gebring het nie, daarom heg hulle minder waarde daaraan.

### 6.5.3 Verbande tussen styl van bediening van kinders en jongmense en faktore in en saam met die gemeente wat grootste positiewe effek op familie se geloofsvorming tans het.

Daar is een betekenisvolle assosiasie gevind:

#### 6.5.3.1 Styl van bediening van kinders en jongmense en die ervaring van behoort/tuiswees in die gemeente

Daar bestaan ’n betekenisvolle assosiasie (of verskil) tussen die styl waarop kinders en jongmense bedien word in die respondente se gemeentes en hulle ervaring van behoort/tuiswees in daardie gemeente. Vir hierdie kruistabel dui die $\chi 2$-waarde=8.90, met 3 vryheidsgrade, ’n p-waarde van 0.0306 aan. Daar is wel ’n waarskuwing dat daar selle in die kruistabel is met verwagte waardes van minder as 5, maar vir hierdie kruistabelle is hierdie selle (uitsluitlik afsonderlik en uitsluitlik saam met volwassenes) nie gebruik nie.

Daar is geen selle in die kruistabelle wat “anders” as die ander is nie, omdat geen “Cell chi-square”-waarde groter as die kritieke waarde van 3.841 is nie. Alhoewel die $\chi 2$-toets wel ‘n betekenisvolle assosiasie tussen die twee vrae aandui, is daar dus geen aanduiding watter sel of selle anders as verwag optree nie. Ons kan dus hieruit aflei dat die betekenisvolle assosiasie daarin geleë is dat die styl waarin bedien word binne ’n gemeente (hoofsaaklik afsonderlik, maar soms saam met volwassenes en

hoofsaaklik saam met volwassenes en soms afsonderlik) verskillend ervaar word ten opsigte van die ervaring van behoort/tuis-wees.

64,89% (85/131) respondente wie se gemeentes kinders en jongmense hoofsaaklik afsonderlik, maar soms saam met volwassenes bedien, het aangedui dat hulle ervaar dat hierdie faktor saam met die gemeente ’n groot effek op hulle familie se geloofsvorming het. Hierteenoor het 87,18% (34/39) respondente wie se gemeentes kinders en jongmense hoofsaaklik saam met volwassenes bedien en soms afsonderlik, aangedui dat hulle ervaar dat hierdie faktor saam met die gemeente ’n groot effek op hulle familie se geloofsvorming het. Die getalle mag moontlik te klein wees om betekenisvolle afleidings hiervan te maak.

### 6.5.4 Verbande tussen geloofsgewoontes tans en in die huis van herkoms

Die Pearson chi-kwadraattoets (of χ2-toets) is op elkeen van die kruistabelle in vraag 14 en 20 gedoen om die nulhipotese van geen assosiasie of geen verskil tussen hoe die betrokke vrae beantwoord is, te toets. Daar is wel betekenisvolle assosiasies gevind by die volgende vrae:

#### 6.5.4.1 Bybellees tans in gesin en Bybellees in huis van herkoms

Hierdie verband tussen Bybellees tans en Bybellees in die huis van herkoms word mooi uiteengesit in 6.4.14.1 vroeër in hierdie hoofstuk. Daar bestaan wel ‘n betekenisvolle assosiasie (of verskil) tussen respondente se Bybellees tans in hul gesinne en hul Bybellees in hulle huise van herkoms. Vir hierdie kruistabel dui die χ2-waarde=14.70, met 1 vryheidsgraad, ’n p-waarde van 0.0001 aan. Daar is geen waarskuwing dat daar selle in die kruistabel is met verwagte waardes minder as 5 nie, want in hierdie tabelle is ‘nooit’ en ‘ongereeld’ en ‘gereeld’ en ‘elke dag’ saam gegroepeer.

In die bostaande geval is daar twee selle waar die “Cell chi-square”-waarde groter as 3.841 is. Dit word geïnterpreteer deur na die waargenome (“Frequency”) en verwagte frekwensies te kyk.

Meer respondente 70,67% (53/75) as verwag (54% (40.517/75) word onder die aanname van geen assosiasie, wat tans ongereeld of nooit saam met hulle gesinne

Bybel lees nie), het ook in die verlede ongereeld of nooit in hulle huis van herkoms Bybel gelees nie (Sel Chi-Square = 3,8458). Hierdie is ’n duidelike aanduiding dat die voorbeeld van ouers baie belangrik is in die oordrag van gewoontes. Hier gaan dit egter oor die gebrek aan ’n voorbeeld of die afwesigheid van ’n spesifieke gewoonte.

Minder respondente 29,33% (22/75) as wat verwag (46% (34.483/75) word onder die aanname van geen assosiasie, wat ongereeld of nooit saam met hulle gesinne tans Bybel lees nie), het in die verlede gereeld of elke dag saam met hul gesin van herkoms Bybel gelees (Sel Chi-Square = 4,5188). Hierdie feit help daarmee om te verstaan dat die voorbeeld van ouers in die geloofsgewoonte om gereeld saam Bybel te lees, tog ’n effek op ’n volgende generasie het.

Dit is tog ook belangrik om te raporteer dat 41,41% (41/99) respondente wat baie ongereeld of nooit in hulle huis van herkoms Bybel gelees het nie, dit nou gereeld of elke dag in hul gesin doen. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan ’n spesiale toewyding deur respondente of moontlik die insette van ’n eggenoot of ander persone. Dit is ook belangrik om uit te wys dat 58,59% (58/99) respondente wat in hulle huis van herkoms gereeld en elke dag Bybel gelees het, dit tans ook gereeld of elke dag in hul gesin doen.

#### 6.5.4.2 Gebed as gesins saam tans en in huis van herkoms

Hierdie verband tussen gebed tans en gebed in die huis van herkoms word mooi uiteengesit in 4.14.2 vroeër in hierdie hoofstuk. Daar bestaan wel ‘n betekenisvolle assosiasie (of verskil) tussen respondente se gebede saam met hulle gesin tans en hul gebede as gesin saam in hulle huise van herkoms. Vir hierdie kruistabel dui die $\chi 2$-waarde=12,14, met 1 vryheidsgraad, ’n p-waarde van 0.0005 aan. Daar is geen waarskuwing dat daar selle in die kruistabel is met verwagte waardes van minder as 5 nie, want in hierdie tabelle is ‘nooit’ en ‘baie ongereeld’ en ‘gereeld’ en ‘elke dag’ saam gegroepeer.

Daar is wel twee selle in die kruistabelle wat “anders” as die ander selle is. Dit word geïnterpreteer deur na die waargenome (“Frequency”) en verwagte frekwensies te kyk.

Meer respondente 73,08% (38/52) as die verwagte 52,86% (27,49/52) wat ongereeld of nooit saam met hulle gesinne tans bid nie, het ook in die verlede baie ongereeld of nooit saam met hul gesin in hulle huis van herkoms gebid nie (Sel Chi-Square = 4,0143). Daar is dus ‘n sterk verband tussen respondente wat tans nie saam met hulle gesin bid nie en wat in hulle huise van herkoms ook nie saam met hulle gesinne gebid het nie. Weereens gaan dit hier oor die voorbeeld van ouers.

Minder respondente 26,92% (14/52) as die verwagte 47,11% (24.50/52) wat ongereeld of nooit saam met hulle gesinne tans bid nie, het in die verlede gereeld of elke dag saam met hul gesin van herkoms gebid (Sel Chi-Square = 4,5039). Hierdie feit dui ook daarop dat die voorbeeld van ouers tog ’n effek het op hul kinders.

Dit is hier ook tog belangrik om uit te wys dat 44,26% (54/122) respondente wat tans gereeld of elke dag saam met hulle huismense bid, dit baie ongereeld of nooit in hul huis van herkoms gedoen het nie. Dit kan waarskynlik weereens toegeskryf word aan ’n spesiale toewyding deur respondente of moontlik die insette van ’n eggenoot of ander persone. Dit is verder ook belangrik om te raporteer dat 55,74% (68/122) respondente wat gereeld of elke dag in hulle huise tans bid, dit gereeld of elke dag in hul huis van herkoms ook gedoen het.

#### 6.5.4.3 Deel van geloofstorie in gesin tans en deel van geloofstorie in huis van herkoms

Hierdie verband tussen deling van geloofstorie van respondente tans en deling van geloofstories in hul huis van herkoms word mooi uiteengesit in 6.4.14.3 vroeër in hierdie hoofstuk. Daar bestaan wel ‘n betekenisvolle assosiasie (of verskil) tussen respondente wat gereeld hulle geloofstories met hulle huismense tans deel en die gereelde deling van hulle ouers/voogde se geloofstories in hulle huise van herkoms. Vir hierdie kruistabel dui die $\chi 2$-waarde=20,01, met 1 vryheidsgraad, ’n p-waarde van <0.0001 aan. Daar is geen waarskuwing dat daar selle in die kruistabel is met verwagte waardes van minder as 5 nie, want in hierdie tabelle is ‘nooit’ en ‘baie ongereeld’ en ‘gereeld’ en ‘elke dag’ bymekaargevoeg.

Daar is wel twee selle in die kruistabelle wat “anders” as die ander selle is. Dit word geïnterpreteer deur na die waargenome (“Frequency”) en verwagte frekwensies te kyk.

Minder respondente 13,27% (13/98) as die verwagte 26,42% (25,90/98) wat ongereeld of nooit hulle geloofstories met hulle huismense tans deel nie, het in die verlede gereeld of elke dag beleef dat hulle ouers/voogde hulle geloofstories in hul huis van herkoms gedeel het (Sel Chi-Square = 6,4331).

Meer respondente 43,42% (33/76) as die verwagte 26,43% (20,09/76) wat gereeld of elke dag hulle geloofstories met hulle huismense tans deel, het in die verlede gereeld of elke dag beleef dat hulle ouers/voogde hulle geloofstories in hul huis van herkoms gedeel het (Sel Chi-Square = 8,2928). Wie geloofstories in hul huis van herkoms gehoor het, is dus meer geneig om dieselfde in hul huis tans te doen. Dit is weereens ’n duidelike bewys van die voorbeeld van ouers.

Dit is belangrik om ook hier op te merk dat 86,73% (85/98) van die respondente wat tans ongereeld of nooit hul geloofstories deel nie, dit ook nie in hul huis van herkoms gehoor het nie. Negatiewe voorbeeld dra net so sterk oor as positiewe voorbeeld. Dit is verder ook belangrik om daarop te wys dat 56,58% (43/76) van die respondente wat tans gereeld of elke dag hulle geloofstories deel dit baie ongereeld of nooit gehoor het by hul huis van herkoms nie. Die redes hiervoor kan weereens ’n nuwe toewyding of die invloed van eggenote of ander person(e) wees.

#### 6.5.4.4 Dienslewering buite huis saam met gesin tans en dienslewering buite huis in huis van herkoms

Hierdie verband tussen dienslewering buite die huis tans en dienslewering buite die huis in die huis van herkoms word mooi uiteengesit in 6.4.14.5 vroeër in hierdie hoofstuk. Daar bestaan wel ‘n betekenisvolle assosiasie (of verskil) tussen respondente wat tans gereeld deelneem aan dienslewering aan mense buite hulle huis en die gereelde deelneming aan dienslewering aan mense buite hulle huis in hulle huise van herkoms. Vir hierdie kruistabel dui die $\chi 2$-waarde=13,09, met 1 vryheidsgraad, ’n p-waarde van $<0.0003$ aan. Daar is geen waarskuwing dat daar selle

in die kruistabel is met verwagte waardes van minder as 5 nie, want in hierdie tabelle is ‘nooit’ en ‘ongereeld’ en ‘gereeld’ en ‘elke dag’ saam gegroepeer.

Daar is wel een sel in die kruistabelle wat “anders” as die ander selle is. Dit word geïnterpreteer deur na die waargenome (“Frequency”) en verwagte frekwensies te kyk.

Meer respondente 54,76% (46/84) as die verwagte 40,79% (34,27/84) wat gereeld of elke dag deelneem aan dienslewering aan mense buite hulle huise tans, het in die verlede gereeld of elke dag deelgeneem aan dienslewering aan mense buite hulle huis in hul huis van herkoms (Sel Chi-Square =4,0103). Weereens beklemtoon dit die rol van ouers se voorbeeld in die vaslegging van gewoontes.

Dit is ook belangrik om uit te wys dat 72,22% (65/90) respondente wat tans baie ongereeld of nooit betrokke is by dienslewering aan mense buite hul gesin nie, ook in hul huis van herkoms baie ongereeld of nooit betrokke was by die soort dienslewering nie. ’n Negatiewe voorbeeld van dienslewering dra net so oor soos ’n positiewe voorbeeld. 27,78% (25/90) respondente wat tans baie ongereeld of nooit betrokke is by dienslewering buite hul gesin nie, was gereeld en elke dag in hulle huis van herkoms wél daarby betrokke. Dit is verder ook belangrik om daarop te wys dat 45,24% respondente wat tans gereeld of elke dag betrokke is by dienslewering buite hul gesin, baie ongereeld of nooit betrokke was daarby in hulle gesinne van herkoms nie.

#### 6.5.4.5 Geloofsperspektief op reëls in die huis tans en geloofsperspektief op reëls in huis van herkoms

Hierdie verband tussen die gee van ‘n geloofsperspektief tans en die gee van ‘n geloofsperspektief in die huis van herkoms word mooi uiteengesit in 6.4.14.8 vroeër in hierdie hoofstuk. Daar bestaan wel ‘n betekenisvolle assosiasie (of verskil) tussen respondente wat tans gereeld ’n geloofsperspektief gee oor hoekom reëls geld en die wat gereeld in hulle huise van herkoms ‘n geloofsperspektief oor hoekom reëls geld ontvang het. Vir hierdie kruistabel dui die $\chi 2$-waarde=9,00, met 1 vryheidsgraad, ’n p-waarde van 0.0027 aan. Daar is geen waarskuwing dat daar selle in die kruistabel is

met verwagte waardes van minder as 5 nie, want in hierdie tabelle is ‘nooit’ en ‘baie ongereeld’ en ‘gereeld’ en ‘elke dag’ saamgevoeg.

Daar is wel een sel in die kruistabelle wat “anders” as die ander selle is. Dit word geïnterpreteer deur na die waargenome (“Frequency”) en verwagte frekwensies te kyk.

Meer respondente 57,50% (23/40) as die verwagte 40,79% (14,94/40) wat ongereeld of nooit ’n geloofsperspektief gee hoekom reëls tans geld nie, het in die verlede ook baie ongereeld of nooit in hul huis van herkoms ‘n geloofsperspektief ontvang  oor hoekom reëls geld nie (Sel Chi-Square = 4,3448).

Dit is tog belangrik om hier ook daarop te wys dat 42,5% (17/40) respondente wat tans ongereeld of nooit ’n geloofsperspektief vir hulle kinders gee hoekom reëls geld nie, tog in hulle huis van herkoms so ’n perspektief gekry het. 31,34% (42/134) van die respondente wat tans gereeld of elke dag ’n geloofsperspektief gee oor hoekom reëls geld, het dit baie ongereeld of nooit in hul huis van herkoms gehoor nie. 68,66% (92/134) respondente wat tans gereeld of elke dag ’n geloofsperspektief gee oor hoekom reëls geld, het dit ook in hulle huis van herkoms gereeld of elke dag gehoor.

**Gevolgtrekking oor die verbande tussen geloofsgewoontes tans (V14) en in die huis van herkoms (V20)**

Die voorbeeld (positief en negatief) van die gesin van herkoms is duidelik in hierdie statistiek sigbaar. Dit is ’n duidelike bewys van hoe ouers se voorbeeld rondom Bybellees, gebed, om geloofstories te deel, om as gesin saam diens te lewer buite die gesin en om ’n geloofsperspektief te deel oor die reëls van die huis, deurslaggewend is by die oordrag van gewoontes.

### 6.5.5 Verbande tussen geloofsgewoontes van gesinne tans en die waarde van spesifieke faktore in die huis ten opsigte van geloofsvorming

In hierdie vergelyking is verbande tussen vraag 14 (geloofsgewoontes in die huis tans) en 18 (die waarde van spesifieke faktore in die huis ten opsigte van geloofsvorming) vasgestel.

#### 6.5.5.1 Frekwensie van Bybellees in gesin tans en die waarde van Bybellees

Daar bestaan wel 'n betekenisvolle assosiasie (of verskil) tussen respondente wat tans gereeld as gesin saam Bybellees (6.4.14.1) en die waarde wat hulle beleef wat gesamentlike Bybellees as gesin het in die geloofsvorming van hulle kinders. Vir hierdie kruistabel dui die $\chi2$-waarde=44,84, met 1 vryheidsgraad, 'n p-waarde van 0.0001 aan. Daar is geen waarskuwing dat daar selle in die kruistabel is met verwagte waardes van minder as 5 nie, want in hierdie tabelle is 'nooit' en 'baie ongereeld' en 'gereeld' en 'elke dag' en ook 'ons doen dit nie' en 'geringe waarde' en 'baie waardevol' en 'uiters waardevol' se waardes telkens bymekaargevoeg.

Daar is drie selle in die kruistabelle wat "anders" as die ander selle is. Dit word geïnterpreteer deur na die waargenome ("Frequency") en verwagte frekwensies te kyk.

Meer respondente 42,67% (32/75) as die verwagte 18,66% (14/75) wat baie ongereeld of nooit tans as gesin saam Bybellees nie, beleef dat dit geringe waarde vir hulle kinders se geloofsvorming het,of nie kan sê nie, omdat hulle tans nie saam Bybellees nie (Sel Chi-Square = 20,528).

Minder respondente 57,33% (43/75) as die verwagte 80,45% (60,34/75) wat baie ongereeld of nooit tans as gesin saam Bybellees nie, beleef dat dit baie en uiters waardevol in hul kinders se geloofsvorming is (Sel Chi-Square = 9,9854). Daar is dus 'n groeiende tendens onder persone wat nie Bybellees nie, dat dit geen waarde ten opsigte van. geloofsvorming het nie.

Minder respondente 2,02% (2/99) as die verwagte 19,53% (19,34/99) wat gereeld of elke dag tans as gesin saam Bybellees, beleef dat dit geringe waarde op hulle kinders se geloofsvorming het (Sel Chi-Square = 15,552).

Dit is tog betekenisvol om bogenoemde statistiek saam te lees met die (97/99) respondente wat gereeld tans as gesin saam Bybellees en beleef dat dit baie en uiters waardevol in hul kinders se geloofsvorming is. Die groeiende tendens dat Bybellees nie waarde het vir persone wat nie gereeld Bybel lees nie, word verkeerd bewys deur

persone wat wel gereeld as gesin Bybellees. Hoe minder die blootstelling aan Bybellees saam as gesin, hoe minder waarde word daaraan geheg.

### 6.5.5.2 Frekwensie van gebed in gesin tans en die waarde van gebed

Daar bestaan wel ‘n betekenisvolle assosiasie (of verskil) tussen respondente wat tans gereeld as gesin saam bid en die waarde wat hulle beleef in gesamentlike gebed as gesin in die geloofsvorming van hulle kinders het. Vir hierdie kruistabel dui die $\chi 2$-waarde=35,53, met 1 vryheidsgraad, ’n p-waarde van <0.0001 aan. Daar is geen waarskuwing dat daar selle in die kruistabel is met verwagte waardes van minder as 5 nie, want in hierdie tabelle is ‘nooit’ en ‘baie ongereeld’ en ‘gereeld’ en ‘elke dag’ en ook ‘ons doen dit nie’ en ‘geringe waarde’ en ‘baie waardevol’ en ‘uiters waardevol’ telkens saamgevoeg.

Daar is twee selle in die kruistabelle wat “anders” as die ander selle is. Dit word geïnterpreteer deur na die waargenome (“Frequency”) en verwagte frekwensies te kyk.

Meer respondente 34,62% (18/52) as die verwagte 12,06% (6,27/52) wat nooit of baie ongereeld tans saam as gesin bid, beleef dat dit geringe waarde het op hulle kinders se geloofsvorming of kan nie sê nie omdat hulle nie tans as gesin saam bid nie (Sel Chi-Square = 21,902). Weereens is daar ’n groeiende tendens onder respondente wat nie gereeld bid nie, dat hulle ervaar dat dit geen of geringe waarde in geloofsvorming het.

Minder respondente 2,46% (3/122) as die verwagte 12,06% (14,72/122) wat gereeld of elke dag tans as gesin saam bid, beleef dat dit geringe waarde op hulle kinders se geloofsvorming het (Sel Chi-Square = 9,3354). Hierdie afname en geringe persentasie bewys weereens die tendens verkeerd dat gereelde gebed as gesin saam geen of ’n geringe effek op geloofsvorming van kinders het nie.

Dit is tog belangrik om ook aan te dui dat 65,38% (34/52) respondente, wat nooit of baie ongereeld tans as gesinne saam bid, beleef dat dit baie en uiters waardevol is vir hul kinders se geloofsvorming in die huis. Dit is ook belangrik om aan te dui dat 97,54%

(119/122) respondente wat gereeld tans as gesin saam bid, beleef dat dit baie en uiters waardevol is vir hul kinders se geloofsvorming in die huis.

#### 6.5.5.3 Frekwensie van geloofsgesprekke tans en die waarde van gesprekke oor geloof

Daar bestaan wel 'n betekenisvolle assosiasie (of verskil) tussen respondente wat tans gereeld geloofsgesprekke in hulle gesin voer en die waarde wat hulle beleef hierdie familiegesprekke oor geloof in die gesin het in die geloofsvorming van hulle kinders. Vir hierdie kruistabel dui die $\chi 2$-waarde=11,17, met 1 vryheidsgraad, 'n p-waarde van 0.0008 aan. Daar is geen waarskuwing dat daar selle in die kruistabel is met verwagte waardes van minder as 5 nie, want in hierdie tabelle is 'nooit' en 'baie ongereeld' en 'gereeld' en 'elke dag' en ook 'ons doen dit nie' en 'geringe waarde' en 'baie waardevol' en 'uiters waardevol' saamgevoeg.

Daar is een sel in die kruistabelle wat "anders" as die ander selle is. Dit word geïnterpreteer deur na die waargenome ("Frequency") en verwagte frekwensies te kyk.

Meer respondente 22,22% (14/63) as die verwagte 11,49% (7,24/63) wat baie ongereeld tans of nooit geloofsgesprekke in hulle gesin voer nie, beleef dat dit geringe waarde het op hulle kinders se geloofsvorming of kan nie sê nie omdat hulle nie tans familiegesprekke oor geloof in die gesin voer nie (Sel Chi-Square = 6,308). Alhoewel die syfers baie klein is, is daar 'n groeiende tendens onder persone wat nie gereelde geloofsgesprekke in hulle gesinne voer nie, om te glo dat dit geringe of geen waarde het in die geloofsvorming van hulle kinders nie.

Dit moet saamgelees word met die 77,78% (49/63) respondente wat baie ongereeld of nooit tans geloofsgesprekke in hulle gesin voer nie, maar tog beleef dat dit geringe waarde het op hulle kinders se geloofsvorming of dat hulle nie kan sê nie omdat hulle nie tans familiegesprekke oor geloof in die gesin voer nie.

Dit is tog belangrik om ook aan te dui dat 5,41% (6/111) respondente, wat gereeld of elke dag tans geloofsgesprekke in hulle gesin voer, tog aandui dat familiegesprekke oor geloof in die gesin geringe waarde het, of dat hulle nie kan sê nie omdat hulle nie tans familiegesprekke oor geloof in die gesin voer nie.

Dit is verder ook belangrik om aan te dui dat 94,59% (105/111) respondente wat gereeld of elke dag tans geloofsgesprekke in hulle gesin voer, beleef dat hierdie familiegesprekke oor geloof baie en uiters waardevol is in hul kinders se geloofsvorming.

#### 6.5.5.4 Frekwensie van dienslewering aan mense buite die gesin tans en die waarde van dienslewering

Daar bestaan wel ‘n betekenisvolle assosiasie (of verskil) tussen respondente wat tans diens lewer aan mense buite die gesin en die waarde wat hulle beleef hierdie dienslewering het in die geloofsvorming van hulle kinders. Vir hierdie kruistabel dui die $\chi 2$-waarde=10,81, met 1 vryheidsgraad, ’n p-waarde van 0.0010 aan. Daar is geen waarskuwing dat daar selle in die kruistabel is met verwagte waardes van minder as 5 nie, want in hierdie tabelle is ‘nooit’ en ‘baie ongereeld’ en ‘gereeld’ en ‘elke dag’ en ‘ons doen dit nie’ en ‘geringe waarde’ en baie waardevol’ en ‘uiters waardevol’ saamgevoeg.

Daar is twee selle in die kruistabelle wat “anders” as die ander selle is. Dit word geïnterpreteer deur na die waargenome (“Frequency”) en verwagte frekwensies te kyk.

Meer respondente 34,44% (31/90) as die verwagte 24,13% (21,72/90) wat baie ongereeld of nooit diens lewer aan mense buite die gesin tans nie, beleef dat dit geringe waarde het vir hulle kinders se geloofsvorming of kan nie sê nie omdat hulle nie tans diens lewer aan mense buite die gesin nie (Sel Chi-Square = 3,9606). Hierdie syfers dui ook op ’n groeiende tendens onder respondente dat dienslewering as gesin saam geringe of geen waarde het vir die geloofsvorming van hulle kinders nie.

In die tweede sel wat “anders” is, dui 13,10% (11/84), minder as die verwagte 24,13% (20,27/84) respondente wat gereeld of elke dag as gesin saam diens lewer buite hulle gesin, dat dit geringe waarde vir hulle kinders se geloofsvorming het of dat hulle nie kan sê nie, omdat hulle tans nie diens lewer aan mense buite hul gesinne nie (Sel Chi-Square = 4,2435).

Hierdie syfers moet saamgelees word met die 65,56% (59/90) respondente wat tans baie ongereeld of nooit diens lewer aan mense buite die gesin nie, maar tog beleef dat dit baie en uiters waardevol is in die vorming van hulle kinders se geloof.

Dit is verder ook belangrik om aan te dui dat 86,90% (73/84) respondente wat gereeld of elke dag tans diens lewer aan mense buite die gesin, beslis beleef dat hierdie dienslewering baie en uiters waardevol is in hul kinders se geloofsvorming. Hierdie syfers bewys weereens die tendens verkeerd dat gesamentlike dienslewering ’n geringe of geen effek op die kinders se geloofsvorming het nie.

**Gevolgtrekking wanneer vraag 14 (geloofsgewoontes van gesinne tans) en vraag 18 (die waarde van spesifieke faktore in die huis ten opsigte van geloofsvorming) met mekaar vergelyk word:**

Hierdie statistiek wys baie duidelik uit dat wanneer respondente tans gereeld of elke dag as gesin saam Bybellees, bid, geloofsgesprekke voer in hulle gesin en as gesin saam diens lewer aan mense buite die gesin, hulle beleef dat dit gewoonlik baie of uiters waardevol vir hulle kinders se geloofsvorming is. Die teenoorgestelde is ook waar. Wanneer respondente geen blootstelling aan Bybellees, gebed, geloofsgesprekke en dienslewering gehad het nie, beleef hulle dit ook nie as waardevol nie.

### 6.5.6 Verbande tussen betrokke persone by geloofsvorming en die waarde van spesifieke faktore in die huis ten opsigte van geloofsvorming

#### 6.5.6.1 Betrokkenheid van grootouers en die waarde van grootouers in die geloofsvorming van kinders

Daar bestaan wel ‘n betekenisvolle assosiasie (of verskil) tussen die betrokkenheid van grootouers by die geloofsvorming van kinders en die waarde wat respondente beleef grootouers in die geloofsvorming van hulle kinders het. Vir hierdie kruistabel dui die $\chi 2$-waarde=22,37, met 2 vryheidsgrade, ’n p-waarde van $<0.0001$ aan. Daar is geen waarskuwing dat daar selle in die kruistabel is met verwagte waardes van minder as 5 nie, want in hierdie tabelle is ‘geen’ en ‘ongereelde betrokkenheid’ en ‘gereelde betrokkenheid’, ‘baie gereelde betrokkenheid’ en ‘onmisbare rol’ saamgevoeg asook ‘geen’ en ‘geringe waarde’ en ‘baie waardevol’ en ‘uiters waardevol’.

Daar is twee selle in die kruistabelle wat “anders” as die ander selle is. Dit word geïnterpreteer deur na die waargenome (“Frequency”) en verwagte frekwensies te kyk.

Meer respondente 32,73% (18/55) as die verwagte 14,36% (7,90/55) wat aangedui het dat die grootouers baie ongereeld of glad nie betrokke is by hul kinders se geloofsvorming tans nie, beleef dat hulle ’n geringe of geen waarde het vir hulle kinders se geloofsvorming nie (Sel Chi-Square = 12,903). Hierdie syfers dui op ’n groeiende tendens onder respondente wat aandui dat die grootouers ongereelde of geen betrokkenheid by hul kinders se geloofsvorming het nie, dat hulle ’n geringe of geen waarde het in die geloofsvorming van hulle kleinkinders nie.

In die tweede sel wat “anders” is, dui 5,88% (7/119), minder as die verwagte 14,35% (17,08/53) respondente wie se ouers baie betrokke is of ’n onmisbare rol speel in die geloofsvorming van hulle kleinkinders, aan dat hulle beleef dat hulle ’n geringe of geen waarde het vir hulle kinders se geloofsvorming nie (Sel Chi-Square = 4,1402). Hierdie minder as verwagte waarde, alhoewel die getalle baie klein is, bewys weereens die tendens dat grootouers ’n geringe of geen effek op die kinders se geloofsvorming het nie, verkeerd.

Hierdie syfers moet saamgelees word met die 67,27% (37/55) respondente wat aangedui het dat die grootouers baie ongereeld of glad nie betrokke is by hul kinders se geloofsvorming tans nie, maar tog beleef dat hulle baie en uiters waardevol is in die vorming van hulle kinders se geloof.

Dit is verder ook belangrik om aan te dui dat 94,11% (112/119) respondente wie se ouers baie betrokke is of ’n onmisbare rol speel in die geloofsvorming van hulle kleinkinders, beslis beleef dat dit baie en uiters waardevol is vir die vorming van hulle kinders se geloof.

#### 6.5.6.2 Betrokkenheid van pa en die waarde van pa by die geloofsvorming van kinders

Daar bestaan wel ‘n betekenisvolle assosiasie (of verskil) tussen die betrokkenheid van pa by die geloofsvorming van kinders en die waarde wat respondente beleef pa in die geloofsvorming van hulle kinders het. Vir hierdie kruistabel dui die $\chi 2$-

waarde=34,42, met 2 vryheidsgrade, ’n p-waarde van <0.0001 aan. Daar is geen waarskuwing dat daar selle in die kruistabel is met verwagte waardes van minder as 5 nie, want in hierdie tabelle is ‘geen betrokkenheid’ en ‘ongereelde betrokkenheid’ en ‘gereelde betrokkenheid’, ‘baie gereelde betrokkenheid’ en ‘onmisbare rol’ saamgevoeg asook ‘geen waarde’ en ‘geringe waarde’ en ‘baie waardevol’ en ‘uiters waardevol’.

Daar is een sel in die kruistabelle wat “anders” as die ander selle is. Dit word geïnterpreteer deur na die waargenome (“Frequency”) en verwagte frekwensies te kyk.

Meer respondente 47,37% (9/19) as die verwagte 9,78% (1,86/19) wat aangedui het dat die pa baie ongereeld of glad nie betrokke is by hul kinders se geloofsvorming tans nie, beleef ook dat hy ’n geringe of geen waarde het vir hulle kinders se geloofsvorming nie (Sel Chi-Square = 27,491). Hierdie syfers dui op ’n groeiende tendens onder respondente wat aandui dat pa’s ongereelde of geen betrokkenheid by hul kinders se geloofsvorming het nie, dat hulle beleef dat hulle ’n geringe of geen waarde het vir die geloofsvorming van hulle kinders nie.

Hierdie inligting moet saamgelees word met die 52,63% (10/19) respondente wat aangedui het dat die pa baie ongereeld of glad nie betrokke is by hul kinders se geloofsvorming tans nie, maar wel beleef dat hy ’n baie en uiters waardevolle rol speel in hul kinders se geloofsvorming.

Hierdie syfers moet ook saamgelees word met die 5,75% (8/155) respondente wat aangedui het dat die pa gereeld, baie en ’n onmisbare rol in hul kinders se geloofsvorming speel, maar beleef dat hy ’n geringe of geen waarde het op die kinders se geloofsvorming nie.

Dit is verder ook belangrik om aan te dui dat 94,83% (147/155) respondente waar die pa gereeld, baie betrokke of ’n onmisbare rol speel in die geloofsvorming van hulle kinders, beslis beleef dat hulle baie en uiters waardevol is in die vorming van hulle kinders se geloof.

Alhoewel die ma in die huis net so groot invloed op die betrokkenheid van hul kinders se geloofsvorming het en dit ook so uitgewys is vroeër in hierdie hoofstuk (6.4.18), wys die formule nie uit dat daar ’n betekenisvolle assosiasie (of verskil) is in die respondente se belewenis van die ma se rol in geloofsvorming nie.

### 6.5.7 Verbande tussen motivering in die geloofsvormingstaak en die geloofsgewoonte van respondente se pa’s en ma’s in hul huis van herkoms

#### 6.5.7.1 Die voorbeeld van respondente se pa’s wat as motivering dien in hul geloofsvormingstaak en die geloofsgewoonte van respondente se pa’s om gereeld Bybel te lees

Daar bestaan wel ‘n betekenisvolle assosiasie (of verskil) tussen die rol wat die voorbeeld wat respondente se eie pa gespeel het in die motivering van hulle geloofsvormingstaak en waar respondente hulle pa sien Bybellees het (as hy nie vir hulle gelees het nie). Vir hierdie kruistabel dui die $\chi 2$-waarde=32,41, met 1 vryheidsgraad, ’n p-waarde van <0.0001 aan. Daar is geen waarskuwing dat daar selle in die kruistabel is met verwagte waardes van minder as 5 nie, want in hierdie tabelle is ‘verskil beslis’ en ‘stem nie saam nie’ en ‘stem saam’ en ‘stem beslis saam’ saamgevoeg asook ‘nooit’ en ‘baie ongereeld’ en ‘gereeld’ en ‘elke dag’.

Daar is vier selle in die kruistabelle wat “anders” as die ander selle is. Dit word geïnterpreteer deur na die waargenome (“Frequency”) en verwagte frekwensies te kyk.

Meer respondente 80% (44/55) as die verwagte 48,27% (26,55/55) wat aangedui het dat hulle beslis verskil of nie saamstem met die stelling dat hulle pa se voorbeeld hulle gemotiveer het in hulle geloofsvormingstaak nie, het ook aangedui dat hulle baie ongereeld of nooit hulle pa’s sien Bybellees het op hul eie nie (Sel Chi-Square = 11,466). Daar is dus ’n duidelike korrelasie tussen die afwesigheid van pa’s se geloofsvoorbeeld en die feit dat hulle kinders hulle ongereeld of nooit sien Bybellees het nie. Die hoër as verwagte syfer is juis ’n bevestiging van hierdie korrelasie.

Hierdie inligting moet saamgelees word met die 20,00% (11/55), minder as die verwagte 51,72% (28,45/55) respondente wat aangedui het dat hulle beslis verskil of nie saamstem met die stelling dat hulle pa se voorbeeld hulle gemotiveer het in hulle

geloofsvormingstaak nie, het wel gesien dat hy gereeld of elke dag op sy eie uit die Bybel gelees het. (Sel Chi-Square = 10,702). Dit vorm 12,22% (11/90) van die respondente wat aandui dat hulle wel gereeld of elke dag hul pa's op hul eie sien Bybellees het. Die feit dat dit minder as verwag is, bevestig die stelling dat die geloofsvoorbeeld van 'n pa sterk verbind word met die feit dat hul kinders gereeld sien dat hulle op hul eie Bybellees.

Hierdie syfers moet ook saamgelees word met die 33,63% (40/119) respondente, minder as die verwagte 48,28% (57,45/119) wat aangedui het dat hulle saamstem of beslis saamstem met die stelling dat hulle pa se voorbeeld hulle gemotiveer het in hulle geloofsvormingstaak, wat ook aangedui het dat hulle baie ongereeld of nooit hulle pa's sien Bybellees het op hul eie nie (Sel Chi-Square = 5,2994).

Dit is verder ook belangrik om aan te dui dat 66,39% (79/119) respondente, meer as die verwagte 51,72% (61,55/119), wat aangedui het dat hulle saamstem of beslis saamstem met die stelling dat hulle pa se voorbeeld hulle gemotiveer het in hulle geloofsvormingstaak, wel gesien het dat hy gereeld of elke dag op sy eie uit die Bybel gelees het (Sel Chi-Square = 4,9461). Dit vorm 87,78% (79/90) van die respondente wat aandui dat hulle wel gereeld of elke dag hul pa's op hul eie sien Bybellees het. Daar is dus 'n duidelike korrelasie tussen die aanwesigheid van pa's se geloofsvoorbeeld en die feit dat hulle kinders kon sien dat hy gereeld op sy eie Bybellees.

#### 6.5.7.2 Die voorbeeld van respondente se ma's wat as motivering dien in hul geloofsvormingstaak en die geloofsgewoonte van respondente se ma's om gereeld Bybel te lees

Daar bestaan wel 'n betekenisvolle assosiasie (of verskil) tussen die rol wat die voorbeeld wat respondente se eie ma gespeel het in die motivering van hulle geloofsvormingstaak en waar respondente hulle ma sien Bybellees het (as sy nie vir hulle gelees het nie). Vir hierdie kruistabel dui die $\chi 2$-waarde=22,41, met 1 vryheidsgraad, 'n p-waarde van <0.0001 aan. Daar is geen waarskuwing dat daar selle in die kruistabel is met verwagte waardes van minder as 5 nie, want in hierdie tabelle is 'verskil beslis' en 'stem nie saam nie' en 'stem saam' en 'stem beslis saam' saamgevoeg asook 'nooit' en 'baie ongereeld' en 'gereeld' en 'elke dag'.

Daar is twee selle in die kruistabelle wat "anders" as die ander selle is. Dit word geïnterpreteer deur na die waargenome ("Frequency") en verwagte frekwensies te kyk.

Meer respondente 65% (26/40) as die verwagte 33,9% (13,56/40) wat aangedui het dat hulle beslis verskil of nie saamstem met die stelling dat hulle ma se voorbeeld hulle gemotiveer het in hulle geloofsvormingstaak nie, het ook aangedui dat hulle baie ongereeld of nooit hulle ma's sien Bybellees het op hul eie nie (Sel Chi-Square = 11,404). Daar is dus 'n duidelike korrelasie tussen die afwesigheid van ma's se geloofsvoorbeeld en die feit dat hulle kinders hulle ongereeld of nooit sien Bybellees het nie. Die hoër as verwagte syfer is juis 'n bevestiging van hierdie korrelasie.

Hierdie inligting moet saamgelees word met die 35% (14/40), minder as die verwagte 66,09% (26,44) respondente wat aangedui het dat hulle beslis verskil of nie saamstem met die stelling dat hulle ma se voorbeeld hulle gemotiveer het in hulle geloofsvormingstaak nie, het wel gesien dat sy gereeld of elke dag op haar eie uit die Bybel gelees het (Sel Chi-Square = 5,8507). Die feit dat dit minder as verwag is, bevestig die stelling dat die geloofsvoorbeeld van 'n ma sterk verbind word met die feit dat hul kinders gereeld sien dat hulle op hul eie Bybellees.

Hierdie syfers moet ook saamgelees word met die 24,63% (33/134) respondente, wat aangedui het dat hulle saamstem of beslis saamstem met die stelling dat hulle ma se voorbeeld hulle gemotiveer het in hulle geloofsvormingstaak, maar hulle het egter aangedui dat hulle baie ongereeld of nooit hulle ma op hul eie sien Bybellees het nie.

Dit is verder ook belangrik om aan te dui dat 75,37% (101/115) respondente wat aangedui het dat hulle saamstem of beslis saamstem met die stelling dat hulle ma se voorbeeld hulle gemotiveer het in hulle geloofsvormingstaak, het wel gesien dat sy gereeld of elke dag op haar eie uit die Bybel gelees het. Daar is dus 'n duidelike korrelasie tussen die aanwesigheid van ma's se geloofsvoorbeeld en die feit dat hulle kinders kon sien dat sy gereeld op haar eie Bybellees.

**Gevolgtrekking**: Bybellees as geloofsgewoonte deur 'n pa of ma is nie in hierdie vergelyking die deurslaggewende saak nie, maar die feit dat ouers Bybellees op hul

eie, wanneer hulle nie vir hulle kinders lees nie, dui daarop dat ouers nie net ’n plig nakom nie, maar in opregtheid in ’n selfstandige verhouding met Jesus Christus lewe en die geloofsgewoonte bevestig dit. Dit is om hierdie rede dat die afleiding rondom geloofsvoorbeeld hieruit gemaak kan word. Hierdie korrelasie gaan dus hier oor geleefde geloof wat geleefde geloof wek.

## 6.6 Bevindings van die kwantitatiewe navorsing

Uit die kwantitatiewe navorsing kan daar nou bevindings gemaak word. Die volgende bevindings kan oor die primêre rol en belang van geloofsvorming in die huis (gesinne of families) gemaak word:

- Geloofsvorming en geloofsoordrag van een generasie na die volgende vind beter plaas:
  - waar pa’s, ma’s en ander volwasse mentors by die kerk in ’n lewende verhouding met Jesus Christus lewe;
  - in ouerhuise waar geloof konstant uitgeleef en gemodeleer word;
  - waar kinders geloofsgewoontes in hulle huise aanleer en ouers self ’n voorbeeld stel in die beoefening van geloofsgewoontes;
  - waar ‘n geloofskultuur en -identiteit (geloof van die ma & pa, steun op geloof in krisistye, vastigheid van morele oortuigings, familiegesprekke oor geloof ens.) die basis vorm van die huis (gesin of familie);
  - waar ouers en kinders binne ‘n klimaat van warm, liefdevolle verhoudings in die huis (gesin of familie) saamleef.
- Ouers lewer ‘n groter bydrae tot geloofsvorming as enige persoon of praktyk by die gemeente.
- Ouers hoef ook nie oortuig te word van hulle rol as die primêre geloofsvormers nie, maar moet eerder begelei word oor hoe hulle dit kan doen.

Die volgende bevindings kan oor intergenerasionele geloofsvorming in en deur die gemeente gemaak word:

1. Gemeentes met ‘n gesins- en/of familie- en/of intergenerasionele fokus doen moeite om ‘n familiekultuur te ontwikkel.

2. Die generasiegaping tussen volwassenes en kinders, adolossente en jong-volwassenes speel volgens betrokke ouers nie so ‘n groot rol in intergenerasionele interaksie in gemeentes as wat verwag is nie.
3. Die klimaat (atmosfeer, verhoudings en familie ervaring van ‘behoort’) binne ’n gemeente speel ’n deurslaggewende rol as dit kom by geloofsvorming.
4. Kategese/Sondagskool/Belydenisklas & gereelde deelname aan die erediens is die belangrikste intergenerasionele praktyke wat bydra tot geloofsvorming in die gemeente.
5. Die belangrikste faktore en praktyke wat geloofsvorming in die gemeente bevorder, het almal ’n intergenerasionele komponent.
6. Toerusting word nie deur ouers beskou as iets wat ‘n groot bydrae lewer tot die geloofsvorming van hulle kinders nie.

## 6.7 Slotopmerking

In hierdie hoofstuk is intergenerasionele geloofsvorming in ‘n huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde jeugbediening kwantitatief ondersoek. Betrokke ouers het in gestruktureerde vraelyste hulle ervarings gedeel ten opsigte van geloofsvorming in hulle huise tans en in hulle huise van herkoms. Hulle het verder ook hulle ervarings gedeel oor geloofsvorming en intergenerasionele geloofsvorming in en deur hulle gemeentes. Noudat die kwantitatiewe navorsing se resultate bespreek is, die verbande tussen die veranderlikes bepaal is en die bevindings gemaak is, kan beweeg word na die kwalitatiewe navorsing wat in die volgende hoofstuk bespreek word.

## HOOFSTUK 7:

## DESKRIPTIEF-EMPIRIESE TAAK - KWALITATIEWE NAVORSING

---

### 7.1 Inleiding

Daar word in hierdie studie gekyk na intergenerasionele geloofsvorming in ‘n huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde jeugbediening. Hierdie saak is in die vorige hoofstuk kwantitatief ondersoek. Betrokke ouers het in gestruktureerde vraelyste hulle ervarings gedeel ten opsigte van geloofsvorming in hulle huise tans en in hulle huise van herkoms. Hulle het verder ook hulle ervarings gedeel oor geloofsvorming en intergenerasionele geloofsvorming in en deur hulle gemeentes. Hulle ervarings was die hoof databron wat in die vorige hoofstuk weergegee en bespreek is. In hierdie hoofstuk word nou in die empiriese taak beweeg na ‘n kwalitatiewe ondersoek. Leraars wat op ‘n ewekansige manier gekies is uit die deelnemende gemeentes het hulle belewenisse ten opsigte van geloofsvorming en intergenerasionele geloofsvorming in hulle gemeentes gedeel. Die inhoud van hierdie onderhoude vorm die hoof databron van hierdie hoofstuk.

### 7.2 Kwalitatiewe navorsing

In hoofstuk 1 (1.4.6.1.1) is volledig beskryf wat kwalitatiewe navorsing is, watter benaderings daar is en hoe data-analise gedoen kan word. Hier word baie oorsigtelik daarna verwys deur net dit wat relevant tot hierdie navorsing is uit te lig.

Kwalitatiewe navorsing probeer volgens Osmer (2008:49-50) om die handelinge en praktyke waaraan individue en groepe elke dag deelneem en die betekenis wat hulle daaraan toeskryf te verstaan. Wat gewoonlik gebeur is dat kwanitatiewe navorsing (hoofstuk 6) gedoen word om die respondente se houding oor ‘n sekere onderwerp te bepaal, wat dan opgevolg word deur kwalitatiewe navorsing wat indiepte onderhoude behels om van die individue se perspektiewe op die bepaalde onderwerp te ontgin (Maree 2016:312; vgl. Creswell & Clark 2011:2; Marais 2018:229). Kwalitatiewe navorsing is ‘n baie meer effektiewe strategie om ’n klein aantal individue, groepe of gemeenskappe in diepte te bestudeer.

In hierdie studie is gebruik gemaak van een van Creswell (1998:9-11; cf. ook Osmer 2008:50-53) se ses strategieë of benaderings wat hy beskryf as begronde teoretiese navorsing. In hierdie benadering versamel die navorsers ‘n eerste laag van inligting deur onderhoude en observasie van respondente. Hierdie inligting word dan gedokumenteer en dan geanaliseer om vas te stel wat ontdek is deur ‘n proses wat bekend staan as oop kodering (open coding). Dit is waar data gegroepeer word in inisiële kategorieë. Verdere data word versamel om die kategorieë uit te brei totdat nuwe relevante informasie na vore kom. Navorsers herrangskik hulle kategorieë deur ‘n proses wat bekend staan as “axial coding,” waarin die fenomeen wat bestudeer word in terme van sentrale kategorieë beskryf word.

Die navorser het baie nougeset by die ses stappe van Löfgren (2013) aangesluit in die analise van die data wat verkry is uit die onderhoude wat met die respondente gevoer is. Hierdie ses stappe is eintlik net ‘n praktiese stap-vir-stap begeleiding deur die stappe van Creswell se begronde teoretiese navorsing.

Die navorser het verder ook gebruik gemaak van die programmatuur van Atlas.ti. - 'n instrument wat volgens die riglyne van die Illinois Biblioteek (2020) hoofsaaklik gebruik word vir die uitvoer van kwalitatiewe data-analise, waar navorsers kodes toepas op versamelings van ongestruktureerde teks wat funksionaliteit bied vir die identifisering en visualisering van inhoud wat gebruik kan word vir basiese teksanalise. Die navorser het Atlas.ti gebruik om die kodering van die data te doen, temas te identifiseer en deur middel van die netwerk funksie “network view” visuele voorstellings te kon maak en verbande tussen die verskillende temas en kodes te kon identifiseer. Die navorser wyk egter af van die plek waar die resultate van die kwalitatiewe navorsing bespreek word. Die navorser sluit eerder aan by Osmer se interpretatiewe taak, soos in hoofstuk 1 (1.4.6.2) bespreek, deur eers uit die resultate ’n keuse te maak wat die kernsake en knelpunte is waarmee gewerk gaan word en dit dan in hoofstuk 8 te bespreek aan die hand van soortgelyke studies, teorieë of konsepte uit aanverwante navorsingsvelde en ander relevante aspekte.

Vervolgens gaan ‘n beskrywing gegee word van die proses wat in die kwalitatiewe navorsing gevolg is, waarna die navorsingsvrae van die gestruktureerde onderhoude gegee en die data-rapportering gedoen word.

## 7.3 Navorsingsplan

In hierdie paragraaf word weereens aangesluit by Osmer (2008:53) se benadering van ’n navorsingsplan om die navorsingsproses mee te beskryf, soos dit reeds in hoofstuk 1 (1.4.6.1) en hoofstuk 6 (punt 6.3) uiteengesit is. In hierdie paragraaf gaan die hele proses wat gevolg is in die identifisering van gemeentes wat ‘n gesins- en/of familie- en/of enige intergenerasionele fokus in hulle bediening het, nie weer herhaal word nie. Daar gaan hier ook nie weer oor die hele proses van hoe die kwantitatiewe navorsing beplan, uitgevoer en die data verwerk is, gerapporteer word nie. Hier val die fokus op die kwalitatiewe navorsing.

### 7.3.1 Die mense, programme of plekke wat ondersoek is

Die eerste stap wat geneem moes word in die kwalitatiewe navorsing was om te besluit wat presies gedoen gaan word in die kwalitatiewe navorsing. Die navorser het besluit om onderhoude te voer aangesien databronne uiters beperk is in hierdie verband. Die volgende stap was om respondente met wie onderhoude gevoer moet word, te identifiseer. Daar moes ’n besluit geneem word of die onderhoude met ’n steekproef uit die ouers wat aan die kwantitatiewe navorsing deelgeneem het, gevoer gaan word en/of daar van ander bronne gebruikgemaak gaan word. Die keuse van die navorser het geval op die leraar of bedieningsleier wat verantwoordelik is vir die gesins- en/of familie- en/of enige intergenerasionele fokus van die deelnemende gemeentes. Die rede vir hierdie keuse is hoofsaaklik op twee sake gegrond:

1. Hierdie studie kyk vanuit gemeentebou en jeugbediening na intergenerasionele geloofsvorming in ’n huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde jeugbediening. Hierdie studie wil gemeentes help om ’n intergenerasionele bediening deel van hulle jeugbediening te maak. Die vertrekpunt is dus baie sterk *ekklesiologies* en daarom is die leraar se insette in dié verband na die oordeel van die navorser baie belangrik.
2. Intergenerasionele geloofsvorming is ’n braak veld in die kerk (spesifiek die Ned. Geref. Kerk) in Suid-Afrika. Dit kon duidelik gesien word in die proses van identifisering van gemeentes. Dit was dus vir hierdie studie uiters belangrik om by leraars of bedieningsleiers wat verantwoordelik is vir die gesins- en/of familie- en/of enige intergenerasionele fokus van gemeentes, te hoor hoe hulle te werk gegaan

het om so ’n bediening op die been te bring en wat na hulle oordeel die waarde van en die uitdagings ten opsigte van ’n intergenerasionele fokus in jeugbediening is. Dit was ook belangrik om te hoor watter prosesse hulle gevolg het om so ’n bediening op die been te kon bring.

### 7.3.2 Die spesifieke metodes wat gebruik is om data te versamel

Die metodes wat in kwalitatiewe navorsing gebruik word, is reeds in hoofstuk 1 (1.4.6.1.1) bespreek. Wat hier van belang is, is dat die data versamel is uit onderhoude met die leraar wat verantwoordelik is vir die gesins- en/of familie- en/of enige intergenerasionele fokus van tien van die deelnemende gemeentes. By al 10 die deelnemende gemeentes is die leraar self verantwoordelik vir die gesins- en/of familie- en/of enige intergenerasionele fokus van die onderskeie gemeentes. Hoe hierdie leraars geïdentifiseer is, word later in hierdie hoofstuk (7.3.4) beskryf.

Maree (2016:92-93; cf. ook Marais 2018:233-234) beskryf `n onderhoud as ‘n tweerigting-gesprek waar die onderhoudvoerder vrae aan die respondente vra om data en kennis te versamel met betrekking tot die idees, opinies, sieninge, gedrag, oortuigings en opvattings van die respondente. Die doel van kwalitatiewe onderhoude is om die wêreld deur die oë van die respondente te sien. Die doel is altyd daarop gerig om ryk, beskrywende data te verkry wat die navorser kan help om die respondente se ervaring en sosiale konteks te verstaan. Indien die respondente die onderhouvoerder vertrou en die onderwerp onder bespreking belangrik ag, sal hy/sy inligting aan die onderhoudvoerder gee wat nie op enige ander wyse bekom sou kon word nie.

Binne kwalitatiewe navorsing word daar volgens Maree (2016:93; cf. ook Marais 2018:234) onderskei tussen die volgende drie tipes onderhoude: ongestruktureerde, half-gestruktureerde en gestruktureerde onderhoude. Die navorser het besluit om gestruktureerde onderhoude met die geïdentifiseerde respondente te voer.

Die sukses van onderhoude hang volgens Maree (Maree 2016:94) af van die mate waarin geloofwaardigheid en betroubaarheid verseker kan word. Om hierdie rede moet onderhoude sistematies, deursigtig, geloofwaardig en herhaalbaar gedoen word. Dit is belangrik dat die persoon wat die onderhoud voer presies moet hoor wat elke

respondent sê en bedoel. Om te verseker dat die onderhoudvoerder die antwoorde getrou weergee, stel Maree (2016:94) drie tegnieke voor. Eerstens word ’n detail-geörienteerde ingesteldheid gebruik om te verseker dat die onderhoudvoerder die “wie”, “waar” en “wat” van die respondente se antwoord verstaan. Tweedens kan die respondente gevra word om op sekere punte uit te brei en derdens kan verhelderingsvrae gevra word om te verseker dat die onderhoudvoerder verstaan wat bedoel is.

Onderhoude moet volgens Silverman (2013:208) opgeneem word nadat die toestemming van die respondente verkry is en die data moet so gou as moontlik ná afloop van die onderhoud op skrif gestel word, omdat dit dan nog vars in die onderhoudvoerder se geheue is. Die navorser het in hierdie navorsing hierdie toestemming vooraf verkry in die Brief van bekendstelling en ingeligte toestemming (ADDENDUM E).

### 7.3.3 Die individue of navorsingspan wat die navorsing onderneem het

Die navorsingspan het bestaan uit die navorser, die navorser se studieleier, Prof. Malan Nel en die toegewysde persoon van die Department van Statistiek, Universiteit van Pretoria, Me. Joyce Jordaan, as navorsingskonsultant.

### 7.3.4 Die stappe wat gevolg is om die projek suksesvol te voltooi

Daar is op ’n ewekansige manier 10 gemeentes uit die 29 deelnemende gemeentes geïdentifiseer met wie se leraar onderhoude gevoer is. Die stratifisering is gedoen op grond van geografiese ligging. Twee van die ses plattelandse- en agt van die 23 voorstedelike gemeentes is op die ewekansige metode geïdentifiseer. Die gemeentes is in twee alfabetiese lyste gerangskik en elke derde gemeente is gekies. Die goedkeuring van die etiese komitee en die nodige toestemming is van elke respondent verkry (Brief van bekendstelling en ingeligte toestemming – ADDENDUM E - 21 Februarie 2020). Afsprake is gemaak en die tien onderhoude is gevoer tussen 25 Februarie en 5 Maart 2020.

Die kwalitatiewe vraelys is opgestel (ADDENDUM F) in samewerking met die navorser se studieleier, Prof. Malan Nel en die toegewysde persoon van die Department van

Statistiek, Universiteit van Pretoria, Me. Joyce Jordaan, as navorsingskonsultant. Alhoewel die onderhoud gestruktureerd was, is die vrae redelik oop gevra.

Die half-gestruktueerde vraelys is, soos wat die geval was met die kwantitatiewe navorsing, gebaseer op die inhoud van Hoofstukke 2, 3, 4 en 5 van hierdie studie. Aangesien daar reeds `n vraelys vir die kwantitatiewe navorsing opgestel is, het spesifiek die afdeling wat handel oor geloofsvorming in en deur die gemeente, as basis vir hierdie kwalitatiewe navorsing gedien.

Met die opstel van ‘n vraelys tref Maxwell (2012:104-105; cf. ook Marais 2018:235) ‘n onderskeid tussen wat hy noem navorsingsvrae en vrae vir onderhoude. Navorsingsvrae wil die navorser help om iets te verstaan wat besig is om te gebeur, terwyl onderhoudsvrae die navorser help om tot verstaan te kom. Om tot hierdie verstaan te kom moet vrae gevra word wat te doen het met die konkrete werklikheid.

Nadat die vrae vir die kwalitatiewe navorsing opgestel is, is dit by leraars wat betrokke is in jeugbediening wat aan die navorser bekend is, getoets om seker te maak die respondente verstaan die vrae korrek en dat hulle antwoorde sal bydra tot die navorsingsdoel. Enkele aanpassings is gemaak op aanbeveling van die individue wat deelgeneem het aan hierdie loodsprojek. Maxwell (2012:87, 105) beveel ook iets soortgelyks aan. Die vrae word later in die volgende paragraaf (punt 4) bespreek.

## 7.4 Onderhoudsvrae vir die halfgestruktureede onderhoude

Die vyf onderhoudsvrae wat vir die onderhoude geformuleer is, het ten doel gehad om tot verstaan te kom hoe die praxis van intergenerasionele geloofsvorming tans binne die jeugbediening van gemeentes met ’n gesins- en/of familie en/of intergenerasionele geloofsvorming werk.

Voor die onderhoude is die respondente telkens weer (naas die brief van bekendstelling en ingeligte toestemming) ingelig oor hoe dit gekom het dat hulle gemeente gekies is om aan die onderhoud deel te neem en wat die doel van die navorsing is. Daar is ook pertinent daarna verwys dat hulle gemeente ’n gesins- en/of familie- en/of intergenerasionele geloofsvormingsfokus het en dat die respondente

direk dáárby betrokke is. Vervolgens word die vyf vrae wat aan die respondente gevra is weergegee en bespreek.

### 7.4.1 Wat gemeentes doen

Die eerste vraag was daarop ingestel om te hoor waarmee hierdie gemeentes ten opsigte van ’n gesins- en/of familie- en/of intergenerasionele fokus besig is en wat die rede is hoekom hulle daarmee besig is. Hierdie vraag sluit aan by vraag 9 in die kwantitatiewe vraelys onder die afdeling wat handel oor geloofsvorming in en deur die gemeente. By vraag 9 in die kwantitatiewe vraelys is respondente gevra watter geleenthede hul gemeente intergenerasioneel aanbied? Die vraag aan die leraars handel dus oor wat alles aangebied word, maar ook die rede hoekom dit gedoen word.

Die volgende vraag is aan al die onderskeie respondente gevra:

Vraag 1: Wat doen julle presies in hierdie verband en hoekom doen julle dit?

### 7.4.2 Faktore en praktyke wat ’n positiewe effek op die vorming en groei van geloof in gesinne/families het

Die tweede vraag was daarop ingestel om te hoor watter faktore en praktyke in die gemeente na die oordeel van die leraar ’n positiewe effek het op die vorming en groei van geloof in gesinne/families. Hierdie vraag sluit direk aan by vraag 10 in die kwalitatiewe vraelys onder die afdeling wat handel oor geloofsvorming in en deur die gemeente. By vraag 10 in die kwantitatiewe vraelys is respondente gevra: Watter faktore in of saam met die gemeente het die grootste positiewe effek op julle familie se geloofsvorming tans (of het in die verlede ‘n positiewe effek gehad, indien kinders reeds die huis verlaat het)? Die vraag aan die leraars vra dus in op hulle waarneming oor watter faktore en praktyke ’n positiewe effek het op die vorming en groei van geloof in gesinne/families. Hier kan die respondente uit die kwantitatiewe navorsing se bydraes moontlik leraars se oog oopmaak vir dinge wat hulle nie as belangrik beskou nie. Die respondente en leraars se reaksies kan dus hier met mekaar vergelyk word en dit kan weer vergelyk word met wat die literatuur en ander navorsing oor hierdie onderwerp bydra.

Die volgende vraag is aan al die onderskeie respondente gevra:

Vraag 2: Watter faktore of praktyke in julle gemeente (formeel en informeel) het na jou oordeel tans die grootste positiewe effek op die vorming en groei van geloof in gesinne/families?

### 7.4.3 Uitdagings wat jeugbedienings/gemeentes ervaar ten opsige van intergenerasionele interaksie en –geloofsvorming

Die derde vraag was daarop ingestel om te hoor watter uitdagings die leraars beleef ten opsigte van intergenerasionele interaksie en -geloofsvorming. Hierdie vraag sluit direk aan by vraag 11 in die kwalitatiewe vraelys onder die afdeling wat handel oor geloofsvorming in en deur die gemeente. By vraag 11 in die kwantitatiewe vraelys is respondente gevra wat intergenerasionele interaksie in hulle gemeente bemoeilik? Hierdie vraag is aan die leraars gevra in die lig daarvan dat die mening van respondente in die kwantitatiewe navorsing uiteenlopend was oor wat intergenerasionele interaksie bemoeilik en geen enkele saak as beduidend aangedui is nie. Die leraars se reaksie kan moontlik lig werp op dit wat hulle in die praktyk ervaar wat intergenerasionele geloofsvorming bemoeilik.

Die volgende vraag is aan al die onderskeie respondente gevra:

Vraag 3: Watter uitdagings beleef julle tans in julle jeugbediening/gemeente ten opsigte van intergenerasionele interaksie en - geloofsvorming?

### 7.4.4 Sleutel strukturele/organisatoriese komponente wat gemeente se fokus op gesinne/die huis/intergenerasionele geloofsvorming bevorder of benadeel

Die vierde vraag was daarop ingestel om te hoor hoe hierdie gemeentes te werk gegaan het om ’n fokus op gesinne/die huis/intergenerasionele geloofsvorming op die been te bring. Dit was ook belangrik om te hoor watter prosesse gevolg word om so ’n bediening vol te hou. Dit is verder ook belangrik om te hoor of daar enige strukturele of organisatoriese komponente is wat hierdie fokus in die bediening benadeel het, sodat dááruit geleer kan word. Hierdie vraag stem nie ooreen met enige vraag in die kwantitatiewe vraelys nie.

Die volgende vraag is aan al die onderskeie respondente gevra:

Vraag 4: Beskryf ’n sleutel strukturele/organisatoriese komponent in julle gemeente wat julle fokus op gesinne/die huis/intergenerasionele geloofsvorming bevorder of benadeel.

### 7.4.5 Redes hoekom gemeentes nie ouers sentraal deelmaak van jeugbediening nie

Die vyfde vraag sluit direk aan by die vraag wat hierdie navorsing geïnspireer het, soos wat reeds in hoofstuk 1 (1.1.2) bespreek is. Die vraag is: Hoekom sluit jeugbedienings en gemeentes steeds nie ouers (en ander volwassenes) by hulle bediening aan kinders, adollesente en jongvolwassenes in nie, al is daar oortuigende navorsingsresultate plaaslik en internasionaal wat aandui dat ouers die grootste invloed op hul kinders se geloofsvorming het? Hoekom word steeds geglo, ten spyte van alle navorsingsresultate, dat afsonderlike ouderdomgerigte bedienings, ouderdomsgerigte geloofsvorming en ander ouderdomsgerigte programme die primêre manier is waarop kinders, adollesente en jongvolwassenes binne gemeentes bedien moet word?

Hierdie vraag is verder gevra omdat ouers in die kwantitatiewe deel van hiérdie navorsing (Vraag 19) duidelik uitgewys het (98% van die respondente) dat hulle besef dat die huis die primêre plek is waar kinders se geloof gevorm word.

Indien hierdie studie enige bydrae wil maak tot die bedieningspraktyk, sal daar duidelikheid verkry moet word oor hierdie vraag. Leraars is sleutelrolspelers in besluitneming oor jeugbediening, daarom vra hierdie vraag in na die bedieningshouding en motivering agter die bedieningspraktyk van jeugbediening.

Hierdie vraag is daarop ingestel om te hoor wat leraars, wat wel ’n fokus op gesins- en/of familie- en/of intergenerasionele geloofsvorming het, se ervaring van hierdie saak is, ten einde uit te kom by ’n groter verstaan van die weerstande teen die integrering van ouers en intergenerasionele geloofsvorming in jeugbediening.

Hierdie vraag is gevra om die navorser te help om te weet hoe hierdie studie kan bydra om jeugbedienings en gemeentebedienings te help om hulle bediening so aan te pas dat die huis (familie) die sentrum of middelpunt van geloofsvorming kan word. Dit is

verder gevra om vas te stel hoe die jeugbedienings deur middel van inter-generasionele geloofsvorming ondersteunend kan deelneem aan hierdie geloofsvormingsproses.

Die volgende vraag is aan al die onderskeie respondente gevra:

Vraag 5: Wat is na jou oordeel die rede hoekom gemeentes steeds nie ouers sentraal deelmaak van hulle jeugbediening nie?

## 7.5 Versameling van data

Die navorser gaan hier nie herhaal wat vroeër in hierdie hoofstuk (punt 3) oor dataversameling gesê is nie. Volgens Maxwell (1999:7) is die primêre databron vir hierdie soort navorsing die woorde en die waarneembare gedrag van die respondente. Om hierdie rede moet die navorser nie net kan luister na dit wat die respondent sê nie, maar ook die gedrag van die respondente kan waarneem.

Die 10 onderhoude is persoonlik deur die navorser op die plekke wat die respondente geskik geag het, gevoer tussen 25 Februarie en 5 Maart 2020. Met die toestemming van die respondente (Brief van bekendstelling en ingeligte toestemming – ADDENDUM E; dit is weer mondelings met die aanvang van elke onderhoud gevra) is die onderhoude opgeneem om te verseker dat die opskrifstelling so akkuraat as moontlik kon plaasvind.

## 7.6 Aanbieding van data

Die navorser gaan die data wat verkry is uit die gestruktureerde onderhoude in hierdie paragraaf in die volgende formaat aanbied:

1. Die vraag;
2. Data rapportering;
3. Skematiese voorstelling en bespreking van verbande;
4. Resultate en bevindings

Die 10 onderhoude is op skrif gestel en elke antwoord van die vyf vrae is in `n paragraaf saamgevat. Om respondente se anonimiteit te verseker is die onderskeie gemeentes wat geïdentifiseer is om onderhoude mee te voer alfabeties gerangskik en

is die respondente van die onderskeie gemeentes dienooreenkomstig van 1-10 genommer. Wanneer daar dus na ‘D # 01’ verwys word, verwys dit na die deelnemer van die gemeente wat eerste op die alfabetiese lys is. Die letter ‘P’ en ’n syfer word gebruik om die paragraaf waaruit die aanhaling gehaal is se nommer aan te dui. Wanneer daar dus na ‘P1’ verwys word, dui dit op die eerste paragraaf van die spesifieke respondent. ’n Verwysing sal dus soos volg lyk: ‘D#01: P1’ en dit verwys dus na die eerste deelnemer se eerste paragraaf.

### 7.6.1 Wat gemeentes doen

#### 7.6.1.1 Vraag 1

Wat doen julle presies in hierdie verband en hoekom doen julle dit?



Die meeste respondente het eers die ‘hoekom’ vraag beantwoord en toe aangedui wat hulle in die gemeente doen. Die navorser rapporteer dan ook in hierdie volgorde.

#### 7.6.1.2 Data rapportering


Agt uit die tien gemeentes rapporteer dat hulle een of ander paradigmaskuif ondergaan het op grond waarvan hulle hierdie gesins- en/of familie- en/of intergenerasionele fokus begin het. Hierdie paradigmaskuif het daartoe bygedra dat ’n intensionele fokus op gesinne en/of families en/of intergenerasionele bediening geplaas is. Hier is die respondente se reaksies:

> D1#:P2 – “Ons doen dit omdat dit nie help om ’n kind net op ’n Sondag gou-gou van Jesus te probeer leer nie [...] Dit moet op ’n manier teruggaan huis toe. Ons probeer ouers leer: Daar is dinge wat in jou kind se lewe gebeur wat belangrik is; daar is mense in jou kind se lewe wat belangrik is. Kom ons vier die dinge, maar kom ons vier dit sáám en ons doen dit as ’n gemeenskap en as vriende.”

> D#2:P2 – “Ons moes eers ons koppe skuif van ’n bediening af waar ons gesien het dat ouens in die verlede nogal gedink het geloofsvorming gebeur net in ons koppe (Figuur 7.1 volgende bladsy) [...] ons het nie eers gedink oor hoekom dit nodig is dat generasies by mekaar moet betrokke wees nie [...] In ons eie koppe moes ons eers skuif om plek te maak vir intergenerasionele bediening om te sê hoekom sal ander generasies vir ons kosbaar wees, want ons fokus nou op ’n nuwe prentjie (lewenslange geloofsvorming en lewensvorming – Figuur 7.2 volgende bladsy) eerder as die een wat net kennis oordra.

|  |  |
|---|---|
| **Figuur 7.1: Kennisoordrag** | **Figuur 7.2: Lewensvorming** |

D#2: P2 – "Ons het gevra: hoe gaan ons dit regkry om volhoubare praktyke te hê (praktyke is die deel van die spits van die ysberg – in ons grafiese voorstelling - wat bokant die water uitsteek – Figuur 69 volgende bladsy), sodat die verskillende generasies bymekaar betrokke is en sien dit is sinvol. Om dáárby uit te kom, het ons begin (onder die opppervlak van die water in ons grafiese voorstelling – Figuur 7.3) by ons *teologie*, of God se storie. God wil hê ons moet 'the good life' (lewe in oorvloed) uit sy hand ontvang. Dit kan net gebeur in 'n *verhouding* met Hom en verhoudings met mekaar. Ons moet soveel as moontlik mense in hierdie verhoudingslewe inkry. Dan sê ons goed, hierdie verhouding dra by tot die vorming van 'n sekere *identiteit*. Dit beteken elke ou beleef of ervaar 'n stuk waarde of vorming. Ek het jou nodig in my geloofstorie en net so het die volgende ou my weer nodig. Die identiteit het 'n sekere spiritualiteit of geloof tot gevolg. Dit bring mens dan by watter soort praktyke nodig is om hierdie geloof of spiritualiteit te vorm. Ons het al ons bestaande praktyke gaan toets aan hierdie goed. Ons moes sekere goed stop en ander goed begin ondersoek om dit te implimenteer. Hierdie proses het ons gehelp om 'n ordentlike basis te kry vir hoekom ons hierdie goed wil aanpak. [...] as 'n mens nie 'n goedgemotiveerde grondslag het vir hierdie goed nie, dan is daar net 'n paar los praktyke en niemand weet regtig hoekom ons dit doen nie en op die ou einde hou dit nie."





**Figuur 7.3: Volhoubare geloofspraktyke**

D#3:P1 – "Ons gemeente het seker nou omtrent agt/nege jaar terug 'n proses begin met die kerkraad en met die lidmate om 'n fondasie te lê vir huisgeloof en daar is op 'n klomp beginsels/uitgangspunte besluit om te sê ouers is die primêre plek waar kinders van die Here leer en dit is belangrik dat kinders saam met verskillende generasies ook aanbid en ook in die gemeente dien ...."

D#4:P1 – "Ek het nege maande terug hier begin en het dadelik begin om elke kwartaal byvoorbeeld vir die ouers te herinner – ouers speel 'n baie groter rol as kategete in geloofsvorming, want als en als het 'n kategeet miskien 24 uur (een dag) in 'n jaar wat hulle met die kinders kan spandeer om hulle geloof te help vorm."
D#6:P2 – "Na die gemeenskapsprofiel het ons ontdek dat daar baie meer mense in die volwasse ouderdomsgroep is tussen die ouderdomme van 25-45 as wat ons ooit gedink of voorsien het – dit het ons fokus geskuif. Ons het gesê as ons ons fokus skuif, waarmee gaan ons werk? Ons kan tog nie net met individue werk nie, maar moet met gesinne werk, want hierdie groep is deel van gesinne – 'n pa, ma met kinders, of hoe die gesinne ook al saamgestel is. Dit het ons hele bediening verander."
D#8:P2 – "...ons gemeente het besluit om 'n gesinsleraar in plaas van 'n jeugleraar te beroep met die doel om te kyk hoe gesinne in die gemeente opgeneem kan word. Omdat daar in die verlede die tradisionele standpunt was dat iemand die jeug apart moet bedien en die kerkraad het daar 'n strategiese besluit geneem om te sê dat gesinne geïntegreerd in die hele gemeente bedien moet word."
D#9:P1 – "Die eerste ding wat ons (kerkraad) 'n keuse oor gemaak het, is dat gesinne vir ons belangrik is – nie net die gesinne van die gemeente nie, maar ook die leraars se gesinne."
D#10:P2 – "Ons het 'n skuif gemaak nadat ons 'n seminaar bygewoon het [...] waar ons die teologiese kernbeginsels oor familiebediening ontdek het, wat vir my 'n nuwe wêreld oopgemaak het... Drie goed het uitgestaan: 1. geloof word deur die Heilige Gees gevorm in oud en jonk en deur 2. persoonlike verhoudings veral in huise sowel as in die gemeente. Dit het ons klem bietjie verskuif. 3. Waar Jesus teenwoordig is, kan enige plek en omstandighede kerk word [...] ons moes ons gedagtes ook geskuif het, sodat kerk oral is en dat ouers en volwassenes se voorbeeld in geloofsvorming eintlik belangriker is as al die kennis wat 'n predikant of jongmens kan oordra in hulle portuurgroep. Ons doen dit omdat ons glo ons moet ouers bemagtig om hulle doopbelofte na te kom, want dit is tog 'n vennootskap saam met die kerk."

Vyf uit die tien gemeentes het 'n uitgebreide bediening rondom gesinne/families waar intergenerasionele geloofsvorming 'n baie belangrike komponent uitmaak (5) en waar 'n strategiese besluit van die kerkraad (6) of 'n geïntegreerde bedieningsfilosofie of 'n geloofsvormingsproses (5) 'n belangrike rol in die vestiging van hierdie bediening speel. Om te verstaan waarmee hierdie gemeentes besig is, kan dus in hierdie gemeentes nie los van hierdie vestigingsproses (vestiging van 'n kultuur) gesien of verstaan word nie. Die respondente beskryf dit soos volg:

D#2:P4 – "Ons jeugbedieningsfilosofie is eintlik ons werksdokument waarin ons al hierdie goed (geloofsvormingsprosesse) vir onsself uitpluis deur verskillende lense, om seker te maak waarmee en hoekom ons daarmee besig is." P5 - "Ons heel eerste tree as ons wil hê generasies moet bymekaar uitkom, moet hulle besig wees met dieselfde ritmes." P9&10 – Hierdie ritmes word voorgestel deur die grafiese voorstelling van 'n geloofsreis (Figuur 7.4 volgende bladsy). Hierdie geloofsreis definieer alles waarmee ons besig is."







**Figuur 7.4: Geloofsreis**

D#3:P1 – "Alhoewel hulle tydens kategese met ouers en ander ouer mense in kontak was, het ons (kerkraad) gevoel dit is nie genoeg om hulle te integreer in die hele gemeentewees proses nie. [...] Ons het met 'n lang proses ouers begelei om te verstaan dat dit vir kinders belangrik is om saam met hulle (ouers) in die erediens self te wees."

D#6:P3 – "Dit is alles 'n omvattende bediening waarna jy moet gaan kyk. Ons is verbind tot die volgende geloofsvormingsprosesse: Die vyf prosesse is dan eerstens verhoudings wat omgee en saakmaak; die tweede een is ons vier mekaar se lewens- en geloofsmomente; die derde een is lering maak dit moontlik om sinvol te leef; die vierde een: deur aanbidding wat leef vanuit die erediens en ons gebedslewe, groei ons en die laaste een is: deur diens aan mekaar en die wêreld leef ons ons roeping."

D#8:P2 – "Omdat in die verlede was die tradisionele standpunt dat iemand moet die jeug apart bedien en die kerkraad het daar 'n strategiese besluit geneem om te sê dat gesinne geïntegreerd in die hele gemeente bedien moet word en daar het die gemeente 'n bedieningsfilosofie vasgelê wat in die volgende woorde vasgevang word: 'Die gemeente funksioneer soos 'n familie en families behoort soos die gemeente te funksioneer.' Wat ons daarmee bedoel is om te sê dat waardes moet oordraagbaar wees. Die waardes wat by 'n familie geld behoort by die gemeente te geld en waardes wat by gemeentes geld, behoort in 'n familie te geld."

D#10:P1 – "Ons (die kerkraad het besluit) volg Vibrant Faith se beginsels. Hulle werk met vyf beginsels vir geloofsvorming. 1. Geloof word deur die Heilige Gees in verhoudings en meestal in ons eie huise gevorm; 2. Daar is 'n dinamiese vennootskap tussen die gemeente en die huishouding; 3. Die huishouding is die gemeente in die kleine; 4. Geloof word ontvang eerder as geleer; 5. As ons toegewyde jongmense wil hê, het ons toegewyde volwassenes nodig. Vibrant Faith het ook vier sleutels vir geloofsvorming in die huis: 1. Liefdevolle geloofsgesprekke; 2. Huisgodsdiens; 3. Dade van diens; 4. Rituele en tradisies. Die praktiese inkleding hoe ons dit dan doen - spesifiek hoe die intergeneratiewe blootstelling in die gemeente lyk dan so: Die eerste deel is die aanbidding; dan volg die groei-gedeelte (dit sluit toerusting in); dan die dien-gedeelte; daarna die versorgingsgedeelte en laastens die pret-gedeelte."

Al tien gemeentes het op een of ander manier aangedui dat die erediens, kategese en een of ander komponent wat geloofsvorming met die huis verbind (huisgeloof)

by hulle voorkom (10). Dit maak deel uit van hulle intensionele poging om gesinne, families of verskillende generasies te bedien. Daarmee saam is toerusting (8) ook ’n belangrike komponent in die meeste gemeentes. Alhoewel verskillende terme gebruik is en nie almal daarna verwys het nie, blyk dit of verhoudings of ’n familiekarakter deurgaans, maar veral in die eredienste ’n belangrike rol speel. Ander temas wat voorkom is ’n doopkursus (3), ’n mylpaalbediening (3) en mentorskappe (3).

D#1:P1 – “Ons doen iets soortgelyks aan ’n mylpaalbediening (rondom ons oggenderediens) wat vir ons werk. Elke maand is daar ’n groot Sondag waar ons iets met ons gesinne doen wat die hele gesin insluit. Ons doen dinge soos ’n gesinsontbyt, ouma en oupa Sondag, Moedersdag, Vadersdag, troeteldier-Sondag en allerhande sulke dinge om ons families bymekaar te kry en dan op ’n manier saam geloof te doen. Op daardie Sondae is daar dan ook nie tradisionele Sondagskool nie en ons probeer hulle dan bymekaar kry en saam aktiwiteite doen wat tussen generasies die klomp ‘connect’.”

D#2:P5 – “Wanneer ons na die kategeseprogram kyk, kyk ons die hele tyd na twee ritmes: in die huis en in die gemeente. Die heel eerste ding ... die gesinsbediening of jegbediening is ten alle tye gesinkroniseer met die gemeentebediening, sodat generasies heel eerste net op dieselfde bladsy kan wees, besig met dieselfde goed en dat hulle met mekaar daaroor kan praat. Wanneer temareekse aangebied word, word dit na die aand (kategese) toe gevat en gekyk hoe ons dit kan deelmaak van die kategese.” P6 – “Ons soek die generasies verteenwoordig daar (kategese) daarom het ons ten minste twee kategete. Dit is nie net vir ‘fall back’ nie. Dit is om te sê: hier moet ander grootmense wees wat kinders se name ken, sodat hulle op ander terreine net verby ’n oom of tannie kan loop en hierdie oom of tannie vra hoe dit gaan. Ons wil hiermee nie net intensioneel die generasies laat bymekaarkom nie, maar ook stigmas afbreek.” P7 - Intensioneel deel van ons program is dat die leraars by al die kinders uitkom, sodat die ouer leraar, die jonger leraar, die tussen-in leraar, die Engelse leraar almal iewers ‘feature’ en kontak het en iets aanbied.” P8 – “... die gemeentebedieninge kom gee klas (kategese) [...] so byvoorbeeld die mense wat gasvryheid (gebedsbediening ens.) bedryf in die gemeente ... het ’n kans gekry om by die senior klasse te kom aanbied oor hoekom gasvryheid belangrik is in die kerk. Ons het gesien dat kleintjies wil nie noodwendig daardie tipe (ouer volwassenes) grootmens wees nie, maar hulle wil daardie ‘cool’ groot kind wees. Daar is daarom gesê dat ons hoërskoolkinders is vir die laerskoolkinders die ouens wat kom hande bysit en help en optree, voorsing en seker maak dat hulle dáárby betrokke is.” P11 – “Ons kombineer praktyke en bedieninge. Die pa-en-kind kamp word ook bv. sommer ’n toerustingsgeleentheid waar een van die ander bedieninge kom en spesifiek vir pa’s toerus oor hulle rol en kinders dan nou spesifiek toerus oor hulle plek in die gesin of in ’n familie en in hulle verhouding met hulle pa.”

D#3:P1 – “... die kinders is in die erediens (saam met hulle ouers) vir die eerste 20 minute ... en dan probeer ons as dominees om in daardie tyd ten minste een of twee of partykeer drie liede saam met hulle te sing. Goed soos geloofsbelydenis, doop, nagmaal (liturgiese goed) word ingesluit in hierdie tyd. Dan het ons ’n kindermoment en ons het nogal spesifiek gesê elke dominee moet probeer om (self) ’n kindermoment te doen, maak nie saak of hy of sy gemaklik is daarmee nie, juis om bietjie die kontak tussen die kinders en al die dominees te hê. Na die eerste 20 minute beweeg hulle dan na hulle groepe toe en daar word die boodskap op hulle ouderdom spesifiek dan vir hulle oorgedra en ook

vaslegging in die groepies. Saam hiermee het ons ook gesê dit is belangrik vir huisgeloof dat die ouers en kinders een teks het waaroor daar gepraat word en dit is nogal ook 'n ding wat ons spesifiek oor moes besluit. Dit het baie beplanning gevat want die kind van graad 1-6, tienerbediening en die erediens moet dieselfde teks kry." P2 – "Saam met dit probeer ons ook die kinders (vanaf graad 7) deel te maak op ander plekke in die gemeente (die bedieninge). Hulle word direk in die (bediening) span van die volwassenes ingesluit [...] Ons probeer met ouerleiding en ander goed ook die ouers en kinders saam toerus om by hulle huise bv. te weet hoe om saam te bid en Bybel te lees (geloofsgewoontes te beoefen). Ons doopkursus speel 'n sentrale rol, want by die doopkursus probeer ons ook by die doopouers die konsep van geloofsvorming by huise vestig. Dit vorm nogal 'n goeie beginpunt saam met 'n klomp mylpale of roetemerkers (Graad 1, Graad 7, Graad 8, Graad 11 en Matriek) wat ons dan so deur die jaar vier."

D#4:P3 – "Ouers word gereeld herinner - hulle speel 'n groter rol as die kategeet, want als en als het 'n kategeet miskien 24 uur 'n jaar (een dag 'n jaar). Jy spandeer meer tyd saam met jou kind om hul geloof te vorm." P2 – "Die ouers word kort-kort herinner daaraan – onthou julle is eintlik die mense, so moenie wegbly nie, kinders moet ook met julle deel wat hulle in die klas (kategese) kry en julle is welkom om in te sit." P4 – "Ek doen die toerusting vir kategete op twee vlakke: die een is aanbiedingsvaardighede en die ander om iets te verstaan van geloofsvorming."

D#5:P1 – "Die erediens is die plek waar ons die meeste op gesinne en families en intergenerasionele funksionering fokus. Daar vind rondom die erediens baie moeite plaas waar kinders betrek word om in die erediens diens te doen. Elke klassie kry geleentheid om verskillende dinge rondom die erediens te doen. Ons het net een erediens in die oggend waar alle ouderdomme teenwoordig is." P3 – "Ons het ook kategese waar daar intergenerasioneel gewerk word. Daar is ook 'n kinderhuis, waarby baie gesinne betrek is en hierdie families, alhoewel hulle uitreik, vorm as't ware vir hierdie kinders 'n ekstra familie."

D#6:P2 – "... elke diens is 'n intergeneratiewe diens in hierdie gemeente, ongeag. Dit het onmiddelik die wêreldse verskil begin maak. Enige een kan by enige erediens inskakel, want daar is intergeneratiewe en ook wedersydse deelname in elke erediens en dit is glad nie eenrigting kommunikasie meer nie." P4 – "Ons het ook ons kerkraad verander na 'n gemeenteraad .... Bo en behalwe die portefeuljes wat daar is, is daar nog vier persone wat geen portefeulje het nie, maar hulle word gekies op grond van intergeneratiewe kategorieë. Die eerste een is 18-25; die volgende 25-45; dan 45-60 en dan 60 en ouer. Hulle word deur die gemeente aangewys." P5 – "Ons het nie meer 'n jeugbediening wat net op die jeug fokus nie, maar wel 'n jeug- en gesinsbediening. Die mentors by die seniorkategese is jongmense wat onlangs belydenis van geloof afgelê het. Die mentors van die belydenisfase moet volwassenes wees, dit is mense in die algemeen ouer as 35 jaar." P9 – "Ons het ook spesifieke geleenthede waar ouers en kinders saam kategese moet bywoon .... dan is die onderwerp ook so gerig dat by so 'n geleentheid almal kan saampraat. Al het ons mentors, moet die kinders en ouers saam sit en ons kry 'n antwoord uit die gesinne uit." P10 – "Die hele gemeente kry elke oggend van die week 'n WhatsApp met 'n 'wandel in die Woord'-stukkie. As Sondag se preek oor 'n spesifieke ding gaan, kry jy die hele week deur jou 'wandel in die woord'-stukkie binne jou groep (ouerdomsgroep). Die rede hiervoor is, ons stuur dit vir die groep uit, want die taal verskil van groep tot groep."

D#7:P "... ons probeer op 'n kwartaallikse basis 'n toerustingsgeleenheid te hou wat ons tydens die erediens reël (wat saamval met die erediens). Ouers hoef dan nie in die week of op 'n ander tyd of na Sondag se diens te kom nie. Ons hanteer dan maar praktiese voorbeelde van hoe om huisgodsdiens te hou; hoe leer ek my kind bid en hoe leer ek hulle Bybel lees. Ons het ook ander onderwerpe ook al hanteer oor dissipline aan God (gehoorsaamheid) en oor die invloed van tegnologie en so aan. Dit doen ons juis om ouers te help om hulle toe te rus oor hoe om hulle kinders te begelei op hulle geloofsreis; hoe om in die gesin dinge beter te doen; hoe om spesifieke tradisies te vestig; hoe om gesprekke te voer met hulle kinders oor hulle geloof en so aan. Dit doen ons omdat ons beleef dat ouers nie meer weet hoe nie." P2 – "... ons probeer die hele tyd ouers motiveer om met hulle kinders te gesels oor wat by die kinderkerk of in die tienergroepe bespreek word." P3 – 'n Ander ding wat vir ons lekker is, is dat ons twee keer per jaar met die tienergroepe (kategese) en hulle gesinne 'n bosdiens hou, waar ons die oggend uitgaan na 'n plek toe ... waar ons bietjie in die natuur sit, saam 'n erediens hou, daarna kuier en eet en sommer net saamspeel. Ons het ook van tyd tot tyd gesinsdienste, want ons kinders in die junior jeug is gewoonlik apart met kinderkerk tydens ons erediens. By hierdie gesinsdienste probeer ek juis om tydens hierdie geleenthede, waar die gesinne dan spesifiek saam in die erediens is, gespreksmomente in die erediens inwerk waar hulle hoor waaroor die preek gaan of tydens skuldbelydenis of so, dat hulle bietjie met mekaar kan gesels daaroor of saam bid omdat ons nou gesê het hulle weet nie by die huis hoe om dit te doen nie of hoe om gesprekke aan te voer nie. Die feit dat mens in die erediens ook geleenthede skep waar hulle met mekaar praat en met mekaar kan deel en saam kan bid, help hulle om gewoond te raak aan dit en hopelik dan by die huis dit makliker sal kan doen. Gesinsdienste is so een keer per kwartaal."

D#8:P1 – "Ons hele sisteem op 'n Sondag werk nou so dat ons eers die grootgroep byeenkoms het, wat ons die erediens noem, waarin ouers saam met hulle kinders in die erediens sit. Hier word die tema hanteer, wat dan daarna in die kleingroep (kategese) bespreek word en dan, tydens dankoffers, kom daar 'n huisgeloof vraag (op die skerm) waarop ons dan wil hê by die huis weer oor gepraat moet word. Dan op die Dinsdag stuur die kerkkantoor die huisgeloof vrae, om hulle net te herinner daaraan en dit is ook op ons webblad. [...] hulle (die kerkraad) het gesê dat elke diensgroep moet gaan kyk hoe hulle intergenerasioneel kan wees, met ander woorde erediens moet kyk hoe hulle dit kan wees, onderlinge sorg moet kyk, uitreik moet kyk en toerusting moet kyk hoe hulle kan intergenerasioneel wees. [...] Ons dink verder dat geloofsvorming oor al vyf diensterreine in ons gemeente plaasvind en nie net by toerusting (waaronder kategese resorteer) nie."

D#9:P2 – Ons eredienste het ons so ingerig dat dit so familievriendelik kan wees as moontlik. [...] Ons het vir volwassenes geleer dat kinders hoort in die kerk en daarom is 'n kind nie lastig nie, hulle is net kinders en ons probeer om ons kinders so vêr moontlik in die erediens te akkommodeer. [...] As ons die nagmaal by die tweede diens bedien, bedien ons dit nie deur diakens nie, maar ons het 'n stuk of ses tafels in die kerk en ons nooi gesinne uit om saam nagmaal te gebruik en vir mekaar te sê dit is die liggaam van Christus en dit is die bloed van Christus." P3 – "Ons probeer so vêr moontlik om ouers te gebruik as kategete in ons kategese. Ons kategese begin eers na die preek, met ander woorde ons probeer ons kinders in die kerk hou tot en met die laaste tien minute van die erediens, dan gaan hulle uit en dan het hulle daarna 'n halfuur." P4 – "Ons het ook verlede jaar ons opleidingskursus gedoen waar ons die ouers heen uitgenooi het. [...] Ons het

opleiding gedoen met ons ouers oor hoe om huisgodsdiens te hou. Ons het met ouers gepraat oor wat dit beteken dat jy ’n verbondskind grootmaak.”

D#10:P4 – “Intergeneratiewe blootstelling lyk dan so. Ons verdeel dit in ’n paar kategorieë: *1. Die aanbiddingsdeel:* Ons het gekies vir ’n diverse model van ses eredienste op ’n Sondag. Ons Kix-kerk en kinderkerk vind gelyklopend met ons 08:00 en 10:00 eredienste plaas. Ons glo egter nie daaraan om generasies op hulle eie te laat funksioneer nie, daarom hou ons twee maal per jaar ’n kreatiewe sessie, waar kinders saam met die ouers om ’n tafel bymekaarkom. Ons help ouers om iets kreatiefs te ontdek van wat ons wil hê hulle by die huise moet doen; Dan het ons vier tot vyf gesinsdienste per jaar; [...] Met die Kix-dienste is daar gereeld ouers en grootouers wat die dienste in elk geval bywoon; Dan is daar ook spesiale dienste wanneer ons oupa- en ouma-Sondag het, waar ons ’n waarderende erediens het vir ouer mense in ons gemeente en die kinders word op verskillende maniere betrek.”

P5 – *2. “Die groei-deel behels* ’n klompie goed: Huisgeloof en tafelgesprekke. Ons stuur elke week vir ouers ’n gespreksblaadjie. Ons het ook ouerleidingskursusse. [...] Ons het ook gebedsvennote gedoen om veral oupas en oumas wie se kinders en kleinkinders geëmigreer het, geleentheid te gee om met kinders so ‘n vennootskap aan te gaan, veral in die oorgangsfases van kinders van Graad 7 na Graad 8 en gedurende die hoërskooljare tot en met die belydenisklas.”

P6 – “Ons het ’n doopkursus waarmee ons baie moeite doen om die ouers van vroeg af bewus te maak van wat familiebediening behels. Dit is ’n ses weke program wat jy aanlyn doen. Ons kategete is ouers uit die gemeente, partykeer van ons werkende jongmense maar hulle kom uit ’n ander generasie. Hulle tree op as mentors.”

P8 – *3. “Ons dien- geleenthede:* Ons doen baie moeite met betrokkenheid in ons gemeenskap. [...] Ons maak ’n punt daarvan om vir ons jongmense, veral die kinders ’n uitreik saam met hulle ouers (of ander volwasse mentors) te reël. Hulle moet eienaarskap neem vir hulle omgewing, veral mense wat in dienshoedanigheid betrokke is en daarom as ons uitreik, dan is dit byvoorbeeld ons plaaslike brandweer, hospitaal, DBV, ouetehuis, sentrum vir bejaardes. Ons het ook ’n skryfbehoefte projek met ons plaaslike laerskool.

P9 – *4. “Versorging.* Ons het ’n voltydse maatskaplike werker in ons diens. Dit help baie met gesinne in nood. Gesinsberading vind in samewerking met die leraars plaas. Dan is daar ook twee programme wat gesinne betrek rondom “Divorce care” en “breath share.”

P10 – *5. “Die pretgedeelte*. Wat vir ons veral belangrik is, is om die lewe saam te vier. [...] Ons probeer met feeste en kuiers moeite doen om ons generasies bymekaar te laat uitkom. Die Abraham Kriel-projek, waar gemeenteleiers programme vir ons gemeentekinders en die kinderhuis-kinders aanbied en ons hulle so bedien. Die seekamp, waar ouers as groepleiers optree. Ons het ’n familiepiekniek in die Botaniese tuine of by die buitelug diens waar ons probeer op sulke maniere dat mense bietjie skouers skuur met mekaar en ander mense leer ken. Ons het ook ’n spesiale ruimte op die kerkperseel ingerig (koffiewinkel) as kuierplek, sodat mense meer kan kuier en meer tyd het om nuwe vriende te maak”.

#### 7.6.1.3 Die skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande

In hierdie skematiese voorstelling (Figuur 7.5 volgende bladsy) kan sewe (1-7 in oranje) duidelike temas geïdentifiseer word (Die temas word telkens **donker** gedruk en die verbande tussen temas en kodes ***kursief***). Die eerste drie temas (1-3) het alles te doen met die hoekom-vraag. Wat hierdie gemeentes dus doen ten opsigte van ’n gesins- en/of familie- en/of intergenerasionele fokus, ***spruit voort uit*** of ***is die gevolg van*** hierdie drie temas. ’n Gesins- en/of familie- en/of intergenerasionele fokus ***is*** volgens hierdie respondente ***die gevolg van*** een of ander **paradigmaskuif** wat hulle gemeentes gemaak het. Die paradigmaskuif ***behels*** die volgende: Ouers is die primêre geloofsvormers, die huis en die kerk is vennote, gesinne moet geïntegreerd bedien word, intergenerasionele bediening is belangrik in die bedieninge en onderrig gaan oor geloofsvorming en nie net oor kennisoordrag nie. Hierdie paradigmaskuif ***het gelei tot*** ’n **strategiese besluit deur die kerkraad**. Hierdie strategiese besluit het volgens die respondente die volgende ***behels***: Gesinne moet geïntegreerd in die hele gemeente bedien word, gesinsbediening en jeugbediening moet gesinkroniseer word en daar behoort ’n intensionele intergenerasionele fokus te wees in alle bedieninge. Hierdie strategiese besluit deur die kerkraad *het gelei tot* ’n **geïntegreerde bedieningsfilosofie en – plan**. Hierdie geïntegreerde bedieningsfilosofie en -plan het by die respondente ***bestaan uit*** ’n duidelike verstaan oor hoe geloofsvorming en geloofsgroei werk, ’n beskrywing van hoe ’n geloofsvormingsproses/geloofsreis lyk, ’n beskrywing van die rol van ouers en ander volwassenes in geloofsgroei, ’n duidelike beginsel dat die huis en die kerk vennote is en dat die kerk en die huis en daarom alle volwassenes en kinders in die gemeente besig moet wees met dieselfde ritmes.

Temas vier tot sewe (4-7) beskryf dan waarmee die respondente se gemeentes besig is ten opsigte van ’n gesins- en/of familie- en/of intergenerasionele fokus.


Sonder prioriteitsvolgorde word die verskillende temas en konneksies bespreek. Om uitvoering te gee aan ’n bedieningsfilosofie en -plan ***vra*** ’n **intensionele intergenerasionele fokus in alle bedieninge**. In die respondente se gemeentes ***bestaan dit uit*** bedieninge wat gerig is op aanbidding, versorging, diens en viering. Dit sluit eredienste, kategese en huisgeloof - wat nou aan mekaar verbind word, uitreike, Bybelskool en Bybelleesprogramme, ’n mylpaalbediening en kampe in.

Alhoewel die doopgesprek en mylpaalbediening ook deel van toerusting uitmaak, het respondente dit so sterk beklemtoon dat dit ook hier gereflekteer word.

So ’n bedieningsfilosofie en -plan ***vra verder*** en ***het tot gevolg*** dat daar gefokusde aandag gegee moet word aan **toerusting ten opsigte van intergenerasionele geloofsvorming**. Hierdie toerusting is deur die respondente ***aangebied vir*** kategete, intergenerasionele toerusting aan die gemeente en aan ouers.

Die ouers se toerusting het *bestaan uit* ’n doopkursus, waarin klem gelê word op die rol van ouers in geloofsvorming, ouerleiding, die verstaan en toepassing van geloofsgewoontes en die viering van mylpale.

Die bedieningsfilosofie en -plan van die respondente se gemeentes ***word gedra deur en is gebou op*** verhoudings en/of familiekarakter en deurlopende goeie kommunikasie.




**Figuur 7.5 Skematiese voorstelling van data van vraag 1**

Om hierdie skematiese voorstellings te vergroot op die MS Word weergawe kan regs onder op die skerm herhaaldelik op die + teken geklik word om die figuur te vergroot. In die pdf-formaat kan die + teken aan die bokant van die dokument herhaaldelik geklik word om dit te vergroot.

#### 7.6.1.4 Resultate en bevindings by vraag 1

Vanuit die perspektief van die respondente lyk dit verantwoordelik om te sê dat gemeentes wat ’n gesins- en/of familie- en/of intergenerasionele fokus in hulle bediening het, **deur een of ander teologiese insig geaktiveer** is en dat dít die rede is hoekom hierdie gemeentes in hulle bediening op die gesin en/of familie en/of intergenerasioneel fokus. In die kwalitatiewe navorsing was dit **hierdie teologiese** insigte wat gelei het tot ’n paradigmaskuif na die volgende: Ouers is die primêre geloofsvormers; die huis en die kerk is vennote; gesinne moet geïntegreerd bedien word; intergenerasionele bediening is belangrik in al die bedieninge van die gemeente en onderrig gaan oor geloofsvorming en nie net oor kennisoordrag nie.

’n Gesins- en/of familie- en/of intergenerasionele fokus strek wyer as programme en praktyke. Die **strategiese besluit deur die kerkraad** en ’n **geïntegreerde bedieningsfilosofie en/of -plan is sleutelfaktore** en vorm deel van ’n proses om hierdie fokus volhoubaar in ’n gemeente te laat funksioneer.

Dit blyk verder dat so ’n intergenerasionele fokus baie sterk behoort te setel rondom die **erediens, kategese en huisgeloof** (enige komponent wat dit wat in die erediens en kategese gebeur met die huis te verbind). Toerusting vorm ’n baie sterk komponent van die intensionele intergenerasionele fokus.

Dit blyk verder uit die perspektief van die respondente dat hierdie fokus gedra word deur en gebou is op **verhoudings en deurlopende goeie kommunikasie**.

### 7.6.2 Faktore en praktyke wat 'n positiewe effek op die vorming en groei van geloof in gesinne/families het

#### 7.6.2.1 Vraag 2

Watter faktore of praktyke in julle gemeente (formeel en informeel) het na jou oordeel tans die grootste positiewe effek op die vorming en groei van geloof in gesinne/families?

#### 7.6.2.2 Data rapportering

Alhoewel elkeen van die respondente 'n ander saak in hulle gemeente beklemtoon het, is die temas wat herhaaldelik voorgekom het die eredienste (9 respondente, 21 kodes), kategese (6 respondente, 8 kodes), huisgeloof (6 respondente, 15 kodes), 'n duidelike geïntegreerde en gekoördineerde bedieningsplan (5 respondente, 13 kodes). Laasgenoemde kom meer voor by die respondente van die groter voorstedelike gemeentes. Ander temas wat na vore gekom het, is toerusting (3 respondente, 3 kodes), 'n mylpaalbediening (2 respondente, 3 kodes), Bybelskool (1 respondent, 1 kode), 'n Bybelleesprogram (1 respondent, 1 kode), kommunikasie (1 respondent, 1 kode) en uitreikgeleenthede (1 respondent, 1 kode). Die respondente het hierdie temas soos volg verwoord:

> D#1:1 – "Ons probeer om huisgeloof te bevorder. Ons probeer vir hulle (ouers) "tools" in die hand gee wat sê dit is hoe jy dit by die huis kan gaan doen. [...] so ons probeer maar tools gee wat die gesinne kan help." P2 – Hierdie sluit dan aan by die erediens en by die kategese. [...] Uit die preke uit het ons ook huisgeloof-vrae wat op die afkondigings gesit word."
>
> D#2:P3 – "Die praktyke vir kinder- en gesinne se geloofsgroei sou ek sê op 'n beplanningsvlak is die feit dat ons nie silo's is nie, dat ons almal met dieselfde goed besig is. Dit gee 'n gesinsgesprek moontlikheid." P5 – "... ons probeer gesinsdienste gereeld hou waar die ouers en kinders saamkom kerk toe... Die 'take-it-home' (huisgeloof materiaal) is altyd vir die ouers waardevol. Ons wil hê die kinders moet elke Sondag huis toe gaan met iets wat die gesprek vir die week kan hou."
>
> D#3:P3 – "... die moeite by die kinderbediening met die dat die teks dan nou dieselfde is (teks vir die erediens en kategese), dink ek het die grootste impak. [...] daar is regtig 'n samebindende faktor en dit het baie te doen met hoe die eredienste gestruktureer is saam met die spesifieke teks waaroor ons dan nou praat." P4 – "Die terugvoer wat ons kry, is waar ouers sal sê as hulle nou in die kar klim kan almal oor diesefde ding praat. Dit is nie drie verskillende boodskappe wat hulle die oggend kry nie."

D#4: P2 – "... met die eredienste probeer ek 'n kindermoment inbou, waar daar probeer word om die kern van die boodskap op kindervlak deur te kry ... die kinders word ook meer betrek by die boodskap."

D#5:P1 – "Op die stadium sal ek sê die eredienste bly die belangrikste en dit wat by die kategese gedoen word."

D#6:P6 – "Die grootste effek in ons gemeente tussen gesinne en families wat geloofsgroei betref, is die feit dat ons dit reggekry het om mense van alle ouderdomme met mekaar te laat praat (veral in die eredienste). Jy hoef hulle nie te dwing nie, dit is asof hulle gewag het vir die geleentheid."

D8#:P1 – "By ons is die groot ding dat ons jeuggroepe, wat ons 'kategese' noem, is gekoppel aan ons eredienste. [...] twee van die vier eredienste is aan jeuggroepe gekoppel en die droom is dat dit grootgroep (erediens), kleingroep (kategese) en huisgesprek is, maar dat dit 'n sirkel is en dat die huisgesprek weer terugkom."

D#9:P1 – "Op hierdie stadium dink ek wat die sterkste invloed in ons gemeente het, is ... ons fokus op die Bybel en ons 'expository preaching.'"

D#10:P2 – "Ek dink die vier sleutels wat ons aanmoedig gesinne by die huis moet doen." P2 – "Ek dink ook die tuisblaaie (huisgeloof materiaal) help baie ... ook die gesinsdienste. Die formaat is so dat ons kinders betrek om te bid, kollektes op te neem en om betrokke te wees."

Slegs drie respondente het informele faktore of praktyke genoem, waarvan twee plattelandse gemeentes is. Die respondente wat informele faktore uitgewys het, het die volgende daaroor gesê:

D#4:P3 – "Ek dink die atmosfeer speel 'n groot rol. Ons gemeente word die NG Vriendskapskerk genoem. Vriendelikheid, ontvanklikheid, openheid was nie altyd deel van ons gemeente nie. Wanneer die atmosfeer regtig oop en vriendelik is, dan ontwikkel die goed baie makliker."


D#7:P2 – "Daar is net een ding ... persoonlike kontak. Waar daar persoonlike kontak is, is daar groei. Dit behels: waar 'n direkte pad gestap is; waar daar om 'n tafel gesit is; wanneer gesinne rondom goed begin werk – dit is waar daar mooi verhale vertel word."

D#10:P4 – "Ons is 'n familievriendelike kerk. Ons bied 'n omgewing en geriewe wat veilig is vir ouers en kinders; ons het goeie speelgeriewe vir kinders. Hulle (ouers) kuier hier en kan vriende maak terwyl hulle kinders kan veilig speel."

#### 7.6.2.3 Die skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande

In hierdie skematiese voorstelling (Figuur 7.6 volgende bladsy) kan vyftien duidelike temas (1-15 genommer – verskillende kleure) geïdentifiseer word. Die temas word telkens **donker** gedruk en die verbande tussen temas ***kursief***. Die eerste tema:

**Duidelike gedefinieerde, geïntegreerde en gekoördineerde bedieningsplan vir geloofsvorming.** Hierdie tema beskryf die plan en prosesse wat respondente as belangrike faktore uitgewys het wat 'n positiewe effek op die vorming en groei van geloof in gesinne/families het. Hierdie plan ***behels*** 'n gedeelde visie, wat ***bestaan uit*** die inkoop in en voortleef van die visie vir geloofsvorming deur die leierskap, kategete en ouers. Dit is vanuit hierdie visie en geleefde geloof dat die leierskap, kategete en ouers 'n **mentorsrol** inneem. ***Dit behels*** verder 'n **geloofsvormingsproses** by die huis en in al die bedieninge. ***Dit vra*** natuurlik ook die inkoop van die ouers en die leierskap. Laastens ***behels*** die plan dat almal in die drie kernbedieninge wat uitgewys is (**Erediens, kategese en huisgeloof**), dieselfde ritmes volg.




**Figuur 7.6: Skematiese voorstelling van data van vraag 2[1]**

Nege bedieninge (nommer 2 – 10) is deur die respondente as belangrike praktyke uitgewys wat 'n positiewe effek op die vorming en groei (*dit bewerk groei*) van geloof in gesinne/families het. Die drie praktyke links (**erediens, kategese en huisgeloof**), is uitgewys as die belangrikste praktyke en hulle funksioneer ***in verhouding tot***

[1] Om hierdie skematiese voorstellings te vergroot op die MS Word weergawe kan regs onder op die skerm herhaaldelik op die + teken geklik word om die figuur te vergroot. In die pdf-formaat kan die + teken aan die bokant van die dokument herhaaldelik geklik word om dit te vergroot.

***mekaar***, omdat dieselfde ritmes (dieselfde teks vir alle ouerdomme) in hierdie bedieninge gevolg word. Die ses praktyke regs (**uitreikgeleenthede, lewensdeurgange, toerusting, Bybelskool, doopgesprek en fokus op Bybellees**), ***dra*** ook volgens die respondente ***by*** in vorming en groei (***bewerk groei***) van geloof in gesinne/families. Hierdie praktyke is in geen prioriteitsvolgorde geplaas nie, maar 5, 6, 7 en 10 kom meer algemeen in die respondente se gemeentes voor. Binne die bedieninge in sommige van die respondente se gemeentes word gepoog dat dieselfde ritmes of prosesse gevolg word ten opsigte van geloofsvorming.

Temas elf tot veertien (**atmofeer, familiekarakter, persoonlike kontak en verwelkomende, uitnodigende gesindheid**) is faktore wat die noodsaaklike raamwerk vorm waarbinne alle praktyke beoefen behoort te word. Dit vorm die vrugbare grond waarin en vorm die ruimte waarbinne ***die groei*** wat net deur die Heilige Gees bewerk kan word, ***geaktiveer*** word.

#### 7.6.2.4 Resultate en bevindings by vraag 2

Vanuit die perspektief van die respondente is **die erediens, kategese en huisgeloof** as die belangrikste praktyke wat 'n positiewe effek op die vorming en groei van geloof in gesinne/ families het, uitgewys. Dit is ook belangrik om te vermeld dat hierdie drie praktyke volgens die respondente in verhouding tot mekaar behoort te funksioneer, waar dieselfde ritmes (dieselfde teks vir alle ouerdomme) geld en waar dit op een of ander manier met die huis verbind word. Dit is verder merkwaardig dat in die kwantitatiewe navorsing by vraag 10, wat min of meer ooreenstem met hierdie vraag in die kwalitatiewe navorsing, die respondente (ouers) kategese/ Sondagskool/ belydenisklas en deelname aan die erediens as onderskeidelik tweede en derde belangrikste faktore uitgewys is, wat na hulle mening, die grootste positiewe effek op die vorming en groei van hulle gesinne/families het.

Wat verder belangrik is, is die uitwysing van die belang van 'n duidelike gedefinieerde, **geïntegreerde en gekoördineerde bedieningsplan vir geloofsvorming**, in die vorming en groei van geloof in gesinne/families binne 'n gemeente. Die feit dat hierdie faktor hoofsaaklik uitgewys is deur groter voorstedelike gemeentes is ook hier belangrik om uit te lig.

**Die waarde van informele faktore** word grootliks deur respondente (predikante) van plattelandse gemeentes uitgelig en deur respondente (predikante) van groter voorstedelike gemeentes geïgnoreer wanneer dit kom by die vorming en groei van geloof in gesinne/families. Slegs die plattelandse gemeentes het direk verwys na verhoudings en atmosfeer as bydraende faktore wat die grootste effek in die vorming en groei van geloof in gesinne/families het. In die kwantitatiewe navorsing by vraag tien aan die ouers, wat min of meer ooreenstem met hierdie vraag, was 3 van die top-vyf faktore en praktyke wat uitgewys is informele praktyke of faktore wat met die klimaat binne die gemeente te doen het. Dit sluit in: Die warm en liefdevolle en verwelkomende gesindheid in hul gemeente; Ervaring van behoort/tuiswees in die gemeente en sosiale geleenthede by die kerk soos feeste en fondsinsamelings-geleenthede. Hierdie sake fokus veral op die atmosfeer, verhoudings, 'n gemeente-kultuur en sosiale interaksie. Hieruit blyk dit duidelik dat leraars, veral uit die voorstedelike gemeentes, nie die informele praktyke en faktore as so belangrik ag in geloofsvorming en geloofsgroei nie of dat hulle so gefokus is op die formele praktyke, dat dit hierdie aspekte heeltemal oorskadu. Hierdie is een van die kernsake wat uitgewys is in hierdie studie.

### 7.6.3 Uitdagings wat jeugbedienings/gemeentes ervaar ten opsige van intergenerasionele interaksie en – geloofsvorming

#### 7.6.3.1 Vraag 3

Watter uitdagings beleef júlle tans in julle jeugbediening/gemeente ten opsigte van intergenerasionele interaksie en - geloofsvorming?

#### 7.6.3.2 Data rapportering

Alhoewel die reaksies van respondente weereens uiteenlopend was, kan dit min of meer almal onder die volgende kategorieë of temas ingedeel word: Tyd as faktor (6 respondente, 13 kodes), tradisie (6 respondente, 16 kodes), die generasiegaping (5 respondente, 13 kodes) en 'n verbruikersmentaliteit (2 respondente, 3 kodes). Ander temas wat genoem is, is 'n gebrek aan kommunikasie, 'n gebrek aan strukture, 'n balans tussen 'n geïntegreerde en afsonderlike bediening, die samestelling van gesinne, die veiligheidsituasie in die land en die feit dat daar geen groot uitdagings is nie. Die respondente het hierdie temas soos volg verwoord:

D#1:P1 – "Dit gaan oor die "age gap." Dit is vir ons moeilik om 'n tannie van 80 wat in 'n ander leefwêreld grootgeword en in 'n ander tyd geleef het in kontak te bring met 'n millennial wat nou voor 'n skerm sit en heeltemal iets anders doen." P2 – "Kry jy dit reg om regtig die generasies bymekaar uit te bring? Ek dink dit is omdat hulle verskillende tale praat en ek dink in preke ook." P3 – "Dit werk soms, maar net vir 'n oomblik. Dit is iets, maar langdurige (gereelde) gesprekke is daar nie. Om te gaan praat met 'n vreemde tannie of oupa en ouma gaan ook nie gebeur nie. Selfs in die kerk is die reël daar – jy praat nie met vreemdes nie." P4 – Volwassenes is ook terughoudend teenoor kinders. Kinders word gesien en nie gehoor nie."

D#3:P1 – "Ons gemeente is verskriklik oop om met die kinders saam te werk en is baie akkommoderend. Ons beleef nie spesifieke groot uitdagings nie [...] Die grootste uitdagings is die skedules van die ouers en die kinders."

D#4:P3 – "Kinders wat nuut wil doen, ou gebruike, tradisies teenoor nuwe goed. Dit is 'n versigtige veld. Dit is iets wat nogal in hierdie stadium die generasies half uitmekaar hou."

D#5:P1 – "Die skool aktiwiteite wat kinders en die jeug soms net te besig hou om betrokke te wees by die kerk. Daarmee saam die gejaagde of chaotiese lewe van hulle ouers." P2 - "Daar is 'n onbereidwilligheid by sommige ouers. Ek weet nie of dit baie kere is oor iets wat in die verlede gebeur het in hulle opvoedingsjare, waar hulle nie daardie verbintenisse (voorbeeld en gewoonte) gehad het van ek sit saam met my ouers of ek sit saam met my kind in die kerk nie."

D#6:P4 – "Veral wat jongmense betref – as jy nie iets met hulle op 'n Sondag kan doen nie, vergeet dit, moenie eers daaraan dink om iets in die week met hulle gedoen te kry nie. Daar is nie 'n manier nie. Is dit sleg? In 'n intergeneratiewe manier van dink en in 'n gesinsgeoriënteerde gemeente is dit nie noodwendig sleg nie."

D#7:P5 – "Een van die groot uitdagings is die ouers. Dit voel partykeer of ek meer omgee oor hulle kinders se geloofslewe en - reis as wat hulle doen en/of dit hierdie ding is van die kerk moet tog iets doen maar die kerk moet nie te veel doen nie. Die kerk moet hulle kant bring, maar hulle moet net nie iets van ons in die proses vra nie." P3 – "Bywoning van die jeug – by jongmense en ouers is daardie probleem dat daar nie "commitment" is nie. Dit is nie vir hulle belangrik genoeg dat ons gereeld daar is nie. [...] Jy kan nie verhoudings bou nie, want daar is nie kontinuïteit nie. Die groep kan nie diepte bereik nie, want dit is altyd net een/twee wat gereeld daar is, die res kom en gaan maar net." P4 – Daarmee saam, ook die gesindhede van die jeug veral. Die kinders is meestal baie positief en opgewonde oor die kerk, by die seniors beleef ons nogal baie keer dat jy nie lekker weet waar ons met mekaar staan nie. Daar is amper 'n half afsydigheid." P5 – "Dan dink ek dat daar nie 'n dringendheid of erns is by gesinne om saam Bybel te lees, te bid en te praat oor geloofsake nie."

D#8:P1 – "Dit is die balans tussen 'n geïntegreerde bediening en 'n kategoriale bediening. Ook wanneer daar nie oorhoofse beplanning, koördinering en terugvoer ten opsigte van intergenerasionele geloofsvorming is tussen die verskillende diensgroepe (bedieninge) nie."

> D#9:P – "Een van die groot uitdagings is die feit dat daar 'n generasiegaping is. Daar is ook 'n wantroue van die ouer generasie teenoor die jonger generasie en van die jonger generasie teenoor die ouer generasie." P2 – "Die ding wat ons ook agtergekom het en waarskynlik is dit die grootste struikelblok en dit is bloot eenvoudig tyd. Die ouers voel hulle het nie tyd nie, die kinders voel die skool is baie moeilik. Die kinders gaan voluit vir hulle sport."

> D#10:P1 – "Vanuit die Sondagbelewenis speel die frekwensie van kerkbywoning 'n baie groot rol. [...] Die ander ding is enkelouer gesinne. [...] Die tydfaktor dink ek ook by die huise in terme van gesinne se kwaliteit tyd wat hulle met mekaar spandeer."

Die wonderlike van die onderhoude was dat die respondente nie net die uitdagings ten opsigte van intergenerasionele interaksie en -geloofsvorming gedeel het nie, maar ook hoe hulle daaraan moes werk. Hierdie aksies is hoofsaaklik as reaksie op die generasiegaping wat hulle moes aanspreek. Dit het waardevolle inligting na vore gebring. Die volgende sake is in hierdie verband uitgelig:


> D#2:P1 - "Die uitdagings wat ek dink, is ons het 'n klomp *persepsiebestuu*r wat ons moet doen. Uitdagings waar ouer mense voel hulle het nie iets om vir die jonges te sê nie. Hulle dink die styl en manier waarop hulle goed sê, sal nie ontvanklik wees by die jonges nie, so daar is 'n klomp *vooroordele* by ouer mense sonder dat dit getoets is. Toe ons begin het om hulle net koud bloot te stel, het hulle agtergekom hulle kan met die kinders praat en hulle luister, was hulle verstom en kon dit nie glo nie." P2 – "Die ander uitdaging is om vir die ouens aan die onderkant in die jeugbediening weer te laat droom dat ouer mense daar kan betrokke wees. *Ons moet eerder saam met mekaar reis en die styl van die verpakking dalk net aanpas*. Jonges moet leer om te hoor ten spyte van die verpakking. [...] Ons moes 'n paar van daardie uitdagings doodeenvoudig doen deur 'n ding wat ons noem: 'skuif die spasie'. Sit dieselfde groep met dieselfde tipe oortuiging net op 'n ander plek en kyk of daar nie 'n ander gesprek opkom nie."

> D#4:P7 – Die groot uitdagings is onbekend maak onbemind. Ons moes 'n stuk ontvriesing doen – dit is nie 'n kits oplossing nie. Dit neem tyd om vertroue te wen."

> D#6:P1 – "Vertroue – as 'n gemeente haar fokus wil skuif ... moet daar vetroue ingeboesem word dat dit die pad gaan wees en jy moet ten minste 'n vyf-jaar-plan op die tafel sit."

> D#9:P2 – "Ons moes vir die oumas (ouer mense) sê: 'Tegnologie is vir hierdie kinders belangrik. Hierdie kinders leef anders as wat julle geleef het. Hulle dink anders, maar dit beteken nie dat julle nie saam met hulle kan groei in die geloof nie."

### 7.6.3.3 Die skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande



**Figuur 7.7: Skematiese voorstelling van data van vraag 3**[2]

In hierdie skematiese voorstelling (Figuur 7.7 hierbo) kan tien duidelike temas (1-10 genommer in groen) geïdentifiseer word. Die temas word telkens **donker** gedruk en die verbande tussen temas en kodes ***kursief***. Die eerste drie (nommer 1-3) van die tien temas het die grootste gewig gedra by die respondente. Die eerste tema: **Generasiegaping**. In hierdie tema beskryf die respondente dat 'n generasiegaping tussen die jeug en volwassenes as een van die belangrike uitdagings beleef word in hulle jeugbediening/gemeente ten opsigte van intergenerasionele interaksie en – geloofsvorming. Hierdie generasiegaping ***spruit*** volgens die respondente ***voort uit*** leefwêreldverskille, die feit dat onbekend onbemind maak (geen of geringe blootstelling), persepsies en vooroordele wat by beide die jeug en volwassenes voorkom, vrees vir vreemdes en antagonisme van die jeug teenoor volwassenes. Die tweede tema: **Besige skedules**, wat 'n gebrekkige kappasiteit by ouers en die jeug ***tot gevolg het*** dra volgens die meerderheid respondente direk by tot die gebrek aan intergenerasionele interaksie en - geloofsvorming. Hierdie gebrekkige kapasiteit ***is die gevolg van*** 'n gebrek aan tyd wat *voortspruit uit* die besige skedules. Die gebrekkige

[2] Om hierdie skematiese voorstellings te vergroot op die MS Word weergawe kan regs onder op die skerm herhaaldelik op die + teken geklik word om die figuur te vergroot. In die pdf-formaat kan die + teken aan die bokant van die dokument herhaaldelik geklik word om dit te vergroot.

kapasiteit by die jeug word *veroorsaak deur* hulle programme wat te oorvol is, hulle buitemuurse aktiwiteite en ekstra klasse wat nou ook op Sondae plaasvind en oor die feit dat hulle voluit gaan vir hulle sport. Die gebrekkige kapasiteit van ouers en volwassenes word hoofsaaklik ***veroorsaak deur*** hulle besige werkskedules en gesinsverantwoordelikhede. Die gebrekkige kapasiteit by beide die jeug, ouers en volwassenes ***het tot gevolg*** dat iets (programme of aktiwiteite) deur die gemeente op 'n ander dag as 'n Sondag bitter moeilik is, kwaliteit tyd in gesinne onder druk verkeer en dat ***dit bydra*** tot hulle onbetrokkenheid. Hierdie toedrag van sake ***het* verder *tot gevolg dat*** ouers 'n gebrek aan 'commitment' en geen tyd vir toerusting het nie*.* Die derde tema: **Tradisie**. Die gebrek aan intergenerasionele interaksie en -geloofsvorming word volgens die meerderheid van die respondente ***veroorsaak deur tradisie***. Tradisie ***het*** volgens die respondente vyf dinge ***tot gevolg***: <u>Eerstens</u> dat geloof slegs 'n plig is en dat daar geen egte verhouding daaruit ontwikkel nie. Dit ***het*** weer volgens die respondente ***tot gevolg*** dat a) daar 'n kultuur van onwilligheid ontstaan – ouers wil kinders net aflaai; b) ouers maak geen erns met die vestiging van geloofsgewoontes nie; c) daar is geen gereelde frekwensie en kontinuïteit in bywoning van ouers en kinders nie; d) ouers gee nie om vir hul kinders se geloofsreis nie en e) die gebrek aan 'commitment' van die ouers, wat deur hul kinders nagevolg word. <u>Tweedens</u> ***het*** tradisie volgens die respondente verder ***tot gevolg*** dat ou gebruike teenoor die nuwes staan; <u>Derdens</u> dat vaste weë vernuwing moeilik maak en vir ontvriesing vra en <u>Vierdens</u> *het* ***dit*** 'n kultuur van onbetrokkenheid ***tot gevolg***. Alhoewel die ander sewe temas nie wye ondersteuning gekry het nie, word dit genoem en by enkeles verwys na hul gevolge. Die vierde tema is: **'n verbruikersmentaliteit,** wat gemaksugtigheid en die verwagting dat die kerk by lidmate se programme moet inpas ***tot gevolg het****.* Hierdie gemaksugtigheid hou verband met 'n kultuur van onwilligheid waar ouers net hul kinders wil aflaai; Die vyfde tema is: **Daar is geen groot uitdaging by toegewyde ouers nie**, wat in kontras *teenoor* die ander temas *staan.* Die sesde tema is: **Die onveiligheid saans,** wat ook onbetrokkenheid ***tot gevolg het***; Die sewende tema is: **'n Gebrek aan strukture**; Die agtste tema is: **Die geberek aan 'n effektiewe kommunikasiesisteem**; Die negende tema is: **Enkelouer- gesinne,** wat 'n nog groter gebrek aan kapasiteit en tyd ***tot gevolg het*** en Die tiende tema is: **'n gebrek aan balans tussen geïntegreerde en kategoriale bediening**.

#### 7.6.3.4 Resultate en bevindings by vraag 3

Vanuit die perspektief van die respondente van die kwalitatiewe navorsing is die grooste uitdagings wat hulle tans beleef ten opsigte van intergenerasionele interaksie en -geloofsvorming in hulle jeugbediening/gemeente ***die generasiegaping***, ***ouerkapasiteit wat onder druk is*** en ***tradisie***.

Dit is opvallend dat die respondente in die kwantitatiewe navorsing by vraag 11, by ’n soortgelyke vraag, ook uiteenlopend gereageer het. Alhoewel drie sake uitgestaan het, is dit nie deur ’n beduidende getal respondente (ouers) ondersteun nie. Daar moet wel in ag geneem word dat die deelnemers aan die kwantitatiewe navorsing waarskynlik betrokke ouers is en dat die deelnemers aan die kwalitatiewe navorsing verwys het na ouers in die algemeen. Die sake wat uitgestaan het in die kwantitatiewe navorsing was: a) 37,1% (65) respondente het aangedui dat daar niks in die gemeente is wat intergenerasionele interaksie bemoeilik nie; b) 31,4% (55) respondente het aangedui dat ’n gebrek aan belangstelling van die kind(ers) om deel te neem aan interaksie met iemand uit 'n ander generasie interaksie bemoeilik (dit verbind met ’n generasiegaping) en c) 30,9% (54) respondente het aangedui dat ’n gebrek aan belangstelling van die volwassenes in die gemeente om deel te neem aan interaksie met iemand uit 'n ander generasie (weereens vebind dit met ’n generasiegaping), die oorsaak is wat interaksie bemoeilik.

Wanneer die reaksie van respondente uit die kwantitatiewe navorsing op vraag 17, (waar gevra is watter uitdagings ouers in die huis ervaar t.o.v. geloofsvorming) egter by bogenoemde resultate gevoeg word, dan is die enkele saak wat uitgestaan het dat 69,1% (121) van die respondente aandui om tyd te vind as familie saam. Tyd, of besige skedules, blyk die belangrikste uitdaging te wees. Hierdie is beslis ’n knelpunt wat meer aandag verdien.

### 7.6.4 Sleutel-strukturele/organisatoriese komponente wat die gemeente se fokus op gesinne/die huis/intergenerasionele geloofsvorming bevorder of benadeel

#### 7.6.4.1 Vraag 4

Beskryf ’n sleutel strukturele/organisatoriese komponent in julle gemeente wat julle fokus op gesinne/die huis/intergenerasionele geloofsvorming bevorder of benadeel.

#### 7.6.4.2 Data rapportering

In die manier waarop respondente hierdie vraag beantwoord het, sluit dit baie nou aan by die eerste en tweede vraag. Daar gaan eers gerapporteer word watter sleutel-strukturele/organisatoriese komponente na die oordeel van die respondente hulle fokus op gesinne/die huis/intergenerasionele geloofsvorming bevorder het. Daar is nie een tema wat by alle respondente voorgekom het nie. Die volgende temas het na vore gekom: Ses respondente het verwys na die feit dat die leierskap ingekoop het op intergenerasionele geloofsvorming (6 respondente, 10 kodes). Vyf respondente het die volgende temas uitgelig: ’n Duidelike, goedgedokumenteerde bedieningsfilosofie en -plan (5 respondente, 6 kodes); Toerusting (5 respondente, 5 kodes) en Kommunikasie (5 respondente, 5 kodes). Ander temas wat na vore gekom het, is die volgende: ’n Sisteem van geïntegreerde bediening, waar die eredienste en kategese ’n kernbelangrike deel vorm (3 respondente, 4 kodes); Mylpaalbediening (3 respondente, 3 kodes); ’n Familie ervaring (2 respondente en 2 kodes) en Gefokusde deurlopende uitreikprojekte (2 respondente, 3 kodes). Die respondente het bogenoemde temas soos volg verwoord:

> D#1:P1 – “Die mylpale is daar met ons elke maand se groot Sondag ....”
>
> D#2:P1 – “Die feit dat dit (intergenerasionele geloofsvorming) ’n lens is en dat die hele leraarspan inkoop is briljant en dit het gehelp.” P2 – “Dan die volgende: die gemeenteraad (kerkraad) wat 100% hierin inkoop en uiting daaraan gee in die sin dat hulle daarbý betrokke is. [...] Direk daarna is ons volgende vlak van leierskap die kategete – hulle is nie vêr af in die lyn nie. Elke nuwe ou word ingeneem (die induksie program), sodat hulle op die ou end weet hoekom ons ’n ding doen, hoe ons dit doen en hulle speel in daardie lyn.” P3 – “Die hele proses is ook goed gedokumenteer. Almal kom op dieselfde bladsy as hulle in hierdie proses inkom. Dit is dus deel van ’n duidelike proses.”
>
> D#3:P1 – “Die kerkraad is op dieselfde bladsy, die leraars praat gereeld oor die saak en in die prediking oor jare is baie klem gelê op die goeie stories wat ons alreeds beleef het.” P2 – “Ek dink die doopkursus wat in plek is en die belangrikheid daarvan ... ons laat niemand doop as hulle dit nie deurloop het nie. [...] omdat dit die basis vorm van hoe geloofsvorming werk.
>
> D#4:P1 – “Ek dink die eredienste, prediking, die atmosfeer wat ons skep en nuwe musiek wat ons bybring ... daardie struktuur brei so bietjie uit en verskuif die grense.” P3 – “... kommunikasie deur middel van tegnologie word ingespan, maar dit kan nie persoonlike kontak wegvat nie.”
>
> D#5:P3 – “Die kinderhuis is ’n projek wat nou al tien/elf jaar lank sterk staan waar ons die wat in moeilike omstandighede is, hier huisves. [...] Ons het ’n hele klompie gemeentelede wat absoluut uit hulle pad uit gaan. ... ons het ’n gemeente wat omtrent elke Saterdag by die satelliet (kinderhuis) is om by die kinders te kuier,

om bietjie te hoor hoe dit gaan, om herstelwerk te kom doen. Ek praat nou maklik van tot dertig families wat so oor die jare heen 'n verhouding met hierdie kinders opgebou het. Wanneer hulle (kinders van die kinderhuis) by die kerk inloop, is daar altyd so 'n roetetjie wat hulle moet deurloop en vir almal eers 'n drukkie gee en vir almal eers 'hallo' sê." P4 – "Hier is so 'n sterk familiebasis hier dat as iemand kom, voel hulle welkom, hulle voel tuis. Hier is 'n familie atmosfeer en elke liewe nuwe intrekker wat ek al besoek het, vra ek hoekom hulle juis ons gemeente kies. Hulle antwoord: 'toe ons inloop toe voel hulle tuis.'"

D#6:P3 – "Ons eerste belangrike ding was om die kerkraad (tradisionele samestelling) in 'n gemeenteraad (ook verteenwoordigers wat deur die gemeente verkies word) te verander." P2 – Dan het ons ook die geloofsvormingsproses daargestel. Dit werk ook as 'n 'check list', alles word daaraan gemeet."

D#7:P1 – "... die ouertoerusting geleentheid .... Ons lê sterk klem tydens die doopgesprekke (wat oor drie maande strek) op ouers se rol, om hulle kinders se geloof te help vorm, te help groei en om vir hulle te help verstaan wat is die tipe goed waaraan jy moet aandag gee." P2 – "... ons het nou net een diens in die oggend. [...] elke week in die skoolkwartale het 'n groepie (kategesegroep) deurdiens, waar hulle help groet."

D#8:P1 – "Aan die bevorderingskant is dit defnitief nou hierdie sisteem wat ons het van erediens, jeugbediening en huisgesprek. Een diensgroep (bediening) het dit vir homself as 'n fokuspunt gemaak en ses geleenthede per jaar geïdentifiseer as intergeneratiewe toerustingsgeleenthede. Die derde ding is dat die kerkraad besluit het dat alle diensgroepe moet kyk hoedat hulle verskillende generasies kan akkommodeer. Dit beteken dat die kerkraad dit ook sal moet monitor. Wat ons die beste help is dat dit intensioneel besluit is, met ander woorde hierdie goed moet gemonitor, gekoördineer, gemeet en beplan word. Bedieningsfilosofie veroorsaak programme en nie omgekeerd nie. As jy geen programme het wat jou bedieningsfilosofie dra nie, sal dit ook nie by mense uitkom nie."

D#9:P1 "Ons het wel 'n struktuurverandering ondergaan (erediens - en kategese tye). Dit help, maar ek dink kultuurverandering was meer belangrik. Ons moes vir die ouers leer hulle kinders moet saam met hulle aanbid. Hulle kinders moet saam met hulle kerk toe kom. Ons moes vir ouers leer hulle moet saam as gesin Bybellees ...."

D#10:P – "... 'n goeie kommunikasiesisteem [...] ons probeer op verskillende maniere met mense te kommunikeer en die nuus oordra, omdat ons weet dat baie kere die frekwensie is dat mense net elke vierde Sondag dalk in 'n erediens kan wees. Dan ook die eenvoud van die vier sleutels (geloofsvormingsproses by die huis), dat mens nie die ouers oorlaai met nog 'n klomp leeswerk ...." P2 – "'n Ander strukturele ding, is ons mylpaalbediening. Ek dink ons Westerlinge het nie genoeg 'rites de passage' waar ons ons kinders help om hulle identiteit te ontdek nie.

Daar word vervolgens gerapporteer watter sleutel-strukturele/organisatoriese komponente na die oordeel van die respondente hulle fokus op gesinne/die huis/ intergenerasionele geloofsvorming benadeel het. Respondente het nie altyd direk aangedui dat hierdie komponente hulle fokus benadeel nie. Die temas wat hier na vore gekom het, is swak administrasie, die afwesigheid van 'n geïntegreerde plan (2), geen sisteme wat persoonlike kontak tussen die kerk en die gemeente ondersteun nie, wat nou saamhang met nie genoegsame kommunikasie (3) en te

besige programme en strukture buite kerkverband. Die respondente het dit soos volg verwoord:
D#1:P1 – "Ek dink ons doen dit net. Ons dink nie daaroor nie."


D#2:P4 – "My grootste uitdaging dink ek, in die jeugbediening is swak administrasie. As jy wil hê goed moet skeef loop dan moet die dokumentering en beplanning skeefloop." P5 – "Jy kan die beste voorneme hê, jy kan die mooiste teologie hê, maar as daar nie 'n geïntegreerde plan is van hoe jy die goed moet implimenteer nie, val alles plat. [...] Ons kan daarop improviseer, maar as daar nie 'n plan is nie, is dit krisisbestuur. Die hele administrasie rondom hierdie goed is vir my van ontsettende belang."

D#4:P2 – "Goed wat sleg is, is as daar geen huiskontak (verhoudings) is nie. Ook wanneer daar geen gemeentebemarking (bewusmaking van wat aangaan) is nie."


D#6:P3 – "Op informele vlak is ... daar nie genoegsame kommunikasie weerskante toe nie.
D#7:P4 – "Iets wat vir my sleg is, is dat daar nie baie kans is om met ouers regtig te kommunikeer (persoon tot persoon) nie.
D#8:P2 – "... die gemeenskap waarin ons leef is hiperaktief. Hulle het gewoonlik te veel programme, te veel plekke, hulle is nie naweke hier nie, hulle het vakansieplekke, hulle het naweekwerke, bedoelende hulle het bosveldplasies wat in standgehou moet word, wat gewoonlik gebeur is dat die mense naweke nie hier is nie."

#### 7.6.4.3 Die skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande

In hierdie skematiese voorstelling (Figuur 7.8 & Figuur 7.9 volgende bladsy) kan ses duidelike temas (1-6 genommer in blou) geïdentifiseer word. Die temas word telkens **donker** gedruk en die verbande tussen temas en kodes *kursief*.




**Figuur 7.8: Skematiese voorstelling van data van vraag 4**[3]



[3] Om hierdie skematiese voorstellings te vergroot op die MS Word weergawe kan regs onder op die skerm herhaaldelik op die + teken geklik word om die figuur te vergroot. In die pdf-formaat kan die + teken aan die bokant van die dokument herhaaldelik geklik word om dit te vergroot.

**Figuur 7.9: Temas van vraag 4**[4]

Die eerste tema is: **Gefokusde bedieningsfilosofie en -plan vir geloofsvorming, wat goed gedokumenteer is** (Figuur 7.10). In hierdie tema dui die meerderheid respondente aan dat hierdie een van die belangrikste sleutel-strukturele/organisatoriese komponente is wat hulle fokus op gesinne/die huis/intergenerasionele geloofsvorming bevorder het.



**Figuur 7.10: Gefokusde bedieningsfilosofie en -plan**

Hierdie bedieningsfilosofie en -plan ***sluit in*** (donker groen) a) **'n Geïntegreerde plan vir geloofsvormingsprosesse** in die gemeente (1.3), ***waarby*** b) **die leierskap en die kerkraad van die gemeente *inkoop*** (1.1). Hier moet vermeld word dat hierdie aspek by die respondente die belangrikste strukturele en organisatoriese komponent is wat hulle fokus bevorder het. Die volledige leierskap gaan deur 'n c) **induksie program** as deel van *die* ***inkoop proses*** *en* word goed geskool in die geloofsvormingsproses (1.2) wat ***ten doel het*** dat almal die 'wat', 'hoekom', en 'hoe' van geloofsvorming en die geloofsvormingsproses vertsaan. Dit ***het*** verder ***ten doel*** dat hulle in die visie deel, die motivering daaragter verstaan en dat hulle weet watter praktyke daartoe bydra. Hierdie induksieprogram ***het tot gevolg*** dat die leierskap almal op dieselfde bladsy is. Hierdie bedieningsfilosofie en -plan ***sluit*** **ook** d) 'n **eenvoudige beskrywing van die proses van geloofsvorming in die huis *in***. Dit kan in verskillende kontekste verskillende vorme aanneem, maar ***bestaan*** gewoonlik

[4] Om hierdie skematiese voorstellings te vergroot op die MS Word weergawe kan regs onder op die skerm herhaaldelik op die + teken geklik word om die figuur te vergroot. In die pdf-formaat kan die + teken aan die bokant van die dokument herhaaldelik geklik word om dit te vergroot


***uit*** 'n beskrywing van geloofsgewoontes in die huis en kan iets wees soos die vier sleutels wat geloof in die huis prakties maak, van Vibrant Faith.

So 'n bedieningsfilosofie en -plan ***staan teenoor*** gemeentes wat aandui dat hulle **geen strukturele of organisatoriese komponente** het nie en daarom geen plan volg nie (1.5). Dit ***behels*** 'n houding van: ons doen net en dink nie daaroor nie. *Dit* ***het tot gevolg*** dat as daar nie 'n plan is nie alles platval en net op krisisbestuur afstuur, want niemand weet waarheen hulle op pad is nie. So 'n bedieningsfilosofie en -plan ***word*** verder ***verhinder deur*** **swak administrasie** (1.6). ***Dit het tot gevolg*** dat dokumentering en beplanning skeef loop.

Die tweede tema (Figuur 7.11 volgende bladsy) is **toerustingsgeleenthede** (nommer 2). Hier ***sluit dit*** die toerusting van die leierskap, wat in die vorige tema (1.2) breedvoerig beskryf is, ***in***. Dit ***sluit*** ook 'n **doopkursus** ***in*** *(2.1)*, wat 'n soort omvattende induksie program vir ouers en gesinne ten opsigte van geloofsvorming is. Alle toerusting moet so vêr moontlik *gebruik maak van* die aanwending van tegnologie om dit daarom meer toeganklik te maak (2.2). Die derde tema (Figuur 7.11 op die volgende bladsy) is **'n sisteem van geïntegreerde bedieninge** (nommer 4). In hierdie tema dui die meerderheid respondente weereens aan dat hierdie een van die belangrikste sleutel-strukturele/organisatoriese komponente is wat hulle fokus op gesinne/die huis/intergenerasionele geloofsvorming bevorder het. Hierdie sisteem van geïntegreerde bediening ***behoort plaas te vind*** in alle bedieninge. Die respondente het aangedui dat dit by hulle veral die kombinasie van die **erediens, kategese en huisgeloof** ***insluit*** *(4.1)* en waar dieselfde teks by al drie gebruik word. Dit ***bestaan uit*** eredienste waar ouers en kinders saam inskakel *en* ***sluit in*** dat almal betrek word by bedieninge rondom die erediens. Die gedagte wat telkens voorkom, is dat alle byeenkomste ***plaasvind in*** 'n familie atmosfeer ***wat tot gevolg he****t* dat almal tuis en welkom voel.

Die vierde en vyfde temas is ook bedieninge wat die respondente uitgelig het. Dit is 'n **mylpaalbediening** (nommer 3), ***wat bestaan uit*** liturgiese vieringsmomente binne 'n erediens (3.1) en weereens ***plaasvind binne*** 'n **familie atmosfeer** en 'n **gefokusde en deurlopende uitreikbediening** (nommer 6) ***wat insluit*** spesifieke projekte soos

’n kinderhuis, ouetehuis (6.1) en gemeenskapsprojekte soos die brandweer, ens. (6.2).




**Figuur 7.11: Temas 2-6 en hul vertakkings**[5]

Die laaste tema wat die respondente uitgelig het, is **’n goeie kommunikasiesisteem** met gereelde kommunikasie (nommer 5) ***wat gebruik maak van*** die beste kommunikasiemediums beskikbaar (5.1). Dit ***staan teenoor*** **nie-genoegsame kommunikasie**.

#### 7.6.4.4 Resultate en bevindings by vraag 4

Vanuit die perspektief van die respondente is die sleutel-strukturele/organisatoriese komponente wat die fokus op gesinne/die huis/intergenerasionele geloofsvorming bevorder, ’n ***Gefokusde bedieningsfilosofie en -plan vir geloofsvorming*** waarby die leierskap inkoop, ***Toerustingsgeleenthede***, ’n ***goeie kommunikasiesisteem*** met gereelde kommunikasie, ’n ***sisteem van geïntegreerde bediening,*** ’n ***mylpaal-bediening*** en ***gefokusde en deurlopende uitreikprojekte.*** Wat opvallend is wanneer hierdie resultate vergelyk word met die van die respondente in die kwantitatiewe navorsing, is dat toerusting deur baie min respondente (ouers) uitgewys is dat dit ’n positiewe bydrae lewer in die geloofsvorming van gesinne. Hierdie

[5] Om hierdie skematiese voorstellings te vergroot op die MS Word weergawe kan regs onder op die skerm herhaaldelik op die + teken geklik word om die figuur te vergroot. In die pdf-formaat kan die + teken aan die bokant van die dokument herhaaldelik geklik word om dit te vergroot.

diskrepansie oor die waarde van toerusting moet sekerlik as ’n knelpunt uitgewys word.

Wat ook opgeval het, is dat die groter gemeentes ’n duidelike omvattende plan met meer gedefinieerde stukture het. Kleiner- en plattelandse gemeentes het soms geen oorhoofse plan nie, of slegs enkele fokuspunte en hulle funksioneer minder gestruktureerd wat hierdie fokus betref.

### 7.6.5 Redes hoekom gemeentes nie ouers sentraal deelmaak van jeugbediening nie

#### 7.6.5.1 Vraag 5

Wat is na jou oordeel die rede hoekom gemeentes steeds nie ouers sentraal deelmaak van hulle jeugbediening nie?

#### 7.6.5.2 Data rapportering

Alhoewel die respondente se reaksies ook uiteenlopend was, het vyf temas na vore getree, waarvan drie uitgestaan het. Daar is weereens geen enkele tema wat deur alle respondente gebruik is nie. Die respondente se reaksies toon groot ooreenstemming met vraag 3. Die volgene temas het voorgekom: Sake wat met die leiers en leraars te doen het, is deur nege respondente uitgewys. Ses respondente het sake wat met tradisie en die kapasiteit van ouers te doen het, uitgewys. Die ander temas wat elk deur een respondente hier bygevoeg is, is kerkbegrip en die tydsgees. Die respondente het bogenoemde temas soos volg verwoord:

> D1#:P1 – “Ek dink dit is hoe ons dit altyd gedoen het. Tradisie is die antwoord. Ek dink ook ouers se ‘mindset’. Ouers sê: Dit is nie my werk om my kind van Jesus te leer nie, dit is die kerk se werk. [...] Ons moet dit nie eintlik so doen nie, maar om ouers betrokke te kry by jeugbediening is ’n uitdaging op sy eie. Dit is ’n ‘mind shift’ wat moet gebeur, beide van die kerk se kant af en die ouers se kant af.”

> D2#:P2 – “Een van die grootste uitdagings wat ek dink ons mee te doen het, is met ouers en ouerbetrokkenheid. [...] Daar is ’n klomp goed wat wesenlik afgeskeep word, maar ek dink daar is ’n werkslas, ’n familielas en ’n gesinslewe daar buite wat te kere gaan en wat ons van moet kennis neem en wat die kapasiteit net totaal opneem.” P2 – “... by baie geleenthede (toerustingsgeleenthede) bied geloofsvorming by die huis as ’n addisionele ekstra komponent aan en maak die fout dat ouers dan voel hier kom ’n ekstra lading en dit help nie ouers om te sien dat geloofsvorming ’n intydse deel van ’n daaglikse gebeurtenis is nie.” P3 – “’n Derde persepsie is dat daar ouers is wat nog op die plek is wat sê dit (geloofsvorming) is iets wat die kerk doen en dit is iets wat die kerk die beste in

is." P4 – "Ons het die 'hit and run' ouers wat aflaai en ry en wat doodeenvoudig net nie eers beskikbaar is vir toenadering nie." P5 – "... ek dink dat 'n enkelleraar se kapasiteit vir hierdie tipe goed so klein en so min is, dat dit net nie altyd moontlik is nie."

D#3:P1 – "Ek dink baie keer is die dominee eintlik die een wat sekere goed inlaat of nie. As die dominee van die gemeente nie oortuig word van die saak nie, gaan dit nooit gebeur nie. Hulle is dalk nie ingelig daaroor nie; party sien dit is belangrik, maar hulle voel dalk nie in hulleself toegerus om met ouers en kinders te werk nie. Daar is dalk 'n ou styl van doen." P2 – Ek dink dit is veral in gemeentes met een predikant in die gemeente baie moeilik." P3 – "... jonger dominees koop 100% in op huisgeloof. [...] Waar hulle partykeer moeilikheid kry is waar 'n kollega of 'n kerkraad nie noodwendig inkoop by 'n nuwe manier van doen nie, wat eintlik nie so nuut is nie, maar in hulle gemeente tog dalk."

D#4:P1 – "Dit is hartseer dat kinders nie 'n geloofsgroei of 'n stuk geloofsontwikkeling by hulle ouers ontvang nie. Dit is om hierdie rede dat hulle nie ingesluit word nie." P2 – "Ek dink ons werk met 'n vrywilige stelsel [...] wie wil kom help [...] dan staan ons terug en ons wag op iemand om te kom." P3 – "... ongelukkig die Westerse tydsdruk en ekkigheid se gekkigheid, soos ek dit nou maar noem. [...] ouers het nie eers meer met mekaar verhoudings nie, want hulle kom albei hoe laat by die huis. Dit is 'n kultuur wat begin maak dat ouers nie wil betrokke wees nie, want hulle is moeg. Dominees begin wonder oor die geloofsvolwassenheid van ouers. Ouers word ook dikwels nie betrek nie, want ons (sommige kerkrade) wil besluit wie kan (betrokke raak) en wie 'n sê het."

D#5:P – "Kinders wil nie altyd hê hulle ouers moet betrokke wees nie." P2 – "... hulle (ouers) doen (soms) heeltemal hulle eie ding, wat so half teen ons kerk se beginsels ingaan." P3 – "... ek dink dit kom maar van die (gebrek aan) fondasie van wat 'n familie veronderstel is om te wees. Hoe gebruik jy sulke ouers?"

D#6:P1 – "As ek dink aan my eie navorsing is die eerste vraag wat die probleem is, is wat ouers sê: 'ons het nie die kennis nie.' Daar is steeds die persepsie dat die kennis oor geloofsake lê by die kerk en 'die kerk' is in hulle oë die predikante. Dit is in 'n sekere mate nog steeds ouers se verwagting en dit maak dat dominees dit net uit hulle hand neem. Dit is vir die dominee net gemaklik om dit te doen." P2 – "... ouers is vol stories en hulle het nie tyd nie en hulle is nie noodwendig lus nie, vertroue is ook nie daar nie. [...] dit is moeilik om ouers te betrek, want hulle het almal programme en kinders van verskillende ouderdomme en wonder hoe hulle moet weet waar hulle betrokke moet wees." P4 – "Enkelouers en hersaamgestelde gesinne bied geweldige uitdagings. [...] Dit is die ouers (enkelouers) wat nie betrokke wil wees nie."

D#7:P – "By ons gemeente moet ek sê is dit baie keer 'n gesukkel om ouers ingesluit te kry. [...] Jy beleef 'n weerstand van ouers en nie 'n bereidheid om deel te neem nie." P2 – Die weerstand van ouers (betrokkenheid) speel 'n verskriklike belangrike rol in die gemeentes, dat gemeentes net op 'n punt kom om te sê, nou gaan ons op ons eie aan."
D#8:P1 – "Onbekend maak onbemind. Die probleem hier is dat die ouers dink daar moet nuwe programme uitgedink word terwyl die antwoord is jy moet net intergenerasioneel dink – hoe gaan jy verskillende generasies bymekaarkry? [...] Die oomblik as mense 'n nuwe woord hoor, dan dink hulle jy kom met nuwe werk en hulle is klaar oorwerk. [...] 'n Ander rede is waarskynlik die feit dat gemeentes

minder leraars het en die oomblik as die leraar hoor hy moet nog iets doen, sê hy al klaar nee, ek gaan nie dáárby uitkom nie."

D#9:P1 – "Die eerste ding wat ek beleef is dat ouers voel hulle is nie bekwaam om dit te doen nie." P2 – "Die tweede ding is dat 'n klomp ouers is bloot onwillig. Dit het gedeeltelik ook te make met dit dat ouers regtig baie hard werk, nie tyd het nie." P3 – "'n Ander probleem is dat ek nie seker is of 'n mens al die ouers wat gewillig is altyd wil gebruik nie." P4 – "Wanneer 'n leraar een keer 'n slegte ervaring met 'n ouer gehad het, dan voel 'n ou partykeer om eerder te gaan na mense wat jy ken en vertrou. Nog 'n rede is dat dominees baie besig is. So, om tyd te kry in jou program om opleiding te doen van ouers om hulle kinders te help met geloofsvorming en om ouers betrokke te kry, is nie maklik nie. Nog iets is dat ouers in ons omgewing voel onveilig om saans na 18:00 uit te gaan."

D#10:P – "Die rol van die predikant ... oor watter modelle bestaan. Dit gaan ook oor die gemak van die ou sisteem." P3 – "Ek dink die ander ding is weerstand teen verandering. Ek dink die onvermoë om mag weg te gee en nie ouers te vertrou nie." P4 – Wat ook 'n rol speel is tradisie. Geloofsvorming word uitgekontrakteer aan die eksperts (volgens ouers) en die tradisionele sisteem is veilig vir ons (dominees). Ons doel is dus belydenisaflegging en nie noodwendig dissipelskap, wat 'n lewenslange reis is nie."


#### 7.6.5.3 Die skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande

In hierdie skematiese voorstelling (Figuur 7.12 op 'n volgende bladsye) word die drie belangrikste temas (1-3 genommer in oranje) uitgelig. Die temas word telkens **donker** gedruk en die verbande tussen temas ***kursief***. Die eerste tema is: **tradisie**. Die meeste respondente het aangedui dat die feit dat ouers en intergenerasionele geloofsvorming nie deel vorm van jeugbediening nie, **die gevolg is van** tradisie. Tradisie ***word*** volgens die respondente gewoonlik ***geassosieer*** *met* 'n veronderstelling dat geloofsvorming die kerk se werk is; dis hoe dit nog altyd gedoen is en die doel van kategese/geloofsvorming is belydenisaflegging en nie dissipelskap nie. Dit het 'n aflaai-kultuur, onbetrokkenheid en apatie tot gevolg.

Die tweede tema is: **ouers se kapasiteit**. Die meeste respondente het aangedui dat die feit dat ouers en intergenerasionele geloofsvorming nie deel vorm van jeugbediening nie, tweedens ***die gevolg is van*** die ouers se kapasiteit of gebrek aan kapasiteit. Ouers se kapasiteit of gebrek daaraan *word* ***beïnvloed deur*** hul eie persepsies en ander se persepsies oor hulle. Hierdie persepsie ***bestaan daaruit*** dat **ouers** aan die een kant **beleef dat geloofsvorming nog iets ekstra** is wat hulle moet doen en hulle sien nie daarvoor kans nie. Aan die ander kant **voel** hulle **onbekwaam** ***as gevolg van*** 'n gebrek aan vaardighede, ***wat*** dikwels weer **voortspruit** ***as gevolg***

***van*** die feit dat hulle nie tyd vir toerusting het nie. **Ouers word** dikwels ook **uitgesluit** ***as gevolg van*** dominees en ander persone in die jeugbediening se **persepsies oor hulle**. Hierdie uitsluiting ***word verder beïnvloed*** *deur* 'n klomp **realiteite** wat onder andere ***bestaan uit*** **buitengewone eise** rondom hulle **werks- en familieverpligtinge**, ***wat lei tot*** **ongebalanseerde lewens**; **hulle gevoel van onveiligheid** om uit te gaan saans; daar is soms regtig 'n **gebrek aan vaardighede**; daar is ook soms regtig **nie tyd vir toerusting nie**; **enkelouers en geskeides beleef ekstra groot druk en stigmatisering**. Al hierdie goed ***dra*** dikwels ***daartoe by*** en ***het tot gevolg*** dat ouers veronderstel is om die primêre geloofsvormers te wees, maar geloofsvorming is nie primêr in hulle huise nie.

Die derde tema is uitgewys as die belangrikste tema: **leiers en leraars**. Die meeste respondente (9) nege het aangedui dat die feit dat ouers en intergenerasionele geloofsvorming nie deel vorm van jeugbediening nie, derdens ***die gevolg is van*** leiers en leraars, wat volgens die respondente ***beïnvloed word deur*** **negatiewe persepsies oor intergenerasionele geloofsvorming**. Hierdie negatiewe persepsies ***spruit voort*** en ***is die gevolg van*** die **silo-benadering** wat gevolg word. Intergenerasionele geloofsvorming waar ouers betrokke is en deelneem aan.




**Figuur 7.12: Skematiese voorstelling van data van vraag 5**[6]

### 7.6.5.4 Resultate en bevindings by vraag 5

Vanuit die perspektief van die respondente is die rede hoekom gemeentes steeds nie ouers sentraal deelmaak van hulle jeugbediening nie, eerstens as gevolg van **leiers en leraars** wat: a) 'n negatiewe persepsie van intergenerasionele geloofsvorming het; b) 'n gebrek aan kapasiteit het; c) medeleraars en kerkrade het wat nie wil inkoop in intergenerasionele geloofsvorming nie en d) 'n negatiewe persepsie van ouers het. Tweedens het dit te doen met **die ouers se gebrek aan kapasiteit** as gevolg van hulle eie persepsies (hulle hou hulleself daaruit), ander se persepsies oor hulle (leraars en jeugleiers hou hulle daaruit) en realiteite van werklike oorvol programme, familieverpligtinge en enkelouerskap (realiteite van die lewe hou hulle daaruit).

[6] Om hierdie skematiese voorstellings te vergroot op die MS Word weergawe kan regs onder op die skerm herhaaldelik op die + teken geklik word om die figuur te vergroot. In die pdf-formaat kan die + teken aan die bokant van die dokument herhaaldelik geklik word om dit te vergroot.

Derdens het dit te doen met **tradisie**. Tradisie het bygedra tot ’n ingesteldheid dat geloofsvorming die kerk se werk is, want dit is hoe dit nog altyd gedoen is; dit het verder bygedra dat geloofsvorming verskraal is tot ’n kognitiewe gebeurtenis by die kerk (onderrig/kategese), wat belydenisaflegging as eindpunt het en nie ’n lewenslange reis van dissipelskap nie; die sisteem (silo-bediening) het afstand en ’n gebrek aan “deel-voel” veroorsaak, wat ’n aflaai-kultuur, onbetrokkenheid en apatie tot gevolg het.

## 7.7 Opsomming van bevindings uit die kwalitatiewe navorsing

Uit die kwalitatiewe navorsing kan die volgende bevindings gemaak word:

1. ’n Paradigmaskuif is nodig om:
   - inklusiewe intergenerasionele geloofsvorming kerndeel van jeugbediening te maak;
   - die huis (gesin of familie) as primêre plek van geloofsvorming te erken en deur die jeugbediening te ondersteun;
2. Jeugbedienings en ouers deel nie dieselfde visie ten opsigte van geloofsvorming nie;
3. ‘n Geïntegreerde bedieningsfilosofie en -plan vir geloofsvorming by die huis en kerk, wat met mekaar belyn is, is sleutel-strukturele faktore wat die gemeente se fokus op die huis- (gesinne of families) en intergenerasionele geloofsvorming bevorder;
4. Bedieninge in die gemeente word nie vanself intergenerasioneel inklusief sonder beplande pogings deur die leierskap nie;
5. Ouers en ander volwasse lidmate beleef die nuwe klem op geloofsvorming as iets ekstra wat hulle moet doen en is daarom uit die staanspoor negatief;
6. Leraars in voorstedelike gemeentes ag nie die informele praktyke en faktore as so belangrik in geloofsvorming en geloofsgroei nie of hulle is so gefokus op die formele praktyke, dat dit hierdie aspekte heeltemal oorskadu;
7. Intergenerasionele eredienste, -kategese en huisgeloof is die belangrikste praktyke in die gemeente wat die vorming en groei van geloof in gesinne/families bevorder;

8. Leraars beskou toerusting as ‘uiters waardevol en as ‘n sleutel-strukturele komponent in hulle fokus op gesinne en intergenerasionele geloofsvorming;
9. Ouers se kapasiteit (besige skedules en gepaardgaande gebrek aan tyd, enkelouerskap ens.) is onder geweldige druk en die grootste bedreiging vir intergenerasionele geloofsvorming;
10. Leraars se negatiewe ervarings van en persepsies oor ouers dra by tot hulle terughoudendheid om ouers deel te maak van die jeugbediening se visie ten opsigte van geloofsvorming;
11. Persepsies oor ‘n generasiegaping speel ‘n baie groot rol waarom jeugbedienings nie intergenerasioneel inklusief funksioneer nie;
12. Tradisie speel ‘n groot rol in die verwagtings van ouers en ander volwassenes in die gemeente en die plek van tieners in jeugbediening.

## 7.8 Slotopmerkings

In beide die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing (hoofstuk 6 en 7) het ‘n ryk bron van inligting oor geloofsvorming in die huis (gesin of familie) en inklusiewe intergenerasionele geloofsvorming in die gemeente opgelewer. Noudat die empiriese deel van die studie voltooi is, kan oorbeweeg word na die interpretatiewe taak in praktiese teologie in die volgende hoofstuk.

# HOOFSTUK 8:

# INTERPRETATIEWE TAAK

## 8.1 Inleiding

Daar word in hierdie studie gekyk na intergenerasionele geloofsvorming in ‘n huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde jeugbediening. Hierdie saak is in die vorige twee hoofstukke empiries ondersoek. In hierdie hoofstuk word die interpretatiewe taak gedoen. Kernsake en knelpunte wat uit die kwantitatiewe en kwalitatiewe data geïdentifiseer is, word geïdentifiseer en bespreek. Die verbande en verskille tussen die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing word ook uitgelig.

## 8.2 Interpretatiewe taak

Die interpretatiewe taak is in hoofstuk 1 (1.4.6.2) volledig bespreek. Hier word net kerngedagtes uitgelig soos wat dit in hierdie hoofstuk toegepas word. Volgens Osmer (2008:80) is die taak van die interpreterende gids, om die belangrike sake (issues) waarmee geworstel word te identifiseer en dan te put uit teorieë wat kan help om hierdie belangrike sake beter te verstaan. Marais (2018:250) beskryf hierdie belangrike sake as kernsake en knelpunte. Die interpretatiewe taak steun volgens Osmer sterk op die teorieë van die kunste en die wetenskap wat daarmee help om beter te verstaan en te verduidelik hoekom spesifieke patrone en dinamika voorkom.

Die kwantitatiewe - en kwalitatiewe data is reeds in die vorige hoofstukke geëvalueer en geïnterpreteer. Nou kan oorbeweeg word na die identifisering van kernsake en knelpunte. Die kernsake hou almal direk verband met die kern-konsepte van hierdie studie.

Die kern-konsepte van hierdie studie is die volgende:

- Jeugbediening
- Geloofsvorming
- Huis- gefokusde bediening
- Gemeente-ondersteunde bediening
- Inklusiewe bediening

- Intergenerasionele interaksie

## 8.3 Identifisering van kernsake en knelpunte

Die volgende ses kernsake en vier knelpunte ten opsigte van intergenerasionele geloofsvorming in huis-gefokusde gemeente-ondersteunde jeugbedienings is in hierdie studie geïdentifiseer:

### 8.3.1 Kernsake

#### 8.3.1.1 Kernsaak 1

’n Paradigmaskuif is nodig om:

- inklusiewe intergenerasionele geloofsvorming deel te maak van jeugbediening;
- jeugbediening se fokus te skuif na die huis (gesin of families) as primêre ruimte vir geloofsvorming wat deur die gemeente ondersteun behoort te word.

#### 8.3.1.2 Kernsaak 2

’n Geïntegreerde bedieningsfilosofie en -plan vir geloofsvorming by die huis en kerk is sleutel-strukturele faktore in jeugbediening om intergenerasionele geloofsvorming volhoubaar te laat funksioneer.

#### 8.3.1.3 Kernsaak 3

Intensionele pogings deur jeugbedienings is nodig om bedieninge intergenerasioneel inklusief en op die huis te laat fokus.

#### 8.3.1.4 Kernsaak 4

Eredienste, kategese en huisgeloof is tans die belangrikste praktyke in die gemeente wat die vorming en groei van geloof in gesinne/families bevorder.

#### 8.3.1.5 Kernsaak 5

Die waarde van informele faktore, wat die klimaat vir intergenerasionele geloofsvorming by die kerk en by die huis bepaal, word deur leraars in voorstedelike gemeentes onderskat.

#### 8.3.1.6 Kernsaak 6

Ouers beleef nie dat toerusting so ‘n groot bydrae lewer tot hulle kinders se geloofsvorming nie, terwyl leraars dit as baie waardevol beskou.

### 8.3.2 Knelpunte

#### 8.3.2.1 Knelpunt 1

Die kapasiteit (besige skedules en gepaardgaande gebrek aan tyd) van ouers is onder druk en die grootste bedreiging vir intergenerasionele geloofsvorming.

#### 8.3.2.2 Knelpunt 2

Persepsies oor ‘n generasiegaping speel ‘n baie groot rol waarom jeugbedienings nie intergenerasioneel inklusief funksioneer nie, terwyl betrokke ouers dit nie as so belangrik ag nie.

#### 8.3.2.3 Knelpunt 3

Leraars se negatiewe ervarings van en persepsies oor ouers dra by tot hulle terughoudendheid om ouers deel te maak van die jeugbediening se visie ten opsigte van geloofsvorming.

#### 8.3.2.4 Knelpunt 4

Tradisie speel ‘n groot rol in die verwagtings van ouers en ander volwassenes in die gemeente en oor die plek van tieners in jeugbediening.

## 8.4 Bespreking van kernsake en knelpunte

Elke van die ses kernsake en vier knelpunte word nou toegelig uit die navorsing wat in die literatuurstudie en empiriese navorsing verkry is:

### 8.4.1 Bespreking van kernsake

#### 8.4.1.1 Kernsaak 1: Paradigmaskuiwe

’n Paradigmaskuif is nodig om:

- inklusiewe intergenerasionele geloofsvorming deel te maak van jeugbediening;

- jeugbediening se fokus te skuif na die huis (gesin of families) as primêre ruimte vir geloofsvorming wat deur die gemeente ondersteun behoort te word.

So ’n paradigmaskuif moet verkieslik deur die kerkraad gemaak word en gemeentes behoort moeite te doen dat leraars, leiers en ouers daarby inkoop.

Dit is belangrik om net vir een oomblik stil te staan by wat in die literatuurstudie ontdek is oor die teologiese insigte, wat tot die paradigmaskuiwe van die respondente se gemeentes gelei het. Hierdie teologiese insigte het in hierdie studie ook ’n deurslaggewende rol gespeel. Navorsing het die afgelope drie dekades inderdaad belangrike teologiese insigte op die kerk se tafel gesit.

#### 8.4.1.1.1 Die primêre rol van ouers

Daar is eerstens ’n hele stroom navorsing wat die primêre rol van ouers uitgelig het sedert die 90’er jare van die vorige eeu, soos uitgewys in hoofstuk 3 (3.3.4). Freudenburg (1998:21) som hierdie gedagte mooi op en gebruik dit as sy werksformule in sy boek ‘The Family Friendly Church’ en beskyf dit soos volg: “Parents are the primary Christian educators in the church, and the family is the God-ordained institution for faith-building in children and youth and for the passing of faith from one generation to the next.” Hiervolgens is ouers dus primêr verantwoordelik vir die begeleiding van hulle kinders tot identiteitsvinding en behoort die kerk hulle te ondersteun in hierdie taak. In die meeste gemeentes tans is ouers geensins deel van die jeugbediening se visie rondom geloofsvorming nie. Dit sal dus ‘n paradigmaskuif vra om gemeentes en ouers terug te bring na hierdie kernbelangrike funksie van die ouerhuis. Die kwantitatiewe navorsing het die rol van ouers met oorweldigende resultate herbevestig en beklemtoon. Bewustheid van en instemming oor hierdie saak is ook in die kwantitatiewe navorsing getoets en byna alle respondente (98,9%) stem saam of stem beslis saam en vra leiding in hierdie verband.

#### 8.4.1.1.2 Die kerk en huis (gesin of familie) is vennote

As uitvloeisel uit bogenoemde navorsing word tweedens dikwels na die kerk en die huis as vennote in die literatuur verwys. In hierdie verband is in die literatuurstudie in hoofstuk 4 (3.3.4.1 & 3.3.4.3) verwys na die primêre rolspelers in geloofsvorming. Daar is onder andere na Smith & Snell (2009:286) verwys wat hierdie gedagtelyn opsom en

verwoord as hulle sê dat die godsdienstige sosialiseringstaak en geloofsvorming omtrent geheel en al op die skouers van twee gemeenskappe berus: eerstens die huisgesin waar ouers die primêre sosialisering doen; tweedens die kerk waar die hele gemeente, maar spesifiek toegewyde volwassenes in die kerk, 'n redelike sterk invloed op kinders en jongmense se geloof en lewe uitoefen.

Hierdie en vele ander bydraes die afgelope paar dekades noodsaak juis paradigmaskuiwe in die bediening, soos die respondente in die onderhoude uitgelig het. Oor hierdie paradigmaskuiwe is in hoofstuk 4 (3.3.4.3) breedvoerig geskryf. Ben Fraudenburg (1998: 98-101) en Strommen en Hardel (2000:23) som hierdie stroom van denke op en stel in hierdie verband die volgende paradigmaskuif voor: 'n skuif weg van "church-centered" (totale bediening sentreer by die kerk) en "home-supported" (die gesinne is net daar om die kerk te ondersteun in die bediening aan die jeug) na "home-centered" (die gesin is die belangrikste ruimte waar geloof gevorm word en die bediening sentreer dus om die huis) en "church-supported" (die kerk is daar om gesinne te ondersteun in alles wat nodig is, sodat geloofsvorming en bediening daar en saam met gesinne en ouers kan plaasvind). Die navorser sluit in hierdie studie direk hierby aan.

#### 8.4.1.1.3 Die jeug en gesinne behoort inklusief bedien te word

Bogenoemde twee gedagtes bring ons derdens by die gedagte van 'n inklusiewe bediening. Oor inklusiwiteit is in hoofstuk 2 (2.2.4.3) en in hoofstuk 3 (3.7.2.1) breedvoerig geskryf. Saam met baie ander stemme is Nel die persoon wat in die wereld veral bekend staan vir sy denke oor inklusiewe jeugbediening. Hy skryf (2018:22) "... in my understanding, Youth Ministry is inclusive, comprehensive, and that includes (or at least stands in direct relationship to) catechesis and family ministry." Nel (2001a:4) spel die konsekwensies vir 'n omvattende inklusiewe jeugbediening soos volg uit: (i) Die gemeente sal nooit oor die geloofslewe van die jeug afsonderlik dink van die geloofslewe van die volwassenes nie; (ii) Die jeug sal nooit 'n afsonderlike groep in die gemeente vorm nie; (iii) Die jeug sal nie verwaarloos of geïgnoreer word nie; (iv) Die jeug sal altyd die verantwoordelikheid van die hele gemeente wees en nie net van die jeugwerker of jeugleraar nie.

#### 8.4.1.1.4 Intergenerasionele interaksie krities belangrik

Die afgelope dekade is vierdens die waarde en rol van intergenerasionele interaksie in geloofsvorming opnuut ontdek. In hierdie verband is in hoofstuk 5 breedvoerig verwys na die rol van generasies in die vorming en oordrag van geloof (5.5.1.1 – 5.5.1.2). Peterson (1989:47) se opmerking lig die belang van generasies in geloofsvorming duidelik uit: “If we are going to learn a life of holiness in the mess of history, we are going to have to prepare for something intergenerational and think in centuries.” In hierdie verband is Allen & Ross (2012:102) se verwysing na proksimale ontwikkeling (hoofstuk 5, 5.6.5.1) baie belangrik. Die konsep van hierdie proksimale ontwikkeling is dat wanneer ’n persoon gereed is om die volgende ding te leer, die beste manier waarop so ’n persoon dit kan leer, is om saam met die persone te wees wat net voor hulle op die leerreis is (’n soort vakleerlingskap). Hulle som die waarde wat hierdie teorie toevoeg aan intergenerasionele geloofsvorming dan soos volg op: “Volgens die sosiokulturele perspektief leer persone om lidmate van hul gemeenskap te wees soos wat hulle aktief deelneem in daardie spesifieke sosiale gemeenskap, terwyl hulle saam met persone leer wat net bietjie langer as hulle op die pad is. Hulle vervolg: “Intergenerational Christian settings are authentic, complex, formative environments, made up of individuals at various stages in their faith journeys, teaching some and learning from others as they participate in their community of believers.” Jeugbediening vandag bedien jongmense en volwassenes hoofsaaklik afsonderlik. Dit sal daarom ‘n paradigmaskuif vra om intergenerasioneel inklusief te funksioneer.

#### 8.4.1.2 Kernsaak 2: ‘n Geïntegreerde bedieningsfilosofie en – plan

’n Geïntegreerde bedieningsfilosofie en -plan vir geloofsvorming by die huis en kerk is sleutel-strukturele faktore in jeugbediening om intergenerasionele geloofsvorming volhoubaar te laat funksioneer.

Vir alle verantwoordelike prosesse is leierskap, beplanning en ’n duidelike strategie van kardinale belang. Alhoewel leierskap nie volledig in hierdie studie bespreek is nie, is die belangrike rol van leierskap wel in hoofstuk 1 (1.4.6.4), en ook in hoofstuk 2 (2.2.5.) bespreek. Daar word ook in hoofstuk 2 (2.2.7) na die belang van leierskap in die gemeentebou-proses verwys, wat die ontwikkeling van `n missie-stelling, die

beplanning van `n strategie, die implementering van die strategiese plan en bereiking van doelwitte insluit (Nel 2015:222; cf. ook Nel 1994:216 en Nel 2005:147).

In hoofstuk 5 (5.5.3.4) word spesifiek na die rol van verskillende generasies in geloofsvorming en die oordrag van 'n geloofstradisie verwys. In dié verband merk Seibel (2009:73) die volgende op: "Die implikasie hiervan (as gemeentes geloofstradisies wil oordra) is dat gemeentes besig moet wees met die daarstel van effektiewe strukture en prosesse waardeur geloofsvorming van individue bevorder kan word op so 'n wyse dat individue intiem en persoonlik betrek kan word by aktiewe deelname en omarming van die geloofstradisie. In hoofstuk 5 (5.5.2.2) word ook verwys na wat Roberto noem "Five essential components of congregational life," om gemeentes te begelei om meer bepland intergenerasioneel te wees. Gemeentes mag dalk ander komponente as Roberto s'n kies (daar is ander voorstelle in hoofstuk 3 by 3.7.2.2). Wat egter baie bruikbaar is, is die manier waarop Roberto aanmoedig hoe hierdie vyf komponente in alle bedieninge gebruik moet word as 'n raamwerk vir alle bedieninge. Hierdie komponente is en word dan die raamwerk en hooffokus van alles in 'n gemeente. Die feit dat geloofsvormingsprosesse by die gemeente en by die huis ver van mekaar verwyder is, behoort deur 'n bedieningsfilosofie en -plan aangespreek te word.

Omdat die konsep van inklusiewe intergenerasionele geloofsvorming nog nie so algemeen bekend is nie, het hierdie aspek nie so duidelik gefigureer in die kwantitatiewe navorsing nie. Dit het egter baie sterk in die kwalitatiewe navorsing na vore gekom.

#### 8.4.1.3 Kernsaak 3: Intensionele inklusiewe interaksie en bedieninge

Intensionele pogings is nodig deur jeugbedienings om bedieninge intergenerasioneel inklusief en op die huis te laat fokus.

Ross (2007:27) se verduideliking oor wat intergenerasionele geloofsvorming behels, help daarmee om te sien hoekom bedieninge intensioneel intergenerasioneel behoort te wees: "intergenerational ministry occurs when a congregation intentionally combines the generations together in mutual serving, sharing or learning with the core activities of the church in order to live out being the body of Christ to each other and

the greater community." Dit is op grond hiervan dat Roberto (2014:20) dit duidelik maak: "... intergenerationality happens in and through all of the ministries of the congregation." In hoofstuk 5 (5.5.1) is breedvoerig vanuit 'n teologiese perspektief gekyk na intergenerasionaliteit en word Harkness (1998:127-129) in hierdie verband aangehaal. Sy konklusie beklemtoon die noodsaaklikheid van intergenerasionele geloofsvorming: "Die algehele prentjie vanuit 'n Bybelse en teologiese perspektief is dat intergenerasionele interaksie noodsaaklik is om Christene in staat te stel om te groei tot volwassenheid in geloof."

In hoofstuk 4 (4.3.4.3) kies Holmen (2007:77-78 & 2010:78-80) die term "Faith@home" om die fokus van die gemeente op die huis (gesin of families) mee te beskryf. Wanneer die huis (gesinne of families) die fokus van die bediening word, behoort dit die gemeente se bedieninge radikaal te beïnvloed. Vir hom behoort alle bedieninge te fokus op wat by die huis aangaan en nie op wat by die kerk gebeur nie. Holmen se voorstelle oor hoe dit moontlik mag lyk, word in hoofstuk 4 (4.3.4.3) beskryf.

Alhoewel die waarde van intergenerasionele bedieninge nie in die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing as beduidend aangedui is nie, moet in ag geneem word dat die blootstelling hieraan tans nie baie hoog is nie. Daar is wel in die kwalitatiewe navorsing 'n groter bewustheid van en getuienis oor die waarde wat intergenerasionele interaksie toevoeg wanneer bedieninge intergenerasioneel bedryf word.

#### 8.4.1.4 Kernsaak 4: Belangrikste praktyke vir geloofsvorming by die gemeente

Eredienste, kategese en huisgeloof is tans die belangrikste praktyke in die gemeente wat die vorming en groei van geloof in gesinne/families bevorder.

Die feit dat drie praktyke of bedieninge uitstaan by byna al die respondente in die kwalitatiewe navorsing, wys daarop dat dit tans die belangrikste ruimtes is waar intensioneel intergenerasioneel inklusief gewerk word. Die feit dat hierdie drie praktyke so nou aan mekaar verbind word, is ook baie belangrik. Dit help dat alle generasies wat uit dieselfde huis kom op dieselfde bladsy is wat betref teks of tema en dat dit gesprek in die huis kan stimuleer.

Die waarde van ’n intergenerasionele fokus op eredienste is in hoofstuk 5 (5.5.4.4) uitgelig in die navorsing van Powel, Griffin & Crawford (2011:75-100), wat gepubliseer is in die boek: 'Sticky Faith’. Hulle eerste bevinding was dat deelname aan eredienste, waar alle generasies teenwoordig is (intergenerasionele eredienste), gedurende die hoërskooljare, meer deurlopend verbind word aan volwasse geloof in beide hoërskool- en kollege-jare as enige ander vorm van kerklike betrokkenheid. Hulle sogenaamde ‘sticky’ bevinding lei soos volg: “high school and college students who experience more intergenerational worship tend to have higher faith maturity.” Dit bevestig en beklemtoon hierdie bevinding.

Die hele saak van onderrig is reeds uitvoerig in hoofstuk 3 (3.7.2.2 & 3.7.3) bespreek. In die Bybel word die lewe van die mens volgens Nel (2018:159; ook cf. ook Nel, 2001b:137) dikwels met ’n ‘weg’ (hoe ’n mens moet lewe) beskryf. In hierdie studie is onderrig in hoofstuk 3 beskryf as ’n uitnodiging na, inisiasie in en begeleiding en onderskeiding op en in hierdie weg en hierdie weg verwys na ’n omvattende lewe van dissipelskap. Die huis (gesin of familie) behoort ’n baie belangrike rol in die hele proses van onderrig of geloofsvorming te speel. Strommen & Hardel (2000:21) haal in die verband Thompson aan as sy die vraag vra:

> What if the family were not merely an object of the church’s teaching mission, but one of the most basic units of the church’s mission to the world? What I am suggesting is that the communal church and the domestic church need to recapture a vision of the Christian family as a sacred community.

Huisgeloof behoort in hierdie lig gesien te word as ’n belangrike skakel tussen die gemeente en die huis. Dit is daarop ingestel om huise (gesinne en families) te bemagtig om, saam met die gemeente, ’n soort kweekhuis van dissipels te word. Jeugbedienings behoort gesinne (ouers in die besonder) toe te rus om ruimtes te wees waar dissipels gevorm word.

In die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing stem hierdie bevindings grootliks ooreen.

#### 8.4.1.5 Kernsaak 5: Informele faktore in geloofsvorming by die kerk en huis

Die waarde van informele faktore, wat die klimaat vir intergenerasionele geloofsvorming by die kerk en by die huis bepaal, word deur leraars en gemeentes onderskat.

In die kwantitatiewe studie is drie van die vyf belangrikste faktore, wat die grootste positiewe effek op die geloofsvorming van die huis (gesin of familie) het en wat deur respondente uitgewys is, informele faktore wat met klimaat te doen het (hoofstuk 4, 4.3.4.3). In hierdie verband skryf Amidei (2014:50):

> Climate signifies formal and informal feelings of leaders and members of a church community. Climate refers to the attitudes and feelings that characterize the environment or context of a group. It may denote a positive environment that is friendly, inviting, and supportive or it may denote a negative environment that is unwelcoming, exclusive or unsafe. [...] The term generally refers to the tenor of relationships, the feeling of safety, and the external environment. Climate is a more general term referring to the feel, tone or milieu of a community. It characterizes the collective personality and perceptions or overall atmosphere.

Oor verhoudings en gemeentekultuur en die rol wat dit in geloofsvorming speel, is daar uitvoerig in die literatuurstudie na verwys in hoofstuk 3 (3.7.3.2) en hoofstuk 5 (5.5.3.2 en 5.5.3.3). Hier sal ook gewaak moet word teen wat Root (2007:79) ’n verhoudingsgerigte bediening noem waar die verhouding net bestaan ter wille van beïnvloeding. Vir hom is ’n verhoudingsgerigte bediening wat hy noem “place sharing.” Hierdie “place sharing” hou drie groot komponente voor wat altyd ’n rol speel in verhoudingsgerigte bediening: die persoon, die kultuur en wat hy noem “Trancendent Otherness.” Hy (Root, 2007:196) vervolg: “... when person meets person in relationship, they encounter one another in the reality of Jesus Christ.” Dit is binne hierdie ontmoeting waarin transformasie plaasvind. Wanneer leraars dus so sterk op die formele en intellektuele fokus, kan die omgewing so negatief of steriel wees, dat geen geloofsvorming daarbinne kan plaasvind nie, soos wat in hoofstuk 4 (4.5.3) daarna verwys is.

#### 8.4.1.6 Kernsaak 6: Toerusting ten opsigte van geloofsvorming

Ouers beleef nie dat toerusting so ‘n groot bydrae lewer tot hulle kinders se geloofsvorming nie, terwyl leraars dit as baie waardevol beskou.

In die kwantitatiewe navorsing is toerusting nie uitgewys as een van die faktore wat 'n groot rol speel in die geloofsvorming van gesinne nie, terwyl die kwalitatiewe navorsing dit as baie waardevol uitwys. Hierdie diskrepansie is belangrik om van kennis te neem en vra vir moontlike verdere studie. Die belang van toerusting is in hierdie studie op verskeie plekke (hoofstuk 2, 2.2.2 & 2.2.5, hoofstuk 3, 3.4.1) uitgewys. Dit is egter belangrik hóé hierdie toerusting gebeur. In die kerk het toerusting 'n baie formele karakter begin aanneem. Die manier hoe Jesus sy dissipels geleer of toegerus het, soos daarna verwys is in hoofstuk 3 (3.7.3.4), was volgens Nel (2015:194-195) 'n soort indiensopleiding. Hierdie manier waarop Jesus sy dissipels geleer het, behoort 'n model te wees vir `n gemeente. Toerusting behoort dus in die kerk 'n stuk transformasie te ondergaan.

### 8.4.2 Bespreking van knelpunte

#### 8.4.2.1 Knelpunt 1: Die kapasiteit van ouers

Die kapasiteit (besige skedules en gepaardgaande gebrek aan tyd) van ouers is onder druk en die grootste bedreiging vir intergenerasionele geloofsvorming. Enkelouers en gebroke gesinne het 'n groeiende impak op hierdie toedrag van sake.

Twee realiteite is gelyktydig waar in vandag se gemeentes. Eerstens: Ouers het die grootste invloed op hulle kinders se geloofsvorming - positief én negatief, ongeag wat by die kerk gebeur. Die tweede realiteit: ouers se kapasiteit is onder geweldige druk weens verskeie faktore. Daar is breedvoerig in hoofstuk 3 (punt 3.5) en hoofstuk 4 (punt 4.5) aangedui hoe 'n veranderde konteks direk bygedra het tot die veranderde kapasiteit van ouers. Daar is ook in hoofstuk 4 (punt 5) aangedui wat in huise verander het en hoe die kerk dit behoort te verdiskonteer en veral die narratiewe oor gesinne (families) behoort aan te pas. Ouers en gesinne lyk en funksioneer volgens Roberto (2016:27) dramaties anders vandag as vorige generasies. Dit is moeilik om by te bly met die vinnige veranderinge wat plaasvind in gesinne en families in die samelewing. Indien die gemeente op die huis (gesinne of families) wil fokus, behoort gemeentes hul benadering ten opsigte van die huis (gesin of families) aan te pas. Roberto (2016:28) haal uit verskeie navorsing oor ouers, die bevindinge aan wat dááruit na vore getree het. Hy teken dit aan in 'n hoofstuk onder die opskrif: 'Understanding Twenty-first Century Parents and Families: A Review of Research Trends'. Die derde

bevinding lui soos volg: "Parents are busier than ever - and often "overwhelmed" – managing and balancing work, education, family life, young people's activities, and their own personal lives. Today's family is far more complex than in prior decades as parents' deal with constant and accelerating change." Voeg hierby die druk wat enkelouerskap op gesinne en families plaas en mens kry 'n baie duidelike prentjie – ouers se kapasiteit is konstant onder druk.

Die kwantitatiewe navorsing het 'n gebrek aan tyd as die enigste beduidende uitdaging ten opsigte van geloofsvorming in die huis aangedui. In die kwalitatiewe navorsing is baie sterk uitgewys dat ouers se kapasiteit onder druk is as gevolg van baie redes. Hier word 'n baie belangrike saak uitgewys waarmee deeglik rekening gehou sal moet word.

#### 8.4.2.2 Knelpunt 2: Persepsies ten opsigte van 'n generasiegaping

Persepsies oor 'n generasiegaping speel 'n baie groot rol in waarom jeugbedienings nie intergenerasioneel inklusief funksioneer nie, terwyl betrokke ouers dit nie as so belangrik ag nie.

Die kwantitatiewe navorsing het uitgewys dat die generasiegaping tussen volwassenes, kinders, tieners en jongvolwassenes nie so 'n groot rol speel in intergenerasionele interaksie in gemeentes as wat verwag is nie. In die kwalitatiewe navorsing is uitgewys dat 'n generasiegaping 'n baie groot rol speel waarom jeugbedienings nie intergenerasioneel inklusief funksioneer nie. Hierdie diskrepansie is belangrik vir hierdie studie.

In hoofstuk 5 (5.3.1 & 6.2) is die generasieteorie en die gepaardgaande stereotipering en reduksionisme volledig bespreek. Strauss & Howe (1991:48 & 60) definieer 'n generasie soos volg: "Simply stated, a generation is composed of wide variety of persons who, by virtue of having been born at approximately the same point in history, are involuntarily and permanently bound together by a common age location in history." It is "[a] cohort-group whose length approximates the span of a phase of life [roughly 22 years] and whose boundaries are fixed by peer personality." Strauss & Howe (1992:48; cf. ook Seibel 2009:41) maak dan die volgende belangrike

gevolgtrekking: “As cohort moves through time together, such experiences cause each generation to develop a distinct biography and a distinct lifecycle.”

Allen & Ross (2012:144) beskryf die teorie bietjie meer breedvoerig: “Die generasieteorie strek oor alle ouderdomme en stel voor dat die verskille wat tussen die verskillende generasies bestaan die gevolg is van ’n sikliese patroon wat deur veranderende waardes en houdings van elke nuwe generasie aangedryf word.”

Wat hierdie teorie belangrik maak vir hierdie studie, is dat daar volgens Allen & Ross (2012:145) op enige gegewe tyd tot ses generasies gelyktydig kan saamleef binne ’n gemeente. Ook binne ‘n gesin is daar altyd ten minste twee generasies teenwoordig. ’n Mens sou kon vra: Wat maak dat gesinne en families gemaklik met mekaar oor die weg kom? Hulle is wel deeglik bewus van hulle verskille, maar hulle kies om te fokus op waardes en op wat hulle in gemeen het en om by en van mekaar te leer. Dit is hierdie beginsel wat vir intergenerasionele geloofsvorming van uiterste belang is. Die oomblik wanneer gefokus word op die verskille, ontwikkel daar ’n kloof tussen generasies. Dit is dan dat stereotipering, wat in hoofstuk 5 (5.3.1) beskryf is, plaasvind. Stereotipering word gewoonlik gevolg deur reduksionisme wat die kloof tussen generasies net nog groter maak. Reduksionisme gebeur gewoonlik volgens Kraft (2005:224) wanneer die vorme en tradisie van die groep in beheer (gewoonlik ouer generasie, dit mag ook die jonger generasie wees) afgedwing word op enige groep na wie toe die norm of tradisie oorgedra moet word.

#### 8.4.2.3 Knelpunt 3: Leraars se ervarings en persepsies

Leraars se negatiewe ervarings van en persepsies oor ouers dra by tot hulle terughoudendheid om ouers deel te maak van die jeugbediening se visie ten opsigte van geloofsvorming.

Alhoewel daar nie pertinent op die predikant in hierdie studie gefokus is nie, is die rol wat predikante speel in jeugbediening tog aangeraak in hoofstuk 2 (2.2.4.5 & 2.2.5), in hoofstuk 3 en in hoofstuk 4.

Die belangrike rol van leraars in jeugbediening is egter duidelik in die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing uitgewys. Nie net is hulle belangrike meningsvormers in die

leierskap van die jeugbediening nie, maar ook rolmodelle, mentors en begeleiers. Die kwalitatiewe navorsing het egter ook uitgewys dat leraars se ervarings van en persepsie oor ouers deel uitmaak van die rede hoekom hulle nie positief is om ouers op ‘n deurlopende basis te betrek by geloofsvorming nie. Die kwalitatiewe navorsing het uitgewys dat sommige leraars:

- ’n negatiewe persepsie van intergenerasionele geloofsvorming het;
- ’n gebrek aan kapasiteit het (veral enkelleraars);
- glo dat inklusiewe intergenerasionele geloofsvorming meer werk te weeg gaan bring;
- medeleraars en kerkrade het wat nie wil inkoop in intergenerasionele geloofsvorming nie en’n negatiewe persepsie van ouers het.

#### 8.4.2.4 Knelpunt 4: Tradisie

Tradisie speel ‘n groot rol in die verwagtings van ouers en ander volwassenes in die gemeente en die plek van tieners in jeugbediening.

Tradisie speel ‘n groot rol in die verwagtings en vorm van jeugbediening. Die kwalitatiewe navorsing het baie duidelik uitgewys dat tradisie ‘n groot rol speel in die verwagtings van ouers en ander volwassenes in die gemeente. Tradisie het bygedra tot ’n ingesteldheid dat geloofsvorming die kerk se werk is, want dit is hoe dit nog altyd gedoen is; dit het verder bygedra dat geloofsvorming verskraal is tot ’n kognitiewe gebeurtenis by die gemeente (onderrig/kategese), wat belydenisaflegging as eindpunt het en nie ’n lewenslange reis van dissipelskap nie; die sisteem (silo-bediening) het afstand en ’n gebrek aan “deel-voel” van die gemeente veroorsaak. Dit het weer ’n aflaai-kultuur, onbetrokkenheid en apatie tot gevolg gehad.

Die literatuurstudie het ook in hoofstuk 1 (1.1.2), hoofstuk 3 (3.4.4, 3.5.2, 3.7.2.1), hoofstuk 4 (4.3.4.3) en in hoofstuk 5 (punt 5.4) uitgewys hoe hierdie silobenadering van die kerk, waar spesifiek die jeug in ‘n silo afsonderlik bedien word, getipeer kan word met die woord ‘tradisionele’ jeugbediening. In De Vries (2004b:21) se definisie verwys ‘tradisioneel’ nie na styl van aanbieding of formaat van programme nie, maar na die plek van tieners binne die gemeente.

Dit is tog uiters noodsaaklik dat met meer duidelikheid uitgebrei word oor die feit dat tradisie bygedra het daartoe dat onderrig en geloofsvorming verskraal is en steeds verskraal word tot ‘n kognitiewe gebeurtenis. In die literatuur is duidelik in hoofstuk 3 (3.7.3) en hoofstuk 4 (4.2.1 en punt 4.3) uitgewys dat onderrig baie verder gaan as net kennisoordrag met die oog op belydenisaflegging. Dit gaan oor geloofsvorming op ‘n lewenslange dissipelskapsreis. In die literatuur is daar toenemend die afgelope drie tot vier dekades daarop gewys dat onderrig uiteindelik gaan oor dissipelskap. Hierdie gedagte is in die literatuurstudie in hoofstuk 3 (3.7.3.1) volledig bespreek. Ook die gedagte oor die verenging van die Bybelse onderrig wat verruim is met die begrip ‘geloofsvorming’, soos bespreek in hoofstuk 4 (punt 4.2), is hier van toepassing. Hierdie gedagtes vind weerklank in Osmer (2012:34-35) se beskrywing van geloofsvorming as: “a process that is broader than Christian education” en die oproep in sy navorsing: “to become more formational and not merely informational.” Nel (2009:6) se woorde vat die gedagte en impak wat dit op dissipelskap het mooi saam as hy skryf dat die kerk die wese van dissipelskap verloor het: “Is this not what we have lost? Often we teach as if teaching makes disciples.” Tradisie het grootliks daartoe bygedra dat onderrig en geloofsvorming losgemaak is van die belangrike saak van dissipelskap.

Hierteenoor is dit tog belangrik om te wys op oordrag van geloofstradisie. Terwyl tradisie die geneigdheid het om in te perk en vas te pen, is dit tog ook vormend en indentiteitgewend. Daar behoort dus eerder ‘n balans geskep te word. Daar word in hoofstuk 5 (5.3.1, 5.5.2, 5.5.3.1, 5.5.3.2 en 5.5.4.6) oorsigtelik hieraan aandag gegee.

Alhoewel dit waar is dat ’n gemeente die draer en oordraer van hulle geloofstradisie is en hierdie geloofstradisie deur ’n gemeentekultuur bevorder word, mag die gemeente volgens Bass (1994:185) en Fowler (1995:9) nie net optree as bewaarder van en deelnemer aan die geloofstradisies nie, maar behoort die gemeente ook op te tree as beïnvloeder van die vorm van die tradisie soos dit uitdrukking vind binne ’n bepaalde tyd en plek. Om hierdie rede moet die proses van die oordrag van ’n geloofstradisie volgens Bass (2004:40-41, 47,50) as ’n dinamiese proses verstaan word met verandering as inherente karaktereienskap en bate vir die hele proses. Sy vervolg: “The congregation belongs in the centre of a reflexive cultural task of ‘fluid

traditioning', which necessitates that its members see themselves not only as 'receivers' of tradition, but as makers of future tradition."

## 8.5 Slotopmerkings

Die kernsake en knelpunte wat na vore gekom het, het die navorser gehelp om die bevindings uit die teorie en die empirie van hierdie studie by mekaar uit te bring. Dit bring die studie nou by die pragmatiese taak in praktiese teologie.

# HOOFSTUK 9:

# DIE PRAGMATIESE TAAK

## 9.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk kom die verskillende elemente van hierdie studie nou bymekaar. In hierdie studie is aandag gegee aan die deskriptief-empiriese taak (Wat is aan die gebeur?), die interpretatiewe taak (Hoekom gebeur wat gebeur?) en die normatiewe taak (Wat behoort te gebeur?) in praktiese teologie. Nou word beweeg na die laaste deel van die proses naamlik die pragmatiese taak (Hoe gaan hierop gereageer word?).

Nadat die pragmatiese taak kortliks beskryf is, gaan die oorsprong, navorsingsprobleem en hipotese van hierdie studie net weer uitgelig word. Dit word opgevolg deur ‘n refleksie op wat die teorie en empiriese studie na vore gebring het en hoe dit gestalte gekry het in die kernsake en knelpunte. Daarna word die implikasies van hierdie studie uitgelig wat dan gestalte kry in strategieë en aksiestappe wat voorgestel word.

## 9.2 Pragmatiese taak

In hoofstuk 1 (1.4.6.4) is volledig beskryf wat die pragmatiese taak in praktiese teologie behels en die vorme van leierskap wat nodig is om hierdie taak en veral transformasie te begelei. Hier word baie oorsigtelik daarna verwys en transformerende leierskap spesifiek uitgelig.

Praktiese teologie voorsien volgens Osmer (2008:176) dikwels hulp deur modelle en riglyne daar te stel. Die modelle van optrede verskaf aan leiers ’n algemene prentjie en maniere oor hoe hulle tewerk kan gaan om verandering teweeg te bring en te begelei om uiteindelik te kom by wat hulle in die vooruitsig gestel het. Riglyne daarteenoor is meer spesifieke maniere oor hoe take en praktyke uitgevoer kan word. Die pragmatiese taak fokus op die praktiese begeleiding en fasilitering om die verlangde verandering teweeg te bring. Die pragmatiese taak wil die vraag antwoord: Hoe kan op die probleem of uitdagings gereageer word?

In Osmer (2008:176 ev.) se beskrywing van die pragmatiese taak (1.4.6.4), verwys hy spesifiek na drie vorms van leierskap wat van kardinale belang is. Die laaste vorm van leierskap wat hy beskryf naamlik 'transformerende leierskap' is volgens die navorser van kritiese belang in hierdie studie.

Transformerende leierskap, soos reeds in hoofstuk 1 (1.4.6.4) beskryf, behels volgens Osmer (2008:196) diep verandering ("deep change"). Hierdie diep verandering is die vermoë om 'n organisasie deur 'n proses te lei om fundamenteel te verander. Hierdie diep verandering lê volgens Osmer (2008:178 ev.) minstens op die volgende vier vlakke: identiteit, doel/missie, kultuur en operasionele prosedures ("operating procedures") of manier van funksionering. In praktiese teologie word dit algemeen aanvaar dat enige diepgaande verandering tyd neem en vra dus 'n langtermyn verbintenis of proses.

In hierdie studie is duidelik gesien dat daar diep verandering in jeugbediening nodig is. Om jeugbedienings op hierdie pad te begelei vra dus vir transformerende leierskap wat nie net ingestel is op korttermyn resultate nie, maar op langtermyn identiteits- en kultuurverandering, 'n nuwe doel/missie en nuwe operasionele prosedures.

Om daarby uit te kom word daar nou noukeurig gekyk wat in die normatiewe, deskriptief-empiriese en interpretatiewe take gevind is. Die uitdaging is om die verskillende aspekte van die studie te integreer ten einde 'n volledige prentjie te vorm van dit wat bestudeer is, sodat `n betekenisvolle bydrae gelewer kan word.

## 9.3 Probleemstelling en hipotese van studie

Hierdie studie fokus op intergenerasionele geloofsvorming in 'n huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde jeugbediening (Hoofstuk 1 punt 1.3).

### 9.3.1 Probleemstelling en navorsingsvermoede

Die probleemstelling in hierdie studie is soos volg geformuleer:

Tot hoe 'n mate word geloofsvorming van kinders, adolessente en jongvolwassenes negatief beïnvloed:

- wanneer die huis (ouers of families) nie integraal deel vorm van jeugbediening se visie van geloofsvorming nie?
- wanneer generasies in alle bedieninge deur die gemeente van mekaar geskei word?

### 9.3.2 Hipotese

Die onderliggende hipotese van hierdie studie is:

Jeugbedienings wat:

- huis-gefokus, gemeente-ondersteunend is en
- intergenerasioneel inklusief funksioneer

dra beter by tot geloofsvorming van kinders, adolessente en jongvolwassenes as huidige jeugbediening.

Die navorsingsvermoede sentreer rondom die teorie dat:

- wanneer jeugbediening die huis (gesin of familie) nie net erken as primêre ruimte vir geloofsvorming nie, maar integraal deel maak van hul visie ten opsigte van geloofsvorming (huis-gefokus, gemeente-ondersteund) en huise daarin ondersteun en
- wanneer generasies intergenerasioneel inklusief in gemeentes funksioneer, dit beter sal bydra tot geloofsvorming van kinders, adolessente en jongvolwassenes as huidige jeugbediening.

## 9.4 Refleksie op die teorie, empiriese studie en probleemstelling

Hier word nou gereflekteer op wat die teorie en empiriese navorsing navore gebring het in die lig van die navorsingsprobleem en hipotese.

### 9.4.1 Die sentrale plek van die huis (gesin of familie) in geloofsvorming en die belang daarvan vir die gemeente

Uit die teorie en empiriese navorsing is daar ‘n ryk bron van inligting oor geloofsvorming in die huis (gesin of familie). Hieruit kan duidelik gesien word dat ouers die grootste invloed op hulle kinders se geloofsvorming het, ongeag wat in jeugbediening gebeur. Hierdie aspek is volledig in hoofstuk 3 en 4 beskryf. Uit die teorie en empiriese navorsing word onder andere die volgende sake geïdentifiseer:

- Ouers lewer ‘n groter bydrae tot geloofsvorming as enige persoon of praktyk by die gemeente;
- Daar is beslis ’n verband uitgewys tussen ouers se geloof en hulle kinders se geloof;
- Geloof-sosialisering vind die beste plaas in die ouerhuis waar kinders gereeld en konstant kan sien en ervaar wat geloof behels.
- Geloofsvorming en geloofsoordrag van een generasie na die volgende vind beter plaas:
    - in ouerhuise waar geloof geleef word;
    - waar kinders geloofsgewoontes in hulle huise aanleer en ouers self ’n voorbeeld stel in die beoefening van geloofsgewoontes en
    - waar pa’s en ma’s in ’n lewende verhouding met Jesus Christus lewe;
    - waar ouers en kinders binne ‘n klimaat van warm, liefdevolle verhoudings in dieselfde huis saamleef;
    - waar ‘n geloofskultuur en -identiteit (geloof van die ma & pa, steun op geloof in krisistye, vastigheid van morele oortuigings, familiegesprekke oor geloof ens.) die basis van die huis (gesin of familie) vorm;
- Die redes hoekom jeugbedienings ouers nie integraal deel maak van jeugbediening nie, het hoofsaaklik te doen met die kapasiteit van ouers, negatiewe ervarings van en persepsies oor ouers van leraars en jeugleiers, die rol van tradisie en redes wat verband hou met persepsies oor ‘n generasiegaping.

Uit hierdie inligting is dit duidelik: wanneer die huis (gesinne of families) nie as die primêre ruimte van geloofsvorming erken, ondersteun en betrek word in die visie, denke of praktyke van jeugbediening nie, word kinders, adolessente en jongvolwassenes afgesny van die voedingsbron of wortels van geloofsvorming.

### 9.4.2 Die onontbeerlike belang van inklusiewe intergenerasionele geloofsvorming

Uit die teorie en empiriese navorsing is daar weereens ‘n ryk bron van inligting oor inklusiewe intergenerasionele geloofsvorming in die gemeente. Alhoewel die blootstelling aan inklusiewe intergenerasionele geloofsvorming in gemeentes tans beperk is weens hoofsaaklik afsonderlike bediening, kan daar tog duidelike afleidings

gemaak word dat intergenerasionele interaksie onontbeerlik is in geloofsvorming. In hierdie verband is in hoofstuk 5 breedvoerig verwys na die rol van generasies in die vorming en oordrag van geloof en ‘n geloofstradisie. Uit die teorie en empiriese navorsing word onder andere die volgende sake geïdentifiseer:

- Die belangrikste faktore en praktyke wat geloofsvorming in die gemeente bevorder, het almal ’n intergenerasionele komponent;
- Wanneer eredienste en kategese ‘n intergenerasionele komponent bevat, vind geloofsvorming beter plaas;
- Geloof-sosialisering by die jeug berus uitsluitlik by twee gemeenskappe: die huis en by die gemeente, waar persone gereelde en konstante blootstelling het aan toegewyde volwasse gelowiges;
- Proksimale ontwikkeling (persone leer om lede van hul gemeenskap te wees soos wat hulle deelneem in daardie gemeenskap, terwyl hulle saam met persone leer wat net bietjie langer as hulle op die pad is) of dissipelskap is die beste manier waarop jonger persone enige iets wat wyer strek as blote kennis, aanleer;
- Gefokusde en deurlopende intergenerasionele omgeegeleenthede en uitreikprojekte bevorder geloofsvorming;
- Die generasiegaping tussen volwassenes en kinders, adolossente en jongvolwassenes speel nie so ‘n groot rol in intergenerasionele interaksie in gemeentes as wat verwag is nie;
- Intergenerasionele verhoudings (intergenerasonele solidariteit) is van kritiese belang vir die suksesvolle oordrag van kulturele tradisies (geloofstradisies) binne die kerk en gemeenskap.

Uit hierdie inligting is dit duidelik: wanneer inklusiewe intergenerasionele geloofsvorming nie deel vorm van die visie, denke of praktyke van jeugbediening nie, vind weinig of geen oordrag of vorming van kinders, adolessente en jongvolwassens se geloof en geloofstradisie plaas nie. Dit misgun hulle verder die geleentheid om die vorming van hul geloof en geloofstradisie op ‘n natuurlike manier te ervaar. Die hart van die verbonds- en geloofskultuur is direk op die spel wanneer kinders, adolessente en jongvolwassenes in jeugbediening van volwassenes geskei word, want die wiel

(geloof en geloofstradisies) moet spreekwoordelik oor en oor self ontdek word. Inklusiewe intergenerasionele geloofsvorming is daarom onontbeerlik.

### 9.4.3 Reflektering in die lig van die probleemstelling en hipotese

Hierdie studie het nou by die punt gekom waar die probleemstelling en hipotese en die uitkomste van hierdie studie bymekaar gebring word.

Die probleemstelling wat deurgaans in hierdie studie gebruik is, lui soos volg:

Tot hoe ‘n mate word geloofsvorming van kinders, adolessente en jongvolwassenes negatief beïnvloed:

- wanneer die huis (ouers of families) nie integraal deel vorm van jeugbediening se visie van geloofsvorming nie?
- wanneer generasies in alle bediening deur die gemeente van mekaar geskei word?

Daar kan onomwonde gesê word wanneer die huis (ouers of families) nie integraal deel vorm van jeugbediening se visie oor geloofvsvorming en die gemeente hulle hierin ondersteun nie en wanneer generasies in alles in jeugbediening deur die gemeente van mekaar geskei word, dit kinders, jongmense en jongvolwassenes se geloofsvorming negatief beïnvloed.

Die hipotese dat jeugbedienings wat huis-gefokus, gemeente-ondersteund en intergenerasioneel inklusief funksioneer beter bydra tot geloofsvorming van kinders, adolessente en jongvolwassenes as huidige jeugbediening, is dus in hierdie studie as waar bewys.

## 9.5 Implikasies van hierdie studie

Enkele groot implikasies wat hierdie studie vir jeugbediening inhou gaan nou puntsgewys uitgelig word:

- ’n Paradigmaskuif in jeugbediening is eerstens nodig om inklusiewe intergenerasionele geloofsvorming intensioneel deel van jeugbediening te maak;
- ’n Verdere paradigmaskuif in jeugbediening is nodig om huis-gefokus en gemeente-ondersteund te funksioneer;

- ’n Geïntegreerde bedieningsfilosofie en -plan vir jeugbediening behoort opgestel te word;
- Omvattende en deurlopende toerusting aan ouers, kategete en ander lidmate is noodsaaklik;
- Jeugbediening behoort intensioneel veilige ruimtes te skep en ruimtes te wees waar intergenerasionele geloofsvorming kan plaasvind;
- Jeugbediening behoort toe te sien dat intensionele pogings in die gemeente aangewend word om bedieninge intergenerasioneel inklusief te laat funksioneer;
- Jeugbediening behoort intensioneel te werk aan die bou van ‘n familiekultuur in die gemeente;
- Jeugbediening behoort toe te sien dat alle bediening so aangepas word dat alle byeenkomste binne die gemeente binne ‘n positiewe klimaat (atmosfeer, verhoudings en omgee) kan geskied;
- Jeugbediening behoort nie net kennis te neem van die kapasiteit (besige skedules en gepaardgaande gebrek aan tyd, enkelouerskap ens.) van ouers wat onder geweldige druk is en hulle kritiseer en uitsluit nie, maar hulle help navigeer binne ’n veranderende en veranderde wêreld.

## 9.6 Strategieë en aksiestappe

Die strategieë en knelpunte dui aan hoe die implikasies van hierdie studie gestalte kan kry in jeugbediening wanneer die resultate van hierdie studie ernstig opgeneem word. Nadat die verskillende strategieë bespreek is, volg moontlike aksiestappe om die strategieë in die praktyk te laat grondvat.

### 9.6.1 Motiveer en begelei ’n paradigmaskuif om eerstens inklusiewe intergenerasionele geloofsvorming deel van jeugbediening te maak en dan huis-gefokusd en gemeente-ondersteunend te funksioneer

Die besluit om paradigmaskuiwe te maak behoort verkieslik deur die kerkraad geneem te word as deel van ’n gemeente se bedieningstrategie en vra dat die leierskap (leraars en kerkraad), kategete en ouers daarby sal inkoop.

Intergenerasionele geloofsvorming in ’n huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde bediening vra dat jeugbedienings hulle houding en aannames oor inklusiewe

bediening, gesinne, geloofsvorming en intergenerasionele bediening sal aanpas. Dit kan in die lig van hierdie studie die volgende insluit:

- deur inklusiewe bediening en intergenerasionele interaksie as ‘n lens te gebruik vir alles wat deur jeugbediening aangebied word;
- deur betekenisvolle intergenerasionele geleenthede aan te bied om die hele gesin by verhoudings, geloofsvorming en bedieninge te betrek;
- dat jeugbedienings die huis (gesin of familie) as die primêre ruimte vir geloofsvorming sal erken;
- dat ouers gehelp word om hul sentrale rol in die vorming van hul kinders se geloof te besef en hulle verantwoordelikheid in die verband op te neem.
- om ouers te verseker van die jeugbediening se vennootskap, ondersteuning, toerusting en voorsiening van hulpbronne:

#### 9.6.1.1 Moontlike aksiestappe

- Deel die navorsingsinligting (wat Bybelse verantwoording insluit) en wat die implikasies daarvan vir die kerk en spesifiek die jeugbediening inhou met die kerkraad en jeugbediening by ’n jaarlikste strategiese beplanningsessie (vgl. ook hoofstuk 4, 4.3.4.3 & hoofstuk 7, 7.4.1.1);
- Lig spesifiek die konsekwensies van hierdie navorsingsresultate ten opsigte van die huis (gesinne of families) en die wyse waarop jeugbediening intergenerasioneel inklusief behoort te funksioneer, uit;
- Help die kerkraad & jeugbediening om te verstaan hoe die konteks die afgelope aantal dekades radikaal verander het en steeds besig is om te verander spesifiek in die veld van jeugbediening (Vergelyk hoofstuk 3 punt 3.5);
- Deel dieselfde navorsingsinligting in ’n kompakte vorm met ouers, kategete en die hele gemeente;
- Deel hoe die gemeente beplan om ouers te ondersteun.

### 9.6.2 Stel ’n geïntegreerde bedieningsfilosofie en -plan vir die jeugbediening en/of gemeente op en laat dit die jeugbediening rig

Hierdie geïntegreerde plan kan in die lig van hierdie studie die volgende insluit:

- ’n omskrywing van die aard, proses en doel van geloofsvorming om ouers en jeugbedienings te help om dieselfde visie oor geloofsvorming na te strewe;
- ’n omskrywing van en plan vir geloofsvorming by die huis en by die kerk, wat met mekaar belyn is, om geloofsvorming in jeugbediening volhoubaar te laat funksioneer;
- ’n omskrywing van en plan vir inklusiewe intergenerasionele bediening wat intensionele intergenerasionele geloofsvorming en inklusiewe intergenerasionele bedieninge insluit;

Dit is tog belangrik om in hierdie bedieningsfilosofie en -plan duidelik te kommunikeer hoe, waar en wanneer daar wel gedifferensieer gaan word deur kinders, adolessente en jongmense in hulle portuurgroepe te bedien.

#### 9.6.2.1 Moontlike aksiestappe:

- Dokumenteer wat die aard, proses en doel van geloofsvorming behels en oorweeg dit om dit in ‘n kompakte formaat en met die hulp van kreatiewe visuele hulpmiddels in pamfletvorm of digitaal aan die hele gemeente beskikbaar te stel (Vergelyk in die verband hoofstuk 4 punt 4.3).
- Dokumenteer ‘n eenvoudige plan vir geloofsvorming (hoe die geloofs-vormingsproses by die gemeente en huis werk). Verkieslik moet die proses by die huis en kerk met mekaar ooreenstem (Vergelyk in die verband hoofstuk 2, 2.2.4.3.5, hoofstuk 3, 3.7.2.2 en hoofstuk 5, 5.5.2.2). Die navorser se voorstel is begeleiding op ‘n driedimensionele manier deur 8 geloofsvormende prosesse. In hierdie verband is ook voorbeelde van so ‘n plan in hoofstuk 7 (7.6.1.2) gedeel.
- Dokumenteer ‘n plan oor hoe die jeugbediening intensioneel intergenerasioneel inklusief gaan funksioneer. Verwys in hierdie plan onder andere na (i) watter ruimtes vir intergenerasionele geloofsvorming gebruik gaan word; (ii) waar en hoe informele interaksie aangemoedig en bevorder kan word; (iii) hoe intergenerasionele bedieninge bevorder kan word en (iv) spesifiek hoe huise (gesinne of families) toegerus en aangemoedig gaan word om bedieninge daagliks te beoefen.

- Ingebou in die bedieningsfilosofie en -plan behoort aksiestappe te wees oor die ontwikkeling van ‘n familiekultuur, ‘n riglyn vir ‘n groeiplan vir gesinne en hoe intergenerasionele geloofsvorming as lens gebruik gaan word vir alle bedieninge.

### 9.6.3 Omvattende en deurlopende toerusting aan ouers, kategete en ander lidmate

Omvattende toerusting is een van die sleutelfaktore wat intergenerasionele geloofsvorming in ‘n huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde jeugbediening help vestig en die belangrikste manier waarop die kerk die huis ondersteun. Wanneer die eerste twee strategieë in plek is en gekommunikeer is, is deurlopende opleiding en toerusting noodsaaklik. Daar behoort deurentyd in ag geneem te word dat ouers nie beleef dat toerusting so ‘n groot bydrae lewer tot hulle kinders se geloofsvorming nie. Die vraag waarop deurlopend geantwoord behoort te word, is: hoe word die huis (gesinne en spesifiek ouers) bemagtig, ondersteun en ge-rugsteun op hul geloofsreis in geloofsvorming?

Die volgende strategieë kan in die lig van hierdie studie moontlik ‘n bydrae lewer:

- Herbedink en -definieer die styl waarin toerusting gedoen word.
- Implementeer ‘n induksieprogram vir leiers (leraars, kerkraad, jeugwerkers & kategete) van die gemeente, sodat almal inkoop in die visie (Hoofstuk 7, 7.6.2.3);
- Brei die doopgesprek uit met ‘n induksieprogram, sodat ouers kan inkoop in die visie (Vergelyk hoofstuk 7, 7/6.4.3);
- Moedig gesinne aan, spesifiek in die eerste tien jaar van hulle kinders se lewens, om moeite te doen in geloof-sosialisering deur hulle te help om self ‘n lewende geloof te ontwikkel;
- Begelei ouers om hulle rolle in hulle kinders se geloofsvorming te herdefinieer;
- Begelei ouers in: (i) die vestiging van ontwikkelende verhoudings in die huis; (ii) vaardighede om geloofspraktyke en -gewoontes te beoefen en hul gesinne daarin te begelei; en (iii) fasilitering van mylpaalviering (die viering van lewensdeurgange) Vergelyk in die verband hoofstuk 4, 4.4.3).
- Bemagtig ouers deur die belangrikste behoeftes aan toerusting wat deur ouers in hierdie studie uitgewys is (Vergelyk hoofstuk 6, 6.4.12) te gebruik as basis.
- Sien om na spesiale behoeftes van enkelouer-gesinne;

- Benut eredienste as belangrike ruimte vir intergenerasionele toerusting;
- Benut digitale platvorms vir kommunikasie, bekendstelling en verspreiding van hulpbronne.

#### 9.6.3.1 Moontlike aksiestappe

- Pas die styl van elke stukkie opleiding aan om by die doel van die opleiding te pas. Daar behoort wegbeweeg te word van ‘n tradisionele model wat slegs kennis oordra na ‘n meer dissipelskap- of indiensopleidingstyl wat verbind is aan mentorskap (Vergelyk hoofstuk 3, 3.7.3.4);
- Begelei jaarliks alle nuwe leiers, kategete en persone wat direk met die jeug werk in ‘n induksieprogram, waarvan die bedieningsfilosofie en geloofsvormingsproses in die gemeente en by die huis die kern uitmaak (Vergelyk hoofstuk 7, 7.6.4.3);
- Stel ‘n doopkursus of gesprek op wat saamgestel word uit die tradisionele materiaal, maar wat aangevul word met materiaal uit bogenoemde bedieningsfilosofie en -plan;
- Skep ‘n geleentheid tydens ‘n erediens een keer per jaar (begin) waar ouers begelei kan word om hulle rol ten opsigte van geloofsvorming in hul huise te herdefinieer. Dit kan byvoorbeeld gebeur wanneer ouers ‘n groeiplan saam met hulle gesin opstel en saam tydens ‘n liturgiese moment hulleself aan God verbind met ‘n tasbare teken;
- Beplan gereelde geleenthede per jaar (bv. een per kwartaal) waar daar in die erediens spesifiek gefokus word op toerusting. Rig die erediens in om:(i) ‘n beginsel uit die Bybel te verduidelik; (ii) die gesinne te inspireer deur stories van mense te deel waar hierdie beginsel toegepas is en die getuienis wat daaruit voortspruit; (iii) te demonstreer hoe die beginsel werk; (iv) almal die beginsel te laat oefen en (v) iets saam te gee huis toe om almal aan die beginsel te herinner of riglyne om dit te gaan oefen.
- Skep ‘n spasie op die webblad van die gemeente en plaas weekliks daar (en op die ander platvorms) ‘n stukkie inligting, motivering of geloofstorie wat verband hou met die beginsel wat daardie kwartaal in die toerusting gedeel is of nog gedeel gaan word.

### 9.6.4 Jeugbedienings skep intensioneel ruimtes vir intergenerasionele geloofsvorming

Die vraag waarop deurlopend geantwoord behoort te word is: hoe is gesinne aan ander generasies by die kerk in leer-, groei- en leefgeleenthede verbind?

Die volgende strategieë kan dien as riglyn:

- Benut die erediens, kategese en huisgeloof as primêre ruimtes waar intergenerasionele geloofsvorming relatief maklik binne die bestaande bediening kan plaasvind;
- Doen moeite om generasies in ‘n veilige omgewing aan mekaar bloot te stel;
- Skep vaste geleenthede in die gemeente deur gebruik te maak van White (1988:18) se vier “patterns of relationships” waar (i) twee of meer generasies op ‘n gereelde basis saam leer, groei en leef in die geloof, (ii) deur gemeenskaplike ervarings te deel, (iii) deur parallelle leer en (iv) deur deelnemende reflektering en interaktiewe terugvoering vanaf die parallelle sessies (Vergelyk hoofstuk 5, 5.2);
- Werk aktief om intergenerasionele solidariteit te skep en te bevorder by elke geleentheid (Vergelyk hoofstuk 5, 5.3.1 & 5.5.6);
- Respekteer die verskeidenheid van leerstyle in die groep van die verskillende generasies;
- Benut verskillende vorms van mentorskappe tussen verskillende generasies.

#### 9.6.4.1 Moontlike aksiestappe:

- Belyn die erediens, kategese en huis deur van dieselfde tema of teks gebruik te maak en intergenerasionele momente in te bou by hierdie geleenthede;
- Fasiliteer gesprekke tussen generasies deur deeglik daarvoor te beplan, kreatiewe vrae te ontwikkel om generasies te help om sonder vooroordeel na mekaar te luister en by mekaar te leer;
- Beplan vooraf weeklikse, kwartaallikse en selfs jaarlikse intergenerasionele byeenkomste waar almal (oud en jonk; enkellopend en getroud; families met kinders en leë-nes of kinderlose gesinne) saam kan leer;
- Beplan daarvoor dat Bengston (1991:15) se vier sleutel-elemente (dinamics) van interaksie deel vorm van elke byeenkoms (Vergelyk hoofstuk 5, 5.5.4.6). Die

elemente is: (i) interaksie tussen verskillende generasies; (ii) deelname aan gesamentlike aktiwiteite; (iii) wedersydse geneentheid tussen generasies; (iv) fokus op gedeelde waardes;

- Verskaf aan alle aanbieders inligting en praktiese opleiding oor wat die verskillende leerstyle is en hoe dit in aanbiedings geakkommodeer kan word;
- Verbind adolessente aan mentors uit ‘n ander generasie en reël formele mentorsessies op gereelde basis gedurende die jaar tydens kategesetyd; Verbind enkelouergesinne aan mentorgesinne en reël mentorsessies op gereelde basis gedurende die jaar voor of na eredienste of soos dit persone pas.

### 9.6.5 Jeugbedienings organiseer bedieninge intergenerasioneel inklusief

Sluit alle ouderdomme en generasies in by alle bedieninge. Die vrae waarop deurlopend geantwoord behoort te word is: hoe is gesinne/generasies aan ander gesinne/generasies verbind in en tydens hierdie bediening? Om hierby uit te kom kan die volgende strategieë ‘n groot bydrae maak:

- Implementeer ’n meer samewerkende en geïntegreerde benadering in geloofsvorming wat alle bedieninge binne die gemeente insluit;
- Maak intergenerasionele deelname en geloofsvorming die uitgangspunt of lens vir elke bediening by die kerk;
- Maak die huis die primêre plek waar bedieninge aangeleer, geoefen en beoefen word as deel van die normale lewe;
- Benut elke intergenerasionele bedieningsgeleentheid as ‘n in-diens-opleiding geleentheid;
- Skep spesifieke geleenthede waar die hele gemeente saam, deur die verskillende bedieninge, by diensprojekte of uitreikprojekte betrokke kan raak, wat vir alle ouderdomme toepaslik is;

#### 9.6.5.1 Moontlike aksiestappe

- Laat bedieninge by die kategese en intergenerasionele geleenthede kom deel wat hulle doen en hoekom hulle doen wat hulle doen. Laat byvoorbeeld die hele kategeseklas of gesinne per geleentheid saam met ‘n bediening doen wat hulle in hulle bediening doen;

- Beplan hoe elke bediening alle generasies deurlopend kan betrek by bediening en nooi gesinne uit om daaraan te kom deelneem;
- Moedig gesinne aan om as gesin by die huis saam betrokke te raak by gereelde diens- en/of uitreikprojekte as deel van hulle normale lewe. Stel praktiese riglyne op van die soort dinge wat gesinne kan doen, hoe hulle elkeen in die gesin daarby kan betrek en hoe hulle bewustheid oor die saak kan skep deur gereeld saam daarvoor te bid, saam te beplan, saam uit te reik of diens te doen en dan saam te reflekteer op wat hulle gedoen het;
- Bedieninge kan omskep word in in-diens-opleidingsgeleenthede deur dinge saam te doen. Dit kan ook omskep word in ‘n geloofsvormingsgeleentheid. Dit kan gebeur deur die volgende momente in te bou: (i) ‘n leerkomponent, (ii) ‘n ontdekking uit die Bybel oor die saak, (iii) ontwikkeling van vaardighede en (iv) ’n refleksie oor die ervaring en/of betrokkenheid. Dit kan aangevul word met die vraag: Waar het ek die Here gesien/ervaar?

### 9.6.6 Jeugbedienings skep intensioneel ’n positiewe klimaat vir intergenerasionele geloofsvorming en werk mee aan die bou van ’n familiekultuur in die gemeente

Klimaat gaan oor die emosionele gemak wat iemand beleef in ‘n sekere omgewing en dit antwoord op die vraag: hoe voel individue saam met ander persone binne hierdie ruimte wanneer daar gemeng word? Pas ek hier? Beleef persone hierdie gemeente as vriendelik, dat hulle omgee, veilig en welkom voel of beleef hulle die gemeente as eksklusief, veroordelend en onveilig? Om so ‘n klimaat en familiekultuur te skep kan die volgende strategieë van waarde wees:

- Help die ouers en gemeenteleiers om die sleutelbelangrike rol van klimaat in die geloofsvormingsproses te verstaan en intensioeneel daaraan mee te werk om konstant ‘n positiewe, uitnodigende atmosfeer vir intergenerasionele geloofs-vorming te skep en te bevorder
- Bou ‘n identiteitsvormede familiekarakter as etos in die gemeente, sodat die kerk minder soos ‘n korporatiewe organisasie lyk, voel en gestruktureer word en meer soos ‘n familie;

- Ontwikkel omgee-verhoudings (Vergelyk hoofstuk 3, 3.7.3.2 en hoofstuk 4, 4.2.1.5) wat nie net ingestel is om te beïnvloed nie, maar wat persone ontmoet binne die realiteit van Jesus Christus;

#### 9.6.6.1 Moontlike aksiestappe

- Wys visueel vir ouers en leiers waar klimaat in die geloofsvormingsproses inpas en help hulle om te sien hoe hulle prakties daaraan kan meewerk en dit fasiliteer (Vergelyk hoofstuk 4, 4.3.4.2 en hoofstuk 5, 5.5.2);
- Gebruik die volgende boustene om oor tyd heen te bou aan ‘n familiekarakter: (i) ‘n uitnodigende klimaat tydens alle praktyke, (ii) die aktiewe vestiging van narratiewe van positiewe gesinswaardes, (iii) die bou van vormende omgee-verhoudings en iv) die oprig en uitlig van navolgenswaardige voorbeelde (Vergelyk hoofstuk 4,4 en hoofstuk 5, 5.5.2.2);
- Ontwikkel vormende verhoudings (Developmental Relationships) wat begelei tot positiewe ontwikkeling op alle terreine (Vergelyk hoofstuk 4, 4.4.3). Hierdie verhoudings behoort gekenmerk te word deur: (i) ’n uitdrukking van sorg (Expressions of care - Show me that I matter to you); (ii) ‘n uitdaging tot groei (Challenge Growth - Push me to keep getting better); (iii) die ondersteuning wat dit bied (Provide support - Help me complete tasks and achieve goals); (iv) die deel van mag (Share Power - Treat me with respect and give me a say); (v) die verbreding van perspektief en uitbreiding van moontlikhede (Expand Possibilities - Connect me with people and places that broaden my world).

### 9.6.7 Jeugbedienings help ouers navigeer binne ’n veranderende en veranderde wêreld

Die vraag is hoe ‘n jeugbediening vennote en deelnemers kan word van ouers in die vorming van geloof in ’n komplekse en veranderende wêreld waar ouers se kapasiteit onder geweldige druk verkeer? Die volgende strategie is van deurslaggewende belang en kan moontlik bydra in hierdie verband:

- Maak seker met watter narratiewe (onderbewuste maniere wat bepalend is in hoe gesinne verstaan, benader en betrek word) gewerk word en help meewerk dat hierdie narratiewe aangepas word (vergelyk hoofstuk 4 punt 4.5).

### 9.6.7.1 Moontlike aksiestappe:

- Bring skuiwe in leidende naratiewe oor gesinne en geloofsvorming aan wat 'n verandering in benadering teweeg behoort te bring (vergelyk hoofstuk 4 punt 4.5). Moontlike voorgestelde skuiwe word in Figuur 9.1 uiteengesit.




**Figuur 9.1: Moontlike voorgestelde skuiwe**

## 9.7 Slotopmerkings

Die Psalmskrywer van Psalm 78 skryf waarskynlik vanuit 'n situasie waarin hy die verwoestende uitwerking sien en beleef van 'n generasie wat ontspoor het. Sy gevolgtrekking wat hy maak is dat die geloofstradisie nie meer oorgedra is nie. Sy oplossing in hierdie verband is om die volk op te roep om weer erns te maak met hulle geloofstradisie:

> Wat ons gehoor het en wat ons weet, wat ons vaders ons vertel het, sal ons vir ons kinders nie verswyg nie. Ons sal aan die volgende geslag vertel van die roemryke dade van die Here en van sy mag, van die wonderdade wat Hy gedoen het. […] Hy het ons voorvaders beveel om dit aan hulle kinders bekend te maak, sodat die volgende geslag dit kan weet en die kinders wat nog gebore sal word, dit weer aan hulle kinders kan vertel. So sal hulle dan op God vertrou en nie vergeet wat Hy gedoen het nie, maar gehoorsaam wees aan wat Hy beveel het Ps 78 vers 3-7.

Die kerk se intergenerasionele verantwoordelikheid is nie net duidelik as daar teruggekyk word in die geskiedenis nie, maar ook en veral wanneer daar met verwagting vorentoe gekyk word. Alhoewel die verwoestende uitwerking van die veranderde en veranderende kultuur en die ontsporing van 'n jonger generasie intens in jeugbediening ervaar word, is hierdie navorsing 'n oproep tot 'n nuwe stukkie profetiese verbeelding te midde van die groot uitdagings. Hierdie uitdagings moet in

die woorde van Seibel (2018:87-95) nie soos ’n Moses wat op pad is na die beloofde land Kanaän (bekende eindpunt) benader word nie, maar eerder soos ’n Abraham wat geroep is na ’n onbekende bestemming. Sy rede is dood eenvoudig dat daar nie ’n spesifieke eindpunt is waarheen alle gemeentes op pad is nie.

Vir etlike maande is die kerk in Suid-Afrika en regoor die wêreld in 2020 tot stilstand geruk deur Covid-19 wat veroorsaak is deur die Corona virus. Die gepaardgaande inperkings het nie net die ekonomie van Suid-Afrika en die wêreld tot stilstand geruk nie, maar ook die kerk en spesifiek die jeugbediening van die kerk. In ‘n sekere sin was dit ‘n ramp vir die kerk, maar op ‘n vreemde manier het dit die kerk en spesifiek jeugbedienings se oog oopgemaak en teruggebring na die hart van jeugbediening. Skielik was jeugbediening aangewese op wat by die huise (gesinne of families) gebeur. In sekere huise het waarskynlik niks gebeur nie, maar in ander huise het ouers hulle verantwoordelikheid opgeneem en op kreatiewe maniere die taak van geloofsvorming op hulleself geneem. Sekere jeugbedienings het ophou funksioneer, maar ander jeugbedienings het gou begin raaksien hoe hulle taak geskuif het en hulle het onmiddellik aangepas. Daar kan seker baie gesê word oor die gevolge wat Covid-19 en die gepaardgaande inperking op jeugbediening gehad het. Die belangrikste is sekerlik dat dit jeugbedienings gedwing het om op ‘n nuwe manier na die huis te kyk en na hulle taak en rol ten opsigte van geloofsvorming.

Die navorser is in die lig van hierdie studie nog meer daarvan oortuig as ooit tevore dat wanneer gemeentes die huis (gesin of familie) erken as die primêre plek vir geloofsvorming en hulle daarin ondersteun, die fokus van die jeugbediening radikaal sal verander. Hierdie verandering vra egter niks minder as ‘n paradigmaskuif in die manier hoe jeugbediening beplan, georganiseer en beoefen word nie. Die navorser is verder daarvan oortuig dat wanneer jeugbedienings hierdie fokus op die huis aanvul met ‘n intensionele, inklusiewe, intergenerasionele geloofsvorming en –bedieninge binne die gemeente, dit beter as die huidige jeugbediening sal bydra tot geloofsvorming, geloofsgroei en geloofsvolwassenheid.

Elke gemeente wat ernstig is oor haar eskatologiese volhoubaarheid sal nie anders kan as om haar getuienis op ’n intergenerasionele manier voort te sit nie. Die

intergenerasionele implikasies kan nie langer geïgnoreer word wanneer die kerk deelneem aan God se koms na die kerk en deur die kerk na die wêreld nie.

Intergenerasionele geloofsvorming mag nie net bloot ‘n strategie in jeugbediening wees nie, maar is essensieel vir jeugbediening (Cloete: 2015:6) en ook vir kerk-wees. Die intergenerasionele wese van die gemeente is dus nie net iets wat gedoen moet word nie, maar eerder iets wat gemeentes word as ‘n uitdrukking van God se genade wat eerder wil insluit en nie uitsluit nie.

Die navorser glo dat wanneer die bevindinge van hierdie studie ernstig opgeneem word en strategieë beplan en geïmplimenteer word, dit wel die bedieningspraktyk op so ’n manier kan beïnvloed, dat dit op die langtermyn daartoe kan bydra dat kinders, adol lessente en jongvolwassenes hul geloofsidentiteit beter verstaan en dat dit sal bydra tot ware dissipelskap en groter betrokkenheid binne gemeentes.

## VERWYSINGSBRONNE

Abram, I.B.M. 1980. *Joodse Traditie als Permanent leren*. Hilversum: Folkertsma Stichting voor Talmudica.

Algemene Sinode van die N.G. Kerk. 1974. Agenda – 1974. *Jeugverslag van werksaamhede van die Algemene Jeugbediening.* P 360-379. Kaapstad: Kerkargief Algemene Sinode.

Algemene Sinode van die N.G. Kerk. 2019. Agenda - 2019. Geloofsvorming: Jeug, *Sub-Taakspan Belydenis van Geloof*. p 288-302. [Online] Available from: https://www.kerkargief.co.za/doks/acta/AS_Agenda_2019.pdf [Accessed: 2020-01-12].

Allen, H.C. 2005. Bringing the Generations Together: Support from Learning Theory, *Christian Education* Journal, 319-333 [Online] Available from: https://doi.org/10.1177/073989130500200207 [Accessed:2020-01-12].

Allen, A.C. 2009. Bringing the Generations Together: Support from Learning Theory. *Lifelong Faith* (1). Spring 2009, 3rd Edition.

Allan, H.C. (ed.) 2018. *InterGenerate: Transforming Churches through Intergenerational Ministry.* Abilene, TX: Abilene Christian University Press.

Allen, H.C. & Ross, C.L. 2012. *Intergenerational Christian Formation: Bringing the whole Church Together in Ministry, Community and Worship*. Illinois: InterVarsity Press.

Amidei, K., 2014. Faith Development from Generation to Generation. In: Amidei, K., Merhaut, J. & Roberto, J., 2014. Generations together. Connecticut, Naugatuck: Vibrant Faith Publishing.

Amidei, K., Merhaut, J. & Roberto, J. 2014. *Generations together*. Connecticut, Naugatuck: Vibrant Faith Publishing.

Anderson, D.W. 2009. *From the Great Omission to Vibrant Faith: The Role of the Home in Renewing the Church.* The Youth and Family Institute.

Anderson, D.W, 2011. *Vibrant Fait in the Congregation.* Vibrant Faith Publishers.

Anderson, R.S. (ed) 1979. *Theological foundations for ministry*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Armstrong, R.S. 1979. *Service Evangelism*. Richmond, VI: Westminister.

Armstrong, R.S. 1987. *Faithful witnesses: Participant's Book.* PA, Philadelphia: Geneva.

Anderson, R.S. 2001. *The Shape of Practical Theology: Empowering Ministry with Theological Praxis.* Downers Grové, IL: InterVarsity.

Avenant, J.C. 2011. *Die verhouding Ouermentoraat, Geloofsidentiteit en betrokkenheid van Jongmense na Belydenisaflegging*. Ongepubliseerde Meesters proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Avenant, J.C. & Hoffman, L. 2015. Geloofsvorming, In: Nel, M. & Van Der Westhuizen, Z. (eds), *Skokkend Positief: Insigte vanuit nuwe Navorsing oor aktiewe Afrikaanse Kerkjeug,* pp 63-74. Wellington: Bibel_Media.

Bakan, D. 1971. *Adolescence in America: from Idea to Social Fact*. Daedalus 100:979-995.

Bandura, A. 2003. On the Psychosocial Impact and Mechanisms of Spiritual Modeling. *International Journal for the Psychology of Religion* 13, no 3: 167-173. [Online] Available from: https://www.researchgate.net/publication/228599112_On_the_psychosocial_impact_and_mechanisms_of_spiritual_modeling [Accessed: 2019-09-12]

Barna, G*. Transforming Children into Spiritual Champions*. Ventura: Regal Books.

Barna, G. 2007*. Revolutionary Parenting: What the Research Shows*. Ventura: Regal Books.

Bass, D.C. 1994. Congregations and the Bearing of Traditions, p. 169-191, in Wind, J.P. & Lewis, J.W. (eds) 1999. *American Congregations*, Volume 2: New Perspectives in the Study of Congregations. Chicago: University of Chicago Press.

Bengston, V., Putney, N.M. & Harris, S. 2013. *Families and Faith: How Religion Is Passed Down across Generations*. New York: Oxford University Press.

Bhandari, P. 2020. An introduction to qualitative research. Scribbr.com [Online] Available from: https://www.scribbr.com/methodology/qualitative-research/ [Accessed: 2020-09-21].

Bijlsma, R. 1962. *Kleine Catechetiek*. Nijkerk, Netherlands.

Bisschoff, J.H. 1991. 'Gemeentebou: 'n Praktiese-Teologiese basisteorie', Ongepubliseerde DD-proefskrif, Unisa, Pretoria.

Black, W. 2001. The Preparatory Approach to Youth Ministry. In: Senter, M.H. Black, W. Clark, C & Nel, M. *Four Views of Youth Ministry and The Church: Inclusive*

*Congregational Preparatory, Missional, Strategic* (40-59). MI, Grand Rapids: Zondervan/Youth Specialties.

Bosch, D.J. 1979. *Heil vir die Wêreld*. Pretoria: NGKB.

Bosch, D.J. 1991. *Transforming Mission*. Mary Knoll: Orbis.

Bosch, D.J. 1995. *Believing in the Future: Toward a Missiology of Western Culture*. Valley Forge, PA: Trinity Press International.

Branson, M.L. 2004, Memories, hopes and conversations: Appreciative inquiry and congregational change, VA, Herndon: The Alban Institute.

Browning, D.S., 1983. Introduction, in D.S. Browning (ed.), Practical Theology, pp. 1-20, CA, San Francisco: Harper and Row.

Browning, D.S. 1991. A. Fundamental Practical Theology: Descriptive and strategic proposals. MN, Minneapolis: Fortress Press.

Browning, D.S. (1991), 1996. A. Fundamental Practical Theology: Descriptive and strategic proposals. MN, Minneapolis: Fortress Press.

Burger, C. 1991. *Die dinamiek van 'n Christelike geloofsgemeenskap*, Lux Verbi, Kaapstad.

Burger, C. 1999. *Gemeentes in die kragveld van die Gees: Oor die unieke identiteit, taak en bediening van die kerk van Christus*. Stellenbosch: Bufton.

Beckwith,I. 2004. *Postmodern Children's Ministry: Ministry to Children in the 21st Century*. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Callahan, K.L. 1987. *Twelve keys to an effective church: The leaders' guide*. San Francisco, CA: Harper & Row.

Callahan, K.L. 2010 (rev. ed). *The Twelve keys leaders' guide*. San Francisco, CA: Jossey-Bass.

Cannister, M.W. 2013. *Teenagers matter: Making Student Ministry a priority in the Church.* MI, Grand Rapids: Baker Academic (Youth, Family, and Culture Series).

Cannister, M.W. 2001. Youth Ministry's Historical Context: The Education and Evangelism of Young People. In: Dean, K.C., Clark, C., Rahn, D. (eds). *Starting Right: Thinking Theologically aboat Yout Ministry* (77-90). MI, Grand Rapids: Zondervan Publishing House (Youth Specialties).

Carroll, J.W. 2000. Mainline to the Future: Congregations for the 21st Century. Louisville: Westminster John Knox.

Charmaz, K. 2014. *Constructing Grounded Theory*, 2nd edition, London: SAGE.

Cilliers, J. 2009. Fides quaerens societatem: Praktiese teologie op soek na sosiale vergestalting'. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 49(4):624-638 [Online] Available from: https://scholar.sun.ac.za/handle/10019.1/97436 (Accessed: 2016-09-12).

Clark, C. 2001a. The Changing Face of Adolescence: A Theological View of Human Development. In: Dean, K.C., Clark, C., Rahn, D. (eds). *Starting Right: Thinking Theologically about Youth Ministry,* (41-66). MI, Grand Rapids: Zondervan Publishing House (Youth Specialties).

Clark, C. 2001b. The Missional Approach to Youth Ministry. In: Senter, M.H., Black, W., Clark, C. & Nel, M. *Four Views of Youth Ministry and The Church: Inclusive Congregational Preparatory, Missional, Strategic,* (77-96). MI, Grand Rapids: Zondervan/Youth Specialties.

Clark, D. 2005. *Breaking the mould of Christendom: Kingdom community, diaconal church and the liberation of the laity.* Werrington, GB: Epworth.

Clark, C. (ed.) 2015. *Adoptive Youth Ministry: Integrating emerging Generations into the Family of Faith.* MI, Grand Rapids: Baker Academic.

Clark, C. (ed.) 2016a. *Adoptive Youth Ministry: Integrating emerging generations into the family of faith*, pp.115-135. MI, Grand Rapids: Baker Academic.

Clark, C. 2016b. Adoptive Youth Ministry: A New Typology for the Theological Grounding of Youth Ministry Practice. *Journal of Youth Ministry*, 14(2):17-29.

Clinton, H.R. 1996. *It Takes a Village: And Other Lessons Children Teach Us.* New York, NY: Simon & Schuster.

Cloete, A., 2015, 'Creative tensions in youth ministry in a congregational context', *HTS Teologiese Studies/ Theological Studies* 71(2), Art. #2107, 7 pages. [Online] Available from: http:// dx.doi.org/10.4102/ hts.v71i2.2107. [Accessed: 2020-09-12]

Codrington, G. & Grant-Marshall, S. 2004. *Mind the gap!* Johannesburg, South Africa: Penguin Books.

Collins, J.N. 1990. *Diakonia.* NY: Oxford University.

Corbett, J.M. & Johnson, C.E. 1972. *It's happening with Youth*. NY: Harper & Row.

Creswell, J. & Clark, V.L. 2011, *Designing and conducting mixed methods research*, 2nd edition., SAGE Publications, CA: Thousand Oaks.

Creswell, J.1998. *Qualitative Inquiry and Research Design: Choosing among Five Traditions*. SAGE Publications, CA: Thousand Oaks.

Demasure, K. & Müller, J. 2006. Perspectives in support of the narrative turn in pastoral care. *NGTT*, 47(3 & 4):410-419 [Online] Available from: https://www. academia. edu/ 16932105/ [Accessed: 2016-09-12].

Davies, J.A. 1991. Adolescent subculture. In: Ratcliff, D. & Davies, J.A. (eds.). *Handbook of Youth Ministry*, pp. 7-41. AL, Birmingham: R.E.P. Books.

De Vries, M. 2004. *Family-Based Youth.* 2nd edition. Downers Grove, Illinois: Intervarsity Press.

De Young, C. P. 1995. *Coming Together: The Bible's Message in an Age of Diversity*. Valley Forge, PA: Judson Press.

DeYoung, C. P. 1997. Reconciliation: Our Greatest Challenge—Our Only Hope. Valley Forge, PA: Judson Press.

Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S. 2011. (eds.), *The SAGE handbook of qualitative research,* 4th edn, SAGE Publications, Thousand Oaks.

Dingemans, G.D.J. 1986. *In de Leerschool van het Geloof. Mathetiek en Vakdidactiek voor Catechese en Kerkelijk vormingswerk*. Kampen: Kok.

Dean, K.C., Clark, C. & Rahn, D. 2001. *Starting Right: Thinking Theologically about Yout Ministry.* MI, Grand Rapids: Zondervan Publishing House (Youth Specialties).

Dean, K.C. & Foster, R. 1998. *The Godbearing Life: The Art of Soul Tending for Youth Ministry.* TN., Nashville: Upper Room Books.

Dean, K.C. 2010. *Almost Christian – What the Faith of our Teenagers is telling the American Church*. Oxford: University Press.

De Young, C. P. 1995. Coming Together: The Bible's Message in an Age of Diversity. Valley Forge, PA: Judson Press.

Dingemans, G.D.J. 1986. *In de leerschool van het Geloof. Mathetiek en Vakdidactiek voor Katechese en Kerkelijk Vormingswerk*. Kampen: Kok.

Dingemans, G.D.J. 1996*. Manieren van doen: inleiding tot de praktische theologie.* Kampen: Kok.

Dulles, A.C. 2002. *Models of the Church.* NY, Doebleday.

Downs, P.G. 1994. *Teaching for Spiritual Growth*. MI, Grand Rapids: Zondervan.

Dunn, J.D.G. 1992. *Jesus' call to Discipleship.* Cambridg: University Press.

Du Toit, A.B. 1988. Dissipelskap in die Koninkryk: Destyds en Vandag. In: Coetzee, J.C. (red.) 1988. *Koninkryk, Gees en Woord – Huldigingsbundel aangebied aan Prof. dr. Lambertus Floor.* 218-229. Johannesburg: Perskor.

Dykstra, C. [1999] 2005. *Growing in the Life of Faith: Education and Christian Practices*. KEI, Louisville: Westminister John Knox Press.
Dykstra, C. 1986. Faith Development and Religious Education. In: Dykstra, C. & Parks, S. *Faith development and Fowler*, 251-304. AL, Birmingham: Religious Education Press.
Elkind, D. 1984. *All Grown Up and No Place to Go: Teenagers in Crisis*. Reading, MA: Addison-Wesley Publishing Company.
Elton, T.M. & Going, N.S. Foreword: This Changes everything. In: Martinson, R. Black, W. & Roberto, J. 2010. *The Spirit and Culture of Youth Ministry*. MN, St. Paul, Minneapolis: EYM Publishing.
Easum, W.M. 2001. *Unfreezing moves: Following Jesus into the mission field*. Nashville, TN: Abingdon.
Etikan, I. & Bala, K. 2017. *Sampling and Sampling Methods*. *Biometrics Biostatistics Int J 5(6):00149-00151.* [Online] Available from: https://d1wqtxts1xzle7.cloudfront.net/56588350/sampling_methods.pdf?1526549596=&response-content [Accessed: 2020-07-09].
Eze, M. O. 2010. *Intellectual History in Contemporary South Africa*. Palgrave Macmillan US
Fenhagen, J.C. Mutual ministry. New York, NY: Seabury.
Firet, J. 1977. Het Agogisch Moment in het Pastoraal optreden (3e druk). Kampen: Kok.
Firet, J. 1982. *Het Agogisch Moment in het Pastoraal optreden* (4e druk). Kampen: JH Kok.
Firet, J. 1986. *Dynamics in pastoring*. Grand Rapids: Eerdmans.
Field, A. 2005. *Dicovering Statistics Using SPSS.* 2nd edition. Thousand Oaks, CA: SAGE Publications Inc.
Fields, D. 1998. Purpose-driven Youth Ministry: 9 essentials foundations for healthy growth. MI, Grand Rapids: Zondervan.
Forster, C.R. 2012. *From Generation to Generation*: *The Adaptive Challenge of Mainline Protestant Education informing Faith.* Eugene, OR: Cascade books.
Fowler, J.W. 1981. *Stages of Faith*. *The psychology of human development and the quest for meaning.* San Francisco: Harper Collins Publishers.
Freudenburg, B. & Lawrence, R. 1998. *Family Friendly Church*. CO, Loveland: Group.

Frost, M. & Hirsch, A. 2003. *The Shape of Things to Come: Innovation and Mission for the 21st-Century Church*. Peabody, MA: Hendrickson Publishers.

Friesse, S. 2014, *Qualitative data analysis with ATLAS.TI* (2nd edn.). SAGE Publications: Londen.

Gerber, 2014. *'n Refleksie op Ouerskap in saamgestelde Gesinne met verwysing na klassieke Sprokiesverhale: 'n Narratief prekties-teologiese perspektief*. Ongepubliseerde PhD proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Gibbs, E. & Coffey, I. 2000. *Church Next: Quantum changes in Christian Ministry*. Leicester, England: Intervarsity Press.

Gibbs, E. 2013, *Rebirth of the church: Applying Paul's vision for ministry in our post-Christian world*. Grand Rapids, MI: Baker Publishing group.

Gibbs, E. & Coffey, I. 2001. Church next: Quantum changes in Christian ministry. Leicester, MA: Inter-Varsity Press.

Gibbs, E. 2009. Churchmorph: How megatrends are reshaping Christian communities. Grand Rapids, MI: Baker Academic.

Gittins, A.J. 2008, Called to be sent: Co-missioned as disciples today. Liguori, MO: Liguori Publications.

Greef, E., Smit, C. & Van der Linde, M. 2015. Die hoe, wat, waarom en wie. In: Nel, M. & Van der Westhuizen, Z. 2015. *Skokkend Positief: Insigte vanuit nuwe Navorsing oor aktiewe Afrikaanse Kerkjeug*, pp. 15-24. Wellington: Bybel-Media.

Gudder, D.L. 1998. *Missional Church: A Vision for the Sending of the Church in North America*. MI, Grand Rapids: Wim B Eerdmans Publishing Co.

Gudder, D.L. 2000. *The Continuing Conversion of the Church*. MI, Grand Rapids: Eerdmans.

Guder, D.L. 2004. *The Incarnation and the Church's Witness.* OR, Eugene: Wipf & Stock Publishers.

Harkness, A.G. 1998. Intergenerational Christian Education: An imperative for Effective Education in Local Churches (Part 2), *Journal of Christian Education,* 42(1), (1998):37-50.

Harkness, A.G. 2012. Intergenerational Education for an Intergenerational Church? *Christian Education Journal*, p121-13 (series3) 9, no.1 (Spring 2012).

Harris, M. 1989*. Fashion Me a People: curriculum in the Church.* Louisville, Ky: John Knox Press.

Heitink, G. 1993. *Praktische Theologie: Geschiedenis, theorie, handelingsvelden*. Kampen: Kok.

Heitink, G. 1999. *Practical Theology. History – Theory – Action Domains*. MI, Grand Rapids: Willem B. Eerdmans Publishing Company.

Heitink, G. 2007. Een kerk met karakter: Tijd voor heroriëntasie, Kampen, Uitgeverij Kok.

Heitink, G. 2012. Golfslag van de tijd. Kampen: Kok.

Hendriks, H.J. 1992, Strategiese beplanning in die gemeente. Wellington: Hugenote.

Heyns, J A. 1978. *Dogmatiek.* Pretoria: NGKB.

Hiebert, P.G. 1985. Anthropological Insights for Missionaries. Grand Rapids: Baker Academic.

Hoekendijk, J.C. 1966. The church inside out Philadelphia, PA: Westminister.

Holmen, M.A. 2007. *Building Faith at Home: Why Faith at Home Must Be Your Church's 1st. Priority*.CA, Ventura: Regal Books.

Holmen, M.A. 2006. *Faith begins at Home*. CA, Ventura: Regal Books.

Holmen, M.A. 2008. *Take it Home*. CA, Ventura: Gospel Light.

Holmen, M.A. 2010. *Church+Home – The Proven Formula for Building lifelong Faith.* CA, Ventura: Regal Books.

Jobes, K.H. 2011, Letters to the church: A survey of Hebrews and the general epistles. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Illinois Library LibGuides, 2020. *ATLAS.ti*. [online] available from: https://guides.library.illinois.edu/atlasti [accessed: 2020-09-28].

Jones, T. (ed.) 2001. *Postmodern Youth Ministry: Exploring cultural shift, cultivating authentic community, creating holistic connections*. MI, Grand Rapids: Youth Specialties.

Jonker, W.D. 1965. Om die regering van Christus in sy kerk. Pretoria: Unisa.

Kallestad, W. 2001. *Turn your Church inside out: Building a Community for Others*. MN, Minneapolis: Augsburg.

Kehrwald, L. 2016. Growing in Faith as a Family. In: Kehrwald, L., Roberto, J., Roehlkepartian, G. & Roehlkepartian, J. 2016. *Families at the Centre of faith Formation*. CT, Naugatuck: Lifelong Faith Associates.

Keifert, P.R. 2007, Ons is nou hiér: ‘n Nuwe era van gestuur-wees. Wellington: Bybel-Media.

Kertelge, K. 1972. Gemende und Amt im Neuen Testament. Munchen: Kösel.

Kinneman, D. & Hawkins, A. 2011. *You Lost Me: Why young Christians are leaving Church... and rethinking Faith.* MI, Grand Rapids: Baker Publishing Group [Online] Available from https://www.amazon.com/You-Lost-Me-Christians-Rethinking-ebook/dp/B005LOPNRU/ref=pd_ybh_a_1?_encoding=UTF8&psc=1&refRID=S8SJMX06Q166VFMY2YKX [Accessed: 2012-09-13].

Kirgiss, C. 2015. *In search of adolescence: A new look at an old idea* The Youth Cartel, San Diego, CA.

Klasen, N. & Clusterbuck, D. 2002. *Implementing Mentoring Schemes: A Practical Guide to Successful Programs.* MA, Burlington: Elsevier Butterworth-Heinemann.

König, A. 1990. *Bondgenoot en beeld: gelowig nagedink* – Deel 4 (Hersiene uitgawe). Halfway House: NG Kerkboekhandel 1988.

Kopp, S.M. 2010. *Postmodrnism and Youth Ministry: an introduction*. OR, Eugene: Wipf & Stock.

Koteskey, R.L. 1991. Adolescence as a Cultural Invention (81-102). In: Ratcliff, D. & Davies, J.A. 1991. *Handbook of Youth Ministry* (42-69). AL, Birmingham: Religious Education Press Books.

Kraft, C.H. 2005. *Christianity in Culture: A Study in Dynamic Biblical Theologizingin Cross-Cultural Perspective—25th Anniversary Edition*. Maryknoll, NY: Orbis Books.

Kreider, A. 1999, *The Change of Conversion and the origin of Christendom*. OR, Eugene: Wipf and Stock Publishers.

Kreider, A. 2016, *The Patient Ferment of the Early Church: The Improbable Rise of Christianity in the Roman Empire.* MI, Grand Rapids: Baker Academic, Baker Publishing Group.

Kreamer, H. 1958. *A theology of the laity*. London: Lutterworth.

Kruger, J. 1997. Epistemiese waardes in die rasionaliteitsmodel van Wentzel van Huysstaan, *Koers:Bulletin vir Christelike Wetenskap*, 62 (1):29-44 [Online] Available from:https://www.researchgate.net/publication/274658474_Epistemiese_waardes_in_die_rasionaliteitsmodel_van_Wentzel_van_Huyssteen/fulltext/57bcd41208ae6c703bc52605/Epistemiese-waardes-in-die-rasionaliteitsmodel-van-Wentzel-van-Huyssteen.pdf. [Accessed: 2016-7-22].

Ludwig, G.E. 1988. *Keys to building youth ministry*. TN, Nashville: Abingdon.

Lee, C.L. 2011. Practical Theology as a Theological Discipline: Origins, Developments, and the Future. *Korean Journal of Christian Studies*, 75: 293-318 [Online] Available from: https://www.academia.edu/9644731/Practical_Theology as_a_Theological_Discipline_Origins_Developments_and_the_Future [Accessed: 2019-2-8].

Leith, J.H. 1990. *From Generation to Generation: The Renewal of the Church According to Its Own Theology and Practice*. Louisville, KY: Westminster/John Knox

LifeWay Research [Online] Available from: https://lifewayresearch.com/2007/08/07/ reasons-18-to-22-year-olds-drop -out-of-church/ [Accessed: 2019-2-8].

Lenski, G. 1961. *The religious Factor: A Sociological Study of Religion's Impact on Politics, Economics and Family Life.* Garden City: NY: Doubleday.

Löfgren, K., 2013. *Qualitative analysis of interview data: A basic step-by-step guide.* [Online] available from: https://www.youtube.com/watch?v=DRL4PF2u9XA [Accessed: 2020-07-27].

Luz, U. 2001. Hermeneia – a critical and historical commentary on the Bible: Matthew 8-20, Minneapolis, MN: Fortress Press.

Lytch, C.E. 2004. *Choosing Church*. Louisville, KY: Westminster/John Knox Press.

Marshall, C. & Rosmann, G.B. 2016. *Designing qualitative research*, 6th edition., SAGE: Thousand Oaks.

Martinson, R.D. 1988. Effective Youth Ministry: A Congregational Approach. MN, Minneapolis: Augsburg Publishing House.

Martinson, R., Black, W. & Roberto, J. 2010. *The Spirit and Culture of Youth Ministry*. MN, St. Paul, Minneapolis: EYM Publishing.

Malpurs, A. 2011. The nuts and bolts of church planting: A guide for starting any kind of church. Grand Rapids, MI: Baker Books.

Mannheim, K. 1972. —The Problem of Generations. In Altbach, P.G. & Laufer, R.S. 1972:101-138. The New Pilgrims: Youth Protest in Transition. New York: David McKay Company, Inc.

Marais, C.T.R. 2018. Geïntegreerde Bedieninge in die Opbou van 'n Identiteitsgedrewe Missionale Gemeente. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Maxwell, C. 2012. *A realist approach for qualitative research*, SAGE: Thousand Oaks.

May, S. 2005. Metaphors Shape Ministry. In: May, S., Posterski, B., Stonehouse, C., Cannell, L. *Children Matter: Celebrating their Place in the Church, Family, and Community.* MI, Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company.
May, S., Posterski, B., Stonehouse, C.& Cannell, L. *Children Matter: Celebrating their Place in the Church, Family, and Community.* MI, Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company.
Maree, K. 2016. *First steps in research*, 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.
McIntosh, G. 2002. One Church, Four Generations: Understanding and Reaching All Ages in Your Church. Grand Rapids, MI: Baker.
McKnight, S. 2014. A. *Fellowship of different: Showing the world God's design for life together.* MI, Grand Rapids, Zondervan.
Mead, M. 1970. *Culture and Commitment: A Study of the Generation Gap*. Garden City, NY: Natural History Press/Doubleday and Company, Inc.
Mead, M. 1973. Prefigurative Cultures and Unknown Children. In: *Youth: Divergent Perspectives.* ed. Peter K. Manning. New York: John Wiley and Sons p 193-206.
Menconi, P. 2010. *The Intergenerational Church: Understanding Congregations from WWII to www.com.* Littleton, CO: Mt. Sage Publishing.
Miles, M.S. 1990. *Families Growing Together*. Wheaton: Victor Books.
Miller-McLemore, B. 2012. Introduction: The Contributions of Practical Theology. In: Miller-McLemore, B. *The Wiley-Blackwell Companion to Practical Theology*. Oxford: Wiley-Blackwell.
Miller-McLemore, B. 2007. The Rule of Family Faith: Practicing the Presence of God in Our Outward Lives. *Lifelong Faith* (Summer 2007) 3-11 [Online] Available from: https://www.lifelongfaith.com/uploads/5/1/6/4/5164069/family_faith_formation_lifelog_faith_journal.pdf (Accessed: 2020/07/21).
Miller-McLemore, B. 2012. *The Wiley-Blackwell Companion to Practical Theology*. Oxford: Wiley-Blackwell.
Moltmann, J. 1977. *The Curch in the Power of the Spirit: A Contribution to Messianic Ecclesiology*. San Francisco: Harper and Row.
Mueller, W. 2006. *Engaging the soul of youth culture: Bridging teen worldviews and Christian truth*. IL, Downers Grové: IVP Books.

Mueller, W. 2016. Youth Ministry, adoption, and culture. In: Clark, C. (ed.) 2016. *Adoptive Youth Ministry: Integrating emerging generations into the family of faith,* pp.115-135. MI, Grand Rapids: Baker Academic.

Müller, J.C. 1996. Om tot verhaal te kom. Pastorale Gesinsterapie. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing: Pretoria. [Online} Available from: https://www.scienceopen.com/document?vid=82749b593299412b96baccd64e7dd4d8 (Accessed: 2016-09-12).

Müller, J. Van Deventer, W. & Human, L. 2001. Fiction Writing as Metaphor for Research: A Narrative Approach. In *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. 16(2):1-13. [Online] Available from: https://hts.org.za/index.php/HTS/article/view/1009 [Accessed: 2016-07-15].

Muller, J.C. 2004. 'HIV/AIDS, narrative practical theology, and postfoundationalism: The emrgence of a new story', *HTS Teologiese Studies* 60 (1&2): 293-306 [Online] Available from: https://hts.org.za/index.php/hts/article/view/516 [Accessed: 2016-07-15].

Müller, J.C. 2005. 'A Postfoundationalist, HIV-positive practical', *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 20(2):72-88 [Online] Available from: https://hts.org.za/index.php/hts/article/view/837/1573 [Accessed: 2016-07-15].

Müller, J.C., 2011, 'Postfoundational practical theology for a time of transition', HTS Teologiese Studies/Theological Studies 67(1), Art. #837, 5 pages [Online] Available from: https://hts.org.za/index.php/hts/article/view/837/1573 [Accessed: 2016-7-15].

Müller, J.C. 2011. Postfoundational practical theology for a time of transition, HTS Teologiese Studies/Theological Studies 67(1): 1–5 [Online] Available from: https://doi.org/10.4102/hts.v67i1.837.

Meyers, W.R. 1987. *Theological themes of Youth Ministry*. NY: Pilgrim.

Nash, S. 2011. *Youth Ministry: A multi-faceted approach*. Londen: SPCK .

Nel, M. 1982. *Jeug en Evangelie*. Pretoria: NGKB.

Nel, M. 1994. *Gemeentebou*. Halfway House: Orion Uitgewers.

Nel, M. 2000. Youth Ministry: An Inclusive Congregational Approach. Clubview, South Africa: Design Books.

Nel, M. 2001a. The Inclucive Congregational Approach to Youth Ministry (2-22). In: Senter, M.H., Black, W., Clark, C & Nel, M. *Four Views of Youth Ministry and The*

*Church: Inclusive Congregational Preparatory, Missional, Strategic.* MI, Grand Rapids: Zondervan/Youth Specialties.

Nel, M. 2001b. *Jeugbediening – 'n Inklusiewe Gemeentelike Benadering*. Bloemfontein: Barnabas.

Nel, M. 2009. Imagine-making disciples in Youth Ministry ... that will make disciples. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 71(3):1–11 [Online] Available from: https://doi.org/10.4102/hts.v71i3.2940 [Accessed: 2014-12-12].

Nel, M. 2015. *Identity-Driven Churches – Who are we, and where are we going?* Wellington: Biblecor, Bible Media.

Nel, M. & Van der Westhuizen, Z. 2015. *Skokkend Positief: Insigte vanuit nuwe Navorsing oor aktiewe Afrikaanse Kerkjeug.* Wellington: Bybel-Media.

Nel, M. 2018. *Youth Ministry: An Inclusive Missional Approach.* (HTS Religion & Society Series: 1). Cape Town, AOSIS. [Online] Available from: https://doi.org/10.4102/aosis.2018.BK83.05 [Accessed:2018-12-12].

Neufeld, T. 2002. Postmodern Models of Youth Ministry. *Direction,* 31 (2): 194–205 [Online] Available from: https://directionjournal.org/31/2/postmodern-models-of-youth-ministry.html [Accessed:2019-07-04].

Neville, G. 1974. —The Sacred Community—Kin and Congregation in the Transmission of Culture. In Westerhoff, J. H., & Neville, G. K. 1974. *Generation to Generation*, 51-71. Philadelphia, PA: United Church Press.

Niemandt, N. 2013. *Nuwe leiers vir nuwe werklikhede*. Vereeniging: CUM.

Newbigin, L., 1995, *The open secret: An introduction to the theology of mission*. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Newman, S. & Smith, T. B. 1997. Developmental Theories as the Basis for Intergenerational Programs p 3-19 in Newman, S., et al 1997. *Intergenerational Programs*: Past, Present, and Future. Washington, D.C.: Taylor and Francis.

Osmer, R.P. 1990. *A Teachable Spirit. Recovering the Teaching Office in the Church.* TN, Louisville: Westminister John Knox.

Osmer, R.P. 1992*. Teaching for Faith: A Guide for Teachers of Adult Classes*. KY, Louisville: Geneva Press.

Osmer, R.R. 1996. *Confirmation. Presbyterian Practices in ecumenical perspective*. KY, Louisville: Geneva Press.

Osmer, R.R. 2005. *The Teaching Ministry of Congregations*. KY, Louisville: Westminister John Knox Press.

Osmer, R.R. 2008. *Practical Theology. An Introduction*. MI, Grand Rapids: Wim B. Eerdmans Publisching Company.

Osmer. R.R. 2012. Formation in the Missional Church: Building deep connections between Ministries of Upbuilding and Sending. In: Zscheile, D.J. (Ed.) 2012. *Cultivating Sent Communities*. *Missional Spiritual Formation.* MI, Grand Rapids: Eerdsmans.

Pearce, L. & Denton, M.L. 2011, *A Faith of their own: Stability and Change in the Religiosity of America's Adolescents.* NY: Oxford University Press.

Peters, G.W. 1972. *A Biblical Theology of Missions.*IL, Chicago: Moody Press.

Pieterse, H.J.C. 2011. "Die Noodsaak Van Die Verrekening Van Metateoretiese Aspekte Rakende 'n Hermeneutiese Benadering tot Die Praktiese Teologie." 45(4), pp. 719–738. Available at: https://www.researchgate.net/publication/267634283 [Accessed: 2016-09-12].

Peterson, E. H. 1989. *The Contemplative Pastor: Returning to the Art of Spiritual Direction*. Grand Rapids, MI: William B. Eerdmans Publishing Company.

Powell, K. 2009. "Is the Era of Age Segregation Over? *Leadership 30* (Summer 2009): 43-48.

Powell, K., Griffin, B. & Crawford, C. 2011. *Sticky Faith – Youth Worker Edition*. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Powell, K., Mulder, J. &Griffin, B. 2016. *Growing Young: 6 Essential Strategies to Help Young People Discover and Love Tour Church.* Grand Rapids, MI: Baker Books.

Prins, R. 1995. *Die vernuwing van die kategese in die NG Kerk: Die sprong van teorie na praktyk. NG Teologiese tydskrif*, 36 (1): 24-35.

Rabey, S. 2001. *In Search of Authentic Faith: How Emerging Generations are Transforming the Church*. CO, Colorado Springs: Waterbrook.

Ratcliff, D. & Davies, J.A.1991. *Handbook of Youth Ministry*. AL, Birmingham: Religious Education Press Books.

Raubenheimer, O.S.H. 1984. 'n Prinsipieel-empiriese ondersoek na die na-skoolse jeug se belewing van die bediening van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ongepubliseerde DD proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Rengstof, K.H. 1967. S.V. ‘Mantanou’, in Kittel, G 9 ed.), *Theological Dictionary on the NT*, transl. G.W. Bromiley, vol. 4, pp. 390–461. MI, Grand Rapids: Eerdmans.

Rieber, R.W. & Carton, A.S. (eds). 1987. *The Collected Works of L. S. Vygotsky*. New York, NY: Plenum Press

Richards, L.O. 1970. *A new face for the church*. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Richards, L.O. & Martin, G.A. 1981. A theology of personal ministry. Grand Rapids, MI: Zondervan.

Richards, L.O. 1983. *A Theology of Children’s Ministry*. MI, Grand Rapids: Zondervan.

Richter, D.C. 2001. Growing up Postmodern: Theological Uses of Culture. In: Dean, K.C., Clark, C., Rahn, D. *Starting Right: Thinking Theologically about Youth Ministry.* MI, Grand Rapids: Zondervan Publishing House (Youth Specialties).

Roberto, J. 2005. Generations of Faith: Resource Manual Lifelong Faith Formation for the Whole Parish Communitty. Naugatuck,CT: Center for Ministry Development

Roberto, J. 2009. *Living Well: Christian Practices for Everyday Life*. CT, Naugatuck: Vibrant Faith Publishing.

Roberto, J. 2010. *Faithformation 2020*. CT, Naugatuck: Vibrant Faith Publishing.

Roberto, J 2014. Generations Together: A Vision of an Intergenerational Church. In: Amidei, K., Merhaut, J. & Roberto, J. 2014. *Generations together.* Connecticut, Naugatuck: Vibrant Faith Publishing.

Roberto, J. 2016. Understanding Twenty-first Century Parents and Families: A Review of Research Trends (27-52). In: Kehrwald, L. Roberto, J., Roehlkepartian, G. & Roehlkepartian, J. 2016. *Families at the Centre of faith Formation*. CT, Naugatuck: Lifelong Faith Associates.

Roberts, J.H. 1983. Die brief aan die Efesiërs. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Roberts, R. E. L., Richards, L. N., & Bengston, V. L. 1991. —Intergenerational Solidarity in Families: Untangling the Ties that p 11-46., in Pfeifer, S. B. & Sussman, M. B. 2014. *Intergenerational and Generational Connections*. New York, NY: Ratledge Taylor & Francis Group

Roehlkepartian, G. 2003. *Building Assets, Strengthening Faith – An intergenerational Survey for Congregations: Results for a Field Test Survey of Youth and Adults in 15 U.S. Congregations*. Minneapolis, MN: Search Institute.

Roehlkepartian, G. 2016. *Families at the Centre of faith Formation.* CT, Naugatuck: Lifelong Faith Associates.

Roehlkepartain, G. 2016. Transforming Narratives of Families for the Twenty-first Century (7-24). In: Kehrwald, L. Roberto, J., Roehlkepartian, G. & Roehlkepartian, J. 2016. *Families at the Centre of faith Formation.* CT, Naugatuck: Lifelong Faith Associates.

Rogers, E.M. 1995. Diffusion and innovattions. Free Press.

Root, A. 2007. *Revisiting Relational Youth Ministry: From A Strategy of Influence to A Strategy of Incarnation.* IL, Downers Grové: IVP Books.

Root, A. 2011. Walking into the Crisis of Reality: How Theology is Constructed. In: Root, A. & Dean, K.C. 2011. *The Theological turn in Youth Ministry*. IL, Downers Grove: IVP Books. [Online] Available from http://amzn.to/1r0LubW [Accessed:2013-06-20].

Root, A. & Bertrand, B.D. 2001. 'Postscript: Reflecting on method: Youth Ministry as practical theology', in Root, A. & Dean, K.C. (eds.), *The Theological turn in Youth Ministry,* IL, Downers Grove: IVP Books. [Online] Available from http://amzn.to/1r0LubW [Accessed:2013-06-20].

Root, A. 2014a. *Bonhoeffer as Youth Worker: A Theological Vision for Discipleship and Life Together*. MI, Grand Rapids: Baker Publishing Group.

Root, A. 2014b. *Christopraxis*: *A Practical Theology of the Cross*. Minneapolis: Fortress Press.

Root, A. 2017. *Faith Formation in a Secular age.* MI, Grand Rapids: Baker Publishing Group Grand Rapids [Online] Available from https://www.amazon.de/Andrew-Root-ebook/dp/B01MS7DN0N/ref=sr_1_1?dchild=1&keywords=faith+formation+a+secular+age&qid=1595265293&sr=8-1 [Accessed:2018-05-2018].

Ross, C. 2007. Being an Intergenerational Congregation. In: *Issues in Christian Education.* Fall 2007, Vol. 41(2). [Online] Available from: http://www.studyinglifelongfaith.com/uploads/5/2/4/6/5246709/being_an_intergenerational_congregation_-_ross.pdf [Accessed:2020-08-15].

Schaller, L.E. 1981. Activating the passive church. Nashville, TN: Abingdon.

Schaller, L.E., 2003, From geography to affinity: How congregations can learn from one another, Abington Press, Nashville.

Scales, P., Benson, P. & Roehlkepartain. 2001. Grading Grown-Ups: American Adults Report on Their Real Relationships with Kids. Minneapolis, MN: Search Institute.

Scholtz, E., 2005. Sosiale konstruksionisme as 'n pastoraal- terapeutiese benadering. Ongepubliseerde DD proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Schillebeeckx, E. 1980. Ministry. New York, NY: Crossroad.

Schippers, K.A. 1982. Werken aan de gewone gemeente, 1,2,3. Praktische Theologie 2:96-105; Praktische Theologie 3:181-192; Praktische Theologie 4: 211-224.

Schwarz, F. & Schwarz, C.A. 1984. Theologie des Gemeindeaufbaus. Neukirchen-Vluyn: Aussaat.

Senter, M.H., 1987, 'Models of Youth Ministry', in Benson, W.S. & Senter, M.H. (eds.), *The Complete Book of Youth Ministry*, pp. 239–269. IL, Chicago: Moody.

Senter, M.H. 1992. *The Coming Revolution in Youth Ministry and Its Radical Impact on the Church.* IL, Weaton: Victor Books.

Senter, M.H. Back, W., Clark, C. & Nel, M. 2001. *Four Views of Youth Ministry and the Church: Inclisive Congregational, Preparatory, Missional, Strategic.* Grand Rapids, MI: Zondervan/Youth Specialties.

Seibel, C. 2018. From Mulutigenerational to Intergenerational. In: Allan, H.C. (ed.). *InterGenerate: Transforming Churches through Intergenerational Ministry.* Abilene, TX: Abilene Christian University Press.

Seibel, C. 2009. *Intergenerational Reconciliation and Justice as Essential Dimensions of Missional Renewal in the Postmodern Transition.* Unpublished PhD thesis, University of Pretoria: Pretoria.

Silverman, D. 2013. Doing qualitative research, 4$^{th}$ edn., SAGE: Thousand Oaks.

Simpson, N.W. 1999. *Traditioning and Reinterpretation: The quest for a methodology for faith-formation.* Phd thesis. University of Stellenbosch: Stellenbosch.

Smith, C. 1998. *American Evangelicalism: Embattled and Thriving.* IL, Chicago: The University of Chicago Press.

Smith, C. & Denton, M.L. 2005. *Soul Searching: The Religious and Spiritual Lives of American Teenagers.* NY: Oxford University Press.

Smith, C. & Snell, P. 2009. *Souls in Transition: Religious & Spiritual Lives of Emerging Adults*. NY: Oxford University Press.

Smith, J.K A. 2016. *You Are What You Love – The Spiritual Power of Habit*. MI, Grand Rapids: Brazor Press.

Stevens, R.P. & Collins, P. 1993. *The Equipping Pastor. A Systems Approach to Congregational Leadership.* Herndon, VA: Alban Institute.

Stoppels, S. 201., *Oefenruimte: Gemeente en parochie als gemeenschap van leerlingen*. Zoetermeer: Uitgeverij Boekencentrum.

Strauss, W. & Howe, N. 1991. Generations: The History of America's Future, 1584 to 2069. New York: Quill, William Morrow Publisher.

Strommen, P.S. & Hardel, R A. 2000. *Passing on the Faith. A Radical New Model for Youth and Family Ministry.* MN, Winona: Saint Mary's Press.

Struwig, F.W. & Stead, G.B. 2007. *Planning, Designing and Reporting Research*. Pearson Education: South Africa, Cape Town.

Te Velde, M. 1989, Gereformeerde gemeenteopbouw: Een eerste koesbepaling voor een nieuw theologisch vak. Barneveld: Uitgeverij De Vuurbraak.

Te Velde, M. 1992. *Gemeenteopbouw1*. Barneveld: De Vuurbaak.

Van Aarde, A.S. 2006. "Hoe om in te ko men hoe om binne te bly – die groot sendingopdrag' aan die kerk vandag volgens Matteus 28:16-20. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 62(1):103-122.

Van Der Ven, J.A. 1993. *Practical Theology: an empirical approach*. Kampen: Kok.

Van Gelder, C. (ed.), 1999, Confident witness – changing world: Rediscovering the gospel in North America Grand Rapids, MI: Eerdmans.

Van Huyssteen, J.W. 1987. *Teologie as kritiese geloofsverantwoording*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Van Huyssteen, J.W. 2006, *Alone in the world? Human uniqueness in science and theology.* The Giffiord Lectures, W.E. MI, Grand Rapids: Eerdmans Publishers.

Van Itterzon, G.P. 1974. Het kerklijke ambt in geding. Kampen: Kok.

Veldsman, D. 2016. Só pak die teologie probleme aan. *Die Kerkbode,* 12 Juie:20 [Online] Available from: https://kerkbode.christians.co.za/2016/07/12/van-huyssteen-pak-die-teologie-probleme-aan/ [Accessed:2016-7-21].

Vygotsky, L.S. 1997. Educational Psychology. Translated by Robert Silverman. Boca Raton, FL: St Lucie Press.

Wagner-Ferreira, E.C. 2008. 'n Prakties-Teologiese Ondersoek na die Inkleding van die Erediens met die Doel om die Verskillende Generasies in 'n Gesamentlike Familie-Erediens aan te Spreek. Ongepubliseerde PhD proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Wagner, C.P. 1984. *Leading your Church to Growth*. Ventura: Regal.

Watson, D. 1999. *Discipleship*. Londen: Clays Ltd, St Ives plc.

Wepener, C. 2014. Van voor die Wieg tot na die Graf: Rituele roetemerkers vir die drumpels van die lewe. Wellington: BybelMedia.

Westerhoff, J.H. & Neville, G.K. 1974. Generation to Generation. Philadelphia, PA: United Church Press.

Westhoff, J.H. [1976] 2012. *Will our Children have Faith* (third revised edition). New York, NY: Morehouse Publishing [Online] Available from Available from https://www.amazon: [Accessed:2017-12-11].

White, J.R. 1988. *Intergenerational Religious Education: Models, Theory, and Prescription for Interage Life and Learning in the Faith Community*. Mishawaka, IN: Religious Education Press.

Williams, A. & Nussbaum, J.F. 2001. *Intergenerational Communication Across the Life Span.* Mahwah, NJ: Lawrence Erlbaum Associates, Publishers.

Wright, D. & Kinser, D. 2004. Post-Relational Youth Ministry: Beyond Youth Workas We Know It [Online] available from www.youthspecialties.com/freeresources /articles/pastpresentfuture/postrelational.php [Accessed:2020-01-12].

Wright, N.T. 2008. Surprised by hope: Rethinking heaven, the resurrection and the mission of the church, Harper-Collins Publishers, New York.

Wuthnow, R. 1996. *Religious upbringing: Does it matter and, if so, what matters?* Lecture The Princeton Lectures on Youth, Church, and Culture in 1996.

Wuthnow, R. 1999. *Growing up Religious: Christians and Jews and their Journeys of Faith*. MA, Boston: Beacon Press.

Yaconelli, M. 2006. *Contemplative Youth Ministry. Practicing the Presence of Jesus.* MI, Grand Rapids: Zondervan.

Yaconelli, M. 2007. *Growing Souls. Experiments in Contemplative Youth Ministry*. MI, Grand Rapids: Zondervan.

Zscheile, D.J. 2012. ‘A missional theology of spiritual formation’, in Cultivating sent communities: Missional spiritual formation, Eerdmans, Grand Rapids.

Zscheile, D.J. (ed.). 2012. *Cultivating sent communities: Missional spiritual formation*, Eerdmans, Grand Rapids, MI.

# 11. ADDENDUMS

## 11.1 ADDENDUM A: BRIEF VAN BEKENDSTELLING EN INGELIGTE TOESTEMMING VIR SINODES.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Faculty of Theology

**BRIEF VAN BEKENDSTELLING EN TOESTEMMING**

**VIR DEELNAME IN AKADEMIESE NAVORSING**

**Titel van studie:**

Intergenerasionele Geloofsvorming in 'n Huis-Gefokusde, Gemeente-ondersteunde Jeugbediening

**Studie gedoen deur:**

Johan Avenant, PhD student aan die Universiteit van Pretoria

Tel: 012 661 9048 Sel: 072 287 4045 E-pos: jcaven@netactive.co.za

---

Geagte kollega

Hiermee word u vriendelik gevra om toestemming te verleen vir u sinode se deelname aan 'n akademiese navorsingstudie. Hierdie studie sal gegrond wees op persone uit u sinode (en drie ander sinodes in die ou Transvaal provinsie – presiese getal sal eers later bepaal kan word)) se ervaring en kennis in die navorsingsveld van Jeug- en Gesinsbediening, soos toegepas en ervaar in hulle betrokke gemeentes. U sal in onderstaande paragraaf duidelik kan sien watter persone in die onderskeie gemeentes by hierdie navorsing betrek gaan word. Vervolgens word die doel, duur, prosedure, u rol en verantwoordelikheid en nog meer hieronder uiteengesit.

**Doel van die studie:** Die doel van hierdie studie is om vas te stel hoe Intergenerasionele Geloofsvorming in 'n Huis-gefokusde, Gemeente-ondersteunde Jeugbediening lyk, wat dit verhinder, watter voordele dit bied en hoe dit in gemeentes bevorder kan word. Daar gaan ook spesifiek gevra word hoe deelnemers die gemeente se ondersteuning in hulle geloofsvormingstaak ervaar, wat na hulle oordeel effektief werk en watter leemtes en behoeftes hulle in die verband ervaar.

Die doelwitte word soos volg in die navorsing geformuleer:

# Hoe lyk ‘n jeugbediening waar die huis die sentrum van geloofsvorming is en die gemeente ondersteunend deelneem aan hierdie geloofsvormingsproses?

# Hoe lyk geloofsvorming anders in ‘n huis, in ‘n huis-gefokusde en gemeente-ondersteunde jeugbediening?

# Hoe lyk intergenerasionele geloofsvorming binne ’n huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde jeugbediening?

# Hoe kan jeugbediening intergenerasionele geloofsvorming deel maak van hulle normale bedieningsmodel?

# Watter impak het intergenerasionele geloofsvorming op geloofsidentiteit en die uitleef daarvan?

# Hoe lyk bedieninge binne ‘n gemeente anders wanneer geloofsvorming huis-gefokus, kerk- ondersteunend is?

**Duur van die studie**: Hierdie studie sal gedoen word oor ‘n tydperk van een jaar en daar word beplan om dit teen November 2019 af te handel.

**Navorsingsproses**: Die gemeentes sal, na identifisering van ‘n gesin- en of familie fokus, op ‘n ewekansige manier gekies word om deel te neem aan hierdie navorsing. Die empiriese navorsing sal in twee fases gedoen word: Gestruktureerde vraelyste sal in die eerste fase aan al die deelnemers elektronies besorg word om in te vul en terug te stuur. Hierdie vraelyste sal dan ontleed word en op grond van die inhoud daarvan sal nuwe vrae geformuleer word. In die tweede fase sal op ‘n ewekansige manier gemeentes gekies word uit die deelnemende gemeentes waar daar dan met die leraar of bedieningsleier van die gesin- en of familiebediening ‘n gestruktureerde onderhoud gevoer sal word. Daar sal geen bandopnames van hierdie gesprekke gemaak word nie.

**Wat van gemeentes verwag word**: Kerkrade word gevra om 10 persone (manlik en vroulik so ver moontlik) wat direk betrokke is by \hulle gesin- en of familie fokus te identifiseer en te vra of hulle sal deelneem aan hierdie navorsingsprojek. Hulle word verder gevra om hierdie persone se name, kontakbesonderhede en spesifiek e-pos adresse vir die navorser te aanstuur. Die navorser sal met elke persoon kommunikeer om die nodige toestemming te verkry vir die navorsing. Persone wat deelneem sal dan ‘n gestruktureerde elektroniese vraelys ontvang, wat hulle moet invul en terugstuur voor ‘n spesifieke sperdatum. Die leraar of bedieningsleier van die gekose gemeentes sal in ‘n tweede rondte in ‘n gestruktureerde onderhoud nuwe vrae kry wat beantwoord moet word.

**Regte van deelnemers:** Die deelnemers se deelname aan hierdie navorsing is vir die kerk baie belangrik. Hulle mag egter kies om nie deel te neem nie. Hulle mag verder ter enige tyd, sonder om redes te verstrek of negatiewe gevolge te vrees, hulle deelname aan hierdie navorsing beëindig. Hulle as deelnemers mag die navorser ter

enige tyd kontak om enige saak met betrekking tot die navorsing uit te klaar. Hulle as deelnemers en die navorser moet elkeen ‘n getekende kopie van hierdie ingeligte toestemming-dokument bewaar.

**Vertroulikheid van deelnemers:** Alle informasie wat die deelnemers in hierdie navorsing verskaf sal vertroulik hanteer word. Dit beteken verder dat alle deelnemers en gemeentes se anonimiteit beskerm sal word en dat hulle anoniem sal kan deelneem. Slegs die navorser en sy navorsingspan het toegang tot die rou data. U relevante data sal vernietig word sou u ter enige tyd van die navorsing onttrek. Alle data wat in hierdie navorsing verskaf word, sal vernietig word volgens voorgeskrewe reëls van die etiese komitee.

**Sensitiewe onderwerpe:** Die navorser sal hom beperk tot vrae wat relevant is tot die onderwerp en fokus van die studie. Daar sal geen vrae in die navorsing gevra word oor sensitiewe onderwerpe soos seksuele gedrag, dwelmgebruik, misdaad, teistering en geweld nie.

**Kwesbare persone:** Alhoewel hierdie studie betrekking het op die geloofsvorming by kinders en jongmense, gaan geen kind of jongmens onder sewentien jaar oud betrek word by hierdie navorsing nie. Ander kwesbare persone wat moontlik deel sal vorm van die deelnemers is enkelouers (ongeag die rede vir enkelouerskap). Die studie gaan nie op enkelouerskap fokus nie, maar op hoe die kerk enkelouers in hulle geloofsvormingsrol en -verantwoordelikheid kan bystaan en ondersteun. Hierdie is tans ‘n enorme uitdaging in die kerk se jeugbediening. Daar sal ook gekyk word watter invloed enkelouerskap op geloofsvorming het. Natuurlik sal persone se identiteit ten alle tye beskerm word.

**Sal die navorsing enige stres of angs veroorsaak**: Hierdie studie sal geen fisiese, psigologiese of sosiale stres of angstigheid veroorsaak wat meer is as die risiko’s wat in die normale gang van die lewe ervaar word nie.

**Voordele van betrokkenheid by studie**: Die sinode, gemeentes en ouers behoort voordeel te trek uit die navorsingsresultate. Sinodes en gemeentes sal leiers in hulle jeugbediening kan toerus, bewus maak en bemagtig met die navorsingsresultate. Die navorsing beoog spesifiek om die kerk te bemagtig hoe om haar jeugbediening aan te pas om meer intergenerasioneel te bedien en om ouers vir hulle geloofsvormingsrol te ondersteun en te bemagtig. Ouers sal ook direk kan baat vind by die resultate. Daar sal in die navorsingsresultate gerapporteer word wat en hoe ouers ’n positiewe bydrae kan lewer in die geloofsvorming, geloofsgroei, meelewing en betrokkenheid by die kerk van hulle kinders. Die resultate van hierdie studie mag moontlik in ‘n akademiese joernaal gepubliseer word. U sal op versoek voorsien word van ‘n opsomming van die bevindings van hierdie studie. Geen deelnemer se naam sal gebruik word in enige publikasie nie.
Baie dankie vir die tyd en moeite wat u geneem het om hierdie dokument te ontvang en te lees. Ek hoor graag van u in hierdie verband.

**VERKLARING VAN DIE NAVORSER**

Hiermee verklaar ek dat ek die inhoud van julle sinode se navorsingsbeleid gelees het en verstaan en deurlopend hieraan sal voldoen.

Verder vrywaar ek al die deelnemende strukture van die sinodale kerkverband van die NG Kerk van Hoëveld sinode van enige aanspreeklikheid asook teen enige eise wat mag voortspruit uit hierdie navorsing.

**Navorser:** 

**Naam:** **Johannes Cornelius Avenant**

**Datum:** **12 April 2018**

## 11.2 ADDENDUM B: BRIEF AAN RINGSKRIBAS VAN VIER NOORDELIKE SINODES

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Faculty of Theology

Geagte Kollega

**IDENTIFISERING VAN DEELNEMERS VIR DEELNAME IN AKADEMIESE NAVORSING**

Ek is tans besig met my PhD-studies in Praktiese Teologie aan die Universiteit van Pretoria met Prof Malan Nel as studieleier. Die tema waarmee ek werk is: Intergenerasionele Geloofsvorming in ‘n Huis-Gefokusde, Gemeente-ondersteunde Jeugbediening. In hierdie studie beplan ek om kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing te doen in gemeentes wat ’n gesin- en of familie fokus in hulle bediening het.

Ek skryf hierdie brief aan jou omdat jy volgens die jaarboek van die NG Kerk 2018 as jou ringskriba aangedui word. Verder skryf ek met die versoek om my asseblief te help om gemeentes in jou ring te identifiseer wat ‘n gesin- en of familie of intergenerasionele fokus het. Jy hoef geen waardeoordeel te fel of hierdie fokus of bediening effektief is nie. Moet asseblief ook nie kleiner gemeentes wat wel op ‘n klein skaal so ‘n fokus het, uitskakel nie. Mag ek jou vra of jy asseblief die gemeentes in jou ring met só ‘n bedieningsfokus se name en kontakpersone, -nommers en e-pos adresse vir my sal aanstuur per kerende pos, sodat ek hulle kan nader om te hoor of hulle sal deelneem aan bogenoemde navorsing. Indien daar geen sulke gemeentes is nie, vra ek dat jy my ook asseblief daarvan in kennis sal stel. **Mag ek vra dat jy hierdie inligting nie later as 23 April vir my sal aanstuur.** Ek sal 18 April vir jou ‘n herinnering stuur as jy dit nog nie gestuur het nie.

Om jou te help in jou identifisering van gemeentes, gee ek enkele omskrywings hieronder:

**Gesin en Familie:** Hierdie begrippe word so insluitend as moontlik verstaan. Dit sluit dus alle vorme van samestellings van gesinne en families in.

**Gesin – en of Familie fokus:** Gemeentes met 'n bedieningsfilosofie of gemeente visie of -plan wat intensioneel fokus of moeite doen met gesinne of families – veral intergenerasioneel te werk gaan. Dit sluit gemeentes in wat enige van onderstaande aksies loods. Gemeentes wat:

- moeite doen om 'n gesin- en of familie kultuur te ontwikkel;
- enige vorm van intensionele gesin- en of familie bediening bedryf;
- gesin- en of familie kleingroepe of selgemeentes het of aanmoedig;
- toerusting spesifiek aanbied vir ouers (watter aard ook al);
- gesinne en of families ondersteun deur weekliks (of gereeld) inligting, toerusting of 'n teks vir die week of watter materiaal ook al aan te stuur (beskikbaar stel) met die oog op deelname, betrekking of toerusting van die huismense;
- gesinne of families intensioneel betrek by hulle bedieninge binne die gemeente (op watter skaal ook al);
- intergenerasionele geloofsvorming geleenthede aanbied;
- intergenerasionele eredienste of eredienste waar intensioneel gefokus word op gesinne en of families;
- mentor verhoudings intensioneel organiseer vir enkelouer gesinne of tussen kinders, jongmense en volwassenes;
- enige intensionele bymekaarbring van persone uit verskillende generasies vir sosialisering, toerusting, geloofsgemeenskap of lofprysing & aanbidding;

Dit is nie vir my nodig om jou bewus te maak van die feit dat die kerk se jeugbediening op 'n kruispad is nie. Soveel jongmense verlaat die kerk na belydenisaflegging. Sommige "kerkverlaters" doen dit om by ander kerke of geloofsgroepe aan te sluit, maar ander om as individue buite die kerk en selfs buite die Christelike geloof 'n heenkome te vind. Elke gemeente worstel maar op hulle eie om iets te doen om hierdie golf te stuit. Die jongste navorsing het duidelik uitgewys dat nie die kerk nie, maar ouers of familie by wie kinders en jongmense grootword die grootste invloed op hulle geloofsvorming, geloofstoewyding en kerklike betrokkenheid het. Die gesin en of familie is dus die hoof ruimte waar geloof en die gepaardgaande lewe en betrokkenheid gevorm word. Die tradisionele Sondagskool, kategese en jeugbediening, sukkel om hierdie navorsingsresultate te integreer in hul

jeugbediening. Indien ons as kerk dan ook nog missionaal wil wees, is juis die gesin en of familie die ruimte waarbinne hierdie ingesteldheid gevorm sal moet word. Daar is egter ook huise waar hierdie vorming hoegenaamd nie plaasvind nie. Hiervoor sal die kerk ook effektiewe sisteme in plek moet sit. Dit alles bring die kerk en haar bediening voor groot uitdagings te staan.

Om die kerk en spesifiek gemeentes in hierdie uitdagings by te staan, word bogenoemde navorsing onderneem. Die resultate van hierdie navorsing sal beslis 'n bydrae lewer om gemeentes en ouers in hulle uitdagings rondom geloofsvorming, geloofstoewyding, missionaliteit en kerklike betrokkenheid by te staan. Die navorsing beoog verder om gemeentes met relevante navorsingsresultate te dien oor hoe gemeentes hul jeugbediening kan aanpas om die uitdagings van ons tyd die hoof te bied. Die navorsingsresultate sal DV so wyd moontlik gedeel word.

Baie dankie vir die tyd en moeite wat jy geneem het om hierdie dokument te ontvang en te lees. Ek hoor graag van jou in hierdie verband.

Groete in Christus



**Ds. Johan Avenant (NG Gemeente The Reeds)**

**Datum: 7 Junie 2018**

Mrs Anchen November
Faculty Theology, Practical Theology, Room 2/18
University of Pretoria, Private Bag X20, Hatfield, 0028,
South Africa
Tel no: +27 (12) 420 2669
Email address: anchen.november@up.ac.za

**Faculty of Theology**
Department of Practical Theology
**Fakulteit Teologie**
Departement Praktiese Teologie
**Lefapha la Thutatumelo**
Kgoro ya Thutatumelo ya Tirišo

## 11.3 ADDENDUM C: BRIEF VAN BEKENDSTELLING EN INGELIGTE TOESTEMMING AAN KERKRADE VAN GEIDENTIFISEERDE GEMEENTES

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Faculty of Theology

**BRIEF VAN BEKENDSTELLING EN TOESTEMMING**

**VIR DEELNAME IN AKADEMIESE NAVORSING**

**Titel van studie:**

Intergenerasionele Geloofsvorming in 'n Huis-Gefokusde,

Gemeente-ondersteunde Jeugbediening

**Studie gedoen deur:**

Johan Avenant, PhD student aan die Universiteit van Pretoria

**Tel:** 012 661 9048 **Sel:** 072 287 4045 **E-pos:** jcaven@netactive.co.za

**Studieleier:** Prof. Malan Nel

---

Hiermee word u vriendelik gevra om toestemming te verleen vir u gemeente se deelname aan 'n akademiese navorsingstudie. Hierdie studie sal gegrond wees op persone uit u gemeente se ervaring en kennis in die navorsingsveld van Jeug- en Gesinsbediening, soos toegepas en ervaar in u gemeente. U sal in onderstaande paragraaf meegedeel word watter persone by hierdie navorsing betrek gaan word. Vervolgens word die doel, duur, prosedure, u rol en verantwoordelikheid en nog meer hieronder uiteengesit.

- **Doel van die studie:** Die doel van hierdie studie is om vas te stel hoe Intergenerasionele Geloofsvorming in 'n Huis-gefokusde, Gemeente-ondersteunde Jeugbediening lyk, wat dit verhinder, watter voordele dit bied en hoe dit in gemeentes bevorder kan word. Daar gaan ook spesifiek gevra word hoe deelnemers die gemeente se ondersteuning in hulle geloofsvormingstaak ervaar, wat na hulle oordeel effektief werk en watter leemtes en behoeftes hulle in die verband ervaar. Die resultate van hierdie studie mag moontlik in 'n akademiese joernaal gepubliseer word. U sal op versoek voorsien word van 'n opsomming van die bevindings van hierdie studie. Geen deelnemer se naam sal gebruik word in die finale publikasie nie.
- **Duur van die studie:** Hierdie studie sal gedoen word oor 'n tydperk van een jaar en daar word beplan om dit teen April 2020 af te handel.

- **Navorsingsprosedure**: U gemeente is deur u ringskriba geïdentifiseer om deel te neem aan hierdie navorsing omdat u in u bediening een of ander gesin- en of familie fokus of intergenerasionele inisiatief het. Die empiriese navorsing sal in twee fases gedoen word: Gestruktureerde vraelyste sal in die eerste fase aan al die deelnemers elektronies besorg word om in te vul en terug te stuur. Hierdie vraelyste sal dan ontleed word en op grond van die inhoud daarvan sal nuwe vrae geformuleer word. In die tweede fase sal op 'n ewekansige manier gemeentes gekies word uit die deelnemende gemeentes waar daar dan met die leraar of bedieningsleier van die gesin- en of familiebediening 'n gestruktureerde onderhoud gevoer sal word. Daar sal geen bandopnames van hierdie gesprekke gemaak word nie.
- **Wat van u verwag sal word:** U as kerkraad word gevra om 10 persone (manlik en vroulik so ver moontlik en sovêr moontlik nie uit dieselfde gesin of familie), wat direk betrokke is by u gesin- en of familie fokus, te identifiseer en te vra of hulle sal deelneem aan hierdie navorsingsprojek. U word verder gevra of u asseblief hierdie persone se name, kontakbesonderhede en spesifiek e-pos adresse vir die navorser sal aanstuur. Die navorser sal met elke persoon kommunikeer om die nodige toestemming (soortgelyk aan hierdie dokument) te verkry vir die navorsing. Persone wat deelneem sal dan 'n gestruktureerde elektroniese vraelys ontvang, wat hulle moet invul en terugstuur voor 'n spesifieke sperdatum. Die leraar of bedieningsleier van die gekose gemeentes sal in 'n tweede rondte in 'n gestruktureerde onderhoud nuwe vrae kry wat beantwoord moet word.
- **U regte:** Die deelnemers se deelname aan hierdie navorsing is baie belangrik. Hulle mag egter kies om nie deel te neem nie. Hulle mag verder ter enige tyd, sonder om redes te verstrek of negatiewe gevolge te vrees, hulle deelname aan hierdie navorsing beëindig. Hulle as deelnemers mag die navorser ter enige tyd kontak om enige saak met betrekking tot die navorsing uit te klaar. Hulle as deelnemers en die navorser moet elkeen 'n getekende kopie van hierdie dokument bewaar.
- **Vertroulikheid:** Alle informasie wat die deelnemers in hierdie navorsing verskaf sal vertroulik hanteer word. Dit beteken verder dat alle deelnemers en gemeentes se anonimiteit beskerm sal word en dat hulle anoniem sal kan deelneem. Slegs die navorser en sy navorsingspan het toegang tot die rou data. U relevante data sal vernietig word sou u ter enige tyd van die navorsing onttrek.

Baie dankie vir die tyd en moeite wat u geneem het om hierdie dokument te ontvang en te lees. Ek hoor graag van u in hierdie verband.

By voorbaat dankie

J.C. Avenant

______________________

Ds. J.C. Avenant

**Datum:** **7 November 2019**

**GESKREWE TOESTEMMING**

Hiermee bevestig ek, ondergetekende, van die kerkraad van ___________________________________ (gemeente naam) dat ons deeglik ingelig is oor die doel, aard en omvang van hierdie navorsing en toestemming verleen dat hierdie navorsing in hierdie gemeente gedoen mag word.

**Voorsitter van Kerkraad: _______________________________________**

**Naam in drukskrif: ____________________________________________**

**Datum: ______________________________________________________**

**Indien u nie verder gaan deelneem aan hierdie navorsing nie, vul asseblief onderstaande in:**

**Ons gaan nie deelneem aan hierdie navorsing nie (Merk in blokkie)** ☐

**Redes:**

_________________________________________________________________

## 11.4 ADDENDUM D: KWANTITATIEWE VRAELYS

Die nommers voor elke vraag mag moontlik verwarrend wees. In die omskakeling het die rekenaar addisionele nommers toegeken aan elke vraag. Die tweede nommer is telkens die ooreenstemmende nommers soos in hoofstuk 6 beskryf.

20/12/2020 Intergenerasionele geloofsvorming binne 'n huis-gefokusde, kerk-ondersteunde jeugbediening

# Intergenerasionele geloofsvorming binne ‘n huis-gefokusde, kerk-ondersteunde jeugbediening

Baie dankie dat jy bereid is om deel te neem aan hierdie navorsing. Hierdie vraelys sal jou tussen 10 en 20 minute neem om in te vul. Alhoewel die vraelys lank is, behoort jy dit redelik maklik en vinnig te kan invul. Wéét net dat jou bydrae met die invul van hierdie vraelys die kerk en gelowige ouers vir geslagte vorentoe positief kan help. Vul asseblief al die onderstaande vrae eerlik in en 'submit' wanneer jy die laaste vraag beantwoord het. Wanneer jy die * tekentjie sien, beteken dit dat daar 'n woordomskrywing onder die vraag volg. Beantwoord die vrae deur telkens in die blokkie/sirkel van jou keuse te klik. By enkele vrae kan jy addisionele inligting intik. Onder elke vraag ( soms na die woordomskrywing) word tussen hakkies beskryf hoe die vraag beantwoord moet word.

*Required

1. 1. Hiermee verklaar ek dat ek my toestemming gee om aan hierdie navorsing deel te neem en volledig ingelig is oor die aard van hierdie studie, vertroulikheid en my regte ten opsigte van my deelname. *

(Merk slegs een)

*Mark only one oval.*

- Ja
- Nee

Biografiese inligting

https://docs.google.com/forms/d/1HXhwLjnnb2veMZxTIDJUxh1Yv6JBca64XXIaAPkUE6o/edit 1/23

2. 2. In watter ouderdomsgroep val jy? *
(Merk slegs een)

*Mark only one oval.*

- 20-29 jaar
- 30-39 jaar
- 40-49 jaar
- 50-59 jaar
- 60 jaar en ouer

3. 3. Wat is jou geslag? *
(Merk slegs een)

*Mark only one oval.*

- Vroulik
- Manlik

4. 4. Hoe sal jy die omgewing van die gemeente waarby jy inskakel klassifiseer? *
(Merk slegs een)

*Mark only one oval.*

- Stedelik (Middestad)
- Voorstedelik (Buitewyke van stad)
- Landelik (Buite stadsgrense)

5. 5. Gesinsamestelling en wie almal saam met jou in jou huis woon *

(Kies alles wat van toepassing is)

*Tick all that apply.*

- [ ] Ek is enkellopend of geskei of weduwee/wewenaar
- [ ] Ek het 'n lewensmaat (getroud)
- [ ] Ek is in 'n verhouding met iemand en ons bly saam
- [ ] My kinders (biologies en aangenome kinders)
- [ ] Stiefkinder(s)
- [ ] Ouer(s)
- [ ] Ander - Indien jy ander merk, skryf hieronder lang "Other" watter ander:

Other: [ ] ______________________

6. 5.1 Vir hoeveel kinders is jy primêr verantwoordelik (ouer/voog) en hoe oud is elkeen?

(Merk wat van toepassing is. Indien jy die vraelys op 'n selfoon invul, sal jy dalk jou vinger van regs na links oor die opsies moet skuif om van die opsies te sien. Daar is vyf opsies )

*Tick all that apply.*

| | 0-2jaar | 2-6 jaar | 6-12 jaar | 12 - 18 jaar | 18 jaar en ouer |
|---|---|---|---|---|---|
| Eerste | [ ] | [ ] | [ ] | [ ] | [ ] |
| Tweede | [ ] | [ ] | [ ] | [ ] | [ ] |
| Derde | [ ] | [ ] | [ ] | [ ] | [ ] |
| Vierde | [ ] | [ ] | [ ] | [ ] | [ ] |
| Vyfde | [ ] | [ ] | [ ] | [ ] | [ ] |
| Sesde | [ ] | [ ] | [ ] | [ ] | [ ] |

Persoonike geloofsvorming

7. 6. Watter van die onderstaande beskryf jou geloofsreis die beste? *
(Merk slegs een)

*Mark only one oval.*

- ◯ Ek het grootgeword in 'n Christelike ouerhuis en het op my lewenspad die Here liefgekry en gegroei in my verhouding met Hom
- ◯ Ek het grootgeword in 'n Christelike ouerhuis, maar eers later in my lewe in 'n persoonlike verhouding met die Here begin leef (danksy 'n spesiale ontmoeting, gebeurtenis, ander persone se invloed) en gegroei in my verhouding met Hom
- ◯ Ek het grootgeword in 'n Christelike ouerhuis, maar het nooit die Here persoonlik leer ken of gegroei in 'n verhouding met Hom nie.
- ◯ Ek het nie grootgeword in 'n Christelike ouerhuis nie, maar van jongs af iemand anders as my ouers (bv. ouma, oupa, ens.) gehad wat my van die Here geleer het en so gegroei my verhouding met Hom
- ◯ Ek het nie grootgeword in 'n Christelike ouerhuis nie maar eers later in my lewe in 'n persoonlike verhouding met die Here begin leef (danksy 'n spesiale ontmoeting, gebeurtenis, ander persone se invloed) en gegroei in my verhouding met Hom
- ◯ Ek het nie grootgeword in 'n Christelike ouerhuis nie en nooit die Here regtig leer ken of gegroei in 'n verhouding met Hom nie

Geloofsvorming in en deur die gemeente

8. 7. Hoe vind bediening van kinders en jongmense in julle gemeente plaas? *
(Merk slegs een)

*Mark only one oval.*

- ◯ Uitsluitlik afsonderlik (kinders nêrens saam met volwassenes nie)
- ◯ Hoofsaaklik afsonderlik, maar soms saam met volwassenes
- ◯ Hoofsaakik saam met volwassenes, maar soms afsonderlik
- ◯ Uitsluitik saam met volwassenes (kinders word nêrens afsonderlik bedien nie)

9. 8. Hoe lyk die weeklikse eredienste in jou gemeente en hoe skakel julle as gesin daarby in? *

(Kies slegs een by elke opsie. Indien jy die vraelys op 'n selfoon invul, sal jy dalk jou vinger van regs na links oor die opsies moet skuif om van die opsies te sien. Daar is vier opsies.)

*Mark only one oval per row.*

| | Ons gemeente het nie so 'n erediens nie | Ons het so 'n erediens, maar ons gesin skakel nie daarby in nie | Ons het so erediens, maar ons hele gesin skakel nie daarby in nie | Ons het so erediens en ons skakel as gesin daarby in |
|---|---|---|---|---|
| Tradisionele erediens wat ouers en kinders saam bywoon (met of sonder aanpassings) | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Gesinsdiens (elke Sondag gedurende skoolkwartale) | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Jeugdienste en of kinderkerk | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |

10. 9. Watter geleenthede in julle gemeente word intergenerasioneel* aangebied? *

*Intergenerasioneel: waar twee of meer generasies teenwoordig is (Merk soveel as wat van toepassing is)

*Tick all that apply.*

- [ ] Geen
- [ ] Eredienste
- [ ] Nagmaal
- [ ] Doop en doopviering (oud en jonk word aktief betrek en aan die betekenis van hulle doop herinner.)
- [ ] Sanggeleenthede (bv. lof en aanbidding)
- [ ] Kategese/ Sondagskool
- [ ] Omgeegroepe
- [ ] Bybelstudie of ander geestelike toerustingsgeleenthede (Geestelike kursusse ens.)
- [ ] Omgee geleenthede teenoor persone binne die gemeente (Enige omgee aksies binne die gemeente)
- [ ] Uitreik na die gemeenskap en persone buite die gemeente
- [ ] Informele kuiergeleenthede
- [ ] Kampe en Retreats
- [ ] Mentorskappe (Waar kinders of jongmense aangemoedig word of bepland aan 'n mentor verbind word)
- [ ] Ander

11. 9.1 Indien jy 'Ander' in die vorige vraag gemerk het, skryf asseblief watter ander geleenthede julle gemeente intergenerasioneel aanbied hieronder:

12. 10. Watter faktore in of saam met die gemeente het die grootste positiewe effek op julle familie se geloofsvorming* tans (of in die verlede gehad indien kinders reeds die huis verlaat het)? *

*Geloofsvorming: alle prosesse en onderrig wat bydra dat geloof ontwikkel en groei deur ouers/voogde en ander persone/instansies. (Merk soveel as wat van toepassing is)

*Tick all that apply.*

- [ ] Die warm en liefdevolle en verwelkomende gesindheid in ons gemeente (Familiekarakter)
- [ ] Deelname aan die erediens op gereelde basis
- [ ] Kategese/ Sondagskool/ Belydenisklas
- [ ] Ervaring van behoort/ tuiswees in die gemeente
- [ ] Die toerustingsgeleenthede vir ouers ten opsigte van geloofsvorming
- [ ] Deelname aan omgee in die gemeente (Enige omgee-aksies in die gemeente)
- [ ] Deelname aan diensgeleenthede in die gemeente (deelneem aan praktiese diens soos opneem van dankoffers, bediening van nagmaal, ens)
- [ ] Deelname aan uitreikgeleenthede buite die gemeente
- [ ] Sosiale verhoudings en vriendskappe in die gemeente
- [ ] Die geestelike leiers (leraar(s), kategeet(e)/ kleingroepleier(s)
- [ ] Deelname in 'n spesifieke bediening van die gemeente (bv. Gebeds-, uitreikbediening, ens
- [ ] Sosiale geleenthede by die kerk soos feeste, fondsinsamelingsgeleenthede ens.
- [ ] Die fisiese gebou waarbinne aanbid word met al die simboliek
- [ ] Kampe/ Retreats
- [ ] Musiek en enige kuns of drama (belewenis van die impak daarvan)
- [ ] Goeie rolmodelle in die gemeente (konstante blootstelling aan goeie geloofsvoorbeelde)
- [ ] 'n Kindermoment in die erediens
- [ ] Deelname aan 'n koor/ sanggroep of begeleidingsgroep.
- [ ] Ander:

13. 10.1 Indien jy 'Ander' in die vorige vraag gemerk het, skryf asseblief in kort watter ander faktore daar in julle gemeente is wat 'n positiewe effek op julle familie se geloofsvorming het hieronder:

14. 11. Wat bemoeilik intergenerasionele interaksie* in jou/julle gemeente? *

* Intergenerasionele interaksie: waar twee of meer generasies bepland teenwoordig is by enige deelname aan bediening, opleiding, onderrig, toerusting of informele kontak. (Merk soveel as wat van toepassing is)

*Tick all that apply.*

- [ ] Gebrek aan vaardighede om generasies saam te bedien
- [ ] Gebrek aan belangstelling van kinders om deel te neem aan interaksie met iemand uit 'n ander generasie
- [ ] Gebrek aan belangstelling van die volwassenes in die gemeente om deel te neem aan interaksie met iemand uit 'n ander generasie
- [ ] Ons kinders en jongmense word uitsluitlik afsonderlik van volwassenes (en ouers) bedien
- [ ] Ons gemeente maak nie ruimte daarvoor om kinders en jongmense te betrek by die gemeente se bedieninge nie
- [ ] In die eredienste word geensins op kinders gefokus nie
- [ ] In die eredienste word geensins op gesinne of die huis gefokus nie
- [ ] Daar is 'n gebrek aan warmte en openheid tussen die verskillende generasies in die gemeente
- [ ] Ons gemeente doen geensins moeite om verskillende generasies op beplande wyse saam te bring in en vir bediening nie
- [ ] Ons gemeente doen geensins moeite om verskillende generasies op 'n beplande wyse op informele vlak saam te bring om verhoudinge te laat ontwikkel nie
- [ ] Gebrek aan goeie verhoudings tussen kind(ers) en kategete of Sondagskool onderwysers
- [ ] Ons gemeente doen te min moeite om intergenerasionele interaksie te bevorder
- [ ] Daar is niks wat intergenerasionele interaksie bemoeilik in ons gemeente nie
- [ ] Ander

15. 11.1 Indien jy 'Ander' in die vorige vraag gemerk het, skryf assebief in kort watter ander uitdagings daar in julle gemeente is wat intergenerasionele interaksie bemoeilik hieronder:

16. 12. Beoordeel jou en jou gesin se behoefte aan toerusting ten opsigte van die volgende: *

(Kies slegs een by elke opsie. Indien jy die vraelys op 'n selfoon invul, sal jy dalk jou vinger van regs na links oor die opsies moet skuif om van die opsies te sien. Daar is vier opsies.)

*Mark only one oval per row.*

| | Geen behoefte | Ek voel tans gemaklik op hierdie gebied | Ons kry iets hiervan reg, maar wil nog groei hierin. | Groot behoefte om hieroor te leer |
|---|---|---|---|---|
| Hoe geloofsgewoontes gevestig kan word (Gebed, Bybellees, diensbaarheid, omgee, geloofsgesprekke, ens)? | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Hoe om geestelike leiding te neem? | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Hoe om kinders te begelei om in 'n verhouding met God te lewe? | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Praktiese vaardighede oor hoe om geloof in praktyk uit te leef? | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Begeleiding hoe om konflik konstruktief te hanteer | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Hoe om ons gesin te begelei om gesonde liefdevolle verhouding met mekaar te bou en te handhaaf? | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Hoe om kinders te begelei tydens hul lewensdeurgange (bv. Van voorskool na | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| laerskool, van laerskool na hoërskool, skoolverlating, ens)? | | | | |
| Hoe om positiewe lewenswaardes te vestig (bv. respek, verantwoordelikheid, ens)? | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Hoe om as gelowige gesin saam barmhartigheidsdiens te doen? | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Hoe om as gelowige gesin saam uit te reik na 'n persoon/persone wat behoeftig is | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Hoe om my kind te help om 'n sterk karakter te bou (Hoe om deur sterk verhoudings kinders en jongmense te begelei tot gebalanseerde lewens)? | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Hoe om gesonde dissipline te handhaaf en toe te pas? | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Hoe om verantwoordelikheid tov geld te kan aanleer? | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Hoe om gesonde verhoudings (romantiese verhoudings) te bou? | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Oor die gebruik van sosiale media | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Seksualiteit | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |

17. 12.1 As jy as ouer enige ander spesifieke behoefte aan toerusting ten opsigte van jou kind(ers) se geloofsvorming het, gee 'n kort beskrywing daarvan hieronder.

_______________________________

Gemeentekultuur

18. 13. Hoe beoordeel jy elk van die volgende stellings? *

(Kies slegs een by elke stelling. Indien jy die vraelys op 'n selfoon invul, sal jy dalk jou vinger van regs na links oor die opsies moet skuif om van die opsies te sien. Daar is vier opsies. )

*Mark only one oval per row.*

| | Verskil beslis | Stem nie saam nie | Stem saam | Stem beslis saam |
|---|---|---|---|---|
| Ons gemeente het 'n familie atmosfeer waarbinne my gesin tuis voel | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Ons gemeente se eredienste is uitnodigend vir alle generasies | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Kinders in ons gemeente voel dat ouer lidmate vir hulle omgee | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Ons gemeente is 'n plek waar seerkry gesinne ondersteun word. | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Ons gemeente is 'n ruimte waar uitdagings van gesinne in ag geneem word (Gebrek aan tyd, vol programme, ens.) | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Ons gemeente maak gebruik van tegnologie om ons as ouers te ondersteun in my geloofsvormingstaak (deel artikels, stuur skakels na video's en ander hulpbronne, ens.). | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |

19. 14. Dui by onderstaande vrae telkens aan hoe julle gesin tans betrokke is by geloofsvorming* [of betrokke was toe jou kind(ers) in die huis was]? *

*Geloofsvorming: alle prosesse en onderrig wat bydra dat geloof ontwikkel en groei deur ouers/voogde en ander persone/instansies .(Kies slegs een by elke vraag. Indien jy die vraelys op 'n selfoon invul, sal jy dalk jou vinger van regs na links oor die opsies moet skuif om van die opsies te sien. Daar is vier opsies.)

*Mark only one oval per row.*

| | Nooit | Baie ongereeld (minder as een keer per week) | Gereeld (Een keer per week en meer) | Elke dag/Sondag |
|---|---|---|---|---|
| Hoe gereeld lees julle as gesin saam Bybel? | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Hoe gereeld bid julle gesin saam? (voor ete uitgesluit) | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Hoe gereeld deel jy jou geloofstorie* met jou huismense [*Geloofstorie: om 'n besluit te neem om Christus te aanvaar en of om my oortuiginge en Christelike ervarings te deel] | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Hoe gereeld het julle geloofsgesprekke * in julle gesin /huishouding? [* Geloofsgesprekke: om te deel hoe God teenwoordig en aktief werksaam in ons en ander se lewens is en ander geloofsake of sake met geestelike strekking.] | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Hoe gereeld neem julle tans deel aan dienslewering* aan mense buite julle huis? [*enige vorm van hulpverlening of ondersteuning] | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Hoe gereeld woon julle tans eredienste by? | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Hoe gereeld lees jy op jou eie (wanneer jy nie vir jou kinders lees nie) Bybel? | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| As jy aan waardes en norme dink, hoe gereeld gee julle 'n geloofsperspektief of rede hoekom reëls geld? | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Hoe gereeld eet julle as gesin saam? | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |

20. 15. Wat motiveer jou om moeite te doen met jou kind(ers) se geloofsvorming? *

*Geloofsvorming: alle prosesse en onderrig wat bydra dat geloof ontwikkel en groei deur ouers/voogde en ander persone/instansies. (Merk soveel as wat op jou van toepassing is)

*Tick all that apply.*

- [ ] Ek doen op die oomblik nie moeite met my kind(ers) se geloofsvorming nie
- [ ] Ek wil vir my kinders gee wat ek in my ouerhuis/huis waar ek grootgeword het ervaar het
- [ ] Ek doen dit omdat ek wil gehoor gee aan die belofte wat ek by my kind(ers) se doop gemaak het
- [ ] Ek doen dit omdat ek graag wil sien dat hulle ook in 'n verhouding met Jesus Christus moet leef.
- [ ] Ek doen dit omdat my man/vrou my vra om dit te doen
- [ ] Ek doen dit omdat my ouers my gereeld daaraan herinner
- [ ] Ek doen dit omdat ons gemeente ons gereeld herinner aan ons plig
- [ ] Ek doen dit omdat ons gemeente ons gereeld herinner aan die waarde van geloofsvorming in ons kind(ers) se lewe
- [ ] Ander

21. 15.1 Indien jy 'Ander' in die vorige vraag gemerk het, skryf asseblief wat anders jou motiveer om moeite te doen met die geloofsvorming van jou kind(ers) hieronder:

22. 16. Evalueer die betrokkenheid van die volgende persone by die geloofsvorming* van jou kinders . *

*Geloofsvorming: alle prosesse en onderrig wat bydra dat geloof ontwikkel en groei deur ouers/voogde en ander persone/instansies. (Op die skaal dui 1 geen betrokkenheid en 4 baie betrokke aan. (Merk telkens net 1 getalwaarde. Indien jy die vraelys op 'n selfoon invul, sal jy dalk jou vinger van regs na links oor die opsies moet skuif om van die opsies te sien)

*Mark only one oval per row.*

| | 1 - Geen betrokkenheid | 2 - Ongereelde betrokkenheid | 3 - Gereelde betrokkenheid | 4 - Baie betrokke en speel onmisbare rol |
|---|---|---|---|---|
| Betrokkenheid van grootouer(s) | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Betrokkenheid van die pa (jyself/ jou man/jou lewensmaat) by geloofsvorming | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Betrokkenheid van die ma (jyself/ jou vrou/ jou lewensmaat) by geloofsvorming | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |

23. 17. Wat is die uitdagings wat jy tans beleef ten opsigte van geloofsvorming* in jou huis? *

*Geloofsvorming: alle prosesse en onderrig wat bydra dat geloof ontwikkel en groei deur ouers/voogde en ander persone/instansies. (Merk soveel as wat op jou van toepassing is)

*Tick all that apply.*

- [ ] Moeilik om tyd as familie saam te vind om geloofsgewoontes te beoefen
- [ ] Gebrek aan belangstelling van kind(ers)
- [ ] Gebrek aan ondersteuning (lewensmaat, grootouers, persone in huis)
- [ ] Weet nie wat om te doen nie
- [ ] Het geen voorbeeld as kind gehad wat om te doen nie
- [ ] Gebrek aan selfvertroue om leiding te neem
- [ ] Gebrek aan kundigheid om deurgange (verjaarsdae, skoolverwisseling, groot momente in lewe, ens.) om te skakel in geloofsvormingsgeleenthede
- [ ] Vasgevang in krisis/trauma in my lewe en kan nie fokus op kind(ers nie)
- [ ] Gebrek aan 'n kultuur waar ons oor geloofsake in ons huis praat
- [ ] Hoë vlakke van konflik in huis
- [ ] Gebrek aan warmte en openheid in my verhouding met my kind(ers)
- [ ] Bang kinders vra vrae wat ek nie kan beantwoord nie
- [ ] Beleef geloof as iets persoonlik waaroor nie maklik gepraat kan word nie
- [ ] Ander

24. 17.1 Indien jy 'Ander' in die vorige vraag gemerk het, skryf asseblief watter ander uitdagings jy tans ten opsigte van geloofsvorming in jou huis beleef:

25. 18. Beoordeel die waarde van die volgende faktore in jou/julle huis op julle kinders se geloofsvorming* tans (of in die verlede indien jou kinders die huis verlaat reeds het)? *

*Geloofsvorming: alle prosesse en onderrig wat bydra dat geloof ontwikkel en groei deur ouers/voogde en ander persone/instansies. (Merk telkens een moontlikheid by elk van die opsies. Indien jy die vraelys op 'n selfoon invul, sal jy dalk jou vinger van regs na links oor die opsies moet skuif om van die opsies te sien. Daar is vier opsies. )

*Mark only one oval per row.*

| | Ons het of doen dit nie | Geringe waarde | Baie waardevol | Uiters waardevol |
|---|---|---|---|---|
| Die warm liefdevolle verhoudings in ons huis | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Die vastigheid van ons morele oortuigings | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Die geloof van die ma in ons gesin | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Die steun op geloof in krisistye | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Die geloof van die pa in ons gesin | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Die gereelde bywoning van eredienste in ons gemeente | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Om saam as gesin te bid | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Begeleiding en voorbereiding van lewensdeurgange | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Familiegesprekke oor geloof | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Dienslewering as gesin (saam met die gemeente of saam met die gesin) | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Die geloof van oumas en of oupas | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Bybellees as gesin saam | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Spesifieke geloofsimbole in die huis | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Lees van geestelike boeke | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |

26. 18.1 Is daar dalk iets wat nie hierbo genoem is, wat na jou oordeel baie waardevol is in julle kinders se geloofsvorming*?

*Geloofsvorming: alle prosesse en onderrig wat bydra dat geloof ontwikkel en groei deur ouers/voogde en ander persone/instansies. (Beskryf dit kortliks hieronder)

Algemene vrae

27. 19. Hoe oordeel jy oor die volgende stellings? *

(Merk telkens een moontlikheid by elke stelling. Indien jy die vraelys op 'n selfoon invul, sal jy dalk jou vinger oor die opsies moet skuif om van die opsies te sien. Daar is vier opsies. )

*Mark only one oval per row.*

| | Verskil beslis | Stem nie saam nie | Stem saam | Stem beslis saam |
|---|---|---|---|---|
| Die huis is die primêre plek waar kinders se geloof gevorm word | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Ek beskou myself as dissipel van Jesus Christus waar ek is elke dag | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Ons gemeente ondersteun ons genoegsaam in ons geloofsvormingstaak | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Ouers wil graag betrokke wees by hul kinders se geloofsvorming, maar weet net nie hoe nie | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Ek word sterk gemotiveer in my geloofsvormingstaak deur die geloofsvoorbeeld van my pa | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Ek word sterk gemotiveer in my geloofsvormingstaak deur die geloofsvoorbeeld van my ma | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Ek het geloofsgewoontes (Bybellees, bid, Erediensbywoning, ens.) in my eie ouerhuis aangeleer | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Ek sien dit as deel van my roeping as ouer om my kind op 'n pad van dissipelskap te begelei | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |

28. 20. Dui by onderstaande vrae telkens aan hoe jou gesin van herkoms (waar jy grootgeword het) betrokke was by geloofsvorming? *

(Merk by elke vraag watter een op jou vantoepassing is. Indien jy die vraelys op 'n selfoon invul, sal jy dalk jou vinger van regs na links oor die opsies moet skuif om van die opsies te sien. Daar is vier opsies. )

*Mark only one oval per row.*

| | Nooit | Baie ongereeld (minder as een keer per week) | Gereeld (Een keer per week en meer) | Elke dag/Sondag |
|---|---|---|---|---|
| Hoe gereeld het julle as gesin saam Bybel gelees? | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Hoe gereeld het julle as gesin saam gebid? (voor ete uitgesluit) | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Hoe gereeld het jou ouer(s)/voog(de) hulle geloofstorie* met jou/jule kinders gedeel? [*Geloofstorie: om 'n besluit te neem om Christus te aanvaar en of om my oortuiginge en Christelike ervarings te deel] | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Hoe gereeld het julle geloofsgesprekke * in julle gesin /huishouding gehad? [* Geloofsgesprekke: om te deel hoe God teenwoordig en aktief werksaam in ons en ander se lewens is en ander geloofsake of sake met geestelike strekking.] | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |
| Hoe gereeld het julle deelgeneem aan dienslewering* aan mense buite julle huis? [*enige vorm van | ◯ | ◯ | ◯ | ◯ |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| [enige vorm van hulpverlening of ondersteuning] | | | | |
| Hoe gereeld het julle eredienste saam bygewoon? | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Hoe gereeld het jy jou pa sien Bybel lees (wanneer hy nie vir jou gelees het nie)? | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Hoe gereeld het jy jou ma sien Bybel lees (wanneer sy nie vir jou gelees het nie)? | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| As jy aan waardes en norme dink, hoe gereeld het jou ouer(s) 'n geloofsperspektief of rede hoekom reëls geld, gegee?? | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |
| Hoe gereeld het julle as gesin saam geëet? | ⬭ | ⬭ | ⬭ | ⬭ |

29. 21. Met hoeveel persone van julle gemeente, uit 'n ander generasie* (uitgesluit jou ouers), het jy op 'n gereelde basis** interaksie op 'n geloofsvlak gehad toe jyself in die hoërskool was? *

* ander generasie: persone 10 jaar ouer/jonger. **gereelde basis: een keer of meer per week of maand. (Merk slegs een)

*Mark only one oval.*

⬭ Geen
⬭ Net een
⬭ Twee tot vyf
⬭ Meer as vyf

30. 22. Watter persoon/persone by die kerk/gemeente het tans die grootste invloed op jou kind(ers) se geloofsvorming? *

*Geloofsvorming: alle prosesse en onderrig wat bydra dat geloof ontwikkel en groei deur ouers/voogde en ander persone/instansies. (Merk soveel as wat van toepassing is)

*Tick all that apply.*

- [ ] Niemand by die kerk nie
- [ ] Die predikant(e)
- [ ] Die jeugpredikant
- [ ] Jeugwerker/ Volwasse begeleier van jeug
- [ ] Kategeet/Sondagskool onderwyser
- [ ] Omgee- of kleingroepleier
- [ ] Ander volwassene(s) in die gemeente
- [ ] 'n Bedieningsleier (bv. uitreik-, sang, gebedsbediening, ens)
- [ ] Ouderling (e)
- [ ] Diaken(s)
- [ ] 'n Mentor
- [ ] Vriende/Maats
- [ ] Ander

31. 22.1 Indien jy 'Ander' in die vorige vraag gemerk het, skryf asseblief watter ander persone by die kerk 'n groot invloed op jou kind(ers) se geloofsvorming het:

_______________________

32. 23. Oor watter eienskappe beskik daardie persoon/persone by die kerk/gemeente wat so groot invloed op jou kind(ers) se geloofsvorming het? *

*Geloofsvorming: alle prosesse en onderrig wat bydra dat geloof ontwikkel en groei deur ouers/voogde en ander persone/instansies. (Merk soveel as wat van toepassing is)

*Tick all that apply.*

- [ ] Konstante toegewyde verhouding met die Here oor jare heen
- [ ] Korrelasie tussen wat hulle doen en sê
- [ ] Feit dat persoon/persone na jou/ jul familie/ jou kind(ers) uitgereik en kontak behou
- [ ] Manier waarop persoon/persone geloof en boodskap kommunikeer
- [ ] Feit dat persoon/persone hulle geloofstorie* met jou gedeel het en steeds doen? [* Geloofstorie: die storie hoe hulle die Here leer ken het of enige getuienis van God se rol op hulle geloofspad.]
- [ ] Feit dat persoon/persone in 'n tyd wat jy dit nodig gehad het (krisistyd), na jou/ julle gesin/ uitgereik het
- [ ] Feit dat persoon saam met jou/julle deelneem / deelgeneem het aan enige vorm van bediening
- [ ] Persoon was direk betrokke by 'n geloofsontmoeting* wat ekself/ iemand in my gesin beleef het. [*Geloofsontmoeting: enige ervaring van ontmoeting of belewing van teenwoordigheid van de Here]
- [ ] Verwelkomende geaardheid
- [ ] Ander

33. 23.1 Indien jy 'Ander' in die vorige vraag gemerk het, skryf asseblief oor watter ander eienskappe die persoon/ persone beskik wat so groot invloed op jou kind se geloofsvorming het hieronder:

_______________________________

This content is neither created nor endorsed by Google.

Google Forms

## 11.5 ADDENDUM E: BRIEF VAN BEKENDSTELLING EN INGELIGTE TOESTEMMING VIR DEELNAME IN AKADEMIESE NAVORSING

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Faculty of Theology

**BRIEF VAN BEKENDSTELLING EN INGELIGDE TOESTEMMING**

**VIR DEELNAME IN AKADEMIESE NAVORSING**

**Titel van studie:**

Intergenerasionele Geloofsvorming in 'n Huis-Gefokusde, Gemeente-ondersteunde Jeugbediening

**Studie gedoen deur:**

Johan Avenant, PhD student aan die Universiteit van Pretoria

Tel: 012 661 9048 Sel: 072 287 4045 E-pos: jcaven@netactive.co.za

Studieleier: Prof. Malan Nel

---

Geagte ouer

Hiermee word u vriendelik uitgenooi om deel te neem aan 'n akademiese navorsingstudie gegrond op u inligting, belewenisse, ervaring en kennis en dit sal gebruik word in die navorsingsveld van Jeug- en Gesinsbediening. Elke deelnemer moet hierdie dokument ontvang, lees, verstaan en positief reageer op die eerste vraag in die kwantitatiewe vraelys alvorens etiese klaring verkry kan word om voort te gaan en u inligting te mag gebruik in hierdie studie.

**Doel van die studie:** Die doel van hierdie studie is om vas te stel hoe intergenerasionele geloofsvorming lyk in 'n huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde jeugbediening, wat dit verhinder, watter voordele dit bied en hoe dit in gemeentes bevorder kan word. Die resultate van hierdie studie mag moontlik in 'n akademiese joernaal gepubliseer word.

- **Duur van die studie:** Hierdie studie sal gedoen word oor 'n tydperk van drie jaar en daar word beplan om dit teen April 2020 af te handel.

- **Navorsingsprosedure**: U gemeente is gekies om deel te neem aan hierdie navorsing omdat u gemeemte se jeugbediening een of ander intergenerasionele- of gesinsfokus of inisiatief het en u direk dáárby betokke is. Om hierdie rede word u gevra om deel te neem aan hierdie navorsing. Die empiriese navorsing sal in twee fases gedoen word: Gestruktureerde vraelyste sal in die eerste fase aan al die respondente besorg word om ingevul en teruggestuur te word (U is gekies om híéraan deel te neem). In die tweede fase sal op 'n ewekansige manier gemeentes gekies word uit die navorsingsgroep en met die leraar of verantwoordelike persoon vir dié gesinsfokus 'n onderhoude gevoer word.
- **Wat van u verwag sal word:** U ontvang hiermee 'n gestruktureerde elektroniese vraelys, wat u moet invul en terugstuur voor die spesifieke sperdatum. Daar sal met die gekose leraars uit die navorsingsgroep in 'n tweede rondte 'n onderhoud gevoer word, waar nuwe vrae beantwoord sal word.
- **U regte:** U deelname aan hierdie navorsing is baie belangrik en kan die navorser, uself en die kerk regtig help om die bediening in u gemeenete en in ander gemeentes en kerke nog meer effektief te maak vir die toekoms. U mag egter kies om nie deel te neem nie. U kan dit aandui op die vraelys se eerste vraag en dan u vorm "submit". U as deelnemer mag die navorser ter enige tyd kontak om enige saak met betrekking tot die navorsing uit te klaar.
- **Vertroulikheid:** Alle informasie wat u in hierdie navorsing verskaf, sal vertroulik hanteer word. Dit beteken verder dat alle deelnemers en gemeentes se anonimiteit beskerm sal word en dat u anoniem sal kan deelneem (u antwoordblad kan geensins deur die navorser aan u verbind word nie). Slegs die navorser en sy navorsingspan het toegang tot die rou data van die navorsingsresultate.
- **Voordele van betrokkenheid by studie:** U gemeentes en u as ouer(s) behoort voordeel te trek uit die navorsingsresultate. Gemeentes sal leiers in hulle jeugbediening kan toerus, bewus maak en bemagtig met die navorsingsresultate. Die navorsing beoog spesifiek om die kerk te bemagtig hoe om haar jeugbediening aan te pas om meer intergenerasioneel te bedien en om ouers vir hulle geloofsvormingsrol te ondersteun en te bemagtig. Daar word spesifiek gefokus op die rol wat intergenerasionele geloofsvorming op kinders en jongmense se geloof en betrokkenheid in die kerk het op hulle lewensreis. U as ouer(s) sal ook direk kan baat vind by die resultate. Daar sal in die navorsingsresultate gerapporteer

word wat en hoe ouers ’n positiewe bydrae kan lewer in die geloofsvorming, geloofsgroei, meelewing en betrokkenheid by die kerk van u kind(ers). Die resultate van hierdie studie mag moontlik in ‘n akademiese tydskrif gepubliseer word. U sal op versoek voorsien word van ‘n opsomming van die bevindings van hierdie studie. Geen deelnemer se naam sal gebruik word in enige publikasie nie. Daar is ongelukkig geen vergoeding verbonde aan u deelname aan hierdie navorsing nie.

- Baie dankie vir u tyd en moeite wat u geneem het om hierdie dokument in ontvangs te neem. Ek versoek u asseblief om, te klik op meegaande skakel in u e-posboodskap om sodoende deel te neem aan hierdie navorsing. Die vraelys kan dan elektronies voltooi en teruggestuur word

Groete in Christus



**Datum:** **7 November 2020**

**Ds. Johan Avenant (PhD student in Praktiese Teologie en leraar by NG The Reeds)**

## 11.6 ADDENDUM F: BRIEF VAN BEKENDSTELLING EN INGELIGTE TOESTEMMING AAN RESPONDENTE VAN KWALITATIEWE NAVORSING

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Faculty of Theology

**BRIEF VAN BEKENDSTELLING EN INGELIGDE TOESTEMMING**

**VIR DEELNAME IN AKADEMIESE NAVORSING**

**Titel van studie:**

Intergenerasionele Geloofsvorming in 'n Huis-Gefokusde,

Gemeente-ondersteunde Jeugbediening

**Studie gedoen deur:**

Johan Avenant, PhD student aan die Universiteit van Pretoria

Tel: 012 661 9048 Sel: 072 287 4045 E-pos: jcaven@netactive.co.za

Studieleier: Prof. Malan Nel

---

Geagte dominee/ bedieningsleier

Hiermee word u vriendelik uitgenooi om deel te neem aan 'n akademiese navorsingstudie gegrond op u inligting, belewenisse, ervaring en kennis en dit sal gebruik word in die navorsingsveld van Jeug- en Gesinsbediening. Elke persoon wat deelneem aan hierdie kwalitatiewe navorsing, moet deeglik kennis neem van die inhoud van hierdie skrywe en dit onderteken alvorens etiese klaring verkry kan word om voort te gaan en u inligting te mag gebruik in hierdie studie.

**Doel van die studie:** Die doel van hierdie studie is om vas te stel hoe intergenerasionele geloofsvorming lyk in 'n huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde jeugbediening, wat dit verhinder, watter voordele dit bied en hoe dit in gemeentes bevorder kan word. Die resultate van hierdie studie mag moontlik in 'n akademiese joernaal gepubliseer word.

**Duur van die studie:** Hierdie studie sal gedoen word oor 'n tydperk van drie jaar en daar word beplan om dit teen April 2020 af te handel.

**Navorsingsprosedure**: U gemeente is gekies om deel te neem aan hierdie navorsing omdat u gemeemte se jeugbediening een of ander intergenerasionele- of gesins- of

familie fokus of inisiatief het en u direk dáárby betokke is. Om hierdie rede word u gevra om deel te neem aan hierdie navorsing. Die empiriese navorsing word in twee fases gedoen: Gestruktureerde vraelyste is in die eerste fase aan al die respondente van deelnemende gemeentes besorg, ingevul en teruggestuur. In die tweede fase is julle gemeente op ‘n ewekansige manier gekies om deel te neem aan die kwalitatiewe navorsing. Die navorser sal met u as leraar of die verantwoordelike persoon vir hierdié gesinsfokus of bediening ’n onderhoude voer.

**Wat van u verwag sal word:** Daar gaan met u ’n gestruktureerde onderhoud gevoer word, waarop u mondelings kan reageer. Hierdie onderhoud gaan opgeneem word om later getranskribeer en te word. Die inhoud van hierdie onderhoud sal vertroulik hanteer word.

**U regte:** U deelname aan hierdie navorsing is baie belangrik en kan die navorser, uself en die kerk regtig help om die bediening in u gemeente en in ander gemeentes en kerke nog meer effektief te maak vir die toekoms. U mag egter kies om nie deel te neem nie. Indien u dit só verkies, vra ek dat u so spoedig moontlik met my as navorser in verbinding sal tree, sodat ander reëlings getref kan word. U as deelnemer mag die navorser ter enige tyd kontak om enige saak met betrekking tot die navorsing uit te klaar.

**Vertroulikheid:** Alle informasie wat u in hierdie navorsing verskaf, sal vertroulik hanteer word. Dit beteken verder dat alle deelnemers en gemeentes se identiteit beskerm sal word. Slegs die navorser en sy navorsingspan het toegang tot die volledige inhoud van die onderhoud.

**Voordele van betrokkenheid by studie:** U gemeentes en u as leraar of bedieningsleier behoort voordeel te trek uit die navorsingsresultate van hierdie studie. Gemeentes sal leiers in hulle jeugbediening kan toerus, bewus maak en bemagtig met die navorsingsresultate. Die navorsing beoog spesifiek om die kerk te bemagtig hoe om haar jeugbediening aan te pas om meer intergenerasioneel te bedien en om ouers vir hulle geloofsvormingsrol te ondersteun en te bemagtig. Daar word spesifiek gefokus op die rol wat intergenerasionele geloofsvorming op kinders en jongmense se geloof en betrokkenheid in die kerk op hulle lewensreis het. Die resultate van hierdie studie mag moontlik in ‘n akademiese tydskrif gepubliseer word. U sal op versoek voorsien word van ‘n opsomming van die bevindings van hierdie studie. Geen

deelnemer se naam sal gebruik word in enige publikasie nie. Daar is ongelukkig geen vergoeding verbonde aan u deelname aan hierdie navorsing nie.
Baie dankie vir u tyd en moeite wat u geneem het om hierdie dokument in ontvangs te neem. U. sal hierdie dokument onderteken voordat met die onderhoud begin word. U kan die getekende vorm ook vooraf terugstuur.
Groete in Christus



**12 Februarie 2020**

**Ds. Johan Avenant** **DATUM**

**(PhD student in Praktiese Teologie en leraar by NG The Reeds)**

**GESKREWE TOESTEMMING**

**Hiermee bevestig ek, ondergetekende, van ___________________________________ (gemeente naam) dat ek deeglik ingelig is oor my regte en die doel, aard en omvang van hierdie navorsing en toestemming verleen dat die inhoud van hierdie gestruktureerde onderhoud gebruik mag word in hierdie studie.**

**Leraar/ Bedieningsleier: _______________________________________**

**Naam in drukskrif: ____________________________________________**

**Datum: ____________________________________________________________**

## 11.7 ADDENDUM G: VRAELYS VAN KWALITATIEWE NAVORSING

**Kwalitatiewe vraelys: (Onderhoude met leraars/ bedieningsleiers)**

**Woordomskrywings:**

- **Geloofsvorming:** alle prosesse en onderrig wat bydra dat geloof ontwikkel en groei deur ouers / voogde en ander persone / instansies.
- **Intergenerasionele geloofsvorming:** Waar twee of meer generasies bepland teenwoordig is by enige deelname, opleiding, onderrig of toerusting met die oog op geloofsvorming en geloofsgroei
- **Gesin, familie en die huis:** Hierdie begrippe word as uitruilbare terme in hierdie studie gebruik en so insluitend as moontlik verstaan. Dit sluit dus alle vorme van en samestellings van gesinne en families in.

1. Wat doen julle presies in hierdie verband en hoe pas dit in by julle bedieningsfilosofie?
2. Beskryf 'n sleutel strukturele / organisatoriese komponente in julle gemeente wat julle fokus op gesinne/ die huis/ intergenerasionele geloofsvorming bevorder of benadeel.
3. Watter faktore of praktyke in julle gemeente (formeel en informeel) het na jou oordeel tans die grootste positiewe effek op die vorming en groei van geloof in gesinne/ families?
4. Watter uitdagings beleef júlle tans in julle jeugbediening/gemeente ten opsigte van intergenerasionele interaksie en - geloofsvorming?
5. Wat is na jou oordeel die rede hoekom gemeentes - ten spyte van die oorweldigende navorsingstatistieke dat ouers die grootste invloed op die geloofsvorming van hulle kinders uitoefen steeds nie ouers sentraal deel maak van hulle jeugbediening nie?